

DIENS EN GENESING IN PASTORALE BEGELEIDING

deur

Johannes Stephanus Els

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof Dr J Janse van Rensburg

BLOEMFONTEIN

Wounded healers

Nobody escapes being wounded. We all are wounded people, whether physically, emotionally, mentally, or spiritually. The main question is not “How can we hide our wounds?” so we don’t have to be embarrassed but “How can we put our woundedness in the service of others?” When our wounds cease to be a source of shame and become a source of healing, we become wounded healers.

Jesus is God’s wounded healer: Through his wounds we are healed. Jesus’ suffering and death brought joy and life. His humiliation brought glory; his rejection brought a community of love. As followers of Jesus we can also allow our wounds to bring healing to others.

Uit: Henri J.M. Nouwen. 1997. *Bread for the journey. A daybook of wisdom and faith.* July 8. 1st edition. New York: HarperCollins.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 HIPOTESE	2
1.2.1 Hoof-hipotese	2
1.2.2 Sub-hipoteses	2
1.2.2.1 Sub-hipotese 1	2
1.2.2.2 Sub-hipotese 2	2
1.3 KEUSE VAN ONDERWERP EN NOODSAAK VAN STUDIE	2
1.4 NAVORSINGSPROBLEEM	6
1.4.1 Bybels-Christelike antropologie van diens	6
1.4.2 Krisis, gesonde lewe en heling	6
1.4.3 Menslike lyding en diens	6
1.4.4 Pastorale versorging en diens	7
1.5 DOEL VAN DIE STUDIE	7
1.5.1 Doel	7
1.5.2 Doelwitte	8
1.6 NAVORSINGSMETODE EN –PROSEDURES	8
1.6.1 Literatuurstudie	8
1.6.2 Onderhoude	9
1.6.3 Beskrywings	9
1.6.4 Tipe pyn, verliese en krisisse	9
1.7 BEGRENSING	9
1.7.1 Posisionering	10
1.7.1.1 Diakonologiese denkwysse	10
1.7.1.2 Postmoderne paradigma	12
1.7.1.3 Verbondsmatige verloop	13
1.7.1.4 Hermeneutiese werkswyse	16
1.7.2 Basis- en praktykteorie	17
1.8 BEGRIPSOMSKRYWING EN POSISIONERING	18
1.8.1 Pastoraal	18
1.8.1.1 Herder	19
1.8.1.2 Drie-enige God	20
1.8.1.3 Sonde en verlossing	21
1.8.1.4 Heiligmaking	22
1.8.1.5 Geloof en evangelisasie	23

1.8.1.6	Gebed	25
1.8.1.7	Woord van God	26
1.8.2	Begeleiding	26
1.8.3	Diens	28
1.8.3.1	Roeping (tot lewensdoel)	28
1.8.3.2	Dissipelskap	30
1.8.3.3	Apostelskap	30
1.8.4	Heel of oorvloedig	30
1.8.4.1	Lewe	31
1.8.4.2	Gesondheid	32
1.8.4.3	Shalōm	33
1.8.5	Lewensomstandighede en pyn	34
1.8.6	Ontdekking en implementering	35
1.9	SKEDULERING	35

HOOFSTUK 2

	'N BYBELS-CHRISTELIKE BESKOUIJING VAN DIE MENS AS DIENAAR	37
2.1	INLEIDING	37
2.2	LEGITIMERING OM IMAGO DEI AS VERTREKpunt VIR MENSWEES TE NEEM ..	37
2.2.1	Die Bybel self neem die beeld van God as uitgangspunt vir menslike lewe	37
2.2.2	Kontemporêre beskrywings van mens-wees neem steeds God se beeld as uitgangspunt	38
2.2.3	Pastoraal-terapeutiese handeling gebruik die beeld van God as norm	39
2.3	PERSPEKTIEWE OP DIENS WAT AFGELEI WORD VANUIT DIE DENKWYSE DAT DIE MENS BEELD VAN GOD EN SY OPTREDE IS	40
2.3.1	Verhoudingsperspektief op diens	40
2.3.1.1	God bestaan relasioneel	40
2.3.1.2	Die inhoud van verhoudingsbestaan	41
2.3.1.3	De-individualisering van menswees	42
2.3.2	Perspektief van kreatiwiteit op diens	43
2.3.2.1	Die mens as mede-skepper	43
2.3.2.2	'n Skepping vanuit chaos	44
2.3.2.3	Mense bestaan teleologies-hermeneuties	45
2.3.2.4	Hermeneutiese bestaan veronderstel intelligente optrede	46
2.3.3	Die etiese perspektief van diens	47
2.3.3.1	Die gronde vir etiese bestaan	47
2.3.3.2	Wetmatige en Woordmatige bestaan	49
2.3.3.3	'n Bestaan in keuses	50

2.3.3.4	Lewe wat bekering vereis	51
2.3.3.5	Die modus vir etiese begeleiding	51
2.3.4	Die perspektief van verantwoordelikheid op diens	52
2.3.4.1	Van imago Dei na imitatio Dei	52
2.3.4.2	Roeping as diens	53
2.3.4.3	Verantwoordelike bestaan en altruïsm	56
2.3.5	Perspektief van nood op diens	58
2.3.5.1	Diens en die eksodus	58
2.3.5.2	Diens as lyding	59
2.3.6	Eskatologiese perspektief op diens	60
2.3.6.1	Die mens as ewige wese	60
2.3.6.2	Alle lewe is eskatologie	61
2.4	ENKELE BESKOUINGE VAN DIE MENS AS DIENAAR	62
2.4.1	Dietrich Bonhoeffer	62
2.4.2	John N. Collins	69
2.4.3	Douglas John Hall	71
2.4.4	Philip Hefner	75
2.5	OPSOMMING	79

HOOFSTUK 3

WISSELWERKING TUSSEN GENESING EN DIENS	80
3.1 INLEIDING	80
3.2 DIENSLOOSHEID	81
3.2.1 Diensloosheid as omkeer van die beeld	81
3.2.2 Diensloosheid as nalating	81
3.2.3 Diensloosheid en narsisme	82
3.2.4 Diensloosheid is bestaan sonder telos	83
3.2.5 Diensloosheid is om te vergeet	83
3.2.6 Diensloosheid is gebrek aan rentmeesterskap	83
3.2.7 Diensloosheid is weiering om relasioneel te leef	84
3.2.8 Diensloosheid is liefdeloosheid	84
3.2.9 Diensloosheid wys op verbyleef by nood	84
3.2.10 Diensloosheid is verbondsverbreking	85
3.2.11 Diensloosheid en passiwiteit	85
3.2.12 Diensloosheid is hoogmoed	86
3.3 'N KRITIESE BEOORDELING VAN DIE MENS VAN VANDAG	86
3.3.1 Postmoderne mens	86
3.3.1.1 Vloeibare realiteit	87

3.3.1.2 Die bestaan van objektiewe realiteit word ontken	89
3.3.1.3 Deelneming van berader en gespreksgenoot	91
3.3.1.4 Morele verantwoordelikheid	92
3.3.2 Tegno-sekularistiese mens	92
3.4 DIE AARD VAN DIENS AS GENESING	96
3.4.1 'n Holistiese verstaan van lewe	97
3.4.2 Terugkeer na die beeld van God	99
3.4.3 God is Geneesheer	100
3.4.4 Mens is mede-werker	101
3.4.4.1 Genesing in saamwees met ander	102
3.4.4.2 Genesing in deelname aan die lewe	105
3.4.4.3 Genesing in beoefening van geregtigheid	108
3.4.4.4 Genesing in geleefde geloof	111
3.4.4.5 Genesing in uitgaan na ander	114
3.4.4.6 Genesing in die doen van ewige werke	115
3.5 DIENS, GENESING EN GESONDE LEWE IN DIE WERKE VAN HENRI J. M. NOUWEN	116
3.5.1 Geestelike lewe in 'n sekulêre wêreld	116
3.5.1.1 Geliefdes	116
3.5.1.2 Geneem	117
3.5.1.3 Geseënd	118
3.5.1.4 Gebroke	119
3.5.1.5 Gegee	121
3.5.1.6 Keuses	122
3.5.2 Gewonde genesers	123
3.6 ENKELE PASTORALE LYNE	127
3.6.1 Verhoudingsgerigte pastoraat	127
3.6.2 Etiese begeleiding	127
3.6.3 Beeld van God	128
3.6.4 Onvervulde bestaan	129
3.6.5 Rentmeesterskap	129
3.6.6 Rolle	130
3.6.7 Mens- en lewensbeskouing	130
3.6.8 Integrasie met lewe	130
3.6.9 Hermeneutiese pastoraat	131
3.6.10 Pastoraat van gebrokenheid	131
3.6.11 Pastoraat in eskatologiese perspektief	132
3.6.12 Herbeskrywing van lewe	132

HOOFSTUK 4

MENSLIKE LYDING EN GOD-DRIEëNIG IN DIENSBARE LEWE	133
4.1 INLEIDING	133
4.2 DIE TRANSENDENTE OPTREDE VAN DIE VADER IN LYDING	134
4.2.1 Lyding as deel van die skepping	135
4.2.2 Lyding is bruikbaar	139
4.2.2.1 Mens as verhoudingswese	139
4.2.2.2 Mens as kreatiewe wese	140
4.2.2.3 Mens as etiese wese	140
4.2.2.4 Mens as verantwoordelike wese	141
4.2.2.5 Die mens en nood	141
4.2.2.6 Die mens as eskatologiese wese	142
4.2.3 Lyding en sinlose lyding	142
4.2.4 Lyding en die rol van die bose	145
4.2.5 Lyding skep teleologiese bestaan	147
4.2.6 Lyding is vorming van die persoon	149
4.2.7 Lyding as opvoedkundige gebeure	153
4.2.8 Lyding as eskatologiese bewusmaking	156
4.3 DIE INKARNERENDE BETROKKENHEID VAN DIE SEUN	158
4.3.1 Lyding en versoening	159
4.3.2 Lyding en vertroue	161
4.3.3 Lyding as deelnemende lyding van God	164
4.3.4 Lyding as pynlike gebeure	167
4.3.5 Lyding as kenosis teenoor narsisme	169
4.3.6 Lyding en vrywillige keuse	170
4.3.7 Lyding en aanvaarding	171
4.4 DIE BEGELEIDING VAN DIE HEILIGE GEES	173
4.4.1 Lyding as pneumatologiese gebeure	173
4.4.2 Lyding is epistemies	175
4.4.3 Lyding en kreatiewe respons	178
4.4.4 Lyding en die gemeenskap van gelowiges	180
4.4.5 Lyding is beide intellektueel en misties	181
4.5 SLOT	183

HOOFSTUK 5

PRAKTYKTEORETIESE UITGANGSPUNTE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN LYDING TOT DIENSBARE BESTAAN	184
---	------------

5.1 INLEIDING	184
5.2 BESKRYWING EN TOEPASSING VAN BENADERINGS IN PASTORAAT	184
5.2.1 Die Konvergensie model van Daniël Louw	185
5.2.1.1 Sentrale inhoud	185
5.2.1.2 Implikasies vir diensbare lewe	188
5.2.1.3 Genesingsaspekte	189
5.2.1.4 Rol vir lydingsgebeure	190
5.2.2 Die Kerugmatiese model van Eduard Thurneysen	190
5.2.2.1 Sentrale inhoud	190
5.2.2.2 Implikasies vir diensbare lewe	191
5.2.2.3 Genesingsaspekte	192
5.2.2.4 Rol vir lydingsgebeure	193
5.2.3 Die Eduktiewe model van Seward Hiltner	194
5.2.3.1 Sentrale inhoud	194
5.2.3.2 Implikasies vir diensbare lewe	194
5.2.3.3 Genesingsaspekte	195
5.2.3.4 Rol vir lydingsgebeure	196
5.2.4 Die Noutetiese model van Jay E Adams	197
5.2.4.1 Sentrale inhoud	197
5.2.4.2 Implikasies vir diensbare lewe	197
5.2.4.3 Genesingsaspekte	198
5.2.4.4 Rol vir lydingsgebeure	199
5.2.5 'n Moreel-etiese model – Neil Pembroke	200
5.2.6 Die Bipolêre model van Gerben Heitink	203
5.2.6.1 Sentrale inhoud	203
5.2.6.2 Implikasies vir diensbare lewe	203
5.2.6.3 Genesingsaspekte	204
5.2.6.4 Rol vir lydingsgebeure	206
5.2.7 Die Holistiese model van Howard Clinebell	207
5.2.7.1 Sentrale inhoud	207
5.2.7.2 Implikasies vir diensbare lewe	208
5.2.7.3 Genesingsaspekte	208
5.2.7.4 Rol vir lydingsgebeure	210
5.2.8 Jacob Rebel se pastoraat in pneumatologiese perspektief	211
5.2.9 Pastorale sienings van Larry Crabb	212
5.2.10 Die Groei- en bestuursmodel van John C Maxwell	217
5.2.11 'n Narratiewe model	219
5.2.11.1 Sentrale inhoud	219

5.2.11.2	Implikasies vir diensbare lewe	221
5.2.11.3	Genesingsaspekte	223
5.2.11.4	Rol vir lydingsgebeure	229
5.2.12	'n Meer-lensige pastoraat aan die postmoderne mens – Carrie Doehring	230
5.3	SLOT	231

HOOFSTUK 6

DIE OPLOOP NA EN AFLOOP VAN DIENS AS 'N REAKSIE OP

LYDINGSGEBEURE: 'N NAVORINGSVERSLAG	233	
6.1	INLEIDING	233
6.2	NAVORSINGSMETODIEK	233
6.2.1	Kwalitatiewe navorsing	233
6.2.2	Keuse van deelnemers	237
6.2.3	Navorsingsposisie	238
6.2.4	Onderhoud as werkswyse	239
6.3	WERWING EN AGTERGROND VAN DEELNEMERS	240
6.3.1	Werwing	240
6.3.1.1	Vooraf	240
6.3.1.2	Inhoud van ontmoetings	240
6.3.2	Agtergrondsinligting	242
6.4	BESKRYWING EN VERTOLKING VAN ONDERHOUDE	243
6.4.1	Die mens is dienaarsbeeld van God	244
6.4.2	Perspektiewe van diens (vgl. 2.3)	246
6.4.2.1	Verhoudingsperspektief (vgl. 2.3.1)	246
6.4.2.2	Perspektief van kreatiwiteit (vgl. 2.3.2)	250
6.4.2.3	Etiese perspektief (vgl. 2.3.3)	252
6.4.2.4	Perspektief van verantwoordelikheid (vgl. 2.3.4)	255
6.4.2.5	Perspektief van nood (vgl. 2.3.5)	257
6.4.2.6	Eskatologiese perspektief (vgl. 2.3.6)	258
6.4.3	Diensbaarheid as sinvolle optrede teenoor 'n krisis	260
6.4.3.1	Santi	260
6.4.3.2	René	266
6.4.3.3	Riëtte	272
6.4.4	Die rol van die Drie-Enige God by lyding en gepaardgaande diens	278
6.4.4.1	Die transendente optrede van God die Vader in lyding	278
6.4.4.1.1	Lydning as deel van die skepping (vgl. 4.2.1)	278
6.4.4.1.2	Lydning is bruikbaar (vgl. 4.2.2)	280
6.4.4.1.3	Lydning en sinlose lyding (vgl. 4.2.3)	281

6.4.4.1.4 Lyding en die rol van die bese (vgl. 4.2.4)	281
6.4.4.1.5 Lyding skep teleologiese bestaan (vgl. 4.2.5)	281
6.4.4.1.6 Lyding is vorming van die persoon (vgl. 4.2.6)	283
6.4.4.1.7 Lyding as opvoedkundige gebeure (vgl. 4.2.7)	284
6.4.4.1.8 Lyding as eskatologiese bewusmaking (vgl. 4.2.8)	284
6.4.4.2 Die inkarnerende betrokkenheid van God die Seun (vgl. 4.3)	285
6.4.4.2.1 Lyding en versoening (vgl. 4.3.1)	285
6.4.4.2.2 Lyding en vertrouwe (vgl. 4.3.2)	285
6.4.4.2.3 Lyding en deelnemende lyding van God (vgl. 4.3.3)	286
6.4.4.2.4 Lyding as pynlike gebeure (vgl. 4.3.4)	288
6.4.4.2.5 Lyding as kenosis teenoor narsisme (vgl. 4.3.5)	290
6.4.4.2.6 Lyding en vrywillige keuse (vgl. 4.3.6)	290
6.4.4.2.7 Lyding en aanvaarding (vgl. 4.3.7)	291
6.4.4.3 Die begeleiding van God die Heilige Gees (vgl. 4.4)	292
6.4.4.3.1 Lyding as pneumatologiese gebeure (vgl. 4.4.1)	292
6.4.4.3.2 Lyding is epistemies (vgl. 4.4.2)	293
6.4.4.3.3 Lyding en kreatiewe respons (vgl. 4.4.3)	295
6.4.4.3.4 Lyding en die gemeenskap van die gelowiges (vgl. 4.4.4)	296
6.4.4.3.5 Lyding is beide intellektueel en misties (vgl. 4.4.5)	296
6.5 SLOT	297

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	298
7.1 INLEIDING	298
7.2 HIPOTESE EN SUB-HIPOTESIS	298
7.3 NAVORSINGSDOELWITTE	300
7.3.1 Keuse van onderwerp en noodsaak van studie	300
7.3.2 Navorsingsprobleem	301
7.3.3 Doel en doelwitte, navorsingsmetodes en –prosedures	302
7.4 AANBEVELINGS	302
7.4.1 Die beeld van God as vertrekpunt	302
7.4.2 Holisties-eksistensiële doelwitte	305
7.4.3 Hermeneuties-pneumatologiese werkswyse	307
7.4.4 Beweging van dissipelskap na apostolaat	309
7.4.5 Didaskalies-verbondsmatige proses	311
BRONNELYS	314

OPSOMMING	333
SUMMARY	334
KEYWORDS	335

OPSOMMING

Mense met probleme kom na die pastorale begeleier om heling vir hulle spesifieke probleem te vind. Die versoeking vir die pastorale begeleidingsproses is om 'n ontsnaproete uit die probleem te word. Op hierdie wyse word die groeiemoontlikhede tot ware menswees deur die probleem nie verreken nie. Die proefskrif bepleit 'n pastorale begeleidingsproses wat rekening hou met die feit dat lydings- en probleemgebeure volledige menswees kan fasiliteer. Daarom behoort probleme eerder benut as ontvlug te word.

Die inhoud van volledige menswees hang daarmee saam dat die mens 'n dienaar is. Die inhoud van diens word afgelei uit die beeld van God. Die mens is iemand wat binne verhoudings gedy, kreatief skep, eties optree, verantwoordelik bestaan, nood raaksien en eskatologies leef. Dienlose lewe is die omkeer van die beeld van God en lei gevolglik na onvervulde lewe. Wanneer die mens sy rol as dienaar terugvind, skep dit genesing wat lei na 'n lewe in oorfloed. Lydings- en probleemgebeure in 'n persoon se lewe vra na 'n toepaslike reaksie daarop. Daarom is lydings- en probleemgebeure die manier waarop elke persoon sy unieke diensrol ontdek. Die Bybelse omgang met lydings- en probleemgebeure is nie verklaring daarvan alleen nie, maar ook benutting daarvan. God en die mens tree in 'n verbondsverhouding toe om probleme as lewensgroei te integreer. Die mens vind sy unieke plek in die lewe en God skenk genesing. Hierdie gebruikmaking van die lydings- en probleemgebeure veroorsaak genesing van die probleem.

Bestaande pastorale modelle is ontleed en daar is aangetoon dat dit moontlik is om probleme in die pastorale begeleidingsproses tot diensbare lewe te integreer. Dit het egter ook geblyk dat pastorale beradingsmodelle grootliks nie diens as spesifieke doel implimenter nie. Drie deelnemers het in die kwalitatiewe navorsing aangetoon dat die diensbaarmaking van hulle onderskeie lydings- en probleemgebeure genesing bewerk het. Die onderskeie probleme van hierdie drie persone het hulle gehelp om ander met dieselfde probleme te bedien: alkoholisme of afhanklikheid, verkragting en kanker. Daar is 'n duidelike verband aangetoon tussen genesing van die probleem en die gepaardgaande bediening daarvan. Daarom is die saak uitgemaak dat diensbaarmaking van probleme as 'n strategie vir pastorale begeleiding wel genesend op probleme sal inwerk.

Pastorale merkers vir 'n begeleiding wat diens as genesing promoveer, is pastoraat wat die beeld van God as vertrekpunt neem, holisties-eksistensiële doelwitte stel, hermeneuties-pneumatologies werk, 'n beweging van dissipelskap na apostolaat begelei en didaskalies-verbondsmatig verloop.

SUMMARY

When a person experiences a specific problem, he/she may turn to the pastoral councillor for guidance. The pastoral process may become a temptation to be used as an escape route from the problem. In this way the potential of the problem for life formation is not accounted for and may inhibit a growth process. This thesis advocates that a pastoral counselling process takes into account the fact that suffering or problems are moments to facilitate being a whole human being. Therefore, a problem should be dealt with, rather than trying to escape from it.

To be a complete person, one has to be prepared to serve. The essence of service is derived from the image of God: a healthy human being is a person who thrives on relationships, is creative, behaves ethically, exists responsibly, recognizes need and see life as eschatological. A life without service is reversal of the image of God and consequently leads to an unfulfilled life. The recovering of the role of service in life is a healing experience and can lead to a life of abundance. Events of suffering or the experiencing of problems need an appropriate action. This reaction will shape each person in his/her unique way by discovering the manner in which he/she can become a servant in the image of God. The Biblical way of dealing with suffering and life's problems is not merely explanation but exploitation as well. God and man form a covenantal relationship to integrate suffering and problems into being as life giving events. Man finds his unique place in life and God gives healing. This utilisation of suffering and problems will subsequently be a healing process.

Existing pastoral counselling models were analyzed and show that it is possible to integrate serviceable life through pastoral guidance. However, most models also show that being of service through utilising problems is not a specific aim in the process of healing. Three participants in a qualitative research indicated that by ministering their specific events and problems to other wrought healing. Their problems, alcoholism or dependency issues, rape and cancer respectively, helped them to serve other people with the same problems. There is a clear correlation shown between healing the problem and the associated controlling thereof by being of service to other victims/sufferers. Therefore, the expectation that service awareness of problems as a strategy for pastoral care will be a healing act on problems.

Pastoral markers who promote healing through being of service is a pastoral counselling that takes image of God as a point of departure, strives to achieve holistic-existential goals, is hermeneutical-pneumatological in character, moves from discipleship to apostleship and progresses educational-covenantal.

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING TOT DIE NAVORSING

1.1 INLEIDING

Die terrein van hierdie studie is die mens¹ en gesonde bestaan. Die spesifieke area van ondersoek binne die terrein is die pastorale begeleiding wat ten doel het dat mense 'n "lewe in oorfloed" (Jh 10:10) lei. Dit is 'n lewe met heelheid wat sin- en betekenisvolle lewe daarstel. Sekere omstandighede en gebeure versteur hierdie lewe in oorfloed. Hierdie krisis vra na 'n toepaslike antwoord van die persoon wat dit deurgaans sodat heling en volwassewording kan plaasvind. Die rol van 'n diensbare lewe as toepaslike reaksie op 'n krisis is die spesifieke fokus wat in hierdie studie ondersoek wil word. Daar sal dus gepoog word om aan te toon dat 'n antwoord van 'n diensbare lewe op ontwrigtende gebeure heling en vol lewe bewerk.

In Genesis 1:26-28 word die mens se bestaan begrond. Woorde soos "verteenwoordiger, beeld, heers, wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde" en "bewerk", word gevind. Dit dui aan dat die oorspronklike mens nie geskep is om passief en onaktief die lewe in die tuin van Eden te geniet nie, maar dat dit 'n plek was waar diens gelewer sou word. Hierdie woorde is gevul met diensbare motiewe: roeping, opdrag, aksie en uitwaartse beweging.

Ook in die Nuwe Testament vind ons tekens van hierdie diensbare bestaan. Dit word in verskeie kritiese tekste beskryf wat hierdie saak ondersteun. Die sogenaamde eerste roeping en laaste opdrag van Jesus in Matteus 4:19 en 28:19-20 getuig van gestuurdheid en geroepenheid tot 'n spesifieke diens. Mense word as *dissipels geroep* om vissers van mense te wees, maar ook as *apostels uitgestuur* om te doop en te leer. Jesus Self is 'n model van diensbaarheid as Hy – die tweede Adam en volmaakte Mens – van Homself sê dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Mk 10:45). Hy bevestig dit met 'n simboliese gebaar van die voetwassing. Jesus maak dan die Goddelike gevolgtrekking dat hulle wie sy voorbeeld volg, gelukkig sal wees (Jh 13:14-17). Hy bring dus Self die helings- en vervullingsaspek van diensbaarheid in verband met 'n gesonde lewe.

Om saam te vat: die gesonde, heel of volheidsbestaan van die mens, te midde en ten spyte van lewenspyn, is die fokuspunt van hierdie studie. Die toestand van die shalom-koninkryk

¹ In hierdie studie sal die manlike vorm vir die mens deurgaans gebruik word. Dit sluit die vroulike en onsydige vorm van woorde in. Dit word om praktiese redes gedoen en is geensins seksisties of diskriminerend gemotiveerd nie.

van God, soos dit in Ou en Nuwe Testament na vore kom, sal as model van ware lewe geneem word. Daar sal ondersoek ingestel word oor hoe krisis die mens uitnoui tot hierdie diensbare lewe en dat dit 'n restourerende effek op lewe het.

1.2 HIPOTESE

'n Hipotese word nou gestel en daarna word inleidende oriëntering gedoen.

1.2.1 Hoof-hipotese

Pastorale begeleiding, met die doel om diens aan God, medemens en omgewing te fasiliteer, kan na genesing en 'n heel en oorvloedige lewe lei.

1.2.2 Sub-hipoteses

Twee sub-hipoteses word gestel:

1.2.2.1 Elke persoon se unieke diensrol word in en deur daardie persoon se spesifieke lewensomstandighede en -pyn ontdek.

1.2.2.2 Die ontdekking en implementering van hierdie unieke diens sal lewensherstel en -volheid tot gevolg hê, omdat die mens as 'n dienswese geskep is.

1.3 KEUSE VAN ONDERWERP EN NOODSAAK VAN STUDIE

Die keuse en noodsaak van hierdie studie lê in die antwoord op die vraag of pastorale hulpverlening vandag die fokuspunt van diens as genesing implementeer. Wás die fasilitering van diensbare lewe in en deur lewensprobleme ooit deel van die pastorale werksterrein? Behoort die belangrike saak van diens nie meer in hulpverlening van mense te funksioneer nie?

Die belang van die studie is dat dit 'n bydrae wil lewer op die breë terrein van die antropologie omdat dit 'n belangrike saak vir die kerk van vandag is: "Whereas Christology was the decisive issue for the early church, it may well be anthropology which is decisive for the church today" (Anderson 1982:viii). Dit is dus moontlik om net op die vertikale verhouding met God te fokus terwyl die antropologiese identiteit onderspeel word. Cloud (1992:11-12) noem dat daar vandag in pastorale berading die gevaar bestaan dat pyn slegs afgemaak kan word as sonde en nie genoeg tyd bestee word aan die betekenis daarvan vir

die heil van die mens nie. Die gevaar van 'n teosentrisme in hulpverlening is dus 'n probleem. Dit beteken nie dat die saak van sonde onderspeel mag word nie. Dit beteken wel dat daar op 'n didaskaliese wyse met sonde omgegaan moet word. Die foute wat mense maak behoort aanleiding tot 'n proses van volwassewording in berading benut te word.

Aan die ander kant kan ook verval word in 'n soort antroposentrisme waar die mens die sentrum van menslike lewe word en daar van teosentriese bestaan weinig oorbly. Dat dit inderdaad op die pastorale beradingsveld voorkom, word aangetoon: "We have become committed to relieving pain behind our problems rather than using our pain to wrestle more passionately with the character and purposes of God. *Feeling better has become more important than finding God*" (Crabb 1993:18). Daar kan dus in die begeleiding van mense groter klem geplaas word op die oplossing van pyn eerder as na die soeke van God en sy opvoedende plan vir die mens in en deur lydingsgebeure. 'n Mensgesentreerde hulpverlening "... can leave people in crisis without any immediate spiritual comfort or guidance (Doehring 2006:5). Dit blyk dus dat terapie en begeleiding tans 'n beweging deur – en selfs verby – krisis is om die self te vind. Mense soek na die ontvlugting van lewenskrisis eerder as die ontdekking van diens en die vormingsrol daarvan.

Die meeste beradingsmodelle – Christelik ingesluit – hou nie daadwerklik rekening met die feit dat lewenskrisis deel van 'n Goddelike vormingsproses tot volledige menswees is nie. Louw (1999:2) stel dit as volg: "The danger in pastoral anthropology is to become so spellbound by our being human (the issue of personal identity) and the contemporary quest for justice and humanity (anthropocentrism) that the relationship with God becomes irrelevant." Dit is dus ook moontlik dat die mens en sy omstandighede die kollig in die begeleiding van mense ingeneem het. God het bloot 'n randfiguur geword wat toevallig en lukraak betrek word. Dit kan die soeke na sinvolle lewe verskraal deur die klem op selfverryking en -ontwikkeling te plaas. Die opbouende rol wat God met lydingsgebeure bedoel behoort ondersoek te word.

Die bi-polariteit tussen menslike insig en God se bedoeling met pyn sal aangespreek word. Daar word gehoop dat die ontdekking van diens in en deur pyn hierdie balans tussen God en mens in pastorale hulp sal bewerk. Die uitgangspunt van die studie is dan as volg: daar word rekening gehou met God (Wie deur lewensomstandighede roep tot diensbare lewe aan Homself, medemens en wêreld) asook die mens (wat daarop antwoord met diensbare lewe en daarom oorvloedige lewe vind). So word God nie oorbeklemtoon en die mens nie aan homself uitgelewer nie.

Daar het in die laaste jare 'n hernude belangstelling in die verhouding tussen pastorale sorg en etiek gekom en daar word opnuut gesoek na 'n geskikte metode vir etiese besluitneming in pastoraat (Pembroke 2002:135). Daar sal dus ondersoek word of diensbare lewe die epistemologiese sleutel in pastoraat is wat eties op lewensgebeure en krisisse reflekteer sodat verantwoordelike lewe daaruit kan vloei. Dit gaan oor 'n gebalanseerde lewe van geloof wat oorgaan in daade waar God en mens – soos die Groot Gebod in Matteus 22:37-39 vra – hulle regmatige rolle vind. Daar is sprake van 'n dinamiese verhouding tussen geloof en lewe wanneer diens as uitgangspunt in pastorale begeleiding geneem word (Von Benecke 2005:14; Louw 2008:46).

Hierdie studie wil probeer bewys dat die gebruikmaking van lewensomstandighede as diensmoontlikhede vir God, naaste en omgewing rekening hou met beide God en die heling van menslike lewe. Op dié manier word eensydigheid vermy – probleme het met God én mens te doen. Die studie maak dus die aanname dat die balans tussen teosentriese en antroposentriese aksente in berading herstel en behou kan word as die rol van die mens as dienaar ernstig geneem word. God stuur en die mens gehoorsaam. Hierdie twee sake word deur diensbare lewe in balans gehou.

Die rol van lewenskrisisse as 'n roeping van God tot sinvolle lewe word aangespreek. Om in en deur die krisis diensbaar te word, en só genesing te ervaar en sinvol te lewe, is die kern van die ondersoek. Dit moet ondersoek word as 'n moontlike strategie vir genesing van probleme deur pastorale begeleiding. Meer spesifiek: begeleiding van die persoon met lewenskrisisse en -probleme behoort uit te loop op die gebruikmaking van hierdie probleme om die persoon diensbaar te maak sodat die vrede van God in sy en ander se lewe vorm kan aanneem.

Daar sal pogings aangewend word om te bewys dat dit noodsaaklik is om 'n pastorale denkskuif te maak: hulpverlening aan mense met stukkende lewens mag nie primêr te make hê met die *hantering en ontvlugting* van pyn as sodanig nie. *Benutting* van pyn tot diensbaarheid sal genesing van spesifieke probleme fasiliteer omdat diensbaarheid gesonde menslike lewe konstitueer. “Don't wait for your wounds to be healed before you serve” (Crabb 1993:212). In en deur die wonde van die lewe ontdek mense hulle plek en rol om diensbaar en daarom sinvol te bestaan. Dan vind groei na ware menswees plaas – juis as gevolg van pyn en probleme.

'n Etiese benadering tot pastorale sorg is daarom noodsaaklik omdat die tema van selfaktualisering en selfgesentreerdheid by mense, wat vir hulp kom, soms té sentraal staan (Pembroke 2002:118). Daar moet dus wegbeweeg word van selfgesentreerdheid na

diensbaarheid. Die pyn van die lewe word vanuit 'n ander hoek benader. Dit is iets wat benut – en nie ontvlug – moet word nie. Hierdie benadering lewer 'n bydrae om die beradingsgesprek 'n positiewe klimaat te gee en neig weg van negatiewe ingesteldheid. Dit word dus berading in die klimaat van die opstandingsoorwinning (Louw 1999:87). Krisisse en pyn word dan sodanig as normale lewe beskou en benut om vorentoe te lewe. Die daarstelling van riglyne om diens met pastorale begeleiding te integreer, word in die vooruitsig gestel. Dit kan moontlik verrykend wees vir die huidige praktyk van berading. Daar word gekonsentreer op beelde van 'n gesonde lewe in die Woord en oor God se vormende betrokkenheid by die mens.

Die saak van dissipel- en apostelskap word in die beradingsproses ingebring. Dit kan aanvaar word dat dissipelskap (omdat dit gehoorsaamheid en navolging impliseer) genesend op die menslike lewe is. Maar dit is veral die saak van apostelskap (om gestuurde en verteenwoordiger te wees) se helende momente wat ondersoek wil word. Die genesende invloed van die raadsplan van God met die gelowige se lewenservarings word in die pastoraat teruggebring. Daar moet op die wees-funksies van die mens vanuit sy houding en geneigdheid gefokus word (Louw 2008:21) – spesifiek ten opsigte van krisisse en pyn.

Hierdie studie wil aantoon dat daar in pastorale hulpverlening verder gegaan moet word as om mense net beter te laat voel. Mense behoort unieke diens in en deur krisisse te ontdek om so lewensvervulling te vind. Die studie wil aantoon dat genesing nie deur die ontvlugting van pyn kom nie, maar deur die gebruikmaking daarvan om diensbaar te raak.

'n Verdere bydrae kan wees dat moontlike leemtes in huidige beradingsmodelle – oor die rol wat diensbare lewe in die proses van volwasse menswees speel – uitgewys word. Die narsistiese tendense wat tans in sielkundige berading – en selfs pastorale begeleiding – aanwesig is, word aan die kaak gestel. Louw (2005a:5) wys dit as volg uit: “Pastoral care and counselling should focus more on spiritual issues and should be less preoccupied by self-exploration, self-discovery, self-absorption and self-fixation. An over-reliance on psychological constructions leads to a reductiveness with the danger of a narcissistic individualism.” Die huidige tendense om die mens se probleme alleen as uitgangspunt vir berading te neem, word aangevul deur te let op die diensmotief van lewensomstandighede.

Die analogie hier is 'n reis waarop gegaan word. Op hierdie reis is opdraandes en afdraandes, voor- en teenspoed, goeie en slegte weer. Die ware lewe is om die volle spektrum van die reis as lewe te sien en te vier. Dit is wanneer die skaduwees van lewe ook benut word dat die lewensreis volle potensiaal bereik.

Die waarde en noodsaak van die studie is dus dat 'n verskuiwing plaasvind in pastorale begeleiding. Om God en sy goeie bedoeling met 'n stukkende lewe weer in die begeleidingsproses in te bring, is noodsaaklik omdat dit hoop, vrede en vreugde kan bring te midde van die lewe se onvoorspelbare wreedheid. Die fokus op menslike nood moet dus verander van disseksie na benutting, las na gebruik, saamleef mét na oorwinning óór, passiwiteit na positiwiteit, kapitulاسie na aksie, kruis na kroon, dood na opstanding, sinisme na viering, ontvlugting na benutting, moedeloosheid na opbou, depressie na hoop, self na God en ander, die eie-ek na diensbare lewe, slagoffer na bedienaar ...

1.4 NAVORSINGSPROBLEEM

Antwoorde sal op kritiese vrae gesoek word:

1.4.1 Bybels-Christelike antropologie van diens

- Hoe lyk 'n Bybelse antropologie wat die mens as 'n diensbare wese beskryf? Met ander woorde: 'n antropologie van diens sal gestel word.
- Wat is Bybelse diens?
- Hoe lyk die diens wat die mens sinvol laat bestaan?
- Wie is die mens van vandag – in terme van diens?
- Watter denkrigtings speel vandag 'n rol wat 'n invloed op die denksisteem van mense het?

1.4.2 Krisis, gesonde lewe en heling

- Wat is heling en gesonde lewe?
- Watter genesende rol speel diens om ruimte te skep vir sinvolle bestaan?
- Wat is die verband tussen gesonde of vervulde lewe en pynlike lewensomstandighede?
- Hoe kan probleme of negatiewe lewensomstandighede 'n rol speel om diensbare lewe te bevorder en gepaardgaande heling tot volwassenheid kan plaasvind?

1.4.3 Menslike lyding en diens

- Wat is Bybelse aanduidings dat God se betrokkenheid by mense veroorsaak dat hulle omstandighede en pyn gebruik kan word om hulle tot diens te vorm?
- Wat is die rol van God-Drie-enig om lyding en pyn as groeimomente na 'n volwasse en vervulde bestaan te benut?

- Hoe lyk die verhouding tussen God en mens wat laasgenoemde as diensbare wese herstel en genesing in en deur omstandighede en pyn bewerk? Watter eienskappe moet hierdie verhouding hê om die mens te laat ontdek dat diens lewensvervulling bring?
- Wat is die aard van geloofsvorming wat uitloop op integrasie van lewensomstandighede met die gesonde bestaan van die mens as dienaar? Aspekte wat hiermee verband hou, is: herstel van die verhouding met God; geloofsgroei na volwassenheid; roeping om gestuurde te wees; die plek van die Woord van God in pastorale begeleiding; die rol van die geloofsgemeenskap.

1.4.4 Pastorale versorging en diens

- Hoe kan die leemte in pastorale hulpverlening oorbrug word om lewensgebeure met gesonde lewe te integreer – eerder as om dit te ontvlug?
- Hoe sal pastorale hulpverlening lyk wat rekening hou met pyn as groeimomente na 'n vol lewe?
- Wat is die merkers of riglyne vir 'n pastorale begeleidingsproses wat rekening hou met die feit dat diens 'n middel tot genesing en volwassenheid is?
- Wat beteken dit vir die pastorale begeleidingsproses dat mense deur middel van diens die sin kan ontdek van “God laat alles ten goede meewerk” (Rm 8:28)?
- Hoe ontdek die persoon in en deur lydingsgebeure 'n unieke diens wat tot genesing lei?
- Wat maak huidige pastorale en sekulêre berading met die verhouding diens en genesing?
- Watter afleidings kan uit bestaande begeleidingsmodelle ten opsigte van Skepper-dienaar gemaak word om diens as strategie vir genesing te gebruik?
- Watter pastorale benaderings en hulpmodelle kan benut word om mense te begelei sodat die diensrol van die mens ontdek en beoefen kan word?

1.5 DOEL VAN DIE STUDIE

1.5.1 Doel

Die doel van die navorsing is om te bepaal watter bydrae die fasilitering van diensbare lewe in pastorale hulpverlening speel om heling tot vervulde lewe te bewerkstellig. 'n Ondersoek word beoog na die genesende aspekte wat diens aan God, medemens en omgewing vir sinvolle menslike bestaan het. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie diens moontlikhede het vir die groei na volwassenheid en om 'n lewe van vervullende vrede

te bewerk. Met ander woorde: die vormende en inisiërende rol wat pyn tot 'n gesonde en diensbare lewensbestaan het, sal nagespeur word.

Daar word nie gepoog om 'n model te verskaf oor hoe om lewenspyn te hanteer nie, want die lewe van individue kan nie met 'n bloudruk bestuur of bemeester word nie. Die doel is om pastorale merkers te stel vir 'n begeidingsproses wat betekenisvol met hartseer en pyn van die lewe omgaan sodat selfs na 'n hoër vlak van menswees gegroei kan word.

1.5.2 Doelwitte

'n Literatuurstudie en die beskrywing van die rol wat diens in die hantering van problematiese lewensomstandighede speel, word beoog.

'n Kwalitatiewe ondersoek met drie persone oor die onderwerp sal gedoen word. 'n Beskrywing van hierdie prosesse word dan gegee.

Die gevolgtrekkings van die literatuurstudie en empiriese navorsing word ten slotte beskryf en veralgemenings vir pastorale hulpverlening word van toepassing gemaak.

1.6 NAVORSINGSMETODE EN -PROSEDURES

Die volgende werkswyses word beplan:

1.6.1 Literatuurstudie

Die volgende sake sal nagevors word:

- Skrifbeginsels ten opsigte van die mens se roeping tot diens in en deur lewensomstandighede en –pyn.
- Pastorale begeleiding van mense met lyding en pyn waar die leiding van God as Vader, Seun en Heilige Gees se betrokkenheid ernstig geneem word.
- Pastorale begeleiding oor die rol van diens as strategie vir volheidslewe sal nagevors word.
- Lewensverhale, (outo)biografieë, ensovoorts waar diens 'n rol in genesing van pyn gespeel het, sal nagevors word. Die legitimering vir die gebruik hiervan word gevind by Wimberly (2003:26) wat beweer "... that contemporary novels might be a rich source of reflection as well."

Vir die literatuurstudie word materiaal nie tot die teologie alleen beperk nie – alhoewel dit uiteraard die oorwig van navorsing sal wees. Materiaal uit alle vakgebiede wat die saak van die ondersoek belig, sal oorweeg en benut word. Dit is die Christelike pastoraat se verantwoordelikheid om ten volle gebruik te maak van alle instrumente – die sekulêre sielkunde en sosiale wetenskappe ingesluit – om die beste terapeutiese ondersteuning te gee (Gerkin 1989:14).

1.6.2 Onderhoude

In-diepte-onderhoude en beskrywing van die lewe van persone wat voor, tydens en na lewensversteurings by diens betrokke geraak het, sal gedoen word.

1.6.3 Beskrywings

‘n Beskrywing van die beginsels en riglyne uit die literatuurstudie en onderhoude oor die genesende rol wat die ontdekking van ‘n diensbare lewe in en deur die pynlike lewe speel, word beoog.

Die studie val binne die grense van Diakonologie en is daarom beskrywend van aard. Algemene beginsels word afgelei, beskryf, ondersoek, getoets en weer beskryf.

1.6.4 Tipe pyn, verliese en krisis

Daar word nie beoog om ‘n spesifieke soort probleem of verlies as uitgangspunt te neem nie. Enige krisis wat in ‘n persoon se lewe ingegryp het, sal ondersoek en getoets word. Met ander woorde: die invloed van enige lewensgebeurtenis wat die gelykmatige verloop versteur, sal die agtergrond vir navorsing as uitgangspunt geneem word. Dit is daardie sake waarmee persone (gewoonlik lidmate) na hulle geestelike leier vir begeleiding kom – of hy na hulle gaan. Begrippe om hierdie saak te beskryf, is: pyn, probleem, verlies, krisis, lyding, teenspoed, ontwrigting, ensovoorts. Die genesende effek van die ontdekking en implementering van ‘n unieke lewensrol in en deur hierdie sake sal ondersoek, getoets en beskryf word.

1.7 BEGRENsing

Vervolgens word die grense of speelveld van die studie bespreek. Hier wil uitgeklaar word wat die vertrekpunte, metodologie en denkwyses van hierdie studie behels. Met ander woorde: die manier van dink word gestel.

1.7.1 Posisionering

1.7.1.1 Diakonologiese denkwysse

Hierdie studie kies vir 'n diakonologiese benadering tot 'n pastoraat wat diensbaarheid as ondertoon en mikpunt het. Die manier van dink van hierdie studie val binne die semantiese klank van die woord diakonologie. Diakonologie is afgelei van die Griekse woorde *diakonia* en *logos* (Potgieter 2009:10). Dit gaan in hierdie verhandeling oor die diensbare mens soos hy dit by die Woord van God en woorde uit die pastorale gesprek ontdek en implementeer. Oor die verskille tussen praktiese teologie en diakonologie is reeds baie geskryf. Hier word net gestel wat onder diakonologie bedoel word (en wil nie aanvoer dat 'n prakties-teologiese paradigma noodwendig teenoor dit staan nie).

Pastorale versorging as bediening aan mense, asook die uitkoms daarvan, het praktiese dade van diens as doel. Pastoraat is dade van sorg vanuit God se trou en beloftes (deur die pastor) aan mense in nood, maar is ook besig met die sin en kwaliteit van menslike bestaansfunksies (vir die mens wat kom vir berading) (Louw 1999:2). Diakonologiese pastoraat is dus dade van diens aan God, mekaar en die wêreld – vir beide terapeut en hulpsoeker.

Diakonologiese pastoraat wil daarom die praktiese aard van diakonologie of praktiese teologie onderskryf. Osmer (2008:18-20) noem dat die rol van die pastor nie meer op hiërargie berus nie, maar op verhoudings. Dit maak van hom 'n interpreterende gids oor die sake van die persoon wat saam met hom reis. Dit is 'n wedersydse aksie. In die lig van hierdie studie beteken dit dat beraders nie raadgewers alleen is nie, maar lewensgidse wat saam met hulpsoekende persone hermeneuties deur hulle lewenskrisisse werk tot 'n werkbare, toepaslike of diensbare oplossing. Praktiese Teologie word beoefen volgens die model *praktyk-teorie-praktyk* (Osmer 2008:148). Daar bestaan dus 'n praktiese gebeure, dit word in teorie ondersoek en die ondersoek word in praktyk toegepas. Vir hierdie studie en pastorale berading beteken dit dat 'n pynlike gebeure ontstaan, dit word teoreties (deur terapeut asook hulpsoeker) ondersoek en daarna word die ontdekte antwoorde op die probleemterrein prakties geïntegreer. "Application is not merely a tack-on" (Osmer 2008:149).

Die ondersoek van die probleem word vanuit 'n Christelike agtergrond en filosofie gedoen. Ander lewensfilosofieë of godsdienste word nóg ondersoek, nóg as teenpole gesien. Die Bybels-Christelike begrens hierdie studie. "We are Christians because we believe God as

God is made known in Jesus Christ through the divine Spirit and the testimony of scripture” (Hall 2000:411). Daar word nie ontken dat navolgers van ander godsdienste deur hulle unieke godsdienstebelevens en -sienings genesing kan vind nie, maar hierdie studie fokus op “pastorale” versorging wat “... refers to the image of shepherd found in Hebrew and Christian Scriptures and traditions (Doehring 2006:7).

Verder is die Woord van God ‘n vertrekpunt vir diakonologiese pastoraat. Die breë beginsels vanuit die Woord word bestudeer en toegepas in die vakgebied wat handel oor die diens van die kerk (Heyns en Jonker 1977:297 e.v.). Daar word van ander kennisbronne gebruik gemaak, maar steeds as teoloog (Jonker 1981:37). Die normerende waarde van die Bybel – as Christelik-etiese waarderingsbron van lewe – is dus die filter waardeur die handeling van God en mens bekyk sal word. Ander meta-teorieë se kennis word ook benut, maar die vertrekpunt bly die Woord van God (Janse van Rensburg 2000a:77). Dit beteken dus nie dat die Bybel aangewend sal word as ‘n boek wat alles oor alles te sê het nie of dat alles daarin letterlik toegepas sal word nie. Dit beteken wel dat die Bybel genoeg sê sodat kennis deur die woorde, beginsels, afleidings en interpretasie van Bybelse waarhede bestaande kennissisteme begrond en beoordeel.

Janse van Rensburg (2000a:78) noem die diakonologiese implikasies vir pastoraat:

- Dit is op Bybelse beginsels baseer. Dit is dus heilsterapie op grond van die beloftes van God (Louw 1999:13).
- Christus is die Hoof van die kerk en sy Koninklike, Priesterlike en Profetiese amp is die kern van die uitlewing van kerklike aktiwiteit. Na Jesus Christus se menslike bestaan en diensbaarheid word dus altyd weer gekyk as die volmaakte mens.
- Dit maak gebruik van menslike wetenskappe sonder dat daardie hulp die sentrale basis van die diakonologie verdring.

Praktiese teologie paradigma werk met ‘n kommunikatiewe teologiese handelingswetenskap wat sy werkswyse aan sosiale wetenskappe ontleen, ervaring gaan die openbaring vooraf en empiriese navorsing is die basis (Potgieter 2009:12). Kommunikasie, sosiale wetenskap en empirie is nie vir diakonologie of hierdie verhandeling onbelangrik nie, maar is nie ‘n vertrekpunt of normatief nie. Waarmee natuurlik glad nie identifiseer kan word nie, is die weerstand wat sommige (postmoderne) praktiese teoloë teen ‘n Skriftuurlike benadering het (Janse van Rensburg 2000a:97).

Diakonologie en praktiese teologie staan dus nie teenoor mekaar nie – solank dit aansluit by Louw (2008:71) se definisie van praktiese teologie:

“Practical theology is the science of the theological, critical and hermeneutical reflection on the intention and meaning of human actions as expressed in the practice of ministry and the art of faithful daily living. It is related to life skills within the realm of spirituality. In this regard practical theology is connected to the praxis and will of God within the encounter of God and human beings. Praxis (the intentional and meaning dimension of actions and being functions) is expressed in the actions of ministry and care and communication.”

1.7.1.2 Postmoderne paradigma

Die tydsgees van die mens in pastoraat bepaal deels die inhoudelike van die grense waarmee in dié verhandeling gewerk sal word. De Beer (2009:43) toon by wyse van verskeie bronne aan dat “[P]ostmodernisme is die geestestroming waarbinne ons staan.” Ook Janse van Rensburg (2002:43) stel dat ons in ‘n postmoderne era staan – al vereenselwig hy hom nie met die gees daarvan nie. Hierdie navorsing deel Janse van Rensburg se voorbehoude oor postmodernisme. Daarom is daar heelwat beginsels van die postmodernisme wat hierdie studie sal weerspreek. Dit sou egter onwys wees om nie in pastorale versorging met die gees van die tyd rekening te hou nie.

Vanuit die gedagtes in die vorige paragraaf genoem, word hierdie studie gedwing om sy posisie ten opsigte van die sogenaamde postmoderne paradigma te bewoord. Enkele terme en begrippe waarmee postmodernisme werk, word nou kortliks krities beoordeel (Janse van Rensburg 2000a:6-12):

- Hierdie studie het ‘n voorveronderstelling om Skrifgebonde te wees en vanuit die trou van God te begrond. Daarom kan ‘n paradigma wat afwysend staan teenoor meta-teorieë soos die Woord nie as verklaringswyse aanvaar word nie. Pastoraat “... behoort nie as gevolg van die gesprek met die postmodernisme, skaam en sku te raak vir Bybelse taal, temas en verhale nie. Dan word dit loutere fenomenologie” (Louw 1999:25). Die gedagte van die outeur/subjek wat dood is en die teks wat weggebreek het van die oorspronklike betekenis, is vreemd vir hierdie studie wat juis in God se karakter en handeling hoop, troos en vastigheid wil vind.
- Die konteks bepaal die waarheid. In die postmoderne siening bestaan daar nie eksklusiewe godsdienstige waarhede nie (Du Toit 1996:32). So byvoorbeeld kan Jesus nie die enigste Verlosser wees nie. Menswees – as dienaarwees – sal in hierdie studie onder andere begrond word deur die voorbeeld van Jesus Christus se

diensbare lewe na Sy menslikheid. Daarom bots dit met die standpunt dat konteks (alleen) die waarheid bepaal.

- Die persoon in 'n krisis is juis op soek na vaste grond en daarom kan só 'n standpunt nie heling of sekuriteit bring nie. Janse van Rensburg (2000a:48) toon die probleem met postmodernisme as volg aan: “Thus we will never really be saying what we mean, we will not have to mean what we say and we will not need to worry about telling the truth because there is no truth, only a metaphysics of truth, a story, a multiplicity of meanings.”

Na dit alles gesê is, kan die postmoderne kritiek en ingesteldheid nie net geïgnoreer word nie. Dit is waar dat die oordrewe klem op die rasionele en die sogenaamde onfeilbaarheid van die wetenskap onaanvaarbaar is en sekere postmoderne strategieë is wel bruikbaar (Janse van Rensburg 2000a:36-37). So byvoorbeeld kan gebruik gemaak word van die narratief in pastorale begeleiding omdat die konteks of geskiedenis die spesifieke aard van diens (mede)bepaal.

1.7.1.3 Verbondmatige verloop

Die lewe en pastorale proses word gesien as 'n verbondmatige verloop van gebeure. Hier word bedoel dat daar sekere rolspelers is wat met mekaar in verbond tree. Binne lewensgebeure of -geskiedenis word 'n diensbare lewe gesoek sodat lewe sinvol en vervullend verloop. Die rolspelers is God, die pastor, die mens wat kom vir hulp, die mense in die omgewing en die omgewing self. Die lewensgebeure is die krisis van die persoon wat hulp soek, asook sy geskiedenis.

Wie is die subjek in die pastoraat? In die vroeëre fases van pastorale teorievorming was dit maklik. Die antwoord was: “The *pastor* is the subject” (Janse van Rensburg 2000b:1). Die postmoderne paradigma het God, pastor en objektiewe waarheid van die Skrif as subjek se dood beteken (Janse van Rensburg 2000b:8-9). Die hele saak van konstruktivisme – as postmoderne werkswyse – het ook die passie om mense te verander laat wegraak (Janse van Rensburg 2000b:17-18). Hierdie studie kan nie anders as om met die verandering van mense te werk nie omdat dit soek na bekering tot 'n nuwe lewe as gevolg van lewensomstandighede. Daarom wil dit saam met Janse van Rensburg (2000b:20-21) pleit dat God die Subjek van die pastoraat bly – met die pastor, die gesprek, pastorale verhouding en ander aspekte as tussenganger of bemiddelaar van heil.

Die passie om mense ten goede te laat verander moet verstaan word as genade van God wat deur sy Woord en die Heilige Gees nuwe moontlikhede skep. Uit die aard van hierdie

siening is dit noodsaaklik om vas te hou aan Bybelse norme/riglyne en Jesus as die waarheid. Daarom moet Jesus as Persoon aangeneem of aanvaar word.

Om die rolspelers hulle korrekte plekke te laat inneem, word vir 'n verbondmatige pastoraat gepleit. Op hierdie manier is daar nie sprake van 'n dominerend van die een bo die ander nie. Die waarheid van God en sy Woord word dus nie as dominerend beskou nie, maar word gesien as riglyne tot sinvolle lewe wat vrywillig aanvaar word. Die woord *diens* bring ook 'n balans in die rol van die verbondspelers. Die pastor dien uit die aard van die saak die genesingsproses, God en die ander persoon op die genesingspad. Die persoon wat vir berading kom, dien die gebeure van sy lewe deur dit diensbaar te benut. Selfs God se diens op Golgota speel 'n diensbare rol as teologie van die kruis.

Temas wat in die verbondsgeskiedenis na vore kom, is: genade, liefde, belofte, getrouheid, offer en gehoorsaamheid (Atkinson 1985:58). Hierdie temas moet teruggevind word in pastorale hulp wat rekening hou met die verbond. Dit is liefdestaal en nie woorde van 'n subjek wat 'n objek wil onderdruk sodat hy nie sy eie lewe kan genereer nie. Maar dit is ook begrippe wat inherent dui op 'n diensbare lewe tussen twee partye. Dit word uitgespel in die verbondstaal wat in die Bybel voorkom: "Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal my volk wees" (König 1991:14). Albei partye is iets vir die ander een. Hulle "wees" as't ware vir mekaar.

Daar is 'n derde "party" of saak wat bykom in hierdie verbondsverloop en dit is die gebeure, tyd, storie of geskiedenis waarbinne die verbond neerslag vind. Daarom is die beste definisies van verbond die volgende:

- Die verbond verwys na die lewende omgang tussen God en mens in die geskiedenis waar God se liefde die inisiatief neem en volmaakte gestalte vind in die koms van Jesus Christus as mens (König 1991:14).
- Die term *berith* wys op God se soewereine en genadige selfverpligting en beskikking met betrekking tot sy volk. Hierdie liefdevolle optrede van God nooi uit tot 'n dankbare lewe voor sy aangesig (Jonker 1989:179).
- Hierdie lewe vind beslag in die werk- en genadeverbond tussen God en mens (Heyns 1982:205).
- Die motief van verantwoordelikheid loop soos 'n refrein deur die beskrywing van die verbond. Daarom staan die verbondsmens in 'n spanningsveld waar hy 'n keuse moet uitoefen: alles of niks. Daar is 'n wederkerigheid in die verbondshandeling, maar die mens se reaksie sluit altyd aan by wat voorhande is, om dit tot verdere ontplooiing te bring (Strauss 1982:139-140).

Hieruit word afgelei dat die krisis- en lydingsgebeure – wat voorhande is – in mense se lewens op die een of ander wyse verbind kan word met die inisiërende liefdestrou van God. Die mens – as bondgenoot – word geroep om hierop te antwoord sodat lewensontploffing kan plaasvind. In die taal van hierdie verhandeling klink dit as volg: God en mens loop 'n verbondspad met die gebeure van die lewe sodat die mens tot volwasse en diensbare lewe kan ontwikkel.

Pastoraal gesproke kan die volgende gesê word: In hierdie verbondmatige saam beweeg begelei die pastor die persoon in krisis tot die korrekte hantering van die eise van die lewe soos Christus die beloftes van die Ou Testament in die Nuwe Testament verpersoonlik (Atkinson 1985:61-63). Die pastor bly dus een van die gelyke vennote in die verbondsgebeure, maar neem 'n ondersteunende rol in. Mense het soms hulp nodig omdat die lewe nie gelykmatig verloop nie. Wanneer die lewe versteur word, moet die pastoraat geestelike heelheid fasiliteer (Clinebell 1984:103). Die pastoraat moet hierdie versteurings benut om nuwe lewe (van diens) te skep. Uit die gebeure van die lewe moet die pastorale begeleiding 'n nuwe werklikheid in die lewe van mense konkreet maak – die inwendige verbond moet in die uiterlike Koninkryk van God gestalte vind (Janse van Rensburg 1996:154-156). Dit vra uit die aard van die saak 'n nuwe denke oor die gebeurlikhede in mense se lewens. Die begrip *metanoia* beteken 'n wegkeer van die (sondige) verlede en 'n positiewe gerigtheid na die toekoms (Louw 1993:59).

Die paradigma van Romeine 12:1-2, wat van die mens 'n nuwe denkwysse tot lewende en heilige offers vra, word hier bedoel. Die getrouheid van God met lewensgebeure moet aanleiding daartoe gee dat krisisse en nood die mens vorentoe laat beweeg.

Daarom kan die verbondmatige pastoraat nie anders as om 'n appèl te laat val nie omdat die Skrif 'n verband tussen verlossing en genesing daarstel (Clinebell 1984:61). Dit is egter God wat die mens se denke verander en nie hy self nie. Daarom is dit die Gees wat hierdie verbond tot nuwe lewe van die Koninkryk van God skep en dit is die pastor wat bemiddelend na noodlydendes kommunikeer (Janse van Rensburg 1996:155).

In die pastoraat word 'n persoon dus begelei tot die verstaan van sy situasie en pyn in die lig van die Bybel. Dan vind daar 'n agogiese oomblik plaas waar 'n verstaan alles bymekaar bring (Firet 1977:166-167). Dit is die oomblik waar alle partye so insig op die lewensgebeure ontwikkel het dat konkrete en praktiese dienshandelinge tot genesing en nuwe lewe moontlik word.

Die verstaan van die pastorale proses wat diens as gevolg het, is dus verbondmatige handeling tussende partye in die lig van omstandighede, maar die werkswyse is hermeneuties.

1.7.1.4 Hermeneutiese werkswyse

Die mens kan nie volledig verklaar word nie en daarom is pastorale antropologie essensieel hermeneuties van aard (Louw 1999:156-157; Scholtz 2005:141). Pastorale begeleiding binne Diakonologie is dus 'n hermeneutiese proses wat die verbondshandeling tussende God en sy mense interpreteer, eksistensiële aanpassings in gedrag maak en die mens diensbaar bestaan sodat lewe gesond funksioneer.

Dit gebeur soms dat persone se lewensverhaal versteur word en dit is dan dat die persoon hulp kom soek (Gerkin 1984:121). Hierdie studie wil poog om aan te toon dat die verhaal nie net herkonstrueer moet word nie, maar die betekenis van die blokkasie of probleem moet benut word vir lewensgroei. Die storie kan nie maar net aangaan waar dit opgehou het nie, maar daar moet na 'n ander vlak en verdiepend beweeg word. Daarom is verstaan van die lewe en die probleem nodig. Pastoraat is betrokke by die tegniek van verhaalanalise (Louw 1999:133).

As daar nie een of ander vorm van hermeneutiese proses of verstaan plaasvind nie, kan heiligmaking en groei nie plaasvind nie. Die moontlikheid tot lewensgroei is slegs doeltreffend as die bedoelings, waardes en intensies wat agter gebeurde lê, verstaan word (Bothma 2003:99). Pastoraat met hermeneutiese metodologie sluit in: sortering van stories, indrukke, herroeping en gedeelde interpretasies van berader en hulpsoeker (Gerkin 1984:138). 'n Hermeneutiese model wil interpretatief-analities en normatief-evaluerend te werk gaan (Louw 1999:131). Dit is 'n verstaan van beide die pastor en persoon met pyn. Die rol van die pastor is egter om met die kwaliteit van sy teenwoordigheid die verhaal van die hulpsoeker binne te tree en te help ontrafel (Gerkin 1984:176). Die pastor is dus daar om die verhaal in só 'n mate te verstaan dat geloofsgroei plaasvind (Louw 1999:134).

Hierdie ontleding en evaluering loop uit op 'n fase wat Oates (1974:154 e.v.) die "verbondmakende fase" noem. Die persoon wie se lewensverhaal geblok is, moet deur verskeie "verbonde" met God, ander mense en homself gaan om by 'n verbondsluiting tot nuwe lewe te kom. Wat hier ontbreek, is dat daar ook 'n verbond met die omgewing of gemeenskap gesluit behoort te word sodat die persoon ook 'n roeping tot diens na buite ontvang – en nie net 'n privaat en individuele verligting ervaar nie. Die verhandeling wil graag hierdie saak spesifiek ondersoek.

Die spesifieke taak van pastoraat is om die potensiaal van die samehang van die netwerk van 'n krisis in te sien (Louw 2005a:101). Dit is egter meer as net insien en interpreteer. Dit is om 'n nuwe verhaal uit die pastoraat te skep (Scholtz 2005:148). Maar hierdie studie wil voorstel dat dit selfs meer as die skep van 'n nuwe storie is, naamlik om die nuwe verhaal saam met die persoon wat hulp soek ook te leef en hom daarin te begelei. Die sogenaamde nuwe verhaal moet tog gelêf word om sinvolle lewe te konstitueer.

Die pastor kan hierdie verbond tot dankbare lewe baie maklik miskyk. Hierdie verbond moet uitgebrei word sodat dit uitgeleef word in die daaglikse lewe (Hoffman 2002:149). Dit is eers wanneer insig tot dade oorgaan – sal geredeneer word – dat genesing en verlossing plaasvind. Die mens se lewe is vervleg met sy sosio-kulturele omstandighede en pastoraat kan nie anders as om neerslag te vind in die mens se veelvuldige verhoudings nie (Gerkin 1984:104). Die krisisse en pyn van die lewe is dus 'n roeping wat die hulpsoeker moet ontdek om sinvolle diens as skepsel van God uit te lewe. Daarom is pastoraat 'n uitdaging om 'n bepaalde belofte van God – binne konteks van lewe en lyding – te laat realiseer en die pastor begelei die persoon om sy aanname te vervang met Skriftuurlike optredes (Hoffman 2002:220-221).

1.7.2 Basis- en praktykteorie

Louw (1999:28) stel dat basisteorie 'n spesifieke teologiese perspektief is waaruit pastoraat as teologiese wetenskap bedryf word. Verder is dit kriterium waarvolgens ordening van materiaal plaasvind. Die metateoretiese aangeleentheid word ook hiervolgens beoordeel. Ten slotte is dit 'n paradigma waaruit geopereer word.

'n Basisteorie vir hierdie studie sien as volg daar uit:

Hierdie studie speel af teen die dekor van die pastorale begeleier se werk met mense wat gelukkige lewe by die pastorale begeleier soek wanneer lewensgebeure inbreuk op gelykmatige bestaan maak. Die Christelike pastorale begeleier het ook vir die 21^{ste} eeu se mens nie raad en riglyne los van God en die Bybel nie, want "... faith is our last certitude, the Word of God then also offers us the most important, the most profound and essential information about man. It tells us things about man which we could not ordinarily obtain in a scientific manner, because these are perspectives based on faith" (Van der Walt 1990:5). Dit beteken nie dat sekulêre sienings negeer word nie, maar die fundamentele probleem van nie-teologiese antropologieë is dat dit beweeg vanuit *anthropos* en nie *theos* nie. 'n

Antropologie wat die mens as vertrekpunt neem, begrond alreeds vanuit 'n humanistiese distorsie en is dus gedoem om genesend op lewe in te werk.

Diensbare lewe het met handeling of daad te doen. Hierdie lewe is 'n antwoord op die lewe wat uit die hand van God Self berei word. Daarom word vertrek vanuit die siening dat pastoraat te doen het met aksies wat uitgevoer word in diens van die evangelie (Heyns en Pieterse 1990:6). Maar evangelie is nie lewensvreemd nie. Daar is wisselwerking tussen evangelie en konteks en word as volg verstaan: "The gospel of Jesus Christ remains the same, but it will not be heard as good news if it is not interpreted in light of the times" (Jersild 2008:37). Die teologie van die dag word dus betekenisvol met die denke van die dag geïntegreer.

'n Lewe voor die aangesig van God het dus praktiese implikasies vir sinvolle lewe en daar word saam met Louw (2008:51-54) aanvaar dat die teenwoordigheid van God in 'n persoon se lewe behoort by te dra tot die betekenis in die lewe, asook die groter humaniteit. Dit impliseer betrokkenheid by die lewe self. Hierdie bewustheid van God by die lewe lei na gebed en liefdesdade binne die gemeenskap. Dit gaan dus oor 'n manier van lewe teenoor ander wat heling fasiliteer. Verder het dit met die navolgenskap van Jesus Christus te make wat ons lei in die weg, waarheid en lewe (Jh 14:6) (Veling 2005:240).

Uit 'n basisteorie word 'n praktykteorie geskep. Dit gaan hier oor 'n model vir pastoraat (Hoffman 2002:20). Aan die einde van die studie sal nie 'n model – in die eng sin van die woord – gestel word nie, maar pastorale merkers wat te make het met die begeleiding van mense in 'n krisis wat deur diensbaarmaking van die krisis tot diensbare lewe gelei word. Vir hierdie studie se praktykteorie is pastoraat 'n hermeneutiese proses waarbinne die lewensverhale van mense op 'n verbondmatige wyse tussen God, pastor, hulpsoeker en omgewing ondersoek, verstaan, gerig en diensbaar geleef word.

1.8 BEGRIPSOMSKRYWING EN POSISIONERING

Ten einde die verstaan van hierdie studie te vergemaklik, word sekere begrippe nou verklaar en uitgespel. Vir hierdie doel word die hipotese-stelling woord vir woord verduidelik.

1.8.1 Pastoraal

Daar word aangesluit by Louw (1999:2) se siening van pastoraat: Wat hulpverlening "pastoraal" maak, is dat dit drie basiese eksistensiële probleme aanspreek: angs vir isolasie, verwerping en dood; worsteling met skuldgevoelens en ervaring van wanhoop en

sinloosheid. Pastoraat het dus met die mens se verhouding met mekaar, God en wêreld te doen, daar is 'n eties-morele dimensie ter sprake en dit gaan oor die kwalitatiewe bestaan as mens.

Verder lig Louw (1999:2-3) enkele sleutel terme vir pastoraat uit (skuinsgedrukte woorde navorser se beklemtoning). Dit wil ...

- *lewensvraagstukke* sinvol vanuit die *Christelike geloofsperspektief* aanspreek;
- *hulp* verleen en *hoop* bied vanuit die *geloofsoortuiging* dat God *getrou* is;
- die *heil* bemiddel op grond van die *kruis* van Christus;
- die *lewe* voltrek in die *teenwoordigheid* van God;
- *sin* (kwaliteit van bestaansfunksies, korrekte keuses in terme van lewensdoelwitte en norme/waardes van die ewige lewensbestemming) van die *lewe* ontdek binne die wil van God sodat met *hoop* en *vreugde* geleef kan word, en daarom
- *hermeneuties* nadink oor die menslike lewe sodat *coram Deo geleef* kan word.

Enkele sleutelbegrippe omskryf die woord pastoraal verder:

1.8.1.1 Herder

Hunter (1990:827) meld dat die persoon waarheen vir hulp gekom word, "pastor" (die Latynse begrip vir herder) is. Hierdie konsep word in beide Ou en Nuwe Testament vir begeleiding van mense gebruik en is die kwaliteit en standaard vir die pastorale werk van die kerk wat geneem word uit die model van die Drie-enige God se Herderskap oor mense. Hunter (1990:827 e.v.) noem enkele tekste in die Ou en Nuwe Testament (wat nou deur die navorser self geïnterpreteer word ten einde 'n epistologie van die pastor se rol as herder te verklaar):

- Psalm 80. God versorg die volk Israel soos 'n wingerd. Hulle word verplant vanuit Egipte en in nuwe grond in Palestina versorg sodat daar groei plaasvind. Hieruit word afgelei dat die pastor deur die pyn van die lewe mense help om te verplant tot 'n lewe van oorvloed. Hy is versorger, die mense groei self.
- Jesaja 40:11. God begelei sag en tel die kindertjies op en dra hulle. Hy maak hulle sy kudde en gee lewe. Die pastor luister en ondersteun in tye van swakheid tot nuwe lewe terugkeer.
- Jeremia 23:1-4. God belooft om die kudde terug te bring en 'n vol lewe te gee. Daar is dus 'n soort begeleiding deur die pastor wat moet lei na verandering of metanoia (Rm 12:1-2) sodat daar lewe kan wees. Let op die doel van die begeleiding:

terugkeer na die Herder vanuit pyn en lyding sodat vrugbaarheid en vermeerdering plaasvind. Pastoraat is dus om te lei na 'n lewe van diensbaarheid en vervulling.

- Esegïel 34. God Self sal ingryp as goeie Herder en die volk terugbring na plekke van rus en heling. Hy sal dit doen deur hulle te lei na 'n manier van lewe wat herstel bring. God lei uit 'n hopelose situasie na 'n lewe van vrede/shalôm. Dit is dus die pastor se taak om eties/moreel rigting te gee sodat mense nie meer slagoffers van sonde is nie, maar betekenisvol lewe.
- Hebreërs 13:20. Jesus is die groot Herder wat die skape deur sy eie bloed uit die dood terugbring en laat lewe. Deur sy pyn en lyding bewerk Jesus lewe. Die pastor kan met ander woorde op die kruis van Christus wys, maar ook deur sy eie en die hulpsoeker se swaarkry ander begelei om deur hulle pyn diensbaar te raak. Deur pynlike gebeure as metode van redding te sien te sien kan lewe laat intree.
- 1 Petrus 2:25. Skape kan ophou dwaal en na die Herder en Bewaker van ware lewe terugkeer. Dit dui op die aflegging van 'n sekere lewe sodat iets beters bereik kan word. Die Herder fasiliteer hierdie lewe van bekering. Dit is deur die dwaling in die lewe (wat pyn en swaarkry bring) waar alternatiewe en nuwe lewe ontdek word. Dit is die Herder wat dit bewerk deur die instrumentale bemiddeling van die herder.
- Die volmaakte Herder se liefdevolle versorging en leiding word ook in Johannes 10:1-18 beskryf. Mense wat na die stem van die Herder luister, sal 'n vol lewe ervaar. Dit is die taak van 'n pastorale begeleier om op die stem van die Herder te wys en die pad van oorvloedige lewe te fasiliteer. Natuurlik impliseer dit ook die afleer van die luister na die dief wat wil steel en slag en uitroei.
- Jesus pas in die evangelies die metafoor van herder op Homself toe (Mrk 6:34, 14:27; Mt 25:32; Lk 12:32; Jh 21:16). Die gemene deler in al hierdie laasgenoemde verse is die feit dat mense verlore en "siek" was, maar dat die Herder 'n nuwe soort lewe bring wanneer mense sy lering hoor en gehoorsaam. Daar is dus altyd die beweging van siek na gesond, stukkend na heel. Dit is die kern van pastoraat.

Die hulpverlening van herderskap is dus 'n sorgaksie en nie 'n ingryping van buite deur die pastor nie. Direkte intervensie of ingryping van enige aard word vir die mens van die 21^{ste} eeu verwerp (Platinga 2008:380). Dit is eerder 'n langs mekaar stap tussen herder en kudde wat saam die pad van die ware lewe *coram Deo* ontdek – al leun die hulpsoeker soms op die herder.

1.8.1.2 Drie-enige God

Pastoraal beteken verder dat dit per implikasie Christelik is en dat die mens gesien word vanuit sy verhouding met die Drie-enige God (Louw 2008:156). Dit sluit aan by die gedagte

dat die Christelike leer van God die leer van die Drie-eenheid is (Platinga et al 2010:225). Vir hierdie studie beteken dit: God is Vader wat mense skep om Hom en mekaar te dien (Gn 1:27-28). God is die Seun, Jesus Christus. Die doel van sy koms na die wêreld beskryf Hy Self as om te dien (Jh 13:14-17). Die lewe van Jesus is gedrenk in diens en Hy verwag dat sy volgelinge dieselfde sal doen ... sodat hulle gelukkig sal wees (Jh 13). God is Heilige Gees wat leer om te lewe en toerus tot 'n vervulde lewe (Jh 7:38-39). Die Heilige Gees wil die mens help om die gesonde lewe wat Jesus Christus in sy lewe gebring het, te laat uitvloei na 'n droë wêreld daarbuite.

Die Drie-eenheidsleer kan ook as 'n sosiologiese analogie gesien word en dui op die gemeenskapskarakter van die Triniteit (Murray en Rea 2008:69). Die mens – as beeld van God – is dus basies 'n relasionele wese. Die pastorale berading waarna in hierdie studie gestreef sal word, is 'n verhoudingsgegronde berading. Pastor en medemens (in nood) tree in 'n verhouding waarvan die resultaat wens om 'n genesende invloed op die lewe van beide (maar veral die medemens) te hê.

1.8.1.3 Sonde en verlossing

Verlossing en heling veronderstel iets waarvan verlos moet word. Verlossing is “[T]he saving of man from the power and effects of sin” (Elwell 2001:1049). Dit is sonde wat mense se lewens ongesond maak en om daarvan verlos te word, bring dus heling. “To be saved is to be made whole – that is, for individuals to be in a right relationship with God, with themselves, with their fellow humans, and with their environment” (Atkinson et al 1995:28). Gebrokenheid is 'n werklikheid en daarom is daar behoefte aan berading as hulpverlening. Morrison (2005:436) haal vir Paul Ricoeur aan en beskryf pastorale sorg as “... a gift in response to the mismanagement of human ethos.” Sonde is dus disfunksionele bestuur op lewensgebeure. Dit bestaan nie slegs in die oortreding van reëls nie, maar is ook wanbestuur van lewensgebeure soos God dit wil.

Dit is hierdie sonde wat lewens breek – gevolglik neem hierdie studie dus aan dat daar 'n soort denk- en lewenswyse is wat die lewe van sy volheid ontnem. Die saak van bekering kom hier ter sprake. “In the OT it is directly related to the word *šûb*, the twelfth most frequently used verb, which signifies to turn back, go back, come back, or return. It is also associated with the Hebrew *niham*, which means to be sorry or to regret. In the NT the two principal words indicating “to turn” are *epistrephō* and *metanoēō*. The latter and its cognates indicate a renewal of mind and heart, heartfelt repentance” (Elwell 2001:296). Verandering van denke en gedrag op lewensomstandighede is dus 'n doelwit van pastorale hulp. In die Ou Testament vind ons (in Josua 24:15) die uitdaging in hierdie verband waar Josua die volk

voor die keuse van lewe en dood stel wat hy verbind aan gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God. Paulus noem dat die navolgensmodel van die tweede Adam heelheid en lewe bring (1 Kor 15:22).

Hierdie studie sluit aan by Peterson (2000:29-30) se beskrywing van bekering:

- “The usual biblical word describing the no we say to the world’s lies and the yes we say to God’s truth as *repentance*. It is always and everywhere the first word in the Christian life.”
- Die pastorale proses behoort uit te kom by keusemoontlikhede. “Repentance is not an emotion. It is not feeling sorry for your sins. It is a decision.”
- Alhoewel die postmodernisme pleit dat daar nie op gedragsverandering klem gelê moet word deur op die waarhede van meta-narratiewe te fokus nie (Janse van Rensburg 2000a:48), is die standpunt van hierdie studie dat dit wel nodig is. Dit vra na ‘n geloofskeuse dat God in Jesus die waarheid praat. “Repentance is a realization that what God wants from you and what you want from God are not going to be achieved by doing the same old things, thinking the same old thoughts.”
- “Repentance is the most practical of all words and the most practical of all acts.” In die proses van berading moet persone wat hulp ontvang, leer om negatief op sekere vorme van lewenshantering te reageer en ander hanteringswyses te integreer.

Dat waardes en morele optredes in die beradingsproses ter sprake moet kom, is dus onontbeerlik. Die pastorale begeleidingsproses fasiliteer hierdie waardes en optredes. Daar kom ‘n nuwe denke na vore wat die mens keuses laat maak om die volheidslewe te leef (Rm 12:1-2). Gehoorsaamheid aan God is die agtergrond waarteen hierdie navorsing afspeel en dit word gesien as lewendgewende krag. Hierdie keuses sluit ook die wyses in waarop teenoor lyding reageer word.

1.8.1.4 Heiligmaking

Om ‘n lewe van diens te lei, het te make met heiligmaking. In die Ou Testament beteken dit “... to set apart for sacred purposes” (Hunter 1990:1112). Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat God ‘n doel met die individu het en dat daar ‘n spesifieke doel met elke gelowige is. Om hierdie lewensdoel te vervul kan lewensgeluk bring. Pastorale hulp wil mense help om hierdie “heilige doel” in en deur hulle lewenspyn te ontdek. Só word hierdie lewenspyn doelgerig hanteer en nie gesien as iets wat lewensbedreigend is nie, maar gebeur in en (selfs) uit God se hand om die mens te vorm tot die ware beeld van God (Rm 8:28-30).

Wanneer sekere krisisse en lewenspyn dreig om te verwoes, sal dit help om te ontdek hoe die Here hierdeur vorm en heilig tot 'n besondere instrument met 'n unieke doel vir Hom. Dit is juis die privaat-unieke aard van lewensgebeure wat elke mens afsonderlik vorm tot 'n instrument van diensbaarheid. Pastorale begeleiding poog dus om deur 'n proses van heiligmaking tot die gesindheid van Josef oor lewensgebeure te begelei: dat die kwaad van sy broers 'n geleentheid vir God was om lewens te red en sy eie lewe sinvol te laat verloop (Gn 45:5). Die mens ontwikkel dus die insig dat selfs negatiewe gebeure tot sinvolle lewe kan bydra.

In die Nuwe Testament word hierdie gedagte meer individualisties – teenoor die gemeenskapsgedagte van die Ou Testament – ontwikkel: gawes moet benut word (1 Kor 12:31), dankbaarheid is 'n gepaste reaksie op lewe (1 Ts 5:18) en daar kan selfs oor slegte tye gejuig word omdat dit bydra tot lewensvorming (1 Pt 1:6-7). Die vormingsproses van beproewinge is heilsaam in dié sin dat dit mense heilig tot diens aan God, medemens en omgewing (Ef 2:10). Ons is dus bestem tot goeie dade en ons is 'n *poiēma* – werkstuk – van Jesus daartoe.

Krisisse, traumas en pyn word dus iets wat nie ontvlug moet word nie, maar gebruik moet word om die lewe te heilig na diens aan God, mekaar en wêreld.

1.8.1.5 Geloof en evangelisasie

Die potensiaal tot gesamentlike en wedersydse aksie tussen God en mens wat genesing deur diens bewerk, het met geloof en evangelisasie te make.

Geloof speel 'n rol in die helingsproses tot 'n nuwe persoon wat te midde en deur pynlike gebeure vervuld en sinvol lewe. Sonder geloof kan die persoon met pyn nie begelei word na 'n lewe van genesende diens nie, want God moet vertrou word voordat verandering plaasvind. Louw (1999:46) se siening van geloof, wat dinamies is, word geneem: geloof is die wyse waarop die Christelike lewe geleef word. Geloof is dus nie slegs 'n filosofiese denke nie. Die mens is gesond as hy 'n bron van geloof het wat betekenisvolle lewe fasiliteer. Met geloof word dus bedoel 'n openheid en ontvanklikheid vir Goddelike beskikking. Geloof open die mens dus vir 'n helende werking van God wat lei na diens en 'n vol lewe. Sonder geloof het die persoon met ingrypende lewensgebeure as't ware nie die potensiaal om deur diens na voller lewe te groei nie. Die analogie van 'n ketel wat eers kan kook as dit ingepron en aangeskakel is, is hier van toepassing. Geloof speel in dié analogie die rol van elektrisiteit wat die vermoë aan die ketel gee om die water te laat kook.

Die geloofstand van 'n hulpsoeker moet dus in die verloop van pastoraat – hoe vroeër, hoe beter – bepaal word. Indien 'n persoon reeds in verhouding met God getree het, kan vervreemding tydens die kliniese fase ervaar word. Hierdie verhouding moet aandag geniet sodat mense weer die sorgsame liefde van God kan ervaar (Hoffman 2002:55). Die volgende sake kan aandag kry in geloofsbegeleiding (Hoffman 2002:57) sodat 'n probleem katalisator tot groeiende geloof en sinsbeleving word:

- aanvaarding van die omstandighede en uitkoms daarvan;
- verstaan van die Bybel se siening oor die aard van die probleem;
- hoe om geloof positief te hou;
- hantering van emosies en spanning
- en (veral) God se plan vir 'n persoon se lewe met die probleem.

Die verantwoordelikebesef van die mens hang saam met berou oor sonde (Louw 1999:473) en kan die begin van 'n diensbare lewe wees wat nuwe lewe en genesing skep. Sonde is dus 'n las wat lewensvervulling belemmer. Belydenis in Hebreeus beteken letterlik om af te gooi (Bell 2007:166). Om die verkeerde af te gooi – na verkenning van die lewe deur die krisis – sal 'n ligtheid skep om aan te gaan met die lewe en die openheid tot diens verhoog. Daarom meen Van der Merwe (2004:65) dat belydenis en volwassenheid nou verwant is.

Maar hierdie geloof begin met "... trust in God through Christ" (Elwell 2001:431). Christus is die beginpunt van ware geloof. Geloof is "... salvation as personal affirmation" (Atkinson et al 1995:31). Daarom sal daar een of ander vorm van evangelisasie – as navraag na 'n persoon se eerste geloofsoorgawe in terme van die aanneem van Jesus as Redder vir persoonlike sondes – in pastoraat moet plaasvind om die persoon in die dampkring van God se liefde te bring. Die persoonlike aanvaarding van die kruisdood van Jesus as teken van God se goeie bedoelings met mense dien as vertrekpunt (Rm 8:32). Só word vertrou in God se handeling gestel as 'n opbouende eerder as afbrekende proses en lewensgroei na volwasse diens kan bereik word.

Die navraag na die persoon se persoonlike antwoord op die aanbod van die verlossing in Jesus Christus is dus 'n essensiële komponent vir die beradingsproses wat mense na 'n diensbare lewe wil begelei. Geloof wat 'n diensbare lewe voorberei, bewerk 'n veranderende denke ("met die hart glo ons") en spreke ("met die mond bely ons") wat vertrou dat daar nie teleurstelling in die werkinge van God sal wees nie (Rm 10:8-11).

Evangelisasie in die begeleidingsproses stop egter nie by die aanbied van die goeie nuus nie, maar wil verder gaan. “William Abraham (1947 -) in his influential book *The Logic of Evangelism* extends the definition of evangelism to include initiation into the local church, as well as the acquiring of spiritual gifts and demonstration of real change in lifestyle” (Atkinson et al 1995:361). Die skrywer van die Hebreërbrief neem as vanselfsprekend dat diens op die aanneming van Jesus as Verlosser sal volg (Heb 6:1-3). Dit veronderstel die inskakeling van die persoon by sy plaaslike geloofsgemeenskap (Hoffman 2002:57).

Om op te som: “Dit gaan dus oor ’n lewe van geloof, wat dit dryf en motiveer, wat dit volhou en ontwikkel” (Von Benecke 2005:14). Ook in pastorale begeleiding geld die beginsel dat ’n mens nie ander gevolge kan verwag as jy aangaan met die huidige gedrag nie. Dit gaan in hierdie studie oor geloofsaanname van die versoeningswerk van Jesus Christus die Redder en Middelaar wat dan weer lei na ’n lewe van dankbare gehoorsaamheid en liefde omdat God onvoorwaardelik vertrou word as die Een wat die lewe in volheid gee. Hy het sy Seun as voorbeeld van sy goeie bedoelings gegee; die mens vertrou Hom ook met die “ander dinge” van die lewe (Rm 8:32).

1.8.1.6 Gebed

Omdat hierdie navorsing uitgaan van die standpunt dat God die Geneser is (natuurlik in gehoorsame samewerking deur die mens), is gebed onontbeerlik. Dit is onder andere wat bedoel word met “pastorale” begeleiding.

Gebed se rol is “... it is expected that God will give insight, which will come in a variety of ways: thoughts, memories, conviction of sin, biblical references, pictures and visions, new understanding of the problem and of the reality of God.” “Times of silence allow the Holy Spirit to work. Counsellor and client are both active participants in this prayer, which must be wholly controlled by God, who often works in utterly unexpected ways. Prayer is not to be regarded as a technique, but as a channel for the Holy Spirit to act” (Atkinson et al 1995:685). Die intredende gebed is dus nie net bewys van God wat die werk doen nie, maar ook dat daar ’n positiewe verwagting is dat heling kan plaasvind. Natuurlik is gebed nooit eisend nie. Die Christelike geloof is nie daar as gevolg van wat gebeur nie, maar ten spyte van wat gebeur. Dit gaan nie oor wat die individu wil nie, maar wat die wil van God is (Hunter 1990:743).

Maar gebed gaan oor meer as genesing van die persoon self. In die pastoraat moet ook gebed word tot ’n lewe deur en na die krisis of lyding. Gebed is God se uitnodiging om deel te neem aan sy betrokkenheid by die wêreld. Edwards (2010:168-169) noem dat die

gelowige se gebede van intersessie die wyse is waarop hulle saam met God die goeie in die wêreld bewerk. Dit gebeur binne die natuurlike orde of op spesiale wyses. Mense is dus deur hulle gebedslewe aktief betrokke by die lewe om hulle. Gebed word as't ware 'n wyse waarop die persoon se pyn en lyding hom tot die nood van die wêreld rig.

1.8.1.7 Woord van God

Alhoewel dit sekerlik vanselfsprekend is – en teen hierdie tyd afgelei kan word – moet dit nogtans geboekstaaf word: hierdie studie se uitgangspunt is die Woord van God. Dit beteken nie dat die Bybel 'n volledige of wetenskaplike handboek is wat alles oor die pastorale begeleiding te sê het nie. Dit beteken wel dat dit aansluit by die volgende stelling: “... mense benodig normatiewiteit” (Louw 1999:19). Mense se vermoëns om tot volwasse persone te ontwikkel benodig 'n norm buite hulself. Die belewenis en siening van die individu kan nie tot volle potensiaal lei nie. In die lewensprosesse van mense “... the necessity of Revelation (or Divine Information) should never be underestimated for a fuller understanding of human formation ...” (Muto 2011:94).

Daar sal altyd teruggegaan word na die Woord van God as normerende beginsel. Dit veronderstel dat in die Skrif genoeg kennis te kry is om die inhoud van hierdie studie se rigting en waarde te beoordeel: “The primary determinant of our understanding of Christian action (moral and pastoral) is properly the gospel of God proclaimed and embodied in Jesus Christ” (Atkinson et al 1995:3). Die inkarnasie van Jesus as Woord gee ons die reg om die Skrif te sien as 'n spreke van Mens tot dié mens wat sy pyn en lyding in lewe wil integreer sodat ware lewe plaasvind.

Selfs die eskatologiese beloftes wat die Christen uitsluitlik in die Woord vind, help ons om sin te vind in wat ons elke dag doen (Conradie 2006:14). Ook die waarhede omtrent die verborge dinge na hierdie lewe sal gesien en gebruik word as normerend en vormend vir die lewe van die hier en nou.

1.8.2 Begeleiding

Die woord begeleiding, wat in die hipotese-stelling gebruik word, sal as versamelnaam vir terme soos terapie, hulp, berading, versorging, ensovoorts benut word. Hierdie terme sal as wissel terme gebruik word. Die betekenisinhoud van hierdie terme kom neer op (Louw 1999:27-28):

- die vertroostende en hulpverlenende effek van God se bemagtigende en transformerende teenwoordigheid deur sy Heilige Gees in die wêreld;
- die heil (vrede, genade, heelmaking, verlossing en versoening) as God se bevrydingsdaad in mense se lewens;
- die interaksie, kommunikasie en dialoog binne die verbondmatige pastorale ontmoeting; asook die helpende verhouding waar terapeutiese heling, verandering en groei uitvloeit na kommunikasie van die evangelie.

Die middel van pastorale begeleiding (Atkinson et al 1995:79-80) is:

- Profeties: Die dubbele opdrag van die profeet was om te waarsku teen persoonlike en gemeenskaplike oordeel van God, maar aan die ander kant die gee van beloftes van opbou, restourasie en hernuwing. Hier gaan dit dus oor 'n kerugmatiese benadering.
- Herderlik: Die pastoraat volgens die herderlike model is intiem, betroubaar, selfopofferend, leidinggewend, beskermend en versorgend. Dit staan met ander woorde in die gees van die Parakleet wat kom bemoedig, versorg, lei en troos.
- Priesterlik: Volgens die tradisie van die Leviete in die Ou Testament en die priesterlike werk van Jesus in (veral) Hebreërs in die Nuwe Testament is pastorale begeleiding bemiddeling. Bemiddeling tussen Jesus – die Geneser – en die medegelowige – in nood. Dit is dus die pastor wat nie self iets kan doen nie, maar die proses tussen God en mens fasiliteer – waar God, met die samewerking van pastor en gelowige, die genesing bring.
- Helend: Die Here God is die hoogste Geneesheer. Ons sien dit in Jesus wat mense se lewens kom aanraak en op alle vlakke heling bring. Die doel van pastorale begeleiding is daarom om heelheid op liggaamlike, geestelike en godsdienstige vlak te bring. Die krag van God se genesing vind plaas waar God se mense mekaar begelei.

Die begeleidingsproses is dus 'n pelgrimspad waar twee persone saam na antwoorde by God soek vir heelheid in die lewe. Die persoon wat met mense op pad gaan, kan dan die volgende genoem word: pastor, begeleier, herder, helper, terapeut, versorger, vriend, ensovoorts. Hy is die een wat fasiliteer. Dit beteken nie dat hy gesonder is en al die antwoorde het nie. Hy het kennis van prosesse, het meer afstand van die probleem en kan daarom beter vrae vra. Dit sluit nie uit dat die pastor soms 'n groter leidende rol sal speel nie – veral aan die begin. Die persoon wat kom hulp soek, het aan die begin van 'n krisis 'n groter verlies aan kontrole en moet meer ondersteun word (Hunter 1990:246). Dit lê dus op die vlak van Galasiërs 6:2 waar mekaar se laste gedra word as dié manier waarop uitvoering

aan die wet van Christus gegee word. Hierdie begeleiding begin met 'n krisis en eindig wanneer die krisis 'n bron en inspirasie tot 'n bediening en roeping geword het. Begeleiding het dus te make met dissipelmaking. Dit staan in die tradisie van 'n geestelike mentor.

1.8.3 Diens

Alhoewel die saak van diens breedvoerig in hoofstuk 2 aangespreek sal word, word kortliks 'n uitgangspunt vir diens gestel soos saamgevat in die volgende aanhaling van Karl Barth soos aangehaal en vertaal deur Peterson (2000:60):

“In general terms, service is a willing, working and doing in which a person acts not according to his own purposes or plans but with a view to the purpose of another person and according to the need, disposition, and direction of others. It is an act whose freedom is limited and determined by the other's freedom, an act whose glory becomes increasingly greater to the extent that the doer is not concerned about his own glory but about the glory of the other. ... it is ministerium Verbi divini, which means, literally, 'a servant's attendance on the divine Word.' The expression 'attendance' may call to mind the fact that the New Testament concept of diakonos originally meant 'a waiter.' [We] must wait upon the high majesty of the divine Word, which is God himself as He speaks in his action.”

Unieke diens is dus 'n persoonlike oortuiging dat die persoon wat diens gee 'n rol te vervul het wat ten bate van God en ander is. Verder is dit iets wat gewillig en uit eie oortuiging aangepak word. Maar dit is ook iets spesifiek wat deur die verhouding tussen die dienaar se lewe en die nood van ander gedefinieer word. Die uniekheid van die diens lê dus daarin dat elke mens se diensbaarheid deur sy persoonlikheid en (veral) lewensomstandighede bepaal word. Daarom is elke mens se diens anders as alle ander mense s'n. In die begeleidingsproses word hierdie lewensomstandighede ondersoek. Dit word in verband gebring met elkeen se belewenis, persoonlikheid, agtergrond, ensameer en dan in verband gebring met die individu se antwoord op God se stem wat hy persoonlik in en deur die krisis hoor. Die begeleier of pastor fasiliteer hierdie intieme en privaat proses.

Begrippe wat dieselfde as diens beteken (en selfs as wisselwoorde gebruik sal word), is:

1.8.3.1 Roeping (tot lewensdoel)

Die benadering word onderskei – nie geskei – van 'n ken jou gawe- en ontdek jou lewensdoel mentaliteit. Dit gaan nie oor 'n paar interessante ontdekkings wat ek oor myself maak of oor

'n selfvervullingskursus nie. Die vraag is: watter lewensdoel het God vir my as ek na myself en my lewensomstandighede kyk? Dit gaan nie in hierdie studie oor selfaktualisering (in die eerste plek) nie. Inteendeel, laasgenoemde is 'n proses waar die mens in die kern kan staan en sy sin en betekenis ontdek. Dit gaan eerder oor die saak van selfopoffering (2 Kor 5:15). Dit is nie 'n negatiewe daad nie, maar die soeke na 'n nuwe identiteit in Christus wat ware lewe gee. Matteus 16:26 spel dit verder uit dat die lewe verkry word wanneer dit vir Christus verloor word.

Abrami (2011:207) gebruik Martin Buber se siening om aan te toon dat hierdie nuwe identiteit uniek is aan elke persoon wat ooit geleef het: "Every single man is a new thing in the world, and is called upon to fulfill his particularity in this world." Almal het dus 'n spesifieke en unieke lewensdoel wat tot vervulling gebring moet word. Abrami (2011:212) stel verder dat Victor Frankl sê dat dit nie genoeg is om roeping net as filosofiese doktrine te onderskryf nie, maar dit moet uitgeleef word.

Daarom is roeping 'n vorm van diensbaarheid. Roeping het 'n diakoniese kant in mense se lewe waartoe God hulle roep om sinvol te lewe. Hier val die ondersoek dus volledig in die veld van die Heidelbergse Kategismus Sondag 1 vraag en antwoord 2: "*Vraag* Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te lewe en sterwe? *Antw* Drie dinge: eerstens, hoe groot my sonde en ellende is; tweedens, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en derdens, hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees" (Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:185).

Dit gaan in diens oor die etiese roeping om in dankbaarheid te lewe en dit bring die saligheid in lewe en sterwe. Diens het dus eksistensiële en eskatologiese waarde. Diens is 'n Bybelse oproep aan die mens om homself as lewende en heilige offer op grond van die groot ontferminge van God aan God te gee (Rm 12:1). Dit is ware lewe in die hier en nou, maar word geleef met die oog op die ewigheid.

Met die woord diens word dus nie van die mens 'n slaaf van werk gemaak nie. Hierdie beskouing ontmens die mens en reduceer lewe tot diens en doen. Diens word gesien in die lig van die spreuk (deur sommige instansies/skole gebruik om te motiveer): Arbeid adel. Diens veredel die mens en gee juis waarde. Daar word bedoel: die ontdekking van 'n sinvolle bestaan in en deur alle lewensomstandighede.

Deur pastorale begeleiding ontdek die persoon wat vir hulp gekom het dat sy lewensomstandighede 'n vormende rol het sodat die beeld van God meer na vore kan kom. Dit is ware menswees.

1.8.3.2 Dissipelskap

Alhoewel diens meer as dissipelskap veronderstel, is dissipelskap die grondslag van diens. Diens – soos dissipelskap – is nóg mensgemaak nóg 'n lukrake manier van lewe. Dit is die navolging van 'n Persoon – Christus Jesus – en sy leerstellinge oor ware lewe.

Hier word bedoel: “His commandment never seeks to destroy life, but to foster, strengthen and heal it” (Bonhoeffer 1995:37). Diens is 'n gewillige en blymoedige manier van lewe voor God wat helend op lewe inwerk.

1.8.3.3 Apostelskap

Die saak wat in hierdie studie wesenlik ondersoek word, het apostelskap in die oog. Apostelskap veronderstel dissipelskap, meer nog: dit hang saam met die gedagte van *missio Dei* en wys op die gestuurdheid van mense na buite.

Die begrip apostel in die Nuwe Testament moet nie verklaar word uit die Griekse spraakgebruik (bode, gesant) nie, maar is die vertaling van die Hebreeuse *shaliach* wat verstaan kan word as die outorisasie tot 'n bepaalde opdrag. Die apostel is 'n verteenwoordiger wat met verantwoordelikheid en volmag optree, volgens die reël van die Talmoed (Brown 1976:127). Vir hierdie studie beteken dit dat gelowiges se lewensgeskiedenis en -omstandighede – soos deur God bepaal – hulle outoriteit gee om as 'n verteenwoordiger en gevolmagtigde op te tree. Hulle is gevolmagtigdes van die omstandighede waardeur hulle gaan en hulle kan bedien as mense wat van “meer as hoorsê” (Job 42:5) praat.

1.8.4 Heel of oorvloedig

Daar mag by sommige sienings 'n onderskeid tussen heling en genesing gemaak word (Müller en Putter 2006:120). Heling word dan as iets meer as genesing beskou:

- 'n proses teenoor 'n kitsoplossing,
- 'n manier van dink teenoor die ontslae raak van 'n siektetoestand,
- fokus op die mens as geheel teenoor fokus op die liggaam,
- ervaring van heelheid teenoor afwesigheid van siekte, ensovoorts.

Hierdie studie sal heling en genesing as wissel terme gebruik as 'n woord wat Bybelse gesondheid beskryf. In beide gebruike sal meer as fisiese gesondheid veronderstel word. Dit dui op 'n lewe wat oorvloedig leef. Daar word nie slegs 'n lewe van welvaart en voorspoed bedoel nie, maar 'n vitale en betekenisvolle lewe ten spyte van die omstandighede en aard van lewe self. Dit is daardie lewe wat kan uitdeel en gee omdat alle lewe geïntegreer is tot 'n lewe van diensbaarheid aan God, mekaar, die self en die omgewing. Daarom is dit 'n lewe soos Jesus – die “Seun van die Mens” – wat nie gekom het om gedien te word nie, maar ter wille van ander bestaan het omdat sy lewe heel en geïntegreerd was (Mt 20:28).

Die keuse van die woord “heel” veronderstel dat daar iets in 'n persoon ontbreek of stukkend of siek is. In die pastorale begeleiding word na 'n lewe gemik wat beskryf kan word as heel. Dit word nie bedoel dat hierdie toestand in hierdie bedeling volledig bereik sal word nie. Daar word egter gehoop dat – deur 'n pastorale proses – 'n gesonde lewe wel moontlik is omdat God dit wil.

Die agtergrond van hierdie redenasie is Johannes 8:44 waar aanvaar word dat die duiwel mense kan bedrieg om verkeerd te leef. Daar word aanvaar dat daar 'n vader van die leuen is wat lieg oor waar ware lewe te vinde is. Die navorsing veronderstel hiermee ook die persoonlike bestaan van die Satan en sy bose magte wat aan die werk is om mense te vermoor. Maar sy rol sal nie oorspeel word of alles aan hom toegesê word nie. Daarom is die daarstelling van 'n visie van 'n gesonde en oorvloedige lewe veel belangriker as die stilstaan by 'n satanologie.

Daar word wel oor die mens aanvaar dat “[I]n hierdie deurmekaar wêreld soek mense die versekering van God se nabyheid en betroubaarheid” (De Beer 2009:36). 'n Heel en gesonde lewe is dus net moontlik as die mens rus vind by God. Hier word gedink aan die bekende uitspraak van Augustinus: “U het ons vir Uself gemaak, o God, en ons hart bly onrustig tot dit rus vind in U” (Smit 2008:478).

Wat bedoel word met 'n oorvloedige of heel lewe, kan in die volgende begrippe verstaan word:

1.8.4.1 Lewe

Kwaliteit van lewe word gesien as iets wat bo die liggaamlike alleen uitstyg. Hiermee word die fisiese en liggaamlike nie onderspeel nie. Intendeel, liggaam, siel en gees speel kwalitatief op mekaar in. Die navorsing wil egter aandui dat daar ook 'n hoër roeping is wat die fisiese en liggaamlike omstandighede kan transendeer sodat ware en volle lewe moontlik

is, ten spyte van die “skepping wat sug in die pyne van verwagting” (Rm 8:22). ’n Belangrike gesigspunt van hierdie studie is Deuteronomium 8:3 waar gesien word dat God sekere negatiewe omstandighede stel sodat geleer kan word dat daar ’n leefwyse is wat dieper is. Ook Jesus haal dit in Matteus 4:4 aan as ’n antwoord op die versoeking van die Satan om die pad van lyding en diens te omseil.

Lewe is dus die bestaan op verskeie vlakke. Dit is egter ons geestelike reaksie op die eksterne lewensgebeure wat die kwaliteit van lewe bepaal. Daarom bid Paulus (vir die gelowiges in Efese) dat hulle “innerlik sterk” (Ef 3:16) sal wees. Dit herinner aan ’n duikboot wat diep onder die see kalmte en vrede ervaar – al woed storms op die oppervlakte.

Pastoraat wil die nuwe lewe in mense se lewe werklik maak (Janse van Rensburg 1996:156) – deur die ondersoek van lewensgebeure en implementering van insigte. Daarom is *metanoia* ’n belangrike saak vir die pastorale gesprek sodat die mens hom wegkeer van die verlede en toekeer na die toekoms (Louw 1993:59). Integrasie van lewensgebeure soos pyn en lyding tot heelheid is mikpunte van verandering.

1.8.4.2 Gesondheid

Gesondheid is nie die afwesigheid van (fisiese) siekte nie. Dit minimaliseer die beskrywing van gesondheid. ’n Gesonde mens is daardie persoon wat sy lewensomstandighede kan hanteer en die beste maak van wat die lewe vir hom of haar uitdeel. Normale lewe is dus nie die afwesigheid van fisiese of geestelike probleme nie, maar eerder ’n persoon wat die volgende vertoon: aktiewe aanpassing, ’n geïntegreerde persoonlikheid en onversteurde waarneming. Gesonde mense is hulle wat die son én skaduwee van die lewe effektief hanteer (Hunter 1990:504). Een van die kerntake van pastoraat is dus om mense te help om geestelike genesing en groei te ervaar (Clinebell 1984:103).

Volgens Wilkinson (1980:3-7) is gesondheid in die Ou Testament:

- ’n staat van heelheid (“wholeness”) wat die mens die belewenis van onverdeeltheid gee – shalom;
- ’n etiese saak – gehoorsaamheid aan God maak gesond;
- aan sy geestelike kant ’n lewende verhouding met God – die inhoud van die verhouding vra ’n regverdige lewe soos dié van Noag, Abraham, Josef, Moses en ander en
- ook ’n fisiese kant en dit manifesteer in krag en ’n lang lewe.

In die Nuwe Testament is gesondheid – soos deur Jesus personifieer (Wilkinson 1980:13-16):

- lewe – ’n lewe saam met God, want “[T]he life of man apart from God is mere existence and duration”;
- geseënd wees – ware lewe word deur Jesus Christus aan mense aangebied en wie reageer, kan ’n gesonde lewe hê;
- heelheid – gesonde bestaan hang saam met liggaam, siel en gees (die hele mens) en
- volwassenheid – om jou doel te vervul.

1.8.4.3 Shalōm

Die woord “vrede” word gekies omdat die inhoudsbetekenis van “shalōm” in die Ou Testament die gesonde en volwasse lewe beskryf. Die vraag sal gevra word oor hoe diensbaarheid hierdie shalōm-toestande kan stel of herstel? In woord nommer 7965 (מורלש/shalōm) van die Enhanced Strong’s Lexicon (1995:elektroniese weergawe) word toestande gelys waarna en waartoe in mense se lewens begelei sal word: “peace, well, welfare, prosperity, safe, health, peaceable, completeness, soundness, quiet, tranquility, contentment, happy, friendly, familiar, favor, rest, salute, wholly”. Die ontdekking van diens in en deur onvredige lewensomstandighede – word geredeneer – sal bydra om hierdie lewenskwaliteite in mense se lewe te bevorder.

Daar sal argumenteer word dat Jesus in die Nuwe Testament hierdie toestand van vrede as die koninkryk van God of koninkryk van die hemele kom aankondig het. Sy koms het die koninkryk van God naby gebring en dit is goeie nuus as mense omdraai of bekeer sodat hulle lewens koninkryksbeginsels reflekteer (Mk 1:15). Dit gee ons die reg om ook uit die Nuwe Testament die koninkryk van God as vertrekpunt vir ware lewe te neem. ’n Mens sou verder ook kon sê dat hierdie studie wil ondersoek wat die praktyk van die woorde van Jesus is dat diewe “steel”, maar dat Hy gekom het sodat mense die lewe “in oorvloed” kan hê (Jh 10:10). Daar word dus aanvaar dat God ’n gesonde en geseënde lewe vir mense begeer, maar dat gedeeltes daarvan gesteel kan word deur die verkeerde hantering van lewensomstandighede en onvrede gevolglik intree. Die vraag wat ondersoek word, is wat die rol van diensbaarheid is om hierdie onvervulde, gebroke of sinlose lewe terug te vind.

Die toestand waarna in pastorale begeleiding gestreef word, word dus beskryf deur die woord “shalōm”. Alhoewel dit baie in die Ou Testament met die woord “vrede” beskryf word, is dit nié die afwesigheid van konflik nie. “Essentially ... , shalōm means wholeness, well-

being, vigour and vitality in all dimensions of life” (Atkinson et al 1995:89). 'n Gesonde lewe is met ander woorde om die koninkryk van God uit te lewe wat 'n toestand van vrede sal bring. Anders gestel is dit 'n lewe van “... *Coram Deo*: ‘Voor die aangesig van God, in die teenwoordigheid van God’; dis waar Christene leer wie hulle is en hoe hulle moet leef” (Deist 1996:5).

Om op te som: Die grond van 'n oorvloedige lewe is die woord *hólos*: *om heel of bymekaar te hou*. Die doel van pastoraat is om mense se lewens bymekaar te hou met God, medemens en hulself (Hunter 1990:743). Dit beskryf nie 'n lewe sonder probleme nie, maar 'n leefwyse wat bymekaar is ten spyte van die aanvegtinge van die lewe. Daarom sluit dit aan by die genesings van Jesus as teken van “... the *shalom* associated with the coming of God's reign” (Edwards 2010:19). Die pastor beweeg saam met die persoon met pyn en sy omstandighede as moontlikhede om te groei na die beeld van God – op geestelike, liggaamlike en sielsvlak. Dit gaan oor 'n holistiese of heel bestaan. Dit is 'n lewe waarvan die onderafdelings bymekaar is en derhalwe oorvloedig kan wees.

1.8.5 Lewensomstandighede en pyn

Daar word aanvaar dat een of ander vorm van pyn en lyding deel van lewe is. Die rehabilitasie van die gevolge hiervan lê dan juis in die gedagte dat dit vormend is tot 'n lewe van diens of roeping. Daar kan gepraat word van die rehabilitasie van en deur roeping. Die saak van vrye wil of keuse speel hierop in. Die mens het 'n keuse hoe hy op lewensomstandighede reageer. Alhoewel daar baie benaderings van God se rol (teodisee) in lewe is (Murray en Rea 2008:54-63), word aanvaar dat die mens nie uitgelewer is daaraan nie, maar juis deur sy keuses of respons daarop kan groei in ware lewe van shalom.

Alle persone se lewensbalans word een of ander stadium versteur. Dit is die gemene deler van mense. Die wyse waarop die hanteer word – en begelei word – verskil egter en heling kan plaasvind of verdieping meebring. Die studie wil aantoon hoe die persoon wie se lewe versteur word, heling sal vind indien hy in gedagte hou dat hierdie omstandighede wat balans versteur het juis aanleiding kan gee tot 'n lewe van diens en gepaardgaande verdieping in die volheid van die lewe.

Romeine 8:28 is dus 'n kernteks vir hierdie studie as dit sê dat God “alles” ten goede laat meewerk. Lewensomstandighede en -pyn is altyd vir God moontlikhede tot groei. Niks in God se skepping word vermors nie. Hy gebruik alles om ons te vorm. Die doel is die beeld van Jesus Christus (Rm 8:29). Die dinge wat met mense gebeur, word deur die Vader gebruik om ons te vorm tot die beeld van Sy Seun. Die doel van die lewe is dus nie 'n

selfsugtige aktualisering van die self of 'n ewige paradys nie, maar om soos Jesus te word – die ware diensbare Mens. Dit bring 'n gesonde en vervulde lewe.

Die spesifieke lewensomstandighede waarin die individu leef, vorm 'n karakter wat uniek aan daardie persoon is. 'n Sinvolle en volwasse lewe vind plaas in dié mate waarin persoonlike omstandighede en lewe geïntegreer word. Daarom bly dit 'n keuse hoe om die lewensloop te gebruik tot volwassenheid en 'n betekenisvolle bestaan – 'n geseënde of salige of gelukkige of gesonde lewe. Die verkeerde hantering van pyn lei na siekte en die regte hantering – van dieselfde pyn – lei na genesing en groei!

Hierdie studie wil aanvoer dat die gebruikmaking – eerder as aanvaarding of opstand – van lewensomstandighede en -pyn genesing daarvan sal bring.

1.8.6 Ontdekking en implementering

Pastoraat is meer as die ontdekking van wat probleme is. Dit is eers wanneer die unieke diensbaarheid (wat ontdek is vanuit die lyding en pyn) implementeer word, dat heling plaasvind. Die proses is een van ontdek en toepas, kennis én met vertrouwe leef – 'n geloofsproses in teenwoordigheid van God saam met die berader wat begelei en ondersteun tot 'n diensbare lewe van vervulling en shalom.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 24 is hier ter sprake. “Dit is ... onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem “'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan’ (Gal 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het” en “[T]og wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon” (Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1988:170-171).

Daarom is pastorale versorging in die eerste en laaste instansie “... about the enfleshment and embodiment of the engagement of God with life issues in such a way that concrete actions of comfort, change, liberation and transformation take place” (Louw 2008:74).

1.9 SKEDULERING

Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering, doelstellings en doelwitte.

Hoofstuk 2: 'n Christelik-Bybelse antropologie van die mens as diensbare wese word gestel.

Hoofstuk 3: Die genesende rol van diensbaarheid in heling en groei na volheidslewe word ondersoek.

Hoofstuk 4: Die rol van God – die Vader, Seun en Heilige Gees – word ondersoek in terme van diens. Die Vader gebruik alle omstandighede om die mens ten goede te vorm. Die Seun het diensbare lewe vertoon en gered tot diensbaarheid. Die Heilige Gees bekragtig tot lewe van diens en volheid.

Hoofstuk 5: Benaderingswyses waardeur in die verlede gepoog is en tans benut word om lewensgebeure aan te spreek vir genesing word ondersoek en bespreek. Hier gaan dit oor die moontlike wyses waarop in (pastorale) begeleiding diens as genesing van lewensingryping geïmplimenteer kan word.

Hoofstuk 6: Beskrywing van die empiriese navorsing en bevindinge word hier gedoen.

Hoofstuk 7: Gevolgtrekkings, veralgemenings en aanbevelings van die ondersoek word geboekstaaf.

HOOFSTUK 2

'N BYBELS-CHRISTELIKE BESKOUIJING VAN DIE MENS AS DIENAAR

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n teologiese siening van die mens gestel. Dit sal egter nie 'n algemene mensbeskouing wees nie – daarvoor is genoeg gedink en beskryf. Daar wil gefokus word op die spesifieke betekenis en faset van die *dienaar*-beeld van God. Dit sal dan die onderbou van die res van die verhandeling se ontwikkeling vorm.

In die volgende hoofstuk sal dan nagevors word hoe hierdie beeld verderf het en hoe heling moontlik deur diens kan plaasvind. Die hoofstuk daarna sal poog om die invloed van lewensgebeure – veral lydingsgebeure – op die gesonde bestaan van die *dienaars* te ondersoek. Daarna sal 'n hoofstuk gewy word aan merkers op die pastorale beradingspad om diens as genesingsfasiliteit op lewensuitdagings te ondersoek. Vervolgens sal 'n empiriese ondersoek aandag kry. In die slothoofstuk sal aanbevelings gedoen word.

Om die mens as dienaar en sy diens te beskryf, word afleidings uit die beeld van God gemaak. Om by die skopus van die studie uit te kom, moet gevra word: Kan *dienaar/diens* dieselfde vir beeld van God doen as wat beeld van God vir die verstaan aangaande menslike bestaan doen? Anders gestel: is die mens as dienaar en sy diens 'n sleutelbegrip in die etimologiese beskrywing van beeld van God?

Die mens word dus as beeld van God gesien.

Ter wille van volledigheid, en die moontlikheid dat dit nie algemeen aanvaar word nie, word nou eers enkele redes genoem waarom die beeld van God steeds in die beskrywing en hantering van menswees die vertrekpunt is.

2.2 LEGITIMERING OM IMAGO DEI AS VERTREKPOINT VIR MENSWEES TE NEEM

2.2.1 Die Bybel self neem die beeld van God as uitgangspunt vir menslike lewe

Eerstens word dit in Genesis op drie plekke pertinent genoem dat die mens die beeld van God is: Genesis 1:26-27, 5:1 en 9:6. Dit is dus 'n Bybelse vertrekpunt van menswees.

Verder is dit nie slegs Genesis wat die beeld van God neem om die mens te begrond nie. Ook ander beelde en optredes van God in die res van die Ou Testament word konstituerend op menslike optrede toegepas.

Kysar (1991:9) noem as voorbeeld die Eksodus-beeld en -optrede van God. Min studente van die geskiedenis van Israel sal ontken dat die eksodus uit Egipte die mense van God definieer. Hy vervolg dat dit aansluit by 'n ander toepassing in beide Ou en Nuwe Testament wat gebruik word, naamlik die gebruikmaking van God se heiligheid om mense op te roep tot heilige lewe (Lv 11:44, 19:2, 20:7, 21:8; Ef 4:24; 1 Pt 1:15,16). Hierdie beginsel – om God se beeld en handeling as motivering vir menslike gedrag te neem – word met ander woorde in die hele Skrif aanvaar. Die mens en sy optrede word in die hele openbaring in die Ou Testament blatant én onderliggend met die beeld van God in verband gebring.

Daar moet gelet word op die feit dat die beeld in dinamiese sin verstaan moet word. Dit is nie 'n foto of afbeelding nie, maar 'n eksistensiële beeld in terme van gedrag en aksie. Dit is dus God se handeling wat beeldvorming in die *lewe en gedrag* van die mens vind.

Ook in die Nuwe Testament word gewoon aanvaar dat mens die beeld van God is. Dit word op vier plekke by name genoem: Handeling 17:28, 1 Korintiërs 11:7; 15:47-49, Kolosense 3:10 en Jakobus 3:9. Die saak van beeldskap vind sy kern in die gedagte dat Jesus die beeld van God as openbaring kom vertoon: 2 Korintiërs 4:4-6; Kolosense 1:15,19, 2:9 (König 1991:30-31).

Die Nuwe Testament sit net voort wat die Ou Testament doen en dit gee ons daarom die reg om ook uit die Nuwe Testament – en daarom die hele Skrif – af te lei wie die mens as beeld van God is.

2.2.2 Kontemporêre beskrywings van menswees neem steeds God se beeld as uitgangspunt

Vlahos (1999:89) neem die *imago Dei* as uitgangspunt in 'n artikel oor pastoraat vir die 21^{ste} eeu: “The preparation for the *future century* is related to man’s basic ontology, i.e. how and for what he was created and how he lives in the era after the fall. More specifically: Man was created in God’s image and likeness.” Wat hier belangrik is, is eerstens die feit dat die (onbekende) toekoms gebou word op iets wat reeds bekend is, naamlik die beeld van God. Verder is dit 'n seker norm buite die mens – en nie 'n subjektiewe ervaring of belewenis nie – wat sy lewe rig en lei. Derdens is dit belangrik om te let dat in menslike gedrag die beeld

verlore gegaan het, maar die beeld self is steeds in die mens. Dit is gedrag wat moet reformeer sodat gesonde beeldvorming weer kan bestaan.

Cochran (2009:403) noem dat die beeld van God ons steeds in staat stel om weer deel van God se goedheid te word. Die imago Dei beskryf dus hoe sondige mense 'n beeld kan nastrewe wat stukkende lewe kan heel na die oorspronklike doel wat God daarmee gehad het.

In 'n onlangse artikel (Sands 2010:28) word by name genoem dat die imago Dei as beskrywingsgrond vandag algemeen aanvaar word: "Christian theologians agree that human beings are defined by their creation 'in the image of God'."

2.2.3 Pastoraal-terapeutiese handeling gebruik die beeld van God as norm

Entwistle en Moroney (2011:299) noem dat die beeld van God 'n positiewe benadering in sielkunde verteenwoordig, want die imago is "... built into the fabric of creation."

Pastorale benaderings wat die beeld van God as vorming gebruik, is in besit van 'n kragtige gebruiksmiddel om mense te vorm. "The most commanding force in our lives – shaping the way we live and the distribution of our energies – is our concept of God" (Kysar 1991:7). Daarom is die beeld van God as voorbeeld van ware menswees eksistensiële belangrik oor wie die mens is, of behoort te wees. Ons belewenisse word deur ons beelde georden (Gerkin 1989:19). Imago Dei word 'n bril waardeur ons ons omgewing en gebeure verwerk. Die landskap waarbinne ons leef word gevorm deur "... God-images. Our understanding of God directly influences our understanding of ourselves and others" (Louw 2005a:5-6). Die beeld van God word dus gebruik om sy gedrag te normeer en te verander.

Gibson (2009:58) haal vir Aristoteles aan wat sê: "The soul never thinks without an image." Hy noem dat die beeld van God ons kan help om lyding te hanteer sodat dit ons gesond transformeer en nie vernietig word nie (Gibson 2009:62). Dit veronderstel dat die beeld van God 'n toepassingsmoontlikheid het in pastorale hulpverlening wat met lyding werk. Die beeld van God help Christene om in 'n wêreld met wreedheid en pyn op God se beeld te fokus en die mooi te ervaar. Dit "... empower us to live out our faith in God in the midst of powers that compete for our allegiance" (Krause 2005:367).

Dit blyk dus dat dit intrinsiek van die mens is om beeldvormig te dink en kan aanvaar word dat die beeld van God 'n positiewe rol sal speel in berading aan mense met 'n krisis of

probleem. Dit is dus die mate waarin berading daarin kan slaag om gedrag in ooreenstemming met die imago Dei te bring wat genesing na vore kan laat kom.

Dit is ook nie moeilik om die beeld van God in pastorale gespreksvoering te fasiliteer nie omdat "... all lines lead to the person's God, and thus all associations are orientated in some way in that direction" (Armistead 1995:124). Die mens is en bly dus 'n wese met religieuse ondertone. Omdat hierdie studie oor die geestelik-godsdienstige begeleiding gaan, is dit des te meer waar.

Slotsom: Die Bybel gebruik die begrip "beeld van God" om menslike lewe te beskryf, dit word steeds vandag gebruik as norm vir gesonde menslike lewe en dit is 'n hulp om lewensomstandighede te hanteer.

Die vraag is nou wat die rol van diens spesifiek in hierdie beeld van God speel?

2.3 PERSPEKTIEWE OP DIENS WAT AFGELEI WORD VANUIT DIE DENKWYSE DAT DIE MENS BEELD VAN GOD EN SY OPTREDE IS

Uit bogenoemde paragrawe word afgelei dat menswees nie los van die Godsbeeld van die Ou Testament asook die mensbeeld van Jesus in die Nuwe Testament staan nie. Die reg hiertoe word gevind in Hebreërs 2:9 wat aandui dat Jesus die beeld van God kom vertoon het. Ons kan nie alles van God verstaan nie, "[B]ut we see Jesus. That will have to do. I think that is enough" (Berry en Jeeves 2008:38).

Die beeld van God en voorbeeld van Jesus word nou as konsep of prent van diens gestel. Hieruit word teologiese lyne vir diens gekonkludeer waarmee pastorale berading rekening behoort te hou.

2.3.1 Verhoudingsperspektief op diens

2.3.1.1 God bestaan relasioneel

Om in verhoudings te bestaan is 'n wesenlike afleiding wanneer die mens as beeld van God begrond word: "The contemporary focus of theological thinking is that the *imago Dei* shows itself in our capacity to relatedness: to our Creator, to one another and to the creation of which we have been made stewards" (Berry en Jeeves 2008:37). Daarom kan die mens nie buite verhoudings bestaan nie en is menswees per definisie saamwees – met God, mekaar en die wêreld (O'Collins 2007:24).

Die rede is dat God wesenlik en intrinsiek relasioneel is – Vader, Seun en Gees. Hy is ook God van mense en – deur Jesus Christus – Here van die kerk. Verder vorm Hy 'n kerk om die wêreld te bereik (König 1991:11). Hieruit word afgelei dat God se bestaan gekenmerk word deur interaksie met Homself – verhouding met die *self*. Hierdie interne aksie loop uit op 'n soeke na verhoudings met ander soos Hy – verhouding met *mekaar*. Maar dié twee bewegings het 'n bestaansrede wat behoort uit te loop op diens aan die wêreld se mense – verhouding met *ander*.

Hierdie verhoudingsbestaan is egter nie slegs 'n status nie. Daarom noem Entwistle en Moroney (2011:299) dat elke mens plek moet maak vir die implikasies van meersaamheid in sy lewe. Met ander woorde, die oomblik as daar relasie tussen persone of sake bestaan, roep dit die aksie van handeling op. As daar nie 'n aktiewe diens van die verhouding bestaan nie, is dit dood – nie 'n verhouding nie.

2.3.1.2 Die inhoud van verhoudingsbestaan

Die verhoudingslewe van die mens kan in vier rigtings onderskei word.

- In ons verhouding met God is dit 'n bestaan waar aan 'n persoonlike verhouding gebou word deur gehoorsaamheid of gods-*diens*. Die boodskap van die Bybel is duidelik: dit gaan om 'n persoonlike, eksistensiële verhouding met die lewende God, en 'n volledige gehoorsaamheid aan sy wil vir my lewe (Heyns 1982:438).
- Die inhoud van die verhoudings met mekaar en die medemens impliseer die karakter van God – liefde en genade (Louw 2005a:16-17).
- Ook in die verhouding met die self speel diensbaarheid 'n rol. Daarom is selfontplooiing 'n belangrike vorm van menslike bestaan. Nie in die vorm van 'n selfsugtige bestaan nie, maar só bevestig ons die werk van God se hande diensbaar in ons lewe (Heyns 1974:104-105). Wanneer mense hulle gawes en omstandighede aanwend en diensbaar stel, ontplooi menslike lewe dus soos 'n blom wat oopgaan en dit bring tevredenheid, geluk en dankbaarheid – elemente van die shalom van God in menslike lewe.
- Die mens staan ook in verhouding met en lewer van diens aan die wêreld. Menswees is in-die-wêreld-wees. Dit is 'n leefruimte en plek van diens wat herinner aan die skeppingsopdrag van heers en onderhoud. Arbeid is nie vreemd aan die wese van God nie en daarom maak arbeid en diens vir die mens sin, maar hy doen dit skeppend (Heyns 1974:11, 115). Omdat die mens in 'n skeppende verhouding

met die wêreld staan, vra dit dat hy in relasie met sy omgewing en gebeure tree deur dit diensbaar aan te wend tot voordeel van homself en sy medegeskapenes.

Jesus se bestaan as mens kom bevestig hierdie punt. Kysar (1991:54) toon aan dat die inkarnasie van Jesus die evangelie van Johannes (Jh 1:1-18) se manier is om te sê dat God met ons kom identifiseer. Hy is voorbeeld van 'n persoon wat diensbaar aan God, mense en die wêreld kom tree, maar Hy het ook 'n bepaalde verhouding met Homself. Ons sien dit in Sy lewe. Dit kan as volg beskryf word:

- In sy verhouding met Homself is Hy bewus van Wie Hy is en wat sy telos is. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Sy doel was om sy lewe as losprys vir mense te gee (Mt 20:28).
- Met God sien ons Hy weet dat en waartoe Hy deur die Vader geroep is. Hy het gekom om die Vader te verheerlik – en daarom moet sy dissipels dit ook doen (Jh 12:26-27).
- Met mense sien ons dat Hy aanvaar dat sy lewe diens aan mense moet vertoon. Met ander woorde: sy styl is doelgerig, maar nie ten koste van ander nie. Ook sy privaat lewe word opgeneem in diens aan die naaste. Daar is 'n prysgawe van die self. Niemand het groter liefde nie as dat hy sy lewe vir sy vriende aflê (Jh 15:13).
- Maar Jesus het ook kom wys op 'n diensbare verhouding met die wêreld. Sy timmermanswerk dui op harde werk as etos van sy lewe (Mk 6:3).

Daarom is dit geen wonder dat Jesus die wet opsom deur liefde tot God bo alles en liefde tot die naaste soos vir die self te stel nie (Mt 22:39). Hierin kom die verhouding tot God, ander en self duidelik ter sprake. Die opsomming van die wet is dus 'n begroning vir die diens- en verhoudingsbestaan van menswees.

2.3.1.3 De-individualisering van menswees

Die mens bestaan dus voor God, tussen ander mense en teenoor die wêreld. Dit maak hom intrinsiek 'n groepsweese. Pastorale versorging behoort hierdie groepsidentiteit van die mens as gesonde bestaan te fasiliteer. Dit vra daarom na 'n pastorale begeleiding van de-individualisering. Die mens as verhoudingsweese maak hom 'n ekklesiologiese wese, maar vandag is hy egter geïndividualiseer en 'n de-individualisering moet plaasvind (Russell 2003:169-174).

Dit beteken nie dat die mens nie ook privaat en individueel bestaan nie. Die bedoeling van 'n de-individualiserende pastoraat is om die oormatige klem op die individu (Russell 2003:174)

te deurbreek sodat die mens sy taak as dienaar kan ontdek. Die individuele belewenis en implikasies van 'n krisis of pynlike gebeure sal ook aandag moet ontvang. Maar die krisis se dienaarsroeping – wat juis genesing kan bring – moet ook uiteindelik verreken word vir 'n pastorale gesprek met diens as doelwit.

2.3.2 Perspektief van kreatiwiteit op diens

2.3.2.1 Die mens as medeskepper

Die Skrif leer dat God geskep het, daarom skep die mens ook (Heyns 1974:88). God word selfs 'n kunstenaar genoem en dit gee die mens die reg tot "... creative use of power which invites, evokes and permits" (Middleton 2005:74). Om skeppend te leef, is dus 'n uitnodiging tot volledige menswees.

"The creation of the God whose nature is love will not be a kind of cosmic puppet theatre in which the divine Puppet-Master pulls every string" (Polkinghorne en Beale 2009:15). God onttrek nie van sy skepping nie, maar is ook nie 'n programskrywer wat van die mens 'n breinlose rekenaar maak nie. Daarom skep die mens, maar nie *ex nihilo* nie. Hy kan nogtans kreatief omgaan met die gawes van die lewe – wat uit God se hand aan hom uitgedeel word.

Polkinghorne en Beale (2009:11) beweer dat daar 'n siening bestaan dat die mens gedetermineer word deur sogenaamde neurologiese prosesse en dit maak van hom 'n biologiese wese wat aan natuurprosesse uitgelewer is. Hulle noem dat dit on-Bybels is, want God is nie die Groot Ontwerper nie, maar 'n Vader wat skep. 'n Vader ontwerp nie mense nie. Hy gee liefde en 'n vrye wil om medeskeppers ("co-creators") te wees. Deur ons gewete of bewussyn ("voice") neem ons besluite onder beheer van die Heilige Gees. Daarom: "... 'genetic determinism' – in a sense that your genes inevitably determine your actions – is a nonsense that is not held by any serious scientists" (Polkinghorne en Beale 2009:57-78). Hulle toon aan dat die verskillende persoonlikhede van absolute identiese tweelinge bewys dat genetiese en neurologiese determinisme onwaar is. Mense reageer dus op lewensgebeure en ontwikkel uniek. Hulle is nie willose kanale waardeur die liefde van God vloei nie.

Die voorbeeld van Jesus onderstreep dit. Jesus het Homself gegee. Dit is uniek aan die godsdienste van die wêreld en deel van die *imago Dei* van die Christelike antropologie dat omstandighede gebruik word om ander te dien (Berry en Jeeves 2008:36). Christus het mense gedien met sy oë, hande, voete, ore en lewensomstandighede (Heyns 1974:143). So

moet die mens ook kreatief aanwend wat hy in terme van persoonlikheid en lewenservarings het.

O'Collins (2007:183) wys daarop dat Jesus se diens die styl en gesindheid aantoon. Hy het inisiatief geneem en nie gewag nie. Jesus het na ons uitbeweeg. Hy het dit bewustelik gedoen. Hieruit word gekonkludeer dat mense ook inisiatief moet neem en kreatief behoort uit te beweeg om lewe te skep vir hulleself, mekaar, God en die wêreld.

Die styl van Jesus se menswording of kreatiwiteit spreek boekdele. Dit is gans anders as die heerskappy van die wêreld: nie veroordeling nie, maar vryspraak; word nie gedien, maar dien; sit nie op die troon nie, maar by die voete van mense; dit werk met die mag van genade; dit besit versoenende krag; gehoorsaamheid tot die dood (Heyns 1974:139). Jesus se hele lewe is 'n offer as roeping op die sonde van die mens. Hy is priester en offer gelyk. Jesus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys vir ander te gee (Mk 10:45) (O'Collins 2007:162). Alles wat met Jesus gebeur het, was dus moontlikhede wat die doel van sy aardse bestaan bevorder het. Hy het dit kreatief aangewend om mense te dien en só sy lewensdoel bereik.

Mense kies dus om lief te hê en is nie willose en onpersoonlike poppe of dooie pype waardeur God se water vloei nie. Pastorale berading behoort mense te help verstaan dat hulle nie uitgelewer is aan omstandighede nie, maar behoort kreatief met die regte optrede op omstandighede in hulle lewe te reageer. Die liefdevolle God skep liefdevolle mense sodat hulle – soos Hy – kan liefhê, dien en uitreik.

2.3.2.2 'n Skepping vanuit chaos

Uit voorafgaande paragraaf is dit duidelik dat die mens nie net in ideale en goeie omstandighede dien nie. Die mens is priester-koning van die skepping wat die stukkendheid van die skepping na die Skepper bring en intree vir heling (Moritz 2009:138).

Die mens dien nie net liefdevol in goeie en voorspoedige tye nie, maar gebruik ook oomblikke van teenspoed om lewe te skep, want ook dit is beeld van God. Dit is JHWH wat die chaos in lewendgewende en -onderhoudende skepping omdraai; dit is JHWH wat die onvrugbare land geboorte laat gee aan duursame voorspoed; dit is JHWH wat die onvrugbare wildernis 'n plek van genoegsame brood maak; dit is JHWH wat spreek en die wêreld herontwerp in 'n plek van heelheid (Brueggeman 2006:47). Hieruit word afgelei dat die mens ook die chaos van sy lewe sinvol, teleologies en kreatief kan gebruik om te leef en te laat leef. Dit is die mens as imago Dei wat omstandighede bestuur dat dit ten goede

uitwerk. Daar moet egter gelet word dat hy dit as *beeld* doen. Die beeld van God bly die objektiewe model en hy kan net maar kreatief naboots.

Mense dien dus in goeie en slegte tye. Hy is beeld van iemand wat oorfloedig, vrygewend en versorgend is en daarom moet hy dit ook wees. Maar diens is meer as net die liefdevolle gee van dinge of sake in goeie en slegte tye. Een van die mees uitstaande kenmerke van God is dat Hy Homself gee (Berry en Jeeves 2008:32). Dit wat die mens is en ervaar, word dus maniere om te dien. Soos God hom geskep het en soos God met hom omgaan, word gebruiksmoontlikhede wat kreatief ingespan word om mens in volle sin te wees. Menslike bestaan is dus nie 'n bestaan vir estetika en dus sonder diensbare doel nie, maar juis die gebruikmaking van gawes, gebeure en sy persoonlike geskiedenis tot nuttige lewe. Die hele lewe is iets wat biddend, nadenkend en met wysheid tot diensbaarheid benut word. Die implikasies hiervan vir berading word in die volgende paragraaf afgelei.

2.3.2.3 Mense bestaan teleologies-hermeneuties

Kreatiewe bestaan is ook teleologiese bestaan. "This is exactly what the mechanics of the human soul is about. It is about understanding life, as a living space for purposeful existence" (Louw 2005a:1). Diens wat lewe gee, is dus 'n bestaan waar die mens denkend, bepland en skeppend leef sodat hy sy doel kan vervul. Dit kan as ewolusionerende of heiligmakende bestaan beskryf word. Veliyannoor (2009:345) haal vir Jung aan: "The structure and dynamics of the psyche: 'Life is teleology *par excellence*; it is the intrinsic striving towards a goal'." Die doel is Jesus Christus. Die feit dat ons beeld van God is, gee ons die potensiaal "to evolve towards the perfection of Christ." Omdat ontwikkeling of ewolusie deel van dinamiese lewe is, word lewensgebeure nie iets bedreigend nie, maar gebruiksmoontlikhede om in die huidige omstandighede en met die oog op die toekoms te groei na die volle beeld van God.

Elke persoon se persoonlike reaksie op omstandighede verskil. Daarom sal kreatiewe reaksie op lewensgebeure lei na 'n unieke diens vir elke mens.

Een van die maniere om 'n volwasse lewe te lei is om goeie werke te doen (Ef 2:8-10). Gereddenes is dankbaar vir verlossing en weet dat hulle ook geroep is tot goeie werke. Daarom verstaan volwasse mense hulle funksie. Hulle gebruik hulle talente om goeie werke te doen. Nie noodwendig groot dinge nie, maar die punt is: elkeen het 'n unieke kundigheid. Om dit te beoefen, is om volwassenheid te beleef. Daarom sê Cloud (1992:212, 249) dat elke persoon 'n unieke diens lewer wat net hy of sy kan doen.

Om lewensgebeure tot 'n (unieke) lewensdoel te laat ontwikkel, vra na sinvolle interpretasie daarvan of hermeneutiese omgaan daarmee. Osmer (2008:21-23) noem dat die mens 'n interpreterende wese is. Hy beskryf dan dat Praktiese Teologie as vak 'n hermeneutiese dimensie het wat uit sekere aspekte bestaan. Hierdie aspekte word nou pastoraal geïnterpreteer:

- Vooraf kennis bestaan. Die hanteringswyses in die verlede speel 'n rol in daaglikse lewe.
- 'n Gebeurtenis vind plaas wat die vooraf kennis uitdaag. 'n Probleem ontstaan dus wanneer vooraf kennis nie genoegsaam is om vredevolle lewe te volhou nie.
- Dialogiese wisselwerking vind nou plaas. Daar vind 'n gesprek tussen interpreteerders (pastor en hulpsoeker) en probleem plaas. Die interpreteerders vind mekaar onder andere wanneer priesterlike luister by wyse van wedersydse ondersteuning, sorg en opbou plaasvind (Osmer 2008:33).
- Samesmelting van horisonne gebeur. Die interpreteerders en probleemgebeure ontmoet mekaar en 'n antwoord word gevind. Beide interpreteerder en probleem dra hiertoe by.
- Toepassing is nodig. Nuwe insigte gee aanleiding tot nuwe optredes. Dit is hier waar met diensbaarheid op pyn gereageer word. Die nuwe insigte wat uit die gesprek met die probleem uitgemond of gekulmineer het, word nou diensbaar gemaak om die probleem te hanteer. So word genesing – vredevolle lewe – (terug) gevind.

2.3.2.4 Hermeneutiese bestaan veronderstel intelligente optrede

Uit die aard van die hermeneutiese bestaan van mense beteken dit dat diens van die mens ook met intelligente bestaan te doen het. Die mens benut sy omstandighede en omgewing om met wysheid te leef. Dit is 'n Bybelse bestaan soos beskryf in die wysheidsliteratuur in die Skrif. Menswees is dus sinvolle reaksie op die lewe en gebeure om hom. Van Huyssteen (2003:173-177) noem dat met die totstandkoming van *homo sapiens* op aarde daar 'n nuwe soort wese op die toneel verskyn het. Nie net is hy meer intelligent nie, maar ook anders intelligent: hy het die vermoë om selfbewus te wees en die omgewing te manipuleer. Die mens het die verbasende vermoë om introspeksie te kan doen. Ons sou kon sê die mens het 'n bewussyn ("consciousness"). Hierdie kwaliteit gee die mens kapasiteit om innerlik te ervaar en die omgewing rondom hom te interpreteer. Hierdie eienskap is die mees opvallendste van die mens.

Dus: Hermeneutiese antwoord op lewensgebeure definieer die mens. Menslike aanbidding en godsdiens is daarom nie 'n aangebore of biologiese saak nie. Die mens se reaksie op

lewensgebeure – selfs pyn en lyding – is godsdiens. Menswees as imago Dei behels om die teenwoordigheid van God op aarde daar te stel deur middel van kognitiewe prosesse. Die betekenis is duidelik: die mens leef met die gedagte dat alles ten goede meewerk (Rm 8:28) en dit stel hom in staat om denkend (Rm 12:1-2) met sy omstandighede om te gaan en ewolusionerend vorentoe te leef.

Hierdie hermeneutiese bestaan beteken dat berading sal bydra tot die sinvolle omgang met lewensomstandighede. Daarom moet lewensgebeure beskryf, geïnterpreteer en toegepas word. Sinner (2004:2-3) meen dat alledaagse gebeurtenisse insig verskaf oor wie die ek in die wêreld is. Dit is egter gegrond op die beginsel dat daar hermeneuties met gebeurtenisse gehandel moet word. Wanneer dit gedoen word, sal dit waarhede openbaar wat betekenis aan lewe gee. Daar kan selfs onverwagte antwoorde gevind word wanneer geleefde ervarings – soos pyn – bewoord en verstaan word. Hierdie ontdekkings – wat voorheen ontken is – kan 'n oorsaaklike faktor tot dieper lewe vorm (Sinner 2004:13).

Pastoraat behoort hierdie kreatiewe deel van menswees te benut. Kreatiewe mense neem outoriteit oor probleme en krisisse, hanteer dit verantwoordelik en bestuur dit dat hy rekenskap aan God kan gee. Hy maak dus keuses om nie fatalisties en passief te wees nie, maar gaan denkend met omstandighede om sodat God daarvoor tevrede sal wees. Dit beteken nie dat hy beheer het soos God nie, maar beheer neem omdat hy kreatief geskep is wat hom in staat stel om verantwoordelik op te tree.

2.3.3 Die etiese perspektief van diens

2.3.3.1 Die gronde vir etiese bestaan

Alhoewel God liefde is (1 Jh 4:7), moet met Kysar (1991:24-28) saamgestem word as hy daarop wys dat God ook 'n kontrabeeld van omgee, liefde en genade kan vertoon. Hy gaan van die gedagte uit dat diegene wat Hom dien, heilig moet wees soos Hy heilig is (Lv 11:44). Die implikasie is dat onheiligheid by mense God só laat optree dat dit nie in lyn staan met sy omgeebeeld nie. Dit is die beeld van 'n God wat onreg straf met siekte, armoede en die onthouding van sy seën (1 Sm 2:6-7). Hy hoor sy mense se gekerm, maar sien ook hulle onreg en tree hard daarteen op. God is ook die Een wat goddelike vergelding vertoon.

Dit beteken dat die mens se diens aan ander nie net eties begrens is nie, maar sy diens moet daarop dui dat hy self ook teregwyser is – in die naam van God as die beeld van God natuurlik. Die lewenservarings van die mens word 'n diens van teregwyding aan ander om heilig te leef. Ook die slegte of negatiewe lewensloop word dus 'n kragtige ervaring en

instrument waarmee die self en ander gewaarsku kan word op die vernietigende gevolge van 'n verkeerde lewe voor God. Dit gee ook aan die pastor-helper die reg om eties in die lewe van die persoon wat hulp soek te spreek.

Daar moet egter altyd in gedagte gehou word dat die ondertoon van 'n ouer wat tereg wysend optree altyd liefde bly. Dit vind sy bestaansreg in die verbondsteologie. God sluit 'n verbond met Abram om sy God te wees, maar Abram moet die verbond nakom om 'n seën vir die nasies te word (Gn 17:7-9). Osmer (2008:132-133) wys daarop dat wanneer Israel van die verbondsbepalinge afgewyk het, het profete onderskeiding van die volk gevra om terug te keer daarna. Deur af te wyk, het die genadige versorging en seën van God (Gn 12:1-3, 18:17-19) in gedrang gebring. Die oordeel van God en gepaardgaande rampe was die gevolg.

Die gevolgtrekking is dus dat terapeute wat hulleself nie as boodskappers van God sien nie, 'n belangrike dimensie van genesing mis. Die wyse of modus waarin die etiek van mense se lewe aangespreek word, kan wissel. Dat daar egter profeties in berading gesprek moet word en dat dit invloed op genesende lewe fasiliteer, is duidelik: blindes sal sien, dowes sal hoor, verlamde mense sal spring, stommes sal sing van vreugde, waters sal in die wildernis stroom (Js 35:5-6).

Verder beteken etiese bestaan en diens vir die skopus van hierdie studie veral dat daar gepaste en onvanpaste reaksies op lewenskrisisse bestaan (Louw 2005a:101-102). Lewenskrisisse kan na dood of nuwe lewe, siekte of heling, agteruitgang of verdieping lei. In God se Woord word sekere wyses uitgewys waarop reageer mag word en dit moet nagevors en uitgevoer word.

Die motief vir die aandrang op etiese bestaan is die oorvloedige lewe van die mens (Kysar 1991:8-9). Die lewe binne grense het dus seënende en genesende invloed op menslike bestaan. God kom eerste na die mens om hom te maak en ook te red van sonde. Dan kondig Hy 'n verbond aan wat gehoorsaamheid van mense vra. Die gevaar bestaan natuurlik dat mense se motief vir diensbaarheid hulle eie voordeel en voorspoed is. Daarom moet gewys word op die dankbaarheidsmotief vir gehoorsame lewe (Wright 1983:22) teenoor 'n God wat 'n seënende God is.

Op voetspoor van Heidelbergse Kategismus Sondag 1 vraag en antwoord 2, kan gesê word dat diens nie legalisties of wetties is nie, maar dankbaarheid as motief het. Hierdie artikel bevestig dat die grond van etiese lewe die welvaart van die mens is: geluk/saligheid. Die

orde van gelukkige lewe is dan: besef hoe groot jou sonde en ellende is, neem Jesus aan as Verlosser ... en dien dankbaar.

2.3.3.2 Wetmatige en Woordmatige bestaan

In die proses waarin God die mens as dienaar opdragte gee, word ook grense vir sy bestaan uitgestippel. Menslike bestaan is nie 'n bestaan in volkome of absolute vryheid nie. Brueggeman (2006:127) beweer dat die Here wat in die Paradys voorsien, nie toestemming gee om eindeloos te eet nie; Hy is ook die Een wat by Sinai voorspoed verseker – as die volk binne sekere lyne of grense leef.

Met die etiese perspektief op diens word ook bedoel dat die mens se diens reëls het waarvolgens diens beoefen moet word. Diens kan reg of verkeerd, goed of sleg wees, want die mens se bestaan word normatief bepaal. Alhoewel die mens koningskind geskep en herskep is, bly sy bestaan *onder* God, *saam met* mense en *oor* die wêreld (Heyns 1982:8). Diens – alhoewel die mens vry is om dit te doen, of nie – is nie willekeurig of in onafhanklikheid, selfbeskikkend en ongebonde nie. Vryheid per definisie staan nie los van wetmatighede van God, naaste, die self en omgewing nie.

In die proses om volwasse en vervulde mens te word, moet die gelowige onthou dat hy altyd eerstens dienaar van die Heilige Woord word (Muto 2011:103). Subjektiewe empiriese waarneming en selfkennis kan nooit alleen staan in die ontdekking van hoe die mens godsdienstig bestaan nie. Die Skrif en verligende werk van die Gees is nodig. Die beeld van God is die norm – saam met eksistensiële kennis (Heyns 1982:365-366).

Volgens Anderson (1982:59) kan diensbare bestaan se goed of sleg nie beoordeel word as dit nie vir die regulerende bestaan van God se Woord is nie: “The Word of God is self-authenticating and is therefore the ‘objective’ basis for the human subjective response.” Dit spel nie outoritêre spesifikasies vir aksies of keuses uit nie, maar is grense en limiete vir ware lewe. “There is no escape from the divine Word that forms us in the image and likeness of God” (Anderson 1982:83). Subjektiewe bestaan verklein die kring van menslike bestaan tot die verstaan en belewenisse van die eie ek. Dit het beperkende invloed op die volheidslewe wat God vir mense beoog. Om binne die grense van God se regulerende bestaan te leef, is die ware vryheid.

Maar dit is ook Christus – in die Nuwe Testament – wat die normering van ware menswees is. Adam normeer dit nie. Menswees word nooit uit Adam begrond nie – altyd uit God en Jesus. Die norm vir dienaar-wees is Jesus se lewe en gedrag (König 1991:45-46). Die

beeld van Jesus is die objektiewe model waarna gesoek moet word. Christus het dus nie net vir die mens se sonde kom sterf nie, maar ook leidinggewend kom lewe sodat ons die lewe in oorvloed kan hê (Jh 10:10).

Die pastor kan dus slegs die mens sinvol tot 'n vol lewe begelei as hy ook rekening hou met die wetmatighede van die Woord van God. Dit sal aanleiding gee tot beide diepte en verbreding van die wyse waarop mense dien.

2.3.3.3 'n Bestaan in keuses

Berry en Jeeves (2008:24-26) beweer dat daar tans by sommige verklaarders 'n neiging bestaan om die mens se bestaan organies te verklaar. Die foute wat mense maak, is dus nie hulle eie verantwoordelikheid nie, maar eerder dié van hulle gene. Daar is selfs sprake van 'n sogenaamde god-geen. Die twee skrywers stel dit egter duidelik dat dit die mens bly wat kies en nie 'n brein nie. Daar is 'n algemene instemming dat die beeld van God nie anatomies, geneties, neurologies of behavioristies fungeer nie, maar 'n kombinasie van funksionele en strukturele elemente is.

Die kennis van reg of verkeerd, goed en sleg lê dus nie in die mens self nie. Die mens het God en sy Woord nodig vir gesonde lewe. Daar is iets objektief en "van buite" nodig vir mense om voorspoedig te leef.

Die lewe van diens het daarom sekere etiese sake om mee rekening te hou. Etiese aspekte van *imago Dei* waarmee in berading rekening gehou word, volgens Sands (2010:39-40), beteken:

- Mense het onvervreembare waarde wat gerespekteer moet word.
- Mense moet menslike lewe beskerm.
- Mense moet die ideologie van mag weerstaan.
- Mense moet die aarde en nie-menslike lewe versorg.

Beide terapeut (wat leiding fasiliteer) en hulpsoeker (wat rigting ontdek) behoort met bogenoemde as riglyne vir diens rekening te hou. Berading en 'n lewe buite hierdie lyne bring nie ware lewe nie. 'n Mens sou die bekende illustrasie van die vis binne en buite die water hier kon gebruik. Die vis is gebonde deur water, maar is tegelykertyd ook daarin vry. Die bestaan vir 'n vis buite die water is 'n doodsbestaan. Net so is 'n bestaan vir die mens buite God se norme 'n resep vir asemnood en uiteindelijke dood.

2.3.3.4 Lewe wat bekering vereis

Die handeling van God met mense moet dus lei na 'n bekeringsbestaan. 'n Mens is nie vry om te doen wat hy wil nie (Heyns 1982:374). Ons vind dat God ernstig is oor regverdige sosiale verhoudings en strukture. Hierdie saak is aktueel in veral die profete. Sosiale moraliteit by die mens is 'n toets vir ware godsdienste (Am 5:21-24). 'n Geloofwaardige verhouding met God veronderstel regverdige verhoudings met ander persone. As die mens hiervan afwyk, word hy telkens opgeroep om om te draai en terug te keer na God (Kysar 1991:20-22).

Diensbaarheid kan dus 'n vorm van snoei (Jh 15:1-8) in die verhouding met die self aanneem. "Rather than call our people to repent, we heal their wounds lightly, hoping to make them a little less miserable" (Willimon 1991:322). Die berader wat wil help tot volheid van lewe moet daarop wys dat wonde nie slegs ontsnap behoort te word nie, maar daarin is 'n soeke tot bekering na beter lewe.

2.3.3.5 Die modus vir etiese begeleiding

Die gesindheid waarmee 'n pastor opgeroep word tot gehoorsame diens is deur Jesus vertoon. Jesus het mense deur gelykenisse – en nie konfrontasie – geleer dat daar alternatiewe leefstyle is (Brueggeman 2006:42). Bekering kan dus nooit afgedwing of gemanipuleer word nie. Dit is die daarstelling van alternatiewe leefstyle.

Daarom word die etiese begeleiding van mense deur Osmer (2008:88-90) "the art of steering" genoem. Hy sluit aan by Spreuke 1:4-5 waar wyses jonges begelei. Spreuke, Job en Prediker wys daarop dat wyse mense ander op die pad van die lewe begelei. Dit is 'n pedagogiese aksie. Daar sal dus 'n rigtinggewende aksie in pastoraat wees omdat diensbare lewe eties van aard is. Natuurlik kan dit – veral in die postmoderne eeu – nooit van bo na mense oorgedra word nie. Maar dit bly die begeleidende pastor se taak om rigting te verskaf.

Die wyse waarop hy dit doen, is om op die voorbeeld van Christus te wys, want Jesus is God se wysheid geopenbaar. Die optrede van Jesus se wysheid is egter parabolies. Die boodskap van die evangelie – volgens 1 Korintiërs 1:18-30 – is "dwaasheid" vir die wêreld. Maar dit is hierdie dwaasheid wat die bron van lewe is (Osmer 2008:96-99). Die pastor sal dus rekening moet hou dat die Christelike begeleiding kontra die kultuur kan wees en nie altyd gelate aanvaar sal word nie. Daarom is hy gids en nie raadgewer nie. Die persoon wat kom vir hulp sal self antwoorde moet ontdek om dit sy eie te maak. Dan het hy daarna baie

ondersteuning en motivering van die pastor nodig om dit te integreer. Dit is dus inderdaad 'n *begelei*-dingsproses.

2.3.4 Die perspektief van verantwoordelikheid op diens

2.3.4.1 Van imago Dei na imitatio Dei

Verantwoordelikheid veronderstel 'n sekere aksie. Die beeld van God in die mens is nie 'n statiese kapasiteit nie. Die *imago Dei* definieer die mens slegs as dit *imitatio Dei* is (Van den Berg 2009:124). Om na God se beeld geskep te wees beteken ons moet optree soos God se beeld aan ons voorhou. Pastorale hulp vra dus dat ontdekte antwoorde in daede omgesit sal word. Integrasie met lewe moet plaasvind. Hierdie gedagte sluit aan by die Jakobus-beginsel dat geloof in daede van diens moet oorgaan.

Beeld en gelykenis is meer as net wissel terme. Daar sit iets dinamies in die verhouding beeld en gelykenis. Dit val saam met die gedagte van *verteenwoordiger* wat dui op administrasie van die aarde in die naam van God (Middleton 2005:89-90). Die mens se *optrede* moet diensbaar wees aan die *beeld*. Dit dui op 'n sekere optrede wat verantwoordelikheid openbaar aan die Een wat stuur. Die mens leef dus nie sy lewe vir homself nie, maar sy in-diens-wees is gekonstitueerd. Dit vra ook na 'n etiese verantwoording na lemand wat gestuur en geroep het.

Die verhouding van die mens met God impliseer 'n manier van lewe. "That relationship with God and resulting ethic is the highest purpose of human capacity and uniqueness, when by God's continuing provision *Homo sapiens* can bear God's image, invited to be *Homo Dei*, people of the living God" (Peterson 2011:26). Mense as beeld van God moet ook as die mense van God begin lewe. Dan eers kan aanspraak gemaak word op dinamiese diens aan God.

God is verantwoordelik vir die ontstaan en bestaan van sy Ryk. God heers oor sy onderdane: stof, plant, dier, mens en engele. Die mens is deur God beplan, ontwerp en geskep as deel van die skepping (Gn 1:26; Ps 8:6). Omdat hy beeld van God is, vind die mens dat hy ook 'n koning is, want hy mag heers (Heyns 1974:72-74). Mense sal dus altyd een of ander vorm van verantwoordelikheid saamdra. Die Genesis 2-weergawe van die skepping wys dat God aan die mens die aarde as huis gee om in te woon, maar die mens is rentmeester – nie eienaar nie – van iets wat aan God behoort. En daarom kan van menswees gesê word: "... humanity can only be God's steward and mouthpiece" (O'Collins 2007:24).

Hier gaan dit dus oor die saak van rentmeesterskap. Berading kan dus nooit 'n manier word waarop na 'n dienslose ontsnapping van verantwoordelikhede gestreef word nie. Inteendeel, berading is dié plek waar ontdek word hoe lewensomstandighede – ook pyn en lyding – ervarings word wat namens God opgepas, gebruik en bestuur behoort te word. Diens vra dus na die verantwoordelike oppas van die goedere – materieel en geestelik – van die skepping.

Die mens se heersfunksie is dus afgeleide gesag. Die strewe na 'n gesaglose lewe van onafhanklikheid is futiel. As mense nie God bó hulle wil dien nie, kan hulle ook nie onder mekaar dien nie (Heyns 1974:77-78). Ons sien dat diens inherent teenwoordig is in die opdrag van God dat die mens moet heers. Die mens heers oor die diereryk (Gn 1:28). Die gee van name dui op sy heerskappy (Gn 2:19-20). Hy heers oor die werke van God se hande (Ps 8:6-8) (O'Collins 2007:27). Hierdie "power" is nie "power over" nie, maar 'n bevrydende "gracious self-giving" en dit herinner aan Johannes 3:16 "God so loved the world that he gave ..." (Middleton 2005:297). Om te heers is dus beide 'n koninklike én priesterlike funksie. Verantwoordelike diens beteken dat die mens aan God alleen rekenskap verskuldig is omdat God die skepper en die mens skepsel is. Die absolute gesag is in God se hande.

2.3.4.2 Roeping as diens

Die mens is deur God geroep vir 'n taak op aarde (Heyns 1974:75). Om beeld van God te wees is om te wees wat God hom gemaak het. Daarom: "... the *imago Dei* is not what we are but what we are *called to do*" (Berry en Jeeves 2008:25-27). Die enigste manier om die mens regtig te verstaan, is binne sy interaksie met gemeenskap en kultuur.

"My view of the *imago* is essentially functionalist, but I have substituted the term 'vocational' to highlight what I believe is the central idea conveyed by the biblical concept" (Sands 2010:31). Menslike bestaan is dus nie in die eerste plek estetiese bestaan nie, maar 'n roepingsbestaan. As God die goedheid van die mens beskryf (Gn 1:31), staan dit teen die agtergrond van die mens se roepingsbestaan om iets te doen wat heilsaam op die nuwe wêreld sal inwerk. Die mens mag dus nooit slegs ontvanger van die gawes van die lewe uit God se hand wees nie, maar ook verantwoordelike uitdeler daarvan.

Die beeld is iets dinamies wat uitgeleef word in teenwoordigheid van God (Case-Winters 2004:814). Dit funksioneer soos 'n spieël: wanneer nie meer in die spieël gekyk word nie, kan die beeld versteur word. Die beeld is die hart van menslike bestaan; die gelykenis is beeld in aksie (O'Collins 2007:25). Die beeld van God is dus 'n dinamiese en aktiewe

beskrywing. Dit vra 'n sekere soort gedrag – of *diens* – wat pas by 'n sekere beeld. In hierdie verband moet gesê word dat 'n ontologiese beskrywing nie daarin kan slaag om die dinamiek van menswees vas te pen nie en dat 'n meer fenomenologiese bespreking nodig is. Bybelse beskrywings fokus meer op die mens se gedrag as sy wese. “This view of the *imago Dei* subordinates the ontic aspect to the functional or relational” (Anderson 1982:41). Tegnies gesproke moet nie gevra word *wie* die mens is nie, maar *wat* hy is.

Vir berading beteken hierdie sienings dat die persoon wat vir berading kom, moet weet dat 'n denke en gedragsverandering gevra word wat die beeld van God sal herstel en helend op lewe sal inwerk. Al hierdie argumente wys na die algemene term “gods-*diens*” Dit wys dus op 'n handeling of gedrag wat moet instem op iets wat normerend vir harmoniese bestaan is – God en diens.

Abrami (2011:211) interpreteer Jung se siening van roeping as om deur 'n stem aangespreek te word. Die mens kan alleen op hierdie stem reageer deur nuuskierig navraag te doen oor sy lewensomstandighede of “werke van die noodlot.” Frankl, volgens Abrami (2011:212), meen dat die antwoord op die roeping van lewensgebeure nie iets is wat slegs aangehoor word nie, maar dit moet met daad beantwoord word. Die mens wat hierdie roeping hoor en volg is 'n persoon met standvastigheid en koers. Die doel van pastoraat is om mense te help om hierdie innerlike stem as roeping te ontdek sodat “[W]hat a man can be, he must be” (Abrami 2011:214). Abrami (2011:217) pleit ook dat weë gevind moet word om elke mens sy unieke roeping as lewensdoel te laat ontdek.

Die wyse waarop dit gevind word, is deur persoonlike omstandighede om te skakel na 'n eie skepping waarbinne geleef word. Die pastorale gesprek is as't ware 'n kweekhuis waar die mens sy roeping ontdek om as dienaar van God te gaan leef.

Sands (2010:37-39) stel roepingsbestaan as die beste verklaring van menswees. Daar is drie redes waarom hierdie roepingsbeeld die “superior” verklaring van *imago Dei* is.

- Dit word geneem uit die histories-kritiese agtergrond.
- Dit ontken nie ander verklarings van die *imago Dei* (soos rasioneel, vry, relasioneel) nie, maar sluit dit in.
- Die roepingsbeeld voorsien 'n teologiese grond vir die mens om aktief besig te raak met die wêreld in terme van 'n sendingopdrag.

Dit laat dus ruimte dat die mens – deur diens aan God – homself kan aktualiseer. Sands (2010:38) meen dat “... the fulfillment of this vocation is the actualization of the human. Put

differently, human beings find themselves as they lose themselves in service to God.” Hy gaan verder om beeld te verklaar. Die feit dat die *imago* sonder verdere verklarings in Genesis gebruik word, is ’n bewys daarvan dat dit inpas by die verklarings wat in die konteks aan die orde van die dag was. Verteenwoordigers was algemeen in die Ou Testamentiese tye. Gode en konings het beelde gehad om hulle te verteenwoordig en sodoende hulle mag daar te stel om mense te beskerm teen magte van chaos wat die god of koning se regering bedreig. So verteenwoordig die mens vir God. Alle mense is herinneringstekens van God om die weg vir die Koninkryk van God oop te maak. Die mens is dus geroep om God se koninklike regering op aarde te vervul. Jesus kom vertoon hierdie beeld van God. Hy medieer die teenwoordigheid, mag en regering van God – soos dit van ’n ware ambassadeur verwag word.

Hierdie unieke roeping is belangrik vir die formasie van elke mens om tot sy volle potensiaal te ontwikkel, maar “[W]ithout either implicit or explicit transformation by Christ it would be impossible for human life to attain its ideal form” (Muto 2011:95-96). Met ander woorde: as die persoon se verhouding met Christus nie in pastoraat aangespreek word nie, kan groei tot volwasse lewe nie natuurlik plaasvind nie. Dit is dus Jesus Christus wat die model vorm waartoe getransformeer moet word. Maar dit is nie legalisties nie. Jesus is tegelyk impetus, potensiaal en model. Sonder evangeliserende spreke – as die aanspreek van die persoon se verhouding met Jesus – is die soeke na opbouende formasie dus sonder hoop. Die formerende verantwoordelikheid van die pastor lê in die begeleiding van die persoon wat kom vir berading om Jesus Christus eers as Verlosser en dan as Leidsman aan te neem.

König (1991:7-9) is in lyn met bogenoemde argumentasie. Mense is “antwoordende wesens”, hulle is “antwoord-elik” omdat God roep en die mens moet antwoord. Mense is bondgenoot en beeld. Bondgenoot omdat ons anders is as die res van die skepping wat nie verantwoording hoef te doen nie. Beeld omdat ons soos Hy moet wees en optree. Omdat God liefde is, heilig is, moet ons liefde leef en heilig wees. Wanneer Psalm 8:7 praat oor die mens wat heers en onderwerp, word dit gesien as ’n roepings- en verbondsooreenkoms tussen God en mens (Hinson-Hasty 2005:393-394). God is die primêre agent en die mens die dienaar wat in vennootskap reageer. Daarom het die heerserskap en onderwerping wat van die mens uitgaan aansienlike beperkinge en is “no license to exploit.” Diens as roeping is dus die uitlewing van ’n verbond wat God met mense gesluit het. God sal mense seën, maar hulle moet ook ’n seën vir die nasies wees (Gn 12:1-3).

Wat die mens dus van die ander skepsels onderskei, is nie sy genetiese grondslag nie, maar sy roepingsverantwoordelikheid. God roep en hy antwoord gehoorsaam. Daarom die beskrywing van die verbondsbestaan. God sluit ’n verbond met die mens en dit vra ’n

betroubare en verantwoordelike antwoord en lewe. “The creature to whom God speaks is thereby enabled to respond to him” (Anderson 1982:37, 40).

Maar die berader behoort te onthou dat die mens se respons 'n vrye antwoord is. Roeping word ontdek en nie afgedwing nie.

2.3.4.3 Verantwoordelike bestaan en altruïsme

Dit het reeds in die Paradys sy oorsprong dat Eva en Adam die goedheid van God vir hulleself toe-eien en nie verantwoordelik gebruik tot die heil van die wêreld om hulle nie. Hierdie bestaan waar die mens verantwoordelik en met 'n telos lewe, is slegs moontlik as hy ook altruïsties bestaan. God is 'n God wat gee. Daarom is een van die mees unieke kenmerke van die Christelike godsdiens dat sy navolgers altruïsties leef.

Dit is nie net Jesus wat die kern van die wet as diens beskryf nie, maar ook die Ou Testamentiese wetgewing wys op die hart van 'n God wat omgee en intree. Kysar (1991:16-19) sê: “The legislation gives us a peek into the Israelite image of a caring God.” Hy gaan verder: die wet is uitdrukking van die karakter van God en dit wys daarop dat God belangstel in die gedrag en karakter van die mense wat Hy uitgekies het. Hierdie karakter bestaan daarin dat die mens advokaat vir arme en die reg is. Dit word in beide die Eksodus- (hoofstuk 21-23) en Deuteronomium-kode (hoofstuk 15) gestel: elke sewende jaar moet slawe vrygestel word en die land moet rus (Eks 21:2-6), die armes en vreemdeling moet van die oorskiet op die land eet (Eks 23:10-11), die omgee vir armes deur skuld vry te skeld, te leen en Hebreuse slawe vry te laat (Dt 15:1-18).

Die afleiding kan dus gemaak word dat die reëls daar is om Israel soos God te laat optree – 'n altruïstiese God wat sag is vir mense in nood en uitreik na hulle omstandighede. Menslike bestaan as dienaar is dus selfopofferende bestaan en 'n bestaan ter wille van.

Van Niekerk (2008:334) toon aan dat 'n soeke na 'n lewe van kwaliteit futiel is. Hy stel kwaliteitslewe teenoor betekenisvolle lewe. Mense bestee geweldig baie tyd aan die opheffing van kwaliteit in hulle lewe, maar vind nie noodwendig só sinvolle lewe nie. Daarom is dit beter om te vra na die *sin van die lewe* as na die *kwaliteit van die lewe* (Van Niekerk 2008:335). Hy wys op sekere historiese figure wat kwaliteit gekort het, maar sinvol gelewe het: Julius Ceasar (epilepsie); Winston Churchill (wag tot sewentigjarige ouderdom vir premierskap); Franklin D. Roosevelt (in 'n rystoel); Franciskus van Assisi (ontsê homself enige vorm van besit); Nelson Mandela (na 27 jaar se uitsiglose bevrydingstryd die ikoon van ons tyd). Hy wys ook op Jesus (die Seun van God wat Homself as seun van die mens

beskou). Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat 'n lewe van uitdeel of weggee ter beskikking van ander ware lewe is: "Miskien is die grootste genade in die lewe juis om lewenskwaliteit te vind in 'n lewe wat vrygemaak is van die sug na kwaliteit" (Van Niekerk 2008:336). Dit sal die pastorale praktyk baat om hierdie ingesteldheid te soek – eerder as 'n plek van lewensverryking of soeke na die probleemlose lewe.

Brueggeman (2006:127) wys op Jesus se vertelling van die verhaal van die verlore seun in Lukas 15 – 'n gelykenis wat hoofsaaklik interpreteer word as sou dit wys op die goedheid van die Vader. Daar moet egter ook raakgesien word dat dit begrensing aan die mens se misbruik van die goedheid van God bepleit. Die verlore seun het die vader se toegewese besit "deurgebring". Jesus veroordeel ook in Lukas 20:46-47 die godsdienstige leiers wat vir hulle eie voordeel die beste plekke in die sinagoge neem en weduwees uitbuit. 'n Dienslose bestaan van inpalming en gryp na die lewensgoed vir eie voordeel, word dus deur die Woord ten strengste veroordeel.

In die beradingsituasie behoort daarop gewys te word dat lewensgoedere nie deurgebring mag word nie. Die toegedeelde lewensomstandighede uit die hand van die Vader is in elk geval nie vir persoonlike gebruik nie, maar om die minderbevoorregtes se nood te verlig.

Dit vra 'n sekere gesindheid. Diens is "service of hiddenness ... tasks of service that remain generally unknown" (Foster 1993:167). Alhoewel die diens wat in hierdie studie gevra word, hoofsaaklik vloei uit vorige lewenservarings van die gelowige, bly dit 'n diens wat in die agtergrond verrig word.

Egte diens moet altyd onderskei word van selfgerigtheid wat diens as vorm van narsisme beoefen. Hierdie selfgerigte diens (Foster 1993:161)

- eis menslike inspanning;
- gebruik baie energie oor hoe om te dien;
- moet groot wees sodat dit gesien kan word;
- vra vir erkenning en beloning deur mense;
- bereken resultate en word bitter as dit nie behaal word nie;
- vra 'n teenprestasie en
- bedien net vriende en eie mense.

Die grondmotief vir diens bly nederige diens wat spruit uit 'n opregte belangstelling in die lewe van mense om my. Om ander met my lewensomstandighede te dien, is nie noodwendig 'n groot bediening nie, maar die "service of small things: Like Dorcas, we find

ways to make 'coats and garments for the widows' (Acts 9:39)" (Foster 1993:168). Die sensitiviteit om die klein node van ander raak te sien, bring 'n stuk nederige diens na vore. Omdat diens gewone "hospitality" is, is diens veral "service of listening" soos in 1 Petrus 4:9 en 1 Timoteus 3:2 genoem. Daarom is die belangrikste vereistes medelye en geduld (Foster 1993:171). Diens om vreugdevol en vrugbaar te wees, vra geduld, luister en ware omgee. Die fokuspunt van diens aan mense gaan dus nie in die eerste plek oor my eie genesing nie, maar oor die heling van ander. As die mens se diens 'n spontane uitvloeisel van omgee is, is vreugde 'n gevolg vir die dienaar.

2.3.5 Perspektief van nood op diens

2.3.5.1 Diens en die eksodus

JHWH roep en stuur Abraham uit om 'n seën vir die nasies te wees; dit is ook Hy wat Israel uit Egipte neem omdat Hy hulle nood raakgesien het en hulle na Jerusalem neem om daar 'n lig vir die nasies te word (Brueggeman 2006:60). Die beantwoorde nood van mense – deur God – word dus 'n plek waaruit ander weer gedien kan word en bevryding kan ervaar. "The image of God in the exodus sets a pattern for the way God is portrayed ... a God who acts to liberate humans from conditions of suffering and deprivation; a God who is sensitive to and shares the suffering of humans; and a God who shares in the reality of the cost of liberation" (Kysar 1991:14).

Die mens as beeld van God kan ook nie anders as om te identifiseer met en teenwoordig te wees in die lydende omstandighede van mense om hom nie. Ons sien dit selfs in die naamgewing van Jesus. In die oorspronklike Hebreeus beteken die naam Jesus "God is redding" of "God red." Dit is geen wonder dat Jesus "Redder" genoem word nie (O'Collins 2007:7). Orals in die Ou en Nuwe Testament word ook van die mens gevra om redder vir God se saak, die naaste en die omgewing te wees (O'Collins 2007:1). Soos Jesus deur sy lyding Mens met mense geword het, word mense deur hul unieke lyding ook mens met mense. Dit wys dat die mens se persoonlike pyn 'n inkarnasiegebeure met ander se pyn kan wees.

Waar daar nood is, behoort mense se verantwoordelikheid tot diensbaarheid na vore te kom. König (1991:67) beskryf dat Jesus se menswording wys op die feit Hy na minderes, wat dit nie verdien nie, kom. Mense wat by sy medemens se nood verbystap soos die Leviet en priester (Lk 10:25-34) is onverantwoordelik en leef nie die wet van God uit nie. Die diens is ook nie begrens nie, sê Kysar (1991:46-47), maar is oop na alle mense. Jesus sluit niemand in sy bediening uit nie – alle persone en alle omstandighede word onderwerp aan sy diens:

van die lammes en dowes (Mk 2:1-12, 7:31-37) tot by die sosiale verworpenes (Mt 11:19; Lk 7:34). Maar ook die rykes en godsdienstiges ontvang sy aandag. Jesus neem dus verantwoordelikheid om sy Vader se opdrag na alle mense uit te voer – en so moet die mens na sy beeld ook doen.

2.3.5.2 Diens as lyding

Hauerwas (1990:84) betoog dat die lydingsbestaan van die mens juis oproep tot hierdie diensbestaan van die mens. In Romeine 5 vind ons dat gelowiges hul moet roem of selfs moet verbly in verdrukking. Dit blyk dat lyding vir die vroeë Christene deel van die lewe was en iets wat hulle in gehoorsaamheid aan Jesus moes deurleef. Dit het nie hulle geloof in Christus laat verdwyn nie. Die lyding het bevestig dat hulle in Jesus se kruis ingelyf is. Hulle geloof het hulle laat vasstaan in vervolging en algemene teenspoed. Lyding was nie 'n metafisiese probleem wat oplossings moes vind nie, maar was 'n praktiese uitdaging tot 'n reaksie. Die afleiding hier is: enige betroubare weergawe van die Christelike lewe kan nie lyding uitsluit as 'n integrale deel van lewe nie. As die mens beeldraer is, is lyding die wyse waarop identifisering met die Seun van die Mens gemaak word.

Daar is nie regverdiging vir onnodige lyding nie, maar die dinge wat nie verander kan word nie, moet aanvaar word. Dit beteken egter: dit is teen 'n "ek sal nou maar my kruis moet dra" gesindheid wat die Bybel dit het. Daarom is die mens jukdraer van lyding van mense. Na die sondeval is menslike bestaan 'n lydingsbestaan. Na die kruis is menslike bestaan die hulp van die dra van die kruis van my naaste (Hauerwas 1990:85). Diens kan gevolglik nie anders as om lydingsdiens te wees nie. Op die plekke van die lewe waar dit skeefloop, is die mens daarom steeds bewaarder en dienaar van die beeld van God, want lyding is nie net (ongelukkig) deel van die lewe nie, maar lewe self. Die opdrag aan die mens om imago Dei te wees geld dus in elke opsig van die lewe.

Diensbaarheid, in en deur lyding, vra selfs meer as net 'n siening dat lyding (ook) lewe is – in en deur lyding bring diens aan God en aan die naaste ware lewe. Soos Jesus se bediening lewe ter wille van ander en God was, is lydingslewe van die mens 'n lewe ten behoewe van. Deur lyding het Jesus lyding oorwin. My eie lyding skep priesterlike bewoënhed en oorwinning.

Heyns (1982:496) noem dat nie aanvaarding van óf verset teen lyding nie Bybels is nie. Die Bybelse beeld is die ontdekking van die doel van lyding. Lyding mag nie verlam en passief maak nie, maar vra na verset op 'n kreatiewe wyse. Hierdie verset vra na gebed tot God en dialoog met die naaste. Daarom moet die mens oor lyding praat – met God en met naaste.

Só word lyding deurbreek. Gebed en medelye is dus die antwoord – nie verheerliking of veragting nie. Cloud (1992:254) sê dat voorbidding die diens is wat lyding vra. Dit begin by medelye wat 'n gestalte van die liefde is en wys op onderlinge verantwoordelikheid. Hieruit word afgelei dat lyding nie 'n sinlose gebeurtenis is nie, maar dat God dit gebruik om mense medelydend diensbaar te maak. 'n Persoon se lyding is iets wat die mens sensitief maak om ander se lyding raak te sien en te verlig. Volheidslewe beteken dat ander se nood raakgesien word en dat daar dan geen groter liefde is nie as om jou lewe vir jou vriende af te lê (Jh 15:13).

Omdat die mens beeld van God is, moet raakgesien word dat wanneer God gee, soek Hy die beswil van die ander. “We too should give for others’ benefit” (Volf 2006:8-9). Volgens Kysar (1991:12-13) beteken dit drie dinge:

- Eerstens het God die nood raakgesien. Die woord *yadah* dui op die beskrywing van Adam en Eva se eenwording van mekaar (Gen 4:25). God het dus met die nood van die volk een geword.
- Tweedens wys die redding daarop dat 'n mens as agent gebruik word om God se reddingswerk te doen.
- Derdens kom die kwessie van die koste van bevryding uit omstandighede ter sprake. Om mense in nood te help, vra altyd iets van iemand of iets.

Jesus het lyding – spesifiek – as wyse van identifisering gekies en Jesus maak Hom leeg van sy Goddelike om deel van die menslike natuur te word (Kysar 1991:54). Dieselfde gesindheid word van gelowiges gevra dat hulle hulself leeg sal maak en verneder (Flp 2:5). Die diens wat Jesus leer, is radikaal in die vorm van neerbuiging wat dit vra. Alhoewel Jesus se diens nie 'n politieke agenda vertoon nie, gaan Hy teen alle vorme van onderdrukking in. As dit ernstig geneem word, bevraagteken dit die sosiale sisteem met sy onderdrukking en onreg (Kysar 1991:41-42). Diens het dus selfs implikasies vir die strukture waarin mense leef en dienaars moet onderdrukkende en onregverdige strukture aanspreek. Hierdie siening dat diens radikaal is, sal diep eise van die beradingsverhouding vra. Die oortuiging om radikaal op nood van ander met my nood te reageer, sal nie maklik wees nie.

2.3.6 Eskatologiese perspektief op diens

2.3.6.1 Die mens as ewige wese

Om dienaar te wees moet rekening gehou word met die feit dat God die Alfa en Omega is, maar ook dat die mens eindige en ook ewige wese is (Heyns 1974:168). Om diensbaar te

leef is dus om met die een oog op die ewigheid te leef. 'n Mens moet nou as't ware gedryf deur die ewigheid leef. Matteus 24 en 25 is vol beelde van wat van dissipels van Jesus verwag word ... en dat die lewe van diens hier 'n invloed op die ewige oordeel sal hê. Dood verminder of kanselleer nie die waarde van lewe in ons liggame nie. Mense wat om hulp kom aanklop, behoort onder die indruk te kom dat die wyse waarop hulle pyn hanteer ook ewige implikasies het. Mense sal by die oordeel beloon word vir die werke wat hulle in hulle liggame gedoen het (2 Kor 5:10). Dit dui op die integriteit van ons menslike lewe met die ewige. Ons lewe hier en nou is nie irrelevant nie – asof dood die betekenis van lewe tot niet maak nie. Die teendeel is waar. Alles wat ons (met ons pyn) doen, het diep persoonlike en ewige betekenis.

Die mens bestaan nie net *in* die geskiedenis nie, maar *maak* ook geskiedenis, het 'n geskiedenis en *gebruik* geskiedenis. Ons is ook eskatologies besig met die geskiedenis op pad na die ewige (König 1991:6-7). Ons maak geskiedenis as ons hier en nou ons huidige situasie hanteer. Ons gebruik geskiedenis as ons uit die verlede leer en dit benut om doelgerig die toekoms in te leef. Ons leef korrek as ons onthou dat die tyd wat ons hier op aarde gebruik op die oordeelsdag aan die lig sal kom.

2.3.6.2 Alle lewe is eskatologie

Die Christelike geloof is in al sy fasette eskatologies, argumenteer Surburg (2010:246). As gevolg van die sondeval het God die werklikheid van die mensdom betree. Die inkarnasie en kruis is die metode waardeur mense gered word (1 Kor 1:18). Deur die lyding van Jesus moet die doel van die skepping herstel word sodat dit aan die einde ontvanklik kan wees. Die rede vir die werk van Jesus is eskatologies. Die menswording van Jesus was die begin van die proses om alles nuut te maak (Surburg 2010:250). Met ander woorde: alles na Jesus se aardse werk moet dus eskatologies verklaar word. Elke deel van diensbare lewe moet geleef word met die einddoel voor oë.

Wanneer Jesus weer kom, kom Hy om te kom oordeel oor die wyse waarop mense in die interim met die oog op die einde geleef het (2 Tm 4; 2 Kor 5; Flp 1:21) (Surburg 2010:253-254). Ook pyn en lyding het eskatologiese doelstellings. Daarom skryf Paulus in Romeine 8 dat die skepping stukkend is en dit soos geboortepyne na 'n nuwe lewe is (Surburg 2010:255). Die wyse waarop mense hul stukkende lewens hanteer het om eskatologiese doel te bereik, sal dus aan die orde kom met die koms van Jesus. Dit is nie iets wat in die toekoms lê nie, maar iets wat die mens se lewe daagliks moet dryf en rig. Die lewe kan alleen betekenisvol geleef word as die einde in gedagte gehou word (Surburg 2010:257).

’n Aanduiding hiervan word deur Greggs (2010:503) gegee as hy in apokaliptiese taal op voetspoor van Barth skryf dat Christene wat weier om met sondaars aan tafel te sit – soos die Meester die tafel met sondaars deel – nie Christene is nie. Die storie van Lasarus in Lukas 16 herinner ons dat ons in hierdie lewe as gelowiges aan die “Lasarusse” aandag moet gee. In die eindoordeel sal ons diensbaarheid aan die mense by ons deure dus ook invloed op die oordeel oor ons hê.

’n Eskatologiese klem in berading gee ’n Bybelse motief vir diensbare lewe.

2.4 ENKELE BESKOUINGE VAN DIE MENS AS DIENAAR

In hierdie paragraaf word enkele persone se teologiese beskrywings van die mens (as dienaar) bespreek. Dit word gedoen ten bate van ’n bevestiging van sekere teologiese lyne oor die mens as dienaar – soos uitgespel in die vorige paragraaf oor die perspektiewe van *dienaar*-mens. Pastorale implikasies sal deurgaans vanuit die teologiese lyne oor menswees gemaak word.

Die werk *Nachfolge* van Diettrich Bonhoeffer word geneem omdat dit klassieke en tydlose beginsels daarstel. Daarna sal die siening van Collins – wat die teologiese wêreld uitgedaag het oor die Nuwe Testamentiese begrip *diakonia* – geneem word. Hall se standpunt oor diens word geneem omdat dit die saak van die studie spesifiek beskryf. Die resente siening van Hefner oor die mens as medeskepper/*co-creator* sal behandel word.

2.4.1 Diettrich Bonhoeffer

Slegs Bonhoeffer se klassieke werk – die sogenaamde *The cost of discipleship* – word bespreek omdat dit spesifiek oor diens gaan. Dit is ook ’n werk wat die wêreld van sy tyd kragdadig beïnvloed het (Vanden Berg 2009:337). Dit bring die praktyk en diensbaarheid van Christenskap na vore. Bonhoeffer se persoonlike lewe staan ook uit as een van diens. Die wyse waarop hy ervarings verwerk het “... in an earnest combination of Christian discipleship and political engagement” (Klausnitzer 2006:155) wys daarop dat hy nie sy probleme ontvlug het nie, maar teruggekeer het na Hitler se Duitsland om die lyding daar in die gesig te staar. “Bonhoeffer’s return stands out as an act of profound moral courage, incarnational discipleship, and ... also reminds us that God’s goals are larger than preserving our comforts, that sometimes God calls us to be witnesses during dark times, even if the price is our lives” (Gushee 1995:30). Hierdie uitleef van Christenskap maak hom – en sy beskrywings van menswees – materiaal wat toegepas kan word op die punt wat hierdie verhandeling wil maak.

Die ruggraat waaraan Bonhoeffer se sienings hang, is die nou-reeds-klassieke-uitspraak dat genade nie goedkoop is nie. Die genadige werking van Jesus het dus etiese keuse-implikasies vir die beeld van God in mense se lewens – anders is dit waar dat diegene wat Jesus se genade aangeneem het net hulleself bedrieg (Bonhoeffer 1995:51). Slegs as die waarhede van die Woord van God gelééf word, kom egte lewe na vore. Die persoon wat in 'n spieël kyk, sien wat fout is en iets daaraan doen, sal gelukkige mens wees (Jk 1:23-25). Bkering wat lei na diensbare lewe aan God en naaste bring geluk. Regverdiging deur genade moet dus 'n vormende rol op lewe hê (Vanden Berg 2009:341). Vir die geestelike berader en Christelike leier beteken dit dat hy self 'n heilige en skoon morele lewe behoort te lei. Vir die persoon wat hulp kom vra, beteken dit dat sy lewensomstandighede heiligend op sy lewe kan inwerk (Sorum 2004:478).

Die voorbeeld van Jesus word voorgehou as die model of norm vir die Christelike diens. Jesus word die ideaal omdat Hy nie slegs praat nie, maar met sy liggaam ons laste kom dra. Die hele mensdom is deur die genade van God in die liggaam van Christus opgeneem en voor God gestel (Bonhoeffer 1995:237). Hieruit word afgelei dat hierdie liggaam van Christus – die gelowiges – nou hierdie voorbeeld van hulle Meester voortsit deur met hulle lewe en lyding ander se lewens te *inkarneer* en voor God te bring (Vosloo 2006:28-29). Die gelowige gebruik sy lewenservarings om ander te verstaan en *soos hulle te word*. “The members also suffer in a vicarious representative way (Vosloo 2006:30). In sy bestaan as 'n meersame wese ly die mens saam met ander omdat hy self 'n lydende is. Soos Jesus een geword het met mense, moet gelowiges ander soek wat dieselfde deurgaen as hy en so in ander mense se lewe intree en hulle deur sy eie lewensomstandighede – wat met syne *inkarneer* en *resoneer* – begelei na nuwe lewe. Daar is dus 'n sosiale verantwoordelikheid en roeping wat met lewenservarings gepaard gaan, naamlik om dit met ander te deel. Hulle moet as't ware spontaan deur die liefde van Jesus na die ander – wat in dieselfde situasie as hulle is, of was – gedring word.

Maar diens is nie 'n wetties-afdwingbare aksie nie. Die motief van diens is altyd altruïstiese diens. “The genuine work of love is always a hidden work” (Bonhoeffer 1995:159). Daar kan geen genesing uit diens wees as die “eie ek” nog 'n motief is nie. Dit is juis selfgerigtheid wat omgekeer moet word ten einde dienaar te wees. Die vreemde inhoud van die genesing deur diens is dat dit juis nie gedoen word om die self te bevoordeel nie. Slegs dan het dit genesende waarde.

Hierdie diens is nie iets wat vanuit 'n gemakstoel gedoen kan word nie. Dit is daarom nie 'n filosofie nie, maar iets wat in woord én daad gedoen word. Dit is 'n roeping wat oorgaan in

gehoorsaamheid. Luther moes die klooster verlaat en teruggaan na die wêreld (Bonhoeffer 1995:48). Alhoewel die verwerking van die lewe ook soms tye van stilte en hermeneuse vra, is dit die uitbeweeg na die wêreld – met sy probleme – waar die sin van ware Christelike lewe ontdek word. By wyse van spreke moet 'n mens jou “klooster” van nadenke verlaat en uitgaan na die wêreld. Die mens is 'n verhoudingswese wat impak vir God op mense en die wêreld behoort te maak. Dit is die kern van die mens se bestaan.

Diensbaarheid is ook 'n vorm van protes teen lyding, pyn en ongeregtigheid. Die Christen se roeping word geheilig as hy in radikale protes teen die wêreld leef (Bonhoeffer 1995:49). Christelike optrede het dus 'n doel en sosiale intensie (Vanden Berg 2009:337). As Jesus mense roep om Hom te dien, vra dit 'n toegespitsheid op die wêreld om die wêreld in te dring en 'n beter plek te maak – selfs teen sekere vorme van onderdrukkende bestaan in. En die persoon wat gelyk het, is die regte een om protesterend te leef. Hierdie protes is ook 'n eskatologiese leef *in* die wêreld, maar nie *van* die wêreld nie. Dit is 'n protes wat teen die kultuur van die dag ingaan en daarmee wys op 'n ewige bestaan wat eendag sal aanbreek.

Alhoewel diens beide 'n opdrag en roeping is, is die dissipelskap wat Jesus vra 'n vrywillige keuse. “Nobody can be forced, nobody can even be expected to come” (Bonhoeffer 1995:87). 'n Persoon moet dus gereed wees om sy pyn en krisis vrywillig te gebruik en aan te wend in die Koninkryk van God. Dit kan 'n tyd neem voordat die pastorale proses die dienaar of dissipel by hierdie punt bring.

Aan die ander kant van vrywilligheid lê die lewe van mense van God wat etiese verantwoordelikheid besit. Die Christen leef in die wêreld met die opdrag: “oorwin die kwaad deur die goeie” (Bonhoeffer 1995:263). Die kwaad in die gelowige se lewe moet dus aangewend word om die goeie te bring. Dis tegelyk die keuse en opdrag van elke mens om nie in sy belewenisse vas te val nie, maar vorentoe te beweeg deur die slegte te gebruik om die goeie te laat gebeur (Rm 8:28). Alle gebeure – ook teenspoed en lyding – kan kreatief omskep word tot diens aan God, self, naaste en wêreld.

Om dissipel en dienaar te wees, is gewoon die uitlewing van die kernbeeld van God. God is 'n Gewer en daarom gee sy navolgers ook. Dit is gesond om te gee, want “[E]arthly things are given to be used, not collected.” “If he stores it up as a permanent possession, he spoils not only the gift, but himself as well, for he sets his heart on his accumulated wealth, and makes it a barrier between himself and God” (Bonhoeffer 1995:175). Dit is soos die manna in die woestyn. As dit opgegaar word, word dit sleg. God verwag dat gawes benut moet word.

Dit beteken dat ongedeelde lewenservarings die waarde daarvan sowel as die ontvanger tot skade kom. Wanneer die lewensgoedere wat ons uit God se hand ontvang, soos persoonlikheid, ervarings en geskiedenis, vir selfverryking gebruik word, raak dit sleg. Dit was nooit die bedoeling dat die mens dinge vir homself ontvang het nie, maar dat dit ten behae van ander ontvang word. Dit is hoekom die gelowiges van die nuwe kerk aangemoedig word om eerder te gee as om te wil ontvang – dit is die gelukkiger of saliger lewe (Hd 20:35).

Hierdie diens is gawe en opdrag in een. Dit lyk na teenpole, maar die een komplementeer die ander. “Christ calls, the disciple follows: that is grace and commandment in one. ‘I will walk at liberty, for I seek thy commandments’ (Ps. 119.45)” (Bonhoeffer 1995:59). Dit is ’n opdrag wat gewillig uitgevoer word. Dit is liefde wat dring. Bonhoeffer (1995:87) noem dit die “... law of the cross”. Diens is dus nie ’n optrede as en soos die mens daarna voel nie. Die kruisevangelie dwing dienaars uit na die nood van ander. Die liefdesgebod dring dus na die medemens.

Die gevaar van die groot klem wat Bonhoeffer op die etiese aspek van diens plaas, is dat die teologiese kant skade kan ly en die gelowige iets doen en nie (teologies) verstaan nie (Vanden Berg 2009:339). Tog is dit nie Bonhoeffer se bedoeling nie. Alhoewel die diens etiese dimensies het, is dit nie ’n wettiese soort diens wat onnadenkend nagevolg word nie. Dit is iets wat aan ’n Persoon en persone gedoen word. Intendeel, dit is die direkte teenoorgestelde van legalistiese diens. Dit is om in verbondenheid met Jesus Christus alleen te leef. Hierdie diens word nie deur ’n program bepaal nie. Dit is die navolging van Jesus alleen (Bonhoeffer 1995:59). Die klem op die etiese aspekte van dissipelskap weerhou van “[A] retreat into a purely ideal discipleship of Christ independant of the affiliation to the visible structure is an illusion” (Klausnitzer 2006:161). Bybelse beginsels wat nie in die praktyk voete vind nie, is dus om ’n leuen te leef. Daarom is die model van Jesus – wat sy lewe afgelê het – ’n korrekatief op enige berading wat in filosofie of praatjies verval.

Die diens van dissipelskap gaan teen die selfbejammerende styl in wat pyn en probleme as verskonings gebruik om nie volledig diensbaar te wees nie. Bonhoeffer gebruik die ryk jongman as voorbeeld as hy daarop wys dat die jongman se diens in morele kennis bestaan het. Jesus stel nie belang in morele vraagstukke nie, maar in die jong persoon self (Bonhoeffer 1995:73). Wanneer Jesus dus navolging vra – selfs al is dit die aflê van verkeerde denke en dinge – stel Hy belang in gesonde en vervullende menswees. Diensbare lewe lê vir Bonhoeffer op die vlak van karaktervorming (Vanden Berg 2009:345). Diens vorm jou dus na wie jy werklik in God is en kan word. Dit lei na ’n lewe van

selfontplooiing tot sinvolle bestaan. Om alles te los en Jesus te volg, sal mens dus die lewe laat vind (Mt 9:16).

Hierdie unieke selfontplooiing kan bereik word as die persoon se lewensomstandighede hermeneuties ontleed word. Opstand teen die gebeure van die lewe bring nie ontplooiing nie, maar vasgevalletheid. Die totale oorgawe en vertroue in die hand van God in en oor ons lewens bring benutting en groei. Die enigste manier om die slegte te oorwin is om dit te laat hardloop tot sy krag uit is. Dit word reggekry as die slegte nie teenstand kry nie. Teenstand is soos petrol op vuur. Dit is deur geduldige volharding dat die slegte oorwin word (Bonhoeffer 1995:141). Die gebruikmaking van die lewensprobleme en -krisisse neem die angel daaruit. Daar is nie 'n ander pad na vreugdevolle lewe nie. Die navolging van diens aan die Skepper en Voleinder van lewe is om soos agter een te loop wat die pad en bestemming ken – dit is sorgvry en ontspanne omdat ek nie self in beheer is nie. Daar word gemeen dat die uitspraak “meer as oorwinnaars” (Rm 8:37) in hierdie verband verstaan kan word. Die slegte word nie fisies oorwin nie, dit verdwyn nie, maar deur dit as energiegewende impetus tot lewensgroei te benut, word daarvoor geheers. Dit is méér as oorwinning.

Omdat Jesus dié model vir ware lewe is, is dit van belang dat die gebeure van die lewe iets is wat ons moet aanvaar en diensbaar gemaak moet word. Jesus bid dat die Vader die beker van lyding verby sal laat gaan. Die Vader hoor én verhoor Sy gebed – die beker sal inderdaad verbygaan, *maar slegs deur dit te drink*. Dit is die oorwinning oor lyding (Bonhoeffer 1995:92). Mense moet weer leer om hulle kruise te dra as 'n vorm van diens aan God en mekaar – eerder as om dit te ontvlug. Dit kan verdiepende verhoudings tot gevolg hê. In 'n tegniese wêreld – waar die internet en ander kommunikasie ons die diepte van verhoudings ontnem het – moet die beeld van God as “the suffering God” weer sy plek vind. Dit kan slegs gebeur as die navolgers van Jesus beeld word van hierdie God wat genoem word: “God is a God who bears” (Simpson 2006:419-422).

Hierdie diensbaarheid kan selfs kwalitatiewe invloed hê op ons verhouding met daardie mense wat ons vyande noem. “After all, when we love them they are no longer our enemies” (Bonhoeffer 1995:159). Die gebruikmaking van lyding tot diensbare liefde aan die “vyand” wat dit juis veroorsaak, kan dus vrede bring. Dit vra na 'n diepere en volwasse vlak van hantering van die pyn deur mense veroorsaak: om God te dank dat medemense se seermaak my karakter vorm, heiliger en bruikbaar maak. Dit is die uitdaging vir pastorale beraders om hierdie gesindheid oor lewe te fasiliteer.

Die gelowige word 'n verteenwoordiger en lasdraer van ander met sy lewenservarings. Soos Jesus namens ander geleef, gely en gesterf het, moet die Christen-dissipel namens ander sy gebeure gebruik tot heil van ander. Elke daad wat Jesus gedoen het, het hy namens die mense gedoen. Dit is hoekom Hy die tweede Adam genoem word (1 Kor 15:45) (Bonhoeffer 1995:238). Deur ons roeping teenoor ander te aanvaar en uit te leef, bring nuwe genade. Laat ons Bonhoeffer parafraseer en praat van “rich grace”, sê Simpson (2006:427), wanneer ons op voetspoor van die nagmaalsimbool mekaar se laste dra. Daarom bly die vraag oor ons lewe – met al sy ryke inhoud van ervaring: “Are we still of any use? Where in the flat world will our place-sharing, bearing God place you?” (Simpson 2006:427).

Die liggaam van Christus as ekklesië speel 'n kritiese rol in Bonhoeffer se diens (Vosloo 2006:23). Alhoewel die individu die roeping ontvang, word dit uitgeleef in die teenwoordigheid van baie, want die mens as beeld van die meersamige God bestaan in 'n liggaam. Hierdie liggaam of kerklike gemeenskap wys gewoon na die gemeente (Sorum 2004:472) en daarom is die gemeente eerstens die speelveld vir diens. In die Christelike lewe is die individuele dissipel en die liggaam onskeibaar aan mekaar verbind. Die laaste opdrag aan Petrus was om die skape van Jesus op te pas, skryf Bonhoeffer (1995:255). Die opdrag aan Petrus om op te pas en te versorg konstitueer dus die nuwe mens in Christus. Maar dit wys ook op die belangrike rol wat die geloofsgemeenskap in diens speel. Alhoewel alle mense by goeie daade baat vind, is die medegelowiges die eerste verantwoordelike (Gl 6:10).

Bonhoeffer se beskrywing van diens as iets wat nie goedkoop is nie, het ook beeldvormende implikasies vir die Woord van God in berading. Daar moet verwag word dat egte en Woordbegronde teologie “... transforms as it informs. Without the task of transformation in mind, theology becomes just another intellectual pursuit with dubious ends. With the task of transformation in mind, however, theology has the potential for helping people conform more closely to the image of Christ and follow more fully Christ’s radical call to discipleship” (Vanden Berg 2009:348). Wanneer met mense oor hulle lewens in gesprek gegaan word, moet doelmatig daartoe gewerk word om hulle denke te verander sodat hulle beeld van Jesus sal word (Rm 12:1). Die dissipel dink nie meer die dinge van die wêreld nie, maar die dinge daarbo (Kol 3:1-2). Dit veroorsaak ander vrugte in die lewe van gelowige volgelinge (Bonhoeffer 1995:220). Dit bring 'n bekeringsbreuk met die wêreldse maniere waarop die lewe hanteer word. Daarom is hierdie lewe van diens radikaal anders as die lewe van die wêreld. Mense van God gebruik lyding en groei in en deur dit. Deur te aanvaar dat 'n gelowige anders as die wêreld is, verwerk hy anders aan sy lewenservarings: daar is nie plek vir bitterheid, woede, opstand, ensovoorts nie.

Diens aan Christus en hoe Hy dit voorskryf, bevry van die slawerny van eie denke en idees. Die mens kan ontspan van die eie ek en leef in Jesus se hand. Gelukkig is diegene wat nie meer uitgelewer is aan die tirannie van hulle eie idees en berekeninge nie (Bonhoeffer 1995:205). Diens bevry ook van 'n verslawing aan die wêreld. Die gierige mens soek oorheersing en mag, maar word uiteindelik die slaaf van die dinge waarop hy sy hart plaas (Bonhoeffer 1995:283).

Hierdie diens skep 'n belewenis van kommerloosheid oor die lewe. Angstigheid is die karaktertrek van die heidene, want hulle vertrou op hulle eie krag (Bonhoeffer 1995:180). Gelowige dissipels leef dus kommerloos omdat hulle die God van die lewe vertrou en sy koninkryk allereers soek (Mt 6:30-33).

Bonhoeffer aanvaar ook dat lewe in wortel eskatologies is: "There is only one question of paramount importance in the Christian life, and that is, how shall we survive the last judgment? And because we shall be judged according to our own works, it is vitally important that we shall be trained to do good works" (Bonhoeffer 1995:296). Bonhoeffer bring deugdelike dade hier in verband met die ewige lewe – soos die berader ook behoort te doen. Goeie dade van diens speel 'n rol by die ewige oordeel. Dit beteken nie dat goeie dade redding bring nie, maar 'n diensbare lewe is bewys van redding. Dit bring sekerheid en vrede oor die ewige lewe wanneer 'n persoon diensbaar lewe omdat dit redding bevestig.

Die erns waarmee God se Woord gedien word, het implikasies by die tweede koms van Jesus en die finale oordeel. Hier is die kritieke vraag: Het Jesus óns geken? (Bonhoeffer 1995:195). Die skeiding en toets vind daagliks plaas in die wyse waarop dissipels hulle nood, lyding, vervolging en lewensaanslae verwerk ... die keuse is reaksie en opstand of diensbaarheid en dissipelskap. Gelowiges moet dus rekening hou daarmee dat Jesus weer kom en dat die gebeure in die gelowige se lewe vormend op die ewigheid inwerk. Alle diens aan God het 'n eskatologiese kern en behoort fasiliterend op dissipelskap in te werk. Die Christen se lewe behoort daarop te wys dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie, dat dit van verbygaande aard is en dat die tyd kort is (Bonhoeffer 1995:294). Diens met die oog op die ewige oordeel verlos dus van 'n ongesonde aardseheid wat hierdie lewe te ernstig neem.

Hierdie gedagte van goeie werke aan die einde sal gelowige dissipels dus motiveer om alles te gebruik om God te eer. Wanneer ons ons hele lewe as offer tot goeie werke gebruik, kan dit vervulling en sekerheid bring om te weet dat die dienaar God se waarderende woorde sal aanhoor: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg ..." (Mt 25:21). "We shall be judged according to our works – this is why we are exhorted to do good works" (Bonhoeffer 1995:295).

Diensbare lewe in alle lewensomstandighede is die gevolg van 'n verhouding en navolging van 'n Persoon: God het Sy Seun gestuur – dit is waar genesing en gesonde lewe lê. Dit is nie genoeg om 'n nuwe filosofie of beter godsdiens te hê nie. 'n Mens het vir mense gekom (Bonhoeffer 1995:300). Wie 'n persoonlike verhouding met Jesus soek en daarin leef, sal ware lewe vind: “Such grace is *costly* because it calls us to follow, and it is *grace* because it calls us to follow *Jesus Christ*. It is costly because it costs a man his life, and it is grace because it gives a man the only true life” (Bonhoeffer 1995:45).

2.4.2 John N. Collins

John N. Collins laat publiseer in 1990 'n boek met die naam van *Diakonia: Re-interpreting the ancient sources*. Soos die boek se naam aandui, wil dit die woord *diakonos* herinterpreteer. Hy doen dit filologies en vervolgens sal enkele merkers vir diens uit hierdie herinterpretasie uitgeplaas word.

Latvus (2008:144) interpreteer dat Collins in sy analise die idee verwerp dat diakonos op 'n “humble service or table service” dui – soos dit vir lank verstaan is. Die konsep is eerder “... connected to the role of messenger. A *diakonos* is a ‘go-between’, an authorised figure that acts under the service of a higher power.” In baie gevalle “... the translation *servant* fits quite well” (Latvus 2008:147). “On quite a few occasions the appearances of the words *diakonia* and *diakonos* are connected to an honourable and high-level authorisation for mission” (Latvus 2008:149).

Hieruit sien ons dat diens in verband gebring word met die rol van 'n middelaar of tussenganger. 'n Dienaar is dus iemand wat tussen een wat stuur en 'n ander persoon wat ontvang staan. Hy is self 'n gestuurde. Aan die diakonos word dus sekere goedere toevertrou wat namens die sender aan die ontvanger oorhandig moet word. Dit is in lyn met die denke van hierdie studie dat die mens sekere sake – soos talente, persoonlikheid, lewensgeskiedenis en so meer – uit die hand van God ontvang en dit moet aan mense om hom namens God uitgedeel word.

Diens per definisie is nie “charity or social work” in die eerste plek nie. Die verkeerde interpretasie van die woord *diakonos* of *diakonein* is te wyte aan filologiese werke en woordeboeke wat dit as “loving service” verklaar. Die woord moet eerder dui op hardloper of boodskapper wat namens iemand optree (Collins 1990:11-12). Dit is veral by Plato waar Collins sy betekenis gaan haal, maar neem ook Nuwe Testamentiese argumente en interpreteer *diakonos* as

- handelaar: 'n persoon wat as middelman optree en goedere het om op die markplein aan te bied – 2 Korintiërs 2:14-6:13 (Collins 1990:79-80, 203);
- priester van die gode: wat interpreteer tussen mense en gode – 1 Timoteus 1:12 (Collins 1990:85, 215);
- terapeut (*θεραπεία*): mense wat namens hulle stad praat en die stad se belange op hierdie manier beskerm – 1 Korintiërs 3:5, 2 Korintiërs 3:6 en 6:4, 2 Korintiërs 11:23 (Collins 1990:87, 195);
- hardloper: iemand wat haastig is om 'n boodskap af te lewer – soos Hermes die mees uitstaande boodskapper en Jesus die Seun van die Mens – Matteus 23:11 (Collins 1990:90-91, 248);
- ambassadeur: wat die “authorised representative” is en manne van goeie karakter – 1 Timoteus 3 (Collins 1990:169-170, 239);
- “civil servants and agents in God’s Commonwealth”: amptenare om die welvaart van mense in God se Koninkryk te bedien (Rm 15; 2 Kor 8) (Collins 1990:173, 219).

In onlangse artikels beklemtoon Collins sekere aspekte. Hierdie diens is namens iemand – die Gees van God (2 Kor 3:8) en volgens 2 Korintiërs 5:18 mond dit uit in die diens van versoening. Vir hom is diakonia gewortel in 'n sogenaamde hoër grond oor diens (Collins 2006:31-32). Dit wys daarop dat diens nie 'n soort van “lowly service and merciful concern” is nie. Dit is eerder 'n “functional subordination” aan 'n sender en wys op 'n spesifieke rol wat iemand vervul (Collins 2009:79).

Hierdie interpretasie is veelseggend vir diens of *διακονία* wat in pastoraat as uitgangspunt vir diensbare menswees behoort geneem te word:

Die diens wat gelowiges het om aan te bied, is dus handelsware wat ander nodig het om 'n lewe van te maak. God werk in mense se lewe en dit gee aanleiding tot ervarings en ondervindings wat aan ander “verhandel” moet word sodat hulle lewens daardeur kwaliteit sal kry.

Hierdie handelsware is terapeuties van aard en bring genesing. Die wyse waarop bedien word, is meestal deur die gesproke woord. Dit sal dus by wyse van kommunikasie en vertel geskied. Persone wat lewensgoedere het om aan te bied sal vir ander daarvan vertel en op dié manier genesing bring. Die feit dat 'n persoon lewensgoedere, ervarings en 'n bepaalde persoonlikheid het, gee hom “outoriteit” om die boodskapper of handelaar te wees.

Die persoon wat die handelaar is, is beeld van Christus die Seun van die Mens. Jesus was die Denaar van God wat genade en lewe kom bemiddel het. Gelowiges kyk op na Christus wat een van ons kom word het en volg sy voorbeeld. Soos Hy God met mense geword het, word 'n gelowige 'n mens met mense – deur gedeelde ervarings – en deel hulle lewenswêreld met die doel om verlossing te bring. Alle persone het gawes of *χαρίσματα* wat met ander gedeel word. Collins (1990:255-256) noem dit “services” en “workings”. Die gawes in 1 Korintiërs 12 kan dus dui op bediening van gelowiges aan gelowiges namens God (Collins 1990:259). Maar die gawes is ook God se handeling – selfs pyn, lyding, probleme en teenspoed – in mense se lewens. Die dissipel sien sy lewe en die gawes daarvan as 'n bediening aan mense.

Dit is gawes of handelsware wat nie aan die gelowige behoort nie, maar iemand anders deel dit uit en moet namens Hom versprei word. Dit is dus 'n heilige obligasie van Christene individueel en korporatief – en nie 'n keuse nie. Wanneer dissipels ervarings deurgaans met die lewe, verwag God van die volgeling om hierdie ondervindings met ander te deel ter wille van lewensverryking en genesing. Dit is dan hulle wat die “language” (Collins 1990:258) het om die boodskapper te wees. Die persoon wat die dienaar of middelaar of gestuurde is, beleef sin en betekenis omdat hy 'n goeie diakonos is en deur die stuurder “mooi so” (Mt 25:21) aan die einde sal ontvang.

Dit is belangrik om in te sien dat diens volgens hierdie beskouing 'n amptelike karakter vertoon. Dit beteken hoofsaaklik nie dat dit in die vorm van 'n gestruktureerde of kerklike amp behoort te wees nie, maar dat dit iets is wat in die Naam van God gedoen word. Dit dra die karakter van verbondmatige diens. Dit is Hy wat gawes van die lewe gee en dit gee die nodige gewig om namens Hom na ander te gaan – sonder vrees of twyfel, maar met outoriteit en sekerheid dat God stuur. Die betekenis hiervan is tog vanselfsprekend. Die goedere wat verhandel word, is die lewensgawes van die diakonos wat God aan hom uitgedeel het. Die gawes van die lewe is dus nooit goedere vir die ontvanger alleen nie, maar handelsware tot voordeel van die medemens en omgewing. Wanneer die bemiddelaar teruggaan na God ontvang hy die eer vir goeie werk gedoen.

2.4.3 Douglas John Hall

Die beskrywing van die mens as *steward* is noodsaaklik omdat dit 'n metafoor is wat 'n korrektyf op sienings van die mens van vandag sal wees wat negatief op lewe inwerk; dit is die antwoord op mense wat 'n diep begeerte het na 'n “complete renewal of life” (Hall 1990:1). Hierdie beskrywing val dus volledig in die skopus van hierdie studie. Dit vra na 'n herstel van die mens as dienaarsbeeld van God sodat vernuwings van iets wat stukkend is, kan

plaasvind. Diensbaarheid sal dus nuwe lewe of genesing bring omdat dit die kern van God se beeld in die mens is.

Daar is egter 'n negatiewe konnotasie by mense aan diensbaarheid en moet van nuuts af deurdink en beskryf word. Die rede is dat daar 'n onsmaaklike konnotasie by lidmate en selfs leraars aan die woord dienaar is (Hall 1990:13). Die negatiewe konnotasies van die woord "dienaar" vra na 'n nuwe waardering en die antwoord lê daarin dat "[S]tewardship does not describe any one dimension of the Christian life; it describes the whole posture called 'Christian'" (Hall 1990:232). Diens is dus die sleutel wat die hele bestaan van die mens moet konstitueer. Hall onderskryf met ander woorde die gedagte in die studie dat die sleutel van diens vir die menslike bestaan behoort te doen wat beeld van God vir die beskrywing van menswees gedoen het. As na die stukkende wêreld van vandag gekyk word, vra dit na 'n dienaarsbeeld vir die navolgers van Jesus Christus om genesing te bewerk (Hall 1990:237). Aan die een kant is dit nie iets wat jy is nie, maar iets wat jy doen en daarom moet die totale Christelike lewe gesien word as 'n lewensaksie van dienaarskap (Hall 1990:244). Aan die ander kant is die manier waarop hierdie diens gedoen word die gevolg van 'n bepaalde self-identiteit: die mens is in wese dienaar (Hall 1990:254) en hierdie lewensinrigting moet vrywillig ontplooi word.

Hall (1990:21, 52, 76) beskryf in geen onduidelike terme nie die belang van die simbool van dienaar as hy sê: die mens as dienaar moet uitgelig word uit 'n funksionele en institusionele moeras. Dit moet die eer ontvang wat dit werd is sodat die mens weer dienaar kan wees en daardeur sy menswees kan vind. Dienaarskap kan 'n voertuig vir die uitleef van die Christelike lewe wees, maar slegs as dit as die kern van lewe gesien word en nie net 'n aspek daarvan nie. Die dienaarsbeeld van God moet 'n "full-fledged symbol" word. Hall vra dus dat die dienaarsbeeld van die mens die simbool is wat menslike bestaan in die toekoms moet konstitueer – soos hierdie studie pleit dat mense hulle totale eksistensie as diensgerig moet visioneer.

Hy beskryf dan wat dienaar beteken:

Hall (1990:28-29) neem die verhoudingsaspek as uitgangspunt van diens as hy interpreteer dat die Bybel die mens as 'n persoon in verhoudings beskryf. Daarom sal diens aan God en die ander skepsels die mens die beste definieer. Die mens as dienaar beskryf die mens se verhouding met God korrek omdat dit rekenskap van hom tot God vra, maar die mens is ook 'n verantwoordelike dienaar aan ander mense en die wêreld. Daarom sy beskrywing van die mens as teo-antroposentriese wese. Wanneer die mens binne hierdie metafoer optree, sal 'n vol lewe moontlik wees, want die vraag na wie die mens is, is nie 'n abstrakte vraag nie. Die

skrywers van die Bybel het 'n intense eksistensiële beskrywing van menswees gegee. Die afleiding word gemaak dat stukkende lewe kan herstel as die mens verantwoordelik voor God en mens optree.

As dienaarskap ernstig geneem word, sal dit aan die mens 'n korrekte wêreld-oriëntasie gee wat hom sal trek tot die korrekte optrede en leefwyse van diens. Dit herinner aan die geloof van die Hebreërs, stel Hall (1990:56), wat aards was en prakties toegepas is. Dit sal die mens verlos van die “electronic church’s presentation of Christianity” met sy “television evangelists and their sweet musical backup artists” (Hall 1990:60). Die kerk – gelowige dienaars – moet dus afsien van 'n soort gemakstoel-bestaan. Daar moet uitbeweeg word na die markplein. Dit sluit aan by Luther se konsep van teologie as roeping en Calvyn se verbondsteologie (Hall 1990:67). Dienswees vir die gemeenskap van gelowiges beteken dat juis dit die kerk weer vanuit die periferie in die kern van lewe sal plaas, vanuit 'n onaktiewe bestaan na 'n aktiewe lewensbestaan (Hall 1990:71). Dit sal van Christenskap weer iets maak wat waarde het. Dit sal aansluit by die beeld van die mens wat staan vir geregtigheid, die etiese, gehoorsaamheid en die aanspreek van die nood van die wêreld.

Die mens van vandag het 'n tegnokratiese ingesteldheid wat hom siek maak. Dit is nie dat die “gadgetry” (Hall 1990:80-87) van die mens verkeerd is nie, maar die gesindheid daarvan inkarneer iets verkeerd. Ten spyte van die wonderwerke van die tegnologiese era het dit ons nie gelukkig gemaak nie. Inteendeel, dit het die mens van sinbeleving en eiewaarde beroof. Tegnologie is leierloos, onkreatief en doelloos. Die afleiding hier is dat diensbaarheid as teenmiddel vir die gif van die tegnokratiese era lei.

Hall (1990:88-89) noem dat diens die mens ook sal verlos daarvan om 'n “black hole” te word. Hy stel dan dat Howard Hughes en Donald Trump 'n soort van model vir die tyd is waarin ons leef. Alles word ingesleep na die self. Die diepste van menswees – verhoudings – ly daaronder. Die mens se gejaag na selfverryking het suur geword.

Daar moet 'n ander manier van leef gemodelleer word.

Die Ou Testament beskryf dienaar nie as 'n alledaagse persoon wat in die sleur van die lewe diens doen nie. Diens is roeping wat die mens buitengewoon maak. Hy is dienaar wat verantwoordelik is vir die bestuur van lemand anders se besittings. Die eenaar vertrou die dienaar (en lei dus na 'n gevoel van waarde.) Maar die Bybelse definisie van dienaar is nie net een wat opdragte ontvang en kreatiefloos uitvoer nie. Hy is 'n superieure dienaar wat as ambassadeur besluite neem, bevele gee en leiding neem (Hall 1990:32, 101). Die mens gebruik dus sy lewensomstandighede op 'n intelligente wyse om daarmee die Koninkryk te

laat kom omdat hy verteenwoordiger van God is. Dit skep lewensruimte om gesond as hoof van die skepping te bestaan.

Die Nuwe Testament neem hierdie definisie verder: Jesus se navolgers is bestuurders van skatte, kos en geheimenisse vir alle mense “tot die eindes van die aarde” en so sien Paulus homself dan ook (Hall 1990:36-37). Wanneer gelowiges – of ongelowiges – hulleself dus sien as draers en bemiddelaars van lewensgoedere na mense, sal dit hulle verlos van ’n kleinlike bestaan en hulle laat reis na die uithoeke van die aarde. Nuwe vriende, ervarings, belewenisse en wêrelde sal ontdek word. Hall (1990:93-95) beskryf verder dat diensloosheid fenomene soos trots en slordigheid vertoon. Hierdie twee het die mens baie ongelukkig gemaak deur hom te dryf na privaatheid en sinloosheid. Dit het hom dus beroof van intieme verhoudings en eiewaarde. Dit is tog hier duidelik dat die mens kreatief met sy lewensomstandighede as geheimenisse (1 Kor 4:1) omgaan en dit aan ander bedien. Dit kan ook lyding insluit as dit hermeneuties ontleed, beskryf en toegepas word.

Die kruis is ’n daad van God wat dui op solidariteit en versoening. Die feit dat die mens vry is, maak hom nie los van sy tyd – verlede, hede en toekoms – nie. Hy is “... ‘bound’ to the past and future, yet ‘free’ to respond to the needs of the present” (Hall 2000:427). Daarom word die kruis van elke mens ook ’n plek waar met ander in verhouding getree word.

Jesus is die primêre model van dienaarskap. Maar Hy is meer as model en voorbeeld. Hy is ook die persoon wat in staat stel om diens te lewer (Hall 1990:45). Dit beteken dat ’n intieme verhouding met Hom die mens die potensiaal gee om dienaar te wees. In berading is een of ander vorm van oorgawe van die persoon se lewe aan Jesus is dus onontbeerlik.

Diens het nie net voordele vir hierdie lewe nie, maar ook vir die ewige. Jesus word nie net die Een wat die agenda van diens bepaal nie, maar is ook die Een wat rekenskap eis aan die einde (Lk 12:46) (Hall 1990:48). Diens het dus duidelike eskatologiese implikasies. Gesonde dienaarskap vereis daarom ’n wegbeweeg van jouself en jou onmiddellike behoeftes na ’n leef met die oog op die ewige oordeel. Daarom is diens die logiese uitvloeiing van geloof in Jesus (Hall 1990:107). Ons sien dit in die eskatologiese rede van Jesus in Matteus 24-25 as Hy sê dat die ware gelowiges – die skape – nie eers geweet het dat hulle gedien het nie.

Dit veronderstel dus logies “... that the primary mission of the church in the world is to turn human beings towards the eternal. Its object is the conversion of the unbelieving, or at least that all should be confronted by the claims of Christ and have opportunity to accept or reject them” (Hall 1990:103). Diens kan nooit los staan van die laaste opdrag van Jesus in Matteus

28:18-20 nie. Sou ons dus nie ook die ewige bestemming van onself en mense om ons in gedagte hou nie, is dit 'n "bejammerenswaardige" (1 Kor 15:19) bestaan. Hieruit word afgelei dat alle diens as't ware ingebed moet wees in die opdrag om ook die ewige lewe aan mense te bedien. Met ander woorde: alle diens het ook 'n dimensie van evangelisasie – anders is nog net tydelike dinge bedien. Die mens behoort die skat van die ewige lewe wat hy deur geloof in Christus ontvang het, uit te dra na die uithoeke van die aarde.

Opsommenderwys kan gesê word: Ware en gesonde menswees vra dat die mens homself sal sien as sendeling na die wêreld. Die wêreld ervaar min werklike liefde vandag. Wanneer Christene dienaars word en solidêr met die wêreld leef, sal dit hoop aan die wêreld self gee. Dit sal nie noodwendig rewolusionêre verandering teweegbring nie, maar vir die gewer en ontvanger van diens "... it would be enough" (Hall 1990:257-258).

2.4.4 Philip Hefner

Philip Hefner se siening van die mens word gekies omdat dit kontemporêre teologiese antropologie verteenwoordig en dit het in die debat van geloof versus wetenskap 'n belangrike bydrae gelewer: "There are few theological ideas that have caught on so well as that of the created co-creator" (Peterson 2004:827). Dit werk ook met die paradigma van die beeld van God en is 'n teologiese konsep (Irons 2004:773).

Volgens Hefner in *The Human Factor* is die mens "... created co-creators whose purpose is to be the agency, acting in freedom, to birth the future that is most wholesome for the nature that has birthed us – the nature that is not only our own genetic heritage, but also the entire human community and the evolutionary and ecological reality in which and to which belong. Exercising this agency is said to be God's will for humans" (Hefner 1993:27). Hierdie is dus 'n moderne beskrywing wat aansluiting vind by die Bybelse begrip van die mens wat moet heers as kreatiewe skepsel van God. Die mens skep, maar bly geskepte en moet dus sy etiese verantwoordelikheid begrens deur moreel te dink en te skep.

Die vraag is waarvoor die mens geskep is. Die antwoord: wat die mens ookal doen, het te make met die uitlewing van die doelstellings van God. Vir altruïstiese bestaan van die mens beteken dit dat Jesus Christus, sy leer en lewe, wys op selfopofferende liefde vir die heil van die hele skepping. Jesus is die model, want "... in Jesus we encounter the way things really are, the essential nature of creation" (Hefner 2009:164). Dit is belangrik om die mens as dienaar só in berading te beskryf aangesien die gevaar altyd bestaan dat 'n mens selfgesentreerd kan bestaan. Berading kan selfgerigtheid eerder as ander-gerigtheid aanhelp. Ons kan van mening wees dat ons kennis en vermoëns vir onself eerder as vir die

gesondheid van die res van die skepping en skepsels is. Wanneer die mens nie sy lewe as roeping en verantwoordelikheid vir God en ander sien nie, is die gevaar van selfgerigte lewe wesenlik teenwoordig. Die etiese asook die verhoudingsaspek as bestaansgrond van menswees verval dan.

Die mens is geskep, maar skep ook. Dit maak hom dus 'n persoon wat in vryheid optree, maar steeds verantwoordelik is aan 'n Skepper (Hefner 1993:100). Die mensbeskouing van Hefner – dat die mens 'n toekoms kan skep wat vir die menslike gemeenskap en ewolusionerende ekologie heilsaam sal werk – mag ooptimisties wees. Veral as na die hele saak van uitbuiting van aardse bronne, inheligheid en gepaardgaande aardverwarming gekyk word. Die mens as medeskepper het te dikwels sondig en boos geword. Daarom sal die mens weer moet leer om 'n "cooperative culture" en nie 'n "competitive culture" te vertoon (Case-Winters 2004:823). Nogtans verteenwoordig dit 'n Bybelse droom oor die mens om as God se kreatiewe agent met verantwoordelikheid oor die aarde te heers.

Die rigting van menslike bestaan is beide na God, medebewoners van die aarde en die natuur (Hefner 1993:60). Die lewe en sterwe van Jesus onderstreep dit wanneer Jesus deel van die mens se natuur – met al sy onsekerhede – word. Sy opdragte om diens te lewer ontvang Hy van God, die Vader, maar dit het ook implikasies vir die mens en die wêreld rondom Hom wat sug na die verlossing in Jesus. Dit beteken dat die mens moet leer om realisties met die lewe om te gaan. Verder help die gedagte dat die mens sy gene met die natuur (wat aan verdeling en vervloeking onderwerp is) deel. Daarom leef die mens steeds voluit te midde van risiko en onsekerheid. Die mens as *geskape medeskepper* maak van hom iemand wie se geloof in en deur die lewe self getoets word (Hefner 1993:15). Die lewensomstandighede van die mens is die plek waar hy lewe en nie iets wat teengestaan of verwerp moet word nie. Lewe is nie 'n bestaan in 'n ivoortoring waaruit die lewe aanskou word nie, maar deelname as speler wat een van die lede van 'n span is. Daarom is die mens deelnemer en nie beoordelaar van sy omstandighede nie. Gesonde lewe is om te midde van die sug van die aarde voluit met die leiding van die Gees te lewe. (Vgl. Rom 8).

Inteendeel, volgens Hefner se model is niks in die skepping sonder sin nie (Stone 2004:761-762). Dit is in die mens se gene om te ewolusioneer sodat hy al hoe minder sonde doen en 'n beter lewe kan beleef. Alles wat met ons gebeur, moet as offer aan God gegee word en dit is misterieus verweef met die offer van Jesus Christus. Christologies beskou is Jesus die model waarvolgens kulturele ewolusie moet plaasvind en verlossing van onderdrukkende lewensgewoontes verkry word. Om dus – deur omstandighede van die lewe te benut – diensbaar te raak aan die *imago* van Jesus bring groei en die volheidslewe waarna mense strewe. Om die lewensgebeure denkend te benut is dus eie aan die mens, eerder as om dit

te bevraagteken en teen te staan. Dit wys op 'n identifisering met die lydensbestaan van Jesus.

“Human nature is *biocultural* nature” (Hefner 2009:162). Elke mens se brein ontwikkel uniek as reaksie op die stimuli van die omgewing. Genetika speel dus 'n gedeeltelike invloed op die ontstaan en bestaan van die mens. Die brein is dus, in 'n sin, selfvormend. Die gevaar van die sosio-biologiese verklaring van die mens is dat etiek ook biosentries verklaar kan word (Peterson 2004:834). Tog kan aanvaar word dat elke persoon se reaksie op die lewensomstandighede in sy omgewing dus vormend op sy brein is. Die mens word daarom geroep om as produk van sy persoonlike omstandighede uniek op te tree as dienaar op die plek, in die tyd en tussen die mense waar hy hom bevind.

Hefner plaas liefde in 'n mite-rituele-praxis-model. Die mens se stories en rites in die lewe dra by tot liefde in praktiese menswees (Hefner 1993:205-206). Mense moet dus erns maak met hulle geskiedenis of mites en tradisies of rites sodat dit aanleiding gee tot die praktiese uitleef van liefde. Die ontleed en vertel van lewenstories kom hier na vore as moontlike metodes om gebeure in die lewe te integreer om gesond te leef. Hierdie hermeneuties-kommunikatiewe omgang met lewe voed die gesonde bestaan van die mens as verhoudingswese as hy sy subjektiewe verhaal binne die raamwerk plaas van ander se stories en laat afspeel binne die Meta-verhaal van God en mense.

Mense het dus outoriteit en intelligensie om deur oorweging en nadenke daardie keuses in hulle lewe uit te oefen wat die beste reaksie op lewensgebeure is. Dit stel die persoon met pyn in staat om sy krisis te hanteer tot die beswil van sy eie lewe, die naaste se voordeel en God se eer. Menslike aksie “... is marked in humans by conscious deliberation, decision, and taking of responsibility, and certain autonomy” (Hefner 1993:113). Dit wys op die hermeneutiese bestaan en verwerking van lewe. Hierdie manier van denkende en interpreterende lewe kom soveel keer na vore in die literatuur dat afgelei kan word dat die mens hermeneutiese wese is.

Die saak van die mens se verantwoordelikheid na die omgewing en aarde word biologies-wetenskaplik verklaar as synde die mens gemeenskaplike gene met die res van die skepping deel (Hefner 1993:21, 198). Daar behoort dus 'n altruïstiese bestaan na alle wesens en dinge van die wêreld te ontstaan (Stone 2004:765). Dit is die biologiese en subjektiewe normering van diens, maar Peterson (2004:831-832) sê: Alhoewel daar 'n sosio-biologiese grond bestaan vir die mens wat die aarde en omgewing moet dien, val die intensie tog kort van die allesomvattende opdrag van God in die Bybel om altruïsties met sy omgewing om te gaan. Dit is weereens 'n bewys dat die mens nooit gesond sal kan bestaan sonder 'n vorm

van objektiewe leiding nie. Die klem op die *created* van die *co-Creator* mag dus nooit misgelees word nie. Daar bestaan eenvoudig nie gesonde lewe onafhanklik en bandeloos van die Skepper nie. Die mens bly geskep en kan nie self skep nie.

Die gedagte van “co-creator” is baie toepaslik om die mens se relasionele kant as dienaar te beskryf en baie wetenskaplikes reageer positief op die verklaring van die mens as “created co-creator”, skryf Willer (2004:844). Aan die ander kant oorskat dit die potensiaal van die mens om goed te skep. Dit het ook die gevaar dat die woord “created” kan verval en dit verhef die mens tot ’n onafhanklike skepper met absolute vryheid. Maar uiteindelik, vervolg Willer, bring Hefner se model ’n korrektief op die mens van vandag wat te veel konsentreer op “beeld van God” en te min maak van “geskep”. Die feit dat die mens uit die stof van die aarde kom, word erken. Dit bring die mens weer na sy oorspronklike posisie, naamlik dat hy “steward of creation” is. Sy heersersfunksie is “stewardship” (Case-Winters 2004:817, 821). Die morele en relasionele rol van die mens word deur hierdie term erken en daar is dus ’n God van die “created co-creator” met Wie in ’n verhouding gestaan word en aan Wie rekenskap gegee moet word. Dit sit dus die mens op sy plek en sluit alle arrogansie van onafhanklikheid en uitbuiting uit.

Ten slotte sou die volgende oordeel oor Hefner gestel kon word:

Alhoewel hierdie verklaring van die “created co-creator” midde in die wetenskap versus teologie debat staan en sterk neig na ewolusionistiese verklarings, lewer dit ’n bydrae om die wese van die mens aan persone te verklaar wat hulle met hierdie sake van skepping identifiseer. Bowendien is dit nie teen die Bybelse siening van die mens as dienaar van God nie. Dit is veral die klem op die mens se *medeskeppende* potensiaal en verantwoordelikheid wat die mens se dienaarsrol beskryf. Hy skep saam met God en bly dus onder gesag. Dit korrigeer die mens wat van vryheid ’n absolute waarde maak. Alhoewel die mens deel van die natuur is, kritiseer Hefner (1993:154, 239) sekere toepassings van Christelike antroposentrisme en pleit dat die beeld van God minder antroposentriese en meer teosentriese toegepas moet word om die mens minder uitbuitend en meer diensbaar te maak.

As daar een saak is wat in hierdie siening van Hefner nie pertinent gestel word nie – soos in die meeste onlangse beskrywings van die mens – is dit die eskatologiese implikasies van die mens. ’n Suggesie hiervan word tog gemaak as hy oor die lewe die volgende opsomming maak: “In this drama we discover anew that we are accountable to the holy and its larger purposes” (Hefner 2009:166). Dit gee erkenning aan Iemand(?) heilig, maar nie genoeg om eskatologie in te bed in pastorale prosesse nie.

2.5 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk word afgesluit met die antwoord van Polkinghorne en Beale (2009:80-81) op die vraag wat dit beteken dat die mens beeld van God is:

- Ons is persone wat in staat is tot ware liefde. Daarom is ons toegerus met 'n vrye wil in 'n werklikheid met vry prosesse wat rasioneel, maar nie voorspelbaar is nie. Dit onderstreep die *kreatiewe en verhoudingsperspektief*.
- Ons is in staat tot morele keuses. Dit beklemtoon die *etiese perspektief*.
- Ons is intrinsiek deel van 'n liefdevolle gemeenskap. Die feit dat die Drie-eenheid by die skepping teenwoordig was, gee die dimensie van "laat ons maak ... man en vrou het Hy geskep". Dit bevestig die *verhoudingsperspektief*.
- Ons is intrinsiek waardevol in God se oë. Dit wys op die *perspektief van nood*.
- Ons is kreatief – geroep om medeskeppers te wees. Dit roep die *perspektief van kreatiwiteit* op.
- Ons is in staat tot perfekte eenwording met God deur sy genade en redding. Jesus is die perfekte beeld van God. Dit herinner aan die *perspektief van die ewige*.
- Wetenskap se vermoë om die struktuur van die skepping te bepaal, help ons om te verstaan wat dit beteken om beeld van God te wees. Dit wys op die *perspektief van kreatiwiteit en verantwoordelikheid*.
- Die toegewing om te heers namens God word verstaan in die lig van die herderkoning eerder as 'n uitbuitende beskrywing. Dit moet verstaan word teen die agtergrond van destydse konings wat beelde van hulleself opgerig het om aan hulle outoriteit te herinner. Dit is die *etiese en verantwoordelike perspektief* wat mense as beeld van God moet vertoon.

Wat in die volgende hoofstuk verder ontwikkel sal word, is navorsing oor die helingsmoontlikhede van die eksistensie van hierdie perspektiewe op beeld van God.

HOOFSTUK 3

WISSELWERKING TUSSEN GENESING EN DIENS

3.1 INLEIDING

Die verhandeling het drie sleutelbegrippe wat ondersoek word: diens, genesing en lydingsgebeure.

In die vorige hoofstuk is teologiese lyne getrek oor die spesifieke betekenis van die *dienaar* (en sy *diens*) as beeld van God. Daarin is ook enkele pastorale implikasies beskryf.

Hierdie hoofstuk sal poog om te verstaan wat onder *genesing* bedoel word en wat die verband met diens is. Die gekonkludeerde uitgangspunt van hoofstuk 2 (dat gesonde en gelukkige lewe resoneer met die skeppingsdoel van die mens, naamlik om dienaar van God te wees) word nou verder nagevors. Daarom word die volgende paradigma nou ondersoek: die ontologiese beeld het eksistensiële implikasies op die beelddraer wat genesend is. Hall (1990:1) pleit dat die *steward*-metafoer 'n herlewing in lewe sal bewerk vir mense wat dit begeer. Hy meen dat dit 'n korrektief op sienings van die mens van vandag sal bring. Aangesien 'n korrektief nodig is, sal die wisselwerking tussen sonde – as ontoepaslike gedrag op lewensgebeure – en diens ook aan die orde kom.

Die hoofstuk sal begin deur daarop te wys dat daar ontoepaslike gedrag op 'n krisis bestaan. Dit kan ook die “sonde van diensloosheid” in terme van hierdie studie genoem word. Diensloosheid word dus sonde genoem, maar nie in legalistiese sin nie. Dit is in wese gedragsvoorkomste wat die teen- of anti-beeld van God vertoon. Daarom sal hierdie beelde nie as 'n sogenaamde sondeleer oor diens ontwikkel word nie – of in die res van die hoofstuk so hanteer word nie.

Die hoofstuk sal ook die moontlike negatiewe reaksies van die postmodernisme en tegno-sekularisme (wat nie sonde per definisie is nie) in terme van diens as ontoepaslike vorme van aksie teenoor pynlike gebeure bespreek. Vervolgens sal gewys word op toepaslike reaksies teenoor krisisse en hoe dit genesing bewerk. Ten slotte sal die sienings van Henri Nouwen bespreek word en gewys word op sy siening van optredes teenoor pyn.

Die hoofstuk hierna sal dan poog om die invloed van lewensgebeure – veral *lydingsgebeure* – en die rol van God daarin op die gesonde bestaan van die mens as *dienaar* te ondersoek.

3.2 DIENSLOOSHEID

As daar nie ontoepaslike optredes teenoor pynlike gebeure was nie, sou daar nie sprake van genesing wees nie. Dit is optredes wat siek maak en wat genesing sy bestaansreg gee. Daarom sou die saak van diens wat genesing bring nie volledig wees sonder 'n definiëring van verkeerde optredes teenoor krisisse nie. As verkeerde optredes nie uitgewys word nie, sal die roeping tot 'n heilige lewe altyd gefrustreerd bly (O'Collins 2007:45). Dit het ook implikasies in berading vir die hantering van die evangelie van die kruis. 'n Swak hantering van ontoepaslike optredes of sonde lei na 'n verswakking van 'n teologie van die kruis (Russell 2003:178). Die belang van die drie ampte van Jesus word dus daardeur in berading gering geag: omdat die erns van verkeerde optredes nie hanteer word nie word die *priesterlike* bewoënhed oor swak beeldnabootsing verloor, daar word nie aandag gegee aan die *profetiese* oproep na 'n bekeringslewe nie en die *koninklike* heers oor lewe wat siek maak, ontnem 'n oorwinningslewe sy krag.

3.2.1 Diensloosheid as omkeer van die beeld

Daar is daarop gewys dat die beeld van God sleutel tot gesonde- of oorfloedige bestaan van menswees is. As die imago Dei dan die norm vir ware menswees is, is verkeerde reaksie (op pynlike gebeure) die omkeer van die beeld van God (Heyns 1974:89). Daar is ook die punt gemaak dat die begrip "dienaar" 'n sleutel is om die beeld van God te verstaan. Daarom is die omkeer van die beeld diensloosheid. Dit bring 'n nie-outentieke vorm van menswees.

'n Belangrike uitgangspunt is egter dat die mens nie die beeld van God na hulle ongehoorsaamheid verloor het nie, maar wel die uitvoering daarvan; slegs die kontinuïteit van die beeld het verlore gegaan (Anderson 1982:72, 102) en daarom is 'n terugkeer of bekering na die beeld 'n helingsproses. Anders gesê: die siekte van diensloosheid moet aangespreek word. Diensloosheid is dus die anti-beeld van die diensbeeld-perspektiewe in hoofstuk 2 genoem.

3.2.2 Diensloosheid as nalating

Die idee is nie nuut nie, maar "... omission are as unethical as sins of commission" (Tucker 2008:131). Die vraag is nie wat ons verkeerd doen of wat ons nuut moet doen nie. Die probleem is dat ons nie doen wat ons reeds weet wat reg is nie. Die saak van verkeerde optredes is nie die fokus van berading nie. Ook nie die skep van skuldgevoelens oor versuim nie. Dit is nie dat gesonde skuldgevoelens verkeerd is nie, maar "[P]erhaps it is time

to reduce the emphasis on the search for what works and begin to study *why* we don't use what we already know that works" (Tucker 2008:132-133).

Sonde as ontoepaslike gedrag word nie gesien as 'n onaantasbare mag nie. Die beeld is versteur, maar nie verloor nie; God se goedheid bly teenwoordig en kan nie deur diensloosheid vernietig word nie (Cochran 2009:404-405). Die beeld is 'n dinamiese norm wat oproep tot vernuwende aksie. Hierdie benadering om die mens as dienaarmens te neem, sluit aan by die bydrae van Hall (2000:415) dat pastoraat op die wese van die mens as skepsel moet konsentreer. Jesus is dus 'n positiewe rolmodel. Die evangelies plaas 'n geweldige hoeveelheid klem op identifisering met Jesus – eerder as veroordeling (Hall 2000:416). Die beeld is Jesus, die Redder (Jh 4:14) wat volheid van die lewe bring (Jh 10:10). Die realiteit van sonde word erken, maar ook die hoop van nuwe lewe. Daar is dus potensiaal waarna opgeleef kan word.

3.2.3 Diensloosheid en narsisme

As die beeld potensiaal is, is dit verder belangrik om daarop te let dat sonde as diensloosheid nie in die eerste en laaste instansie in sigbare dae alleen setel nie. Vir die doel van hierdie studie word aangesluit by Capps (1987:1) se sondebeskrywing as "... an orientation to life which is potentially or actually harmful ..." vir gesonde bestaan op alle vlakke. Dit gaan dus meer oor verkeerde of ontoepaslike lewenswyses as sonde in legalistiese sin. In die lig hiervan noem Capps (1987:11) sewe klassieke doodsondes: trots, jaloesie, woede, luiheid, gierigheid, vraatsug en wellus.

Vir hierdie studie se doeleindes word al sewe sondes as die teenpool van die perspektiewe van diensbaarheid vir hierdie studie herinterpreteer:

- Trots keer die afbuig na mense in nood.
- Jaloesie vernietig die motivering vir doen van goeie dae, naamlik dankbaarheid.
- Woede verteenwoordig die teendeel van sagtheid wat 'n voorwaarde vir diens is – jeens God, mekaar, self en die wêreld.
- Luiheid is per definisie diensloosheid.
- Gierigheid is 'n gesindheid om te ontvang en nie te gee of te dien nie.
- Vraatsug wys op 'n preokkupasie met die self.
- Wellus is ingestel op selfbevrediging eerder as die voordeel van ander.

Capps (1993:16) wys daarop dat narsisme – as persoonlikheidsversteuring – hierdie afbrekende optredes beskryf of opsom. Die simptome van narsisme is sake soos 'n tendens

om prestasies buite verband aan te blaas, hipersensitiwiteit vir kritiek en 'n gebrek aan empatie vir ander.

Pembroke (2004:164) beskryf narsistiese mense as persone wat 'n onvermoë het om hulle talente te gebruik en doelwitte na te jaag. Dit gee aanleiding tot 'n gevoel van leegheid, depressie, uit voeling wees met realiteit en skaamte. Hieruit word afgelei dat narsisme 'n onvermoë om diens te lewer veroorsaak. Dit het ernstige en afbrekende gevolge vir die mens se lewe.

3.2.4 Diensloosheid is bestaan sonder telos

Die ware mens is een met wie God 'n doel het. Die Hebreuse woord vir sonde is om die doel te mis en die Griekse term *hamartia* sluit hierby aan (König 1991:109). Die sonde van diensloosheid beteken daarom dat die mens weier om denkend en met wysheid te leef. Sonde is eiewillige bestemming-verongelukking (Heyns 1974:128-129). Die persoon wat nie skeppend en kreatief met omstandighede leef nie, verongeluk dus sy eie toekoms – in hierdie lewe en vir die lewe wat kom. 'n Bestaan wat nie teleologies gekenmerk word nie, kan nie ontplooi nie. Positief gestel: 'n persoon wat sy lewensgebeure aanwend om na sy unieke doel te groei, bereik vitaliteit.

3.2.5 Diensloosheid is om te vergeet

In hierdie verband kan gewys word op die feit dat dit verkeerd is om nie te onthou nie. Anders gestel: 'n lewe sonder hermeneutiese inspanning is onvolledig. Anderson (2010:125) vra die vraag na die konsekwensies van die vergeet van die herinneringe van lyding. Sy antwoord (Anderson 2010:126, 134) – ook as kritiek op die postmoderne benadering waar die tradisie soms anatema word – is dat die onderdrukking van lydingsgebeure daartoe lei dat die mens nie tot volle potensiaal kan ontwikkel nie. Die volle waarheid van die lewe word nie aangespreek nie. Die kreatiwiteit van menswees – waar lewensgebeure aangewend en benut word om 'n nuwe toekoms te skep – word dus ontken. Die ingrypende hand van God word nie raakgesien nie en die unieke telos van die individu word nie bereik nie (Heyns 1974:128-129).

3.2.6 Diensloosheid is gebrek aan rentmeesterskap

'n Mens se persoonlikheid, gawes en individuele geskiedenis is lewensgoedere wat geskenke uit die hand van God is. God gee aan elkeen soos Hy dit goed dink en só word unieke mense gevorm. Maar hierdie unieke lewensgoed moet ook namens God bestuur en

gebruik word tot eer van God en ten bate van ander. Die gelykenis van die talente in Matteus 25 wys op die gebrek aan rentmeesterskap. Die man met die een talent het dit gaan begrawe en nie gebruik nie. Wanneer mense nie hulle lewenservarings erken en bewustelik daarmee omgaan nie, word dit nie aan “tyd” blootgestel nie en daarom lewer dit niks op nie (Anderson 1982:36, 49). Dit word as’t ware begrawe. Dit beteken dus dat omstandighede – ook teenspoedende gebeure as talente – benut moet word sodat dit rente kan verdien. Dit het selfs implikasies by die ewige oordeel wanneer die goeie en getroue dienskneg ingenooi word om die heerlikheid van die Heer vir ewig te beleef. Diensloosheid ontnem die mens dus sy vrede oor die ewige oordeel.

3.2.7 Diensloosheid is weiering om relasioneel te leef

Diens neem nie die subjektiewe van menswees weg nie, maar gesonde bestaan is verhoudingsbestaan – en dit sluit die verhouding met die self in. Elke persoon se uniekheid word nie net deur homself bepaal nie, maar is ’n posisionering of reaksie op ander en die moontlikhede van die lewe. Die persoon wat onttrek na ’n innerlike wêreld sonder ander word ’n onpersoonlike objek. Hierdie waarheid word begrond deur die gawes van 1 Korintiërs 12. Gawes is iets wat persoonlik of subjektief ontdek word, maar aangewend en gebruik word in die gemeenskap met ander (Anderson 1982:55, 63). Diensloosheid is dus onttrekking en onbetrokkenheid by die medeskapsels en die skepping self. Die mens se verhoudingsbestaan word so bedreig. Dit ontnem die mens sy unieke bestaan in die skepping in terme van verantwoordelikheid.

3.2.8 Diensloosheid is liefdeloosheid

Diensloosheid vind dus gestalte in die weiering om ander lief te hê en te dien. Alle sonde kom neer op die mislukking om met en op liefde te reageer: liefde tot God en die naaste (vgl. Mt 22:37-40). Diensloosheid is die sonde van wegdraai van God en mense wat ons lewe kan verryk en sin gee. Daarom het Luther die toestand van die mens beskryf as ’n menslike wese wat ingebuig is na homself – *homo incurvatus in seipsum* (O’Collins 2007:60). Die sonde van hierdie soort diensloosheid kom daarop neer dat die mens die beeld skend deur anders as Jesus te leef. Dit negeer die inkarnasie as voorbeeld vir navolgers en sien nie die nood van mense raak nie en doen ook nie iets daaraan nie (vgl. Fil 2:5-9).

3.2.9 Diensloosheid wys op verbyleef by nood

Heyns (1974:90, 92, 132) beskryf die sonde van diensloosheid as volg:

- In die verhouding met God kom sonde van diensloosheid neer op die feit dat God nie gedien wil word nie. Dit is die etiese aspek van diens.
- Teenoor ons medemens beteken diensloosheid die onverskillige verbyleef by ander asof mense 'n keuse het om die naaste te dien, of nie. Dit tas dus die gesonde verhoudingsbestaan aan.
- Diensloosheid in terme van die self kan met selfverryking beskryf word. Die mens leef om homself te verryk en nie die ander nie.
- In die verhouding met die natuur en kultuur is die sonde van diensloosheid om verantwoordelikheid te ontduik en nie roeping tot bestuur uit te leef nie. Dit is om Gods water oor Gods akker te laat loop.

Diensloosheid is dus afbrekende gedrag wat die mens in alle aspekte van sy bestaan raak omdat hy weier om dienaar te wees.

3.2.10 Diensloosheid is verbondsverbreking

Die mens (Abraham) ontvang seën van God sodat hy 'n seën vir die ander (nasies) kan word. Dit is die verbondmatige ooreenkoms tussen God en mense (Gn 12:2). In Jesus ontvang gelowiges redding wat ook tot redding vir die nasies bedoel is. Ons hoor dit in die ooreenkoms: soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook (Jh 20:21). Sonde is verbondsverbreking, liefdesweiering, wegbreek uit die enigste atmosfeer waarin ons aard: liefdesgemeenskap (König 1991:200-201). Dit dui op 'n lewe sonder liefdesdiens. Ander mense word voorwerpe om te gebruik en nie mense in nood wat my nodig het nie. Die mens leef vir die self in plaas van vir God en naaste. Diensloosheid is dus die sonde van narsisme en selfsug. So 'n bestaan is onmenslik en bring nie die lewensvervulling en volheid wat God bedoel het dat die mens moet beleef nie.

3.2.11 Diensloosheid en passiwiteit

Jesus se inkarnasie wys op 'n aktiewe uitbeweeg na die mensdom wat in sonde verlore was. As die tweede Adam tree Hy dus anders op as die eerste Adam wie se reaksie op Eva se sonde in die teken van passiewe weerstand teen God staan. Adam en Eva se sonde wys in wese op 'n opstand teen God en die geskape orde (Biddle 2006:360). Hieruit word afgelei dat die mens van vandag eerder opstand teen sy persoonlike (geskape) omstandighede kies as 'n gehoorsame aanvaarding en dankbare gebruikmaking daarvan. Wat Adam se sonde kenmerk, is sy kapitulasie aan Eva se keuse. Adam se stilswye is opvallend as hy nie 'n enkele vraag as weerstand opper nie (Biddle 2006:362). 'n Passiewe houding teenoor

mense se gedrag is dus 'n wesenlike sonde van die Adam van vandag. Hierdie narsissistiese gedrag veroorsaak 'n skaamte by Adam en Eva omdat hulle nie die beeld van God vertoon nie (Biddle 2006:363). Dit bring juis die teenoorgestelde van die verwagting van die eerste mense: skaamte in plaas van vervulling, besef van naaktheid in plaas van 'n lewe van trots.

3.2.12 Diensloosheid is hoogmoed

Diensloosheid is ten slotte ook hoogmoed. Die mens wil nie diensbaar wees aan die beeld van God nie. Hy wil self God wees, nie dienaar nie. Diensloosheid is verongelukking van die kernaspek van menswees: Johannes en Jakobus het uitsoekplekke gesoek, Saul wil nie kneg van God wees nie, maar selfstandig in eie reg optree en Kaïn weier om vir sy broer verantwoordelikheid te neem. Sonde as diensloosheid is liefdeloosheid, selfliefde, ongehoorsaamheid, hoogmoed, traagheid. (Vgl. König 1991:144-174).

Die selfsugtige onafhanklikheid van Adam en Eva, die arrogansie van die mense van Babel, die ongehoorsame liefdeloosheid van die aanhoorders van die profete, die sout wat smaak verloor het van die nuwe mens en die teken van die dier op die voorkoppe van die mens wat die wêreld aanbid, het nog nie verdwyn nie. 'n Kritiese beoordeling van die mens van die dag moet gegee word om te wys op die saak van diensloosheid en aan te toon dat en hoe genesing nodig is.

3.3 'N KRITIESE BEOORDELING VAN DIE MENS VAN VANDAG

Daar word nou oorgegaan om twee mensbeskouings te bespreek. Dit word gedoen na die bespreking oor diensloosheid as sonde wat die beeld van God aangetas het. Daarmee word nie in die eerste plek bedoel dat hierdie uitlewing van die mens *per se* sondig is nie, maar dat dit resente beskrywings van die mens is. Daar wil gepoog word om die dissonansie én resonansie met die imago Dei as moontlike merkers in pastoraat van vandag aan te toon.

3.3.1 Postmoderne mens

Alhoewel die saak van die postmoderne mens in baie literatuur volledig beskryf is, sou die studie onvolledig wees as die mens as dienaar en die postmoderne mens nie kortliks aangeraak word nie. Aan die ander kant is die bedoeling ook nie om 'n volledige beskrywing van die postmodernisme daar te stel nie. Daar word steeds gefokus op die dienaarsbeeld van God. Daarom sal slegs enkele breë lyne in die lig van die mens as dienaar bespreek en beoordeel word. 'n Kritiese ondersoek na die waarde van en leemtes in die postmoderne

epistemologie word gepoog. Bruikbare sienings en effektiewe werkswyses kan geselekteer word wat Christelike berading kan verryk en wysig, ten einde te verseker dat dit relevant, effektief en in belang is van die postmoderne mens.

Daar bestaan nie twyfel dat die postmoderne gees invloed op die mens van vandag het nie: "We are now clearly influenced by the age of postmodernism, with its emphasis on diversity, skepticism, relativism and discourse. We are swimming in a sociocultural river whose waters can both nourish and drown us" (Doherty 1991:42). De Beer (2009:43) toon by wyse van verskeie bronne aan dat "[P]ostmodernisme is die geestestroming waarbinne ons staan." Ook Janse van Rensburg (2002:43) noem dat ons in 'n postmoderne era staan – al stem hy nie saam met die gees daarvan nie.

3.3.1.1 Vloeibare realiteit

'n Sentrale tema van die postmodernisme – met Friedrich Nietzsche, Ferdinand de Saussure, Martin Heidegger, Claude Levi-Strauss, Jacques Derrida, Jean-Francois Lyotard en Jean Baudrillard se werke as die wortels van die postmodernisme – is dat niks ooit dieselfde bly nie. Realiteit is vloeibaar en kan nie gedefinieer word nie. (Vgl. Janse van Rensburg 2000a:13-33). Mense aanvaar alles nie sonder meer as die "waarheid" nie (Du Toit 2000:51). Hierdie postmoderne epistemologie is kompleks en vol teenstrydighede (Foshaugen 1999:1).

Menslike lewe het dus baie vloeibaar geword. Soos nêrens in die geskiedenis staan menslike lewe op los grond en herinner aan die beskrywing van die gemeenskap in Rigters 6:17 "Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë." Die postmoderne benadering het dus min te sê vir die verwarde mens wat na die berader vir vastigheid kom. Dit word versterk deur die feit dat die persoon van wie leiding verwag word ook versigtig moet wees omdat waarheid op losse voet staan. Daar is ook nie veel rede om hoop vir die toekoms te fasiliteer nie, want niks bly dieselfde nie. Die postmodernisme ontken die rol wat godsdiens en geloof in menslike lewe speel, maar beskryf nie sy eie antwoorde vir die lewe nie en laat niks vir die mens om oor te dink of aan vas te hou nie (Caiazza 2006:241).

Op die oog af lyk postmodernisme of dit alles op 'n afgrond laat afstuur. Die taak van die pastoraat is egter om te gebruik, te assimileer of te waarsku. Daarom is die standpunt van hierdie studie: "Yet this is not an occasion for nihilistic despair or dismay but an exhilarating opportunity for remaking ourselves, telling our stories with the inventive power of new language, and fresh metaphors" (Parry 1991:39). Die potensiaal vir die mens om deur sy lewensomstandighede 'n nuwe lewensmoontlikheid – of lewe van diensbaarheid – te skep, is

dus groter as in die verlede. Daar sal egter duidelik gestel moet word wie die mens is en hoe hy sy telos behoort uit te lewe. Daar sal gewys moet word op die gevaar van 'n moderne Adam en Eva wat uit hoogmoed nie op 'n etiese grond kon bly loop nie.

Die mens het die unieke struktuur wat hom in staat stel om inligting van buite te organiseer en betekenis daaraan te heg (Von Glaserveld 1995:154). Hier vertoon die postmoderne mens 'n raakvlak met die kreatiewe beeld van die mens wat sy eie subjektiewe werklikheid konstrueer deur 'n proses van kognitiewe aktiwiteite. Wanneer die postmoderne mens dus toegelaat word om sy individuele geskiedenis kognitief te ontleed en in sy lewe te integreer kan dit positiewe gevolge op lewe hê. Dit kan egter in botsing wees met die mens wat ook eties voor God moet lewe. Verder kan dit wees dat wanneer die mens sy eie kenner en wysheer word, die hermeneutiese proses tot een vlak van denke vervlak en selfs immorele gevolgtrekkings gemaak word.

Die rol van die Woord van God moet ter sprake kom in begeleiding omdat ons reeds gesien het dat die mens etiese wese is en nie subjektief alleen kan bestaan nie. Omdat die postmoderne mens inligting van buite kan verwerk, kan die Bybel dus as norm "van buite" as alternatief voorgelê word. Maar omdat hy sy bestaan op losse voet grond, moet dit versigtig benader word – met die hoop dat die vaste grond van die Wil van God aanvaar sal word en veiligheid sal bring.

Die postmoderne mens sluit ook aan by die feit dat die mens verhoudingswese is: die proses van werklikheidskepping vind in 'n sosiale milieu by wyse van gesprekvoering plaas (Du Plessis 2000:56). Wanneer die postmoderne mens dus sy storie aan ander vertel, skep dit 'n werklikheid waarop hy sy lewe kan bou. Sou hy daarmee saam die vastigheid van die Woord van God, volwasse gelowiges en 'n sensitiewe fasiliteerder kan integreer, spel dit gesonde lewe.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die epistemologie van die postmoderne mens hom in staat stel om deur eie ordening en skeppingsprosesse van sy eie kennis, ervarings, interaksie met andere en die wêreld 'n nuwe werklikheid te skep wat vir hom werk. Die rentmeester-mens wat dus aktief omgaan met sy lewensomstandighede en dit "diensbaar" maak, skep heling en gesondheid – die shalom-lewe.

Die vraag is egter hoe die postmoderne mens inligting van buite sien en hoe daarby aangesluit kan word om lewensomstandighede te integreer tot 'n nuwe lewe. Helper en hulpsoeker behoort hul onderskeie epistemologieë duidelik met mekaar te kommunikeer sodat persone weet waar hulle met mekaar staan.

3.3.1.2 Die bestaan van objektiewe realiteit word ontken

Von Glasersfeld (1995:1, 26) sien die postmoderne mens as een wat "... starts from the assumption that knowledge, no matter how it be defined, is in the heads of persons, and that the thinking subject has no alternative but to construct what he or she knows on the basis of his or her own experience." Daar bestaan dus slegs 'n subjektiewe realiteit, wat konstant deur die mens se ervaringe en meegaande kognitiewe prosesse geskep word. 'n Objektiewe werklikheid of kennissisteem bestaan dus nie en daarom word tradisionele siening vervang deur die mens se eie voorkeure en subjektiwiteit (Foshaugen 1999:2).

Dit skep 'n probleem vir die Christelike benadering aangesien God Drie-enig nie vir die Christen 'n relatiewe en vloeibare begrip is nie, maar 'n vaste waarheid. Vir die postmoderne mens is waarheid konteksgebonde, word deur middel van interaksies gevorm en is nie die resultaat van die mens se objektiewe redenering nie – daarom verander waarheid dus voortdurend (Schenk 1998:14). In Johannes 14:6 word na Jesus as die Weg, Waarheid en Lewe verwys. Daar word ontken dat daar 'n fundamentele beskrywing vir verskynsels en ervaringe bestaan (Gergen 1994:72). Wat sou die Christelike antwoord hierop wees?

In die eerste plek kan positief gereageer word en beweer word dat die postmodernisme in hierdie sin 'n bydrae gelewer het om die rol van mag in gesprekke uit te lig. Die etikettering van mense wat sogenaamd siek is, is ook hierdeur verminder. Daar is nie normaal en abnormaal nie (Janse van Rensburg 2000a:10). Dit het ook die rol van die berader na 'n meer neutrale rol verander en 'n openheid tot eerlike gespreksvoering of diskoers aangewakker. Die waarde is dat die dominante verhale van mense na vore kom – selfs mense wat uit die samelewing uitgeskuif is, kry die selfvertroue om hulle ervarings te deel (Parry 1991:39-40).

Die afleiding moet gemaak word dat terapeute se rolle verander van slim oortuigers na kataliseerders, fasiliteerders en intellektuele ondersoekers eerder as pragmatiese probleem-oplossers of raadgevers. Dit verskaf die ruimte aan mense met enige lewenspyn om dit onbevange aan te wend om kreatief 'n nuwe lewensruimte te skep. Berader en gespreksgenoot stap saam 'n pad en is nie bedreigend vir mekaar nie omdat die omstandighede van die gespreksgenoot ernstig geneem word. Verder kan die berader nie meer Skrif gebruik om mense in 'n spesifieke rigting te dwing nie, omdat die mens self sy realiteit skep, maar moet die Skrif as 'n alternatiewe lewensbron voorgelê word.

Tweedens moet afwysend gereageer word op die postmoderne idee van waarheid wat konteksgebonde en vloeibaar is. Dit kan lei tot morele relativisme. “’n Gevaar verbonde aan morele relativisme is dat dit toewyding aan ’n sekere stel van waardes of ideale ontmoedig en geen motivering verskaf om vernuwing in die lewe van individue of van ’n gemeenskap te bevorder nie. So ’n benadering wek verder die indruk dat alle standpunte getolereer word en dat die postmodernisme opsigself geen morele standpunt bevorder nie,” beweer Els (2010:136) en toon aan dat hierdie morele relativisme ook aanleiding kan gee tot ’n vals selfvertroue omdat die Transendente Ander ontken word. Hiermee kan die meta-Verhaal in die Woord van God oor God se betrokkenheid by mense negeer word omdat dit sogenaamd onderdukkend kan wees. Dit ontnem die berader en gespreksgenoot ’n basis of agenda vir gesprek. Die afleiding kan gemaak word dat só ’n benadering inderdaad kan lei tot ’n subjektiewe wêreld wat kleinlik is, elkeen sy eie beperkte waarheid bepaal en elke persoon sy eie mentor word.

Die verbondmatige berading waar God, berader en gespreksgenoot saam deelneem, kan nie tot sy reg kom nie, want die gespreksgenoot is die kenner. Geen sonde van nalating en passiwiteit mag aangespreek word nie, want die persoon is sy eie mentor. Dit kan selfs wees dat hierdie benadering die narsistiese tendense van die mens versterk omdat alles oor die self gaan. Verder veroorsaak die subjektiewe grond van hierdie soort berading dat die nood van die wêreld nie werklik aandag sal kry nie. Die rentmeesterskap van lewensgoedere kan ’n saak word van selfverryking en word nie gesien as iets wat gedeel en waarmee uitbeweeg moet word nie. Die beeld van God wat altruïsties gee, word baie beskuldig. In werklikheid kom die postmoderne mens se bestaan neer op ’n liefdelose bestaan na God, mekaar en die wêreld. Die self kan tog ook nie daarby baatvind nie.

Du Toit (2000:81) meen dat die Bybel gebruik kan word sover dit *Christologiese* gesag het. Daar moet aanvaar word dat die Woord van God nie vir alle mense ewe veel gesag het nie. Dit verteenwoordig ’n sagter hanteringswyse van Bybelse norme waarmee die meta-Verhaal van die Woord hanteer word. Daar word ook met Janse van Rensburg (2002:38) saamgestem dat dit belangrik is om die Bybel steeds in hulpverlening aan gelowiges te gebruik. Die uitskuif van Christelike beginsels kan gelowige volgelingen van Jesus verwar en ’n gebrek aan sekerhede veroorsaak. Dit kan ook aanleiding gee tot ’n doellose en hooplose uitkyk op die lewe omdat die Bybel die mens juis beskryf as ’n persoon met ’n Godgegewe taak. En laasgenoemde kan lei na ander simptome soos arrogante oormoedigheid asof die mens God nie nodig het nie en goedkoop oplossings soek – wat weer lei na uitsigloosheid, wanhoop en depressie (Müller 2000:45).

Hierdie is tekens wat juis op die teendeel van die shalom-lewe wys. Hierdie gevare dui daarop dat die postmoderne mens se etimologie nie volledig aanvaar kan word nie.

3.3.1.3 Deelneming van berader en gespreksgenoot

Die grootste bydrae van die postmodernisme vir hierdie studie lê op die vlak van deelneming van die gespreksgenoot. Die klem op die mens se kognitiewe prosesse breek 'n wêreld oop vir die gebruik van die gespreksgenoot se lewensomstandighede om 'n nuwe konstrukt te skep (Els 2010:168). Wanneer die mens sy lewensomstandighede kognitief ontleed en interaktief deelneem aan sy eie ervarings skep dit dus 'n nuwe lewensruimte wat gesond kan wees – solank hy onthou dat hy ook 'n morele wese is wat in 'n netwerk van verhoudings bestaan.

Die gespreksgenoot se konstruksie van sy werklikheid is daarom vir die pastorale proses net so 'n geldige beskrywing as die van die terapeut se mening (Janse van Rensburg 2000b:50). Die berader skep ruimte vir die gespreksgenoot met responsiewe en aktiewe luister om nuut te dink. Die berader word dus fasiliteerder wat die gesprek laat vloei. Daar is nie meer verworwe, objektiewe kennis wat laat vasval in tradisies nie (Anderson 1993:325-330). Gesprekke is dus nie meer tradisiegedrewe nie, maar is meer dinamies omdat die persoon se omstandighede die vertrekpunt word. Hierdie benadering laat die gesprek juis vloei omdat dit nie veroordelend is nie. Probleme is ook nie meer patologieë wat gediagnoseer moet word om mense in kategorieë te plaas nie (Madigan 1998:17). Dit verander die verstaan van die lewe en maak omstandighede iets wat opgelos kan word. Pyn en lyding is nie iets waarin vasgeval word nie, maar is net 'n sekere perspektief op lewe (Gergen 1994:244). Daar is nie 'n probleem nie, maar 'n verskeidenheid van beskrywings en sienings. “Problems are, therefore, not solved but dissolved” (Anderson 1993:324). Die gewysigde verstaan van pyn bring gedragsverandering wat positief inwerk op genesing en gesondheid omdat 'n nuwe konstrukt ontstaan (Els 2010:146). Die gesprek word gevolglik 'n diskoers waar gekyk word na die betekenis van lewensverhale – om dit diensbaar te maak – vir genesing, gesondheid en die volheid van die lewe.

Die grootste probleem is dat die beeld van God moontlik nie meer die genesende rol vind wat dit bedoel is om te wees nie. Dit kan as onderdrukkend ervaar word in die gesprek as die beeld van God – in Jesus – as norm geneem word. Die beeld kan dus inderdaad omgekeerde beeld word.

Verder verdun die gesprek omdat die tradisie nie meer onthou word nie omdat dit as struikelblok beskou word. Die wyse waarop die verlede en lewensgebeure dus onthou word,

word deur die gespreksgenoot self besluit. Dit kan neerkom op 'n selektiewe en onvolledige gebruik van lewensomstandighede – juis omdat die onthou deur die persoon met nood bepaal word. Mense met pyn en probleme sien baie keer nie die volle prentjie nie. Daarom kniehalter hierdie metode die uitkoms van die gesprek omdat vasgeval word in 'n subjektiewe herroeping, interpretasie en selfs toepassing.

Die meersaamheid van die mens word ook deur hierdie benadering geweld aangedoen. Al sê die postmoderne benadering dat gesprek in verhoudings bevorder word, besluit die gespreksgenoot effektief om dit te aanvaar, of nie. Die etiese waarde van beide die medemens en die meta-verhale word hiermee weggeneem.

3.3.1.4 Morele verantwoordelikheid

Hierdie studie beskryf die mens as etiese, morele en verantwoordelike wese. Dit blyk 'n probleem te wees vir die postmoderne mens wat subjektief bestaan. Die morele verantwoordelikheid van naastediens in terme van roeping kan hiermee nie in die gesprek gefasiliteer word nie omdat die gespreksgenoot die kenner van sy eie lewe is en daarom op uitkomst besluit. Die probleem verdiep as gesien word dat die postmoderne mens eskatologies gebrekkig bestaan. Enige aansprake van rekenskap of rentmeesterskap oor die ewige blyk vir die postmoderne mens vreemd te wees.

Opsommenderwys kan oor die hulpverlening aan die postmoderne mens volstaan word deur te sê dat elke berader duidelikheid oor sy eie waardesisteem moet hê ten einde deursigtige kommunikasie te bevorder (Els 2010:149). Oor die feit dat die postmoderne mens 'n realiteit is wat nie weggewens kan word nie, kan by Fook (2002:5) aangesluit word wat meen dat die postmodernisme se morele relatiewiteit "omseil" kan word deur van sommige raakpunte gebruik te maak en nie daarin te verval nie.

3.3.2 Tegno-sekularistiese mens

Caiazza kondig 'n nuwe bestaanwyse aan: "The arrival of techno-Secularism" (Caiazza 2002:208). Uit die beskrywing van hierdie siening van die mens van vandag sal dit duidelik word dat daar ooreenkomste met postmodernisme bestaan, maar selfs groter gevaar inhou vir die mens as beeld van God.

Die rede vir hierdie gevaar, meen Caiazza (2002:210-213), is dat godsdiens in 'n retreat-fase is wanneer dit by gespreksvoering en debatte oor sake van die dag gaan. Dit lyk asof wetenskap die geveg gewen het en dat godsdiens irrelevant geword het. Sekularisme is 'n

vorm van twyfel teen 'n sekere vorm van godsdiens – die psigologiese kant van godsdiens – en nie alle godsdiens nie. Dit is kritiek teen die buitengewone mistiese kant van godsdiens. Daarom moet die Christelike godsdiens van dade en liefde weer sy plek vind om hierdie gevaarlike bestaan teen te gaan. Die mens as dienaar het dus nou – meer as ooit vantevore – 'n simbool geword wat bevorder moet word. In die volgende paragrafe word die fenomeen van tegno-sekularisme ontleed en tegelykertyd moontlike antwoorde bespreek.

Caiazza (2002:214) stel dat die samelewing tegnologies van aard is. Tegnologie het so 'n geweldige invloed dat dit 'n kwalitatiewe vlak van verandering bereik het met sy eie etiek, teologie en onvoorsiene gevolge. Dit dreig om godsdiens te vervang as gevolg van sy alomteenwoordigheid. Hierdie fenomeen word tegno-sekularisme genoem. Die fenomeen werk tegnologies omdat sy agente die elektroniese instrumente van die dag is waaraan elke mens elke dag onderwerp is. Die voorbeeld is die "... flat screen – that screen on laptops, personal computers, televisions, iPods, and video games"; dit is sekularisties omdat dit die voordeel van die mens alleen as kern het (Caiazza 2002:215, 244).

Die virtuele tegnologie skep dus 'n surrealistiese bestaan wat mense ontkoppel van die ware lewe (wat volgens hierdie studie diens as kern het.) Daar is geen grens tussen wens en vervulling nie. Alles is moontlik en dit veroorsaak dat die tegno-sekularisme die lewe depriveer van etiek en waardes – wat wesenlik aan menslike bestaan is. Godsdiens en tegno-sekularisme spreek die kernsake van die lewe aan, maar laasgenoemde vervang gesonde denke met 'n virtuele wêreld waar geen verantwoordelikheid gevra word nie (Caiazza 2006:245).

Wesenlike aspekte van die mens word dus bedreig: verhoudings, kreatiwiteit, etiek en verantwoordelikheid. Die nood en ewigheidsbestaan van die mens kan nie in hierdie bestaan gevind word nie. Dit is 'n onmenslike bestaan en min goeds kan oor hierdie mens se lewe en toekoms gesê word.

Die oorgang van tegnologie as 'n meganiese vorm na 'n magiese vorm wys op die geweldige mag en invloed van tegnologie. Tegnologie het 'n lewe van sy eie. Dit het sy eie etiek, teologie en doelstellings. Die gevaar lê daarin dat die tegnologie nie aandag gee aan die gevolge daarvan vir menswees nie – omdat dit geen humanistiese aanvoeling het nie. Tegnologie is volledig materialisties en maak etiese uitsprake wat hoegenaamd nie rekening hou met die afbrekende gevolge daarvan nie. As iets – soos die dood – nie die tegnologie behaag nie, word dit gewoon verswyg. Tegnologie het 'n vrees vir alles wat sy bestaan bedreig omdat dit vormende invloed op mense het. Godsdiens en geloof is een van hierdie sake. Tegnologie het geen probleem om op die morele veld te beweeg as dit menslike

gedrag promoveer wat voorheen as immoreel gesien is nie. Sake soos vandalisme, aborsie, wetteloosheid, ensovoorts is deel van die tegnologiese wêreld, maar dit gee geen etiese uitsprake daaroor nie (Caiazza 2002:214-216).

Die tegno-sekulêre mens is sonder die idee van 'n persoonlike God na wie opgeleef word. Daarom is daar geen insig in die bestaan van 'n Opperwese nie. Volgens Fuller (2010:144) is die gevolg die volgende: die geheel van die lewe sonder transendente betekenis word leeg, maar ons leef steeds in 'n gemeenskap wat oop is vir transendente denke. Daar is met ander woorde geen begrip vir die Prediker wat die mens beskryf as 'n wese wat met die ewige in sy hart geskep is en onrustig sal bly tot hy vrede met 'n ewige bestemming gemaak het nie (vgl. Pr 3:11). Die kontak wat die tegno-sekulêre mens met die transendente lewe het, is 'n tipe Harry Potter-towenary en 'n Hollywooduitbeelding van bonatuurlike lewe.

Tog het die Christendom 'n voordeel bo alle ander godsdienste as hy sy identiteit kan behou (Fuller 2010:145-146). En die kern van die Christelike lewe is liefdesdiens wat gedoen word met die oog op 'n ewige en transendente God. Die mens moet dus weer ontdek dat hy dienaar van God is en verantwoording aan hierdie transendente God moet en sal gee oor wat hy met medemens en omgewing doen.

Tegno-sekularisme is onsensitief vir godsdiens, kultuur en tradisie. Dit vernietig of verander enigiets wat heilig is op 'n gewetenlose manier. Verder ontbreek enige vorm van teleologie in die tegno-denke en daarom ontbreek dit ook aan enige vorm van vreugdevolle lewe, aldus Peters (2005:847, 854). Sou die tegno-sekularistiese mens dus sy bestemming as dienaar kan herontdek, kan dit genesende gevolge hê. Diens skep gesonde verhoudings met blydskap as basis. Wanneer denkend na die lewensomstandighede gekyk word en teleologies benut word, sal verlede, hede en toekoms 'n eenheid vorm sodat die mens weer 'n stuk kohesie of samehang ontdek. Verder sal diens die siel van die mens teruggee en hy kan minder gewetenloos bestaan in terme van etiek en naasteliefde.

“The triumph of the secular in our culture is largely the result of the triumph of empirical science ...”, sê Caiazza (2005:13) en beweer dat die tegno-sekulêre mens se hoop op lewensverandering gebou is op die tegniese vermoë van die mens – wat uiteindelik sal blyk 'n illusie te wees.

'n Mens met sy kop in die empiriese en skynwêreld van tegniek, moet ook uiteindelik sy kop optel en die werklike wêreld in die gesig staar. Wanneer hy gedwing word om in verhoudings te tree en die verdeling van hierdie wêreld beleef, sal hy nie toegerus wees daarvoor nie - tensy die tegno-sekulêre mens ontdek dat sy kreatiwiteit sin het deur in diens

te tree met God, mekaar en die omgewing. Sy enigste hoop – wanneer die realiteit sy virtuele wêreld deur lyding en dood blootstel – is die navolger as dissipel en apostel van Christus wat hom by God en ware lewe kan uitbring deur liefdevolle en geduldige begeleiding.

Die tegnokratiese mens se toekoms spel nie net wanhoop, volgens Peters (2005:860) nie. Maar die tegnokratiese mens moet homself daaraan herinner dat hy beeld van God is wat hom in staat stel om kreatief en transformerend homself uit te druk.

Soos die barmhartige Samaritaan (Lk 10:29-37) nie verbygegaan het by die nood van die mens op sy pad nie, maar by wyse van kreatiewe aksie die morele en regte ding gedoen het, so sal die mens van die 21^{ste} eeu weer moet leer dat die Samaritaan die held van die verhaal is, terwyl die priester en Leviet immoreel voorkom. Die tegnokratiese mens mag nie sy taak van diensbaarheid aan die sekulêre wêreld oorlaat nie. By wyse van spreke beteken dit dus dat die besige tegnokratiese mens – wat angstig en haastig op pad is om die wêreld se probleme op te los – moet gaan stilstaan by die mense se nood om weer sy ware menswees te ontdek. As die nood van die mensdom aan die sekulêre mens oorgelaat word, sal die man op die pad doodgaan – sonder hulp en bystand. Dit is dus nie meer net die geneesing van die dienaar wat op die spel is nie, maar die gesonde bestaan van die ganse gemeenskap. Dit vra 'n gesinheidsverandering dat mense hulself weer sal eien as dienaars van God en mekaar.

Die tegno-sekularisme beweeg dus op die etiese vlak, maar het geen morele waardes nie. Dit het magiese aantrekkingskrag vir mense, maar dit word nie eties-denkend beoefen nie (Caiazza 2005:19-20). Dit vra dat berading die mens van vandag op hoogte moet bring van eties-morele norme, dit behoort te verwoord, maar veral uitlewing daarvan behoort te fasiliteer as beeld en dienaar van die lewende God.

Die moderne wetenskap – gedryf deur tegno-sekularisme – verwerp nie net wonderwerke nie, maar ook teleologiese bestaan. Die verwerping van doelgerigte bestaan maak van die wêreld 'n plek waar wetenskap alles bepaal. Alles word in terme van wetenskaplike verklarings verduidelik. Geen metafisiese aspekte word erken nie (Caiazza 2006:239).

As daar een saak is wat invloed op menslike bestaan het, is dit godsdiens. Sekularisme het godsdiens se plek vervang en “that is not a good thing.” Die mens verloor sy anker in 'n monoteïstiese God wat by sy persoonlike lewe en omstandighede betrokke is. Die mens het geen hoopvolle uitkyk op transendente bestaan nie (Caiazza 2006:241-242).

Tegno-sekularisme het godsdiens – en selfs wetenskap – in die moderne mens verdring. Die tegnolarisering vind plaas deur die “flat screen – that screen on laptops, personal computers, televisions, iPods, and video games ...” (Caiazza 2006:244).

Negatiewe gevolge hiervan is dat die mens so besig is met die “flat screen” dat daar nie meer tyd of vermoë is om te dink oor jouself, te mediteer of oor die betekenis van die lewe vir die individu te reflekteer nie. Dit verdring nie net die oomblikke wat nodig is vir godsdienstige groei nie, maar ook die tyd wat nodig is vir geestelike gesondheid. Tegnologie het “... nothing to tell, but a great deal to sell.” Die plat skerm het geen etiek of teologie nie – dit gaan oor die plesier van die vlees op so ’n manier dat dit jou losmaak van die realiteit. Om op te som: tegnologie inhibeer godsdiens, vervang selfbewustheid en skep ’n wêreld waar geen grense tussen “wish and fulfillment” bestaan nie (Caiazza 2006:247).

Die verlies aan godsdiens en wetenskap veroorsaak dus dat daar geen verduideliking meer vir fundamentele menslike bestaan is nie. Dit gee nie antwoorde vir lewensvrae nie, maar onderdruk vrae oor die basiese dinge van lewe. Daar is net “... distraction, diversion, and titillation, and neither faith nor reason is referenced.” Dit is nie noodwendig permanent nie, maar harde werk is nodig om die mens van die gevare te red (Caiazza 2006:246).

Die tegno-sekulêre mens behoort dienaarmens te word en die dienaar van God sal die tegno-sekulêre mens op hierdie pad moet mentor. Daarvoor moet verstaan word wat onder genesing bedoel word.

3.4 DIE AARD VAN DIENS AS GENESING

Diensloosheid is beskryf as ’n bepaalde gesindheid en gedrag wat die lewe in oorvloed bedreig. Dit is dus ’n bepaalde soort lewe wat selfs sonde genoem kan word. Hierdie dienslose lewe – as sonde – moet nie slegs wetties of moralisties verstaan word as sou dit oortredings van ’n stel reëls wees nie. Dit is ’n denkwyse en optrede wat in Spreuke 14:12 en 16:25 beskryf word as ’n lewe wat vir die mens reg kan lyk, maar wat uiteindelik kan uitloop op ’n doodsbestaan (McKane 1970:468, 490). Die mens as dienaar word siek in terme van verhoudings, kreatiwiteit, etiese lewe, verantwoordelikheid, raaksien van nood en die ewige bestaan. Die vraag na die aard van genesing word nou ondersoek: hoe lyk die diens wat gesonde lewe fasiliteer?

Hierdie paragraaf handel oor ’n lewensuitkyk en -instelling wat die mens herstel tot die oorspronklike ontwerp. Gesonde lewe word bereik in die mate waarin dit ingestem word op die beeld van God. Dit herinner aan die bekende uitspraak van CS Lewis: “God designed

the human machine to run on Himself. He Himself is the fuel our spirits were designed to burn, or the food our spirits were designed to feed on. There is no other. ... God cannot give us happiness and peace apart from Himself, because it is not there. There is no such thing" (Lewis 1952:54). Die metafoor van 'n motor word hier gebruik. Wanneer die motor se instellings nie ooreenstem met die wyse waarop die ontwerp is nie, kan dit steeds werk, maar dit kom tekort aan volle potensiaal en kan selfs tot vernietiging lei. Dit is wanneer alle verstellings korrek funksioneer dat die motor glad loop. 'n Gelukkige en tevrede lewe – oorvloed lewe – in alle omstandighede bestaan wanneer die mens ingestel is op die dienaarsbeeld van God.

Daarom is die volgende denk- en gedragsinstellings gesond vir menslike funksionering.

3.4.1 'n Holistiese verstaan van lewe

'n Belangrike beweging om gesond te leef is om 'n holistiese perspektief op lewe te ontwikkel. Dit gaan oor die saak van pyn en lyding as lewe self. Lewe en gesondheid is gawes uit God se hand, maar is nie die hoogste goed in mense se lewe nie. Daarom beskryf 'n voorspoedige en gemaklike bestaan alleen nie 'n gesonde lewe nie. Soms is siekte en lyding nodig om op 'n ander vlak te leef (Verhey 2005:37). As voorspoed en gesondheid dus die enigste motief vir lewe word, sal mense nie tot volledige wasdom kan ontwikkel nie.

Ons leef vandag in 'n narsistiese kultuur wat alle vorme van lyding ontvlug (Son 2008:65). Daardeur word 'n groot deel van lewe self dus verbeur. Swaarkry, pyn, ellende en die sake waaronder ons lyding verstaan, is lewe self. Inteendeel, die integrasie en transformerende krag van swaarkry om te ontwikkel is die kern van menslike bestaan (Fante 2009:73). Dit staan in teenstelling met die bestaan sonder telos (vgl. 3.2.4) waar alles gebruik word om doelmatig te lewe.

In hierdie denkproses om pyn as lewe te sien, speel geloof 'n belangrike rol. Geloof aanvaar dat God goed is en dit help 'n persoon om alle lewensgebeure te integreer (Fante 2009:80). Sonder hierdie geloof sal mense nie met teenspoed worstel sodat seën daaruit kan vloei nie. Geloof vra dus 'n rentmeesterskap (vgl. 3.2.6) van alle lewensgoedere. Dit herinner aan Jakob in die Jabbok wat met God worstel en Hom nie wil laat gaan voordat Hy hom seën nie (Gn 32:26). Die pastoraat wat genesing wil bring, sou dus kwalik sukses kon bereik as die persoon se verhouding met God nie aangespreek word nie. Die manier om vertroue in God te bevestig is om te wys op die feit dat God sy Seun nie gespaar het nie en dit is 'n bewys dat Hy ook die ander dinge uit genade sal gee (Rm 8:32). 'n Persoonlike geloofsaanvaarding

van die versoening deur Jesus vir die individu se sondes is dus 'n eerste stap. Dit skep 'n geloof in die goedheid van God.

Aanvaarding en gebruikmaak van lyding bring dus volledige lewe. Ook in hierdie verband word dus 'n vernuwing van denke gevra wat anders as dié van die wêreld is (Rm 12:1-2). Die fokus vir menslike lewe moet skuif van gebrokenheid na volheid (Prince 2009:289). Gesondheid is klaarblyklik nie 'n lewe sonder pyn en probleme nie, maar die integrasie van alle gebeure lei tot volheid van lewe.

Die *ekklesia* of kerk as organisme moet ook op hierdie denkwyse ag slaan vir genesende lewe. Hadsell (Hadsell en Hall 2005:168-169) beweer dat daar net twee soorte teologieë is: teologie van glorie of teologie van die kruis. Omdat baie gemeentes in die (Noord-Amerikaanse) kerk leeg en vlak geword het, sal die omarming van kleinheid die kerk weer 'n geskenk vir die wêreld maak. Dit sal die wanhoop by baie gemeentes ophef omdat hulle die roeping om die lydende wêreld te help, uitleef. Hadsell en Hall (2005:170-175) onderstreep: die teologie van die kruis is 'n "broken theology" en die "broken church" kan verander om God se pad te loop. Die soeke na glorie en eer is 'n humanistiese fenomeen. Wanneer die kerk in nederigheid sy dienende taak vervul, kan die kerk verander en genees. Die mees patetiese kerke is die kerke wat met hulle bestaan aangaan asof niks verander het nie. Wanneer die kerk en sy mense dus weer hulle lydingsgebeure gebruik as 'n impetus om terug te beweeg na diens as kernbestaan, kan herstel en groei weer plaasvind.

Daar word afgelei en aanvaar dat dit ook vir die individu in pastorale leiding waar is.

Dit gaan selfs dieper as net aanvaarding van lyding – die "skoonheid" daarvan moet ter wille van genesing ontdek word. Anderson (2009:78) voer aan dat "... I have been impressed by the healing power of the encounter with beauty." Hy beweer dat in sy pastorale begeleiding hy sukses behaal het deur mense te wys op die mooi of skoonheid van lewe. Dit laat mense die liefde en deernis van God ervaar (Anderson 2009:83). Die pastor moet dus kan begelei na 'n moment waar die skoonheid van 'n gebeure (selfs lyding) ontdek word. Hierdie oomblikke word ontdek by Paulus wat uitroep dat die stukkendheid van die lewe ook ten goede kan meewerk (Rm 8:28). Daar kan gewys word op Josef wat genesing ervaar het deur sy broers te vergewe omdat God deur sy broers se verraad 'n volk gered het (Gn 50:20).

Berusting of ontkenning teenoor swaar van die lewe, is dus nie 'n genesingspad nie. Dit moet onthou en gebruik word (vgl. 3.2.5 en 3.2.6) sodat die kreatiewe mens iets daarmee kan doen tot lewensgroei en -vervulling. Cloud (1992:215) meen dit is jammer dat Christene

so maklik berus, want berusting is blinde, negatiewe, uitsiglose aanvaarding omdat die mens meen hy niks daaraan of daarmee kan doen nie. Hy beweer verder dat vreugde die gevolg is van 'n lewe wat terugneem wat die sonde weggeneem het. Om met vreugde te lewe is daarom om aktief en kreatief met lydingsgebeure om te gaan. Dit is om te leef in die hoop dat God iets sinvols uit alle lewe kan skep. Ons moet dus koninklik leiding neem oor die lewe en heelmaak wat stukkend is. Waardering en dankbaarheid is een van die diepste vorme van lewensvervulling. Mense wat alle omstandighede as rede gebruik om God te dien, kan dus selfs in pyn vreugde ervaar – soos Paulus en Silas in die tronk (Hd 16:25). Dit is 'n perspektief van holistiese lewe – 'n lewe wat die *hele* lewe diensbaar maak.

3.4.2 Terugkeer na die beeld van God

Die modus van genesing is 'n terugkeer na die dienaarsbeeld van God. Genesing en die beeld van God hang ten nouste saam en daarom is omkeer van die beeld 'n verkeerde reaksie op lewensgebeure (vgl. 3.2.1). As die beeld van God herstel word, is die mens soos God hom bedoel het en genesing vind plaas, want die beeld van God is die positiewe voorbeeld waarna pastoraal begelei word (Entwistle en Moroney 2011:296).

Brown (1985:4) dui in sy teologiese woordeboek die filologiese betekenis van genesing aan. Die prehistoriese grondbetekenis van die Semitiese stam *rp* is “bring together, to draw near.” Die betekenis hiervan in die Hebreeuse Bybel kom neer op “to restore, make whole”. Die betekenis van *rapa* is dus genesing of heling deur “nader te bring” aan die oorspronklike doel of beeld van menswees. Daar is selfs die gedagte van “sewing together” en “mending” in hierdie woord verskuil. “In every instance in the Heb. Scriptures *rp* was used with reference to restoring a wrong, sick, broken or deficient condition to its original and proper state” (Brown 1985:99). Die woorde wat betekenis aan die woord *rapa* gee, is: “... ‘heal,’ ‘repair,’ ‘remit,’ ‘make fresh/wholesome,’ and even ‘forgive,’ ...” (Brown 1985:178). Daar kan dus gesê word dat genesing of herstel plaasvind as die siek persoon vasgewerk word aan die oorspronklike toestand.

Om te sien wat die oorspronklike toestand is moet gevra word na wat die objek van die naderkom of vaswerk is. Ons sien dat die woord *rapa* in verreweg die meeste gevalle in die Ou Testament gekoppel word aan 'n terugkeer tot God (Brown 1985:5-6). Om genesing te ervaar hang dus nou saam met die saak van bekering by wyse van 'n etiese koersaanpassing in die mens se lewe om beeld van God te wees. In 2 Kronieke 7:14 word genesing en herstel aan hierdie aspek verbind: wanneer mense berou toon (denkend met lewe omgaan), bid (erken en glo dat God genees), vra na God se wil (etiese voorskrifte

erken) en terugdraai van die bese weë (verantwoordelikheid neem), vind herstel plaas – omdat God vergewe (nuwe moontlikhede en kanse gee).

Die objek is ook Jesus se beeld. In Jesus kan ons sien hoe ons behoort te lyk (König 1991:37, 59). Mense moet egter verantwoordelik kies om die nuwe lewe te leef. Die mens het dus nie die beeld van God in ontologiese sin verloor nie – wel in eksistensiële sin. Daarom moet die mens van dissonansie met die beeld van God weer bekeer na die egte beeld van God. Daar kan heling plaasvind in die mate waarin mense verantwoordelikheid neem om diensbaar aan die beeld van Jesus te word. Die mens se bydrae tot genesing is dus die lewe in Christus Jesus. So word gelowiges ook 'n gemeenskap van genesers vir mekaar en hulle doen dit deur die evangelie in woord en daad te proklameer (Allen 2001:50).

Die terugkeer na die beeld is nie 'n wettiese afdwingbare aksie nie, maar 'n aansluiting by die mens se ingeskape begeerte na die beeld. “We crave a life that is utterly full and will never end. We search for meaning that will light up everything. We hunger for a perfect love that will prove totally and enduringly satisfying. Such longings point to God who is total Life, Meaning, and Love” (O’Collins 2007:47).

3.4.3 God is Geneesheer

Die Bybel aanvaar dat die totale lewe volledig uit God se hand kom: “The Bible points us always and only to God, the sovereign One, as the cause of sickness and of health” (Verhey 2005:28).

- Dit gebeur op individuele vlak. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in Numeri 2 waar Miriam melaatsheid toegedien word omdat sy teen Moses in opstand gekom het.
- Dit gebeur ook op nasionale vlak. 'n Voorbeeld hiervan is Jeremia 18 waar sonde die volk Israel gebreek het. God is dan die pottebakker wat hulle sal oormak of restoureer (Brown 1975:5, 76).

Die punt van *rapa* is dat God die heling bring. Alhoewel Moses die rots slaan, is dit God wat bitter soet maak (Eks 17:1-7). Dit is “... He alone Who could cause the dawning of a new day in which the sun of righteousness would rise with healing in its wings” (Brown 1975:182-183). God neem die inisiatief hierin deur nader te trek na Hom. God se liefde dring Hom na ons (Hs 11:8; Js 55:3). Die liefde van Christus dring ook (2 Kor 5:14).

Hierdie balans tussen God wat genees en die mens wat deelneem, deurbreek die weiering om verbondsmatig te leef (vgl. 3.2.10). Dit kan verstaan word as gekyk word na die saak

van godsdienstige dissiplines. “Joy is the keynote of all the disciplines” (Foster 1993:2). Die geestelike dissipline van diens sal dus genesend op lewe inspeel deur die bring van vreugde. Maar dit is ’n medewerkende aksie tussen God en mens. Foster (1993:5) beskryf twee maniere wat nié vreugde sal bring nie:

- Dit is nie ons eie wilskrag wat die diepgewortelde sondes onder beheer sal bring nie.
- Solank ons dink dat eie vermoëns kan red, sal die bose net sterker word.

“God has given us the disciplines of the spiritual life as a means of receiving his grace. The disciplines allow us to place ourselves before God so that He can transform us” (Foster 1993:7). Die mens se bydrae is nie niks nie, maar ’n nederige, gehoorsame, vrywillige en gedissiplineerde kyk na waar God besig is. Om daarby in te skakel, bring die mens in teenwoordigheid van God wat die transformasie bring. Diens bring mense in die teenwoordigheid van God se genade en God verander ons lewens soos net Hy kan. Lewens word getransformeer in en deur gedissiplineerde lewens, maar “[T]he needed change within us is God’s work, not ours” (Foster 1993:6).

3.4.4 Mens is medewerker

Genesing in die Nuwe Testament word aangedui deur die woorde Θεραπέυω, ἰάομαι en ὑγιής. Hierdie drie woorde word opgesom met die volgende insiggewende verklaring: “When human well-being and good health are impaired, God is actively involved in the work of restoration, and Christians have the responsibility of sharing in this ministry” (Brown 1976:163). Genesing is met ander woorde ’n werk van God, maar by die mens neem dit die vorm van ’n bediening of diens aan:

- Die woord Θεραπέυω word selfs beskryf as “... to serve, to be in service to (a superior).” Die betekenis is hier dus letterlik: om diensbaar te wees is terapeutiese optrede.
- ἰάομαι word meestal gebruik vir fisiese genesing (Brown 1976:168).
- Maar dit is ὑγιής se betekenis wat vir hierdie studie van besondere belang is. Alhoewel dit ook vir liggaamlike gesondheid gebruik word, het dit ook die betekenis van: “... to be healthy, to be of sound mind, to be shrewd or sensible” (Brown 1976:169). Die mens kan genesing ervaar deur gesond, logies, slim en verstandig te leef.

Die vraag is verder of die mens vry genoeg is om te kies vir ’n diensbare lewe? Het die mens die vermoë om te kies sodat heling plaasvind? Die antwoord is dat die *imago Dei* in die

mens hom die kapasiteit gee om moreel en altruïsties te kies. Berry en Jeeves (2008:24, 36) stel dat die voorbeeld van Jesus ons help om selfopofferend op te tree. Ook die verhaal van Jesus en die Samaritaanse vrou by die put (Jh 4) is 'n voorbeeld dat mense reg kan kies en genesing tot 'n vol lewe kan vind. Jesus aanvaar die vrou met haar sonde, maar stuur haar huis toe om op te hou sonde doen. Dan sê Jesus verder dat daar 'n tyd kom dat God in gees en waarheid aanbid sal word (Jh 4:23-24). Hierdie optrede in gees en waarheid beteken: "Redemption is the reversal of the effects of the fall – a return to the freedom and authority we had in the beginning. We are now in a position where we can be united with the 'new Adam,' who is Jesus, and it is impossible for Him to rebel against God." "Our task ... is directly related to how much we walk 'in Him' (Col. 3:3; 1 John 2:4-6; 1 John 1:5-7; Col. 2:6)" (Cloud 1992:213).

Harasta (2010:25) kom uit die teologie van Bonhoeffer en Kierkegaard tot die gevolgtrekking dat sonde 'n patologie van die self, 'n desperate poging is om die self op eie mag te begrond. Daarom vind genesing by wyse van gebedsformasie plaas (Harasta 2010:28-30). Pastoraal gesproke moet daar dus 'n gebedsaksie hand aan hand met pastorale gesprek plaasvind. Dit is die balans tussen God wat Outeur en Geneser is en die mense se medewerkende handeling: die mens vra na wysheid en krag om genesend te leef, God genees.

Die mens se diens as *medewerker* word nou beskryf:

3.4.4.1 Genesing in saamwees met ander

Genesing vind binne verhoudings plaas, maar daar bestaan egter 'n vorm van chronologie in die herstel binne verhoudings. Mense is onvolledig totdat die verhouding met God herstel is – daarna help mense mekaar om te groei na volwassenheid (Greggo 2007:154). Hieruit word afgelei dat die verhouding met God eers herstel behoort te word, want sonde het in verhoudings ingesluip. Dit is eers wanneer die verhouding met God herstel is dat sonde gekontroleer kan word in die verhoudings waarin mense saam groei (Greggo 2007:155). Die herstel van 'n verhouding deur sondebelydenis en aanvaarding van die versoening skep dus 'n potensiaal vir voller groei na genesing deur interpersoonlike verhoudings.

Die diensbare lewe aan ander moet hierdie vertikale versoening volg. Die neiging om 'n vertikale verhouding alleen as godsdiens te sien en "to speak to God alone" (Cloud 1992:56) sal nie genesing bring nie. Die mens speel 'n rol deur mekaar te help en stem in tot 'n relasionele bestaan wat genees (vgl. 3.2.7). Die Bybel roep juis op om mekaar se laste te dra. In die deel van mekaar se laste vind genesing plaas. Die woorde wat mense praat, kan

lewe gee of neem. In Spreuke 12:18 vind ons dat die tong van die mens genesing van wonde kan bring (Brown 1994:92).

Diens wat genees, is daarom uitvloeï van energie na ander. Die gevolg van hierdie energievloeï het een of ander vorm van verbintenis tussen bedienaar en die persoon wat dit ontvang tot gevolg. En “[B]onding is one of the most basic and foundational ideas in life and the universe. It is a basic human need” (Cloud 1992:46). Die teologiese basis vir ons behoefte om te bind is God se Drie-enige bestaan. Ons vind dit in Johannes 4:24 en 10:30 waar aangedui word dat die Seun en die Vader in ’n bindende verhouding bestaan. Die eksistensiële en kerugmatiese bestaan hiervan word gevind in Johannes 17 waar Jesus bid dat die dissipels een moet wees soos Hy en die Vader een is. Cloud (1992:48) beweer ook dat die wet van entropie in verhoudings hier van toepassing is. Hoe minder energie in- en uitvloeï, hoe ongesonder die sisteem. In ’n psigiese en spirituele wêreld werk hierdie reël op ’n dramatiese wyse. As ’n persoon nie energie uitgee en ook van buite ontvang nie, sterf hy. Die belangrikheid van “bonding” kan wetenskaplik bewys word: Ondersoeke het aangetoon dat babas wat vasgehou en versorg is minder geneig tot siektes en selfs dood is. As ons in ’n liefdevolle en versorgende verhouding is, is ons “... alive and growing” (Cloud 1992:53).

Diens bring mense bymekaar. Die gevolg is dus dat verhoudings gedy en groei in en deur diens. “True service builds community. It quietly and unpretentiously goes about caring for the needs of others. It draws, binds, heals, and builds” (Foster 1993:163). Ware diens bind dus mense aan mekaar, bou verhoudings, genees en rig op.

Daar kan aanvaar word dat die gee en ontvang van diens ook hierdie gevolge in lewe na vore sal bring: dit genees en bewaar selfs van die doodsbestaan van neutraliteit en onbetrokkenheid. Passiwiteit is die sonde wat siek maak (vgl. 3.2.11). Die in- en uitvloeï van ’n sisteem hou dit daarom gesond. Diensbaarheid veroorsaak in- en uitvloeï. Die Dooie See-fenomeen is ’n simbool wat hier van toepassing is. Omdat die Dooie See geen uitvloeï het nie, is dit dood en maak ook dood. Lewe ter wille van ander, weg van jouself, laat jou jouself ook vind; dis ’n gawe van God (König 1991:71).

Om gesonde lewe te beskryf, vra na ’n herdefiniëring van wat lewensgeluk is, vra Giovanola (2005:253): “Far from being identified with pleasure, and meaning something which ‘happens’, *eudaimonia*, in Aristotle’s view, was in fact connected with the notion of virtue, the ultimate aim (*telos*) and highest Good that human beings could realize”. Die probleem van identifisering van ware lewe met die begrippe “vreugde, blydschap en geluk” is dat dit subjektief en persoonlik is. Giovanola (2005:254-257) meen die mens is ’n verhoudingswese en daarom word “floreer” eerder as die begrip verkies om lewe te beskryf. Die mens kan

slegs ware lewe en selfrealisering ervaar wanneer hy sy kapasiteit of waarde binne verhoudings uitleef. Die dood vir egte lewe is die soeke na persoonlike en private welvaart en voorspoed. Die opdrag van die Bybel om selfloos ander se belange bo die eie belang te soek (1 Ts 5:15), laat hom dus floreer en gesond leef.

Tog het die mens ook 'n verhouding met homself. Heyns (1982:408) verbind gesonde lewe ook met diens aan die self. 'n Mens het 'n verhouding met die self. Diensbare lewe lei tot selfaanvaarding en selfontploffing. Dit is egter nie die narsistiese lewe (vgl. 3.2.3) nie, maar 'n lewe van goeie werke is die weerkaatsings van God se eienskappe en skep die voorkoms van 'n versierde en volmaakte lewe. Jesus wil Sy werk deur ons op aarde voortsit – deur ons as sy hande en voete te gebruik (König 1991:95,96).

Dit beteken dat ons die lewe en sy gebeure as talente beskou (Mt 25:14-30). Wanneer dit gebruik word, sal dit 'n gevoel van sin en betekenis oor die tydelike lewe daarstel. Die man wat sy talente begrawe het, beleef geen sinvolle lewe nie – net vrees. Maar dit het ook gesonde invloed op die persoon se belewenisse oor ewige lewe, want die lui man vrees ook die oordeelsdag.

Die sin van diens lê dus daarin dat die mens 'n innerlike genesing ervaar. Hierdie innerlike genesing – verhouding met die self – kan as volg beskryf word:

- Nuwe vitaliteit en herdefiniëring van grootsheid: Radikale prysgawe van die self gee 'n gevoel van avontuur. Jesus se voetwassing het grootsheid nuwe betekenis gegee: “Then Jesus take a towel and a basin and redefined greatness” (Foster 1993:159). Alhoewel diensbaarheid die dood van die self vra, is dit die vreugdevolle beloning van iemand wat nie vasgehou word deur die self nie. Dit is iets wat tot grootsheid lei. Dit bring selfs opwinding en opgewondenheid oor hierdie stukkende lewe as die alledaagse swaarkry en sleur deur selfopoffering deurbreek word. En hiermee saam kom die belofte in Johannes 13:17 waar geluk aan (voetwassende) diens verbind word.
- Die genesing van diens lê veral in die bevryding en vrede wat dit bring. “Service enables us to say ‘no!’ to the world’s games of promotion and authority. It abolishes our need (and desire) for a ‘pecking order.’ How like chickens we are! In the chicken pen there is no peace until it is clear who is the greatest and who is the least and who is at which rung everywhere in between” (Foster 1993:160). Dienaars word dus verder bevry van 'n innerlike angstigheid om in die oë van mense 'n sekere sosiale rol te vervul.

- Diensbare ingesteldheid bevry van die tirannie van die eie ek. Dit is die vasgevalletheid in die eie ek wat opstand oor die lewe bring. Die trots en eiegeregtigheid veroorsaak opstand en bitterheid na binne. “Every time we crucify the flesh, we crucify pride and arrogance” (Foster 1993:163). Diens kan dus ’n groot invloed hê op die verwerking van daardie lewensgebeure wat my selfbejammerend en reaksionêr laat optree – as ek die lewe sien as iets wat God my gee om te bedien. Trotsheid is ’n sonde wat die mens belas en nie voluit kan laat leef nie. Dit verlos van die selfvernietigende vraag: Wat is daarin vir my?

Die lewe moet dus ’n soeke na dieper dinge wees (Foster 1993:1). Om my lewensomstandighede op ’n dieper vlak te herinterpreteer en aan te wend as diensmoontlikhede verlos van ’n oppervlakkige bestaan. Wanneer die doel van lewe groter as die individu self word, vind innerlike genesing plaas. Gesonde bestaan is ’n bestaan ter wille van die vorming van ’n karakter wat aanvaarbaar vir God sal wees – in hierdie en die ewige lewe.

Diens saam met ander (vgl. 3.2.7) het ten slotte ook te doen met die ontvang van diens. Om nie trots diens te bedank nie, maar te aanvaar, is ook deel van diens. Die vreugde van diens word ook bevorder deur die bereidheid om diens te ontvang deur die persoon wat bedien word. In die proses van diensgewing is die ander persoon – aan wie diens gelewer word – se bereidwilligheid om diens te ontvang van deurslaggewende belang. Daar is dus ’n “... service of being served. When Jesus began to wash the feet of those he loved, Peter refused” (Foster 1993:169). Dit kan die vreugde en genesing – van beide die persoon wat dien en gedien word – wegneem as die een aan wie diens gegee word nie gereed is daarvoor nie. Daar kan dus aan die begin van die terapeutiese verhouding hierdie ontvang van mekaar as ’n doel gestel word.

Daarom is die wyse van diens ’n “service of common courtesy” (Foster 1993:170). Vir diens om genesend op lewe in te werk, moet rekening gehou word met die gewoontes en selfs kultuur van mense. Die persoon aan wie diensbare dade gedoen word, moet dus baie goed geken word. Anders kan diens aanstoot gee en geen genesende waarde hê nie.

3.4.4.2 Genesing in deelname aan die lewe

“Personally I am convinced that ... the dominant anxiety of the whole modern epoch is ... ‘meaninglessness and despair’” (Hall 2000:415). Daarom is genesing te vind in ’n bestaan wat só deelneem aan die lewe dat die mens voel hy bestaan sinvol en met betekenis.

Cochran (2009:408-410) meen mense se waarde daarin bestaan dat ons deelneem aan die inhoud van God se openbaring, wat veral Jesus is. Die openbarings van God kom veral na ons toe deur die omstandighede waarin ons verkeer as 'n roeping na verbondsbestaan (vgl. 3.2.10) tussen God en mens. Hy ontwikkel hierdie argument deur as voorbeeld die brandende bos-ervaring van Moses te neem en konkludeer dat ons moet kyk na die openbaring van God in die materiële wêreld sodat dit ons kan rig na die sinvolle lewe voor God. Die wyse waarop ons sinvolle lewe bekom, is om die beeld van Jesus te word. “Our *telos*, then, is to become an image of the image, having achieved the beauty of the Prototype through activity as a kind of imitation” (Cochran 2009:410). Hierdie beeldnabootsing deur interpretasie van lewensopenbaringe van God laat ons al hoe meer terugkeer na ons oorspronklike toestand van volledige menswees. Soos Moses nader aan die die brandende bos gegaan het, moet ons dus ook nadergaan na die gebeure om ons. Ons behoort nuuskierig navraag te doen oor lydingsgebeure in en om ons. So kom ons nader aan ons lewensdoel tot volle vervulling van lewe.

Om diensbaar te wees aan hierdie omstandighede, maak die mens se lewe vol deugde van barmhartigheid. Dit bring die mens by 'n hoër ideaal in die lewe (Heyns 1974:106-107). So word deur allerlei vorme van barmhartigheidsdienste die eie en ander se lewe verryk (Heyns 1974:96). Dit gee 'n ervaring van vervuldheid. Hoe doen die mens dit? Hy is toegerus met oë, ore, mond en hart (Heyns 1974:100). Elke mens het 'n persoonlikheid en geskiedenis. Hierdie geskiedenis moet hermeneuties onthou word (vgl. 3.2.5). Deur die aanwending daarvan vir die goedheid van die lewe vind lewensverryking en –verdieping plaas.

Gesonde lewe is dus om deel te neem aan lewe en nie passief te staan nie (vgl. 3.2.11). Die sonde in terme van diens is om lewe te ontken of om staties daarmee om te gaan. Om nie die lewe te bevestig nie, is ongesonde lewe. Frick (2009:30) toon aan dat beide Nietzsche en Bonhoeffer daarop wys dat gesonde lewe die ongereserveerde aanvaarding en bevestiging van vreugdevolle lewe is, maar ook lewe van stryd, uitdagings, verlies en angs. Nietzsche pleit vir lewensbetrokkenheid deur die ontkenning van godsdiens. Bonhoeffer pleit vir die integrering van omstandighede met die Christelike lewe. Daar word dus gevind dat beide vyand van godsdiens en gelowige 'n lewe bepleit wat aktief met lewe omgaan. Bonhoeffer maak 'n sterk saak uit dat ware en gesonde lewe beteken dat Christene in die midde van die lewe instap met al sy pyn en moeilikhede, sy erns en angstigheid. Dit is waar hulle dien. “Christians are people of the present and in the most profound sense” (Frick 2009:38). Gelowiges behoort alle gebeure aan te gryp as geleenthede om voluit te lewe. “Put differently, the Christian denial of life, which has its roots in the static realm of being, must overcome ‘being’ and embrace ‘becoming’ in the midst of the fluid, dynamic, unstable,

and changeable conditions of life” (Frick 2009:28). Die omstandighede van ons lewens is dus iets waarmee geworstel word sodat lewe daaruit kan spruit.

Anderson (2010:136) wys daarop dat mense wat hulle lyding kreatief onthou genesing ervaar omdat dit hulle in teenwoordigheid van God bring soos Jakob in die Jabbok (Gn 32:22-32). Dit is dus wanneer mense met hulle probleme stoei dat hulle “God van aangesig tot aangesig ontmoet, maar nie omkom nie.” Dit skep ’n nuwe toekoms – soos Jakob se naam verander het na Israel as die vader van sy nageslag wat die Israëliete sou wees. Verder moes Tomas eers sy ongeloof onthou voordat hy kon bely dat Jesus Here en God is (Jh 20:28). Dit is ook die herinneringe aan die lydende Jesus wat die opgestane Jesus sin en betekenis gee (Anderson 2010:138). Daar kan dus afgelei word dat persone wat hulle pyn in die gesig staar en dit nie ontken nie, vir hulleself ’n toekoms skep omdat hulle die hand van God in die verlede erken.

Hierdie lewensgoedere wat raakgesien is, behoort uit liefde vir ander (vgl. 3.2.8) aan ander uitgedeel te word omdat die mens maar net rentmeester (vgl. 3.2.6) daarvan is. Die persoon se eie lewensomstandighede is bepalend vir beide die persoon wat diens lewer en ontvang. As ander mense dieselfde lewensomstandighede as die bedienaar deurgaang, maak dit die oë en hart oop vir hulle. Maar dit maak ook die persoon wat bedien word se oë en hart oop vir die een wat dieselfde las gedra het. Daarom is diens as ’n uitvloeisel van jou eie lewenservaring veral “service of bearing the burdens of others.” “Love is most perfectly fulfilled when we bear the hurts and sufferings of each other, weeping with those who weep” (Foster 1993:172). Hierdie diens kan die beste gegee word deur ’n persoon aan ’n ander persoon wat dieselfde ervarings deel. Dit wys op ’n nederige diens en afbuig na ander wat dan van hoogmoed en onsensitiwiteit genees (vgl. 3.2.9 en 3.2.12). Dit sal die meeste effek op die heling aan beide persone gee. Die gelowige word een van “... those who go into the deserts of silence and solitude do so for others. They must bring back any word they receive from God and share it with the others.” “We are dependant upon one another to receive the full counsel of God” (Foster 1993:173). Mense se ervarings van pyn en lyding word ’n woestyn waarin die volle raad van God gevind word. Hierdie geheime moet ook met ander gedeel word ter wille van heling vir die gewer en ontvanger. Die persoon wat die woestyn ingegaan het se lewe kry sin en betekenis, asook die een wat die raad van God ontvang soos dit aan hom deurgegee is. Die raad is eg, want die raadgever gee dit vanuit sy eie belewenisse en kennis.

Hierdie diensbaarheid kan selfs te midde en ten spyte van lyding hoop bring (Brueggeman 2006:85). Die mens wat sy lyding raaksien, erken, dit uitspreek en daarop reageer, vind weer hoop. Wanneer die sinvolheid en gebruiksmoontlikhede van lyding ontdek word, skep

dit die gevoel van 'n voorseisoen van iets ryks en nuuts vir mense. “We do not know why, but it is so” (Brueggeman 2006:86). Dit blyk dus dat die persoon wat sy lyding sinvol interpreteer en integreer 'n soort heelheid, gemaklikheid, duidelikheid, rus, opgewondenheid en (selfs) blydschap ervaar wat die verstand te bowe gaan (Flp 4:4 e.v.).

3.4.4.3 Genesing in beoefening van geregtigheid

Hall (2000:416) is van mening dat die mens van die post-Christendom nie vatbaar is wanneer oor sonde en die regverdigheid van die God se oordeel gepraat word nie. Wat hierdie mens vra, is 'n God wat solidêr met mense is – die Een wat reserweloos “met ons” is. Die probleem vir die mens van vandag is: God seën nie reserweloos nie. Lewe vind binne grense plaas.

Die Ou Testamentiese konsep vir gesonde bestaan word uitgedruk in die woord *shalōm* (Wilkinson 1980:4). Die grondbetekenis van dié woord is vrede. Dit word ook meermale met vrede vertaal, maar hierdie term wil baie meer beskryf as die afwesigheid van onvrede. Hy benoem die inhoud van die woord as “completeness, welfare, soundness, prosperity, well-being, wholeness.” Die begrippe dui op geestelike kwaliteite ten spyte van omstandighede – eerder as opsigtelike voorspoed.

Wat egter opvallend van hierdie term is, is dat dit verbind word met 'n sekere soort leefwyse (Wilkinson 1980:5). Die kernbetekenis van *shalōm* word gevind in Numeri 6:24 e.v. (die Aäronitiese seën). *Shalōm* is 'n geskenk van God in die vorm van seën en kan slegs in God se teenwoordigheid ervaar word. Die algemene siening van die Ou Testament is dat daar nie ware *shalōm* vir 'n onregverdige leefwyse is nie (Js 48:22, 57:21 en 59:8). God sluit met sy volk 'n verbond van *shalōm* wat vir hulle 'n lewe van vrede sal verseker (Nm 25:12; Js 54:10; Jr 32:40; Esg 34:25, 37:26; MI 2:5). Ware *shalōm* kom dus van God en 'n heel lewe kan slegs gevind word wanneer in 'n gehoorsame verhouding met God getree word.

Vrede in die Nuwe Testament se inhoud is afgelei uit die Ou Testamentiese *shalōm* (vgl. Brown 1976:776-783). Jesus is die *shalōm*. In Jesus het die Koninkryk van God naby gekom en die volheid van ware lewe aangebreek – soos deur Jesus in Johannes 10:10 aangekondig. Daar moet egter daarop gelet word dat die voorafgaande vers (Jh 10:9) wys op die beeld dat Jesus die hek vir die skape is. Wie deur Hom in- en uitgaan vind lewe. Die goeie Herder lei Sy skape – wat Hom volg – dus na 'n *shalōm* of koninkrykslewe. Dit wys op 'n lewe van geregtigheid soos in die Psalms beskryf – onder andere Psalm 23.

Brueggeman (2006:16-17) voel ook dat 'n belangrike woord vir gesonde lewe in die Nuwe Testament *eirēnē* is wat vrede beteken. Hy stel dit pertinent dat dit veral toegepas word op die vrede van gedagtes en verstand. Dit is daardie soort vrede wat volg op die regte verhouding tussen God en mens, asook mens en mens (Jh 14:27, 16:33; Rm 8:6 en veral Flp 4:7). Die vrede wat die verstand te bowe gaan, sal volg op daede van diens aan God en medemens. Daar is dus 'n innerlike rustigheid wat die verstand te bowe gaan wanneer die verhouding met God en naaste reg hanteer word: "The result of such constant Christian practice is stated in the words, And the God of peace will be with you" (Hendriksen 1977:200).

Christene word vrede-*makers* genoem. Dit is nie uitsprake wat teen 'n muur gehang word nie. Gelowiges moet deur diensbaarheid 'n sekere lewenstyl volg om vrede te oes. Die betekenis van hierdie vrede is: "*Shalom*, the Hebrew word for 'peace,' has expansive connotations. It means harmony, wholeness, and right relationship with God, others, self and earth" (Arends 2008:69).

'n Belangrike aspek van vrede en diens vind ons in Filippense 4:4-7 wat Hendriksen (1977:192-201) beskryf as die geheim van ware seën en hoe om dit te verkry. Twee sake is hier van belang.

- Eerstens is die vrede wat alle verstand te bowe gaan deel van lewe in Christus, en dus word afgelei dat Jesus die vrede gee. Die vrede word hier ook verbind aan blydschap.
- Tweedens is die etiese kant van hierdie vrede opsigtelik as gesê word dat sekere dinge "proper action" vra sodat God van vrede met die doener sal wees.

Daar is dus vrede by God te vinde wanneer sekere morele en waardige aksies gepraktiseer word. Nie net die vrede van God sal met jou wees nie, maar ook die God van vrede. Dit kom neer op die aktiewe soeke na daardie lewe wat beeld van God vergestalt.

Capps (1987:19-20) trek 'n direkte verband tussen die beoefening van deugde en gesonde lewe. Daar is doodsondes van narsisme wat lewe vernietig. Wanneer sekere Christelike deugde aangekweek en beoefen word, sal genesing intree en daarom praat hy van "saving virtues". Die antwoord of geneesmiddel is om die Jona-kompleks te oorwin (Capps 1993:160). Jona het onttrek. Die mens van vandag onttrek hom van probleme om hom en "slaap" soos Jona deur die storms van die lewe. Die geneesmiddel word gevind in die optredes van die vrou wat Jesus se voete gesalf het (Lk 7:36-50) en Jesus wat sy naasbestaandes as agtergeblewenes vir mekaar gee sodat hulle mekaar kan versorg (Jh

19:26-27). Die genesing lê daarin dat Jesus hierdie take van diens positief bevestig en dit sin en betekenis gee (Capps 1993:162-167). 'n Lewe met deugde – wat deur God bevestig kan word – hou dus genesing en gesondheid in. Om só te leef dat Jesus “Mooi so goeie en getroue dienskneg” (Mt 25:19-23; Lk 19:15-19) kan sê, bring 'n vervulde lewe. Hierdie twee tekste staan in die konteks van die oordeel aan die einde van die tyd en hou selfs eskatologiese betekenis en sin in. Sou dieselfde bevestiging van diensbare werke in die pastorale gesprek deur die pastor aangemoedig en bevestig word, sal genesing van dienslose lewe kan plaasvind (Pembroke 2004:170).

Gedurende hierdie hoofstuk is male sonder tal gestel dat die gesonde lewe uit God se hand kom. Daarom is dit logies dat die verhouding diens en genesing ook 'n etiese bestaan het. Die mens kan nie slegs *sola gracia* leef nie, maar moet ook oorgaan in 'n lewe van *sola fide*. So word “... actualistic anthropology” geleef (Greggs 2010:501, 504).

Dit bring die karakter van 'n heilige en perfekte lewe ter sprake. Die naam van God moet geleef word (Heyns 1982:471) – as beeld van God – en om gesond te wees is om die Here, wat Redder is, te ken, lief te hê en Hom te volg. Dit vra ernstige toewyding om op die lewensweg – die juiste weg – te wandel en die geboorte van Jesus te gehoorsaam. Gesonde lewe in die Ou Testament hang ten nouste saam met gehoorsaamheid aan God se wet, want dit word eksplisiet in die Ou Testament geleer in verse soos Eksodus 19:5; Deuteronomium 11:27; 1 Samuel 12:14; Psalm 199:165; Jeremia 7:23, 42:6 en Sagaria 6:15 (Wilkinson 1980:6).

Die persoon wat God se ontwerp vir die lewe vertrou kan voluit leef. Dit is 'n eenvoudige en rustige lewe omdat gefokus word op God se wet en ordonnansies en nie baie angstige planne word gemaak nie. O'Collins (2007:52) stel dit as volg: “The Ten Commandments sum up various duties towards God and neighbour (Exod. 20:2-17; Deut. 5:6-21; Lev. 19:1-37). The Deuteronomic version, in particular, goes on to insist that obedience to these commandments will bring real welfare and rich blessings (Deut. 6:1-3). The divine commandments spell out the conditions for human well-being, ...” Daar is dus 'n regte en verkeerde manier van leef. Die Woord van die Here is die norm. Die mens wat dit in verbondenheid met God kies, genereer lewe.

'n Mens wat dus in die regte verhouding met God leef, kan aanspraak maak op 'n gesonde lewe (Js 32:17). Maar ook regverdigheid tussen mense en 'n lewe van vrede gaan hand aan hand (Ps 72:7; 85:10; Js 48:18; MI 2:6). Die soeke na geregtigheid is ook 'n soeke na lewe (Spr 11:4, 19, 28, 30). Dit word geïllustreer deur die lewens van Enog (Gn 5:22), Noag (Gn

6:9) en Josef (Gn 39:2, 21, 23); terwyl Abraham (Gn 12:4, 15:6, 17:23, 18:19, 22:16-18) die grootste voorbeeld hiervan is (Wilkinson 1980:7).

Wanneer mense dus mense dien en in geregtigheid leef, skep dit goeie verhoudings – wat opsigself lewensruimte skep. Dit is soos Abraham wat seën omdat hy geseën is. Wanneer daar nie goeie verhoudings is nie, kom die teendeel van shalom die lewe in. Cloud (1992:62-68) noem simptome van mense wat nie goeie verhoudings in stand hou nie: depressie, sinloosheid, gevoel van nutteloosheid en skuld, verslawing, verkeerde denke, leegheid, hartseer, vrees vir intimiteit, gevoelens van onrealiteit, paniek, opstand, oormatige omgee en fantasie. Dit is toestande wat anti-shalom en -koninkryk is.

Die verband tussen diens en geseënde lewe het ook 'n negatiewe en veroordelende konnotasie. Om “Nee” te sê vir diens aan God en naaste is gevaarlik, want daar word by die nood van die naaste verbygegaan. God kan sy seën in vloek verander. Voorbeelde hiervan is Faraon wat weier om die volk te laat trek (Eks 3-5), Dawid wat sy naaste se vrou uitbuit (2 Sam 12), Agab wat Nabot se wingerd afneem (1 Kon 21) en Nebukadneser wat nie voor God wil buig nie (Dn 4) (vgl. Brueggeman 2006:21-32).

Daarom is die taak van pastorale sorg om mense se moeilikste ervarings – wat aanleiding tot emosie gee – in 'n objektiewe perspektief te plaas sodat die betekenis daarvan ontdek kan word. Daardeur kan lyding oorgaan tot aanbidding (Harold 2006:215).

Hierdie genesing deur etiese bestaan is egter voorwaardelik. “The Spiritual Disciplines are intended for our good. They are meant to bring the abundance of God into our lives. It is possible, however, to turn them into another set of soul-killing laws. Law-bound disciplines breathe death. Jesus teaches us that we must go beyond the righteousness of the scribes and the Pharisees (Matt. 5:20)” (Foster 1993:9). Diens is en bly liefdesdiens aan God en naaste wat gevolg van gesonde verhoudings is.

3.4.4.4 Genesing in geleefde geloof

Die rykheid van menslike lewe word ervaar wanneer menswees gesien word as 'n dinamiese gebeurtenis en nie 'n statiese posisie nie (Giovannola 2005:265). Dit gaan dus in hierdie paragraaf oor 'n geloof wat geleef word – teenoor 'n lewe van nalating, passiwiteit en liefdeloosheid. Anders gestel: diensbare lewe aan God, mekaar en wêreld.

As diens helend op lewe inwerk – soos in hierdie studie as uitgangspunt geneem word – sou vermag word dat daar 'n verband tussen lewensgeluk en godsdienste bestaan. Die vraag is of dit aangetoon kan word.

Edwards (2005:161) toon op grond van gepubliseerde navorsing van 'n mediese dokter aan dat persone met 'n sterk Christelike geloof minder depressie en angst oor siekte ervaar as persone daarsonder. Wat veral opvallend van hierdie studie is, is dat “[P]eople who provide religious support and encouragement to others experience greater quality of life and less depression when physically ill” (Edwards 2005:162). Hierdie studie onderstreep die siening van hierdie verhandeling: dit is nie slegs die beoefening van Christelike geloof wat genesend is nie, maar diens aan ander is 'n verdere verdieping in die gesonde lewe.

Die verband tussen lewensgeluk en godsdienste is nie oorweldigend nie, beweer Delbridge en andere (1994:52-56). Hulle kom egter na 'n uitgebreide ondersoek, tog tot die volgende gevolgtrekkings:

- Godsdienste het 'n positiewe indikasie getoon op gesonde lewe. Daar is 'n besliste aanduiding. Persone wat godsdienstige vervulling beleef, is oor die algemeen meer tevrede met hulle lewens.
- Oor die algemeen het mense aangetoon dat godsdienste “werk” – omdat dit betekenis en doel vir die lewe gee, maar ook omdat dit sosiale ondersteuning gee. 'n Belangrike indikator hier is dat mense selfvervulling ervaar het as hulle godsdienstig opgetree het. Om sinvol en doelgerig te leef het beslis 'n invloed op lewensgeluk. Persone met godsdienstige vervulling was meer tevrede met hulle lewens as persone wat op sekulêre vervullings staatgemaak het.
- Dit is nie net godsdienstige optrede wat invloed op lewensgeluk het nie ... en dit verklaar waarom die indikasie tussen geluk en godsdienste nie baie hoog is nie. Wat wel aangetoon kan word, is dat geluk vir godsdienstige persone nie slegs van hulle onmiddellike omgewing en sosiale verhoudings afgehang het nie, maar dat die verhouding met God ook 'n invloed gehad het. Hoe meer godsdienstig, hoe minder was die afhanklikheid van onmiddellike omgewingsfaktore. Vertroue in God was dus 'n duidelike indikasie wat invloed op gesonde lewe gehad het.
- Ekstrinsieke en intrinsieke godsdienste moet onderskei word om die ware verhouding tussen godsdienste en genesing aan te toon. Uiterlike godsdienste het minder invloed op gesonde bestaan. Hier word dan gekonkludeer dat die mate waarin godsdienste geïntegreer is in die persoon se lewe, 'n invloed op die indikasie vir geluk is. Mense wat aantoon dat hulle godsdienstig is, maar wel ongelukkig is, het slegs 'n uiterlike vorm van godsdienstigheid (soos erediensbywoning alleen) vertoon. Mense vir wie

godsdien is 'n integrale deel van hulle lewe was – dus mense wat woord en daad diens vertoon het – het goed presteer op die vlak van lewensdoel en betekenis ... en was daarom meer tevrede en gelukkig met hulle lewens.

Die fokus van moderne sielkunde is om weg te beweeg van negatiewe aspekte (byvoorbeeld depressie, angstigheid, ensovoorts) en te fokus op 'n persoon se sterk punte sodat dit iemand se welwese in stand kan hou. Die vraag of godsdien hierin 'n rol kan speel, is ondersoek. Die kenmerke of simptome vir welwese wat ondersoek is, is die volgende: vervulling, geluk, doelgerigtheid, betekenisvervulling en selfbeeld. Alhoewel erken word dat die verwantskap godsdien en gesonde lewe kompleks is, is die volgende bevind: “The results of correlation analysis confirmed the positive relationship between religiosity and well-being that was identified in previous studies” (Halama et al 2010:101-102, 111).

Om na 'n beeldgelykheid met Jesus te streef kan dus ware lewe fasiliteer. Alhoewel ondersoek dit gedeeltelik bewys, is dit egter nie vir die Bybel vreemd om dit so te sien nie. Daar is onnoembare voorbeelde soos Psalm 1 en 23 wat op 'n gesonde lewe wys wanneer God gedien word. Die Herder-kudde model in Johannes 10 in die Nuwe Testament toon ook aan waar mense wat Jesus volg in die veilige kraal kan in- en uitgaan vir veiligheid. Die antwoord op die vraag na die verband tussen diens en gesondheid is dus positief.

Son (2008:65) wys daarop dat Karl Barth vreugde en diens verbind: “Gladness for Barth is not a mere experience of emotion but includes the dimension of action.” Verder noem hy dat die teenpool van blydskap nie hartseer is nie, maar traagheid en neutraliteit. Om betrokke te wees “... thus entails a narrower understanding of gladness, as it reverses not only reluctance but also neutrality. Gladness for Barth necessitates investment in actions and engagement with others in speaking, hearing, and mutually helping one another.” Hieruit is dit duidelik afleibaar dat aksies – en nie onbetrokkenheid en neutraliteit – na lewensvreugde lei. Hierdie aksies is praat, luister en om mekaar te help.

Die gee en ontvang van Kersgeskenke is 'n metafoer vir die verband tussen genesing van diens volgens Volf (2006:9). Die gewer sowel as die ontvanger ontvang. Elkeen gee en elkeen ontvang. Dit is nie 'n uitruil van geskenke nie, want elkeen gee sonder om te wil ontvang. En almal vind vreugde in die gee en ontvang. Daar is behae in die hele seremonie. Wanneer mense dus leer om hulleself en die gawes van die lewe te deel om die ander bly te maak, kom daar 'n ligtheid en blydskap in lewe.

Hierdie aktiewe lewe het ook te make met die uitgaan na ander.

3.4.4.5 Genesing in uitgaan na ander

'n Gesonde lewe is 'n relasionele bestaan waar die goedheid van God gebruik word om ander te bedien. Brueggeman (2006:14) gebruik Abraham se lewe om te wys dat God seën sodat hierdie seën bedien kan word: "I need use little energy arguing that the dominant text of our culture is a practice of despair." Die opdrag aan Abraham was om te gaan ... en God sal hom seën om 'n seën te wees. Die uitgaan het hom verseker van God se voorsorg. Die uitbeweeg of diensbaarheid bring die seën. Die teks wat ons moet herstel om onself in die huidige kultuur te red van moedeloosheid, is om weer "covenantal neighbourness" te beoefen, sê Brueggeman. Dit sal ons genees van "anxious selfishness and alienated greed." Wall Street het ons geleer: "Greed is good." So 'n skaamtelose soeke na selfvervulling het geen moontlikheid of horison vir vervullende bestaan nie – net die potensiaal vir angstigheid om genoeg te hê.

Brueggeman (2006:15) voer verder aan dat die volgende sal gebeur as die wêreld 'n plek van naastediens word:

- "scarcity can be displaced by generosity;
- anxiety can be displaced by confidence;
- greed can be displaced by sharing;
- brutality can be displaced by compassion and forgiveness."

Kysar (1991:143-144) lewer kommentaar op Johannes 20:19-23 waar Jesus die dissipels met "Vrede vir julle" groet. Alhoewel "Vrede vir julle" die konvensionele groet van daardie tyd was, doen Jesus dit twee keer om daarmee aan te dui dat dit meer as 'n groet van daardie tyd was, maar dat Hy vrede bring (Morris 1977:844). Van belang is dat Jesus die groet van vrede verbind aan die opdrag tot diens. Soos die Vader Hom gestuur het, stuur Hy die dissipels uit. Met hierdie konneksie tussen vrede en opdrag sien ons dat gestuurde en diensbare mense vrede ervaar deur vrede uit te dra. Die aanvaarding van die verantwoordelikheid van gestuur-wees bring die vrede.

Vir die Ou Testament hang 'n kragtige lewe saam met gesonde lewe (Wilkinson 1980:7). Op verskeie plekke is 'n kragtige lewe 'n gawe van God (Ps 28:7-9, 68:3, 138:3; Js 40:29-31, 41:10; Sg 10:6). Maar dit is meer as fisieke krag. Die lengte van lewe is ook teken van 'n vol lewe – soos van Abraham in Genesis 25:8 vertel word. Die begrippe van sterk en lank dui dus op 'n vol en lang lewe van diens. Dit is dus 'n lewe wat 'n verskil gemaak het. Dit is 'n lewe wat doelmatig geleef word om te dien.

Die gesonde lewe word ook in die Nuwe Testament met volwasse bestaan verduidelik. Wilkinson (1980:11, 15) meen dat Paulus Efesiërs 4:13 gebruik om aan te dui dat gelowiges oor hulle lewensomstandighede volmaak en volwasse soos Christus moet wees. Volwasse mense gaan uit, lewer 'n bydrae en ontvang nie net nie. Christus het sy hele lewe as 'n bediening gesien waarmee Hy mense kon red. Die hoogste en finale oorwinning oor pyn en lewenskrisisse is daarom om so volwasse soos Jesus daaroor te wees en alles in die lewe as geleentheid tot diens te sien.

3.4.4.6 Genesing in die doen van ewige werke

Die modernisme het die fokus van die ewige lewe na die hier en nou verskuif en daarom is daar 'n gebrek aan doodsbewustheid. Dit het aanleiding gegee tot "triumphalism, hedonism, and consumerism" (Schuele 2002:221). Die verlies aan die eskatologiese denke het vernouende perspektief op die hede (Conradie 2002:296). 'n Lewe met eskatologiese perspektief bring lewensverruiming.

Ons leef in 'n gebroke werklikheid en het 'n klomp defekte, maar God belowe dat Hy – ten spyte van hierdie stukkendheid – die "goeie werk" (Flp 1:6) wat Hy in Christus begin het, sal klaarmaak tot op die dag as Christus Jesus weer kom (Cloud 1992:13). Die werke van God is dus gemik op die eskatos en tweede koms van Jesus. Diensbare lewe is dus 'n Bybelse wyse om te leef met die oog op die wederkoms. Dit is om die werk van God Self voort te sit sodat heiligmaking kan plaasvind.

Die voorbeeld is die diens van Jesus wat Homself prysgee en verneder – dit is die kern van Christus Jesus se bestaan. Dit is ook die kern van menslike lewe en dit staan as die teendeel van Adam en Eva se ongehoorsaamheid en hoogmoed wat op narsistiese selfsug dui (vgl. 3.2.3). Wie sy lewe verloor, sal dit terugkry (König 1991:189), is die voorskrif vir genesing.

Dit beteken nie dat menslike bestaan terugval in 'n soort wettiese bestaan nie (Louw 2005a:4). Dit gaan hier oor die wees-funksies van die mens. Dit is die vraag na wie is ek? Om hierdie wees-funksies te vervul hang saam met die mens se soeke na onsterflikheid. "The quality of our being-functions in the *here and now* is eventually connected to our being *there: beyondness*". Dit beteken dus: gesonde lewe word gedryf deur met die oog op die ewige te leef. Menslike bestaan is dus 'n lewe wat gedryf word deur wie ek in die ewigheid gaan wees. Geen ander skepsel het hierdie unieke motivering vir diensbare lewe nie.

Daarom die vertelling van die begrafnisondernemer wat langs die grafte staan en hoor hoe die gestorwe siele kla dat die nuwe aankomeling so sleg ruik (Louw 2005a:5). Dan kom 'n stem: "You know why people smell so terrible in death?" The answer: 'Because they did not love in life.'" Die "...soul revealing question: does one's soul smell terrible to people or is one's life like perfume, spreading an aroma of immortal value?", moet oor gesonde lewe gevra word. Mense wat dus nie hulle dienaarsbeeld (in liefde) uitgeleef het nie, "smell terrible" en is dus nie ware mens hier in die tydelike bedeling nie.

3.5 DIENS, GENESING EN GESONDE LEWE IN DIE WERKE VAN HENRI J. M. NOUWEN

Op hierdie stadium wil die lewe en werke van Henri Nouwen op sy eie bespreek word aangesien sy bydraes in die teologie baie naby die veld van hierdie studie lê. Verder bevestig en verduidelik Nouwen se werke die sake wat tot dusver bespreek is. Sy werke bring ook die volgende saak wat bespreek word (in hoofstuk 4), naamlik lyding, in spel. Hierdie paragraaf oor Nouwen vorm dus 'n brug tussen hierdie en die volgende hoofstuk – en selfs die hoofstuk daarna (hoofstuk 5) oor pastorale merkers om diens, genesing en lyding as genesende gebeure te fasiliteer.

Eerstens sal sy lewe en werke benut word om die verband tussen diens en genesing te stel. Tweedens sal sy pastorale gesigspunte vir die mens van vandag bespreek word.

3.5.1 Geestelike lewe in 'n sekulêre wêreld

Die gesonde bestaan van die kind van God in 'n sekulêre wêreld word in Nouwen se boek *Life of the beloved: spiritual living in a secular world* beskryf. Dit word as uitgangspunt in die paragraaf geneem. Hierdie bestaan as korrektief op die bestaan in die sekulêre wêreld hang saam met die aanvaarding van 'n bepaalde status van die mens voor God:

3.5.1.1 Geliefdes

Die kinders van God is sy geliefdes. Hierdie status leer ons van liefde en skep dus potensiaal vir die liefde van God om ons diensbare mense te maak. Daar is baie negatiewe stemme wat vanuit die wêreld op ons inwerk. Die grootste gevaar vir gesonde lewe is nie sukses, populariteit of mag is nie, maar selfverwerping (Nouwen 1992:27). Die aanvaarding dat gelowiges God se geliefdes is, is dus 'n belangrike stap in gesonde lewe of genesing na gesondheid. Dit gee gelowiges 'n beeld om na op te lewe. Dit is 'n status wat ons reeds het, maar dit moet ook aangeneem en geleef word (Nouwen 1992:38). Geliefde van God is

familie van God en help dus om die beeld van ons Vader te wees – mense wat geliefd is en daarom liefhet en omgee.

Maar dit is meer as om 'n status te hê. Die mens moet word wat hy is. “Becoming the Beloved means letting the truth of our Belovedness become enfleshed in everything we think, say or do” (Nouwen 1992:39). Dit is die etiese kant van menswees. Geloof moet geleef word. Ons wees-funksies moet bepalend vir ons lewe word.

Die Gees van God se liefdeswerking is verantwoordelik om hierdie lewe as geliefde te laat realiseer. Die lewe van die geliefdes kan met vier woorde beskryf word: “taken, blessed, broken and given” (Nouwen 1992:41).

3.5.1.2 Geneem

“To become the Beloved we, first of all, have to claim that we are taken” (Nouwen 1992:43). Hieruit word afgelei dat Johannes 1:12 'n basis en voorwaarde vir gesonde lewe vorm. Almal wat Jesus Christus aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy kinders van God gemaak. Natuurlik is dit God wat neem en maak, maar daar is ook 'n aksie waar die mens Jesus aanneem as die lig (Jh 1:9). Dan is die mens se status kind van God – 'n geliefde van die Vader. Die persoon wat Jesus aanneem, kan dus aanvaar dat God nie vir hom “Nee” gesê het nie (Jh 3:36) en daarom deur God geneem is. Dit maak hom 'n geliefde van die Vader.

In die verhaal van die verlore seun begin sy genesing toe hy die stem van sy vader hoor en besluit om terug te gaan om sy kindskap weer op te neem – om weer 'n geliefde te word (Nouwen 1979:48). Om terug te keer na God sodat Hy ons kan terugneem, is dus die eerste stap op pad na 'n lewe van diensbaarheid. Hierdie verhouding sal in baie gevalle eers tot stand moet kom deur op die stem van die Vader te wys wat terugroep.

Aan die basis van geneem, lê die betekenis van uitgekies. Dit beteken dat die geliefde 'n spesiale persoon is wat eenkant geplaas is (Nouwen 1992:44). Die wyse waarop die geliefde hierdie uitverkorenheid uitleef, is deur 'n geestelike worsteling op drie maniere (Nouwen 1992:49).

Eerstens moet die wêreld ontmasker word (Nouwen 1992:49). Hieronder word verstaan dat die wêreld sekere leefwyses voorhou wat aantreklik voorkom, maar uiteindelik die dood beteken. In die studie is gewys waartoe die wêreld mense trek. Pastoraat sal hierdie stemme moet blootstel.

As jy vir Nouwen sou vra wat ware godsdiens beteken, sou sy antwoord wees: “Living with Jesus at the center” (O’Laughlin 2005:35). En hierdie Christus se voorbeeld is ’n afwaartse weg. Dit is eers wanneer Jesus aan die kruis sterf dat ons sien hoe lief het God die mens (O’Laughlin 2005:111). Die wêreld se stemme wat roep na rykdom, mag, roem en bevrediging is dus nie die pad na ware lewe nie. Die diensbare pad na God, mekaar en die wêreld is die voorbeeld van Jesus vir ware lewe.

Tweedens moet ons kyk na mense en plekke waar ons uitverkorenheid bevestig word (Nouwen 1992:49). Die meersame bestaan van die mens bevestig dat ons deel van ’n groep geliefdes is wat anders as die wêreld is. Uitverkore apostels met ’n lewensdoel.

Die geneemdes is kerk, sê Nouwen: “... whenever we separate our belief in God from our belief in the church, we become unbelievers. God has given us the Church as the place where God becomes God-with-us” (O’Laughlin 2005:42). Dit is ook hier saam as gelowiges waar ons ons pyn en vreugdes as kwesbares deel en seën ervaar (O’Laughlin 2005:42). Ons help mekaar, maar beweeg ook saam uit.

Daarom kan ons nie goeie nuus op ons eie bring nie. Jesus stuur twee-twee dissipels uit om te gaan bedien (Nouwen 1989:40). Nouwen noem dat dit moeilik is om alleen diens te lewer. Hy het ook later in sy bediening baie keer met ’n vennoot bediening gedoen (Nouwen 1989:40).

Derdens moet uitverkorenheid gevier word. Dit word gevier deur dade van dankbaarheid: “Gratitude is the most fruitful way of deepening your consciousness that you are not an ‘accident’, but a divine choice” (Nouwen 1992:50). Dankbaarheid – en nie die wet nie – is die motivering vir die gelowige se diens.

Niks kan die beeld van God uit die mens wegneem nie. Toe God die mens na sy beeld geskep het, was sy woorde oor die mens dat dit “baie goed” was (Nouwen 1994:51). Om hierdie goeie ingeskapenheid dankbaar uit te lewe en te geniet is dus die weg na gesonde bestaan.

3.5.1.3 Geseënd

As geliefdes is die kinders van God ook geseënd. Nouwen (1992:59) gebruik die stem van God by die doop van Jesus as simbool hiervan: “Jy is My geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My” (Mt 3:17; Mrk 1:11). Hy noem dat Jesus, soos Abraham en Sara, nooit hierdie

intieme kennis van uitverkorenheid in hulle diensbaarheid vergeet het nie. Daarom het hulle dus ook hulleself gesien as 'n seën vir ander.

Die wyses waarop hierdie geseënde en uitverkore lewe geleef word, is deur gebed en die nabyheid van God (Nouwen 1992:61-63).

Gebed is 'n plek waar die stem van geseëndheid en uitgesturdheid gehoor word. God seën dus met gawes, persoonlikheid, lewensverloop en geskiedenis. In gebed kom die gelowige in die teenwoordigheid van God en word hierdie sake in dankbaarheid ontdek. Maar in gebed word tegelyk die roeping van God tot gesturdheid gehoor ("Wie kan Ek stuur?") en gee die mens antwoord ("Hier is ek. Stuur my!") (Js 6:8).

Om te leef vir die huidige oomblik was vir Nouwen 'n prioriteit (Ford 2002:30). Daar is vandag 'n tendens om te leef asof die ware lewe later aanbreek. Dit maak dit baie moeilik – indien nie onmoontlik nie – om gemeenskap te skep (O'Laughlin 2005:64) en goeie verhoudings te leef. Die lewe wat Nouwen voorstaan – en 'n lewe van diens begrond dit – is 'n soort *carpe diem*, gryp die dag, lewe. En die rede is dat God se hand seën uitdeel.

In die teenwoordigheid van God word die geliefde geseën en "[T]he blessed one always blesses" (Nouwen 1992:67).

Wanneer in teenwoordigheid van God en mense teologiese refleksie oor die lewe gedoen word, word insiggewende antwoorde gevind (Nouwen 1989:68). Dit beteken ook dat hierdie antwoorde gedeel moet word.

3.5.1.4 Gebroke

Die geseëndheid moet nie met 'n voorspoed- of welvaartsgodsdienst verwar word nie. Seën is die totale lewenspektrum van belewenisse uit God se voorsienende hand. Dit is soos die ou Gesang gelowiges laat sing het: "God weet of voor of teëspoed die beste is vir ons gemoed."

In gebedsteenwoordigheid van God kom die geliefde onder die indruk van sy gebrokenheid. Maar "[O]ur sufferings and pains are not simply bothersome interruptions of our lives; rather, they touch us in our uniqueness and our most intimate individuality" (Nouwen 1992:71). Dit is dus 'n unieke geseëndheid van elke mens waarmee hy sy uitverkorenheid in dankbaarheidsdade uitleef.

Daarom word dit hanteer deur dit eerstens te bevriend (Nouwen 1992:75-77).

Die afleiding is dat die eerste stap vir genesing nie is om van pyn weg te stap nie, maar 'n tree daarnatoe te gee. Dit behoort omarm te word aangesien dit nie 'n struikelblok vir vreugde en vrede (wat ons begeer) is nie, maar eerder 'n manier daartoe.

Terwyl hy tussen 'n klomp mense bedien wat gestrem is, herken en erken hy sy gebrokenheid van sug na erkenning as sou hy soos 'n sirkusarties wees wat hoog op 'n tou loop en vir applous wag as hy nie val nie. Daar is dus altyd die versoeking om iets skouspelagtigs te doen en erkenning te kry (Nouwen 1989:37). Die versoeking na eer en erkenning bly 'n probleem in diensbare lewe. Die pastoraat moet probeer om mense hiervan te laat afsien voor ware diensbaarheid en gepaardgaande lewe gevind kan word.

Tweedens moet gebrokenheid as seën gesien word (Nouwen 1992:78-79).

Ons pyn is baie keer so vreeslik omdat ons dit as 'n vloek sien. Dit moet onder die vloek uitgehaal en onder seën gesit word. Wat as onhanteerbaar gesien word, word draaglik en selfs 'n seën as dit as 'n uitdaging tot nuwe lewe gesien word. Nouwen wys dus direk hier op die bruikbare momente van probleme en pyn. Die hele lewe moet benut en geleef word. Nie net die goeie tye nie.

Gesonde mense slaag daarin om deur en in alles van die lewe 'n teleologiese roeping te ontdek. Nouwen illustreer dit met sy lewe self. Hy is 'n priester wat seksueel gay georiënteerd was (Ford 2002:xv). Hierdie seksuele oriëntasie ontdek hy op merkwaardig vroeë ouderdom. Hy benut hierdie lewensituasie en het dit klaarblyklik gesien as 'n betekenisvolle rigting in sy lewe dat hy eenkant gesit is deur God om 'n priester te word (Ford 2002 73-74) – wat selibaat sou leef. Die roeping laat hom dus bo sy persoonlike omstandighede uitstyg. Hy meld in 'n onderhoud met Philip Roderick: “I am absolutely convinced that every human being who honestly asks God to give them a vocation will get it” (Roderick 2007:17).

Dit is nie maklik om lewe met ander te deel nie, want die gee van liefde kan ook seermaak. Om liefde te gee is 'n gevaarlike uitdaging, want liefde kan verwerp word en die gewer kan teleurstelling beleef. Maar geen mens kan hierdie seer ontsnap nie. As liefdeswesens is ons elkeen aan hierdie gebrokenheid blootgestel. Daarom moet aanvaar word dat “[T]he only place outside of Heaven where you can be perfectly safe from the danger of love is Hell” (Nouwen 2001:26). Jesus se liefde word daagliks verwerp, maar dit laat Hom nie ophou liefhê nie.

3.5.1.5 Gegee

Die verstaan van hierdie konsep word verduidelik met: “A happy life is a life for others. That truth, however, is usually discovered when we are confronted with our brokenness” (Nouwen 1992:87). Verder: “Our brokenness opened us to a deeper way of sharing our lives and offering each other hope” (Nouwen 1992:88). Daar is twee maniere om dit te doen:

Eerstens: Ons lewe is 'n gawe om te gee. Ons het unieke talente en gawes om onself te gee (Nouwen 1992:90).

'n Mens kan nie in solidariteit met God leef en nie solidêr met mense wees nie; dit is essensieel dieselfde saak (Roderick 2007:23). Die afleiding hier is: om beeld van God te wees veronderstel dus om betroubare afbeelding te wees van iets anders. En hierdie iets anders is 'n God wat gee. Dit vra nie groot dinge nie. Alle diens begin klein en word dan groter (Roderick 2007:26). Hierdie uitlewing van liefde definieer die mens – nie intellek of denke nie (O’Laughlin 2005:124).

Ware liefde vir Jesus beteken gestuurdheid na die skape – soos die opdrag aan Petrus (Nouwen 1989:40). Gesonde menswees is dus 'n uitwaartse beweging – weg van jouself.

Wanneer Nouwen (1979:68, 73) na Rembrandt se *Die Terugkeer van die Verlore Seun* kyk, sien hy – as teenpool van die vader se oop arms – die gebalde vuiste van die oudste seun. Dit dui op 'n lewe wat nie wil gee nie, maar wat wil beheer en vashou. Dit maak hóm die verlore seun, want hy beleef woede, vreugdeloosheid en isolasie. Sy hande is toe en vasgeklem. Die vraag is of die oudste seun ook huis toe kan kom? Is dit moontlik dat hy ook – soos sy vader – kan gee en fees kan vier? Die antwoord is die antwoord van Jesus op die vraag van Nikodemus (Jh 3) of 'n mens weer gebore kan word: “You must be born from above” (Nouwen 1979:76). Met God is enigiets dus moontlik.

In die vyftigerjare maak Nouwen 'n verrassende skuif in sy lewe wat in 'n sekere sin sy lewe van diens definieer. Hy bedank 'n goeie werk as professor op die kruin van sy loopbaan en gaan woon permanent – sonder betaling – in 'n inrigting vir persone wat gestremd is (Ford 2002:xiv). Hy dien dus nie net akademies en teoreties nie. Hy is bereid om sy hande vuil te maak deur diens. Hy word 'n lewende stuk teologie (Ford 2002:113) – soos Jesus van sy dissipels verwag om geleefde geloof te vertoon.

Hierdie priesterlike betrokkenheid by mense boekstaaf hy in een van sy publikasies *Adam – God’s beloved*: “Each of us ... has been made whole somewhere; it has been our common experience” (O’Laughlin 2005:125). Daarom het elkeen ’n gawe om te deel.

Wanneer ons gee, gee ons saam met ander. Deur onself vir mekaar te gee, stry ons saam teen die donker magte van die lewe (Nouwen 2001:6).

Tweedens word die dood ’n gawe om onself te gee (Nouwen 1992:92). Om dood te gaan, is die suiwerste vorm van ’n gawe. Dit word ’n plek waar ons lewe onthou word as ’n geskenk van God aan ons. Dan kan ons sê: “Yes, there is such a thing as a good death” (Nouwen 1992:94). Wie diensbaar lewe, laat iets na om te onthou en die dood word dan iets om my diens as voorbeeld na te laat. Selfs my dood word dan ’n vorm van diens.

Die vraag oor dood is nie wat ek nog voor die dood kan doen nie, maar hoe kan ek leef sodat ek na my dood nog vrug kan dra (O’Laughlin 2005:149). As ons hier leef met die gedagte dat ons weet ons is op pad huis toe, leef ons soos mense met ’n doel hier op aarde, maar ons weet ons is hier vir ’n beperkte tyd. As ons klaar hier gewerk het, gaan ons terug om te rus van ons werk (O’Laughlin 2005:167). En uiteindelik kan ons begrawe word sodat ons begrafnis soos ons lewens is. Soos Nouwen oor sy begrafnis versoek: “... keep it very simple, very prayerful, and very joyful” (O’Laughlin 2005:163).

Dood is ook die finale genesing (Nouwen 2001:108). Wanneer hierdie siening op dood na vore kom, bring dit selfs die moontlikheid dat my eie dood en dié van ander gevier kan word.

3.5.1.6 Keuses

Om hierdie lewe van geliefdes van die Vader te leef, vra enkele etiese en praktiese keuses:

Die pyn en lyding is ononderhandelbaar. Maar ons het ’n keuse: Hoe leef ons daarmee saam? Ons word geroep om die Heilige Gees in hierdie donker oomblikke van lewe te ontdek. Een van die sleutels om lewe te kies, hang saam met die keuse om nie te rebelleer nie, maar die Heilige Gees se uitnodiging tot ’n groter dans te aanvaar (Ps 30:11) (Nouwen 2001:30). Om dus met die Gees in ’n “gebedsdans” te gaan beteken ons hoef nie stil te staan by ons plekke van rou nie, maar aan te beweeg na ’n nuwe lewe.

As jy regtig in hierdie sekulêre wêreld wil *leef*, moet aanvaar word dat die bron van lewe nie die wêreld is nie, maar dat die geliefdes gestuurdes is (Nouwen 1992:105) en dat beide vreugde en lyding deel is van die reis om geestelike vervulling te vind (Nouwen 1992:108).

Die gesonde lewe gee dus op elke punt 'n keuse van “Ja” of “Nee” om ons ware identiteit as geliefdes van die Vader uit te leef (Nouwen 1992:107). Daar is dus 'n regte of verkeerde manier om op lewensomstandighede te reageer. Om passief te wees is 'n “Nee” en daarom 'n ongesonde manier om lewe te hanteer.

Om “Nee” te leef is fatalisme en baie ongesond, want “... it leads us to resist healing” (Nouwen 2001:50-51). 'n Aktiewe antwoord op die vrae van die lewe skep dus potensiaal om gesond te word. As ons negatief leef, word ons vasgevang in 'n mismoenigheid dat niks gedoen kan word nie. Dit is dus 'n hooplose toestand wat kan lei tot depressie, wanhoop en selfs selfmoord. Dit is 'n teken van ongelooft dat God enigiets kan doen. Om diensbaar te leef, is dus om met hoop te lewe. Hoop dat God in en deur my worsteling en probeerslae met pyn iets daaraan kan doen.

Dit is wanneer mense hulle gebrokenheid as deel van die holistiese lewe ook voluit benut, dat genesing plaasvind. Dit is nie iets waarvoor weggehardloop moet word nie. Intendeel, “[T]he way out of our loss and hurt is in and through” (Nouwen 2001:24). Slegs hulle wat hulle pyn in die oë kan kyk, staan 'n kans om nuwe lewe te ontdek. Pyn en swaarkry is dus nie iets wat as lewensverlies afgeskryf moet word nie. Dit moet as deel van lewe gesien word, ondersoek word en geleef word.

Daar kan selfs vreugde versteek wees in die donker grot van die swaarkry (O'Laughlin 2005:134). Dit is soos die Grand Canyon. 'n Diep snit in ons bestaan, maar 'n plek van skoonheid en selfverstaan (Nouwen 1979:84).

Om onvoorwaardelik te gee, is nie maklik nie. Terwyl hy in Duitsland is om 'n uitgewer te sien, woon hy 'n sirkus-vertoning van die vlieënde Rodleights by – sirkusartieste op die trapesium uit Suid-Afrika. Hierin sien hy 'n metafoer van sy lewe waar hy hoog wil vlieg om applous te kry omdat hy nie val nie. Hy beseft dat hy stry teen die motief om bekend en suksesvol te wees (O'Laughlin 2005:139). Hy sien hierdie selfsug as 'n teken van onsekerheid met die self wat mens ongelukkig maak. Hy waarsku teen hierdie gesindheid as hy sê dat baie mense godsdienstige lewe soek, maar die meeste van hulle wil eintlik net beter voel oor hulleself (Roderick 2007:46).

3.5.2 Gewonde genesers

Henri J. M. Nouwen beskryf in *The Wounded Healer* die mens en doen sekere wyses van genesing aan die hand.

Alhoewel die boek in 1979 alreeds verskyn het, bly dit relevant omdat sy beskrywing van die mens ooreenstem met die beskrywing van die postmoderne mens – wat hy by name noem (Nouwen 1979:11). Die mens wat hy beskryf, is die jongmens van daardie tyd en hy voorspel wat hy meen in die toekoms – vandag – gaan plaasvind. Hy noem die mens wat hy beskryf “*Nuclear man*” en genesing noem hy “*liberation and freedom*” (Nouwen 1979:5).

In tabelvorm lyk sy beskrywing van lewe, verkeerde uitleef daarvan en strategie vir genesing as volg:

NUCLEAR MAN		
DISLOCATED WORLD	ROOTLESS GENERATION	HOPELESS MAN
Historical dislocation	Inward generation	Impersonal milieu
Fragmented ideology	Generation without fathers	Fear of death
Search for new immortality	Convulsive generation	Fear of life
LIBERATION/FREEDOM		
Mystical way	Minister – articulator	Personal response
Revolutionary way	Compassion	Waiting in life
Christian way	Minister – contemplative	Waiting in death

Bogenoemde word nou beskryf.

Die *nuclear man* leef in ’n wêreld wat ontwig/*dislocated* is (Nouwen 1979:7-8). Die ontwigting het op drie plekke plaasgevind:

1. Historiese ontwigting/*dislocation* (Nouwen 1979:8-9). Daar bestaan nie kontinuïteit tussen verlede en hede – wat nodig is vir voortgaande lewe – nie. Ook die postmoderne mens en tegno-sekularis ontken die verlede en tradisie – wat ’n breuk met die geskiedenis veroorsaak. Die mens weet nie meer waar hy vandaan kom, of waarheen hy gaan nie.
2. Gefragmenteerde/*fragmented* ideologie (Nouwen 1979:9-12). Hierdie mens het geen geheelbeeld nie. Gevolgtrekking: daar is postmoderne tendense soos om nie die geheel te sien nie, leef vir die oomblik, glo alles en is skepties teenoor godsdiens – al integreer hy fragmente daarvan. Vir die tegno-sekularis bestaan geen beginsels nie.
3. Soeke na nuwe onsterflikheid/*immortality* (Nouwen 1979:12-15). Hy kyk nie meer verder as die dood nie omdat die huidige lewe alles is en dit laat hom

selfmoordgedrag vertoon. Daarom: die tegno-sekulêre mens bestaan net vir die oomblik en daar is vir hom geen toekoms nie. Sy virtuele wêreld van die nou is al wat bestaan.

Die genesing vir hierdie mens word gesoek in:

1. Die mistiese weg/*mystical* (Nouwen 1979:16-17). Omdat hy histories ontwrig is, ontvlug hy in 'n apatiese wêreld van homself. Die mens van vandag is selfgerig en die lewe draai om homself. Niks anders maak saak nie, behalwe sy eie denke.
2. Die rewolusionêre/*revolutionary* weg (Nouwen 1979:17-18). Omdat hy in 'n gefragmenteerde wêreld leef, gaan die passiewe fatalisme soms oor in radikale aktivisme. Daarom is die mens van vandag soms 'n fanatikus wat radikaal en onverantwoordelik optree. Daar is 'n derde weg wat voorgestel word:
3. Die Christelike/*Christian* weg (Nouwen 1979:19-21). Dit versoen eersgenoemde twee optredes. Dit is die weg van Jesus wat onttrek het en oor die wêreld gedink het, maar ook radikaal iets daaraan gedoen het. Die mens van vandag moet dus kan reflekteer en integreer by wyse van stilword, maar behoort ook uit te beweeg en iets diensbaar te doen. Natuurlik is dit nie 'n doen ter wille van doen nie, maar 'n aktiewe roeping op geleefde gebeure.

Die ontwortelde/*rootless* generasie is:

1. Inwaartse/*inward* generasie (Nouwen 1979:27-30). Kenmerke hiervan is privatisme en isolasie wat lei na gesagloosheid en anti-institusionele, selfgesentreerdheid, materialistiese selfsug en onmiddellike bevrediging van behoeftes. Alles draai dus om die self.
2. 'n Generasie sonder vaders/*without fathers* (Nouwen 1979:30-33). Hierdie geslag verwerp gevolglik enige vorm van outoriteit en gesag. Die gesag van die groep is alles – wat 'n ander vorm van tirannie is. Dit is dus die tipiese postmodernis wat geen norm of verhaal van buite aanvaar nie.
3. 'n Krampagtige/*convulsive* generasie (Nouwen 1979:33-36). As gevolg van visie- en uitsigloosheid is hierdie mens ongelukkig, depressief en afbrekend.

Genesing word bewerk deur persone met die volgende vaardighede:

1. Pastors wat die innerlike wêreld kan artikuleer/*articulate* (Nouwen 1979:37-40). Die geweldige verwardheid moet beskryf word en mense moet daardeur begelei word na

’n verstaan van Wie God en wie die mens is. Die pad van verlossing moet met ander woorde verwoord word.

2. Medelydende/*compassionate* pastor (Nouwen 1979:40-43). ’n Pastor wat nie “van bo” begelei nie, maar in die midde van die mense staan – een wat die beste in ander uitbring en ’n toekomsvisie skep. Een wat sy eie gebrokenheid gebruik ter wille van ander.
3. Nadenkende/*contemplative* begeleiding (Nouwen 1979:43-46). Dit is ’n persoon wat saam met ’n vaderlose generasie op ’n pad kan gaan en hulle op kreatiewe maniere stuur: aanduidend op die mooi van die lewe, bevestigend van die beeld van God, opbouend krities, evangeliserend, ontdekkend van die doel van bestaan, standvastig, transendente begeleiding, hoopgewend en rasioneel.

Die hooplose/*hopeless* mens:

1. Leef in ’n onpersoonlik/*impersonal* milieu (Nouwen 1979:55-57). Hy het sy identiteit en ook omgang met ander verloor.
2. Vrees die dood/*death* (Nouwen 1979:57-59). Dood is ’n verlies.
3. Vrees die lewe/*life* (Nouwen 1979:59-60). Die lewe is harde werk en ’n verhoudinglose bestaan.

’n Hooplose mens word begelei tot ’n lewe van diens deur die pastor – “the way out is the way in” (Nouwen 1979:77):

1. ’n Persoonlike/*personal* reaksie (Nouwen 1979:63-65, 71-74). Die pastor behoort persoonlike belangstelling te toon en betrokke te raak by die persoon sonder hoop sodat opregte belangstelling persoonlike hoop gee.
2. Wag/*wait* op lewe (Nouwen 1979:65-67, 74-75). Begeleiding wat lei na ’n herontdekking van die lewe se sin en waarde.
3. Wag/*wait* op dood (Nouwen 1979:67-70, 75-77). Daar moet ’n visie geskep word vir die lewe na die dood – sodat selfs die dood nie afskrik nie.

Die beskrywende optrede van die pastor hierbo kom neer op ’n begeleiding van ’n gewonde of gebroke geneser. Dit is die voorbeeld van Jesus Self wat sy eie gebroke liggaam die weg na genesing en bevryding tot nuwe lewe gemaak het (Nouwen 1979:82). Dit is die pastor wat sy eie wonde en lewe gebruik tot genesing van ander, maar “[O]pen wounds stink and do not heal” (Nouwen 1979:88). Dit is nie ’n oppervlakkige pad nie. Dit is egte gasvryheid waar ander ingenooi word en begelei word. Dit vra begeleiding téén ’n pad van lyding om verkeerde redes. Dit vra soms konfronterende diens. Dit maak die pastorale verhouding

Christelike gemeenskap waar wonde nie net om genesing vra nie, maar 'n plek waar pyn 'n poort tot nuwe lewensvisie word. Dit bring wedersydse hoop omdat wedersydse gebrokenheid gedeel is (Nouwen 1979:92-94).

Die groot versoeking vir pastors is om beheer en mag te behou en nie vanuit gebrokenheid te bedien nie (Nouwen 1989:60).

3.6 ENKELE PASTORALE LYNE

As opsomming van die hoofstuk word enkele lyne vir pastorale hulp voorlopig aangebied wat vanuit hoofstuk 2 en 3 na vore gekom het. Dit is voorlopige merkers vir 'n pastoraat wat diens as genesing fasiliteer. Dit is ook sake wat vir die volgende hoofstuk as agtergrondstafereel kan dien.

3.6.1 Verhoudingsgerigte pastoraat

Die lewe word ontdek en verstaan binne 'n netwerk van verhoudinge. Daarom word die lewensgebeure binne 'n netwerk van verhoudinge verstaan. Die mens bestaan in 'n sisteem en kan meer volledig verstaan word wanneer alle kante van 'n saak hermeneuties benut word (Louw 2005a:6). Deur saam met ander die lewenservarings te interpreteer en te integreer kan sin en heling bring.

Die belangrikste Persoon in dié netwerk van verhoudings is God self. Hy is die Bewerker van lewe en heil. Daarom sou 'n beradingsgebeure sonder gebed as begin en eindpunt kwalik sinvol wees.

3.6.2 Etiese begeleiding

Die pastorale gesprek vra meer as empatie en medelye. Die belang van norme en waardes is onontbeerlik vir formasie na volwassenheid. Die morele siening van die persoon wat vir hulp kom, behoort ook beoordeel te word (Louw 2005a:5). Daar kan dus nie volledige heling plaasvind as nie aandag aan morele sake gegee word nie.

Die rede vir bogenoemde is dat daar 'n regte en verkeerde manier van reageer op lewensomstandighede bestaan. Die profetiese rol van die pastor – waar hy wys op die lewe in geregtigheid – moet aandag geniet. Natuurlik vind dit binne 'n verhouding plaas wat gevestig is en nie op 'n tirannieke wyse nie.

Dit kan dus nie anders dat die transformerende krag van die Bybel gebruik word nie, want hierin word die beeld van God en model van Jesus genoem. Die mens van vandag moet 'n nuwe denk- en bestaanswyse ontdek om kreatief 'n gesonde bestaan daar te stel. Daar word nie meer menslik gekyk nie, maar die mens gaan in 'n nuwe bestaan op (2 Kor 5:16-17). Daar mag nie meer konformerend met die wêreld gedink en geleef word nie, maar deur die transformerende denke van God (Rm 12:1-2). 'n Nuwe en Goddelike persepsie moet daar gestel word. Dit gee 'n radikaal ander stel van waardes en denkwyses om die werklikheid te perseptualiseer. Die diensknegdenke – soos deur God se beeld en Jesus se voorbeeld – moet voorgehou word as die hoogste lewensmodel wat God se mense in hierdie wêreld kan vertoon. Mense word uitgenooi tot 'n radikale alternatief van diensbaarheid. Dit kan alleen bereik word as God Self naby is en die mens sy lewensomstandighede sien as moontlikhede om diens te verrig en so te groei na 'n lewe wat sal genees van sinloosheid, gebrek aan verhoudings, onteleologiese bestaan, 'n lewe sonder etiek en die ontbreking van transendente bestaan.

Die persoon wat vir berading kom, moet dit egter self ontdek by wyse van die integrering van sy lewensomstandighede met sy eie lewe. Die berader of hulpverlener is fasiliteerder van die storie van die individu met die meta-storie van die Woord van God.

Dit vra na verandering van denke in hulpverlening. Die hulpverlener of berader "... need to ask: What is it that we do with the sick that no one else does?" (Willimon 1991:322). Die antwoord van hierdie hoofstuk is: die regte gebruikmaking van mense se lewensgebeure om diensbaar te wees en op hierdie manier genesing te ervaar, is iets wat slegs die Christelike berader kan fasiliteer.

3.6.3 Beeld van God

Dit blyk dat die beeld van God as objektiewe bron benut moet word om mense na 'n lewe van sinvolle en volwasse diens te begelei. Die beeld van God en model van Jesus Christus konstateer gesonde menslike lewe. "The most commanding force in our lives – shaping the way we live and the distribution of our energies – is our concept of God" (Kysar 1991:7). In die hulpverlening moet dus gewerk word met Godsbeeld as oortuiging tot ware menswees – omdat die mens na God geskape is.

Gerkin (1989:27-28) sê dat die moderne mens die beeld van God as versorger verloor het en dat daar nie meer op Hom staatgemaak word om lewe te kontinueer nie. Die hoogste betekenis van dinge word in die mens se vermoë om homself te onderhou en dinge te hanteer, gesetel. Gevolglik moet in die pastoraat 'n basis gevind word om hierdie beeld-

basis te herstel, want die verlies van hierdie beeld het die mens die belewenis van direksie of rigting ontnem. Dit is veral in krisis waar wanneer die mens beleef dat hy nie meer beheer het nie.

Die beeld van God in Jesus word 'n model vir herstel van lewe. Daar word nie gefokus op sonde nie, maar op positiewe herstel. Dit is die teenpool van wettiese begeleiding. Tog sal gewys moet word op die styl van Jesus wat 'n afwaartse en opofferende styl is en nie een van selfsug nie.

3.6.4 Onvervulde bestaan

Die keuse om passief teenoor lewe en lyding te staan, het gevolge van onvervuldheid. Daar kan op 'n nie-veroordelende wyse hierop gewys word.

Stott (1989:7-8) waarsku teen vals leraars wat nie die waarheid bring nie. "This emphasis is unpopular today." Daar word dikwels gesê dat pastors positief en nie negatief moet wees nie. Daarmee word bedoel dat pastors nie klem moet plaas op die foute van mense nie. Maar sulke mense lees nie die Nuwe Testament nie. Die eerste taak van 'n ware herder is om op die waarheid te wys en die tweede is om te waarsku teen foute. Die huurlinge gee nie om nie en bring nie die waarheid nie, maar die ware herder waarsku teen 'n lewe wat nie vervulling bring nie.

Hierdie doel kan bereik word as pastorale versorging fokus op geestelike sake en minder gepreokkupeerd is met selfontdekking, selfvervulling en selfopname. Dit kan lei tot 'n ongesonde narsistiese individualisme. Baie van ons daaglikse pyn soos depressie, rigtingloosheid, leegheid, sinloosheid en hooploosheid het te doen met hierdie selfffiksasie (Louw 2005a:5). Die mens moet dus nie die spilpunt van lewe en gesprekke wees nie, maar die beeld van God kan as rigtinggewende norm help.

3.6.5 Rentmeesterskap

Die mens is rentmeester van lewensgoedere. Hy het 'n persoonlikheid en geskiedenis. Dit moet tot eer van God en ten behoeve van die medemens en wêreld gebruik word.

Die saak van vertrouwe – huidig en eskatologies – is van uiterste belang om in 'n krisis balans te bring. Die vertrouwe in die inkarnasie moet herstel word (Gerkin 1989:36). Geloofsvertroue in God as Versorger en Gewer van goeie lewe moet dus gefasiliteer word. Solank onthou word dat God Self deur die Gees mense trek.

3.6.6 Rolle

Die rol van pastor is een van begeleiding eerder as raadgewer. Die persoon wat kom vir hulp is nie (postmodernisties) die kenner van lewe nie, maar moet saam met die pastor self ontdek wat die antwoorde is.

Die gedeelte in Johannes 5:1-17 van die man by die Betesda-bad dui aan dat die mens self by genesing betrokke is (Jones 2009:650). Daar is wisselwerking tussen pastor en persone met pyn. Metafories gesien help die pastorale begeleier die persoon om sy pakkie op te neem en te loop. Die pastor help en die persoon kies. Verder dui hierdie verhaal daarop dat die hulpproses in sekulêre en pastorale terapie in die verlede te individualisties beskou is (Jones 2009:651) – asof heling net met die sieke te doen het. Mense help mekaar en heling vind dus in 'n gemeenskap plaas. Hierdie studie wil ook metafories sien dat die lam man sy pakkie moet optel en daarmee moet loop. Daardeur sien mense sy verlede en hy – die sieke wat gesond geword het – gee hoop dat daar heling te vinde is vir persone wat vir lewe kies. Natuurlik bly dit 'n keuse op gesag van die stem van die Groot Geneser.

3.6.7 Mens- en lewensbeskouing

Die mens van vandag het sekere dinge wat hom strem om voluit mens te wees. Dit is 'n komplekse kultuur waarin geleef word. Die pastor moet dus seker maak van die persoon voor hom se lewens- en wêreldbeskouing. Daar kan nie net aanvaar word dat hy Christenmens is nie. Die saak van evangelisasie – in die sin van begeleiding tot die herstel van 'n verhouding met God deur persoonlike aanvaarding van die heil deur Jesus – moet aandag kry. Dit kan die beginpunt van suksesvolle berading wees.

Die pastor behoort dan verder waardes en etiek te fasiliteer as 'n basis waarop lewe gebou kan word (Louw 2005a:6). Die invloed van die mens se sienings en moontlike gevolge moet ontleed en bespreek word sodat lewenswaardes daaruit verkry kan word.

3.6.8 Integrasie met lewe

Die pastor moet daarop wys en help met die integrasie van beginsels en ontdekte antwoorde met die lewe self. Genesing vind immers eers plaas wanneer die daad by die woord gevoeg word.

Die pastor word dus mentor tot lewe, maar dit is 'n vuilerige proses. "Sheep are not at all clean and cuddly creatures they sometimes appear. In fact they are dirty, subject to unpleasant pests, and regularly need to be dipped in chemicals to rid them of lice, ticks and worms!" (Stott 1989:9). Die diens vra dus onvoorwaardelike eenwording en reserwlose solidariteit met mense in nood. Die een wat ook daar was, kan met sy eie gebrokenheid hierdie eenwording modelleer.

3.6.9 Hermeneutiese pastoraat

Daar is aangetoon dat lewensgebeure denkend toegepas moet word op die situasie van die individu. Die pastor moet beide die lewe en die innerlike wêreld van die persoon wat hulp nodig, goed kan artikuleer en beskryf. Albei persone moet sorg dra dat die omstandighede raakgesien en erken word, denkend ontleed word, verstaan word, as lewensgroei herken word en geïntegreerd geleef word.

"Besides norms and values, the emphasis should be on wisdom, i.e. true discernment between right and wrong, good and evil, sense and nonsense" (Louw 2005a:5). Die kuns om mense op die pad van wysheid te lei moet in die pastorale verhouding gesoek word.

3.6.10 Pastoraat van gebrokenheid

Die begeleier is presies wat die woord bedoel: iemand wat saam met 'n ander persoon loop. Dit het 'n leidende rol, maar nooit van bo nie. Dit is om 'n ander met sy eie wonde as uitgangspunt te bedien. Hy is persoonlik betrokke.

Daar is vandag positiewe paradigma-skuiwe ten opsigte van genesing (vgl. Willis 2000:355-365). As die volgende skuiwe in berading gemaak word, kan dit goeie invloed op genesing hê:

- Pasiënt as kliënt na pasiënt as gas;
- Gesond maak na heel maak – dit vra na 'n holistiese benadering;
- Individu na gemeenskap – daar moet gefokus word op verhoudings;
- Pyn na lyding – lyding is deurdagte pyn en bring wysheid oor hoe om op te tree en maak pyn draaglik;
- Transendente God na immanente God – God staan nie eenkant in die pyn nie, maar is die lydende God wat uiteindelik die Outeur van genesing saam met gelowiges is, en

- Passiewe lyer na aktiewe deelnemer – wanneer mense deelneem aan hulle pyn, gee dit hoop – wat die kragtigste manier is om lyding te hanteer.

3.6.11 Pastoraat in eskatologiese perspektief

Die pastor begelei tot die wag op lewe, asook die wag op dood. Dit beteken dat die persoon wat hulp soek begelei word tot 'n lewe wat by die dood ook sal spreek. Dit het daarom ook 'n element van heenwys na die beoordeling van elke mens se lewe aan die einde van die tyd.

3.6.12 Herbeskrywing van lewe

Lewe en lewensomstandighede moet herdefinieer word. Lewe is ook lyding, lyding is ook lewe. Lydingsgebeure moet omarm word as lewe self en benut word tot lewensgroei. Die mens kan nie net sorgvry lewe nie. Lyding speel 'n bepaalde rol tot die ontwikkeling van 'n lewe van volwassenheid.

“The focal point is less on personality change and more on repositioning, shift of position and attitude” (Louw 2005a:6). Daar word gevra na 'n paradigmaskuif in hulpverlening. Weg van probleme na oplossings en groei. Pyn, lyding, krisis en probleme is deel van die lewe en behoort benut te word vir helende lewe – dit is wat bedoel word met herdefiniëring van lewe.

Dit is hierdie laaste punt wat in die volgende hoofstuk spesifiek ondersoek sal word. Die vraag sal gevra word: Wat het lyding, diens en lewenskwaliteit met mekaar in verband? Voordat na 'n teorie vir pastorale berading met die oog op diensbaarheid beweeg word, moet hierdie vraag eers beantwoord word.

HOOFSTUK 4

MENSLIKE LYDING EN GOD-DRIE-ENIG IN DIENSBARE LEWE

4.1 INLEIDING

Tot sover is die volgende argument ontwikkel: In hoofstuk 2 is aangetoon dat die mens as beeld van God beskryf kan word. Uit dié beskrywing is afgelei dat die dienaarsbestaan van die mens besonder nou resoneer met wie God is en dat dit 'n noodsaaklike Bybelse simbool vir gesonde menslike bestaan vir vandag is.

Daar is dus redeneer dat diensbare lewe aan die basis van gesonde lewe lê en daarom genesend inwerk op gebroke menslikheid. Hierdie saak is in hoofstuk 3 ondersoek. Hier is aangetoon dat die mens in alle aspekte van sy lewe dienaar behoort te wees en dat dit verdiepend en genesend op lewe kan inwerk – omdat diens 'n kernaspek van lewe is.

Omdat die mens met gebroke lewens na die pastor vir hulp kom, wil die studie nou die rol van lyding en pyn in diensbare lewe ondersoek. Die aanname of hipotese wat gemaak word, is: aangesien gewys is daarop dat diens 'n genesende rol speel om menslike lewe te genees en te vervul, kan dit ook waar wees as die mens sy lydingsgebeure sien as 'n moment wat tot diens fasiliteer. Dit is wat nou ondersoek sal word in hoofstuk 4.

Vir die pastoraat beteken dit: as dit aangetoon kan word dat lydingsgebeure 'n Godgegewe impetus tot diensbaarheid is, behoort lyding in pastorale berading benut te word tot die vorming van diens tot volwasse lewe. Die h  e hiervan in pastorale berading word dan in die volgende hoofstuk ondersoek. Die drie lyne van die studie, naamlik diens, genesing en lyding, sal dan – in hoofstuk 5 – in 'n pastorale teorie saamgevat word.

Omdat imago Dei steeds as uitgangspunt geneem word, sal God se Drie-enige bestaan as indeling vir hierdie hoofstuk geneem word. Die hoofstuk sal dus 'n drieledige indeling geniet. Eerstens sal die rol van die God die Vader in menslike lyding ondersoek word wat 'n sekere denkraamwerk van 'n teodisee daarstel. Die mens moet kennis neem van die Vader se rol in lyding tot diensbare bestaan. Dan sal die betrokkenheid van die Seun ontleed word sodat met geloofsvertroue op menslike lyding gereageer word wat na diensbare lewe lei. Mense antwoord dus in geloofsvertroue op die Seun se lydende menswording as modus van diens. Laastens sal die Heilige Gees se kreatiewe rol tot integrasie tussen menslike lyding en diensbare lewe nagevors word. Integrasie van lyding vir diensbare lewe word dus verkry wanneer die mens kreatief reageer op begeleiding van die Gees.

Bogenoemde kan in 'n tabel saamgevat word wat as volg lyk:

Vader	Transendente optrede	Kennis
Seun	Inkarnerende betrokkenheid	Geloofsvertroue
Heilige Gees	Immanente begeleiding	Integrasie

Die skema waarvolgens gewerk word om die rol van God in lyding en diensbare bestaan aan te toon, is soos volg: Die Een God in sy bestaan as Drie-enige vervul 'n drieledige rol en die mens reageer op drieledige wyse in reaksie daarop. Die tabel in woorde klink dan as volg: Die Vader tree transenderent deur lyding op en die mens doen 'n sekere kennis daarvan op. Die Seun wys die Goddelike betrokkenheid met mense in lyding deur die inkarnasie en mense reageer met geloofsvertroue. Die Heilige Gees is God wat immanent begelei sodat die mens lyding en lewe integreer. Op hierdie manier is lyding 'n kataliseerder van die Drie-enige God tot menswees wat die (dienaars)beeld van God reflekteer.

God bly die Skepper en Inisieerder van lewe en die mens reageer op die handeling (van lyding) in sy lewe. "Our destiny cannot be cancelled out; we cannot erase it or substitute anything else for it. But we can choose how we shall respond, how we shall live out our talents which confronts us" (Rollo May in Abrami 2011:215). God werk doelmatig in en deur lyding; mense tree responsief op sodat betekenisvolle menslike lewe ontstaan en bestaan. Daarom kan gesê word dat God betrokke is by die skepping as "... an inexhaustibly loving and self-giving God, for reasons that include the emergence of beings who can act morally and can respond freely to the divine love" (Barrett 2007:101). "Of God lyding wil, of nie wil nie, is nie die vraag nie. Sy wil is: Wat maak ek met my lyding en hoe reageer ek daarop?" (Louw 2006:55). Die mens se reaksie op die rol van Vader, Seun en Heilige Gees sal deurentyd uitgespel word.

Daar word nou voortgegaan om die rol van God-Drie-enig in en deur lydingsgebeure om mense tot dienaars te vorm, beskryf.

4.2 DIE TRANSENDENTE OPTREDE VAN DIE VADER IN LYDING

Met transendente optrede word aangedui dat 'n aksie van buite die menslike bestaan 'n bepaalde rol in menswees speel. In hierdie paragraaf gaan dit spesifiek oor die teodiseevraag. Teodisee het baie betekenisverbande. Teodisee word hier gebruik as 'n term wat "... refer to the many proposed answers to human suffering (McWilliams 2006:345). Daar sal egter nie in die algemeen antwoorde gesoek word op God se optrede in menslike lyding nie.

Slegs die lyne van hoe God (as Vader) op transendente wyse deur lyding die mens na diensbare lewe vorm, sal aangetoon word.

McWilliams (2006:347) maak 'n onderskeid van 20ste eeuse teodisies wat bruikbaar is vir die studie.

- Protes-teodisee. Hier word bedoel dat daar oor lyding protes aangeteken kan word – soos in die Klaagpsalms en Jeremia gevind.
- Proses-teodisee. Hierdie beskouing gaan uit van die standpunt dat God eerder wil oortuig as dwing. God wil nie die wêreld manipuleer nie, maar na 'n beter bedeling uitnooi. Lyding is dus 'n prosesmatige gebeure waardeur God die mens uitnooi om saam te werk tot 'n sinvolle en diensbare bestaan.
- Persoonsvorming-teodisee. Dit stem ooreen met die vorige siening dat lyding pedagogies is, maar gaan verder en maak die aanname dat selfs die rol van die bese in lyding iets is wat gebruik kan word sodat mense as volwassenes kan ontwikkel. Hierdie standpunt wys dus duidelik daarop dat lyding bruikbare elemente het vir lewensontwikkeling.
- Bevrydingsteodisee. Hier gaan dit oor praktiese response op onderdrukkende sisteme eerder as die rol van pyn en die bese. Maar ook hierdie siening wys op die feit dat lyding mense kan opwek om teen bese sisteme – individueel of gemeenskaplik – op te tree sodat kwaliteit lewe mag ontwikkel as gevolg van die lyding.

Hierdie vier betekenismoontlikhede som op hoe God deur menslike lyding werk. In die geval van protes-teodisee kan gesien word dat die klag nie van lyding losgemaak word nie. Daarom is selfs die klag 'n reaksie op lyding en kan pyn bruikbaar wees om lewe te verwoord. Beeldvorming deur lyding as 'n prosesmatige gebeure is 'n handeling waar God by wyse van lyding opvoedkundige gebeure op mense se lewens inspreek en 'n persoon vorm. Lyding is daarom 'n fenomeen waarop daadwerklik gereageer word sodat bevryding en genesing plaasvind. Menslike lyding – al neem dit soms die vorm van 'n klag en reaksionêre bevrydingsrespons aan – is dus 'n deel van menslike gebeure waardeur die Drie-enige God mense uitnooi om volle dienaar van Hom, mekaar en die wêreld te wees.

4.2.1 Lyding as deel van die skepping

Lydning (as uitdaging) was deel van die geskape werklikheid, sê Hall (1986:56). Daar was eensaamheid (Adam was alleen), grense (mense kon nie alles doen wat hulle begeer nie), versoeking (mense kon grense oorsteek) en daarom ook angs (vir moontlike oortreding) in

die tuin van Eden voor die sondeval. Die oorspronklike skepping was dus nie 'n plek sonder uitdagings waarop gereageer moes word nie.

Die lewe van medeskeppende wese (as “creative co-creator”) aan worsteling gee daarom aanleiding tot ware menswees en vra van die beeldgeskape mens 'n lewe van intelligente en kreatiewe verantwoordelikheid op die roepingsgebeure van die skepping – wat deur God tot lewensvorming gestel is. In hierdie verband stem ewolusie-denke en skeppingsteologie ooreen, naamlik dat worsteling met lyding 'n positiewe saak is wat gesonde lewe voortbring en dat dit 'n intensie van die Skepper was om dit as sodanig te doen (Hall 1996:60). Woorde in die skeppingsverhaal wat hierdie visie begrond, is: beelddraer, heers, naamgewing, vrugbare lewe, bewoon en (veral) bewerk.

Lydning was deel van die eerste lewe, maar die verskil tussen voor en na die sondeval is dat die mens nou die lyding alleen moet dra (Hicks 2006:114-117). Hicks verklaar die rol van die sondeval as sou dit aanleiding gee daartoe dat lyding nou nie meer natuurlik en gesond is nie. Die skepping se uitdagings het oorgegaan in pynlike gebeure. Omdat die mens 'n verhoudingswese is, het die sonde sy verhouding met God versteur. Nou moet die lyding die mens juis na God dryf sodat lyding hierdie verhouding kan herstel en die mens genesing vind. Dit vra na 'n bekering tot 'n liefdevolle Vader wat versorg en ondersteun. Die prentjie wat hier na vore kom, is die verhaal van die verlore seun wat moes terugkeer na sy pa toe hy in die “lydingsgebeure van die varkhok” onthou hoe sy pa se huis lyk (Lk 15:11-24). Dit is nie dat daar nie strukture of werk in die vaderhuis was nie, maar die sonde van bandeloosheid het hom by die varkhok gebring en dit het hom teruggedring na sy pa.

Dit lyk op die oog af of beweer word dat lyding reeds deel van lewe vóór die sondeval was. Hierdie studie wil nie so ver gaan om dit klinkklaar te stel nie, aangesien dit die hele teologie van die sondeval in gedrang sou bring. Maar daar is genoeg om af te lei dat God – selfs vóór die sondeval – die mens aan uitdagings onderwerp het om hom diensbare mens te maak. Die saak van lyding as deel van die skepping staan so sterk dat saam met Hall (1986:57) gesê wil word: “What I am contending is that there are, in fact, forms of suffering which belong, in God’s intention, to the human condition.”

Om lyding as deel van die pre-sondeval te begrond sou 'n weerspreking van die term lyding wees. Per definisie is lyding pynlike gebeure. Om van pyn voor die sondeval te praat, maak God 'n Outeur van pynlike gebeure. Daarom word gekies om van uitdagings of diens voor die sondeval te praat. Dit is hierdie studie se standpunt dat God 'n wetmatigheid daargestel het wat die mens in staat stel om deur gebruikmaking van uitdagings 'n lewe te bou.

Die hantering van lyding in die Nuwe Testament ondersteun dit. Lyding was nie 'n metafisiese probleem wat opgelos moet word nie, maar eerder 'n praktiese uitdaging wat 'n reaksie vra (Hauerwas 1991:51). Selfs die Christene – as die herstelde beeld van God – het dus lyding nie as lewensvreemd gesien nie, maar met 'n verantwoordelike en altruïstiese geloofsantwoord daarop gereageer.

Uit die aard van lyding moes daarvoor lering gegee word omdat gelowiges na die sin daarvan gevra het, maar die ondertoon bly reaksie en nie passiewe weerstand of rebellerende optrede nie. In Hebreërs 12:5-6 word gewys op 'n God wat tugtig wie Hy liefhet. Dit dui op 'n positiewe handeling omdat God dit aan sy geliefdes doen. Daarom vra Hebreërs 12:25 dat gelowiges ag sal slaan op hierdie Goddelike spreke. Ook Jakobus 1:2-4 laat klink hierdie positiewe gesindheid jeens beproewings as hy dit aan vreugde verbind. Die vreugde lê in die feit dat beproewings 'n positiewe doel het, naamlik die opbou van die gelowige.

Hauerwas (1990:83) wys op die merkwaardige van Israel dat hulle nie die donkerte van hulle godsdienstige lewens verban of ontken het nie, maar hulle het dit aangegryp as “...the very stuff of new life. Indeed, Israel seems to know that new life comes from nowhere else.” Die voorbeeld van Israel wys dus dat lyding as 'n deel van lewe gesien is. God is dus nie bevraagteken nie, maar is gesien as die Een wat deur lyding 'n verantwoordelike roepingsbestaan fasiliteer – soms selfs deur 'n klag. Daarom behoort lyding 'n transendente handeling te wees wat in die lewe geïntegreer word om kreatief nuwe lewe te skep as die medeskeppers van lewe. Dit sal moontlik 'n herdefiniëring van wat lewe is in die pastorale gesprek benodig.

Kushner het baie bruikbare sienings van lyding, maar skep soms 'n prentjie van God wat nie aanvaar kan word nie. Hy meen dat God iemand is wat selfs vergewe moet word omdat Hy nie 'n perfekte wêreld gemaak het nie (Kushner 1992:173). Daarom kan Kushner (1992:151) sê: “Fate, not God, sends us the problem.” Kushner skep dus 'n mag – noodlot – naas God en wanneer noodlot dinge bewerk, skep dit 'n donker kant van God Self waarmee nie saamgestem kan word nie. Wat ten regte deur hom gestel word, is dat God in lyding help en bystaan. Daar is dus 'n Transendente se hulp wat lyding sin gee.

Hierdie studie kies eerder vir 'n God wat lyding as deel van die werklikheid op 'n voorsienende wyse gebruik sodat gesonde menslike lewe daaruit kan vloei en teen 'n God Wie se handeling deur fatalistiese gebeure medebepaal word. Lyding en uitdagings in die lewe is dus deel van God se liefdevolle handeling van onderhouding (Heidelbergse Kategismus Sondag 10 vraag en antwoord 27, 28). Die Kategismus wil nie die oorsprong van teëspoed aan God verbind nie, maar verklaar gewoon dat ons op God kan vertrou in lyding. Op grond

van die Kategismus se bewysgrond van Romeine 8:28 en 29 word gewaag om af te lei dat selfs die mens se eie onverantwoordelikheid – wat tot teenspoed lei – deur God gebruik kan word om alles ten goede te laat werk.

Die vraag na die oorsprong van lyding bly egter bestaan. Bartholomew (2008:99, 242) – sonder om die oorsprong te verklaar – meen dat God juis voorsien deur 'n sekere vorm van ewekansigheid in die skepping te plaas. Dit is wanneer die mens sy vrye wil gebruik om sy wil met God s'n te pas dat God se doel bereik word. Die lewe is dus nie volledig gepredestineer nie, maar lewe word geskep waar 'n afwagende God en skeppende mens mekaar ontmoet. Dit beteken nie dat God risiko's neem nie, want alles vind binne die raamwerk van sekere wetmatighede plaas (Bartholomew 2008:135, 223). Lewe is dus meer vloeibaar as wat deur die geskiedenis aangevoer is, maar bly egter die werk van God – bygestaan deur mense (wat ook deur God gewil is om kreatief te bestaan).

Hierdie transendente betrokkenheid van God by die lyding van mense is belangrik aangesien mense in moedeloosheid sal verval, sou God nie die gebeure kon beheer nie. Polkinghorne en Beale (2009:34) noem dat daar 'n perfekte balans tussen “lawfulness and randomness” bestaan sodat wesens met vrye wil kan kies, maar nie uitgelewer is aan omstandighede nie. Hulle vergelyk die gebeure op aarde met 'n Grootmeester wat skaak speel en uiteindelik sal oorwin, maar die teenstanders kan intelligente skuiwe maak.

O'Brien (2009:408) werk met teïstiese ewolusie en noem dat pyn en lyding nodig is vir 'n ewolusionerende proses aangesien dit hoër vorms van bestaan daarstel. Hy meen dat 'n perfekte skepping sonder pyn nie 'n werklikheid was nie en vra vir 'n herinterpretasie van die Genesisverhale. Een van die herinterpretasies is dat skepping nie afgehandel is nie, maar deur pyn en lyding voortgaan. “Theistic evolution views God's providence as *creatio continua* (continuing creation) where the gradual emerging/unfolding of the universe is dependent on God as its source as creation continues towards completion and perfection” (O'Brien 2009:410). Die lyding kry dus nie 'n selfstandige bestaan nie, maar het steeds transendente of Goddelike bestuur nodig om na beter lewe te lei.

Die saak van intelligente ontwerp (*Intelligent Design*) dui daarop dat lyding 'n katalisator tot nuwe lewe is. “The human mind is fascinated by design” (Du Toit 2007:298). Selfs skynbare lukrake gebeure word deur die mens se brein as doelmatig gesien. Daarom is die siening van sommige wetenskaplikes dat die skepping deur toeval verder ontwikkel nie korrek nie, want die hele skepping funksioneer vanuit ontwerp en alles het 'n intrinsieke doelmatigheid (Du Toit 2007:299). Hieruit word afgelei dat die mens dus deur die doelmatige proses van menslike pyn en lyding gefassineer sal wees. Hy sal dus byna outomaties en intrinsiek na

die doel van lyding soek. Dit is hoe hy geskep is. Die Intelligente Ontwerp Beweging (*ID movement*) wil 'n ontwerper agter alles bewys. Du Toit (2007:309) wys op JF Haught wat verklaar dat die Ontwerper die God van die Christendom is. Die Christelike God het dus die mens so geskep dat hy vanuit sy natuur die pyn en lyding teleologies sal verwerk. Dit wil nie God as Outeur van lyding voorstel nie, maar wil wys op die betrokke teenwoordigheid van die Ontwerper-God wat alles ten goede laat meewerk (Rm 8:28). Daar is dus nie sprake van 'n Skepper wat geskep het en dan die skepping aan homself oorlaat om ewolusionêr op sy eie te groei nie. Die aanname dat sommige lyding sonder sin en betekenis is, word ook hiermee ontken omdat dit die beginsel van teleologie van menswees ontken.

Die volgende afleiding oor lyding wil dus gestel word: Lyding – as uitdaging – is dus deel van menslike lewe en kan tot nuwe lewe lei. Lyding is dus bruikbaar vir die vorming van die beeld van God in die mens.

4.2.2 Lyding is bruikbaar

Elie Wiesel was aan die harglikste van lyding in die Duitse konsentrasiekampe blootgestel. Faulstick (2010:304) haal uit Elie Wiesel se *Trial of God* aan: “Night is screaming, and its screams become stars, don't you see?” Hieruit lei Faulstick af “... that evil is not only necessary, but advantageous – there is in fact no misfortune.” Die rede vir hierdie argument is dat die mens medeskepper is. Mense gebruik die pyn om te skep aan nuwe lewe. Maar die mens skep nie omdat hy deur God gedwing word nie. Hy neem op grond van sy vryheid gewillig deel aan hierdie skeppende proses aan lewe. Daarom is die pad deur pyn nie protes nie, maar proses (Faulstick 2010:306). 'n Mens sou dus kon sê dat selfs die gruwelike euwels van die konsentrasiekampe, die “skreeu van die stemme in die nag” ook iets bruikbaar opgelewer het.

Lydning is dus deel van 'n prosesmatige gebeurde wat lewe vorm en is bruikbaar om imago Dei in sy vorm as dienaar te formeer:

4.2.2.1 Mens as verhoudingswese

In sommige gevalle en verbande van lyding maak dit sin om nie Job se vraag “God, waarom doen U dit aan my?” te vra nie, maar eerder: “God, sien wat met my gebeur! Kan U my help?” Soms gaan ons nie na God om veroordeel of vergewe, beloon of gestraf te word nie, maar gewoon om versterk en getroos te word (Kushner 1992:47). Met ander woorde: In sekere gevalle is lyding se waarde iets wat gewoon ons verhouding met God versterk omdat die mens na Hom vlug vir beskerming en hulp teen die lewe self. Soms word net na God

gevlug vir bemoediging – sodat Hy alleen die hulp en rots word, Hy alleen genoeg is. Maar dan het lyding reeds 'n doel bereik. Vanuit die verhouding kry die mens weer moed en energie om aan te gaan met lewe – ten spyte van omstandighede. Die vraag na waar God in lyding is, laat ons na Hom soek en bring mense nader aan God wat lewe gee (Louw 2002:93). Die soeke na God as sodanig het dus waarde omdat dit die verhouding met God versterk. Dit versterk sy posisie as die unieke en enigste Hulp en Troos vir my.

Dieselfde gedagte sou ook van die verhouding met mekaar gesê kan word. Mense wat ander in pyn en lyding soek, beweeg ook nader aan mekaar en op hierdie manier vind versterkte verhoudings plaas.

4.2.2.2 Mens as kreatiewe wese

Vanuit die verhouding met God kry teleurstelling en hartseer as onophoudelike beweging in menslike lewe plek. Daarom sal die geloof in die Godheid nie stagneer nie. Hierdie perspektief maak nuwe moontlikhede vir die Christengelowige oop (Du Toit 2000:184). Lyding bly dus vrae aan die mens – as kind van God – se geloofslawe vra. Lyding is dus intrinsiek kreatief van aard omdat dit nuwe denke stimuleer. Die kreatiewe mens gee antwoorde hierop en skep 'n wyse waarop nuut en betekenisvol as dienaar van God geleef kan word.

Selfs Calvyn se sogenaamde “harde” siening van teodisee sluit nie die mens se kreatiewe deelname aan sake om hulle uit nie, sê Louw (2000:95, 99). Louw meen Calvyn handhaaf nie 'n fatalistiese benadering van God nie en distansieer homself doelbewus van 'n stoïsynse filosofie. Daarom kan aangeneem word dat dit selfs Calvinisties is om te sê dat God se toetrede tot die wêreld deur lyding 'n doelbewuste poging van die transendente God is om in 'n verbond met mense te tree. Die mens neem dan saam met God deel aan die skepping om hom.

4.2.2.3 Mens as etiese wese

Sonder om die outeur van pyn te bepaal, konstitueer Yancey (1990:26) die nut van menslike lyding in die biologiese waarde van pyn. Soos pyn 'n waarskuwing is om aandag te gee aan die oorsaak van 'n probleem – soos 'n hand wat op 'n warm stoofplaat is – so moet na menslike pyn geluister word. Daarom is pyn 'n “gift which nobody wants”, maar “... pain serves us each day, making possible normal life on this planet” (Yancey 1990:46). Pyn het dus waarde as waarskuwing en is deel van natuurlike lewe. “We need another word for the problem: perhaps *pain* to signify the body's protective network and *suffering* to signify the

human misery (Yancey 1990:62). Lyding is dus daar om teen sekere vorme van agteruitgang te bewaar. Pyn is die simptoom van iets wat verkeerd geloop het en daarom moet aandag gegee word aan wat verkeerd is. Mense is etiese wesens wat, indien hulle immorele en onetiese keuses beoefen, pyn veroorsaak. Lyding vestig aandag op hierdie afbrekende gevolge van sonde en dit bring die nodige reaksie vir gesonde lewe. By wyse van 'n bekeringsbestaan tree die mens dan op teen verval van die individu en sisteem. Daar is dus 'n reddende rol wat deur lyding aangewakker word.

4.2.2.4 Mens as verantwoordelike wese

Louw (2000:192) meen dat God in lyding "praat" en die mens luister en ontdek so God se doel, plan en wil vir lewe sodat die mens teleologies verder kan lewe. Die mens en God werk in 'n verbondmatige verhouding saam hierin – al neem God die inisiatief hierin (Louw 1992:93). Lyding het 'n bepalende rol in die ontdekking van lewensdoel. Dit kan selfs aanleiding gee tot 'n leefwyse waar opgestaan word teen sekere strukture wat lewenskwaliteit beperk. Lyding vra dat opgestaan word teen lyding (Hicks 2006:70). Dit is juis in die persoonlike lyding dat 'n lewensdoel ontdek word in die sin dat ander vorme van lyding – wat met die eie oorvleuel – waargeneem word. 'n Roeping en lewensdoel ontstaan dan om op 'n sekere terrein van lyding 'n bydrae teen lyding met lyding te lewer.

4.2.2.5 Die mens en nood

God laat nie die skepping aan homself oor nie – al is daar 'n vorm van ewekansigheid in die skepping, volgens Kushner (1992:59). Einstein het gesê: "God does not play dice with the cosmos", maar skep juis uit die chaos van die lewe iets wat as sinvolle bestaan beskryf word (Kushner 1992:60). God tree dus toe tot die skepping wat in chaos bestaan en skep daaruit 'n wêreld. So moet uit die chaos van lyding iets waardevol gemaak word wat nuwe lewe skep of kwaliteit bevorder. Die chaos en nood in mense se lewens roep op tot die gebruikmaking daarvan.

Toe God die nood van die Israeliete gesien het, het Hy dit ter harte geneem en Moses gestuur (Eks 2:25). Ook in die Nuwe Testament lees ons dat God sy Seun gestuur het om mense in nood te verlos en te red (Jh 3:16). Dit lê aan die hart van God dat Hy nood raaksien en tot hulp kom. Nood roep na 'n reaksie. Die mens as beeld van God moet ook nood raaksien en iets daaraan doen. Die wyse waarop dit geskied is dat die mens sy lewe ontledig ter wille van ander in nood. Die mens se syn en lewensgebeure – lyding insluitend – word dus leeg gemaak ter wille van die roepstem van nood. Daarom sê Haught (2007:315) dat hierdie beeld van kenosis of Godsontleding altyd "... repair whenever it thinks about

God's relationship to the world and evolution." In die voortgaande skepping is die mense van God as God se beeld die noodhulp vir noodlydendes. Nood is dus bruikbaar in dié sin dat dit die kerk oproep om sy beeld te vertoon – die beeld van 'n God wat omgee in nood.

4.2.2.6 Die mens as eskatologiese wese

"There is no such thing as a meaningless event or meaningless suffering in the Bible; in all things God is working out his sovereign purposes, to be revealed at the end of the age" (Hicks 2006:23). Dit is duidelik dat God in en deur menslike lyding op pad is na die einde van die tyd. Lyding word deur God benut om alles gereed te maak vir die eindtyd. Daarom hoop mense op wat hulle nie sien nie en sug saam met die skepping na die tyd as daar nie meer verganklikheid is nie. Hierdie lyding is nuttig in die sin dat dit mense hoop gee vir wat hulle nog nie kan sien nie, maar nou volhardend daarop laat wag (Rm 8:18-25). Die mens reageer, maar dit is God se transendente toetrede deur swaarkry wat die goeie bewerk – al word dit aan die einde eers openbaar. Dit bly natuurlik 'n antwoord op lyding wat in geloof gegee word, maar die vormingswaarde van lyding kan selfs blydskap en vreugde in lyding bewerk (Rm 5:3; 1 Pt 1:1-9).

As afsluiting van hierdie paragraaf oor die bruikbaarheid van lyding kan die volgende voordele of vrugte van lyding genoem word (Louw 2000:133):

- Ontdek meer van God se liefde, genade en omgee;
- Leef met die wete dat God in beheer is – ten spyte van die misterie van lyding;
- Vertroue in 'n kwesbare en lewende God;
- 'n Nuwe kwaliteit van lewe word geskep;
- Heiligmaking vind plaas – lyding is 'n reinigende leerproses wat plaasvind in verhouding met 'n liefdevolle Vriend;
- Geestelike groei – volwassewording van geloof waar gelowiges hulle lyding met ander gelowiges deel;
- Liefde en sensitiwiteit vir ander neem toe – lyding maak mense meer diensbaar aan God en medemens.

Die vraag is of alle lyding bruikbaar is?

4.2.3 Lyding en sinlose lyding

Hall (1996:64) meen dat dit 'n kritiese vraag in menslike lyding is of alle pyn waarde het. Hy meen die streep moet getrek word by die punt waar lyding nie meer lewe dien of bewerk nie.

In die lig van hierdie studie sou die grens tussen sinvolle en sinlose lyding bepaal word deur die beeld van God: indien die beeld van God nie meer gevorm word in lyding nie, word dit sinlose lyding. Of: waar die shalom-koninkryk van God nie meer kan kom nie, is 'n grens oorgesteek waar pyn nie meer sinvol benut kan word nie. Dit beteken nie net uitermatige lyding op ramspoedige skaal nie, maar ook waar lyding en pyn 'n lewe op sy eie kry (Hall 1996:65-66). Daar waar lyding dus 'n wet en beginsel gemaak word of waar lyding as goed beskryf word, is die grens na sinlose lyding oorgesteek.

Die probleem is egter, aan die een kant, dat God se soewereiniteit vernietig word as sekere vorme van lyding heeltemal sinloos is. Dan sou geen sin of sekuriteit in lyding meer bestaan nie. Iets wat die mens totaal betekenisloos laat sou tog net depressie as gevolg hê. Buitendien is reeds gesien dat alle nood in die lig van die eskaton een of ander vorm van vormingswaarde het. Aan die ander kant is dit waar dat menslike lyding nooit 'n doel opsigself word nie. Dit verteenwoordig 'n masochistiese leefwyse wat nie by 'n Bybelse siening hoort nie.

Die optrede teenoor lyding is egter belangriker as die verklaring daarvan, want "... the cry of pain is absolutely necessary to our being able to identify and respond to injustice and sin" (Hauerwas 1990:77). Mense as kreatiewe wesens moet onderskeidend met lyding omgaan en mense as redders moet teen lyding ingaan. Lyding leer ons opstand teen onregverdigheid en sonde – en dit opsigself maak mense 'n kreatiewe wese wat die koninkryk bou – nie 'n martelaar wat uitgelewer is nie. Die mens as intelligente en rasonele wese is in staat om hierdie aksent van lyding te gebruik.

Die onderskeid wat König (2002:163) maak, is bruikbaar om op die vraag te antwoord of alle pyn bruikbaar en waardevol is. Hy maak 'n onderskeiding tussen goeie doel en goeie gevolge. Die feit dat daar sinlose lyding bestaan en niks goed daaruit kan spruit nie, beteken nie dat mense niks goeds uit sinlose lyding kan leer nie. Die doel van lyding mag moontlik nie goed wees nie, maar God help ons om iets goeds daaruit te leer. Die standpunt hier help om raak te sien dat God steeds betrokke bly en saam met die mens as verantwoordelike wese op die nood van die wêreld kan antwoord. En as God uit die lyding iets goeds kan haal is lyding nie per definisie sinloos nie. Daar kan dus nooit slegs negatief, passief en moedeloos teenoor enige lyding gestaan word nie, want alles – sonder uitsluiting – werk ten goede mee (Rm 8:28).

God se soewereiniteit – al skep dit probleme in die teodiseevraagstuk – kan nie losgemaak word van teodisee nie: "Alhoewel daar ernstige dinge op aarde verkeerd is, het alles nie hand uitgeruk nie. Daar is nog sinvolle lewe moontlik. En verder is ons oortuig dat God

uiteindelik tog sy doel met die aarde sal bereik (die nuwe aarde sál aanbreek)” (König 2002:164). Wat die hede betref is sinvolle lewe moontlik. Wat die verlede betref het God merkwaardige oorwinnings behaal. Wat die toekoms betref staan die beloftes vas. In hierdie sin bly God in beheer. Hierdie is ’n belangrike gesigspunt in menslike lyding en pastorale sorg aan teleologiese en kreatiewe wesens wat eskatologies lewe, want as God beheer verloor, kan daar tog nie hoop wees nie en groot dele van die lewe hang in die lug – ook die finale uitkoms van menslike lewe!

Paulus – wat sê dat geen versoeking bo jou krag is nie (1 Kor 10:13) – noem ook dat hy eens bo sy krag versoek is en alle hoop verloor het (2 Kor 1:8). Maar dan maak hy die gevolgtrekking dat daar wel sin of ’n les in was en dit is dat geleer kan word om God alleen te vertrou. Selfs lyding “wat hooploos lyk”, kry betekenis – al is dit agterna.

Grootskaalse rampe en lyding is “soul-making” omdat dit ons laat uitsien na waar God elke traan sal afdroog en geen pyn meer sal wees nie (Wyatt 1996:261). Daar kan dus gesê word dat selfs katastrofes soos die gaskamers van Hitler in hierdie paradigma gebruikwaarde het. Die bruikwaarde word geïllustreer in ’n verhaal waar een rabbi die ander vra of daar enige iets te leer is uit die moord op ses miljoen Jode. Die antwoord is dan: “Miskien ... al is dit net sodat die wêreld mag sê dat daar nooit weer so iets toegelaat mag word nie.”

Sinlose lyding is die moeilikste vorm van lyding om te hanteer, maar dit help tog om lyding te sien as ’n bydrae tot die groot werk van God. Dit maak dit draagbaar en laat selfs voel dat dit ’n voorreg is om vir God te ly. Tog is daar baie gebreke aan hierdie beskouing: “I find it very hard to accept hypothetical solutions to real problems” (Kushner 1992:16-17). ’n Mens kan met Kushner saamstem dat dit in ’n gegewe situasie nie sal werk nie, maar in ander wel, want die Bybel stel dit in 1 Petrus 3:14 dat dit ’n voorreg is om vir God se saak te ly. Ook in die dissipelskapedagte van Bonhoeffer sou dit in plek wees om te sê dat die leerling nie hoër as sy leermeester en die slaaf as sy eienaar is nie (Mt 10:24). Verder lê die gedagte in lyn met die mens as die draer van goeie werke om God te eer, maar dit sal moet aansluit by die modus van altruïstiese bestaan waar die mens homself leegmaak soos Jesus deur ’n kenosis-gebeure gegaan het (Fl 2:5-8).

Yancey (1990:68) maak ’n veralgemening op grond van C.S Lewis se uitspraak: “God whispers to us in our pleasures, speaks in our conscience, but shouts in our pains, it is His megaphone to rouse a deaf world.” Wat menslike lyding en rampe se oorsprong en aard is, kan dus op die vraag of alle lyding waarde het, ten minste gesê word dat God deur alle lyding op een of ander manier praat.

Daar kan selfs beweer word dat lyding 'n "dieper wyse" van God se werking is. God het die wêreld goed gemaak, maar wil meer as net goed skep. Dit doen Hy deur lyding toe te laat sodat dieper lewe daaruit ontstaan (Swinburne 1996:97). Menslike lyding is dus God se manier om diep mense te skep – iets wat voorspoed nie kan doen nie.

Daar kan dus beweer word dat alle lyding in een of ander mate nuttig vir menslike bestaan is. Sou dit ook gesê kan word van die bese se betrokkenheid by lyding?

4.2.4 Lyding en die rol van die bese

Hierdie studie aanvaar die persoonlike bestaan van die bese en dat hy 'n eksistensiële werklikheid is (vgl. 1.8). Daar word geglo dat 'n Satan en sy bese engele bestaan. Hierdie geloofswerklikheid kan nie bewys word nie – soos die bestaan van God Self nie logies en redelik bewys kan word nie, maar 'n geloofsaak is. Dit word aanvaar omdat die Bybel dit as 'n feit stel (Job 1:6; Sg 3:1; Mt 4:10; Lk 22:3; 2 Ts 2:9; Op 12:9). Die Satan is nie die enigste rolspeler in die lyding, pyn en swaarkry van mense op aarde nie, maar speel beslis 'n rol.

König (2002:174, 179) noem drie sake oor die bese in die teodiseevraagstuk:

- God is nie die enigste party wat die verloop van die geskiedenis bepaal nie;
- Ander partye het nie 'n minderwaardige rol nie. Hulle betrokkenheid is onmiskenbaar in die geskiedenis in dié sin dat hulle God kan frustreer en dwing om met nuwe inisiatiewe na vore te kom;
- Die beslissende wendings in die geskiedenis wek die vertroue dat Hy uiteindelik sy omvattende doel met die wêreld sal bereik. Stryd en oorwinning is dus 'n sentrale motief in die Bybel.

Dit is 'n gebalanseerde standpunt oor die rol van die bese. Satan en sy engele kry erkenning, maar die bese se rol in lyding staan in die teken dat hy verslaan is. Tog word sy rol in teodisee soms onderspeel (König 2002:77). Die Bybel self maak dit 'n wesenlike saak as dit die inkarnasie as 'n belangrike motief vir die vernietiging van die bese neem (Jh 3:8 en Hd 10:38). Daarom het 'n mens as etiese en morele wese 'n vrye wil oor hoe om op die bese se werke te reageer (König 2002:118) – soos dit tewens oor die mens se verhouding met God ook gesê kan word. Daar is dus geen plek vir moedeloosheid in lyding nie omdat die mens se reaksie op die bese se vernietigende werke deurslaggewend van aard is. Selfs die erkenning dat die bese 'n rol speel, neem dus nie die positiewe gebruik van lyding weg nie. Die mens kan steeds sy funksionele roeping as God se beeld bly vertoon.

Die plek van die duiwel en menslike optrede in lyding word ernstig geneem. God staan egter nie magteloos daarteenoor nie. Al geskied God se wil nie altyd nie – as gevolg van die bese – sal dit eskatologies gesproke in oorwinning uitwerk. Al is dit tydelike verliese – omdat mense kan kies – sal alles uiteindelik reg uitwerk. Ons leef in stryd met lyding en swaarkry, maar wie aanhou, kan oorwin – nou en vir altyd. Hierdie siening gee erkenning aan die feit dat God aan mense en die bese ruimte gee vir keuses, maar ontmagtig God nie as Een wat nie beheer het nie. Dit plaas ook nie die einde van die dinge soos ons dit vandag beleef in die weegskaal nie. Selfs die bese se toetreding tot lewende skep nie 'n toestand van wanhoop oor pynlike lewende nie.

Wyatt (1996:255, 258) het hierdie insig as hy dit as logies stel dat daar ander magte langs die Goddelike bestaan. Mag is altyd iets wat gedeel word. Die mens het ook die mag om te besluit aan wie se kant hy staan en werk. Die vraag is of die uitkoms van die wêreld in gedrang is. Die antwoord is “nee” omdat die Goddelike doel met die wêreld nooit in gedrang is nie. Mense as verantwoordelike wesens wat deur besluitneming selfs reddend op omstandighede inwerk, kan voluit lewende en nie verlam en passief leef nie.

Alle passiwiteit in die aangesig van lyding en die bese moet dus onderdruk word. Soos die bese lyding bring, is daar ook baie opbouende werke deur die regte besluite. Die bese se werke moet ons juis aanspoor om die regte keuses te maak (Wyatt 1996:251). Mense is dus heersers saam met God oor die wêreld wie se besluitneming in lyding hulle medeskeppende rol bevestig en waardeur lewende geskep word. Wyatt neem Dorothy Soelle se siening uit haar boek *Suffering* as begroning en motivering. Mense moet “... enter into their own suffering as a vehicle for redemption. Passivity and resignation leave suffering as a surd, a meaningless intrusion into our lives, something which must be borne. But in order for suffering to become redemptive we must respond to it, address it, use it; we must claim it as something belonging to our selfhood and our history” (Wyatt 1996:252). Wanneer pyn as voertuig gebruik word – eerder as moedlose passiwiteit teenoor die werke van die bese – om te antwoord op die uitdagings van lewende, maak dit elke mens 'n unieke persoon met 'n bepaalde geskiedenis wat deur sy aanwending van pyn homself en ander kan red.

Dit is juis Christene wat deur die bese se betrokkenheid vervolg sal word omdat hulle God se dissipels is, maar “[W]e are soldiers, not just victims” (Hicks 2006:125). Die mens se roeping lê in geloof wat God volg en die proklamering van die evangelie wat genesing bring. Omdat die bese 'n werklikheid is, sal daar lyding en pyn wees, want dit behoort tot die wese van die bese as teenpool van God se liefde om dit in gelowiges se lewende te bewerk. As priesters oor God se skepping moet die pyn wat die bese veroorsaak, benut en bedien word as 'n vorm van genesing en heling vir die self, mekaar en die wêreld.

Die ander kant van die saak is dat die mens se vrywillige en verantwoordelike bestaan hom ook téén God en vir die bese kan laat kies. Daarom sal die bestaan van die bese en die realiteit van menslike rebellie noodwendig vir God in toorn en gramskap laat optree (Ps 2:5-6). God se woede is dus ook 'n bron van lyding omdat dit teen die bese se werk gemik word. Dit het egter 'n spesifieke doel naamlik dat mense sal terugkeer van rebellie na aanbidding. Die woedende optrede van God teen die kruis het dieselfde doel (Hicks 2006:48). Daarom sal beradingsgesprekke oor menslike lyding nie evangelisasie en bekeringsmomente kan ontvlug nie. Omdat die mens 'n etiese en ewige wese is, sal daar – op grond van lydingsgebeure wat (terug)roep – keuses gevra word wat implikasies vir versoening en die verhouding met God het.

Volgens Barrett (2007:102) – 'n voorstander van teïstiese ewolusie – is morele ewels onafwendbaar deel van die lewe omdat mense vrye keuses kan uitoefen en hulle nog nie volwasse is nie. Maar dit is juis hierdie ewels wat die mens toets en vorm om beter karakter en persoonlike verhoudings te beoefen. Dit kan dus met 'n proses van ewolusionerende heiligmaking vergelyk word, waar mense uit hulle foute leer en uiteindelik beter daaraan toe is. Lyding is deel van die skepping en speel 'n rol in die vorming van menswees. Dit neem nie alle vroeë oor God en die bese weg nie, maar hou rekening daarmee dat lyding – selfs bese ewels – 'n rol speel in menslike formasie. Die mens is daarom nie sonder hoop in lyding nie en kan selfs uit sonde en foute leer om sy lewe te verbeter. 'n Verandering van denke word dus gevra oor lyding, want die grootste probleem in die proses van so 'n formasie deur lyding is die vraag of mense kan glo dat die einde van die proses "... the pain and suffering, cruelty and wickedness of human life can be rendered acceptable by an end-state, however good?" (Barrett 2007:107). Mense moet dus leer om die sin van lyding te ontdek en nie daarvoor te buig of in te gee nie.

Daar kan oor die bese se werk volstaan word deur die siening van Polkinghorne (2005:145): "The cry *O felix culpa!* expresses the belief that nothing is beyond God's final power of rescue and renewal." Selfs foute kan geluk bewerk. Dit blyk dus dat selfs op die bese se vernietigende ingryping op lewe – soos met rampspoedige en katastrofale lyding wat sinloos voorkom – waardig gereageer kan word. Daarom word nou verder gegaan deur op spesifieke beeldvormings van God te wys wat lyding as transendente gebeure kataliseer.

4.2.5 Lyding skep teleologiese bestaan

Ontologies gesproke beteken menswees om te ly. Dit is nie 'n siniese uitspraak nie, want in teleologiese perspektief beteken dit om betekenis van die lewe te vind (Hall 1986:53). Daar

is dus 'n kataliserende aksie in lyding wat mense hulle rigting en doel laat vind. Korrekte antwoorde en reaksie op lyding – as deel van lewe – skep 'n funksionele lewe.

Dit is nie 'n uitgediende konsep om te vra na 'n doelsbestaan van menswees nie. Louw (2000:6) stel dat sekularisasie nie daarin kon slaag om die mens te laat ophou vra na sy bestaansdoel nie. Om die lydingsvraagstuk sinvol en doelmatig te hanteer kan die vraag na die doel daarvan nie ontsnap word nie. Dit is nie 'n oppervlakkige afmaak van “Die Here het seker 'n doel” nie, maar die inskakeling by 'n prosesmatige gebeure wat die lewe na sy bestaansdoel neig. Lyding is 'n proses wat groei na 'n doelmatige bestaan vir God, medemens en wêreld stimuleer. Dit skep 'n heroriëntasie omdat die mens daarin betekenis en 'n doel soek (Louw 2000:9). Lydingsgebeure laat die mens dus vrae vra oor sy doel in die lewe en dwing hom na aanpassings en bekering in denke en gedrag. Dit vra dus nie net na waarom ly ek nie, maar neem die mens se vraag verder na waarom ek bestaan?

Hierdie soeke na sin en betekenis stem in op 'n roepingslewe. Hall (1996:67) meen dat lyding as roepingsgebeure gesien moet word. Mense het uitsonderlike vermoëns om toerekeningsvatbaar te wees en verantwoordelik op te tree in die skema van hulle omstandighede. Mense is denkende, sprekende, skeppende wesens wat in 'n verbondsbestaan met die Skepper staan. In die proses kan mense lyding gebruik om te gee, te lei en te bewaar sodat lewe bevorder kan word en die lewe in oorfloed (Jh 10:10) bereik kan word. Die mens het dus die vermoëns om hermeneuties met sy lyding en pyn om te gaan sodat sy telos ontdek word en hy lewe in oorfloed geniet – juis as gevolg van menslike lyding. Hierdie vermoëns tot die ontdekking van 'n lewensdoel kom van God en roep die mens tot diensbare lewe. Daar is dus niks om oor te roem nie, maar is 'n nederige antwoord op die rigting waarin die aanslae van die lewe jou stuur. Die mens, sê Hall (1996:68-69), kan nie lewe skep of lewe se basiese patroon verander nie, maar deur deelname aan die lewe deur pyn en lyding diensbaar te maak kan die mens as dienaar van die huishouding van God 'n bydrae tot die proses van ware lewe maak.

Hierdie optrede van diens staan teenoor die kultuur van ongehoorsaamheid van die tyd. 'n Voorbeeld hiervan is Noag in Genesis 6 wat in kontras met die optrede van die omgewing staan. Dit is Noag se andersheid wat hom die guns in God se oë laat vind (Hicks 2006:29) – en die spot en hoon van sy omgewing. Volhardende geloofsgetrouheid aan die roeping van God maak hom die draer van lewe. In en deur die immorele katastrofe van sy tyd tree hy gehoorsaam op en vervul op hierdie manier sy telos. Sy etiese en morele houding maak hom diensbaar in God se oë en hy vind daarom redding vir homself, sy familie en lewe op aarde.

Hierdie lewe wat betekenis in en deur lyding vind, is nie slegs 'n teenpool van die lewe rondom die mens nie, maar vra ook na 'n innerlike vernuwing van denke: nie die betekenis van die lewe vir my nie, maar die betekenis wat ek aan die lewe kan gee. Louw (2005a:3) vertel van homself: "I have always maintained that there must be a solution to our quest for meaning. Gradually it dawned on me that I posed the wrong question. The question is not 'how'? There is no recipe for life. Many crisis in life cannot be managed. The essential question is rather: 'for what purpose' and 'who am I?' What is the quality of my being-functions and my destiny in life?"

Ander vrae moet dus gevra word oor die krisis in my lewe om sinvolle verwerking te vind. Dit gaan nie oor wat ek uit die lewe kan kry nie, maar hoe ek 'n bydrae tot die lewe kan maak? 'n Nuwe gesindheid moet in berading probeer geskep word. Die primêre houding van die mens moet nie een wees wat bevraagteken "wat God nou weer doen" nie. Daar moet aangeleer word om eerder te soek hoe ek daarby kan inskakel om God se doel met my lewe te bereik. Dan word die pyn diensbaar en die mens word dienaar.

Hierdie funksionele lewe as antwoord op pyn is nie net vertikaal na God nie, maar ook 'n lewe waar "God inspires people to help other people who have been hurt by life, and by helping them, they protect them from the danger of feeling alone, abandoned, or judged" (Kushner 1992:165). Lyding stuur mense dus uit om ander se laste te dra. Maar dit is meer as dit: die persoon se spesifieke soort lyding help hom om ander in hierdie spesifieke omstandighede te help. Dit gee erkenning aan die transendente optrede van God wat mense tot medewerkers vorm en vervulde lewens daarstel. Op voetspoor van 2 Korintiërs 1:3-4 kan gesê word dat God mense in lyding help sodat hulle ander kan bemoedig – wat dieselfde nood het (Hicks 2006:183). Lyding word dus 'n transendente werktuig in die hand van God wat 'n priesterlike bewoëndheid na die nood van medemens en wêreld skep.

Recker (2010:652) noem dat een van die oudste argumente vir God se bestaan die ontwerpargument is. Die skepping kan aanpas sodat die doel bereik kan word. Hy noem – teen die argument van Dawkins dat alles lukraak en ewekansig ontstaan het – dat alles 'n opvallende neiging tot doelmatigheid vertoon. Dit wys na 'n Goddelike Ontwerper wat geskep het sodat alles doelmatig vorentoe beweeg. In die teodisee-vraagstuk kom dit daarop neer dat menslike lyding deel van God se ontwerperspatroon is.

4.2.6 Lyding is vorming van die persoon

Ons staan steeds stil by menslike lyding as 'n gebeure wat Goddelike waarde het. Lyding vra dus nie in die eerste plek na intellektuele verklarings nie, maar waarheen dit kan lei. In

hierdie paragraaf word beweeg op die terrein van lyding as vormende gebeure op die persoon en sy karakter. Die wyse waarop God met sy mense optree, word vergelyk met die optrede van die arend en haar kleintjies (Dt 32:11) waar teenspoed en lyding vormend op menslike lewe inwerk.

'n Krisis is 'n geleentheid wat deur die intelligente en rasionele mens as 'n geleentheid tot lewensoriëntering gebruik moet word. Lyding kan maklik weggebied of -gewens word. Nadenke sal heiligmaking en nuwe perspektiewe daarstel. 'n Krisis wat hermeneuties hanteer word, het voordele vir die vorming van die persoon. Louw (2005a:96) beskryf dit as volg: "A crisis should be viewed as an opportunity to reflect on life; it offers an opportunity to step back, to adopt a critical stance, to debrief and to develop a new perspective on the different happenstances of life. For this process one needs wisdom, i.e. the capability and competence to make a true discernment between what really counts in life and what does not. In this regard a crisis functions as a sort of 'purification of the soul', i.e. the opportunity to prioritise one's goals in life and to develop a new perspective."

God is besig om steeds aan die mens en sy wêreld te vorm. Hy is op pad na die eskaton, maar intussen berei Hy mense voor. Wyatt (1996:260) dui aan dat die wêreld nie 'n "done deed" is nie. Uiteindelik sal die geskiedenis by vervulling uitkom. Intussen is die wêreld – met sy pyn en lyding – 'n plek vir "soul-making". Daarom gebruik God eerder die swaarkry as om dit weg te keer. Op dié manier word sielseienskappe soos moed, omgee, geloofsvertroue, eerlikheid, betroubaarheid, ensovoorts ontwikkel. Die klimaat van teenspoed maak hierdie eienskappe moontlik. 'n Mens kan dus sê dat God in sy voortgaande betrokkenheid by die skepping die karakter van mense vorm sodat hulle gereed is vir Jesus se tweede koms. Die klem is egter op die transendente God wat dit doen. Hy bewerk hierdie lewensgroei of sielseienskappe deur lyding.

Dit kan selfs van sogenaamde sinlose lyding gesê word. "For Christians, suffering – even the suffering of a child – cannot be separated from their calling to be a new people made holy by conversion" (Hauerwas 1990:52). Persoonsvorming deur pyn en krisis is 'n roeping tot heiligmaking en bekering. Dit het dus met 'n omskakeling van lewe te doen waar God se mense op etiese wyse 'n nuwe lewe vir Hom lei. Daarom is menslike lyding inherent 'n evangeliserende gebeure.

Hierdie omskakeling of heiligingsproses – alhoewel deur God gewil en gewerk – vra 'n intelligente en rasionele hermeneuse van die lydingsgebeure. Die mens as beeld van God besit die potensiaal om dit te doen. Louw (2000:13) meen dat lyding 'n unieke menslike en eksistensiële fenomeen is wat eie is aan die vermoë om te kan interpreteer en verstaan.

Wanneer die mens dit met metafore en simbole verwerk en verduur, transformeer dit menslike bestaan tot 'n hoër kwaliteit van lewe.

In die Ou Testament is die afloop van lydingsworsteling gekenmerk deur naamsverandering as teken van karakterverandering. Die verhaal van Jakob en God se worsteling in die Jabbok (Gn 32:22-32) vertel dat stryd met God tot 'n nuwe naam lei (Hicks 2006:146). Transformasie vind dus eers plaas wanneer die stryd met God ernstig geneem word. Soos in die geval van Jakob – wat Israel geword het – is die vraag deur God gevra: Wat is jou naam? (Hicks 2006:152). Daar moet betrokke geraak word by die worsteling met God oor lyding en daar mag nie gelos word voor seën daaruit spruit nie. Natuurlik sal daar letsels van so 'n stoeiproses oorgehou word (soos Jakob wat mank geloop het daarna), maar ten minste sal die mens wat bereid is om met lyding 'n geveg aan te knoop 'n nuwe naam ontvang. Dit sal 'n naam wees wat getuig van redding en waaraan die kinders van God bekend sal staan.

Hierdie gedagtes van eerlike bevraagtekening van en egte twyfel in menslike pyn en lyding word ook gevind in die boek van Habakuk wat eindig met 'n reaksie van jubeling (Hicks 2006:154). Hierdie vreugde vind sy bestaan in 'n nuwe bestaanswyse ten spyte van lyding. Eerlike en diep kontak met God oor die lewe se krisis gee 'n persoon nuwe insigte wat lei tot blydskap te midde van pyn en tekorte van “al sou dan ook”. Die punt van persoonsvorming as veranderde visie hier is dat met God geargumenteer is. Daar is nie in die lug gekla en gekerm nie. Die klagtes het by Hom uitgekom. God is die Gewer van lewe en daarom word by Hom om lewe gesmeek.

Misplaaste skuldgevoelens is neerdrukkend en verlam mense sodat geen persoons groei kan plaasvind nie. Daarom verwerp Jesus die kousale verhouding tussen sonde en lyding (Kysar 1991:35; Wyatt 1996:249). Die blindgebore seun se toestand is nie as gevolg van sonde nie, maar dat die werke van die God geopenbaar kan word (Jh 9:1 e.v.). So ook die mense wat dood is by die val van die toring van Siloam (Lk 13:1 e.v.). In hierdie geval versoek Jesus die bekering van die mense wat daarvan te hore gekom het. Hierdie twee gevalle is belangrik vir die paragraaf om twee redes:

- Eerstens vorm lyding mense sodat – in die geval van die blindgebore seun – die werke van God duidelik kan word. Jesus se oproep is dat mense God sal verheerlik. Die lyding van die seun word nie verklaar nie, maar word beskryf as iets wat nie doelloos en sonder betekenis is nie. Omdat sin – en nie antwoorde nie – gesoek word kan mense se lewens verander om God te eer.
- Tweedens – in die geval van die toring van Siloam – wil die lyding van onskuldige mense 'n bekeringslewe tot gevolg hê. Lyding is hier bruikbaar sodat God verheerlik

kan word en mense in hulle verhouding met Hom herstel sal word. Beide gevalle verklaar nie – soos die mense graag wou gehad het Jesus moes doen nie – maar vra reaksie sodat persone voor God gevorm word. Lyding vra na 'n lewe van selfondersoek wat weereens dui in die rigting van 'n intellektuele en rasonale hermeneuse van menslike lyding vir die persoon wat daarmee te doen het. Dit het besliste etiese implikasies, maar nie in die sin van die straf op sonde nie.

Kushner (1992:23) staan negatief teenoor die saak van lyding as toets of persoonsvorming. Hy gebruik die voorbeeld van Abraham wat deur God getoets word (Gn 22) deur sy seun Isak te gaan offer. Vir hom en sommige mense is dit afstootlik dat 'n liefdevolle God 'n gelowige volgeling aan hierdie soort wreedhede sal blootstel. Hy meen dit troos nie dat God sy kinders aan toets blootstel nie en verwerp dan in beginsel hierdie standpunt (Kushner 1992:28). Kushner se probleem is egter dat Genesis 22:1 dit duidelik stel dat God vir Abraham “op die proef wou stel”. Verder ontken Kushner (1992:47) dat God by enige lyding die oorsaaklike faktor is: “Our misfortunes are none of His doing, and so we can turn to Him for help.” Dit blyk dus dat Kushner meen dat 'n God wat lyding veroorsaak nie ook kan troos nie. Die vraag is: Kan die Een wat tugtig nie ook die Een wees wat troos nie? Die antwoord is 'n duidelike “Ja” omdat die Bybel dit berig. Jesaja 19:22 stel pertinent dat dieselfde God wat straf, ook genees. Hierin vorm Hy mense omdat dieselfde vers berig dat Hy dit doen omdat bekering plaasgevind het. Dit word ook genoem as motief vir die inkarnasie van Jesus. God straf sodat genesing kan plaasvind (1 Pt 2:24).

Dit is sonder twyfel waar “... that theodicies are, at best, partial answers – but it seems not unreasonable to trust that, through patient process, both in this world and in the next, God is able and willing and longing to transform the world and its creatures into the fullness of their being” (Barrett 2007:115). God gebruik dus die lyding en pyn van die lewe om op 'n prosesmatige wyse die wêreld te verander om beeld van God te word. Hy is aktief betrokke en het 'n hand in lyding en swaarkry, maar dit het 'n goeie doel, naamlik dat transformasie plaasvind. Zimmerman (2009:74) sê “... there is a Divine Being who has created this world and still preserves and rules all things.” 'n Goddelike Wese word erken as die Een wat steeds deur die menslike lyding heers en bewaar.

Omdat mense tegelyk 'n vrye wil het en die potensiaal het om foute te maak, sal daar lyding en pyn wees. Maar selfs dit kan aanleiding gee tot 'n sogenaamde “soul-making” wat 'n ewolusionerende proses vir menslike volwassewording is (Putz 2009:350).

God is dus in en deur lyding doelgerig met persoonsvorming op 'n pad met mense. Daarom sê Berry en Jeeves (2008:34) “[T]he Bible Creator is a God of order. Not of chance.” Dit is

eenvoudiger om God te verstaan as Een wat intiem en onlosmaaklik assosieer met alles wat Hy gemaak het – immanent sowel as transendent – en daardeur doelmatig persone vorm na sy beeld en gelykenis.

4.2.7 Lyding as opvoedkundige gebeure

In persoonsvorming het dit gegaan oor opvoeding en groei van die persoon, maar hier gaan dit in lyding as opvoedkundige gebeure oor gedragsvorming in die sin van korrigerende en die Bybelse beginsel van tuchtiging en gepaardgaande bekering of terugkeer na God. 'n Mens sou dit die etiese dimensie van lyding kan noem. Dit sluit aan by Hebreërs 12:3-13 waar God voorgehou word as 'n vader wat kinders tuchtig sodat hulle kan weerstand bied teen sonde. Die implikasie hier is dat swaarkry benut moet word om in gehoorsame en teleologiese lewe te groei.

Daar kan ses verskillende teodisies onderskei word: teodisee van vergelding, opvoeding, eskatologie, misterie, gemeenskap en menslike doel (vgl. Boase 2008:457-467). Wat veral van belang in hierdie studie is, is die teodisee van opvoeding en doel. "The sufferer gains a better understanding of his life through his personal suffering" (Boase 2008:463). Lyding is dus iets wat insig in gedrag bewerk en gepaardgaande aanpassing moet dus plaasvind sodat terugkeer kan word na die pad wat by die telos van die persoon se lewe inpas. Berading fasiliteer dus geduldige wag, stilte, hoop (Boase 2008:464).

Dit is 'n gegewe dat lyding skuldgevoel by mense skep omdat dit algemeen geglo word dat 'n goeie God slegte mense straf. Dit word gesien in die verhaal van die toring van Siloam wat op mense inval volgens Lukas 13:1-5, maar skuldgevoelens bring nie antwoorde nie en kan selfs afbrekend wees. Jesus vra bekering (Hille 2004:30). Wanneer pyn die mens se lewe aanraak, word die vraag dus na menslike gedrag in terme van Goddelike verwagting gevra. Die eerste reaksie is 'n gevoel van skuld en dit laat mense vrae vra oor hulle gedrag voor God. Hierdie algemene voorkoms van skuldgevoelens op lyding is op sig self 'n bewys van die opvoedkundige waarde van pyn. Maar dit is meer as dit: skuldgevoelens mag nooit 'n lewe op sy eie hê nie, want dan is dit 'n afbrekende mag. In die verhaal van Siloam se toring wil Jesus juis die (nuuskierige en sinlose) vrae wat skuld vra vermy en dring Hy aan op bekering.

Soelle (1975:172) is uiters positief oor die waarde wat lyding het. Dit moet onderskei word van Christelike masochisme, maar moet onvoorwaardelik uit die hand van God aanvaar word. Die gewilligheid om lyding deur gebed te integreer transformeer die menslike lewe ten goede. Dit breek trots af en lei die persoon op die pad wat God vir hom of haar ten doel het.

Hier word gewys op die ingesteldheid wat nodig is vir lyding om opvoedkundig te funksioneer: aanvaarding. Dit is egter duidelik dat Soelle daarop wys dat lyding lewe positief kan beïnvloed. Dit is uit die aard van die saak 'n proses voor by hierdie gesindheid uitgekom word. Die pastor behoort bedag te wees op waar in hierdie proses die persoon is sodat met sensitiwiteit vorentoe beweeg kan word. Dit kan selfs wees dat sommige persone minder of meer potensiaal tot hierdie positiewe siening het.

Yancey (1990:55-56) oordeel positief op skuldgevoelens aangesien dit 'n manier is waardeur pyn in menslike lewe integreer word as rigtinggewende aksie. As die rol van pyn verstaan word, is skuldgevoelens 'n boodskap dat daar in die geestelike lewe foute is. Dit vra 'n respons om koersaanpassings te maak.

Hall (1996:77) verwerp die gedagte dat lyding en straf op sonde altyd 'n direkte verband vorm. Maar hy meen tog dat sy standpunt simplisties is en die lyding-straf-verhouding ingewikkeld is. Liberale Christendom het in sy kritiek op ortodokse tradisies van die Christelike kerk die vormende rol wat lyding as straf op lewe speel geheel en al laat verdwyn. Die navorsingsproses van hierdie studie kan hierdie waarheid nasê omdat daar agtergekom is dat daar 'n oormatige versigtigheid en onwilligheid is – ook onder teoloë – om die saak van sonde, straf en skuldgevoelens na vore te bring. Dit is 'n leemte omdat Hall (1996:79-80, 89) sê dat die mens – vanweë sonde – nie op dag een maar net aangekom het nie, maar in 'n vormingsproses is om te word wat God hom bedoel om te wees en die mens moet oop wees vir lydingsgebeure om hom te vorm. Om te word, impliseer 'n beweging, openheid en gereedheid om een lewensmoment vir 'n ander te verruil. In hierdie oorgange kan sonde nie verstaan word nie, maar kan slegs bely word. Alhoewel Hall huiwerig is oor die lyding-straf-verband is dit tog duidelik uit sy beredenering dat sonde inderdaad iets is wat deur lyding aangespreek word. Die feit dat die mens 'n etiese en morele wese is, vra ook na hierdie verband. Daar mag nie veralgemeen word in die hantering van menslike lyding nie, maar as opvoedkundige gebeure sluit lyding ook die straf en korrigering van sonde in. Solank daar “mag, gesag en gees van die sondige wêreld; asook bose geeste in die lug” (Ef 6:12) is, sal God nodig hê om te korrigeer by wyse van straf of tug – en dit impliseer pyn en lyding. Transformasie en bekering vind dus ook deur dissiplinering plaas. Maar natuurlik is dit nie 'n liefdelose manier om te dwing nie, maar 'n soort liefde wat ferm oortuig.

Alhoewel Louw (2005a:95) se doel van 'n krisis eerstens op persoonsvorming dui, wys hy ook op die doel van die krisis wat toetsing – en daarom opvoedkundig – is: “The Greek word for crisis (*krinein*) means to separate, to sift, to thresh out, to screen. A crisis is a sort of test case for maturity. It is an opportunity to screen life events against the background of our quest for meaning and sense for purposefulness: to shift one's experiences and pose the

question about destination and destiny.” ’n Krisis of menslike lyding is ’n geleentheid om die persoon se lewe te toets en te ondersoek teen die agtergrond van God se lewensdoel met daardie persoon.

“Original sin has fallen out of favor with some Christians, but I am convinced that we need to retrieve it and bring it alive for the twenty-first century” (Edwards 2010:129). Daar is sonde in ons oorsprong in die sin dat God se genade verwerp word, maar dit neem nie die feit weg dat die mens lyding – al is dit die gevolg van sonde – kan gebruik om “boontoe te laat val” nie (Edwards 2010:134-135). Lyding is dus ’n opvoedkundige gebeurte wat mense terugbring na hul bestaan in God. Dit laat hulle as’t ware weer gryp na die genade wat hulle – as sondaars – nodig het. Dit veronderstel dat mense as gevolg van lyding beter etiese en doelmatige besluite neem. “God does not directly will the violent and evil act of crucifixion, but takes it up, transforming it in the power of the Spirit to be the means of salvation for the whole creation” (Edwards 2010:141). Hieruit kan afgelei word dat lyding nie noodwendig die direkte wil en ingrype van God is nie, maar Hy wil dat gelowiges – soos Hy – die lydingsgebeure transformeer tot ’n reddingsgebeure vir die self en mense om die persoon.

König (1991:225) som die verband tussen sonde en lyding goed op. In die Ou Testament word gesien dat gesondheid en siekte van God kom. Alhoewel dit na ’n teenstrydigheid lyk, hoef dit nie so ervaar te word nie omdat in gedagte gehou word dat God die mens na heling en volwasse lewe wil lei. Daarom, sê König, is die siekte en swaar God se “reaksie-dade” op Israel se ongehoorsaamheid. God fasiliteer dus siekte as gevolg van sonde, maar God soek bekering. Die perspektief op die Nuwe Testamentiese God is dat Hy die Geneser is en alles met ’n goeie doel laat meewerk (Rm 8:28). Maar, aldus König (1991:226) is die som van die Ou en Nuwe Testament die volgende: “Dat God inderdaad veel goeds met ’n mens kan bereik wanneer jy onder siekte ly, lei geen twyfel nie. Die sieke kan dit beleef as ’n straf – of liever tugtiging – van die Here oor ’n bepaalde sonde, hom of haar daarvan bekeer en die Here om vergifnis bid. Die sieke kan ook deur die siekte in afhanklikheid na die Here gedryf word en meer as ooit op Hom leer vertrou. Iemand anders kan ook uit die sieke se reaksie op sy of haar eie siekte baie dinge leer.” Siekte – of menslike lyding – is dus ’n opvoedkundige gebeurte van ’n God wat ’n doel met mense het. Die oorsaak van die lyding is minder belangrik as die feit dat God daardeur mense na Homself trek. Een persoon se lyding is ook iets waarby ander mense veel opvoedkundige waarde kan vind.

Omdat menslike lyding (’n saak met baie name soos krisis, pyn, siekte, swaarkry, teenstand, ensovoorts) opvoedkundig is, kan dit slegs waarde in dialogiese spreke vind. Louw (2000:103-104) stel duidelik dat lyding na ’n dialogiese spreke tussen mens en God vra. Lyding beteken nie praat oor God nie (dit is skinder), maar praat *met* God. Hierdie gesprek

of diskussie toon ons eie hulpeloosheid en soms selfs ons skuld. Daarom boemerang die vraag, “Waar is God?” na die antwoord van God, “Waar is jy?” Hierdie dialogiese spreke oor lyding stel ons wees-funksies oop voor God en daag ons uit om te dink oor die kwaliteit van ons verhouding met God (Louw 2000:103-104). Lyding is dus nie ’n abstrakte gebeure nie, maar iets wat tussen God en mens bruikwaarde kry en die mens se geestelike welstand bou sodat rigting gevind word nadat die foute of sonde uit die weg geruim is.

Daarom is die bestuur van ’n krisis belangrik vir opvoedkundige uitkoms. Die vraag na lyding word anders gevra: “For what purpose?” instead of ‘Why?’” (Louw 2005a:98). Nie alle krisisse kan opgelos word nie, maar die posisie teenoor die krisis, gesindheid en reaksie daarteen, kan beheer word. Die verstaan van die krisis sal ’n sinvolle uitweg vind. Daarom is ’n hermeneutiese proses nodig. Sou krisisse dus gesien word as geleenthede om te vorm na diensbare bestaan kan dit die hantering van krisisse verander en hoop en sin gee. Die wyse waarop ’n persoon ’n krisis ingaan – en nie net daarna nie – kan genesend en sinvol op lyding inwerk.

4.2.8 Lyding as eskatologiese bewusmaking

Die mens is eskatologiese wese. Daar sal dus altyd ’n bewustheid van en vrae oor die ewige bestaanswyse by die mens wees. Daarom maak die pyn in die wêreld mens optimisties dat ons nie in hierdie wêreld hoort nie (Yancey 1990:70). Daar sal dus ook (juis) in lyding ’n leef na die ewige dinge wees. Omdat aardse swaarkry “pynlik sugte van verlange na verlossing” (Rm 8:22) is, sal dit die mens ook in hierdie bedeling met die een oog op die ewige laat lewe. Een van die redes vir lyding – wat selfs deur God veroorsaak word – soos hongersnood (Am 4:6), is die mens wat moet terugkeer na God. Ons bestaan hier is om voor te berei vir die ewige leeftyd saam met God en dit hang saam met die gedagte om beeld van God te word (Yancey 1990:94-95). Omdat die ewige lewe ’n werklikheid is, moet die swaar van hierdie lewe gebruik word om gereed te wees vir die dag as Jesus Christus weer kom. En as Hy terugkom moet ons sy beeld vertoon (vgl. Mt 24-25).

“Al die seën wat lyding kan meebring bly egter alles bykomstige seëninge teenoor die groot seën en die groot verheerliking van God: die genesing van die hele skepping wat God beloof het en waarna ons uitsien” (König 1991:227-228). Die bruikwaarde van menslike lyding in hierdie lewe is in diens van die oploop na die ewigheid wat eendag aanbreek. Dit is wanneer die mens in lyding nie die wederkoms gebruik as ontsnaproete na ’n beter lewe nie, maar dit as ’n proses van gereedmaak vir die ewigheid benut. So word lyding ’n impetus tot volle oorgawe aan God en die lewe self.

Daarom meen Louw (2000:10) dat “[S]uffering as a ‘theo’-logical issue, indicates that people seek an explanatory foundation and a source that is able to carry them safely beyond limits of the finite world.” Die mens as ewige wese wil sekerheid hê oor die ewige bestaan en sal uit die aard van die saak vrae vra oor lyding se betekenis vir die ewigheid. Op dié manier word die eskatologiese werklikheid ’n motivering om ook in lyding eties op te leef na die God met Wie die ewigheid bestee sal word en Wie rekenskap sal eis oor hierdie lewe.

Die wyse waarop dit gebeur is dat die hoop op ’n perfekte ewigheid spanning tussen lewe en lyding veroorsaak. Hierdie spanning moet die mens juis aandryf om hier en nou die lewe as ’n voorspel tot die ewigheid aan te durf en reeds nou te transformeer (Louw 2000:119). Omdat hierdie inspanning om te transformeer volgens 1 Korintiërs 15:58 nie tevergeefs is nie, word na ’n lewe opgeroep wat “altyd oorfloedig in die werk van die Here” is. Die spanning van die nog nie en die eendag moet ons nou in die onvolmaakte so laat lewe dat ons gedryf word deur die ewige dinge.

Die eskatologie het dus eksistensiële waarde vir die hantering van die swaar in die lewe. Simpson (2008:220) sê dat die ewige lewe nie in teodisee vermy mag word nie. Hy stel dit sterk: “no theodicy without eschatology.” Sy benadering van die teodisee wat oor die ewige lewe gaan, sentreer rondom die gedagte van die bruikbaarheid van lyding. Selfs uitermatige boosheid moet oorweeg word as iets wat die “greater good” van die ewigheid na vore bring (Simpson 2008:230). Mens kan dus nie pyn en lyding sinvol in lewe integreer as die “greater good” van die ewige lewe nie in oorweging gebring word nie.

Alle denke oor teodisee behoort by die einde van die storie te begin. Die transendente God skryf die einde van die storie. Deur bewus te wees van die toekoms kan ons in die huidige dien – al is dit baie moeilik (Hicks 2006:15). Wanneer die doel van alles in die oog gehou word, gebruik gelowiges selfs uitermate lyding as ’n instrument om God nou te vertrou en ’n lewe van oorgawe te leef. “When we see the whole picture we shall see how absolutely right all his actions have been” (Hicks 2006:20). Eendag wanneer ons “van aangesig tot aangesig sien” sal ons die perfekte pad van liefde raaksien en dit dryf ons om vandag al hierdie liefdespad van diens te loop – omdat mense verhoudingswesens is.

Schaab (2007:300-302) meen dat God ’n selfontledigende God is. Deur pyn, lyding en dood Self deur te maak word Hy ’n kreatiewe impetus en katalis sodat pyn, lyding en dood lewe transformeer tot nuwe en groeiende lewe. Dit gee aanleiding tot ’n lewende hoop dat pyn, lyding en dood geboorte skenk en uiteindelik uitloop op ’n ewige werklikheid. Deur kreatief op lyding te reageer skep ’n etiek van omgee en regverdigheid in persoonlike lewe, gemeenskap en is ook ekologies van aard.

Barrett (2007:107) noem dat persoonsvorming eskatologiese implikasies het as hy sê dat "... the personmaking process continues far beyond this earthly life, where the focus is no longer the developing of moral virtues but the entering into a certain relationship with God." Lyding is dus 'n sinvolle katalisator tot 'n proses wat lei na 'n lewe na die dood wat volmaak en perfek sal wees.

Opsommenderwys kan nou gesê word dat daar in bogenoemde paragraaf 'n kennissisteem daar gestel is wat as agtergrond vir 'n teodisee dien wat erns wil maak met menslike lyding wat diensbare lewe daarstel. Hierdie kennis is 'n agtergrond vir die begeleiding van mense wat hulle krisis wil gebruik om herstelde en nuwe lewe te formeer. Die volgende sake kan gepromoveer word in so 'n beradingsproses:

- Menslike lyding is 'n ingeskape katalisator in die skepping om menslike lewe te bevorder.
- Die mens vind gebruikswaarde van menslike lyding by wyse van 'n hermeneutiese proses.
- Die integrasie van menslike lyding vir 'n groeiproses na diens vind plaas as dialogiese gebeure tussen God en mens.
- Die mikpunt van geïntegreerde menslike lyding is die vorming van die beeld van God in mense wat volwasse en gesonde dienaarwees veronderstel.

Die vraag na God se klaarblyklike gebrek aan belangstelling in menslike lyding – veral die laaste bloedige eeu – word geantwoord deur die Christelike belydenis dat God sy eie Seun gestuur het. Die inkarnasie wys op die diepte van die Selfopofferende liefde van God wat bereid is om mens te word en alle lyding – ook die bese – in die laaste dae aan te spreek (Platinga et al 2010:225-226). Hieroor gaan dit in die volgende paragraaf.

4.3 DIE INKARNERENDE BETROKKENHEID VAN DIE SEUN

As dit in die vorige paragraaf in verband met teodisee oor 'n kennissisteem gegaan het, gaan dit in hierdie paragraaf oor 'n geloofsisteem wat ontstaan as gevolg van die inkarnerende betrokkenheid van die Seun met menslike lyding. In hierdie paragraaf sal gewys word hoe die wisselwerking tussen die inkarnasie (van God as Seun) en geloof (van die mens) lyding vrugbaar maak vir sinvolle dienaarslewe.

Die paradigma in hierdie paragraaf is dat God identifiseer met menslike lyding, maar dat die mens ook met God se lyding (by wyse van 'n geloofsdaad) moet identifiseer en dat dit lyding

(van beide God en mens) betekenis gee. Ons leef deur geloof. Dit beteken nie geloof gee die lyding betekenis nie, maar "... without faith-response the event does not have meaning for us" (Hall 1996:182). Sonder 'n geloofsantwoord op die sprekende lyding van God is die betekenis daarvan vir die individu dus sonder waarde. In hierdie paragraaf word gefokus op die wyse waarop Jesus Christus se menswording menslike geloof bevorder wat die beeld van God as diensbare wese bewerk.

Daar word ook aanvaar dat geloof – uit 'n sekere hoek gesien – 'n voorwaarde vir sinvolle integrasie van lyding en lewe is. Gelowiges en ongelowiges reageer verskillend op lyding. Gelowiges keer dit om na goed (Rm 8:28) en ongelowiges kla en word bitter (Hicks 2006:178-179).

Dit is nie slegs die Christelike geloof wat pyn en lyding as gebeure sien wat groei en diens bevorder nie. Moslems soek ook sin en betekenis in lyding (König 2002:143). Victor Frankl – 'n Jood – toon ook aan dat lydingsgebeure geloof vra wat 'n herwaardering van die sin van lewe teweegbring (Du Toit 2000:95). Die feit dat hierdie vraag na sin en betekenis in lyding inter-religieus bestaan, bevestig juis hierdie verhandeling se tesis dat pyn en lyding 'n katalis vir lewensvorming en diensbaarheid van menswees is. In hierdie paragraaf word egter slegs aangetoon hoe die *Christelike* geloof in 'n lydende God die mens deur lyding transformeer na 'n diensvolle bestaan.

4.3.1 Lyding en versoening

In die proses om dienaarsbeeld van God te word sodat die mens op dié manier sy doel vervul, is 'n verbondsooreenkoms nodig. Dit is God wat ons soos Christus maak deur ons nader aan Hom te trek: "... through drawing me near to 'the light of Christ', we are 'made light' like Christ." "This treatise, then, shows a clear link between Christ and the human person both in its understanding of the content of human perfection and in the necessity of Christ as the means of achieving perfection as well as salvation" (Cochran 2009:406). Ten einde imago Dei te word is daar dus 'n geloofskakel tussen Christus en die menslike persoon nodig. Hierdie skakel is noodsaaklik vir menslike wording en verlossing. 'n Mens sou dus kon sê dat die mens nie kan word wat God se doel met hom is as hierdie skakel van versoening nie daar is nie omdat Christus die ligbron is waarvan die mens sy weerkaatsing vind. Die ooreenkoms laat die mens inskakel en werk soos die bekende metafoor van 'n lig wat eers by die kragbron ingepron moet wees om te kan skyn.

En die versoeningsgebeure speel hier 'n sentrale rol, want "... we believe also that we are individuals made by grace in God's image for fellowship with Him and that we have 'fallen'

from that relationship through disobedience. We can know this only by faith, in a similar way as we believe that God, in Christ, has reconciled humankind to Himself and ‘that to those who put their trust in Him, He gives the right to become children of God’”. “We can respond to the Holy Spirit because we are in God’s image” (Berry en Jeeves 2008:39). Die sonde van ongehoorsaamheid het die verhouding met (die beeld van) God ernstig geskaad. Maar deur die versoenende werk van Jesus Christus kan die beeldvorming weer voortgaan. Dit herstel daardie mense wat op Jesus vir versoening vertrou tot kinders van God. Daar is dus ’n beslissende moment vir die herstel van die verhouding en dit is die moment van plasing van vertrou op Christus vir versoening. Dit stel ’n openheid tot die werk van die Heilige Gees wat ons na die beeld van God herstel. Die versoeningsgebeure en middelaarswerk van die Lam van God is dus – selfs in chronologiese sin – ’n potensiaal-skeppende impetus vir mense om beeld van God te herstel en weer voluit te lewe. Anders gesê: geloof in die versoeningsdood van Jesus aan die kruis (vir die individu) skep ’n vrugbare ruimte vir beeldvorming om plaas te vind. As die middelaarsdood van Jesus Christus deur geloof aanvaar word, skep dit ’n eksistensiële belewenis van hoe liefde deur lyding bemiddel kan word.

Dit spreek vanself dat evangelisasie – as die aanvaarding van die middelaarswerk van Christus – in die beradingsproses ’n impetus vir beeldvorming van God sal wees en gepaardgaande heling kan dan plaasvind. Hierdie skema pas ook in by Heidelbergse Kategismus Sondag 1 vraag 2 oor hoe die mens gelukkig of salig kan leef en sterf. Die antwoord wys dan drie sake uit: Daar moet kennis wees van sonde en ellende, daar moet van die sonde verlos word en dan kan dankbaar op so ’n verlossing geleef word. Met ander woorde wanneer die verlossing van sonde in Jesus se versoeningslewe en –dood aanvaar word, bring dit ’n lewe van (dankbare) diens. Dit is eers die een en dan die ander.

Daarom sê Du Toit (2000:160) dat die kern van die Christelike geloof die boodskap van bevryding van sonde en skuld deur die versoeningsdood en opstanding van Jesus is sodat ons met oorgawe en dankbaarheid die wonder van lewe mag vier. Om hierdie boodskap te aanvaar veroorsaak dat God en sy skepping tot ’n eenheid kom, ’n heelheid, ’n gemeenskap, ’n spirituele koïtus, wat diep innerlike vrede en versekering gee (wat veilig laat voel) vir elkeen wat daarin glo, juis te midde van ’n baie onsekere, onstabiele tyd: die postmoderne era. Op grond van Johannes 1:12 waar geloof en aanname as wisselsterm gebruik word (Newman en Nida 1980:19), kan dus gesê word dat die geloofsaanname van die versoening van Jesus mense God se kinders maak wat hulle hul Vader se beeld kan laat vertoon. Dit bring ’n vrede of shalom wat mense in moeilike tye steeds die lewe kan laat vier – omdat hulle ook glo in die opstanding, maar eers die versoening.

Om hierdie versoeningswerk van God by die saak van lyding te bring moet in ag geneem word dat Louw (2000:59) sê die versoeningswerk van God moet verstaan word as wraak en genade wat paradoksaal met mekaar in God se werk staan. Soos Luther dit sien, is dit dat God se wraak inherent genade is. Daar word gesien dat Jesus se lyding nie vir sy eie voordeel was nie, maar vir ons. Dit word in geloof verstaan omdat geloof 'n band met God self tot stand bring – 'n God wat lyding die manier maak waarop versoening bewerk word. Wie dus deur 'n geloofsdaad die versoening deur lyding aanvaar, maak 'n sprong na die verstaan van Goddelike lyding wat seën voortbring.

Die geloofsdaad opsigself skep dus potensiaal om te verstaan dat as Jesus deur lyding my kon verlos en ek ook in en deur lyding lewensgroeï kan ervaar en bring omdat dit God se modus van werk is. Schaab (2007:290) eggo die teologie-en-wetenskapargument. “The understandings of God as immutable, impassible, and unlimited in power are no longer viable in a cosmos beset by suffering and death.” Moderne Christologieë dra die boodskap “... that suffering is salvific in itself and that self-sacrifice effects the salvation of the world.” God is as lydende God in die gebeure van die lewe teenwoordig (Schaab 2007:291-292). Dit beteken dat God nie van buite met die wêreld besig is nie, maar van binne. Hy stel die Drie-enige werk as volg: God is transendenteel teenwoordig en daarom het lyding nie die laaste woord nie. God is inkarnerend teenwoordig en daarom beweeg Hy in liefde saam met die skepping se pyn en lyding. God is immanent teenwoordig en daarom transformeer Hy die skepping deur sy kreatiewe liefde by wyse van oortuiging en nie deur dwang nie (Schaab 2007:293-295). God het as Immanuel tussen mense kom woon en ly. Dit skep vertroue dat ook menslike lyding sinvol in lewe gebruik of geïntegreer kan word. Deur in die lyding van ander in te gaan met my lyding is dus 'n Goddelike werkswyse.

Daarom kan nou verder gegaan word en die saak van geloof as vertroue beskryf word.

4.3.2 Lyding en vertroue

Die uitgangspunt hier is dat God, wat sy Seun nie gespaar het nie (Rm 8:32), 'n betroubare God is wat ook met lydingsgebeure (Rm 8:35) vertrou kan word. In hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars omdat Hy ons liefhet (Rm 8:37). God is dus nie afwesig in lyding nie, maar die gelowiges sal “... lijden dragen in gemeenskap met Christus, wetende dat het haar niet scheiden van haar Heer” (Lekkerkerker 1978:357). Deur die teenwoordigheid van God in lyding kan gelowiges dit dus dra en gebruik, want dit is hoe God kom red het. Dit is ook hoe die imago Dei kan heil bring en ervaar.

In die eerste plek beteken hierdie lyding van God saam met gelowiges dat sy teenwoordigheid as sodanig troos gee. Dit maak die lyding draaglik en draagbaar.

Daar is troos in die feit dat gelowiges 'n God het wat saam ly – soos een van ons word. Hier gaan dit nie oor troos in die feit dat ons daaruit kan leer of dat ons fasette van die lyding kan gebruik nie. Wat hier troos is die feit dat ons ons eie lydingsverhaal kan skryf as versekering dat God ons nie los nie – dat ons nie alleen is nie (Hauerwas 1991:34). Die teenwoordigheid van God gee ons dus die moed om iets daarmee te doen. God help ons in en deur lyding om ons eie storie te skryf. Dit beteken tog dat ons juis uit lyding 'n verhaal kan skryf wat sin en betekenis het. Maar dit is die nabyheid en vertroue op Immanuel wat dit help doen.

God se identifikasie met lyding en die deelname aan die intrinsieke tragedie van lewe bring ons uit by die fundamentele idee van die lewe: vertroue in God (Louw 2000:112). Die bereidheid tot inkarnasie van God in 'n wêreld – waarvan die bestaanswyse tragedie en lyding is – is die hoogste bewys van God se betroubaarheid en bystand. Daarom vra dit 'n geloofsvertroue in hierdie God sodat lewe in en deur – nie ten spyte van – lyding kan voortgaan. Daar is deur hierdie vertroue in lyding op God selfs 'n moment van vreugde aanwesig (Louw 2000:141), maar dit is nie 'n optimistiese moment nie – dit is 'n kreatiewe oomblik wat die huidige lyding oortref deur die moontlikhede van die toekoms daarin raak te sien. Die Heidelbergse Kategismus vraag 90 wys op die opstanding van 'n nuwe persoon. Vreugde is dus nie euforie nie, maar dankbaarheid vir die onverdiende van die lewe. Vreugde is om die lyding met geloof, hoop en liefde te oorskry. En hierdie vertroue skep selfs 'n moment van opgewondenheid wat uit die pyn kan ontwikkel tot nuwe lewe.

Daarom beteken dit in die tweede plek dat God deur die Seun se lyding saam met mense die vertroue en troos skep om deur en as gevolg van lyding te leef.

Sonde, volgens Hauerwas (1991:50), lê dan op die vlak dat ons verstaan dat ons geskep is om ons status as skepsel te geniet, maar dat ons weier om die gawes te ontvang wat nodig is vir vreugde. Dit is wanneer ons oorgee aan God en saam met Hom werk dat die probleem van boosheid oorwin word. Met ander woorde, dit is in die inskakeling by God se plan met lyding dat ons vorentoe en vervuld leef. In Hauerwas se woorde: dit is wanneer ons die lyding en swaar begin name gee dat ons voluit begin lewe. Dit kan mense slegs bereik as daar geloofsvertroue in God se handeling van lyding is.

Die geloof om lyding as groeisaak te beleef, is daardie soort geloof wat met vertroue op 'n antwoord na die lyding van die lewe invra. Kasper (2009:296) wys daarop dat die mens van vandag in 'n post- of laatmoderne relativisme leef. "Religious and spiritual questioning and

seeking are on the increase.” Pastoraat kan dus ’n godsdienstige gesprek sonder God wees wat infokus op die narsistiese van die self en nie ’n soeke na die God van buite is nie, maar ’n soeke na die sogenaamde “goddelike” in die mens (Kasper 2009:297). Die Christus wat die enigste weg, waarheid en lewe is (Jh 14:6), sal – by wyse van evangelisasie – in die gesprek gebring moet word. Anders is die gesprek ’n gesprek oor die self en kan nie uitbreek na ’n beter lewe nie. Die geïnspireerde Woord van God sal as basis gebruik moet word, want dit is swart op wit en betroubaar.

Teologie word nie in die self of die diepte van die hart of in ideologie gevind nie, maar in die historiese openbaring wat ons die Bybel noem. Daarom is die geloof wat Kasper bepleit ’n lewe wat aanleiding gee tot “intellectual worship”. Dit is “... faith seeking understanding” (Kasper 2009:298) wat weereens op ’n hermeneutiese proses dui. Dit is ’n geloof in die God van Jesus. ’n God wat mens word (Jh 1:14), met ons voel (Hb 4:15) en selfs verlate kan voel (Mk 15:34). Die terme dui op ’n persoonlike verhouding met ’n Persoon. Dit is nie ’n “dear God” nie, maar ’n handelende God wat nuwe lewe begin en hoop vir lewe gee deur lydens op te tree (Kasper 2009:297-298). Hierdie verhouding met die handelende God wek ook op tot aksie. Daarom is dit geloof in ’n eksistensiële en nie filosofiese God nie. Omdat die mens beeld van God is hy ook “sout van die aarde” (Mt 5:13) wat ’n nuwe menswees deur lewe en liefde daarstel (Kasper 2009:306). Hierdie geloof “... can shine a light in the darkness, and it can help us survive the darkness of suffering and dying” (Kasper 2009:307) en gee aanleiding tot ’n lewe wat betrokke raak en diens lewer. Die rede vir hierdie hoop is dat die gekruisigde God by ons staan en dat ons deur geloof in Hom die Hebreuse *shalōm-lewe* kan verwag (Kasper 2009:309). Die lyding van Jesus skep dus vertroue in lyding as vorming tot nuwe lewe. Wie dit gelowig en handelend in werking stel kan vervulling en *shalōm-lewe* verwag.

Hierdie manier van lewe moet egter aanvaar word (Hall 1996:119). Die geloof dat God die lydende God in Jesus is moet geglo word. Dit is nie ’n geloof wat filosofies glo nie, maar ’n geloof wat dade word. En hierdie dade het implikasies vir diens teenoor God en naaste (vgl. Jk 1 en 2). Daar word weg beweeg van ’n teologie van gemak, voorsiening, glorie en oorwinning na ’n teologie van die kruis (Hall 1996:121). Dit vra dus ’n verandering van denke – Romeine 12:2 – om nie wêreldgelykvormig te wees nie, maar ’n offer te wees. Dit is die denke van Josef in Genesis 50 wat sy broers se lydingsdaad oor hom vergewe omdat God daardeur iets goed wou bereik (Gn 50:20). Dit is ’n proses van inskakeling by die werkswyse van die geïnkarneerde God om die laste van ander te dra en daarom deelnemende aksie van mense wat werklik vertrou dat niks ons sal skei van die liefde van Jesus nie. Dit is wie ons is: mense wat die uitnodiging van die gekruisigde God aanvaar om deel te neem aan die werk van die Here in en deur lydingsgebeure.

Die mens sonder geloof sien 'n man wat doodgaan aan die kruis, maar die gelowige sien God verskuil agter die kruis en besig om daardeur te werk (Louw 2000:61). Die ongelowige sien dus lyding en pyn en raak wanhopig, die gelowige sien die teenwoordigheid van God daarin en vertrou dat dit beter lewe tot stand bring ... en dit gee die moed om deur pyn en lyding te lewe en 'n verskil te maak.

Dorean (2011:53) meen dat die mens se soeke na gemak en selfsug 'n muur tussen hom en lyding vorm. Dit veroorsaak ongeloof in Jesus se voorbeeld Wie se lewe vol lyding was. Lyding lyk onlogies omdat mense op die goedheid van God fokus. Dit is die trotsheid van die mens wat weier dat lyding sy lewe vorm. Daar word dus geloofsvertroue in Jesus se manier van kruisdraende lewe gevra sodat die mens kan glo dat lyding 'n manier van lewe is wat voordeel bring.

Lydning kan dus 'n gebeurte word waardeur lewensgroei plaasvind. Dit is wat 'n teologie van die kruis vir hierdie studie beteken. "For this theology, God and suffering are no longer contradictions, ..." (Moltman 1974:227). Daar hoef dus nie meer opstand en rebellie teen lyding te wees nie, maar dit is 'n gebeurte wat saam met God hanteer word omdat Hy die lydende God is en nie meer 'n koue, hemelse mag op 'n afstand nie.

4.3.3 Lyding as deelnemende lyding van God

McWilliams (2006:359) redeneer – op voetspoor van Moltmann – dat God saam met mense ly en hulle nie alleen is nie. Daar word saamgestem dat dit natuurlik 'n troos is om so daaraan te dink, maar lyding *per se* is tog betekenisloos. God se lyding saam met mense het tog ook 'n doelwit om mense te vorm en vernuwe. Die feit dat God saam ly, moet eerder gesien word as 'n aanmoediging van God dat Hy saam met lydendes gaan en dat hulle die moed mag hê om die lyding sinvol te hanteer – soos McWilliams dan ook beweer dat gelowiges mag weet hulle is nie alleen nie.

Yancey (1990:156) meen dat menslike lyding betekenisloos en bar bly behalwe as ons weet dat God simpatie met ons het. In Jesus weet ons Hy het. Ons sien dit in Sy deelnemende lyding, maar ook in die opstandingsgeloof: "Faith means believing in advance what will only make sense in reverse" (Yancey 1990:15). Hierdie lewe-van-vorentoe-terug-leef het tog die implikasie dat die huidige een of ander vorm van sin en betekenis het. Dit is nie leeg nie, want daar is 'n *begeleidende* – en *begelydende* – God saam met die persoon wat ly. Daar is dus iemand wat ondersteun, maar dieselfde Een gee ook rigting en krag. Albei waarhede

het betekenis: die lydende is nie alleen nie en die lyding sal vrugte oplewer. Daarom het die een wat ly die moed om te lewe ten spyte van omstandighede van ellende en pyn.

Die uitsprake van Jesus oor die mossies en die hare op ons kop (Mt 10:29-31; Lk 12:6-7) is in die geskiedenis as tekste gebruik om te motiveer dat God lyding bewerk. Die teendeel is waar, sê König (2009:151). Dit is tekste wat nie wil verklaar dat God iets doen nie, behalwe om ons nood en swaarkry raak te sien. As Hy mossies sien val en hare tel, dan weet Hy van ons. Mense is nie alleen in hulle nood nie. As hy vir mossies en hare omgee, sal Hy ook vir sy kinders omgee. Die feit dat mense nie alleen ly nie, blyk dus 'n algemene antwoord op lydingsgebeure te wees. Die God wat saam met sy kinders ly, is dus 'n belangrike waarheid om lyding te verwerk. Dit word aanvaar dat God se nabyheid en betrokkenheid vir die verhoudingsmens waarde het, maar lyding sonder impetus en betekenis bly 'n leë en bruiklose gebeure.

Daarom word geredeneer dat die inkarnasie van God met gelowiges in lyding 'n verdere doel het. Daar kan nie ontken word dat "our being able to associate our illness, at both social and personal level, with a causal system gives a sense of control that seems to make their destructive outcomes less terrible" (Hauerwas 1990:72). Mense – wat teleologies geskep is – kan nie anders as om na sin en betekenis te vra nie. Dan vind hulle in hierdie telos 'n sin van kontrole en vastigheid.

Louw (2000:49) meen dat Christelike geloof met identifikasie en nie met mag, werk nie. God het ons lief en gee om vir ons in lyding. Hy tree egter nie van buite op nie, maar kies die pad om van binne deur die kruis van Jesus sy verbondsgenade te vertoon: "Ek wil vir jou 'n God wees." Op dié manier wys God dat Hy nie met dwang werk nie, maar met sy betroubaarheid van die kruis versoek Hy ons gewillige samewerking om transformerend met lyding om te gaan. God werk nie met gewelddadige dwang nie, maar met liefdevolle drang. Die inkarnasie is dus God se uitnodiging aan mense om Hom in lyding te vertrou en saam te werk sodat die beeld van God as dienaar tot sy reg kan kom. Lyding is daarom 'n plek waar God saam met mense wil beweeg om hulle lewenspotensiaal te bereik. Die lydende God is dus Een wat ly en lei. Die inkarnasie is gevolglik 'n vindingryke plan om in ons pyn en lyding saam met ons te ly sodat ons oortuig kan word om saam met Hom die lyding te benut tot lewensgroei.

Hierdie saamly van God met mense vra 'n reaksie van die lydende persoon. Dit is die geloof om saam met God – deur die voorbeeld van Jesus – op die weg of manier van die kruis te loop en dit gee "... courage to become" (Hall 1996:127). Dit beteken identifisering met Jesus. In Bonhoeffer se taal beteken dit die koste van dissipelskap wat nie sonder lyding aangepak

kan word nie, maar dat dit nie alleen gedoen word nie. Daar is 'n Ondersteuner en Begeleier. Christendom is nie melancholie nie. Dit is om te aanvaar dat 'n lewe van nie-deelname aan lyding 'n onmenslike bestaan is omdat deelname aan lyding essensieel deel van die goedheid van die skepping is (vgl. Hall 1996:127-133). Die sonde van passiwiteit en diensloosheid is hier ter sprake. Dit maak ontevrede met gemakrug en die mens doen hiermee afstand van die self. Dit vra die moed tot opoffering, eensaamheid, jukdra en volgelingskap. Dit is 'n uitnodiging tot ware lewe van diens. Dit is daarom 'n oproep wat vrywillig en met vreugde aanvaar word. Dit is geloofsvertroue in die Here as Gewer van lewe en die opsê van alle eie pogings om lewe te probeer besit.

Die geloofsreaksie op die inkarnerende oortuigingskrag van Jesus Christus op die pad van lyding is nie net 'n lewenservaring en -groei ter wille van die self nie. As identifisering met God, wat mens geword het ter wille van mense, roep dit ook op tot 'n bestaan ter wille van ander. Die meelewende lyding van God met ons lyding oortuig om ook soos Hy deur lyding te oorwin. Daarom kan die Christelike geloof bely: "Ek glo in die gemeenskap van die gelowiges." Die gemeenskap ly ook saam volgens 1 Korintiërs 12-14. As een lid ly, ly die ander saam.

Louw (2000:65) gebruik die term van Moltman dat net lyding kan lyding oorwin. Dit wys op die lyding van die kruis wat oorwinning aandui. 'n Teologie van die kruis beteken dus dat die mens se lyding ander se lyding help oorwin. Wanneer ek opstaan en my persoonlike lyding gebruik, kan dit ander help om oorwinning te vind, want mense ly dan nie net saam met God nie, maar ook saam met mekaar.

Daar is reeds aangedui dat lyding integraal deel van die skepping is en Hall (1996:116) sluit hierby aan: "God suffers because God would be *with us*, and suffering is our condition." Dan kan die identifisering van God met mense nie anders as deur die Seun se lyding nie. Die lydingsweg is dus 'n logiese manier van inkarnasie. Vir menslike respons – as identifikasie – beteken dit dan dat "... "[I]n Love's service only the wounded soldiers can serve" (Hall 1996:117). Die lydendes behoort dus ander lydendes te soek en hulle lyding te deel – dit is die begin van transformasie na heelheid en vreugde vir die een wat lyding deel én die een wat ontvang.

Jesus se eenwording met die mens het Hom kennis gegee van die mens se omstandighede – soos die belewenis van honger (Mk 2:23-28). Wat hier belangrik is, is die feit dat sy menslike ervarings Hom in solidariteit met mense se wêreld bring (Kysar 1991:38). Die lyding wat 'n persoon deurgaen, bring hom dus in kontak met ander mense. Een mens word deel van 'n ander se wêreld en kan identifiseer of solidêr wees.

Hauerwas (1990:84) praat van “suffering service”. In Romeine 5 vind ons dat ons moet roem of selfs moet verbly in verdrukking. Dit blyk dat lyding vir die vroeë Christene deel van die lewe was en iets wat hulle in gehoorsaamheid aan Jesus moes deurleef. Dit het nie hulle geloof in Christus laat wankel nie. Die lyding het bevestig dat hulle deur die doop in Jesus se kruis ingelyf is. Hulle geloof het hulle laat vasstaan in vervolging en teenspoed. Lyding was nie ’n metafisiese probleem wat oplossings moes vind nie, maar was ’n praktiese uitdaging tot ’n gemeenskaplike reaksie. Enige betroubare weergawe van die Christelike lewe kan nie lyding uitsluit as ’n integrale deel van lewe nie (Hauerwas 1990:85). ’n Gemeenskaplike reaksie dui op ’n lyding vir mekaar. Christene deel hulle bestaanslyding as manier van lewe met mekaar. Soos God in Jesus ’n mekaar tussen Hom met mense kom soek het, moet die Christen by wyse van identifikasie met hierdie inkarnerende handeling ook mekaar se laste dra.

Om op te som: God se lyding saam met mense verskaf veel moed en oortuiging om deur lyding steeds voluit as mens te leef. Maar dit is meer as dit. Daarom sê Hauerwas (1990:89): om maar net te ly omdat dit deel van geskape lewe is, is nie deel van die Christelike boodskap nie. Om dit geduldig te dra – veral vir die voordeel van ander – is deel van die Christelike lewe. Die kruis van Jesus is die beginsel hiervan en daarom is pyn nie manipulasie om aandag van ander te kry nie. God het dus nie inkarnierend deur die Seun as deel van lewe kom ly nie, maar sy lyding was ter wille van mense. Daarom kan lyding nooit onafhanklik en sonder rigting bestaan nie. Dit word gesien in die feit dat lyding inherent ’n pynlike saak bly.

4.3.4 Lyding as pynlike gebeure

Reeds in die Ou Testament openbaar God Hom as iemand wat ’n noodsaaklike korrektief op die siening van lewe bring wat meen dat dit ’n bestaan sonder aanvegtinge is. In die Klaagpsalms wat die pyn name gee word iemand leer ken: “... the God who has made our life possible is not a God merely of goodness and power, but the God whom we find manifested in the calling of Israel and the life, cross, and resurrection of Jesus of Nazareth. The God who calls us to service through worship is not a God who insures that our lives will not be disturbed; indeed, if we are faithful, we had better expect to experience a great deal of unrest. This may not be the God we want, but at least it is a God whose very complexity is as fascinating that our attention is captivated by the wonder of the life that God has given us – a life that includes pain and suffering that seem to have no point” (Hauerwas 1990:82). Om met lewe om te gaan, is om pyn te verwag. Dit ’n bestaanswyse van die mense van

God. Dit is nie 'n verheerliking van pyn nie, maar 'n soeke na die sin en bruikwaarde daarvan. Pyn bly pynlik en kan nie uit homself 'n lewe hê nie.

Maar dit is juis die erkenning van pyn wat pyn sin gee wanneer dit 'n uitroep van protes na God is. Boase (2008:456) wys op grond van die Klaagliedere van Jeremia daarop dat die ontdekking van betekenis in lyding altyd 'n element van protes het. Hy sê lyding gaan die verstand te bowe en daarom roep dit God in die krisis in. Lyding en ellende sal dus altyd 'n vorm van 'n klag aanneem. Dit is nie iets wat ooit nonchalant hanteer kan word nie. Dit is in die erkenning van die pyn dat lyding sy vormende rol vind. Hall (1996:63) wys daarop dat 'n mate van pyn nodig is om menslike potensiaal te bereik – om lief te hê, wysheid te bekom en outentiek mens te wees. 'n Pynlose lewe sou 'n lewelose lewe wees.

As pyn dus nie benoem word nie, is dit sinloos. Nie omdat daar vorme van pyn self is wat sinloos is nie, maar omdat pyn nie sy plek en doel vind nie. In hierdie verband is dit nodig om onderskeid tussen klag en klagte te maak. Louw (2000:18) pleit dat daar 'n onderskeid tussen klag (“lament”) en klagte (“complaint”) gemaak word. 'n Klagte kerm oor die situasie. 'n Klag is 'n soort petisie om God in te roep in die midde van die lyding. 'n Klagte is 'n passiewe reaksie omdat dit aan die nodeloosheid van die situasie oorgee. 'n Klag is 'n aktiewe protes met die ondertoon van hoop dat iets daaraan en daardeur gedoen kan word. 'n Klagte – soos die Klaagpsalms en Klaagliedere – erken dus dat die lyding pynlik is, maar nie sonder betekenis dat God se betrokkenheid iets positiefs daarmee kan doen nie.

Daar word gesien dat die geïnkarneerde Jesus so met pyn omgaan. Jesus was “deeply distressed” en “deeply moved” (Mk 3:5 en Jh 11:33). Dit het Hom egter nie oorweldig nie, maar Hy het met sy taak aangegaan. Hy reageer hierop met die goeie (Hicks 2006:67). Jesus erken dus die pynlike van die lewe, maar gaan na Sy Vader daarmee. Daarom herinner dit aan die worstelingsgebed in Getsemané waar Hy selfs by die punt kom waar dit te veel word en Hy dit bekla, maar tog die wil van God in en bo die werklikheid van pyn aanvaar. Wat by 'n klag begin, word dus 'n wilsbesluit om deur die pyn verlossing te bring.

Hierdie manier van lyding deur die geïnkarneerde God wys daarop dat pyn nie gesoek of verheerlik word nie. “The cross is there, right from the beginning, he has only got to pick it up: there is no need for him to go out and look for a cross for himself, no need for him deliberately to run after suffering” (Bonhoeffer 1995:89). Lyding is deel van die lewe, dit word erken en daar word aktief daarmee omgegaan. Dit is die pad van die kruis. Gelowiges identifiseer met die inkarnasie en leef die lewe van lyding tot redding van mense en hulself.

Hierdie soort dissipelskap vra egter 'n sekere inhoud en dit kan gesien word in lyding as 'n proses van lediging. Dit kan as 'n voorwaarde vir die korrekte reaksie op die voorbeeld van die geïnkarnearde Jesus gestel word.

4.3.5 Lyding as kenosis teenoor narsisme

Anderson (1982:164-165) wys daarop dat die geskiedenis van die mens in die Tuin van Eden begin waar die mens nie sy eie belange ten koste van God wou prysgee nie. Genesis 4 (Kaïn en Abel) is 'n verhaal wat vertel dat die mens teen God se uitverkiesing skop om Hom te dien soos Hy wil. Die hele geskiedenis van Israel getuig hiervan dat hulle nie 'n seën wil wees soos God met Abraham 'n verbond gesluit het nie: wees 'n seën vir die nasies. Hulle het eksklusief en selfgesentreerd opgetree. Jesus is God se gekose Een om hierdie saak reg te stel en gehoorsaam te wees aan God se besluite. Die wyse waarop Hy dit doen is om leeg te word van sy goddelikheid en mens te word. In Hom kan ons daarom ook uitgekies wees om menslik op te tree. Die keuses wat mense vandag moet uitvoer is om lyding as 'n wyse van diens te sien wat hulle in staat stel om soos Jesus die wil van God te doen – al kos dit hulle die leegmaak van die self in hierdie proses. Die lewe as lyding en pyn is 'n impetus of katalisator tot kenosis sodat selfliefde nie in die pad van diensbaarheid staan nie. Die keuse is dus om die pyn as 'n seën te sien waarmee ander ook geseën kan wees.

Wyatt (1996:247) stel voor: “Let us take a step back from our own self-interest, ... and we may see that life is an interconnected web in which human experience is but a component.” Hy gaan voort deur te vra of die euwel wat mense gedoen het nie iets is wat juis aangewend moet word om die skepping te dien nie. Die pynlike gevolge van die mens se ongehoorsame dade moet dus benut word om die skepping voortaan te dien. Die heil van die groter geheel is dus iets wat in gedagte gehou moet word voordat lyding tot diens en heling kan lei. Daar moet 'n ontdekking plaasvind dat die dele nie groter as die geheel is nie. Mense moet leeg word van die self sodat die kontak met die res ook gesien sal word. Wyatt pleit vir die organiese geheel, maar kan goedsikks ook op die mens tot medemens situasie aangepas word. Feit van die saak is egter om euwel of lyding korrek te hanteer vra 'n verlossing van die narsistiese bestaan waar ons wêreld om ons draai en ons daarom die wêreld uit die oog verloor.

Die grootste probleem om teodisee te verwerk is die “pursuit of happiness” sindroom van die mens van vandag (Hille 2004:28). Die mens is dus vandag so vol van homself en op sy eie geluk en voorspoed ingestel dat daar eers 'n kenosis moet plaasvind. Dan kan by 'n Bybelse model vir die verwerking van pyn en lyding uitgekome word. Hierdie ingesteldheid van reg tot geluk moet afgelê word omdat *homo incurvatus in se ipsum* (die mens ingebuig op homself)

die mens siek maak. 'n Saak wat help om die mens van homself te verlos is wanneer mense begin verstaan dat hulle eskatologiese wesens is wat bestaan tot aanbidding van God en by die wederkoms hieroor geoordeel sal word. Dit beteken nie dat die klagte oor pyn nie ernstig geneem mag word nie. Inteendeel, die klag oor lyding moet ernstig geneem word aangesien dit die mens uitbring by die belangrikste manier om lyding te hanteer: dit is dat pyn daar is sodat die werke van God in menslike lewe na vore kan kom – soos in die blindgebore seun se lewe uitgespel word (Jh 9:1-13). Die mens moet dus verstaan dat hy nie ter wille van homself bestaan nie. Sy wese moet leeg wees van homself – soos Jesus leeg geword het – en op God gerig wees sodat pyn iets word wat waarde vir God, mekaar en die wêreld kry. Dit kan bereik word as raakgesien word dat die enigste antwoord op lyding *crux probat omnia* (die kruis bewys alles) is. Die dissipel van Jesus loop die kruispad van sy Heer (Hille 2004:32-37).

Yancey (1990:145) sê: “I began to realize why so many Christian saints have endured much suffering. Dependence, humility, simplicity, cooperation, abandon – these are qualities greatly prized in the spiritual life, but extremely elusive for people who live in comfort.” Die mens kan dus nie lyding aanwend tot die voordeel van homself, ander en God solank hy nog ingestel is op gemak en selfsug nie. Dit wys op die uitspraak van Jesus aan die ryk jongman dat hy sy kruis moet opneem en Hom volg (Mk 10:21).

Deur oorgawe en gemeenskap met Jesus van die kruis vind daar ook in die navolger se lewe 'n kenosis of lediging plaas wat in die kerk (*ad intra*) en buite (*ad extra*) 'n lewe skep wat uitnooi, oortuig en vrugte dra (Kasper 2009:310). Soos die inkarnasie mense uitnooi om deel te neem aan die kruispad, so nooi mense met kruise – lyding en pyn en ellende – ander uit om deur middel van hulle lyding nuwe lewe te skep.

4.3.6 Lyding en vrywillige keuse

Om deel te neem aan lydingsgebeure is 'n uitnodiging en het niks met dwang te doen nie, daarom moet gestel word dat die vrye keuse om met die inkarnasie van Jesus te identifiseer belangrik is. Om die pad van die kruis te loop is iets waarin geglo moet word en daarom gevolg word. Met die inkarnasie het Jesus vrywillig gekies om te ly. Dit is nie op Hom afgedwing nie (Hicks 2006:65).

Ons het gesien dat lyding en roeping saamgaan. Hall (1996:71) skryf dat slegs 'n skepsel met vrye wil roeping kan vervul. Net vrye skepsels kan liefhê en diens lewer, want beide is per implikasie 'n vrywillige aksie. Mense kan met ander woorde kies hoe hulle lyding hanteer. Die mens kan selfsugtig reageer en niks doen nie, of leeg word van homself en die

pyn as roeping sien. Die uitgangspunt by vrye wil as roepingsantwoord op lyding is reddingsteologie en nie die verdorwenheid van die mens nie. Met ander woorde die persoon wat reeds met Jesus se styl van lediging ter wille van ander identifiseer kies in geloofsvryheid om lyding te gebruik sodat lewe transformeer en gee helende genade aan die lewe terug. Die pyn en lyding word dus 'n roepingsmoment om op daardie punt te kies om daarmee lewe te bedien aan mense met dieselfde probleem – en nie net op jou eie probleem te fokus nie.

Turl (2011:51) noem dat die probleem van vrye wil en predestinasie 'n belangrike saak vir teodisee-denke is. Hy sien die feit dat God Homself vrywillig beperk as 'n aanvaarbare oplossing vir hierdie saak. Omdat pyn noodsaaklik is, word die voorbeeld van die sogenaamde skoenlapper-effek hier gebruik. Waar daar ingrype is in die skoenlapper wat besig is om uit die kokon te kruip, bring die pynlike worsteling nie die nodige effek nie. Enige ingrype om hierdie pyn te verminder het ander probleme – soos die skoenlapper wat die worsteling nodig het sodat bloed in die aartjies van die vlerke kan stroom (Turl 2011:55). Hy gaan voort en pleit dat die mens 'n vrye wil het om te reageer op lyding en dit nie mag ontken nie.

Christologies beteken dit dat Jesus mens geword het en deur sy pyn en lyding 'n perfekte voorbeeld kom stel het van hoe die beeld van God daar uitsien. Die proses van leegmaking/kenosis is die spesifieke voorbeeld wat nagevolg moet word. Die inkarnasie is 'n kosmologiese gebeure; en nie net vir die mens nie. Die doel is 'n roete na die perfeksie van die skepping. God het self kom ly sodat mense oortuig – en nie gedwing – sal word om deur pynlike inskakeling by Jesus te groei na 'n beter situasie. Die opstanding van Jesus gee die hoop op 'n toekoms wat selfs beter sal wees en dit dui daarop dat God lewe – en nie dood – vir die skepping begeer. Die modus waarop God hierdie betrokkenheid wys, is priesterlik-sakrale-deelname. Die wyse waarop die mens deelneem is by wyse van die sogenaamde “created co-creator/co-redeemer” en dit maak die toekoms hoopvol vir 'n totale nuwe skepping (O'Brien 2009:411-413).

Daarom word ten slotte gewys op die geloofsaanvaarding van lyding as die kruisweg tot ware lewe.

4.3.7 Lyding en aanvaarding

Selfs Israel van die Ou Testament sou moes aanvaar dat om volk van God te wees lyding as bestaanswyse vra. Hulle sou meen dat hulle bevoorregte posisie God hulle net op die hande sou dra en 'n blinde oog na hulle foute sou draai. Amos 3:1-2 vertel dat die teendeel waar is.

Omdat God heilig is, moet Israel heilig wees. God laat sy eie mense ly sodat hulle sal wees soos Hy is. Natuurlik is dit 'n liefdeshandeling volgens Hebreërs 12:5-6 wanneer God sy volgelinge dissipleneer (Hicks 2006:41). Al is dit 'n liefdeshandeling dat God sy volk laat ly, is dit nogtans nodig dat God se mense sal aanvaar dat hulle nie die pad van lyding gespaar sal bly nie. Om Jesus van die kruis te kies, is daarom terselfdertyd 'n keuse om self kruis te dra. As Jesus vir die lydensweg kies – omdat aardse lewe per implikasie lyding veronderstel – beteken sy lyding nie dat dit menslike lyding wegneem nie, maar dat dit lyding sinvol en vrugbaar maak en dat die volgelinge ook sal ly omdat hy nie bo sy Heer is nie. Sonde is dus om 'n lewe sonder lyding te wil kies.

Hoop in lyding beteken dus nie slegs verlossing van lyding nie, maar juis om lyding aan te gryp as 'n gebeurte wat sin en betekenis het. Dit is om die toekoms te visioneer en nou die oomblik te gryp (Louw 2000:120, 124). Dit is beide 'n eskatologiese en eksistensiële geloofsaanvaarding. Die pyn en ellende van hierdie lewe het vormingswaarde vir die eskaton, maar ook vir die vorming van die mens self vir sy aardse lewe.

Boase (2008:449) noem dat die taak van teodisee nie 'n soeke is na die verstaan van lyding nie, maar die daarstel van 'n sekere soort geloof wat lyding sinvol maak. Hierdie teodisee het drie sentrale geloofsaspekte tot gevolg: die geloof in God se goedheid, die geloof in God se krag en die geloof in die werklikheid van lyding. Vir die aanvaarding van lyding word afgelei beteken dit die volgende: sonder geloof in die goedheid sal by vroeë en verklarings vasgeval word, sonder geloof in God se kragtige werking sal hooploosheid die lewe van sy krag en kwaliteit ontnem omdat die bose se rol oorspeel sal word, sonder geloof in die werklikheid van lyding sal lyding ontken word en beëindiging gesoek word en sal integrasie nie plaasvind nie.

Lyding is om 'n vyand te bevriend (Yancey 1990:54-56). Lyding is en bly 'n vyand. Die ambivalente en bi-polêre van lyding moet aanvaar word. Dit wat pynlik is, het ook waarde. Dit wat vermy wil word, moet in die oog gekyk word. Dit is soos 'n vrou wat vir nege maande met teenstrydige gevoelens wag en na intense pyn geboorte skenk (Jh 16:21). Die pyn van die geboorte verdwyn omdat dit lewe skenk aan iets moois en goeds – maar dit word tydens en daarna aanvaar juis omdat dit goeie gevolge gehad het.

Black (2001:89-97) wys op die verskil tussen Jesus en sy navolgers se hantering van lyding. Die grootste verskil lê in die feit dat Jesus oor sy lyding gebid het en die dissipels nie. Hy het sy Vader intiem aangespreek – Abba Vader. Die verskil is nie 'n verheerliking van lyding nie. Jesus het selfs drie keer versoek dat dit van Hom weggeneem moet word – sou dit die Vader se wil wees (Mk 14:36). Dit wys duidelik dat die een wat sy lewe wil red sy lewe sal verloor.

Jesus se voorbeeld van diens wys dus daarop dat Hy vrede gemaak het om sy lewe te verloor sodat sy lewe heel gemaak kan wees (Mk 8:35). Die dissipels se lewenssiening wys op die teendeel. Die wyses waarop hulle dit hanteer het, is die weghardloop daarvan, hulle vrees dit, raak angstig en aan die slaap, wil dit stop en hanteer dit in die swakheid van die vlees (Mk 14:38). Die wyse waarop lyding hanteer word tot genesing, is "... to penetrate their fear with faith, thus allowing wholeness to happen" (Black 2001:95). Die geloofsaanvaarding van lyding as werk van God tot goeie gevolge maak 'n verskil in die aangesig daarvan. Die antwoord op lyding is "faith manifested by prayer" (Black 2001:95).

Wanneer gelowiges lyding biddend voor God en saam met mekaar benader, word dit aanvaar en kan sinvolle lewe en heling plaasvind.

4.4 DIE BEGELEIDING VAN DIE HEILIGE GEES

In hierdie afdeling sal die immanente rol van God (as Heilige Gees) by menslike kreatiwiteit deur lyding beskryf word. Die Drie-enige God is nie slegs as Vader transendent besig met lyding as roepingsgebeure nie, maar kom na die mens se wêreld deur die inkarnasie van Jesus Christus. Hy gaan selfs verder deur immanent in lewe te wees, want inkarnasie is afgehandel omdat Jesus opgevaar het. God is nou elke dag aanwesig as Heilige Gees. Hy is teenwoordig in die kerk en in elke lid van die kerk afsonderlik. Hy is in en met ons in elke oomblik van menslike lyding. Soos ons deur Jesus se inkarnasie die troos ervaar dat God saam ly, so kan ons glo dat die pneumatologiese inwoning elke lydingsoomblik – hoë ellendig ookal – kreatief benut om sin en betekenis aan lewe te gee. Deur gelowiges se pyn aan te wend kan lewe juis deur pyn heling en volwassenheid vind.

4.4.1 Lyding as pneumatologiese gebeure

Die werk van die geïnkarneerde Jesus word deur die Gees voortgesit. Mense word geroep om deur die Gees wat in hulle woon deel te neem aan die vorming van 'n nuwe soort bestaan. Hulle is geroepenes om aan die *missio Dei* gehoorsaam te wees. Hierdie betrokkenheid beteken dat "... humans as the image and representative of the triune God are participants in God's renovation of all reality, partners in the building of the kingdom, ..." (Platinga et al 2010:332). Die Gees energieer en nooi mense uit om die vrederyk van Jesus te vestig in 'n wêreld wat deur sonde van sy doel ontnem is. Die transendente God stuur die Gees immanent om lyding te bestuur sodat mense dit kan aanwend om sy wêreld na shalom te renoveer.

Daarom is lyding nie 'n leë aksie nie. Dit is 'n gebeure waarin God as Gees kom woon. Daarom kan gesê word: “Suffering *produces* something. It has value; it changes us” (Yancey 1990:108). Dit is nie die lyding as sodanig wat dit veroorsaak nie. Dit is 'n werking van die inwonende Gees – Hy vorm ons tot die beeld van God. Daarom is die antwoord op die vraag waar God in lyding is: Hy is nie in die lyding nie, Hy is in ons (Yancey 1990:109) sodat Hy saam met ons iets van lyding kan maak as 'n proses wat iets produseer en selfs fabriseer.

Lyding is 'n stryd en daarom het ons hulp nodig. God weet dit. Die Gees staan ons in ons swakheid by (Rm 8:26) (Hicks 2006:163). 'n Lydingsgebeure is 'n stryd en dreig soms om die mens van sy doelmatige lewe te laat ontspoor – juis omdat pyn deel van die stryd is. Dit is die Heilige Gees wat in die aangesig van pyn en ellende die perspektief en nodige krag verskaf om iets uit die ellende te haal wat die mens vorentoe laat leef.

Ook Hall (1996:73) meen lyding is vir mense 'n las. Mense het dus hulp nodig om lyding met lewe te integreer. Die Gees help ons in ons swakheid. In plek van preokkupasie met dood laat Hy op lewe fokus. Die fokus op onself verskuif na die nood van ander mense – soos Jesus ons nood raakgesien het. Die Gees maak ons vry van angs en wanhoop en vervang dit met hoop omdat ons begin verstaan dat die pad van die kruis uiteindelik lewe bring (Hall 1996:134). 'n Mens kan as't ware sê dat lyding 'n mens se lewe leeg maak. Maar deur die Gees word hierdie leegmaking of kenosis 'n wegskuif van die self na die lewe van ander. In plaas daarvan dat pyn die mens dus “doodmaak” word die pyn 'n plek wat uitwaarts laat kyk en lewe skeep. Die Gees help die gelowige om afstand van sy eie selfgerigtheid te doen en so genesing te vind wanneer met lyding uitwaarts beweeg word en dit saliger word om te gee as om te ontvang.

Die Gees ly saam met mense en dit gee ons die teenwoordigheid van die Drie-enige God. Gabriel (2008:110) neem Moltman as uitgangspunt en aanvaar sy siening dat God Self ly. Dit beteken dat die Gees – omdat God Drie-enig is – ook saam met mense ly. Maar dit is 'n lyding ter wille van. Hy ly saam met ons sodat mense tot Christus en waarheid sal kom (Jh 14 en 16) en Hy is immanent in die kerk (1 Kor 3:16). Die Gees se lyding saam met mense stel ons dus in staat om na Christus in lyding te kom, die waarheid te ken en lewende lidmate van die kerk word. Die pneumatologiese implikasie is duidelik: die Gees gebruik lyding om mense na Jesus te bring, die waarheid te laat ontdek en bruikbaar in die kerk te word. Hier sien ons dus die Gees aansluit by die mens se verhoudingsdimensie sodat hy sy verhouding met Jesus ernstig neem en selfs moontlik op etiese wyse op die geopenbaarde waarheid deur lyding laat reageer. Verder word die nood van ander raakgesien en die dienaarsbeeld van die mens – wat 'n kern van menslike lewe is – kom na vore.

Om hierdie waarhede as wil van God in daaglikse lewe te ontdek, vra 'n pneumatologiese hermeneutiek. Dit vra 'n samewerking tussen die Gees van God en die gees van die mens (1 Kor 2:11-14) waar die Gees geestelike waarhede met geestelike woorde bekendmaak en die mens in die gees verstaan. Wysheid is 'n geestelike kennis wat van Christus kom (Rm 11:33-34) en deur die Gees bewerk word (Ef 3:4-6). Hierdie verborge waarhede is aan mense bekendgemaak deur Christus en word daagliks deur die Gees openbaar (Kol 2:2-3) (Louw 2000:105-106). Lyding kataliseer dus 'n denkproses omdat dit vrae laat vra. Deur die geestelike konneksie tussen mens en die Gees vind 'n dinkskrum aangaande die waarhede plaas wat lyding openbaar sodat lydingsgebeure rigting en bestaansdoel aan lewe gee.

Dit is dus meer as verstaan. Die Gees openbaar nie net nie, maar inspireer ook tot werke. Dit is duidelik uit die Jakobusbrief dat kennis – of geloof – alleen in iets nie 'n kwaliteitsverandering op lewe teweegbring nie. Dit is kreatiewe daede wat verandering bewerkstellig. Die Bybel praat ook van vrugte van die Gees (Gl 5:22-23). Dit staan teenoor ander soort vrugte wat as die vrugte van die natuurlike mens bekend staan. Dit is 'n lewe van gehoorsaamheid om by hierdie vrug van die Gees uit te kom (Louw 2000:106). Die pneumatologiese werking in en deur lyding lei dus ook na 'n etiese en morele gedragswyse of bestaan. Nie elkeen wat “Here, Here” sê sal die koninkryk erf nie (Mt 7:21). Die moeilikhede van die lewe moet voordeel na God en ander mense baar (Louw 2000:107). Pneumatologiese hermeneutiek op lyding is nie slegs 'n intellektuele openbaring aangaande lyding se rol nie, maar omdat die mens kreatiewe wese is, is daar dus ook werke van diens.

J Wentzel van Huyssteen in die voorwoord van Ben du Toit se boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* sê: “Onsekerheid en sekerheid, tastende woorde en diep geloofsverbondenheid *hoort bymekaar* en skep die wonder van die kreatiewe moment wanneer in oomblikke van die diepste onsekerheid en angs, God se geruislose aanraking ons sprakeloos laat” (Du Toit 2000:2). Die Heilige Gees raak ons in ons pyn en onsekerhede van lyding aan. Maar dit is 'n aanraking van die persoon in sy of haar persoonlike omstandighede wat maak dat die Heilige Gees se spreke elkeen sprakeloos laat – juis omdat 'n kreatiewe ontdekking vir lewe gemaak is. Die sprakeloosheid is dus nie 'n stilte van pyn nie, maar van stilte oor die geopenbaarde implikasies. Dit is daar waar tyd, agtergrond, spreke van God en die menslike verstaan oorvleuel.

4.4.2 Lyding is epistemies

Met epistemiese gebeure word nie bedoel dat die waarheid subjektief en relasioneel word nie. Met ander woorde dit sluit nie aan by die postmoderne siening van die subjektiewe en

relatiewe aard van waarheid nie (Du Toit 2000:168). Epistemies bedoel dat die agtergrond van die gebeure en die persoon oor wie lyding op 'n gegewe tydstip in sy lewe kom, 'n invloed het. Veralgemenings moet dus vermy word. Sommige Christene aanvaar dat pyn 'n sekere morele waarde het en dat God daardeur met die mensdom in die algemeen praat deur die megafoon van pyn. "But pain never comes to us *in general*. It comes in specific ..." (Yancey 1990:77). Lyding praat dus met elke persoon op 'n ander manier.

Die kritiese onderskeid vir Calvyn is nie of lyding regverdig of onregverdig is nie, maar wie die persoon is wat die lyding ervaar (Wyatt 1996:262). Daar moet dus eerder gevra en oordink word wat die tydsomstandighede en wie die persoon in lyding is as om tyd te verspil op die waarom van lyding. Wié die vraag oor lyding vra en waarom, maak die hele verskil (Hauerwas 1991:46). Elke persoon se agtergrond, persoonlikheid, gemoed, karakter, persoonlikheid, ensovoorts is dus die sake aan wie die vrae oor lyding gevra moet word. Natuurlik vind dit in die teenwoordigheid en met behulp van God as Gees plaas.

Dit is egter nie net die persoon se epistemiese tafereel wat die antwoorde bepaal nie, maar ook die soort kwaad en lyding wat invloed het. König (2002:29,30) beskryf enkele vorme van kwaad: godsdienstige kwaad (ongehoorsaamheid aan God), metafisiese kwaad (onvolmaakthede van die skepping), demoniese kwaad (die werking van die bose) en fisieke kwaad (liggaamlike pyn). Hy beskryf ook nog twee ander vorme van kwaad: om te ly vir geloof en sinlose lyding. Dit is net logies dat die vorm van lyding die verwerking daarvan ook beïnvloed. Dit is 'n gesprek wat hoofsaaklik met God gevoer word omdat mense Hom sien as die Een wat op een of ander manier betrokke is daarby. Die medemens wat dit veroorsaak sal sekerlik ook 'n invloed hê.

Lydning het baie "gesigte" en daarom moet die agtergrond in ag geneem word en interpretasie moet plaasvind sodat sinvolle integrasie kan plaasvind. Die konteks waarbinne lyding plaasvind, is van kardinale belang. Daar moet dus met finesse oor lyding gepraat word en veralgemenings moet vermy word.

Die Bybel gee verder aan die oorsaak van pyn baie verklarings: God is die oorsaak (Gn 38:7), Satan deel pyn toe (Lk 13:10-16; Job 2:4-7), daar is ook natuurlike oorsake en menslike aksies (Spr 26:27). Soms is pyn die oorsaak op spesifieke aksies en soms is dit straf op menslike sonde. Soms het sonde niks daarmee te doen nie. In Lukas 13 gee Jesus self die Satan as oorsaaklike faktor wat 'n vrou vir agtien jaar bind, Hy huil oor die toestand van Jerusalem wat hulle eie skuld is en Hy ontken dat die toring van Siloam val omdat dit oor sonde gaan. Ook die seun se blindheid in Johannes 9 het nie met die ouers se sonde te

doen nie. Die dissipels wil terugkyk en vra: “Waarom”; Jesus kyk vorentoe en vra: “Waartoe?” (Yancey 1990:78-85).

Hierdie saak is so belangrik dat Black (2001:97-98) meen dat lyding (ten minste in die evangelie van Markus) fundamenteel nie opvoedkundig is nie en ook nie daar as gebruiksmoontlikheid is nie, maar epistemies. Die Gees wat kom leer en lei in alles wat Jesus gedoen het (Jh 14:26) help dat die lydingsgebeure kontekstueel oordink en deurdink word. Daarom het lyding opsigself nie waarde nie, maar verkry dus waarde wanneer dit in konteks verstaan en integreer word.

Dit is dus wanneer lyding vir die kreatiewe en teleologiese wese betekenis kry as koers vir lewe self dat die pynlike vrae sal ophou. Wanneer lyding vir die dienaar van God, wat as medeskepper leef en bestaan, ’n diensbaarheid aan God en medemens fasiliteer dat lyding sy plek vind. En daarom kan lyding nie anders as sin vind deur hermeneutiese ondersoek nie. Soos lyding vaste grond deur geloof vind, so vind lyding sy spesifieke plek deur ’n proses van nadenke, gebed en toepassing in ’n unieke persoon met unieke agtergrond, persoonlikheid en selfs geloofsvertroue se lewe. ’n Hermeneutiese paradigma moet op lyding toegepas word (Louw 2000:32). Dit beteken dat lyding se betekenis verstaan moet word in die opsig dat dit vra na die betekenis en formasie vir Christelike spiritualiteit. Dit is dus nie ’n vraag na die waarom van lyding nie, maar die gebeure word ontleed sodat die mens weet waarh en met die lyding.

Hauerwas (1990:65) wys daarop dat lyding “pointless” is as daar nie integrasie met lewe plaasvind nie. Hy skryf oor siekte en meen dit het ’n betekenisvolle plek – maar dan in die lewensverhaal van mense. In kinders se lewe speel siekte nie ’n betekenisvolle rol nie, want kinders het nog nie ’n lewensverhaal nie. Die ontdekking van betekenis in siekte speel ’n rol in di  sin dat ons storie ’n storie in God se verhaal met ons is. Lyding moet dus nie ontken of as sinneloos afgemaak word as deel van die lewe nie. Daar moet in geloof na God gegaan word en gesoek word na die betekenis daarvan in iemand se spesifieke omstandighede.

Pneumatologies dui die werk van die Gees daarop dat God Drie-enig kontinuerend die skepping onderhou. Die Gees was aan die begin van die skepping daar as die Gewer van lewe. Maar Hy is ook tans die immanente God wat mense in staat stel om te word wat God hulle bedoel om te wees. In die konteks van ewolusionerende pyn en lyding is Hy die Een wat elke mens begelei om in en deur die pyn te ewolusioneer na die hart van God. Die Heilige Gees is die begeleier na die eskaton waar alles perfek sal wees. Hy ly in solidariteit met die pyn van die skepping en transformeer lyding tot ’n hoopvolle gebeure op pad na die einde (O’Brien 2009:413-414).

4.4.3 Lyding en kreatiewe respons

Die Gees van God wat voor die skepping oor die waters gesweef het (Gn 1:2-3), het kreatief uit die chaos iets so mooi soos die aarde geskep (Kushner 1992:60). Daarom is die mens die skepsel wat betekenis uit pyn se chaos kan vind. Kushner (1992:61) maak die onderskeid dat sommige pyn sinloos is, maar gee ook erkenning dat daar met betekenis op sekere lyding reageer kan word. Hy praat van “kreatiewe pyn” (Kushner 1992:73-74) en gee dus erkenning aan die feit dat pragmatiese reaksie op die chaos wat pyn veroorsaak opbouend kan werk. Hy bring die natuurwette hier as beginsels in en sê dat lyding soms die natuur se pyn is om te waarsku dat iets verkeerd is en dat mense moet optree. Pyn maak sommige mense bitter en ander sensitief en passievol. Die antwoord lê nie in bitterheid nie, maar “[A]ll we can do is try to rise beyond the question ‘why did it happen?’ and begin to ask the question ‘what do I do now that it has happened?’” (Kushner 1992:81).

Die doel van pyn is om ander met hierdie persoonlike stuk lewensgeskiedenis te help (vgl. Crabb 2003:129-139). ’n Volgende stap na lyding is om daarmee in ander se lewens te spreek. Lyding en swaarkry gee die gelowige iets om vir ander te sê sodat die lewe van die Gees na ander oorspoel. Dit gebeur wanneer die Heilige Gees in aktiewe gehoorsaamheid gevolg word (Crabb 2003:189). Dan word die hand van God in lewensgebeure raakgesien en die saamgaan daarmee is soos ’n dans met die Heilige Gees en dit bring nuwe lewe na vore (Crabb 2003:219).

“Life is composed of a never-ending series of choices among many possibilities ...” (Anderson 1982:60), maar lyding vra nie soseer na ’n redelike en logiese antwoord nie, maar eerder na ’n passievolle respons (Wyatt 1996:264). Die antwoord op lyding – soos deur die Gees begelei – is dus nie ’n saak van kennis of intellek nie, maar watter moontlike optrede die beste respons sal wees. In die Johannes-weergawe van die uitstorting van die Gees (Jh 20:22) word Hy gegee as Toeruster vir die uitsending (Kysar 1991:145) en nie as een wat in die eerste plek troos of met kennis bemagtig nie. Die krag van die Gees is daar vir die wat uitgaan.

In die boek Job word baie beoordelings op die reaksies op Job se lyding gevind. Dit wissel in terme van waardering, maar daar is een reaksie wat blatant “sonder verstand” (Job 2:10) genoem word. Dit is die raad van Job se vrou wat neerkom op die respons van boedel oorgee en sterf. Lyding is dus iets wat oproep tot ’n deurdagte respons op lyding wat ’n verskil maak. Yancey (1990:139-141) haal Tolstoy aan: “It is by those who have suffered that the world has been advanced.” As bewys hiervan wys hy op Marthin Luther King (jr.),

Ghandi, Solzhenitsyn, Sakharov, Tutu en Mandela. Die Bybel is in elk geval meer bekommerd oor die vraag na “Hoe?” op lyding as na “Waarom?” (Hicks 2006:211). Die vraag na “Hoe?” se antwoord is ’n kreatiewe en pragmatiese antwoord – wat die Bybel wysheid noem. Du Toit (2000:145-147) stel voor dat die gelowige se antwoord op die mens van vandag (wat hy die post-postmoderne mens noem) nie logiese verklarings moet bied nie (aangesien logiese verklarings nie bevredigende antwoorde op godsdienste kan gee nie), maar die praktiese uitleef van wat geglo word, is van belang. Dit geld tog ook vir die wyse waarop met lyding omgegaan behoort te word.

Die fokus moet dus skuif van verklaring na optrede. In hierdie verband vra Hauerwas (1990:56-60) die interessante vraag of die term teodisee nie na antropodisee verander moet word nie. Sleg moet verduidelik word as iets bestaande in die wêreld, maar apart van God se intensie en regverdiging. Daar moet dus gefokus word op die mens (antropos) se rol hierin. Wanneer God se intensie verklaar moet word, lyk dit asof God aan iets ontbreek. Dit bring die ontiese werklikhede van God se liefde en genade in gedrang. Verklarings van die ellende in die wêreld moet dus eerder sentreer op wat die mens se reaksie daarop moet wees. Die mens self moet ’n keuse uitoefen om iets goeds van iets slegs te maak. Die antwoord lê dus nie in verklarings van die bose en pyn nie, maar in hoe die kerk daarin en daardeur optree as hulp vir mekaar en die wêreld.

McWilliams (2006:349) lei uit die teologie van Moltman af dat teodisee praktiese klem moet kry. Dit is nie ’n abstrakte gebeurtenis nie, maar iets wat praktiese waarde vir lewende het. Daarom, sê McWilliams (2006:357), vra lyding ook ’n respons: “Ascetic Christianity called the world evil and left it. Humanity is waiting for a revolutionary Christianity which will call the world evil and change it.” Lyding vra dus ’n respons wat genesend op lewende inwerk – nie oorgawe aan wat sleg is nie.

Putz (2009:345) se antwoord op lyding is geaktualiseerde liefde as verklaring op “... all suffering, be it natural or moral, ...” Hy sluit aan by Francisco Ayala se teodisee dat ’n statiese wêreld sonder pyn, siekte en dood ’n wêreld sonder kreatiwiteit sou wees. Kreatiwiteit is dus ’n fundamentele sleutel tot verstaan van lewende. Putz (2009:347) aanvaar hierdie beginsel, want “... creativity might be the foremost theodicy explanation given by modern theologians who try to respond to the suffering that an evolving universe brings with it. Process theodicy considers creativity the ultimate metaphysical principle that inheres in the nature of things, so that God has no choice but to allow for creativity to unfold freely.” Die beste verklaring vir teodisee vrae is die selfbeperking van God, want daardeur kan selfontploffing in ’n kreatiewe skepping plaasvind. Die Gees van God wil dus aansluit by die pyn van lewende en dit integreer tot ’n aksie of krag wat lewende vitaliseer – en nie afbreek nie.

4.4.4 Lyding en die gemeenskap van gelowiges

In hierdie paragraaf gaan dit oor hoe die Heilige Gees as Trooster vertroosting bewerk.

Die las van lyding moet draaglik wees anders kan dit nie oorgaan in 'n aksie soos in die hoofstuk sover bepleit nie. As lyding te swaar word sal dit die mens breek en nie opbou nie. "So, historically speaking, Christians have not had a 'solution' to the problem of evil. Rather, they have had a community of care that has made it possible for them to absorb the destructive terror of evil that constantly threatens to destroy all human relations" (Hauerwas 1990:53). Die gemeenskap van gelowiges het die afbrekende krag van lyding help dra sodat lyding integrasie in lewe vind. Die Heilige Gees as Trooster ondersteun dus deur 'n gelowige gemeenskap die persoon wat ly sodat hy ondersteuning kan ervaar. So vernietig lyding nie die persoon nie, maar vind hy genoeg ondersteuning om daardeur te groei en later aan te wend tot diensbare lewe.

Daarom word lyding in gemeenskap met ander beoefen. Hulle dra die lydende tot volharding en oorwinning "... to reach out to others in their pain and to anticipate a new future in hope" (Louw 2000:143). Lyding bring mense bymekaar en hulle dra mekaar se laste (Gl 6:2). Op hierdie manier vind genesing vir alle partye plaas: die lydende volhard en vind lyding draaglik omdat hy in die gemeenskap van gelowiges sy pyn kan verwerk, die lydende integreer pyn in sy lewe en bedien dit later aan ander en vind oorwinning deur 'n sinvolle en betekenisvolle lewe. Die troos setel daarin dat pyn nie meer 'n afbrekende aksie is nie, maar iets wat bruikbaar word in die ondersteuning van ander met dieselfde probleem. Pyn verander dus van 'n afbrekende mag en kry opbouende bestaan. Dit kan slegs in die teenwoordigheid van medegelowiges onder leiding van die vertroostende werk van Heilige Gees gebeur.

Kushner het baie sinvolle gesigspunte hieroor.

Volgens Kushner (1992:106-107) het Job se vriende twee dinge reg gedoen. Die eerste is dat hulle na Job gekom het en die tweede is dat hulle geluister het. Een van die belangrikste probleme in lyding is ons kwaad vir God, mense en die situasie en dit kan ons depressief maak as dit nie hanteer word nie. Die antwoord hoe om dit te hanteer, is om met ons lyding by mense uit te kom (Kushner 1992:123-128). Hy vertel dan 'n pragtige illustratiewe verhaal van wat om met lyding te maak. Dis 'n Sjinese verhaal van 'n vrou wie se enigste seun dood is en hoe sy 'n wyse man gaan sien het. In plaas daarvan om haar nood te verklaar, gee hy haar mosterdsaad en stuur hy haar uit met die opdrag om 'n mosterdsaad na elke huis te

neem waar daar nog geen lyding was nie. Natuurlik vind sy nie so 'n huis nie, maar vra haarself af: “Wie is beter toegerus om hierdie mense te help as ek wat lyding deurgemaak het.” Uiteindelik het sy so opgegaan in hierdie diens dat sy vergeet het van haar soeke na verklarings en self genesing gevind het.

Die rol van gebed in die Joodse gebruik van *shiva* (die week se waak na die dood) is 'n voorbeeld van hoe gelowiges saam lyding verwerk (Kushner 1992:140). Dit is nie 'n gebed om verlossing van die lyding nie, maar vir krag om die las te dra – en hiërdie gebed word verhoor (Kushner 1992:146, 149), daarom kan mens gekwalifiseerd saamstem: “The God I believe in does not send us the problem; He gives us the strength to cope with the problem.” Om saam te wees en te bid vir die krag om die probleem sinvol en moedig te hanteer lê nader aan 'n oplossing op lyding as die soeke na die waaroms van die lewe. Gelowiges bid dus nie hulle lyding (so gou moontlik) weg nie, maar vra vir sinvolle hantering daarvan.

Hierin speel die Heilige Gees 'n deurslaggewende rol. Die Heilige Gees roep 'n gemeenskap vir Jesus bymekaar, want lyding vra nie 'n teoretiese respons nie, maar is Christelike *praxis* (Hall 1996:134). Hall (1996:141) noem dat hierdie gemeenskap saam deelneem aan die storie van lyding. Dit impliseer die vertelling van elkeen se lydingstorie. Kreatiwiteit word dus hier aangewakker sodat stories diepte en toepassing vind deur die werk van die Gees. Hall (1996:143, 145) sê verder dat mens op hierdie manier selfs lyding kan vier sodat vreugde daaruit spruit. Mense van die kruis deel dus hulle stories van lyding en vind so solidariteit met Jesus en met mekaar. Hier word die vreugdevolle geloof versterk dat Jesus steeds teenwoordig is in 'n wêreld vol pyn en lyding en word genesing van binne gevind. Maar hier vind ook geloofsversterking plaas vir die verlossing en redding van 'n verlore wêreld. Dit gaan nie oor die deel van 'n soort martelaarskap nie, maar dit wys op 'n lewe wat hoop spel. Hierdie hoop word gevind daarin dat selfs pyn – wat gedeel word – sinvol is.

Putz (2009:348) gaan verder en sê: “If creativity is indeed the metaphysical principle inherent in the universe, then suffering is inevitable.” Ontwikkeling is onmoontlik sonder siekte, pyn en dood. Hy stel voor dat van 'n liefdesteodisee uitgegaan word. Lyding en eksistensiële krisisse verdiep en vervolmaak liefde. Neem byvoorbeeld verhoudings wat deur siekte van 'n geliefde gaan. Die liefdesverhouding verdiep. Lyding is nie 'n voorwaarde vir liefdesdade nie, maar aktualiseer dit.

4.4.5 Lyding is beide intellektueel en misties

Met lyding as intellektuele reaksie word natuurlik nie bedoel dat lyding rasioneel verklaar word nie. Dit word bedoel dat lyding 'n antwoord vra en dat die mens nie rus sal vind as daar

nie antwoorde gevind word nie. Louw (2000:103) sien die fundamentele vraag in lyding: "But how can one designate and decode God's will?" Die onderliggende vraag is dus wat die plan agter die lyding is. Watter ontwerp is God mee besig? Die antwoord word gevind deur kontak te maak met die Gees van God in geloof, gebed, Woord, sakrament, interpretasie, dialoog en koinonia. Dit is dus 'n hermeneutiese proses.

Weereens word beklemtoon dat die antwoorde nie rasioneel is nie: die probleem met tradisionele teodiseë beskouings is die onversoerbare inhoud van 'n God wat tegelyk goed en almagtig is. Tradisionele verklarings is nie geskik nie omdat die pyn van mense emosioneel is en die tradisionele verklarings dit logies probeer verstaan (Hille 2004:21, 25). Dit lê eerder op die vlak van betekenis vir lewensvulling.

Reaksie op lyding besit 'n intellektuele faset (Wyatt 1996:253). Die mens is 'n intellektuele wese en sal daarom altyd soek na die betekenis van gebeure. Dit is dus korrek om vrae te vra oor lyding en pyn, want dit vorm die korrekte reaksie daarop. Hierdie vrae vind plaas in die konteks van die gebeure, binne geloofsgemeenskap en onder leiding van die Heilige Gees as die Wysheid van God.

Die vraag bly dus of die mens ooit vrede sal vind in lyding as nie een of ander vorm van antwoord na vore kom nie. Daarom sal die "hoekom-vraag" op een of ander wyse aangespreek moet word. Dit is nie 'n "waarom-vraag" nie, maar Louw (2000:57) stel voor dat die vraag eerder vervang moet word met 'n vraag soos: "Waar is God in my lyding?" of nog beter: "Hoe is God in hierdie dinge?" Hierdie verhandeling wil juis nie vrae laat stil word nie. Dit is tog goed om te vra as intellektuele en denkende wese. Solank die vraag nie selbejammerenswaardig is nie, maar 'n opregte soeke na nuwe lewe en 'n visie van 'n dienaar van God is.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die vraag na hoe en wie God is noodwendig 'n misterieuse kant sal bly behou en uiteindelik in aanbidding en vrees vir die Here sal oorgaan. Dit is waar, want God is misterie en sy weë is misterie (Hicks 2006:83).

In Job antwoord God vir Job deur hom te wys op die groot werke van God. Job antwoord dan dat hy oor dinge gepraat het wat te groot vir hom is en dat hy liever sal stilbly (Job 42:2-3). Daar is tye dat stilbly 'n enigste reaksie is. Maar stilbly is tog ook 'n antwoord in 'n sekere sin as jy die grootheid en misterie van God bewonder. Ook dit is 'n respons waartoe die Gees ons moet leer.

Daar is dus nie 'n volledig bevredigende antwoord op menslike lyding nie. Ons sal bly soek na betekenis, want dit is 'n misterie wat vra dat die mens deur geloof en nie deur sien sal wandel, aanbidding en nie rasonale werke nie, diensbare lewe en nie selfgesentreerde bestaan nie. Daarom sal 'n gereformeerde teologie altyd 'n posisie inneem waar God soewerein is (Wyatt 1996:265). Sonder soewereiniteit kan daar geen hoop wees nie. Dit mag die mens nie passief maak nie, maar eerder aanspoor tot geloofswerke aan die Seun van die Mens wat weer kom en dan alles volledig sal herstel (Lk 18:8).

4.5 SLOT

Daar is in hierdie hoofstuk aangedui dat die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – betrokke is by menslike lyding. Maar daar is ook aangetoon dat die mens responsief moet optree. Lyding is dus 'n gebeure waarin God én die mens 'n rol speel sodat menslike lewe betekenisvol ontwikkel. God en mens is beide oorsakend en reagerend by en met lyding betrokke. Die oorsaak van lyding is nie die bepalende faktor nie, maar dat dit deel van God se plan is om lewe te skep wanneer daarop geantwoord word in 'n verbondmatige verhouding tussen God en mens.

Maar dit is ook die mens self wat lyding geskep het. Ons leef in apokaliptiese tye – 'n apokalips wat deur die mens self geskep is. Dit is die mensdom wat die wêreld op 'n baan van moontlike vernietiging gestuur het. Die Christelike kerk word egter deur hierdie gevalle werklikheid opgeroep om die pad vir God gelyk te maak sodat 'n nuwe mensdom kan ontstaan – vir hierdie lewe en die ewige lewe wat nog kom (Platinga et al 2010:414). Die gelowige moet dus nie op die lyding en pyn van die tyd moedeloos antwoord nie, maar juis daardeur aangespoor word om God in te roep sodat Hy nuwe lewe kan skep.

In die volgende hoofstuk sal gewys word hoe die berader hierdie gesamentlike reaksie kan fasiliteer sodat nuwe lewe plaasvind.

HOOFSTUK 5

PRAKTYK-TEORETIESE UITGANGSPUNTE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN LYDING TOT DIENSBARE BESTAAN

5.1 INLEIDING

Die drie vertakkinge van die studie, naamlik diensbare lewe as gesonde lewe (vgl. hoofstuk 2), genesing tot gesonde lewe deur diensbare lewe (vgl. hoofstuk 3) en lyding as ingrypende vorming na diensbare lewe (vgl. hoofstuk 4) vloei nou saam in 'n praktykteorie van pastorale berading. Die wyse waarop dit gedoen sal word, is deur die toepassingswaarde van enkele pastorale beradingsmodelle vir die skopus van hierdie studie te ondersoek. Daar sal telkens gevra word

- wat die model se sentrale inhoud kortliks is,
- hoe dit diensbare lewe kan fasiliteer,
- wat die genesingsimplikasies is en
- hoe dit benut kan word om lydingsgebeure bruikbaar te maak tot die vorming van diensbare – en daarom gesonde – lewe.

Die doel van die oorskouing van die modelle is dus geensins om 'n volledige bespreking of evaluering daarvan te doen nie. 'n Kort agtergrond, met toepaslike raakpunte vir 'n pastorale gesprek met dienslewering as reaksie op lyding en die genesingsmoontlikhede daarvan, sal gestel en toegepas word.

Die reg om pastorale modelle op hierdie manier te benut, word gevind in die konvergensiemodel van Daniël Louw (1997) wat tradisionele benaderings in pastoraat konvergeer om die eintlike doel van pastorale berading te stel (Brunsdon 2006:15). Hierdie hoofstuk is dus 'n poging om 'n "konvergensie" van pastorale merkers – wat diens en genesing in lydingsgebeure fasiliteer – daar te stel. Aan die einde van die hoofstuk sal dan enkele riglyne vir 'n pastoraat wat diens as genesing fasiliteer, gestel word.

5.2 BESKRYWING EN TOEPASSING VAN BENADERINGS IN PASTORAAT

Omdat Daniël Louw se konvergensiemodel as legitimering vir hierdie hoofstuk se werkswyse geneem word, word dit eerste behandel. Daarna sal ander pastorale modelle min of meer chronologies hanteer word.

5.2.1 Die Konvergensiemodel van Daniël Louw

5.2.1.1 Sentrale inhoud

Die konvergensiemodel is gestel na inagneming van die somtotaal van die tradisionele benaderings van pastoraat (Brunsdon 2006:15). Vandaar die naam konvergensie: dit blyk 'n poging te wees om die eintlike doel en metode van die *pastorale* berading daar te stel as *heil* (verlossing, vernuwing, herstel en groei van nuwe lewe in Christus op grond van God se genade) (Louw 1999:14-15).

Afgelei uit die vorige hoofstuk (vgl. hoofstuk 4) is lydingsgebeure ook genadehandelinge van God wat tot nuwe lewe wil opwek. Die fokuspunte van Louw se benadering word nou kortliks rangskik rondom drie begrippe: geloof, hoop en liefde (vgl. 1 Kor 13:13):

- Geloof skep vertrouwe wat die mens aan God se beloftes bind;
- Hoop wat uit die geloof vloei, rig die mens se lewe op die eskatologiese perspektief (Louw 1984:28-29) en
- Liefde van God as basis van berading maak dit promissiotherapie (Louw 1998:518).

Eerstens word die geloofsaak beskou. Geloof het tot gevolg dat die pastoraat vanuit 'n unieke perspektief bedryf word, naamlik die perspektief van die Christelike geloof (Louw 1999:14). Dit bepaal die identiteit van die pastoraat as wetenskap: die verhouding God en mens. Die inhoud van die pastorale gesprek is daarom 'n heilsgebeure wat vorm vind vanuit 'n verbondsverhouding tussen God en mens (Louw 1999:28). Die heil het ten doel om vrede, versoening en vergifnis te bewerk (Louw 2005b:9).

Ten einde hierdie heil te laat kulmineer, vind enkele veranderinge by die gespreksgenoot deur die God-mens-ontmoeting plaas (Louw 1999:100-101):

- Konstitiewe verandering dui op verandering wat die wesenlike toestand en bestaan van die mens raak. Dit is dus diepgrondige en fundamentele verandering wat die weesfunksies van die mens raak. In die Bybel word dit verbind aan die aksie van bekering. Ou Testamenties vra dit verandering van denke en gedrag. In die Nuwe Testament bring bekering 'n totale nuwe lewensgerigtheid en -kwaliteit. Konstitiewe verandering in die pastorale situasie poog na 'n lewe wat wegdraai van sonde na 'n nuwe bestaansgerigtheid, maar ook 'n nuwe verstaan van menswees wat die sinbelewing radikaal wysig.

- Pastorale beïnvloedingsgebeure het te make met 'n kennis- en inligtingsrol wat 'n agogiese moment bewerk waar die mens deur God tot nuwe lewe gebring word. Hierdie verandering vind op die terrein van die geestelike funksie plaas.
- Verandering het heiliging in die hele lewe tot gevolg. Aspekte wat geraak word, is: houding, gedrag en lewenstyl. Die pastorale ontmoeting is die plek van ontdekking van hierdie nuwe lewe, maar die uitkoms daarvan is die aanvaarding van die etiese implikasies waarvolgens geleef word.

Die geloofsverhouding met God is dus die draer van heil in die mens se lewe. Hiermee word interpreteer dat daar iewers in die pastorale verhouding 'n besliste moment nodig is om met die hulpsoeker oor die aard van sy verhouding met God te kommunikeer. Dit vra na 'n soteriologiese spreke wat in 'n agogiese moment plaasvind. Daar kan nie aanvaar word dat die heil van vrede, vergifnis en versoening outomaties deel van hulpsoekers se lewe is nie. Heilsgebeure moet bemiddel word. Deur seker te maak van die hulpsoeker se geloofsinhoud, gee pastoraat 'n Christelike perspektief. Die tipiese Christelike pastoraat gerig op diens en genesing kan dus nie evangeliserende spreke ontsnap nie.

Geloof in God skep hoop vir nuwe lewe en daarom fasiliteer dit gehoorsaamheid in die God-mensverhouding wat na gedragsverandering in die mens se wees-funksies lei. Daarom is dit eskatologiese hoop.

Tweedens gaan dit dus oor eskatologiese hoop. Die tweede perspektief – wat hoop- en sinvolle lewe konstitueer – is die saak van eskatologie wat beide die teleologie en konvergensie van hierdie siening van Louw (1999:15, 35) is. Vir eskatologie om hierdie funksie te vervul, moet verstaan word dat eskatologie nie net te doen het met eindgebeure nie, maar primêr met die eintlike gebeure in die tyd met die oog op die ewige (Louw 1999:90).

Daar bestaan wel in hierdie tyd 'n bipolariteit tussen Goddelike werklikheid en menslike bestaan. Maar die eskatologiese perspektief kan hierdie verhouding vrywaar van komplementariteit (Louw 1999:56). Eskatologie behou die verbondenheid God en mens, maar dit is God wat die daad van wederkerigheid in stand hou (Van Jaarsveld 2001:93).

Vir die pastorale bediening het bogenoemde die volgende implikasies (Louw 1999:91):

- Eskatologie skep 'n hoopvolle verstaan van sin vir lewe omdat dit die geheel van God se beloftes – vir hierdie lewe en hierna – verteenwoordig. Dit fokus dus op

die mens se fundamentele behoeftes van herstel, vrede, integrasie en versoening.

- Die getrouheid van God skep (hoopvolle) sekuriteit te midde van 'n wisselvallige lewe.
- Eskatologie skep 'n normatiewe en rigtinggewende faktor vir pastoraat en lewe. Dit is kritiek op 'n lewe van selfgenoegsaamheid, selfsug en liefdelose selfhandhawing. Hierdie saak onderskei pastoraat van alle ander geesteswetenskappe en hulpmodelle.

Deur God in Christelike geloof te aanvaar, skep dus 'n vertroue in die liefdevolle werke van God vir die lewe voor en na die dood. Dit kan aanleiding gee tot die hoop dat ook lydingsgebeure saam met God tot sinvolle lewe benut kan word. Die liefdevolle beloftes van God oor lewensinrigting word dus ook in pynvolle omstandighede as betroubaar aanvaar en dit maak pastoraat promissiotherapie.

Die derde saak is daarom liefde. Hieruit word 'n derde perspektief gevorm wat die aard van pastorale terapie beskryf: promissiotherapie. Pastoraat is ontmoeting tussen 'n liefdevolle God en mens (Louw 1999:1). Maar dit is meer as slegs ontmoeting. Dit is ook vertolking. Daarom is die ontmoeting hermeneuties van aard (vgl. Louw 1997:117-131). Hierdie hermeneuse is nie 'n vertolking van twee gespreksgenote alleen nie, maar daar word ook deduktiewe afleidings gemaak omdat dit 'n gesamentlike luisteraksie na die hart van die Skrif is (Louw 1999:426).

Hierdie intense betrokkenheid van gespreksgenote bymekaar en gesamentlike luister na die Skrif (Louw 1999:51-52) skep die inhoud van 'n promissiotherapie:

- Dit gaan om God se liefdestrou soos deur die Skrifbeloftes verwoord. Die soekende God vorm 'n verbondskommunikasie om heil te bemiddel deur sy Woord. Gespreksgenote vind Hom deur die hermeneutiese nadenke van die Skrif. Die konkrete beloftes word op die historiese situasie van die luisteraars toegepas (Louw 1999:35, 518).
- Die doel van die beradingsgesprek is geloofsvolwassenheid. Volwassenheid wek die volgende eienskappe: verandering (soteriologiese verlossing in Christus), verantwoordelike keuses (etiese lewe), groei (heiligmaking), antisipering en hoop (eskatologie) en onderlinge verbondenheid (koinonia) (Louw 1999:31). Hierdie eksponente van volwassenheid gee sin en toekomsgerigtheid omdat dit die mens as beeld van God deur die Heilige Gees herstel. Om tot geloofsvolwassenheid te groei, vra 'n ekklesiologiese konteks (Louw 1999:14).

- 'n Liefdevolle God wat met die mens op pad is na volwassenheid verwyder die blokkasie van sinloosheid na die toekoms – wat eie is aan baie mense met pyn (Louw 1999:19). Die waarheidsgestalte van die Skrif versorg dus geloof (Louw 1999:441). Die waarheid van die Woord en trou van God versterk die stabiliteit van die hulpsoeker en gee 'n motivering om die opgestane Christus deel van die daaglikse lewe te maak (Louw 1999:300). Daar vind bevryding plaas van toekomsneurose (angs vir die toekoms), hooppatologie (herstel as inhoud van geloof) en hooputopie (vermyding eerder as gebruik van pyn) (Louw 1984:56-57).

Die oordenking van 'n liefdevolle God se beloftes saam met ander skep dus motivering tot 'n opstandingslewe in en met lydingsgebeure omdat die sin van alle lewe aanvaar word. Daar vind bevryding van toekomsneurose, hooppatologie en hooputopie in lyding plaas. So kan lydingsgebeure tot nuwe en diensbare lewe lei wat heil laat plaasvind.

5.2.1.2 Implikasies vir diensbare lewe

Die berading in hierdie model is uniek in sy Christelike aanpak (Louw 1999:14). Daarom sal die diens wat hieruit spruit eties gesproke ook Christelik wees. Diens is nie humanisties georiënteerd nie, maar 'n roepingsverantwoordelikheid van en na God, ander en die wêreld wat eskatologies gedrewe is.

Deur op die eskatologiese hoop in pastoraat te wys, veroorsaak dus 'n diensbare atmosfeer gerig op die gebruikmaking van lewensgebeure tot heil van die self, ander en God. Dit skep hoop dat alle gebeure sinvolle bestaan verteenwoordig omdat God se getroue beloftes in geheel by lewe geïntegreer kan word en nie slegs die beloftes van heil nie. Wanneer lewensgebeure in pastoraat dus eskatologies benader word, word elke persoon se unieke omstandighede diensbaar tot unieke uitkomste benut. Die bipolêre spanning tussen teenswoordige en ewige lewe word so positief aangewend tot die vorming van nuwe lewe. Die pynlike gebeure van die teenswoordige is dus nie iets wat ontvlug word nie, maar speel 'n vormingsrol tot die uitloop daarvan in die ewige lewe. Lyding het dus as sodanig sin. Dit gee daarom aan die Christelike pastoraat die unieke rol om lyding aan te wend tot die vorming van diensbare lewe – eerder as ontvlugting daarvan.

Dit is konstitiewe verandering wat genesing bring. Hierdie pastorale begeleiding dui op die Jakobus-teologie waar geloof in daade van diens behoort oor te gaan. Dit kom neer op die opsomming van die wet as gehoorsame daade aan God en diensbare lewe aan medemens (vgl. Mt 22:36-40). In terme van die model van Louw kan gesê word dat die

konvergensiëpunt van pastoraat dus gedragsverandering fasiliteer wat tot diensbare lewe lei. Die gedragsverandering werk dan helend op lewe in.

In die afluister-aksie speel Godsbeelde 'n belangrike rol. Dit kan funksioneel of disfunksioneel wees – by berader en hulpsoeker. Die spesifieke beeld van God moet dus ondersoek word en aan die beeld van die Skrif getoets word (Louw 1999:388). Negatiewe beelde is: God as kragreus, paaiboelie wat onregverdig straf, Kersvader wat net goeie dinge gee, outeur van kwaad, programmeerder wat alles vooraf besluit en towenaar wat alle probleme oplos. Positiewe beelde is: God as Vader, Vriend, Verlosser, Trooster en Regter (Potgieter 2009:211). Hieruit word afgelei dat verkeerde Godsbeelde die mens passief maak en die korrekte Godsbeelde diensbare lewe bevorder. Eersgenoemde skep vrees, skuldgevoelens of opstand teenoor pynlike gebeure. Positiewe Godsbeelde dui op 'n verhouding waaruit lojaliteit, gehoorsaamheid en diens voortspruit.

Hierdie diens word ekklesiologies ontdek en in stand gehou en hou rekening met die verhoudingsperspektief van die mens. Diensbare lewe vind plaas deur hermeneuties saam met ander en met die oog op ander oor lydingsgebeure met lydingsgebeure om te gaan.

5.2.1.3 Genesingsaspekte

'n Sleutelbegrip in hierdie model is verandering (Louw 1999:100-101). Genesing begin by wyse van kennis- en inligtingsontdekking deur gespreksgenote – 'n hermeneutiese-vertolkingsproses. “The basic assumption of hermeneutical approach is that change is possible if one is willing to change one's attitude towards the problematic area in the light of a new perspective” (Louw 2005a:37). Dan vind daar 'n agogiese oomblik plaas waar hierdie verwysingsraamwerk sin maak en die hulpsoeker dit internaliseer. Dit bly egter 'n pneumatologiese werk en nie van mense nie. Die wesenlike of konstitiewe genesing vind plaas wanneer bekering in etiese *gedragsverandering* neerslag vind. 'n Totale nuwe lewensbeskouing word gehandhaaf. Dit dui op die lewe van Jesus Christus wat die volkome dienaar was – geroep deur God en gefokus om te ly vir ander se redding.

Die agent wat hierdie verandering dryf is die eskatologiese perspektief wat beide normerend en singewend is (Louw 1999:90-91). Dit is normerend en word verstaan dat die mens deur die ewigheid gedring word. Na hierdie lewe word rekenskap gevra van die werke op aarde. Maar daar is ook 'n liefdevolle Vader met Wie die ewigheid bestee sal word. Beide hierdie sienings behoort die mens *in die hede* te dring om uit liefde vir God, mekaar, die self en die omgewing te leef – soos Paulus aanvoer dat die liefde van Jesus dring (2 Kor 5:14-15). Eskatologie – in terme van rentmeesterskap van lewensgoedere – bepaal die sinvolheid van

hierdie lewensgedrag aangesien dit nie net oor die eendag gaan nie, maar die hier en nou het wel betekenis in die lig van die ewige bestaan. 'n Pastoraat wat die mens tot diensbare lewe begelei, sien die mens as 'n wese wat verantwoordelik staan oor sy optrede in die lig van sy persoonlike lewensomstandighede.

Hierdie benadering kan aan die een kant daarom soms aan die gesprek vermanende elemente verleen. Aan die ander kant is daar die konsep van 'n betroubare en liefdevolle God Wie se beloftes seën inhou – vir nou en tot in ewigheid – wat voorgehou kan word. Die pastor het gevolglik 'n verantwoordelikheid om te vermaan teen die verkeerde, maar ook om te motiveer deur te wys op die seën van 'n lewe in gehoorsaamheid aan God. “Adam remained silent when he should have spoken,” sê Crabb (1995:11). Om te spreek kan dus 'n ander persoon baie pyn en probleme spaar.

5.2.1.4 Rol vir lydingsgebeure

Die feit dat berading geloofsvolwassenheid in die oog het, skep die hoop dat lyding sinvol is (Louw 1999:31). Die toekoms hoef nie met angs tegemoet geleef word nie (hoopneurose), lyding hoef nie so gou moontlik weg gebid word nie (hooppatologie), of pyn hoef nie vermy te word nie (hooputopie) (Louw 1984:56-57). Lyding en pyn as transendente ingrype van God behoort dus eerder deur geloofsvertroue en integrasie gebruik te word as 'n geleentheid tot geloofsvolwassenheid – wat diensbare lewe as inhoud het. Daarom sê Louw (2000:14): “Lyding is 'n manier om ons in die geloof in te oefen. Maar in die gimnasium van lyding beproef God ons nooit tot breekpunt toe nie ... slegs tot groeipunt.” Die eskatologiese gedreweheid van die mens laat hom hoopvol sy lewensgoedere benut en sodoende vind sinvolle en vol lewe plaas – ook te midde van lewensaanvegtinge.

Om op te som: om pynlike gebeure tot diens te integreer vra dus geloof in God wat alles ten goede laat meewerk, hoop dat die beloftes van God onmiddellike en ewige lewe genereer en liefde van God en vir ander wat tot sinvolle lewe lei.

5.2.2 Die Kerugmatiese model van Eduard Thurneysen

5.2.2.1 Sentrale inhoud

Die kerugmatiese beradingsmodel verkondig die Woord van God tot vergifnis van sonde deur Jesus Christus aan die persoon in berading. Hierdie verkondiging gaan gepaard met 'n oproep tot bekering (Thurneysen 1963:67).

Die pastorale gesprek word deur vyf hoofsaake beheers (vgl. Thurneysen 1963:54-67):

- Soewereiniteit van God. God se soewereiniteit is absoluut in die pastorale verhouding en die primaat van die Woord beheers die gesprek. Dit waarborg God se oorwinning oor kwade magte. Daar is geweldige afstand tussen God en mens. Pastorale versorging is homiletiese gebeure afgestem op die besondere situasie (Brunsdon 2006:3). Hierdie agting vir die soewereiniteit van God en die Woord beteken nie 'n ontkenning van ander menslike wetenskappe soos psigologie nie. Pastorale hulp sou onvolledig wees as dit nie ook van ander menslike wetenskappe gebruik maak nie, maar "[P]astoral care is and remains proclamation of the Word to the individual and neither can nor should be anything else" (Thurneysen 1963:201).
- Verdorwenheid van die mens. Die radikale sondigheid van die mens definieer hom. Hierdie erkenning van die sondige mens is voorwaarde vir egte herderlike sorg (Potgieter 2009:15).
- Verlossing uit genade. God se oorheersende genade moet in die pastorale gesprek verkondig word. Geen verlossing vind deur eie pogings plaas nie (Thurneysen 1963:159). Redding kom uitsluitlik deur die genadewerking van God.
- Lewendmaking deur die Gees. Die mens besit geen potensiaal om die verkondigende genade uit die Woord te begryp en te integreer nie. Daarom is hy ten diepste aangewese op die werk van die Heilige Gees om dit lewend te maak (Thurneysen 1963:186).
- Gemeentegerigtheid. Pastorale versorging gebeur in die kader van die gemeente. Die tughandeling en sakramente speel 'n belangrike rol in die pastorale proses (Thurneysen 1963:284, 315).

5.2.2.2 Implikasies vir diensbare lewe

Die mens is beeld van God (vgl. hoofstuk 2). Die beeld van God word vanuit die Bybel begrond. Sou die Woord nie die hoofkenbron in die beradingsgesprek wees nie, sou daar moeilik tot die gevolgtrekking gekom kan word dat die mens diensbeeld van God is en hoe dit funksioneer. Die primaat van die Woord in hierdie model (Potgieter 2009:14) gee aan die berader die reg om gesonde lewe Bybels te begrond. Die diensperspektiewe van menswees soos dit in hoofstuk 1 en 2 uit die Woord voorgehou is, kan dus as riglyne vir gesonde lewe voorgehou word. Die Skriftuurlike beginsels vir die dienaarmens word so in pastorale begeleiding spesifiek op diensvorming gesentreer.

Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat Thurneysen se oormatige klem op die Woord 'n verskraalde antropologie kan veroorsaak (Potgieter 2009:16). Dit is egter iets waarteen

slegs gewaak word aangesien hy self erkenning gee aan die rol van ander menswetenskappe soos psigologie (Thurneyen 1963:201-202). Daar behoort dus in berading 'n tussenweg tussen Woord en buite-Bybelse bronne gevind te word om die dienaar en sy diens te beskryf. Die voorwaarde is: solank die eiesoortigheid van die herderlike sorg nie sy karakter verloor nie (Bothma 2003:37), want die Christelike berader het steeds nie iets anders om vir die hulpsoeker te offer as Christelik-Bybelse bestaan nie.

Die groot voordeel vir 'n klem op dienaarsrol van die mens soos die Skrif dit beskryf is: dit is die gesag van die Woord en nie die gesag van die pastor nie (Potgieter 2009:15). Die roepingsbestaan van die mens as dienaar word dus afgelei uit die Skrif – 'n bron buite die mens wat hom roep en dring om as dienaar gesond te bestaan. Die Skriftuurlike klem op berading bevry die berader van outoritêre gesag in die gesprek.

Die diens van die mens is gemeentegerig (Thurneyen 1963:284, 315). Die diens is dus buite die individu gerig en vind binne verhoudings plaas. Dit dui daarop dat die mens nie vir homself bestaan nie. JHWH roep vir Hom mense om die nood van mekaar en die wêreld aan te spreek (Brueggeman 2006:60). Daarom behoort berading rekening te hou met die perspektief van nood op diens (vgl. 2.3.5, 3.2.9 en 3.2.10). Lyding en pyn is nooit net 'n individuele saak nie, maar skep ook sensitiwiteit om die nood van die ander raak te sien. Diens wat genees, is gerig op iemand anders as die eie ek. Hierdie siening by Thurneyen oor gemeentegerigheid is 'n belangrike aanvulling op die sterk individuele karakter van sy beradingsmodel gerig op die siel van die individu.

Diens is 'n saak aan en saam met ander. Dit is verder nie net 'n etiese oproep tot dissipelskap nie, maar ook 'n uitwaartse roeping tot apostolaat. Diens impliseer dus 'n aksie wat aan iets of iemand anders gegee word. Dit is 'n beweging na buite.

Die tekort van Thurneyen se gemeentegerigte pastoraat is die vraag na die diens buite die geloofsgemeenskap. Dit hou nie rekening met die gestuurdheid na 'n wêreld – buite die gemeente – met nood nie. Dissipels moet dus ook later *dissipelmakers* word. Die opdrag is tog dat aan álle mense goed gedoen word – al word medegelowiges uitgesonder (Gl 6:10). Hierdie uitwaartse beweging van diens as doelwit behoort konstant in die agtergrond te wees in die pastorale gesprek.

5.2.2.3 Genesingsaspekte

God is die Gans Andere volgens hierdie model (Bothma 2003:37). Hierdie beskouing is tegelyk 'n wins- en verliespunt. Die Gans Ander God is die Een wat kan en mag roep tot

diens en die mens gehoorsaam tot genesende lewe. Aan die ander kant kan die persoon met 'n krisis God as ver en veroordelend ervaar. Die mens se vermoëns word onderspeel (Louw 1997:162). Dit kan dus onnodige skuldgevoelens veroorsaak en mense moedeloos maak en moedelse mense kan nie dien nie. Verder kan dit die berading in 'n homiletiese gebeure laat opgaan en die hulpsoeker voel so klein en skuldig dat daar geen kreatiewe impetus tot diens oor is nie.

'n Winspunt in hierdie benadering is dat die grootheid van God en die kleinheid van die mens daarop wys dat die mens nie uit homself in staat is om genesing te ervaar nie. Dit wys op die reeds gestelde feit dat God die Geneser is. Wanneer die mens dienaar word soos sy Vader, genees God die mens omdat hy gehoorsaam is aan die beeld van sy Skepper (vgl. 3.2.1, 3.4.2 en 3.4.3). Daarom bring dit die belangrike rol van die werking van die Gees op die speelveld (Thurneyssen 1963:36). Aspekte soos nederige gebed vir 'n lewe soos God wil en die ingrypende genesing van God word hierdeur gefasiliteer (Brunsdon 2006:6).

5.2.2.4 Rol vir lydingsgebeure

Wat aandag in die beradingsgesprek kan ontvang, is die sonde en gepaardgaande bekeringsmoontlikhede van die kerugmatiese model. Sekere vorms van lyding is as gevolg van eties-verkeerde leefwyses. Daarom is 'n antwoord op hierdie soort lyding 'n etiese korreksie op lewe. Dit is 'n bekering na die dienaarsbeeld. Dit behoort versigtig hanteer te word, aangesien dit die indruk kan skep dat pastoraat net bekering in die oog het (Brunsdon 2006:5). Maar dit bly 'n belangrike saak vir ondersoek in berading aangesien bekering of wegdraai 'n etiese korrigeringsantwoord op lyding kan wees. Dit is veral waar van pyn wat die oorsaak is van 'n onverantwoordelike lewe deur die gespreksgenoot. Wanneer 'n persoon hom van hierdie verkeerde lewe bekeer, vind hy self genesing en deur dit aan ander – as waarskuwing – te bedien skenk hy ook genesing.

Maar hierdie kerugmatiese of preekbenadering aan die individu het egter min vir die lydingsgebeure van die mens te sê, want die hermeneutiese konteks van die individu word nie verreken nie (Potgieter 2009:15) en lydingsgebeure word nie 'n deel van holistiese lewe wat die mens tot diensbare lewe vorm nie. So word lyding iets onaangenaams en van buite wat eerder ontvlug as benut moet word. Hiermee word nie ontken dat kerugmatiese spreke ook positief in lyding benut kan word tot lewensgroei nie. 'n Kerugmatiese spreke wat die konteks verreken en uit liefde geskied kan tot heilsame lewe lei.

Die lydingsgebeure behoort dus hermeneuties ondersoek te word sodat die antwoorde van diens daarop verantwoordelik toegepas kan word. Alhoewel daarop gewys is dat

skuldgevoelens 'n positiewe rol kan speel wat kan aanleiding gee tot diensbare lewe, is alle lyding nie die gevolg van 'n sondedaad van die persoon wat lyding ervaar nie. Die gebeurtenis van Jesus en die blindgebore seun in Johannes 9 wys Bybels ook daarop. Sou die lydingsgebeure wel die gevolg van 'n onverantwoordelike en ongehoorsame lewe wees, kan dit kontekstueel en hermeneuties verreken word. In so 'n geval kan die lyding of pyn kerugmatiese stimulasie vir 'n bekeringslewe daar stel wat genesing sou teweegbring.

As gevolg van die ongebalanseerde klem op die vertikale vlak is die eduktiewe model van Hiltner 'n noodsaaklike ontwikkeling.

5.2.3 Die Eduktiewe model van Seward Hiltner

5.2.3.1 Sentrale inhoud

Die model van Thurneysen was te besig met God en te min met die mens (Bothma 2003:37). Daarom word die eduktiewe model ontwikkel as 'n integrasie-model tussen die opkomende psigoterapeutiese modelle en 'n pastorale benadering (Hiltner 1958:25). Hierdie model poog om wat latent in die mens teenwoordig is na vore te bring deur 'n pastorale proses van *healing, sustaining* en *guiding* (Brunsdon 2006:7). Daarom die benaming *eduktief* wat kom van die Engelse woord *educate*: om wat in die mens teenwoordig is, na vore te bring (Potgieter 2009:17). Die drie elemente – genesing, ondersteuning en leiding – word deur middel van Rogeriaanse gesprekstegnieke gekommunikeer (Van Jaarsveld 2001:64).

5.2.3.2 Implikasies vir diensbare lewe

Die negatiewe aspek van hierdie benadering kom na vore in die spanning tussen openbaring en ervaring. In hierdie benadering kan die skaal te veel na ervaring neig (Brunsdon 2006:8). Wat hierdie model probeer regstel, word dus weer die swaartepunt wat balans kan verbreek naamlik die menslike ervaring.

Hierdie verhandeling wil voorstel dat daar moontlik balans gevind kan word wanneer die mens as diensbare persoon gesien word. Dit is nie 'n saak van die een of die ander nie, maar 'n saak van beide.

Skematies lyk die voorstel as volg:



Diensbare lewe as antwoord op lewensgebeure gee aan beide God en mens erkenning en bring balans. *God* openbaar deur die pastorale gesprek (gefasiliteer deur berader) aan die mens sy betrokkenheid by lydingsgebeure. Die *mens* gehoorsaam deur denkend met hierdie ervarings om te gaan sodat diensbare en gesonde lewe daaruit vloei. Ons sien dit in Josua 24:13-15 waar Josua God se betrokkenheid vir die volk uitspel, maar dit is die mens wat kies om dit aan te neem, of nie.

Dit is God wat inisiërend handel en die mens leef sy reaksie kreatief (vgl. 2.3.2) uit sonder om 'n niksseggende of ondergeskikte rol te vervul. God begelei in lyding en die mens reageer op lyding. Albei aksies het diensbare lewe as doel. Dit is diens wat God en mens se onderskeie rolle balanseer. Dit wat in die mens teenwoordig is – *educe* – word so 'n gebeure waarin God werk en wat die mens verantwoordelik (vgl. 2.3.4) as rentmeester gebruik.

Die gevaar van die eduktiewe model is dat dit op selfverwesenliking ingestel kan wees (Bothma 2003:40). Daar is reeds gewys dat selfverwesenliking of -ontwikkeling wel waarde het omdat die mens ook in 'n gesonde verhouding met homself bestaan (vgl. 2.3.1.2). Maar die doel van die “sielsorg” is meer as die ontwikkeling van die self as gevolg van verworwe insig in eie pyn (Bothma 2003:42). As die self dus die motief word, beperk dit enige gedagte van altruïstiese diens (vgl. 3.4.4.5) gerig op die nood van die ander.

Hierdie model is ook gebrekkig aan bo-kosmiese dimensies (Bothma 2003:42). Een van die redes waarom die mens maklik die middelpunt in hierdie model kan word, is dus die gebrek aan die eskatologiese perspektief op menswees (vgl. 3.4.4.6). Pastors sou hierdie saak kon besleg deur te wys op die lewe as 'n oomblik van diens met die oog op die dag van afrekening. Dit geld ook vir gelowiges wat die opdrag ontvang om na mekaar om te sien (vgl. Mt 25). Daarom sou 'n sinvolle plek in die gesprek gevind moet word om ook evangelies te spreek oor die ewige lewe en versoening deur die kruis as 'n aanvang tot diensbare daade aan God en mekaar. Dan word gehoop dat die verantwoordelike rentmeesterskap van die mens oor sy aardse geskiedenis en ervarings 'n balans sal bring na die God wat alle diensbare daade eendag sal beoordeel (Mt 25:31-46; Gl 6:5).

5.2.3.3 Genesingsaspekte

Die innerlike wêreld van die persoon wat kom vir hulp moet in hierdie model 'n rol tot genesing van 'n probleem speel. Die beraders as herders van 'n kudde behoort nie eenkant van die persone wat vir hulp kom ervaar te word nie, maar moet betrokke wees by hulle innerlike menswees (Brunsdon 2006:8). Beraders genees dus deur aan te sluit by dit wat

teenwoordig is in 'n ander persoon (vgl. Nouwen 1979:63-77). Dit maak hulle nie die kenners van alles oor alles nie, maar hulle neem leiding deur gespreksvaardighede te ontwikkel en te gebruik (Louw 1998:47) sodat ander mense hulle ervaringswêreld kan ontsluit en genesing ervaar deur dit met die hulp van die pastor te benut tot diensbare lewe.

Die verhouding tussen berader en hulpsoeker behoort ontwikkel te word sodat die verhoudingsmens (vgl. 2.3.1) deur die verhouding as sodanig genesing (begin) ervaar. Die vaardighede van die pastor (Bothma 2003:41) en innerlike kragte van die persoon (Brunsdon 2006:9) in die berading het dus moontlikhede – as die pastorale berader verantwoordelikheid neem vir eie opleiding asook leiding. Die hulpsoeker neem deel deur sy lewe oop te maak en saam te dink oor die doel en rol van pyn in sy lewe.

Dit kan egter in hierdie model al hoe meer oor *redemption* en al minder oor *salvation* gaan (Louw 1999:38-39). As dit oor *redemption* gaan, word pyn dus iets wat ontvlug en vermy moet word. Die verbondenheid aan God word gereduseer (Potgieter 2009:18). Hierdie benadering is arm aan motivering om vir God te leef. Die mens word dus al hoe sieker omdat sy lewe om homself kan draai. So word hy vasgevang in die sondes van diensloosheid: passiwiteit, verbystap by nood, gebrek aan teleologie, narsisme, nalating, verbondsverbreking en selfs hoogmoed (vgl. 3.2.3). Daar is 'n gebrek aan geleefde geloof (vgl. 3.4.4.4). Die Genesis-beginsel van wat-is-daarin-vir-my word oor en oor herspeel. Die gevolg is nie genesing nie, maar agteruitgang soos vir Adam en Eva wat selfverrykend wou wees. 'n Berader sal dus baie opsigtelik oor die diensbare momente van 'n krisis behoort te praat.

5.2.3.4 Rol vir lydingsgebeure

Hierdie benadering het die veld oopgemaak vir die gebruik van verledeverhale en is daarom nie ver verwyder van die narratiewe benadering nie. Hieroor kan positief geoordeel word aangesien dit die Godgegewe vermoëns van die mens erken om sy omstandighede aan te wend tot groei. Lyding word dus nie 'n iets wat die mens van oorwinnende lewe beroof nie. Deur Christus en die Gees kan die mens sy geestelike potensiaal gebruik tot 'n volledige lewe ten spyte van pyn (Brunsdon 2006:9). Omdat dit in hierdie benadering oor die gebeure binne in die mens gaan, word lyding kontekstueel bereken en kan gepaste diens as reaksie op lyding plaasvind.

Die mens het nie sy beeldskap van God volledig verloor nie. Daar is inderdaad potensiaal in die mens om – met die hulp van die Gees – ook oor die swaarkry te heers (vgl. Fl 4:13; Rm 8:37) juis wanneer hy as beeld van God dienend optree en lyding van ander met sy eie

lyding beveg. So vind beeldgelykheid as genesing plaas (vgl. 3.2.1 en 3.6.3). Uit die aard van die saak moet die berader daarop let dat dit nie 'n menslike poging is nie. Berader, asook hulpsoeker se kreatiewe gebruik van hulle ervarings en pastorale gesprek is instrumente in die hande van God wat genees.

Aan die ander kant help dit die gespreksgenoot om homself te aanvaar soos hy is en dit bring 'n gelykheid tussen gespreksgenote (Potgieter 2009:18). Albei soek na die betekenis en doel van God met die verlede se gebeure – selfs al sou dit lydingsgebeure wees wat pynlik oordink en integreer word tot diensbare lewe soos die beeld van God in Jesus voorhou.

Daar is ook ruimte vir 'n meer vermanende en konfronterende styl van pastorale berading in die soeke na 'n pastoraat wat lyding tot diensbare lewe fasiliteer.

5.2.4 Die Noutetiese model van Jay E Adams

5.2.4.1 Sentrale inhoud

In reaksie op die eduktiewe benadering, het Jay E Adams die noutetiese benadering ontwikkel. Die noutetiese berading se sleutel is konfrontasie (nouthesis) wat aandring op verandering en gedragswysiging omdat sonde die basis van alle probleme vorm (Adams 1977:45). Berading is dan 'n proses wat aanneem dat 'n probleem bestaan, die probleem het sonde as oorsaak, verbale konfrontasie met Skrifgegewens tot bekering vind plaas, outoritêre begeleiding tot konformasie met die standaard van God word gedoen sodat gedragsverandering en genesing plaasvind (Adams 1973:44-50; 1974:5-8). Dit is dus 'n morele model wat die mens verantwoordelik hou vir sy gedrag by wyse van bestraffing, erkenning van sonde en bekering. Deeglike kennis in die gebruikmaking van die Skrif is belangrik omdat die Heilige Gees daardeur werk (vgl. Adams 1974:94-138) – en nie deur sielkundige metodes (wat verwerp moet word) nie (Van Jaarsveld 2001:19).

Die noutetiese metode sien dus as volg daaruit:

PROBLEEM → KONFRONTASIE/SKRIF → VERANDERING → GENESING

5.2.4.2 Implikasies vir diensbare lewe

Die noutetiese model vertrek vanuit 'n Bybelse antropologie van sonde, genade, bekering, versoening en die werk van die Heilige Gees (vgl. Adams 1973:20-25; 1974:94-138). Daar is

dus besliste voordele vir 'n berading wat Christelik wil wees. Daar word oomblikke in die pastorale gesprek bereik waar vermanend beraad behoort te word. Wanneer die mens nie die beeld van God aktief nastreef nie, behoort daarop gewys te word. Hier word gedink aan situasies waar die gespreksgenoot traagheid openbaar om duidelike veranderings te implementeer. Wanneer narsistiese tendense (vgl. 3.2.3, 3.4.1 en 3.4.4.6) waargeneem word, sou vermanende spreke moontlik invloed kon hê. Dit is ook waar wanneer passiwiteit tot diensbaarheid waargeneem word. Die grootheid van die *eie ek* maak dit ook soms nodig. Die konfronterende spreke en optrede van Jesus (Mt 23:27-30; Jh 2:15) gee die berader die reg om dit met biddende wysheid te waag om iemand wat traagheid tot diensbare lewe openbaar aan te por by wyse van vermaning.

Die gevaar is egter dat die mens se diens moontlik nie deur innerlike gewilligheid vooraf gegaan word nie, maar deur dwang van buite. Hierdie diens kan moontlik nie volhoubaar wees nie omdat innerlike motivering ontbreek.

5.2.4.3 Genesingsaspekte

Die pastoraat van Adams staan 'n vermanende karakter voor wat veranderinge in 'n persoon genereer (Louw 1999:47). Aangesien die mens 'n morele perspektief as beeld van God vertoon (vgl. 2.3.3 en 2.5.1), kan hierby aangesluit word. Berading is meer as die beweging na 'n goed voel oor die self – dit behoort eksistensiële gebeure te wees. Gedragsverandering behoort plaas te vind sodat die lewe ander en beter vrugte dra. Daarvoor moet die gespreksgenoot persoonlike verantwoordelikheid vir gedrag aanvaar (Bothma 2003:44).

Daar kan egter nie met hierdie gedagtes volstaan word nie aangesien hierdie model ernstige nadele vir genesing inhou. Dit is veral waar vir die postmoderne mens. Die Skrif word op alle menslike problematiek afgedwing (Louw 1999:12). Die postmoderne mens kan moontlik hierteen 'n negatiewe houding inslaan en so kan die beradingsverhouding skade berokken word. Die neem van persoonlike verantwoordelikheid vir verandering wat genesend kan werk, kom ook in die gedrang omdat die persoon met lyding moontlik gedwing kan voel om te verander en nie oortuig is nie.

Verder kan daar ook 'n breuk tussen berader en gespreksgenoot ontstaan wanneer outoritêr deur berader gespreek word. Die pastor behoort seker te maak dat die hulpsoeker duidelik verstaan dat dit die Skrif is wat spreek (Adams 1973:51) en nie die pastor as persoon nie. Verder moet seker gemaak word dat die Skrifspreek in liefde en deernis geskied. Hierdie vermanende houding behoort dus eers later in die gesprek plaas te vind – wanneer die

verhouding deeglik gevestig en die probleem diepgrondig aangehoor is. So kan 'n lewe van diens ernstig geneem word sodat genesing intree.

Adams se standpunt – dat niks by die psigologie of psigiatrie geleer kan word nie – hou ook probleme in (Louw 1999:48). Dit verskraal die skopus op menslike problematiek en kan suksesvolle genesing inhibeer. Dit sou selfs negatiewe implikasies vir sekere probleme – soos geestelike simptome met fisiese oorsake (onder andere endogene depressie) – kon veroorsaak. 'n Pastorale proses sonder goeie hermeneuse kan dus nie genesing bring nie.

5.2.4.4 Rol vir lydingsgebeure

Adams se model is arm aan hermeneutiese diepgang aangesien die sleutel vir alle steurnisse vanuit sonde verklaar word (Janse van Rensburg 1996:159; Bothma 2003:48; Brunson 2006:11). Dit oorvereenvoudig sommige situasies en hou nie rekening met lydingsgebeure wat 'n veelvuldige oorsprong het nie. Nie alle pyn het sonde as oorsprong nie. Daarom ontken dit die hele teodisee vraagstuk. Onskuldige lyding word nie verreken nie. Die verskraling van pyn tot 'n sondeleer ontnem dus die beradingsproses van die visie van 'n God wat pyn en lyding kan gebruik om mense tot diens te vorm en uit te stuur.

Aan die een kant kan sonde dus as oorsaak van pyn verabsoluteer word. Aan die ander kant is daar soms wél 'n verband tussen sonde en siekte soos kanker en die rookgewoonte. Onverantwoordelike optrede lei soms na pyn en lyding. In sommige gevalle sal die gespreksgenoot nie die gedrag vertoon om hierdie verband raak te sien en om iets daaraan te doen nie. Vermaning sou dus in sommige lydingsgebeure 'n sinvolle aanwending in berading wees om gesindheids- en gedragverandering jeens omstandighede aan te moedig (Brunson 2006:11) om erkenning aan die eties-verantwoordelike bestaan (vgl. 2.3.3 en 2.3.4) van die mens te gee.

In die bespreking van bogenoemde modelle skyn die tweekantigheid van berading konstant deur – aan die een kant en aan die ander kant, ervaring en openbaring, mens en God, ensovoorts. Die bipolarêre model van Heitink sou moontlikhede vir die versoening hiervan gee, want dit wil juis sintese tussen die kerugmatiese en eduktiewe modelle daarstel (Bothma 2003:50).

'n Meer resente model wat moreel-eties begrond word, word nou eers kortliks as vergelyking met Adams bespreek voordat oorgegaan word na Heitink se model.

5.2.5 'n Moreel-etiese model – Neil Pembroke

Hierdie verhandeling neem as uitgangspunt dat ware Christelike lewe nie slegs 'n filosofie is nie, maar eksistensiële bestaan in sy kern is (vgl. 2.2.1, 2.3.4.2 en 2.5.3). Gesonde lewe vind plaas deur keuses tot 'n sekere gedrag te vertoon. Daarom is Christelike pastoraat per definisie moreel-eties. Pastorale versorging wat fokus op diens tot genesing en gesondheid, moet dus ook op moreel-etiese gedrag fokus en Pembroke se sienings kan hiervoor benut word.

Pembroke (2002: 116, 143, 197) plaas pastorale hulp in morele konteks. Sy invalshoek tot gedragsverandering is die begrip *shame*. Dit bedoel nie om skaamte of skuldgevoelens te skep nie, maar die voorbeeld van Jesus – as Mens – *beskaam* sy dissipels. Die nadenke oor die wyse waarop Hy geleef en geleer het, bring 'n outentieke lewensmodel en bekeringslewe. Beskaming is iets anders as skuldgevoelens, wat negatief op menslike lewe inwerk, maar maak aanspraak op die gewete van die gelowige (Pembroke 2002:146). Alhoewel die gewete van die sondige mens 'n gevaarlike norm vir optrede is, bring dit tog die hulpverleningsproses op die voetsoolvlak van die persoon self.

Mense behoort dus deur hulle persoonlike lyding en krisis te nadenke begelei te word ten einde moreel-etiese lewensaanpassings te maak wat diensbare lewe konstitueer. Ten einde die saak van diens by die gesprek te fasiliteer, word aangesluit by Barth se beskrywing van sonde as luiheid of “sloth” (Pembroke 2002:199-200) en hierdie klem bring 'n kontra-gewig teen die gevaar van die gewete van die individu wat moontlik immoreel kan funksioneer.

'n Moreel-etiese benadering akkommodeer natuurlik die potensiaal van konflik in die gesprekke tussen hulpverlener en hulpsoeker. Daarom word 'n aanspraak op die pastorale berader se diskresie gemaak oor wanneer en hoe die Heilige Gees hom lei om die gesprek tot by die punt van 'n krisis te bring en die hulpsoeker uit te daag tot 'n nuwe lewenswyse (Pembroke 2002:203). Hierdie uitdaging tot nuwe lewe is egter die produk van enkele prosesse.

Die uitdaging tot 'n lewe van diens is nie 'n opdrag van bo asof die pastorale versorger dit afdwing omdat hy die antwoorde het nie. Dit is eerder 'n bevestiging van idees en gedagtes wat reeds deur die persoon self genoem is. Die lydingsgebeure van die persoon word dus edukatief tot diensbare lewe aangewend.

Daarom noem Pembroke (2002:79, 103) dié ingrype “confirmation” wat die pastorale helper eers kan doen nadat hy een met die gespreksgenoot se pyn en angs geword het. Die

berader kan dan die persoon se lewensgebeure as katalisator tot diens bevestig. Die omstandighede of krisis waarin die persoon hom bevind, spoor hom aan om oor sy lewe te reflekteer. Maar dit behoort ook uit te loop waar die hulpsoeker etiese nadenke beoefen om te word waartoe God hom geskep het. Dit impliseer soms dat mense teen hulleself gehelp sal word deur die minder aantreklike deel van die persoonlikheid ook te bepeins. Die persoon met pyn en lyding word dus uitgedaag om deur sy lewensgebeure sy volle Goddelike potensiaal te bereik. Dit impliseer dat mense deur lyding en pyn 'n spesifieke en unieke diensrol moet vind wat tot psigiese heling sal lei.

Die ontdekking van hierdie rol vind by wyse van nadenke plaas. Daar bestaan eerste en tweede orde nadenke (Pembroke 2002:126). (Hierdie siening van eerste en tweede orde denke word ook in wese by Crabb (1975:47) gevind waar 'n proses op twee vlakke plaasvind – van binne na buite) (vgl. 5.2.8).

Die eerste orde nadenke is konvensioneel en is 'n gesprek met die bestaande reëls en ordes in die samelewing (Pembroke 2002:108). Die gewete word dus aangespreek deur eties-morele beskrywings soos die Woord van God voorhou. Dit neem die vorm aan van selfkritiek in 'n verbondshouding teenoor God. In 'n pastorale gesprek sal gedeeltes van die Woord saam oordink word om te bepaal wat se diensmomente die verbondsooreenkoms verwag. Diens word dus op hierdie manier 'n antwoord op lydingsgebeure. Voorstelle van tekste om die verbond tussen mens en God te oordink en bepeins is die volgende:

- Agter die Klaagpsalms (onder andere Psalm 31:11-12; 57:6; 62:3; 88:16) is die worsteling met die angs van die lewe en 'n soeke na God wat orde en vrede moet herstel (Pembroke 2002:86). Die diensmomente uit die angstigtheid van lyding moet dus hier ondersoek word.
- Die onwilligheid tot diensbare lewe van Jona en die aanmoediging van God daartoe kan deur pastorale versorger en hulpsoeker ondersoek word sodat beskaming in moeilike tye ondersoek kan word (Pembroke 2002:98-100).
- Die swakheid van die vlees en die nuwe lewe deur die Heilige Gees – soos beskryf in Romeine 7 en 8 – kan ook insigte gee waartoe die donker dele van die lewe aangewend kan word (Pembroke 2002:103).

Daar is uit die aard van die saak 'n legio tekste in die Bybel wat gesamentlik tussen helper en hulpsoeker ondersoek kan word om lyding en diensbare lewe te fasiliteer. Die kreatiwiteit en kennis van die hulpsoeker en pastor is die grense hiervan.

Die tweede orde gesprek is meer kreatief en leun meer op die gewete as morele respons op lewensgebeure by wyse van selfontdekking, volharding en versoening (Pembroke 2002:110-113). Die voorbeeld van Jesus word hier geneem. Jesus gebruik die tradisie maar transendeer dit. Hy is nóg legalis nóg anti-legalis. Hy is supra-legalis. Hy is kreatiewe genie wat die dieper betekenis van die wet identifiseer (Pembroke 2002:116). Ons het hier dus te make met 'n hermeneutiese gesprek tussen lyding as beskaming, aanvaarbare gedrag, Woord van God en die gewete deur die pastorale hulpverlener en hulpsoeker. Die bedoeling van die gesprek tussen lydingsgebeure, Woord en gewete word dus ontdek.

Wat veral van belang is vir hierdie studie is dat die afloop van hierdie hermeneutiese gespreksvoering sosiale verantwoordelikheid inhou. Op voet van Niebuhr praat Pembroke (2002:121) van "... social theory of conscience" wat diensbaarheid veronderstel. Daar kan dus gewys word op die lydingsgebeure wat die mens uitstuur na die gemeenskap. Dit is 'n gemis dat Pembroke nie hierdie sosiale roeping volledig ontwikkel nie, maar konsentreer op privaat en individuele verantwoordelikheid. Hy meen dat persoonlike gesondheid 'n voorwaarde vir diens aan die breër gemeenskap is, maar ontken nie dat dit deel van pastorale begeleiding is nie: "Of course we must devote ourselves to doing good to others" (Pembroke 2002:103). Die implikasie van die lewensgebeure op die mens se gewete is egter duidelik in dié sin dat spesifieke gebeure die gewete van persone só aanspreek dat dit die apostolaat van mense promoveer.

Hierdie doel kan net bereik word as die pastorale berader se ingewande – *splanchnon* – saam met die hulpsoeker beweeg (Pembroke 2002:51-53). Die meeleving van die pastorale versorger speel dus ook 'n rol in die begeleiding en ook hy behoort sy lewe diensbaar te gebruik en te illustreer om lewe te gee en te ontvang.

Ons het hier 'n baie bruikbare model wat gebruik kan word om lydingsgebeure sinvol in menslike lewe te integreer. Die rolle van Vader, Seun en Heilige Gees kan goed gedefinieer word. Daar is 'n Vader Wie se handeling deur die Skrif oordink kan word. Die Seun se modellerende lewe is die wyse van integrasie. Die Heilige Gees bemagtig tot diens en lewensgroei.

Ook die rolle van berader en hulpsoeker is duidelik. Albei soek saam na antwoorde in die Woord van God. Die gespreksgenoot leer om sy lewensgeskiedenis aan te wend. Die berader beweeg betrokke saam totdat integrasie van lyding en lewe plaasvind. Alles vind in 'n hermeneutiese verbondsdriehoek tussen God, berader en gespreksgenoot plaas.

“Diere kan nie ly nie, want in hulle pyn worstel hulle nie met: Waarom? nie. Die lyding in lyding is juis die vraag: Waarom? Vra tog net ook: Waartoe? Dit kan die verskil maak tussen die modderige geploeter in onbeantwoorde vrae en die vlieg van die arende. Vir hierdie vlug benodig jy die vleuels van nuwe lewensdoelwitte en vergesigte van hoop” (Louw 2006:26). Die mens as beeld van God kan insiggewend dink en kreatief beplan. Hierdie vermoëns moet aangewend word om betekenisvolle antwoorde vir lyding te vind. Betekenisvolle antwoorde is antwoorde wat die rolspelers by lyding – hulpsoeker, pastor, God, omringendes en omgewing – nuwe visie vir die toekoms gee. Die vraag van die Waartoe? met lyding kan oorgaan tot ’n lewe van diens as gevolg van die lydingsgebeure wat roep tot lewe van diens.

5.2.6 Die Bipolêre model van Gerben Heitink

5.2.6.1 Sentrale inhoud

Die bipolêre model is ’n sintetiese model. Die kerugmatiese model van Thurneysen en die eduktief-kliëntgesentreerde model van Hiltner wil geassimileer word (Van Jaarsveld 2001:73; Bothma 2003:50). Volgens hierdie model is die pastoraat nie ’n suiwer kerklike aksie nie, maar het ook ’n gerigtheid op die wêreld (Van Jaarsveld 2001:74). Hierdie hulpverlening vertoon ’n bipolêre geneigdheid en hierdie spanning is die bestaansgrond van die model aangesien twee pole nie sonder mekaar kan bestaan nie. Die sin en bestemming van die een lê in die verhouding met die ander (Bothma 2003:50). Pastoraat is hulpverlening tussen pastor en mense om in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente ’n weg in geloofs- en lewensvrae te vind (Heitink 1979:75). Die pastorale proses word gekenmerk deur verskeie bipolêre kragte waarvan die pastoraat en ander vorme van hulpverlening een is. Die ander velde van hulpverlening – saam met pastoraat – is die mediese, sosiale en psigiese hulpverlenings (vgl. Heitink 1979:75-128). Heitink (1979:136) gebruik die begrip *verbreding* om ’n wyer siening van die pastoraat te bevorder aangesien nie net op die Woord alleen toegespits kan word nie. Die pastorale proses verloop by wyse van vier funksies: heling, bystand, begeleiding en versoening (vgl. Heitink 1979:289-311).

5.2.6.2 Implikasies vir diensbare lewe

Heitink (1979:112) se antropologiese beskouing sien die mens as skepsel en nie as sondaar nie. Die afbrekende saak van sonde word hierdeur afgewater (Janse van Rensburg 1996:157) en dit kan nie goedgepraat word nie. Dit is ook so dat die bipolêre model aan eskatologiese perspektief ontbreek (Louw 1999:56).

Na dit alles gesê is, sou 'n waarderende woord vir die mens as skepsel – en nie sondaar nie – gedoen kan word. Die mens as skepsel is immers na die beeld van God geskep en as heerser en *created co-creator* (Hefner 1993:27) het hy kreatiewe vermoëns om skeppend met die goedere van die lewe om te gaan. 'n Oormatige klem op sonde en gevallenheid sou hom tog hierdie vrymoedigheid ontnem om volledig dienaar te wees. Wanneer sonde bely is, behoort die sondaar met selfvertroue as skepsel op grond van vergiffenis sy taak en rol te vervul – sonder onnodige bagasie van skuldgevoelens en 'n gesindheid van ek-is-nou-maar-eenmaal-'n-sondaar. Die bipolariteit van indikatief en imperatief, eendag en die nog nie, redding en opstanding, kruis en leë graf, beeld van God wat nie verloor is nie en ook gevind moet word, kan hier in berading verduidelik word om te wys op 'n heiligmakingsproses wat deur die bi-polariteit van die lewe gefasiliteer kan word. Natuurlik word dit in samewerking met die Heilige Gees as die Begeleier gedoen.

Die feit dat Heitink pastoraat sien as 'n saak wat ook buite-kerklike gerigtheid het (Van Jaarsveld 2001:74), is vir hierdie studie van die grootste belang. Dit gee aan die berader die reg om die gespreksgenoot die visie te gee dat sy krisis hom roep om sy situasie te benut om daarmee vir ander tot seën te wees. Hierdie is een model wat pastorale hulp benut om persone met pyn te laat fokus op die gedagte van uitgestuurdheid of aspostolaat van die gelowige (vgl. 1.8.3.3, 3.3.2, 3.5.1.2 en 6.2.1). Die bi-polariteit van pyn wat tegelyk geseëndheid vir die wêreld is, kan hier gebruik word. Die krisis word hiermee omgedraai in 'n diensbare moment tot betekenis vir ander.

Soos Abraham die onbekende ingaan en deur God geseën word met 'n lewe van voor- en teenspoed om self 'n seën te wees, behoort die gespreksgenoot se lewenservarings tot seën van die ander te word.

Dit word as gevaar gesien dat Heitink (1979:350) se siening van die kerk se ganse werk as diens die kerklike terreine kan versmelt en die drie ampte van Christus minimaliseer tot 'n priesterlike amp (Potgieter 2009:24). Daar word saamgestem dat hieroor genuanseerd gepraat moet word. Aan die ander kant kan hierdie beskouing van diakonia die gespreksgenoot help om sy ervarings as vorming tot diens te sien. Dit kan sinvolle lewe tot gevolg hê omdat dit diakoniese lewe is.

5.2.6.3 Genesingsaspekte

Die verbreding na ander velde waaruit antropologie afgelei word (Heitink 1979:108-109), verhoog beslis die genesingsmoontlikhede aangesien die inligting waarmee gewerk word wyer strek. Die sintese van Skrif en ander hulpbronne kan egter die Skriftuurlike verdring.

Daarom moet die grens tussen die hulpwetenskappe duidelik onderskei word. Daar moet onthou word dat die hulpsoeker na die pastorale berader vir (hoofsaaklik) Christelike en godsdienstige leiding kom. Die Woord vorm dus primêre bron van pastorale berading. As die Skrif nie so gebruik word nie, kan dit ook die indruk skep van 'n God wat nie voldoende spreek nie (Potgieter 2009:23) en dit kan die genesingsproses van hoop en sekerheid beroof. Verder moet gewaak word dat die bipolariteit tussen God en mens lyk asof God die mens nodig het om te werk en maak God Self onvolledig (Bothma 2003:54). Daar moet dus gewaak word teen die gedagte dat die proses – al is dit verbreed – op sig self genesing inhou.

Om die helingsproses te verstaan, moet die vier funksies van die model kortliks bespreek word:

- Heling is die moontlike positiewe gevolge van die pastorale optrede tot die gesondheid van alle mense in die ruimste sin van hulle bestaan (Heitink 1979:289). Die hele lewe van elke mens kan dus hermeneuties benut word om hom vorentoe te laat groei na diens. Dit gee eksistensiële sin aan die betekenis van alles wat ten goede meewerk (Rm 8:28). Daar moet dus gewaak word dat pastoraat in 'n krisispastoraat opgaan (Potgieter 2009:24). Dit sal die benutting van lewensgebeure verskraal tot 'n oplossing van pynlike gebeure eerder as gebruikmaking daarvan tot lewensverruiming. Deur te wys op die feit dat pynlike gebeure ook 'n vorm van lewe is, kan hierdie probleem voorkom.
- Bystand is die aangaan en in stand hou van 'n verhouding met 'n persoon in nood as ondersteuning op 'n moeilike pad (Heitink 1979:294). Hierdie insig bewaar die pastor en gespreksgenoot van beide maklike oplossings asook 'n verhouding wat net groei tot die hulpsoeker beter voel. Hierdie pastorale verhouding vra (in die woorde van hierdie studie) 'n volhoubaarheid van die beradingsproses tot die krisis in 'n bediening oorgegaan het. Bystand bring ook die gelykheid van gespreksgenote wat as vennote saam die pynlike pad betree (Potgieter 2009:23).
- Begeleiding is die gee van geestelike leiding sodat gesonde lewenskeuses gedoen kan word (Heitink 1979:300). Hier word legitimasie verleen aan Skriftuurlike begeleiding sonder om verskoning te maak vir of die Woord of die neem van duidelike leiding. Daar word ook van die pastorale begeleier gevra om toe te sien dat teorie in diensbare praktyk oorgaan – en dit sluit soms ferm motivering in.
- Versoening het te doen met die feit dat die verhoudingsgeskape mens met die self, mekaar en God kan vervreem. Verdiepte verhoudings moet by wyse van versoening geskep word. Hierdie versoeningsaksie staan teen die agtergrond van die mens se sondeskuld (Heitink 1979:307-311). Dit dui dus op 'n opening vir evangeliserende

spreke in die pastoraat. Die versoeningsrol wat Jesus Christus as die Lam van God vervul het en die implikasies daarvan vir die self, mekaar en God moet deurdink en bedien word. Potgieter (2009:23) noem dit as positiewe bydrae dat die evangelie bedien kan word. Daar is dus ruimte om die afbrekende mag van sonde tydens lyding te kommunikeer sodat vergifnis, versoening, bekering en diensbare lewe deur die pastorale verhouding kan groei.

Genesing vind dus deur 'n helpende verhouding plaas (Heitink 1979:75) – wat sin maak vir die mens as verhoudingswese (vgl. 3.2.7 tot 3.2.10). Deur beradingsverhoudings aan te gaan, kan die mens gehelp word om vervreemding met die self, ander en God te oorwin (Heymans 2008:87). Aangesien Heitink (1979:97) die woorde potensiaal en selfverwesening gebruik, moet net gewaak word teen 'n berading ter wille van die self. Genesing behoort ook die verhouding met God, ander en die wêreld in die oog te hou. Dit dui op 'n diensverhouding wat uitwaarts in beweging is. So word die mens medewerker van God deur kreatief die omstandighede te gebruik (vgl. 2.3.2), beweeg nie by die lewe verby nie deur verantwoordelik te leef (vgl. 2.3.4), gaan uit na ander se nood (vgl. 2.3.5) en vind sinvolle, eskatologiese bestaan in die hier en nou (vgl. 2.3.6).

Selfs vrede oor die ewige oordeel kan dus as voordeel geniet word omdat geloof op hierdie manier geléef word en erkenning in die ewigheid vind. Die eskatologiese diensgedagtes in Matteus 24 en 25 kan hiervoor deurdink word.

5.2.6.4 Rol vir lydingsgebeure

Dit is veral in lydingsgebeure waar die bipolarêre model benutbaar is. Bipolariteit handel oor die twee pole wat in spanning met mekaar staan, maar die een kan nie sonder die ander nie (Heitink 1979:75). Hierdie spanning kom ook na vore in die openbaring van 'n groot God na klein mense, maar dit loop uit op nuwe lewe (Heitink 1979:15). Dit is die bipolarêre optredes van die Heilige Gees en die respons van die mens wat inherent nuwe lewe genereer (Brunsdon 2006:14). Die berader en gespreksgenoot kan erken dat die lyding wat deur God geaktiveer en/of toegelaat word spanning veroorsaak. Dit is egter in hierdie spanningsveld dat die mens vernuwe word. Alhoewel die pyn van lyding nie versoenbaar is met 'n liefdevolle God nie, kan die omarming van hierdie spanning 'n nuwe naam en toekoms gee (Heitink 1979:101) – soos die geveg tussen Jakob en God in die Jabbok wat van Jakob (*bedrieër*) Israel (*een wat stryd voer met God*) gemaak het (vgl. Gn 32:22-31).

Die een wat nie bevrees is om hierdie spanning van lydingsbipolariteit te gebruik nie, kan dus lewe verwag. In die pastorale begeleidingsproses kan ingespeel word op die pynlike inhoud

van lyding wat kan uitloop op diensbare lewe wat vol betekenis en sin is. Die bekende metafoer van die koringkorrel wat moet sterf of ly om oes op te lewer (Jh 12:24) is 'n voorbeeld in die Skrif van hoe 'n bipolarêre spanning diensbare en vrugtevolle lewe tot gevolg het. Die model van die positiewe groei in die woestynlewe van Israel en die kerk – soos onder andere beskryf in Hosea 2 en Openbaring 12 – kan ook hiervoor bestudeer word. So word die openbaring van God en ervaring van die mens nie van mekaar vervreem nie (Louw 1999:160). Die berader behoort die gespreksgenoot aan te moedig om hierdie spanningsgebeure van sy unieke geskiedenis teenoor die roeping van God in die lewe te waardeer en te benut tot lewensgroei.

Hierdie model is dus uiters geskik daarvoor om te wys op die bi-polariteit van lydingsgebeure. Daar is pyn aan die een kant, maar daar is ook die opbouwende gebruik daarvan aan die ander kant.

Hiervoor is dit nodig om te sien dat berading met die hele lewe van die mens werk.

5.2.7 Die Holistiese model van Howard Clinebell

5.2.7.1 Sentrale inhoud

Clinebell (1984:25) se benadering is "... a holistic liberation-growth model of pastoral care and counseling". Die doel van hierdie benadering is die bewerking van heelheid waarin al die lewensfasies en –dimensies van die mens ter sprake kom (Potgieter 2009:25). Daarom speel die begrip *bevryding* 'n belangrike rol in hierdie model sodat die mens in volheid kan lewe en God se droom kan verwesenlik. Die verkondiging van die evangelie van goeie nuus is deurslaggewend vir bevryding van magte wat groei inhibeer (Clinebell 1984:28). Die toestand van heelheid word beskryf met die begrip *vrede* in die Ou en Nuwe Testament (Louw 2008:47).

Die mens het onontginde potensiaal en die soeke op alle terreine van menswees sal dit na die oppervlak bring. Hierdie lewe in oorvloed is gelyk aan 'n lewe in die Heilige Gees (Clinebell 1984:29-30). Die wyse waarop groei in die beradingsituasie plaasvind, vind plaas tussen omgee en konfrontasie, liefde en regverdigheid, speelsheid en besluitneming. Die groei-formule is: omgee + konfrontasie = groei. Geestelike groei word gesien as die sleutel tot alle menslike groei (Heymans 2008:71).

Daar is ses dimensies van 'n persoon se lewe wat aandag moet ontvang om heelheid te bewerk: denke, liggaam, verhouding, natuur, instellings en God (Clinebell 1984:31-34).

5.2.7.2 Implikasies vir diensbare lewe

Die antropologie van Clinebell verteenwoordig 'n positiewe mensbeeld. Hy sien die mens as iemand met onontdekte potensiaal wat kan groei tot God se droom verwesenlik word (Clinebell 1984:29). Hierdie positiewe verwagting is inherent 'n bevorderlike saak vir groei en heling aangesien daar 'n verwagting bestaan en in die proses geglo word. Verder sluit dit aan by die sterk punte van die mens (Clinebell 1984:89) en kan vir die persoon in nood bemoedigend en energiegewend wees. Die mens is en bly iemand wat verantwoordelikheid kan neem om te heers en te oorwin. Die positiewe verwagting dat die mens lyding kan oorwin en na sinvolle lewe omskep, is inherent in hierdie model teenwoordig. Dit skep dus hoop in lydingsgebeure dat daar 'n doel daarmee is. Dit dra by tot die diensbaarmaking daarvan. Lyding kan oorwin word deur dit onderdanig aan 'n diensbare lewe te maak.

Hier is egter 'n model wat nie genoegsaam rekening hou met die sondigheid van die mens en gepaardgaande teleurstelling by die berader in gebrekkige groei deur die gespreksgenoot nie. Beide pastor en gespreksgenoot sal moet rekening hou met die verknegtende invloed van sonde. Die sonde en sondigheid kan hanteer word deur te wys op die saak van bevryding van magte wat groei inhibeer en by wyse van evangeliserende berading aangespreek word. Dit sal uit die aard van die saak ook die helende saak van konfrontasie die proses laat betree – natuurlik teen die agtergrond van 'n omgee-verhouding.

Die saak van 'n oormatige positiewe siening van die mens en arm sondaarsperspektief kan verder berekender word deur daarop te let dat *geestelike* groei die sleutel tot menslike groei is. Die vrede/*shalōm*-lewe is 'n lewe in die Heilige Gees (Clinebell 1984:29-30). Die mens se onvermoë en onwilligheid kan bely word. Dit plaas die beradingsgesprek – waar beide pastor en hulpsoeker sondaar is – in die kragveld van die Gees en skep so potensiaal vir geestelike groei wat nie menslik moontlik is nie. Dit kan selfs waar word van die benutting van pynlike gebeure tot diensbare lewe daarmee en gepaardgaande lewensgroei. Dit is 'n werk van die Heilige Gees. Daar kan dus gebid word vir die vrugte van die Heilige Gees as 'n reaksie op pynlike gebeure – soos in Galasiërs 5:22-23 uitgespel.

5.2.7.3 Genesingsaspekte

Die formule van Clinebell: omgee + konflik = groei (Heymans 2008:71), plaas 'n belangrike balans in die gesprek. Dit gee die ruimte en reg om eties te konfronteer sodat 'n klimaat vir gesonde groei plaasvind – nie deur dwang van die berader en weerstand in die hulpsoeker nie. Dit plaas die genesende aspek van gesag aan 'n vaderlose en ontwortelde generasie

(vgl. 3.5.2) op die tafel. Mense voel veilig omdat ander persone weer regtig omgee en rigting aandui vanuit hierdie liefdevolle verhouding – soos 'n pa. Beide die pastor en hulpsoeker beleef dat hulle saam kan soek na 'n lewe van geregtigheid voor God, mekaar en wêreld omdat pyn se betekenis gesoek word.

Op dié wyse is daar volgens Clinebell (1984:31-34) ses dimensies waarop heelheid ervaar kan word. Dit word nou interpreteer deur in lyding diensbaar te maak:

Die eerste dimensie is “enlivening one’s mind.” Hier gaan dit oor sake soos die persoon se persoonlike hulpbronne: manier van dink, voel, ervaar, sy beskouings en kreatiwiteit (Potgieter 2009:26). In kort kom dit daarop neer dat die persoon met 'n probleem kreatief sy denke sal gebruik om anders oor lewe te dink. Dit is dus die gedagte van Romeine 12:1-2 wat na 'n vernuwing van denke vra. Hierdeur word sekere onontdekte areas ontgin wat lewensgroei kan stimuleer. In 'n sekere sin is hierdie saak die kern van genesing vir 'n berading wat diens op die oog het. Pyn en lyding is nie benutbaar as daar nie 'n verandering van denke plaasvind nie. As pyn en lyding nie anders gesien word nie, bly dit iets wat ontvlug moet word en bestaan genesing slegs in die ophou van pyn en lyding. Dit word dus nie denkend benut nie.

Die tweede dimensie waarop in menslike lewe heling gesoek word, is: “revitalizing one’s body.” Hier gaan dit oor die heling in die heelheid van die liggaam-verstand-gees-mens. In baie probleemgevalle speel die liggaam 'n rol. Daar kan gedink word aan gevalle soos kanker, alkoholisme, molestering en so meer. Selfs in die geval van huweliksprobleme speel die liggaam soms 'n rol. Aan die een kant sal persone met 'n probleem gehelp kan word deur te wys op die implikasies van 'n sekere leefwyse op die liggaam. Die afbrekende invloed op die liggaam word dan 'n motivering om met sekere lewenspatrone te breek sodat bevryding van die kragte van byvoorbeeld substansverslawing of diensloosheid/luiheid verkry kan word. Aan die ander kant – in gevalle waar die liggaam benadeel is sonder beheer van die persoon soos byvoorbeeld molestering – kan gewys word op die feit dat die mens meer as liggaam is. Die shalom van God kan deel van die lewe word as daarop gewys word dat selfs in onskuldige lyding die karakter as ewige dimensie gebou word. Wanneer pyn gebruik word om daarmee 'n seën vir ander te word, kan sin en betekenis aan die persoon vrede verskaf.

'n Derde dimensie is die saak van: “renewing and enriching one’s intimate relationships.” Beide heling en groei word bepaal deur die kwaliteit van verhoudings. 'n Krisis – soos die dood van 'n geliefde – het 'n manier om verhoudings te energieer en te laat herleef. Dit is dus belangrik vir die berader en gespreksgenoot om duidelikheid te kry oor hoe die lydingsgebeure aangewend kan word om diens in verhoudings te weeg te bring.

Die vierde dimensie gaan oor: “deepening one’s relationship with nature and the biosphere”. Meelewende interaksie met die natuur kan heling bewerk. Daar is krisisse wat ’n uitwaartse diens na ’n gesonde leefwyse kan kweek. Neem byvoorbeeld asbestose kanker. Dit sou ’n sneller wees om die mens betrokke te maak by ’n sogenaamde *groener lewe*. Selfs die lyding van diere kan ’n impetus word om mense te herinner aan hulle opdrag om verantwoordelike rentmeesterskap van medeskepsels anders as die mens. Hierdie saak kan ook ’n aktuele diens vir die mens van vandag word wat onder die swaard van *aardverwarming* staan. Al hierdie diensbare aksies verleen dan sin en betekenis aan die bestaan van die mens.

Die vyfde dimensie is: “growth in relation to the significant institutions in one’s life.” Dit is individualisme wat lewe verarm. ’n Swak punt van baie pastorale sorg is die uiters individualistiese benadering aan die grond daarvan (Potgieter 2009:27). Vir die tegnosekulêre mens beteken dit dat pyn hom herinner daaraan dat hy nie alleen kan bestaan nie. Die narsistiese persoon behoort deur die lyding van homself en die mense om hom aangespreek te word dat die mens ’n roeping na mekaar, ander en institusies het. Swaarkry behoort alle mense te herinner aan die belang en instandhouding van gemeenskapswortels. Op hierdie manier tree heling vir die persoon wat op sy eie wil leef in.

Die laaste dimensie is: “deepening and vitalizing one’s relationship with God.” Die sleutel tot menslike volwassenheid is ’n vitale verhouding met die Heilige Gees wat vernuwe en bou. ’n Diep verhouding met die kreatiewe Gees van die heelal bemagtig die mens om voluit te leef ten spyte van lewensgebeure wat belas. Soos die Gees van God oor die waters gesweef het en God uit die chaos lewe geskep het (Gn 1:2-3), kan hierdie Gees (selfs) uit die chaos van elke mens se lewe iets diensbaar vorm. Om ’n eensydige pneumatologiese berading te ontwyk, moet gewys word dat hierdie proses by ’n soteriologiese of evangeliserende spreke begin. Eers die graf en dan die oop graf, eers versoening deur die dood van ’n Verlosser en dan ’n nuwe lewe deur die Gees. Pneumatologie bestaan in samehang met Christologie.

5.2.7.4 Rol vir lydingsgebeure

Die holistiese benadering van Clinebell maak dit vir hierdie studie moontlik om te aanvaar dat ook die lewensfasies van lyding en pyn egte lewe is. Die begrip bevryding van afbrekende magte is die verlossing van ’n denkwysie en lewe wat pyn ontvlug. Berader en hulpsoeker moet aktief – en nie ontvluggend – met pyn en lyding omgaan. Dit vra na ’n proses van interpretasie van die lydingsgebeure vir die betekenis van die hulpsoeker se toekomstige lewe. Wanneer hierdie verworwe insigte – na oordenking – die lyding diensbaar by lewe integreer, kan nuwe lewe daaruit spruit.

Genesing en groei kan dus plaasvind as die denke oor pyn verander (eerste dimensie van genesing – “enlivening one’s mind”) en pyn as holistiese deel van lewe voorgehou word. Pynlike gebeure fasiliteer dan diensbare lewe wat die ander dimensies van lewe kan verdiep (“revitalizing one’s body”, “renewing and enriching one’s intimate relationships”, “deepening one’s relationship with nature and biosphere”, “growth in relation to the significant institutions in life” en “deepening and vitalizing one’s relationship with God”).

5.2.8 Jacob Rebel se pastoraat in pneumatologiese perspektief

Om die spesifieke rol van die Heilige Gees te bespreek, word die insigte van Jacob Rebel oor pastoraat in pneumatologiese perspektief nou voorgehou. Dit word gedoen in aansluiting by Clinebell (1984:29-30) se beskouing dat genesing in die kragveld van die Heilige Gees plaasvind (vgl. 5.2.6.2).

Die pneumatologiese model van Rebel wil die klem op die teonome werk van God in pastoraat plaas. Sy benadering skep ruimte vir die metateorie van die psigologie, maar is ’n instrument of weg van die Heilige Gees. Hierdie model wil nie net Christologies te werk gaan nie, maar ook Pneumatologies – die Gees pas die heilswerk van Christus toe en inisieer die proses na geloofsvolwassenheid (Bothma 2003:58) – wat vir hierdie studie diensbare lewe vergestalt. Sodoende kan die gawes van die Gees benut word as die mens sy diens binne die gemeente raakgesien het (Potgieter 2009:30).

Hierdie model skep dus ’n dinamiese beweging wat uitwaarts gerig is. Die groot winspunt van hierdie model is dat die pastoraat meer as ’n proses tot selfverweseningliking word. Pastoraat kry ’n objek waarheen gewerk word. Pastoraat fasiliteer funksiebestemming met ’n nuwe lewenspatroon. Die mens se na binne gerigte selfhandhawing word verander na ’n buite gerigte selfverloëning en na vore gerigte transendering (Louw 1999:201). Die krisis in die hulpsoeker se lewe word dus geleentheid om daarmee na buite te beweeg en so genesing te ervaar en te gee. Die mens kom tot geloofsvolwassenheid en word kind van God (Heymans 2008:104-105) wat volwasse dienaar verteenwoordig. Pastoraat word dus in lyn gebring met die karakter van die Gees wat gelowiges toerus om te dien sodat die *dienaars*beeld van God herskep word. Soos gemeentebediening nooit net na binne gerig kan wees nie, is dit ook waar van pastoraat. As die pastorale proses nie ’n uitwaartse apostolaat voorstaan nie, is dit vreemd aan die Gees wat toerus en uitstuur.

Die gespreksgenoot staan dus sentraal as die een wat geroep word. Die stem van roeping is sy lewensomstandighede. Die mens en sy omstandighede word nie ontken nie, maar word

instrument waardeur die Heilige Gees oproep tot diensbaarheid. Die teologiese en kerugmatiese aspekte word dus erken (Rebel 1981:248). Die mens bly selfstandig en die Gees stuur uit.

Daar kom 'n diensmoraal in pastorale begeleiding (Heymans 2008:104). Dit vra uit die aard van die saak 'n eksistensiële vorm van pastoraat aangesien hierdie uitwaartse beweging gedragsverandering vra. Die genesing vind dus plaas omdat bevryding plaasvind deur te beweeg van 'n vasgevalletheid in pyn na 'n uitbeweeg met die pyngesbeure na ander. Vervulde lewe ontstaan in en deur die lydingsgesbeure. Die Pneuma lei na volwasse lewe (Van Jaarsveld 2001:90). Dit is 'n lewe wat kan werk en dien – die lewe van 'n grootmens. Pastorale begeleiding sal dit ook in en deur 'n lydingsproses moet fasiliteer aangesien lyding deel van lewe is. Die mens verloor nie sy beeldskap van dienaar in lyding nie. Inteendeel, lydingsgesbeure behoort ontgin te word sodat groei tot volwasse dienaar daardeur ontwikkel.

Net soos die mens nie uit homself kan groei nie, vind hierdie groei nie vanself plaas nie. Eerstens vind die groeiproses saam met ander plaas en kry pastoraat ook 'n ekklesiologiese aspek (Heymans 2008:105) omdat die Gees werk waar twee of drie saam is. Tweedens (en veral belangrik vir 'n pneumatologiese pastoraat) is dat die gespreksgenote hier deeglik bewus van die afhanklikheid van die groeikrag van die Gees word. Die mens of pastorale proses het nóg die insig nóg die vermoë om dit te bereik. Alhoewel dit vanself spreek, is dit nodig om dit steeds te boekstaaf: gebed is die spore waarop die pneumatologiese proses loop (Rebel 1981:249). Daarom is die pastor nie net van gesprekstegnieke afhanklik nie, maar van die heilswerk van die Middelaar (Heymans 2008:105) soos deur die Gees bedien.

5.2.9 Pastorale sienings van Larry Crabb

Die pastorale insig van Larry Crabb word nou bespreek as uitbreiding van Clinebell (1984:31) se eerste dimensie vir genesing in pastoraat, naamlik die gebruikmaak van denke (vgl. 5.2.6.3).

Wanneer pastorale begeleiding die verhouding Skepper en skepsel/dienaar ernstig neem, moet ag geslaan word op die woorde van Crabb (1988:13): “Modern Christianity, in dramatic reversal of its biblical form, promises to relieve the pain of living in a fallen world.” Die mens van vandag het begin fokus op die vermindering van pyn eerder as om dit te gebruik sodat karaktervorming kan plaasvind en God se doel met lewe bereik word. Dit gaan dus in hierdie siening om die eer van God. Dit kan benut word om in pastoraat te vra na die eer van God met lydingsgesbeure eerder as om stappe in plek te stel wat dit verby laat gaan.

Om beter te voel het belangriker geword as om God self te vind en daardeur het die mens sy Bron tot sinvolle lewe verloor. Die Bybelse konsep dat dit in die Christendom oor die eer van God gaan en nie die gemak mens nie, sal weer tydens berading bereken moet word. Met sy bloed het Jesus sy mense losgekoop om priesters te word wat Hom dien (Op 5:9-10). Ons bestaan ter wille van Hom, nie andersom nie (Crabb 1993:17-18).


“The false hope of modern Christianity”, soos Crabb (1988:13) dit noem, het traumaties op Christelike lewe ingewerk. Die vals belofte dat God soos ’n kelner daar is om mense te bedien (Crabb 1993:17-18), veroorsaak dat pyn as ’n vorm van lewe ontken word. Gevolglik het die mens sy vermoë om sout en lig te wees (Mt 5:13-16) verloor en ’n Christendom geword wat nie meer invloed op die samelewing uitoefen nie – godsdienstige mense sonder krag (Crabb 1988:14). Dit konstitueer leë en sinlose bestaan. Die gebrek aan ’n holistiese verstaan van die lewe, naamlik dat alle gebeurtenisse (pyn en teenspoed ingesluit) diensbaar tot eer van God hanteer moet word, het die mens in moeilike tye van die beeldvormende werk van die Gees ontnem.

Verder het die gevalle mens se ontkenning van pyn nie genesing gebring nie, maar die lewe vir hom *self* ondraaglik gemaak. Die blote gedagte dat die lewe onvolkome is (omdat hy nie meer oor die betekenis van pyn reflekteer nie) maak die lewe bitter. Dit het verder aanleiding gegee dat die mens vir homself ’n lewe sonder pyn wil uitwerk en die ontkenning verdiep (Crabb 1993:16). Die antwoord vir genesing: ’n eerlike nadenke oor die betekenis van pyn. ’n “... [C]hange from the inside out – is worth the pain. It makes the Christian life possible. It frees us to groan without complaint, to love others in spite of our emptiness, and to wait for the complete satisfaction we so deeply desire” (Crabb 1993:20).

Bogenoemde uiteensetting van Crabb onderstreep die denkrigting van hierdie studie dat die gebroke werklikheid en sy gepaardgaande pyn of krisis gebruik moet word. ’n Ontkenning van hierdie deel van lewe wat nie weg gewens kan word nie, laat die mens (vgl. Nouwen 1979:8-15) gefragmenteerd, gedislaliseer van die geskiedenis en ontoereikend vir die toekoms bestaan. Eerder as om dit te ontken, moet dit aangegryp en selfs gevier word sodat mense se lewensdoel en nuwe visie ontdek word. Dit bevestig dat op God gewag sal word sodat die self gevind kan word, dat op ander gefokus moet word in en deur persoonlike seer en dat dit die mens vervulling sal gee. In ander woorde gesê: Wanneer pyn *gebruik* word – om die mens diensbaar te maak – sal genesing deur groei moontlik word.

Dit is nie ’n kitsoplossing nie, maar ’n proses – soos dit in Crabb se pastorale strategie oor Romeine 12 bespreek word. Aangesien die verandering *from the inside out* moet gebeur,

stel Crabb (1975:47) ses beradingstappe voor. Dit lyk in 'n diagram as volg – en sal kortliks verduidelik en toegepas word:



Die model is gegrond op die aanname dat "...a failure to identify and correct wrong thinking is responsible for much of the repeated failure of people who sincerely try to live the Christian life" (Crabb 1975:46). Die kern van die model lê in die gedagte dat vernuwende denke nuwe gedrag en lewe skep en dat dit by wyse van onderrig of lering ontwikkel word. As dit waar is dat ons denkpatrone grootliks bepaal hoe ons voel en optree moet meer aandag gegee word aan die wyses waarop ons dink (Crabb 1975:47).

Die beradingsproses volgens die model werk dus as volg: (1) Die gevoel is die duidelikste simptoom van wat in 'n mens se lewe aangaan en word eerste deur die persoon wat hulp soek gekommunikeer of die berader kan vrae oor die mens se gevoelens vra. (2) Agter die gevoelens sit 'n sekere gedrag – wat ontdek moet word. (3) Die oorsaak van die gedrag setel in 'n denkwysse. Verkeerde denke is per definisie daardie denke wat aanleiding tot gedrag gee waar die mens sy selfsugtige pad loop om vervulling te ervaar – soos Adam en

Eva wat buite God sinvol wil lewe. Die denkwysse moet verander word by wyse van onderrig uit die Woord. Dan sal (4) 'n regte denke ontstaan (wat gepaardgaan met berou, belydenis en beplande voornemens), wat (5) aanleiding tot die regte gedrag gee. Uiteindelik sal die mens vanuit korrekte etiese optrede (6) vervullende gevoelens of belewenisse ervaar.

Volgens Crabb (1975:53,62) is die mens se twee grootste behoeftes die volgende:

- Eerstens is dit om waardeer te word. Dit is 'n gevolg van betekenisvolle lewe.
- Tweedens is dit sekuriteit. Dit word in liefdevolle verhoudings ervaar.

Die mens soek soms buite God na vervulling in terme van hierdie behoeftes. "Personal problems begin with a wrong belief which leads to behaviors and feelings which deny us the satisfaction of our deep personal needs" (Crabb 1975:81). Verkeerde denke en gevolglike gedrag gee aanleiding tot drie sentrale versteurings wat aan die basis van probleme lê: *resentment*, *guilt* en *anxiety*. Ons is bitter oor wat God gee, soek buite die wil van God na vervulling, ervaar skuldgevoelens as die lewe verkeerd loop en het dan angstigheid omdat ons nie vervulling ervaar nie.

Vir 'n model wat diens promoveer, kan die volgende gesê word: 'n Verkeerde denke ontstaan dat selfvervulling en selfsug lewensvervulling bring. Hierdie egoïstiese en narsistiese denke gee aanleiding tot gedrag wat diensbare lewe op twee wyses bedreig:


- geen waardering word beleef nie aangesien geen diens gelewer word nie en
- geen sekuriteit word in verhoudings na God, mekaar en die wêreld ervaar nie, want die lewe draai om die self wat verhoudings vernietig.

Dit gee aanleiding tot bitterheid, skuldgevoelens en angstigheid. Die genesing setel daarin dat by wyse van onderrig gefokus word op wat die dienaarsrol in die Skrif inhou sodat die denke en gevolglike gedrag so verander dat waardering en sekuriteit as gevolg (en nie motief) ervaar word.

'n Voorbeeld hiervan sien diagrammaties as volg daaruit (Crabb 1975:82-83):

Die sirkel verteenwoordig die wêreld waarin ek leef. Ek hou van B (byvoorbeeld geld), maar ek is afhanklik dáárvan vir vervulling. Omdat ek nie ten volle kan beheer hoe B in die toekoms gaan lyk nie, is ek angstig. Ek haat #2 (byvoorbeeld my liefdelose lewensmaat). Ek weier om God se voorsiening te aanvaar omdat ek verkeerdelik dink ek het 'n goeie lewensmaat nodig om waardevol te wees – daarom is ek bitter. Ek glo ek het Y

(byvoorbeeld 'n ander lewensmaat) nodig en daarom tree ek uit God se sirkel van voorsiening uit. Dit gee my skuldgevoelens. Die antwoord is om te leer dat die dinge wat God my gee genoeg is.



Toegepas op 'n lydingsituasie beteken dit dat die mens se denke oor lyding en pyn moet verander. Daar moet aanvaar word wat in sy sirkel (van die lewe) is. Dit moet saam met God denkend aangegryp word sodat die lyding die mens diensbaar vorm na God, mekaar en die wêreld. Waarde en liefde sal dan as 'n gevolg ervaar word. Dit sal nie maklik wees nie, maar dis die pad na ware lewe. Nadat Crabb self met kanker diagnoseer is sê hy: "When that occurred, the battle began. But it's also when *life* began" (Crabb 2003:2).

Daar is vyf kerngedagtes wat nuwe lewe bewerk in swaarkry (Crabb 2002:159-161):

- Vind uit waar is jy.
- Erken die vurk in die pad vra 'n keuse.
- Herformuleer lewensvisie.
- Besef God gee die vermoë om te vernuwe.
- Heroriënteer jou gebedslewe se inhoud na nuwe lewe, want die inhoud van gebed is die inhoud van lewe.

5.2.10 Die Groei- en bestuursmodel van John C Maxwell

In aansluiting by die laasgenoemde gedagte van lyding as groeigebeure word die insigte van John Maxwell bespreek. Die konsepte – al is dit bestuursgerig – het raakvlakke met die gedagtes wat nou reeds male sonder tal uitgespreek is, naamlik pyn is benutbaar vir die groei na geloofsvolwassenheid of sukses. Dit gee praktiese riglyne vir die hantering van mislukkings of swaarkry.

Die werk van John Maxwell is *Failing forward. Turning mistakes into stepping stones for success*. Die uitgangspunt van die studie is: “The difference between average people and achieving people is their perception of and response to failure” (Maxwell 2000:2). Aangesien mislukkings in lewe meer algemeen as sukses is, behoort ’n mens vir mislukkings toegerus te wees – sodat ’n mislukking ’n geleentheid word wat jou *vorentoe laat val* en nie terug nie (Maxwell 2000:5, 91). Die wyse waarop dit bereik word, is om sukses en mislukking te herdefinieer. Met ander woorde: nuwe denke. Dit sal die persepsie van ’n mislukking verander asook die benadering daar jeens (vgl. Maxwell 2000:11-17).

Mislukking is nie

- vermybaar nie,
- ’n gebeurtenis nie, maar ’n proses,
- die vyand nie en hoef nie ontduik te word nie,
- onomkeerbaar nie of
- ’n stigma nie.

Mislukkings word foute as dit verkeerd hanteer word (Maxwell 2000:18). Mislukkings maak die persoon nie ’n mislukking nie. Daar is moontlikhede om vorentoe te val as verwerping van die persoon afgewys word, mislukking as tydelik gesien word, mislukkings as tydelik gesien word, verwagtings in mislukkings realisties is, sterk punte ontdek word, verskeie oplossings probeer word en teruggeveg word (vgl. Maxwell 2000:25-30). Vrees vir mislukking verlam die mens en daarom moet mislukking as deel van die lewe gesien word en nie as iets om te vrees nie (Maxwell 2000:35). Die wyse waarop mislukkings hanteer word is nie “... try and try again ...” nie, maar “[T]ry, then stop and think. Then try again” (Maxwell 2000:51). Met ander woorde: ’n hermeneutiese proses wat nuwe gedrag formeer. Daar mag nie in die verlede vasgeval word nie: “In more than thirty years of working with people, I have yet to meet a successful person who continually dwelled on his past difficulties” (Maxwell 2000:77).

Een van die belangrikste wyses hoe om met mislukkinge om te gaan is om nie net aan jouself te dink nie. Maxwell (2000:102) haal vir Karl Menninger aan: “Generous people are rarely mentally ill people.” Daar moet waarde toegevoeg word aan ander se lewe deur mislukkinge (Maxwell 2000:106). Om jou drome te bereik moet jy pyn as deel van lewe aangryp. As jy nie mislukkinge ervaar nie, is jy waarskynlik nie besig om vorentoe te leef nie (Maxwell 2000:115). Maak mislukkinge jou beste vriend, sê Maxwell (2000:137) en kwoteer Benjamin Franklin: “The things which hurt, instruct.”

Laastens het mislukkinge met aksie te doen: “Don’t let your learning lead to knowledge; let your learning lead to action (Maxwell 2000:147).

Hierdie siening is selfverduidelikend – veral as die woord mislukking met lyding, teenspoed, pyn en probleme vervang word. Pastoraal sou hierdie siening enkele gedagtes onderstreep en bevestig waarmee in pastorale berading rekening gehou kan word:

- Die wyse waarop probleme beskou en benader word, bring die gewenste resultate vir lewensgroei.
- Lyding is deel van lewe.
- Sonde is wanneer probleme en pyn verkeerd hanteer word.
- Die mens ontdek homself in lyding.
- Hantering van ’n probleem is ’n proses vir vorentoe groei en nie iets wat ontvlug moet word nie.
- Lyding moet aangegryp word as vriend tot diensbare bestaan.
- ’n Spesifieke probleem of teenspoed behoort hermeneuties ondersoek en verstaan word. Dit is iets anders as vasval in die verlede.
- Daar word dus ’n kreatiewe en skeppende gees vir die hantering van pyn benodig.
- Die probleme moet nie persoonlik en narsisties hanteer word nie. Die vraag is wat wil God daardeur bereik.
- Lewensgebeure met pyn wil die mens na ander dryf deur diensbaar te raak.
- Die doen en implementering van nuwe insigte bring genesing – nie net kennis nie.
- Om hierdie gedagtes op te som: “To succeed, you have to be open to problems. You have to be open to failure. And as you go up the ladder, you gain the right to get more problems” (Maxwell 2000:202).

5.2.11 'n Narratiewe model

Die narratiewe model is deesdae 'n populêre model wat vir pastoraat gebruik word. Dit is 'n uitgebreide model met baie gesigspunte. Vir die doel van hierdie studie word slegs kursoriese lyne hieruit geneem wat betrekking het op 'n benaderingswyse wat diens en genesing in pastorale begeleiding raak.

Die redes waarom 'n narratiewe benadering hier as moontlike beradingsmodel bespreek word, is tweërlei. Eerstens is die kritiek teen die narratiewe benadering eerder teen die postmodernistiese paradigma gerig (Bothma 2003:80). Verder is die narratiewe werkswyse reeds met sukses toegepas (Brunsdon 2006:28) en buitendien het hierdie studie gekies vir inligting wat die pastoraat kan verbreed. Daarom word die narratiewe moontlikhede nou *pastoraal* interpreteer (met inagneming van moontlike gevare) binne die raamwerk van hierdie studie/hoofstuk:

5.2.11.1 Sentrale inhoud

Die narratiewe model verskil van die vorige benaderings in (ten minste) tweërlei opsig:

- Die samestelling en oorsprong is meer divers en kom nie slegs van een eksponent nie en
- dit is nie 'n model wat uit die pastorale teologie ontstaan het nie (Brunsdon 2006:19; Potgieter 2009:39).

Daarom is dit nodig om te let op moontlike waarskuwings in verband met die buite-Bybelse vertrekpunt van hierdie benadering. Die hoofprobleem met die narratiewe benadering is sy vervlegtheid met die postmoderne filosofie (vgl. Janse van Rensburg 2000a:6-12; Heymans 2008:115). Daar is op verskeie plekke reeds op die gevare van die postmodernisme gewys.

Enkele sake vir die beradingsgesprek om waarskuwend op te let is die volgende:

- Skrifgesag

In die narratiewe benadering tot pastoraat moet kennis geneem word van die rol wat *grand narratives* speel. Binne die Christelike pastoraat sou dit wys op die Skrif as *locus classicus* en binne die narratiewe benadering bestaan daar nie absolute waarhede en sekerhede nie (Bothma 2003:75; Brunsdon 2006:27; Heymans 2008:116, 124). Skrifgebruik in hierdie

model is dus 'n kwesbare onderneming – terwyl die Skrif die draer van die pastorale proses behoort te wees omdat die mens se verbeelding dit nie kan doen nie (Potgieter 2009:43).

Dit is die siening van hierdie studie dat dit die Christelik-gereformeerde pastoraat van sy bestaansgrond sal beroof as die Woord van God nie die primêre *grand narrative* is nie. Die vraag kan gevra word: Hoe sou troos, vrede, rigting en hoop gefasiliteer kan word sonder die bestaan van sekerhede en bo-transendente waardes vir mense wat juis ontwortel is en kom vir hulp? Die Woord en Gees kan doen wat die mens self nie kan doen nie. Dit vra soms na 'n konfrontatiewe benadering (Potgieter 2009:44).

- Epistemologiese posisie

Die pastorale berader sal dus duidelikheid moet kry oor sy epistemologiese posisionering van pastorale versorging voordat van die narratiewe model gebruik gemaak word. 'n Vermenging van epistemologiese in berading kan moontlik verwarring skep (Janse van Rensburg 2000a:38) – veral wanneer in ag geneem word dat gespreksgenote wat vir pastorale berading kom die verwagting van 'n Skriftuurlike en Christelike aanpak verwag (Brunsdon 2006:36).

Verder neig die narratiewe model na 'n regterbrein-strategie omdat dit met beelde en verhale werk (Heymans 2008:122). Dit het dus beperkende waarde vir persone met linkerbrein oriëntasie en kan dus nie toegepas word voor die persoon in berading nie deeglik bekend is nie.

Janse van Rensburg (2000a:37) erken dat dit verkeerd was om met fundamentalistiese sienings absolute uitsprake te maak. Maar om 'n epistemologiese posisie in te neem dat daar geen meta-narratiewe met objektiewe waarhede bestaan nie, kan nie deur Bybels-Christelike teoloë gehandhaaf word nie.

- Mensbeskouing

'n Belangrike faset van die postmoderne mens is dat hy sy eie wêreld konstrueer (Heymans 2008:118). Die postmoderne paradigma het die mens in die sentrum geplaas en van hom 'n soort *self-redeeming agent* gemaak (Brunsdon 2006:34) en selfs die berader sou kwalik eties en moreel kon spreek as gevolg van sy nie-weet-nie posisie en ontkenning van objektiewe waardes (Heymans 2008:125). As die antwoorde in die mens en sy persepsies gesetel is, gaan dit teen die kernsiening van hierdie studie dat dit God en die Gees is wat genees. Dit sou ook die saak van 'n God wat ekstern oproep tot 'n lewe van diens ontken.

Verbondsgerigte pastoraat sou hiermee geen plek hê nie. Dit neem ook die hele saak van die verhoudingsmens wat saam met ander sy lewe vorm uit die berading uit.

Die afbrekende implikasie vir iemand wat met die illusie van selfverlossing leef lê in die vraag: Wat daarvan as die persoon in beraad nie op sy eie toereikende antwoorde kan vind vir sy probleem nie (Brunsdon 2006:34)? So 'n scenario kan die persoon met pyn in 'n moedelose toestand van hooploosheid laat verval. Dit word versterk deur die narratiewe mensbeskouing van die berader. Die berader se kennis is hoogstens net nog 'n bron wat deur die persoon met 'n probleem benut kan word. Hy is 'n nie-kundige wat geen poging mag aanwend om die hulpsoeker in ooreenstemming met sy eie of die Skrif se perspektief te lei nie (Els 2010:214). Hierdie studie bepleit geensins 'n van-bo-af-strategie vir die berader nie. Maar die narratief plaas die berader op 'n vlak waar dit ook vir hóm moeilik is om vaste koers aan te dui en figuur van hulp te word.

- Eskatologiese armoede

Binne die raamwerk van 'n postmoderne siening raak sake soos lewensdoel en eindbestemming weg. As dit net oor selfverryking van die hier en nou gaan, het dit baie min vir die persoon met 'n krisis te sê (Brunsdon 2006:35). Hierdie armoede sou egter ondervang kan word met die gedagte dat die konteks van die mens se verhaal die Storie van God is (Heymans 2008:121) en dat alles in die Alfa en Omega van lewe sin maak.

Dit is nie dat die narratiewe werkswyse geen benuttingsmoontlikhede het nie, maar dan in daardie sin dat dit nie 'n eksklusief postmoderne ontwikkeling is nie. Dit is reeds in die Bybel deur Jesus in Johannes 4 gebruik waar Jesus die verhaal van die vrou by die put “dekonstrueer”. Daarom pleit hierdie studie vir 'n Gereformeerde-narratiewe pastorale terapie (Janse van Rensburg 2000a:3,37). Die narratief as verhalende werkswyse is dus bruikbaar, maar nie as 'n uitsluitlik narratief konstruktivistiese metode wat gebed in 'n postmoderne epistemologie is nie. Dit word nou so aangewend:

5.2.11.2 Implikasies vir diensbare lewe

Die uitgangspunt van die narratiewe metode is dat die mens se lewe as 'n storie/verhaal gesien kan word. Vir die verstaan van pyn moet rekening gehou word met 'n verskeidenheid kleiner stories van die verlede, maar ook die stories van wat mense in die toekoms verwag (White en Epston 1990:9-10). Daar moet onderskei word tussen dominante en alternatiewe stories. Die dominante stories is die probleemverhale. Dit oorskadu die alternatiewe verhale. Alles wat met mense gebeur, word deur die probleemverhale gesien en verstaan.

Die genesing lê egter daarin dat die alternatiewe verhale ook raakgesien en vertel moet word sodat nuwe verhale die dominante probleemverhaal kan vervang met 'n nuwe, positiewe verhaal (White en Epston 1990:56). Nuwe betekenis en gewenste uitkomst moet deur die alternatiewe verhale gegeneer word (White en Epston 1990:15).

In die lig van hierdie studie se siening van lyding sou die term *probleem*-verhale inderdaad problematies wees. Pyn word as geleentheid tot groei gesien en nie 'n probleem wat ontvlug moet word nie. Aan die ander kant is dit 'n realiteit dat die mens lyding as 'n probleem ervaar. Daarom is dit belangrik dat die pastoraat daarin moet slaag om 'n verandering van denke te bewerk: lewe moet holisties gesien word om lyding diensbaar aan sinvolle bestaan te bring. Dit beteken nie dat pyn verheerlik word nie.

Dit bly nodig om daarop te wys dat die mens van vandag 'n ontwortelde groep is wie se bande met die verlede dislokeer is, wie se toekomsvisie onduidelik is en gefragmenteerd lewe – soos gesien in die beskrywings van Nouwen, die postmoderne mens en veral die tegno-sekulêre mens. Dit sou daarom in sommige gevalle moeilik wees om die verhale in 'n eenheid saam te snoer. Daarom, ten minste vir hierdie studie, is die daarstelling van 'n meta-verhaal van die Woord en lewe van Jesus van die allergrootste belang sodat 'n soort maatstaf daar gestel kan word. Verder sal die berader moet besef dat die pad saam met die mens van vandag inderdaad betrokkenheid van hom ook sal vra.

Die grootste winspunt van die narratiewe benadering is dat dit 'n hermeneutiese aanpak bring (Louw 1998:24). Die mens se hele geskiedenis word dus nou onder die lig gebring en die moontlikhede vir beter lewe word daaruit afgelei by wyse van interpretasie van die verlede verhaal en 'n nuwe toekoms word geskep by wyse van 'n toekomsverhaal (White en Epston 1990:15). Hierdie aanpak sou persone in 'n vasgevalde situasie moed en hoop gee – wat hulle kan uitlig en as't ware vorentoe kan trek. So word die verledeverhaal dus nie as 'n probleem gesien wat ontvlug moet word nie, maar as potensiaal vir toekomstige groei. Müller (2000:73) noem dit die verbeelde toekomsverhaal. Daar word in hierdie benadering 'n groot premie op die kreatiewe perspektief van die mens geplaas. Tog kan dit bevorderlik wees vir menslike bemagtiging tot verantwoordelikheid, want die mens is verantwoordelike en kreatiewe wese. Die hermeneutiese proses is egter gebrekkig aan diensperspektiewe as subjek van berading.

Daarom is die aanvoeling dat hierdie proses moontlik 'n humanistiese gedromery kan afgee as die Heilige Gees in die agtergrond staan. Die strukturering van so 'n toekomsdroom kan dus veel baat vind deur by die interpretasie (van die verlede- en toekomsverhaal) rekening te

hou met die positiewe gerigtheid van God Self, die Skrif, ander mense, die tradisie, norme, waardes, eskatologie en so meer. Die klem op verhoudings in die narratief maak dit moontlik (Els 2010:215). Louw (1999:298) pleit vir 'n dialogiese konteks tussen God, berader en gespreksgenoot. Dit sou dus eties rekening hou met die sonde van foute wat gemaak is sodat werklike lewensverandering kan plaasvind – nie as 'n vermyding van foute nie, maar as nuwe dienaarslewe voor God, mekaar en wêreld.

Sou die eskatologie (bedoelende die huidige lewe in die lig van die ewige) geïntegreer word, kan hierdie hermeneutiese proses van verlede, hede en toekoms met betekenis en sinbeleding gevul word. So word gesoek na diensbare lewe nou met die oog op die ewige beoordeling van lewe. Dit bly egter 'n gebrek, is die standpunt van hierdie studie, dat die diensvormende invloed van die verhale nie as metode uitgespel word nie. Die gedagte dat 'n probleemverhaal met 'n positiewe een vervang moet word, hou nie noodwendig diensimplikasies vir betekenisvolle lewe in nie. Op die oog en oor af lyk en klink dit soos die soeke na 'n soort utopiese bestaan – wat ontvlugting van pyn is. Dit is uitgespel dat diensbare lewe sin en betekenis gee. Sou die diensmoontlikhede van die verhale hermeneuties gesoek word, sou sin- en betekenisvolle lewe dus 'n beter kans staan om te realiseer. Dan is berading meer as “dagdrome”. Wanneer die narratiewe benadering toegepas word, behoort die diensvorming daarvan dus bewustelik benut te word.

Die wyses waarop dit tot genesing kan lei, word ook deur die narratief uitgespel. Met laasgenoemde paragraaf in gedagte word dit nou onder genesingsaspekte behandel.

5.2.11.3 Genesingsaspekte

Die volgende metodes sou kortliks toegepas kan word:

- Dekonstruksie

Dekonstruksie is een van die mees sentrale temas van die narratiewe metode. Aangesien die verlede mense kan vashou, moet die verlede afgebreek word deur die bevraagtekening van waarhede en mites (Brunsdon 2006:22). Dekonstruksie het dan te doen met “... procedures that subvert taken-for-granted realities and practices; those so-called ‘truths’ that are split off from the conditions and the context of their production, those disembodied ways of speaking that hide their biases and prejudices, and those familiar practices of self and of relationship that are subjugating of persons’ lives” (White 1992:121). Dekonstruksie maak die persoon dus bewus van die vorming van sy narratief en die invloed daarvan op sy funksionering. Die perspektiewe van die dienaarsbeeld van God kan as dekonstruksiesleutel

toegepas word om aan te dui in watter mate aangepas moet word. Dit is in lyn met die Bybelse versoek dat die mens homself moet ondersoek en op die proef moet stel (2 Kor 13:5). Dit kan die verdere voordeel inhou dat die konteks deeglik verreken word.

Dit kan nie anders dat die verlede in berading na vore gebring moet word nie. Die narratief hou egter die moontlike gevaar in dat die verlede net as sleg gesien kan word aangesien alles bevraagteken word – al bedoel die narratiewe model dit nie so nie. Dit is iets waarteen gewaak moet word. Sekere fundamentele pilare van die persoon wat vir hulp kom, kan dalk ook daardeur verwyder word en dit kan kontra-genesend werk aangesien sekerhede ontnem word. Dit is dus belangrik om te let daarop dat dekonstruksie die persoon help om vanuit 'n ander perspektief na dominante stories te kyk (vgl. Morgan 2000:45-50) en nie *per se* nuwighede wil skep nie.

Natuurlik moet gewaak word teen die behoud van sekere verkeerde patrone. Die pastor moet die gesprekgenoot help om vir die toekoms te kies, eerder as vashou aan die verlede waarin hy ook nie tuis was nie (Potgieter 2009:44). Dit is hier waar op etiese en morele wyse aangedui moet word op die afbrekende van sekere denkwyses en gedragsvorme. Daarom behoort die verhale dus vertel en ontleed te word om die metafisiese betekenis te vind. Die narratiewe benadering moet van sy vervlegtheid met die postmodernistiese epistemologie verlos word deur dit in 'n Bybelse epistemologie te plaas (Janse van Rensburg 2000a:51).

Die diensbaarheidmotief as benutting van die verhale sou moontlik 'n norm kon wees vir wat enersyds benut en andersyds ontmasker behoort te word. Aangesien die mens beeld van God (Wie na die nood van die sondaarmens toegetree het) is, behoort vanuit hierdie meta-storie daarop te wys dat gesonde bestaan toetrede tot die nood van die omstanders en omgewing is.

- Nie-kundige posisie van berader

Die narratiewe berader posisioneer homself in die beradingsituasie as een wat nie weet nie. Dit skep egte nuuskierigheid by die berader en bevorder vrymoedigheid by die gesprekgenoot aangesien hy nie sy standpunte hoef te verdedig nie (Anderson en Goolishian 1992:29). Dit veroorsaak dus 'n vryheid en eerlikheid wat aanleiding tot genesing kan gee. Dit maak nie van die pastor 'n meer- of beterweter nie, maar hy kies om 'n nie-weter te wees. 'n Pastor bly kenner van teologiese, psigologiese en vakkundige sake – in 'n nie-blamerende aanpak (Morgan 2000:2). Die verteller is dus die kenner van sy eie verhaal. Die berader moet ook bewus wees van sy eie vooroordele sodat kommunikasie deursigtig kan wees (Müller 2000:17, 35).

Pastorale terapeute se raamwerke word dus nie noodwendig ontken nie, maar is nie die punt van verwysing in die gesprek nie – die verhaal van die terapeut is die kern waaruit die hermeneuse plaasvind. Mense word daarom ernstig geneem en kan verantwoordelikheid neem vir hulle eie gedrag en uitkomst. Dit bly egter ook die berader se verantwoordelikheid om by wyse van reflektoring en die vra van vrae die meta-narratief van die Skrif voor te hou – anders kan die gesprek weereens ontspoor of vasval in 'n vorm van humanisme. Wat wel 'n groot voordeel van hierdie fokus op die verhaal van die gespreksgenoot is, is die feit dat dit die berader help om die voordeel van die hulpsoeker in gedagte te hou. Dit is die verteller wat sy verhaal kreatief interpreteer en aanwend tot diensbare lewe.

- Eksternalisering

Eksternalisering vorm die fondament van narratiewe gesprekke (Morgan 2000:17). Dit is gebaseer op die veronderstelling dat die probleem die probleem is en nie die persoon nie. Eksternalisering is dan: "... an approach to therapy that encourages persons to objectify and, at time, to personify the problem" (White en Epston 1990:38).

Hierdie benadering het heelwat winspunte. Die persoon word nie aan sy probleem gelyk gestel nie en 'n gevoel van mislukking word verminder. Dit kan aanleiding gee tot 'n verligting waardeur die persoon met 'n probleem uit 'n vasgevalle situasie kan ontsnap omdat hy self nie 'n mislukking is nie. Daar kan dus rekening gehou word met die feit dat mense in 'n sondige werklikheid leef, maar dat die liefde van God steeds vas staan. Hierdie saak is veral van belang by gebeure waar die slagoffer nie self verantwoordelik is vir lydingsgebeure nie – soos molestering, verkragting, kanker en so meer. Die erkenning hiervan het as sulks genesingsmomente omdat dit realistiese denke en aktiewe optrede beskryf. Verder word lydingsgebeure en probleme iets wat (van buite) geïnterpreteer en benut word om te groei – dit is nie verlammeende fokus op patologie nie. Die probleem word herbenoem en nuwe opsies van sinvolle lewensdiens kom na vore.

Die gevaar van hierdie siening is dat die mens se vermoë tot probleemoplossing oorskat kan word of dat verkeerde optredes nie aan die lig kom nie. 'n Oormatige selfvertroue op die proses of die nuwe insigte sal dan onafhanklikheid van die Heilige Gees se werking teweeg bring. Daar is reeds daarop gewys dat God die primêre Geneser is. Sonder die vernuwende krag van die Gees en sondebelydenis as insig in eie optrede kan werklike verandering nie plaasvind nie (vgl. Rm 7:24-8:9) en kan op die lang duur moedeloosheid by die persoon met pyn veroorsaak.

Daar word ook geleer dat die probleem iets is waarteen standpunt ingeneem word (Potgieter 209:46). Die punt van hierdie studie – soos reeds aangetoon – is dat pyn soms omarm moet word om genesing deur benutting daarvan te ervaar. Daarom die vraag: Hoe omarm mens iets wat tegelyk ook beveg moet word? Daar word verkies om eerder te praat van benutting as bevegting. Dit impliseer ook oorwinning, maar langs 'n ander weg.

- Herinterpretasie/*Reframing*

Hierdie tegniek is die terugneem van die persoon na die problematiese verlede, maar nou word nuwe betekenis aan die ou verhaal/gebeure verleen. Dit voorkom drie maniere waarop verkeerdlik met pyn omgegaan word: ontkenning, minimalisering en vermyding (vgl. Capps 1990:14-16, 165). Die verledeverhaal word herinterpreteer. Nuwe stories word op dieselfde raamwerk gekonstrueer (Müller 2000:73).

Vir die ontdekking van diens deur lewensgebeure en gepaardgaande genesing, is hierdie werkswyse van groot toepassing. Die ou gebeure word in die lig van God se rol en die diensvormende elemente daarvan beleef en ontleed sodat nuwe diensbare lewe ontstaan. Die rol van God as Inisieerder van lewe kan erken word deur op die omstandighede waarbinne bestaan word eties korrek en kreatief te reageer.

- Geneagram

Die geneagram is 'n grafiese voorstelling van die persoon se netwerk van verhoudinge en die invloed daarvan op lewenskwaliteit. Die geneagram is ontdekkend van aard (Louw 2005:85) en het dus hermeneutiese voordele en neem die konteks in gedagte. Die fokus val op die daarstelling van 'n diagram en die persoon se selfbewustheid word ook minder sodat inligting eerlik oorgedra word (Brunsdon 2006:24).

Aangesien die mens 'n verhoudingswese is en baie probleme of 'n gevolg of oorsaak van daarvan is, maak hierdie tegniek baie insigte oop wat andersins nie raakgesien sou word nie. Vir die persoon wat hulp soek, skep dit nie net 'n visie van waar die probleem vandaan kom nie, maar ook waarheen die diensbare lewe terugstuur om genesing (in verhoudings) te ervaar omdat dit dienslewe bevorder.

- Skryfwerk

Die skryf van briewe asook die optekening van geskrewe verhale kan die persoon in berading dieper betekenis laat raaksien (White en Epston 1990:34-37; Freedman en

Combs 1996:208). Dit is weereens 'n veilige manier van inligting bekom omdat dit 'n interne dialoog verteenwoordig wat nie bedreigend is nie (Brunsdon 2006:25).

Die skryf en herskryf van probleemverhale kan veel beteken vir insig in die probleem en moontlike oplossings. Omdat die persoon dit op sy eie doen, maak dit hom medeskepper (Potgieter 2009:49) wat skeppend reageer.

- Seremonies

Sekere seremonies en rituele versterk die nuwe identiteit van die persoon wat hulp gesoek het. Enkele van hierdie seremonies of vieringe is die volgende:

Definiëringseremonies: Geselekteerde buitestandere word betrek en die nuwe bestaan van die persoon word bevestig by wyse van 'n oorvertelling van die verlede- en toekomsverhaal (White 1997:101). Die verhoudingsaspek word dus benut sodat verbintenisse in teenwoordigheid van ander gedoen word. Dit bevorder duidelikheid, verantwoordelikheid, ondersteuning, motivering, deursigtigheid, aanspreeklikheid en so meer. Dit vra dus besliste keuses en verantwoordelikheid.

Terapeutiese dokumente: Dokumente word deur die persoon wat hulp kom soek het opgestel as 'n vorm van ontdekking en voorneme. Dit word gebêre vir latere verwysing wanneer probleemgedrag weer na die oppervlakte kom (Payne 2000:155). Dit is dokumente wat voorgenome diensbaarmaking van die verlede kan uitspel.

Hulpmiddels en simbole: Hulpmiddels soos musiek, kunswerke en speletjies, dagboeke, ornamente of juweliersware kan benut word om alternatiewe lewens te versterk. Formele en informele feesvierings kan stappe wees om mylpale te gedenk (Morgan 2000:111). Dit is 'n metode wat volledig deur Nouwen beskryf en beoefen word in die boek *The return of the prodigal son*. 'n Bibliodrama is 'n ritueel wat die rolspelers se plek by wyse van sig en kommunikasie daarstel. Die verstaanshorisonne van terapeut, die Woord en persoon in beraad versmelt en 'n eenheidsprentjie word ontwikkel (Gerkin 1984:44). Die verhale in die Bybel kan ook bestudeer word sodat die persoon sy en God se rolle deur die storie van God beter verstaan (Bothma 2003:72). Al hierdie simbole word dus inspirerende tekens waarmee die lydingsgebeure tot diensbare lewe verwerk word.

Klubs, ondersteuningsgroepe en belangegroepes: Die waarde van persone met dieselfde probleme kan 'n invloed op genesing en diens hê (Els 2010:209). Alkoholiste Anoniem en

CAD (Christelike Afhanklikheidsdiens) se waarde is algemeen bekend as 'n plek waar genesing verdiep en diensgeleenthede benut word.

Herinneringsgesprekke: Gesprekke met persone wat 'n rol gespeel het om die persoon met probleme te help op die pad van genesing kan van tyd tot tyd gedoen word (Payne 2000:214; White 1997:22). Die verantwoordelikheid berus by beide hulpsoeker en berader om sulke geleenthede daar te stel. Dit is 'n vorm van herinnering en versterk dus nuwe gedrag. Een van die wyses waarop dit kan plaasvind is wanneer die berader waardering en dank teenoor gespreksgenoot uitspreek oor die nuwe insigte en gedrag vir beide die partye. Dit bevorder ook tweerigtinggesprek (White 1997:143). Hierdie aksie wys dus daarop dat daar na die aanvanklike gesprekke opvolg moet wees om die integrasie tot diens te bevestig. So word genesing bevorder.

- Mikrokartering

Mikrokartering is die versamelnaam vir die voorafgaande vaardighede wat die momente voorstel wat in die gesprek bereik kan word (Bothma 2003:69). Voor die gespreksproses sal die berader beplan watter momente bereik behoort te word om die narratief te laat ontvou – dit word 'n mikrokaart genoem. Dit is nie chronologiese stappe wat gevolg word nie, maar is eerder bewegings – soos in 'n dans (Müller 2000:72) waar twee mense op die maat van musiek beweeg.

Die voordeel is dat dit 'n orde en rigting aandui, maar nie wetties is nie. Dit bly die gespreksgenoot wat die aanleiding vir die gesprek gee en daarom aanspreeklikheid vir insette aanvaar. Die ritme (musiek) is dan die Woord wat albei gespreksgenote se invalle bepaal. Diensbare lewe word ook 'n musiekstuk waarop “gedans” word.

- Vraagstelling

Die vorige werkswyses moet op een of ander manier gefasiliteer word. Vraagstelling op verskeie maniere is die aangewese werkswyse (vgl. Freedman en Combs 1996:120-130): dekonstruksie vrae, oop ruimte vrae, voorkeurvrae, verhaal ontknopende vrae en betekenisvrae. Die beste resultaat word verkry as wat-vrae gevra word. Dit is sirkulêre vrae wat ook later wie-vrae insluit (Müller 2000:74).

'n Tipiese narratiewe berading of hulpverleningsproses volgens Michael White se mikro kartering sou as volg kon verloop (vgl. Els 2010:191-213):

- Die aanvang van die gesprek. Vertelling deur die gespreksgenoot en nie-kundige luister van berader.
- Dekonstruksie van die storie. Met behulp van vrae word die storie hervertel deur nuwe inhoude aan ou feite te gee.
- Herskryf van die stories. Probleemstories word vervang met nuwe stories met unieke uitkomst.
- Seremonies ter bevestiging van nuwe identiteit. Die nuwe lewe word gevier by wyse van sekere simboliese handeling.
- Die terugneem-aksie. 'n Tweerigting-kommunikasie tussen berader en gespreksgenoot oor die verloop.

Hierby behoort die vraag na diensvorming bygevoeg te word.

5.2.11.4 Rol vir lydingsgebeure

Die (lyding)stories van 'n persoon is 'n opeenvolging van gebeurtenisse wat 'n begin (geskiedenis), middel (hede) en einde (toekoms) het. Die interpretasie (hermeneutiese reaksie) van die lewe vir vandag word beïnvloed deur 'n persoon se siening van die verlede en verwagte toekoms (White en Epston 1990:10). Daar sou dus in lydingsgebeure drie vrae gevra kan word. Hoe beleef jy die verlede? Hoe voel jy vandag? Hoe sien jy die toekoms? En dit sou aangevul kon word met: Hoe vorm dit jou dienaarwees voor God, mekaar en die wêreld? Dit sou 'n alternatiewe storie op die verkneggende invloed van lyding en pyn kon vorm.

Die toepassingsvlak vir die rol wat narratiewe berading in die lydingsgebeure van mense kan speel, lê op die vlak van die unieke uitkomst van hierdie benadering. Elke persoon se unieke lewensgeskiedenis word vormend op sy lewe van diens toegepas.

Die proses van praat en luister in die pastorale gesprek behoort uit te loop op die "plot" van die verhaal waar die menslike en Goddelike storie so in fusie gaan dat die storie verstaan word in terme van hoop en belofte van die evangelie (Louw 1998:26). Daar is dus 'n unieke uitkomst vir elke individu. Sy storie – en daarmee sy diens – is enig in sy soort. Daarmee wil God aan hierdie spesifieke persoon 'n unieke nuwe toekoms (van diensbare lewe) skenk.

Daardeur word persone gehelp om motivering, opgewondenheid en doel vir die lewe te herwin (Müller 2000:99). Die aanwending van 'n verrekenende toekomsverhaal, maak dit moontlik om stappe vir diensbare lewe na die probleem deur middel van verworwe insigte te beplan. Wanneer die rigtinggewende doel van God met die lydingsgebeure ontdek word,

vind sinvolle integrasie met lewe plaas. Maar dit kan alleen betekenisvol plaasvind as die meta-verhaal van die Skrif 'n roeping na 'n diensbare lewe hieruit laat voortvloei.

5.2.12 'n Meer-lensige pastoraat aan die postmoderne mens – Carrie Doehring

Alhoewel vroeër gewaarsku is teen 'n postmoderne benadering in pastoraat, is ook aanvaar dat die mens van die dag 'n postmoderne mens is. Daarom behoort 'n pastorale begeleiding vandag rekening te hou met die postmoderne mens. 'n Benadering word nou bespreek wat homself as postmodern beskryf, maar tegelykertyd waarsku teen 'n eksklusief postmodernistiese benadering (Doehring 2006:165). Dit is dus nie suiwer in sy postmoderne aanslag nie en bruikbaar vir 'n siening wat sensitiwiteit vir postmodernisme openbaar.

Lyding – wat na diens lei – mag nie veralgemenend-filosofies benader word nie, maar moet vanuit die agtergrond en konteks interpreteer word sodat dit tot die korrekte respons of aksie kan lei. Om lyding sinvol by menslike lewe te integreer is dus 'n hermeneutiese proses. Daar word gesoek na 'n meervlakkige siening van werklikhede. Die meervlakkige of *meer-lensige* benadering van Carrie Doehring is die sterk punt van haar benadering.

Doehring (2006:165) pleit vir 'n postmoderne aanslag in pastoraat. Dit maak sin omdat reeds aangedui is dat die mens van vandag beslis postmodern is. Wat pastoraat vir haar postmodern maak, het met vier aspekte te doen: dit is narratief, kontekstueel, kruis-dissiplinêr en pragmaties. Hierdie benadering is dus nie suiwer narratief of postmodern nie, want sy pleit vir 'n benadering met drie lense: pre-modern (Skrif), modern (verklarend) en postmodern (narratief, kontekstueel, kruis-dissiplinêr en pragmaties). Daar word hierby aangesluit, want dit as wins gesien dat pastorale hulp by meer as een benadering kan leen sodat die hermeneutiese proses van lydingsontrafeling tot sinvolle lewe van alle kante beskou kan word.

Die beradingproses begin by 'n reeks gesprekke wat die verhaal van die persoon self, sy familie en agtergrond na vore bring en is dus eerstens narratiewe pastorale teologie. Doehring (2006:166) spreek tereg voorbehoude oor 'n eksklusiewe narratiewe benadering uit, want sy meen dat in die storie van die persoon self verdwaal kan word. Aangesien pastorale hulp in hierdie studie gedefinieer is as ook hulp van buite die persoon, word hierdie as 'n pluspunt gesien. In 'n eksklusiewe narratiewe benadering bestaan dus geen hand van buite om die persoon met probleme uit sy spiraal van probleme te ondersteun nie. Daar ontstaan 'n gaping tussen die storie en die persoon se morele en elke dagse agtergrond (Doehring 2006:167). Omdat die mens sy sin en betekenis in sy Skepper en sy Woorde

vind, kan die pilare van die etiese en die morele van menswees in pastoraat nie uitgelaat word nie.

Daarom word dit goed gevind dat sy ook tweedens pleit vir kontekstuele pastorale teologie (Doehring 2006:167-168). Sy vra dat die persoon se verhaal ook op die meta-narratiewe van die persoon moet reflekteer. Die vraag is egter wat die meta-narratief van die persoon in berading is. Christelik-Bybelse pastoraat het die Christelike lewe en Bybelse norme as bron van ware lewe. Daarom sou moontlik plek gemaak moet word om hierdie saak op evangeliserende wyse te kommunikeer.

Om dit ten volle te benut, word ook derdens gesoek na 'n kruis-dissiplinêre pastorale teologie wat die proses van hermeneuse aanhelp. Dit vra egter na 'n verhouding van korrelasie – nie integrasie nie – tussen die dissiplines. Die ervaring is dat die sogenaamde sielkunde van godsdiens en sosiale wetenskappe die pastoraat verswelg en daarom is 'n kritiese korrelasie en gebruik nodig (Doehring 2006:169). Pastoraat maak dus gebruik van ander dissiplines, maar mag nooit sy unieke Christelike karakter verloor nie.

Die waarde van hierdie benadering vir pastoraat wat tot diens lei, lê veral by die vierde moment van haar pastorale beradingsproses: pragmatiese pastorale teologie. Daar mag nie in abstrakte benaderings verval word nie aangesien pastorale berading 'n bevrydende praxis is wat uitloop op beplande aksies in die gemeenskap wat die pastoraat moet bevestig (Doehring 2006:133, 170). Berading is dus 'n proses van heiligmaking wat die persoon se lyding benut om tot 'n lewe van diens as imago Dei te transformeer. Die voorbeelde van Moeder Teresa, Martin Luther King, Jr., Henri Nouwen en Dietrich Bonhoeffer wys daarop dat “[S]ometimes amazing transformations of intimate relationships, families, and communities come about because of personal transformation” (Doehring 2006:140). Wanneer lyding dus hermeneuties geïnterpreteer word en oorgaan in aksie het dit die vermoë om genesende transformasie te bring – vir die individu en die sisteem om hom. Met ander woorde: Die doel van pastoraat met die oog op diens is om lyding só te interpreteer dat dit tot diensbare lewe in die gemeente en gemeenskap lei.

Dit vra dus dat diensbaarheid as 'n doel en mikpunt dwarsdeur die beradingsproses in die oog gehou word.

5.3 SLOT

Uit die bespreking van pastorale modelle word nou kortliks pastorale merkers gestel. Hierdie merkers is as't ware konvergensiepunte uit die verskeie pastorale modelle wat toegepas is

op'n pastoraat wat lydingsgebeure genesend benut om die mens tot dienaarsbeeld van God te herstel. Hierdie merkers of riglyne sal in die slothoofstuk aanbeveel en volledig verduidelik word.

'n Pastorale gesprek wat diens as genesingsmoontlikheid in lydingsgebeure wil fasiliteer, is 'n pastoraat wat:

- die beeld van God as vertrekpunt neem – die mens is as beeld van God geskep en dit word uit die Skrif afgelei,
- gebruik maak van holisties-eksistensiële doelwitte – lydingsgebeure is deel van die geheel van lewe en roep op tot 'n toepaslike reaksie,
- 'n hermeneuties-pneumatologiese werkswyse verteenwoordig – die reaksie op lyding moet deurdink word en die Heilige Gees stel daartoe in staat,
- van dissipelskap na apostolaat beweeg – lewensgebeure roep op tot navolging van God, maar behoort ook die mens uit te stuur na ander – en
- 'n didaskalies-verbondsmatige proses is – lyding het vormingswaarde en word al hoe meer ontdek wanneer God, mense en omstandighede hul onderskeie rolle ontdek en vervul.

In die volgende hoofstuk word kwalitatiewe navorsing gedoen oor die teoretiese inhoud van hoofstuk 2 tot 5: die mens as dienaar (hoofstuk 2), genesing deur diens (hoofstuk 3) en die rol van lydingsgebeure om diensbaarheid te fasiliteer (hoofstuk 4). Die vyf pastorale merkers uit hierdie hoofstuk (hoofstuk 5) afgelei, sal deurgaans geïntegreer word.

HOOFSTUK 6

DIE OPLOOP NA EN AFLOOP VAN DIENS AS 'N REAKSIE OP LYDINGSGEBEURE: 'N NAVORSINGSVERSLAG

6.1 INLEIDING

Die tersaaklike veld van hierdie studie in pastoraat is die oploop na en die afloop van diens wat deur lyding geaktiveer word. Daar word weer bevestig dat hierdie studie die spesifieke rol van diensbare lewe as genesing van lydingsgebeure in pastoraat bestudeer. Hierdie genesing is 'n proses, want “[C]oping is a process, one that evolves and changes over time” (Pargament 1997:89). Die reaksie van mense op hulle omstandighede en die nuwe lewe wat daardeur ontstaan, is waarin hierdie studie belangstel. Hoe kan persone diensbaar teenoor hul omstandighede (van pyn en probleme) optree sodat genesing in en om hulle plaasvind? Wat kan die pastoraat (in terme van fasilitering van diensbare en sinvolle lewe) daarby leer?

Hierdie hoofstuk wil nou die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is, beskryf. Daar word ondersoek hoe deelnemers met diensbaarheid op hul lyding reageer het en hoe dit inpas by die teorie van hierdie verhandeling. Die deelnemers se narratiewe illustreer gewoon die beginsels wat in die literatuurstudie uitgelig is. Die hoofstuk vorm dus 'n kwalitatiewe verslag van deelnemers se oorgang van lyding na diens. Die bedoeling is nie om 'n pastoraal-terapeutiese begeleidingsproses te beskryf nie. Aldrie deelnemers het immers sêlf tot diens oorgegaan sonder navorser se intervensie. Die reeds verworwe lesse uit hierdie genesingspad – wat reeds plaasgevind het – word vir pastorale gebruik ondersoek en beskryf.

6.2 NAVORSINGSMETODIEK

6.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Vir die navorsing in die saak van hierdie studie word die kwalitatiewe navorsingsmetodiek gekies. “Daar word aanvaar dat die kwalitatiewe wyse van navorsing dus baie geskik is vir navorsing aangaande die menslike belewenis van bepaalde situasies” (Brunsdon 2006:192).

Ook vir hierdie studie is die kwalitatiewe werkswyse vir navorsing uiters geskik. Hierdie studie werk spesifiek met menslike belewenis van lydingsituasie. Verder word sekere fundamentele denkwyses van die studie deur die kwalitatiewe navorsingsmetode aangespreek:

- Beeld van God is vertrekpunt vir gesonde menswees

Die kwalitatiewe metode werk nie met meetbare analyses of prosedures nie (Schurink 1998:242). Om beeld van God as vertrekpunt te kies mag die indruk skep van 'n meetbare model wat kwantitatief beoordeel word. Die teendeel is van hierdie studie waar: die beeld van God kan nie voorgehou word as 'n soort kwantitatiewe model vir menswees nie. Dit is ook nie so beskryf of bedoel in die studie nie. Daar is gefokus op die *perspektiewe* van die beeld van God vir die mens binne die konteks van sy unieke bestaanswerklikheid.

Die beeld van God fungeer dus in 'n *verstaansrol* vir die lewe van elke individu. Dit is nie iets wat op alle omstandighede afgeforseer word nie. 'n Kwalitatiewe benadering sal op hierdie wyse die studie goed pas omdat daar gewerk word met ervarings en interpretasie van mense se geskiedenis van elke dag (Silverman 2000:1). Menslike lewe word dus verstaan vanuit die wyse waarop die mens geskep is – as beeld van God. Die posisie of disposisie teenoor sy ingeskepe diensbestaan word daarom kwalitatief ondersoek.

Die kwalitatiewe metode van ondersoek dra in hom die gevaar om te verval in humanistiese verhale – soos reeds by die narratiewe benadering beskryf is (vgl. 5.2.7.2). Dit is die Skrif wat die beeld van God beskryf en daar kan dus nie op beeld van God ingespeel word sonder om die Woord te opper nie. Dit word wel gedoen by wyse van *navraag* oor die *verstaan* van die Woord en nie as kwantitatief-afdwingbare meetinstrument nie. Die teks van die mens (berader en gespreksgenoot) word interpreteer, asook die teks van die Skrif by wyse van Bybelse eksegeese en verstaan (Potgieter 2009:128). Die pastorale proses is dus 'n drie-riktingsgesprek tussen berader, gespreksgenoot en Skrif. Natuurlik is God as Heilige Gees die draer van hierdie aksies.

- Pyn is deel van lewe en praktiese reaksies daarop word gevra

Kwalitatiewe navorsingsmetodiek integreer alle belewenisse van die mens tot 'n holistiese geheel. Die nadeel van die holistiese benadering veroorsaak egter dat daar velerlei verbande, elemente, verhoudings, kontekste en so meer sinvol beheer en integreer moet word (Schurink 1998:242). Dit is moeilik beheerbaar as gevolg van die groot hoeveelheid inligting wat soms na die navorser kom aangesien gespreksvoering meestal die modus van kwalitatiewe navorsing is. Die navorser, as primêre instrument vir data-insameling en – analyse, steun swaar op eie instinkte aangesien hy fasiliteerder van die studie is (Marshall 1999:79). Die berader kan dus so vasgevang word in tegnieke, metodes, interpretasie, data, ensovoorts dat hy nie deeglike vraagstelling en intense luister sal kan doen nie. Maatreëls

moet ingestel word om betroubaarheid te verseker (Maykut en Morehouse 1994:49, 174). Daar rus dus in hierdie metode 'n groot verantwoordelikheid op die navorser se vermoëns, aangeleerde tegnieke, integriteit en analiseringsinsigte.

Aan die anderkant veroorsaak die holistiese en sistemiese werkswyse van die kwalitatiewe benadering dat verbande tussen bestaande sake getrek kan word sodat eksistensiële berading kan plaasvind. Aangesien onderhoude 'n kernaspek van hierdie benadering is, kan menslike ervarings en gedrag na vore kom (Silverman 2001:96). Deur insig – by wyse van die vraag-en-antwoord-metode – van onderhoude hierin te ontwikkel, kan die denke van die persoon dus verander. Dit het weer eksistensiële gedragimplikasies. Hierdie benadering bied die moontlikheid om die verwagtings, behoeftes, geloofsdimensies, singewing en persoonlike ervarings van die persoon wat vir berading kom, te ken en te probeer verstaan (Potgieter 2009:130). Daar word dus tot kennis gekom deur by die wesenlike situasie van die persoon aan te sluit. Hierdie studie wil juis aantoon dat die werklike pynlike gebeure van die mens benut behoort te word. Die kwalitatiewe werkswyse dra hiertoe by aangesien die mens in sy natuurlike staat ontmoet word en verskynsels interpreteer word (Silverman 2001:96).

- Lewensgebeure word met behulp van die Heilige Gees deurdink en verstaan

Hermeneutiek is die proses van verstaan deur interpretasie (Janse van Rensburg 2000a:12).

Kwalitatiewe navorsing is kreatief en interpreterend (Denzin en Lincoln 1994:14-15). Dit sluit dus aan by die mens wat sy lewensgeskiedenis interpreteer en dan kreatief integreer om sodoende nuwe lewensdiens te skep. By die kwalitatiewe benadering vind interpretasie tydens 'n onderhoud plaas waar vrae gevra word sodat die persoon in berading sy ondervindinge verstaan en wat dit vir hom beteken (De Vos et al 2002:272). Dit gaan dus oor belangstelling deur die berader in die verstaan van 'n ander se ervarings en die betekenis daarvan vir hulle gesamentlik. Die benadering van gespreksvoering by wyse van vrae is nie rigied en voorafbepaal nie, alhoewel dit nie planmatige werkswyse uitsluit nie (Potgieter 2009:131).

Taal speel 'n belangrike rol in die hermeneutiese proses. Maykut en Morehouse (1994:167) noem die kwalitatiewe werkswyse “[A] research model that is primarily exploratory and descriptive, and for which people’s words and actions are the main source of data.” Om 'n persoon se aksies en belewenisse onder woorde te bring, word vraagstelling gebruik. Om bruikbare gevolgtrekkings te maak, moet die regte vrae gevra word. Dit gaan dus oor die kuns van kwalitatiewe onderhoudsvoering en bring die regte verstaan na vore. Wanneer

hierdie saak reg verloop, kan ook meningsvormende interpretasies en idees onder woorde gebring word (Schurink 1998:246).

Hierdie verstaansproses deur vraag en antwoord kan nie sonder die verliggende werk van die Heilige Gees nie. Ook in hierdie verband is die kwalitatiewe metode geskik aangesien dit navorsers in staat stel om menslike *belewensse* te bestudeer (Maykut en Morehouse 1994:174). Die kwalitatiewe navorsingsmetodiek lewer 'n bydrae aangesien dit verskynsels op die geesteswetenskaplike terrein kan beskryf (Potgieter 2009:133). Die denke en bewegings van die mens as gevolg van die werk van die Heilige Gees kan dus verwoord, beskryf en ontleed word sonder om die Gees Self te kwantifiseer. Die misterieuse inwerking deur die Gees van God in die gees van die mens kan daarom ook as legitiem gereken word. En dit is moontlik omdat die kwalitatiewe navorsingsraamwerk nie oor bewyse van reg of verkeerd gaan nie, maar dit wil ontdekkings, ervarings en belewensse bewys en beskryf (Maykut en Morehouse 1994:21). Die subjektiewe realiteit van die deelnemers kan by wyse van temas, motiewe en fenomene verstaan word (Schurink 1998:242) as werke van die Heilige Gees in die lewe van mense. Dit is egter nie 'n pad van en na nêrens nie aangesien die Skrif as kompas funksioneer.

- Lydingsgebeure vra roeping tot etiese keuses daarop en gestuurdheid daarmee

Die mens is ko-konstrueerder van sy verhaal in die kwalitatiewe benadering aangesien daar 'n oop uitkoms van die gesprek is. Daar kom 'n verstaan van die probleem, maar daar kom ook 'n verstaan van 'n oplossing (Cilliers 2003:58). Die persoon in berading verstaan dus self sy probleem, sien self die oplossing en neem self verantwoordelikheid vir die skep van 'n nuwe lewe. Daar vind 'n dinamiese groeiproses plaas van gewonde na gewonde geneser, slagoffer na oorwinnaar, bekeerling na volwasse gelowige, navolger na gestuurde en dissipel na apostel.

In die lig van die verstaan van hierdie studie hou hierdie benadering sake soos bekering en dienslewering in. Op grond van sekere ingrypende gebeure oefen 'n persoon keuses uit wat sy posisie voor God verander omdat hy die versoeningswerk van Christus aanvaar. Daarom vind koersverandering by wyse van nuwe besluite plaas en uiteindelik word diensbare lewe beoefen. Louw (2005a:25, 28) sê: "Although it deals with past experiences, the objective is to understand how these past experiences determine reactions in the present and its impact on future behaviour." Dit gaan minder oor die probleem as oor die oplossing daarvan vir groei en nuwe lewe. Die krisis is dus meer 'n moontlikheid tot hoop as 'n fenomeen om te dissekteer. Die moontlikheid van diensbare lewe as antwoord op lyding kan by wyse van vrae oopgemaak word sodat die persoon self insig in sy probleem verwoord, nuwe gedrag

kies en selfs in die toekoms as gestuurde lewe. Berader is dus fasiliteerder eerder as raadgewer.

- Pynlike gebeure word saam met betroubare persone hanteer en bestuur

Aangesien kwalitatiewe navorsing 'n ongestruktureerde en oop agenda het (omdat dit kreatief-interpretierend is), bestaan die gevaar dat die proses moeilik beheer word (Taylor en Bogdan 1984:77). Subjektiewe verstaan is die saak wat ondersoek word in die kwalitatiewe benadering. Dit plaas dus 'n baie groot premie op die vermoë van die berader om rigting te bestuur. Omdat gespreksvoering die proses van kwalitatiewe navorsing dryf, is vraagstelling, luister en interpretasie vanselfsprekend baie belangrik (Mason 2002:225). Daarmee saam moet gelet word op die voorkeure van lokaal, persoonlike ruimte en interpersoonlike vaardighede van beide berader en gespreksgenoot (Mason 2002:66-67). Om opvoedkundige berading kwalitatief te doen, is die regte vrae van deurslaggewende belang aangesien dit die *stuur-meganisme* van die berader is. Daar mag nie in veralgemenings verval word nie, maar vrae moet spesifieke antwoorde verlang (Mason 2002:227).

Om leiding te gee met vrae, veronderstel 'n verbondsverhouding van vertrouwe. Verhoudingsbou sal dus moet plaasvind om suksesvolle gesprekke te doen (Marshall 1999:86). Van beide kante – berader en gespreksgenoot – is onvoorwaardelike aanvaarding van deurslaggewende belang. Aan die een kant word baie diep en persoonlike ervarings opgediep en moet hulpsoeker eerlik kan deel en berader kan aanvaar sonder verwerping. Aan die anderkant moet die pastor se sienings ook as bydraend aanvaar word (Potgieter 2009:137). Die aanvaardingsvertroue is sekerlik ook waar van die Ander Persoon in die driehoekige verbond van pastoraat: God Self. Beide berader en deelnemer word aan God se liefde blootgestel (Louw 2007:253).

6.2.2 Keuse van deelnemers

Die drie deelnemers aan die navorsing het almal op een of ander wyse pynlike ervarings deurgegaan. Hierdie persone is gekies omdat hulle lyding drie verskillende bestaansgronde het.

- Pyn as gevolg van eie toedoen: alkoholisme.
- Pyn as gevolg van ander mense: verkragting.
- Pyn as gevolg van stukkende lewe: kanker.

Die persone is ook gekies omdat hulle reaksie met diens op lyding 'n verskillende tydsduur verteenwoordig.

- Alkoholisme. Ses maande na rehabilitasie begin getuig en twee jaar daarna die stigting van 'n CAD (Christelike Afhanklikheidsdiens) tak. Reeds ongeveer veertig jaar by diens aan mense met verslawing betrokke.
- Verkragting. Twee maande na verkragting begin hulp gee aan slagoffers wat verkrag is. Vanaf 2009 by slagoffers van verkragting betrokke.
- Kanker. Getuienis begin gee terwyl kankerbehandeling ontvang en tans besig met re-konstruktiewe behandeling. Dit is diens ten tyde van die pynlike gebeure van kanker.

Daar is nie agtergrondstudie van die spesifieke probleemvelde van die persone gedoen wat gaan deelneem aan die navorsingsprojek nie. Die rede is tweërlei:

- Hierdie studie is meer geïnteresseerd in die reaksie op en gepaardgaande oplossing van probleme as in die probleem self. Dit beteken nie dat die tipe probleme in berading nie grondig bestudeer behoort te word nie. Die teendeel is waar, maar tegnies wil hierdie studie die optrede- of reaksie-fenomeen ondersoek.
- Alhoewel hierdie studie gebeure van die verlede hermeneuties wil ondersoek, gaan dit primêr oor die impak daarvan vir die toekoms. Louw (2005a:25) verduidelik hierdie stelling: die probleem is dus nie die probleem nie, maar problematiese respons en onvanpaste gesindheid daarop. Probleme funksioneer as geleenthede tot groei en hoef nie noodwendig opgelos te word nie. Krisisse kan dus bydra tot kwaliteit van identiteit en volwasse lewe.

Daar is een gemene deler by al drie persone en dit is die feit dat hulle reeds op een of ander wyse by diens betrokke geraak het as antwoord op hulle spesifieke lyding.

Laasgenoemde saak vra na 'n beskrywing van die posisionering van die studie self:

6.2.3 Navorsingsposisie

Die doel van die navorsingsgesprekke is om die prosesmatige reaksie van die deelnemende persone op lyding te ken, te verstaan en in pastorale momente te organiseer. Daarom is die navorsing vanuit 'n "agterna"-posisie en nie terapie in die suiwer sin van die woord nie.

Dit gaan dus oor 'n hermeneutiese verstaan van 'n pad wat reeds afgelê is vir moontlike verryking van berader en gespreksgenote. Die *oploop ná en afloop ván* diens in die lig van lyding kan verdiepend wees vir

- die berader se beskrywing van die proses sodat sy eie en die lesers van die navorsing se beradingsinsigte baat kan vind en
- die deelnemers se eie verstaan van hulle lydingspad sodat verdere genesing en implementering van diens plaasvind.

6.2.4 Onderhoud as werkswyse

Daar word aanvaar – soos in die bespreking van die kwalitatiewe benadering genoem (Silverman 2001:96; Mason 2002:225) – dat die onderhoud of gesprek die primêre wyse is waarop kwalitatiewe navorsing gedoen word.

Aangesien die kwalitatiewe benadering moeilik beheer kan word as gevolg van 'n oop agenda (Taylor en Bogdan 1984:77), tydrowend is (Potgieter 2009:127) en baie data – waarvan sommige verlore gaan – inbring (Maykut en Morehouse 1994:175), sal gebruik gemaak word van 'n semi-gestruktureerde onderhoud. Die deelnemers sal vooraf uitgewerkte vrae ontvang wat in die onderhoud informeel as gespreksraamwerk behandel kan word. Hulle kan dit slegs nadenkend oorweeg of notas maak.

Daar word gehoop dat hierdie maatreël meer beheer, minder tyd en beter toepaslike data na vore sal bring.

Die verdere voordeel is natuurlik die feit dat hierdie vooraf vrae reflekerende denke sal bevorder wat waarskynlik diepgang in die antwoorde kan bring. Dit beteken geensins dat dit die gesprek vooraf bepaal of presies by die raamwerk gehou moet word nie – dit sou teen die gees van die kwalitatiewe benadering ingaan en skade aan die geheelverstaan van die gesprek berokken.

Om nie die onderhoud in 'n formele vraag en antwoord te laat verval nie, sal die gesprekke – nadat toestemming gevra en ontvang is – opgeneem word. Sodoende kan navorser konsentreer op sy eie oogkontak, luister, interpretasie, betrokkenheid, lyftaal en so meer. Dit kan ook verder bydra dat nie meganies by die gespreksraamwerk gebly word nie, maar daarvan kan afwyk – sou die behoefte daarvoor ontstaan.

Na elke onderhoud sal die gesprek beskryf en vertolk word.

6.3 WERWING EN AGTERGROND VAN DEELNEMERS

6.3.1 Werwing

6.3.1.1 Vooraf

Daar is telefonies 'n afspraak met aldie persone gemaak en daar is kortliks verduidelik dat die afspraak 'n werwingsgesprek vir navorsing vir doktrale studie is.

6.3.1.2 Inhoud van ontmoetings

Die doel van die deelname is aan aldie deelnemers verduidelik. Daar is duidelik gestel dat die onderhoude nie terapie as doel het nie, maar dat dit 'n ondersoek is na die verstaan van elkeen se verwerking van 'n krisis en hoe dit oorgegaan het in hulle onderskeie diensrolle. Daar is verstaan dat die onderhoude sal fokus op die afloop van hulle krisis en oploop na diens.

Aldie persone was spontaan gewillig om deel te neem. Nie een het omgegee dat hulle volle name, werkplek en ander persoonlike inligting gebruik kan word nie aangesien hulle geen sake geheim wil hou nie. Hulle het egter ingestem dat navorser net voorname, beroepe en enkele biografiese gegewens in die studie sal gebruik.

Nadat verduidelik is dat dit nie gepubliseer sal word nie, maar slegs vir die navorser se herroeping van gegewens is, is toestemming gevra en gekry vir 'n stemopname.

Verder is genoem dat hulle te enigertyd nie alle vrae hoef te beantwoord nie. Hulle het gesê dat hulle dit sal doen, maar dat daar geen terughoudendheid by hulle is nie en nie 'n probleem behoort te wees nie.

Aangesien aldie van hulle reeds persoonlike getuienisse oor hulle krisis aan groepe gegee het, is toestemming gekry om die stemopnames daarvan te gebruik en te interpreteer.

Daar is genoem dat navorser vir gesprekslyne vooraf enkele vrae per e-pos aan hulle sal stuur vir refleksie sodat daarvoor gepraat sal word, maar dat dit 'n gespreksraamwerk is en dat daarvan afgewyk kan word. Hulle het dit waardeer en gemeen dit is 'n goeie wyse van gesprek aangesien dit struktuur gee.

Onderstaande die vraelys wat aan deelnemers elektronies gestuur is:

OPLOOP NA EN AFLOOP VAN DIENSBAARMAKING VAN 'N PYNLIKE GEBEURE

Wat het *in en na* jou krisis gebeur dat jy by die punt gekom het om jou pyn te gebruik om ander mense daardeur te bedien? Met ander woorde: Wat het jou laat besluit om jou krisis bruikbaar te maak?

- Beskryf kortliks wat gebeur het: Wie? Wat? Wanneer? Waar? Hoe?
- Wanneer het jy vir die eerste keer daaraan gedink om jou gebeure aan te wend tot eer van God en hulp van ander? Moes daar eers iets gebeur voordat jy daaraan gedink het om jou krisis tot voordeel van ander te gebruik?
- Hoe het dit gebeur? Hoe het jou siening van die pyn verander sodat jy dit kan gebruik tot diens?
- Het jy enige berading ontvang? Indien wel: Wat en hoe het dit ingespeel om diens te fasiliteer?
- Wat is die grootste faktor wat jou laat verwerk het aan jou krisis sodat dit oorgegaan het in diensbaarheid?
- Was daar enige persone wat 'n rol gespeel om jou te help om die pyn te verwerk sodat jy dit as diens begin benut het? Indien wel: wie was dit en watter rol het die persone gespeel? Het jou gemeente/geloofsgemeenskap/medegelowiges enige rol vervul?
- Sou jy kon sê dat gebed 'n rol gespeel het in die proses van verwerking tot diens?
- Was daar negatiewe ervarings – soos skuldgevoelens oor jou aandeel aan die krisis – op die pad na diens?
- Hoe het jy God as Vader, Seun en Heilige Gees in jou beweging van krisis na diens beleef?
- Hoe het God en/of jou keuses jou pyn gestuur? Wat is die verband tussen jou en God in die proses?
- Het die Skrif 'n rol gespeel op jou gebruikmaking van die pyn om te bedien? As die Skrif 'n rol gespeel het: Is daar spesifieke gedeeltes wat jy kan onthou en hoe het jy dit geïnterpreteer en beleef?
- Hoe sien jy die rol van die Bose in jou krisis?
- Het die nood van ander 'n rol gespeel dat jy diens aan hulle begin lewer het? Hoe het die nood van ander impak gehad op jou keuse om na hulle uit te reik?
- Het God 'n rol gespeel in die gebruikmaking van jou krisis? Hoe en wat was dit?
- Het jy ooit gevra waarom dinge so gebeur het? As jy het: Hoe het die vrae ontwikkel?
- Het die krisis enige waarde van jou lewe weggeneem en/of bygevoeg?

Wat het in jou lewe gebeur *nadat* jy begin het om jou pyn 'n bediening te maak en wat gebeur tans *terwyl* jy jou pyn gebruik om ander te help? Wat is die effek van diensbaarheid?

- Hoe het die diensbare ingesteldheid en aksie jou gehelp om te verwerk aan dit wat met jou gebeur het en hoe help dit steeds?
- Dink jy die verwerking van jou pyn sou anders lyk as jy nie diens begin lewer het nie? Hoe sou God reageer het as jy nie jou probleem benut nie?
- Wat is jou motief waarom jy jou pyn gebruik om daarmee te bedien?
- Speel die ewige lewe enige rol in jou diensbaarheid?
- Sou jy sê dat jy nou sin uit die krisis maak?
- Hoe het jou siening van die pyn self, God, jouself, die lewe en mense om jou deur die diensbaarheid verander?
- Lewer die diens van jou pyn in jou menswees en hantering daarvan 'n bydrae?
- Hoe raak die diens jou Christenskap en siening daarvan?
- Wat vra diensbaarheid met jou krisis van jou?
- Het jou lewe verander na die gebruikmaking van jou pyn tot diensbaarheid? As dit het: Hoe?

Daar is genoem dat die gesprekke 'n aanvang sal neem nadat die vrae vir gespreksraamwerk ontvang is. Die verwagting is gestel dat daar 'n gesprek sal plaasvind en dan verwerk sal word.

Werwingsgesprekke het op die volgende datums plaasgevind:

Santi: 16 Julie 2012.

Riëtte: 26 Julie 2012.

René: 27 Julie 2012.

6.3.2 Agtergrondsinsligting

Santi is 'n vrou in haar vyftigs. Sy is eienaar van 'n eiendomsagentskap in 'n groot plattelandse dorp. Haar krisis is dat sy op 21 Januarie 2009 in haar huis verkrag is. Tans begelei sy ander dames wat verkrag is. Santi is aan navorser sedert Junie 2011 bekend toe sy 'n meisie wat verkrag is, begelei het. Die meisie is woonagtig in navorser se gemeente. Navorser het haar ook tydens 'n Paasfeeskonferensie in Maart 2012 ontmoet waar sy haar getuienis van heelwording aan 'n groep vrouens kom deel het. Sy is dus die kortste aan navorser bekend, maar haar storie het besonder baie raakvlakke met die inhoud van hierdie studie en daarom is sy genader as deelnemer.

Riëtte is 'n vrou in haar laat veertigs. Sy is 'n oudonderwyseres wat in Februarie 2007 met kanker (osteosarkoom) in die kaak gediagnoseer is. Tans is sy huisvrou en skoonheidskonsultant in 'n groot plattelandse dorp. Haar kanker is in remissie, maar rekonstruksie van die kaak is in proses. Ten spyte hiervan bied sy praatjies aan oor wat met haar gebeur het om mense met pyn moed te gee. Riëtte is sedert 2000 aan navorsers bekend as onderwyseres van 'n skool waar navorsers se kinders skool bygewoon het. Ontmoetings was sporadies, informeel en toevallig. Met die diagnose van haar kanker het die gebedsgroep van navorsers se gemeente vir haar begin bid. Navorsers het haar nie begelei nie omdat sy in 'n buurgemeente woon. Omdat haar getuigenis ooreenstem met die inhoud van die studie is sy genader om deel te neem. Haar leraars se toestemming is ook verkry.

René is middelste tigs. Hy is 'n sakeman in 'n groot plattelandse dorp. Sy alkoholprobleem het op skool begin waar hy gevind het dit help met sy haggelprobleem. In 1969 (sewe jaar later) is hy gerehabiliteer. Tans is hy voorsitter van die CAD² Nasionaal. So bedien hy ander persone met afhanklikheidsprobleme. René is die langste (sedert 1994) aan navorsers bekend. Hy was lidmaat van navorsers se gemeente. Na sy verhuising na 'n buurgemeente het hy en navorsers kontak behou deur gesamentlike bediening aan veral alkohol-afhanklikes, dienste by die plaaslike CAD en evangelisasie-uitreike. Sy storie het nie net raakvlakke met die studie nie, maar sy lewe het hierdie studie gedeeltelik gekonseptualiseer aangesien navorsers die beginsels van diens deur 'n krisis hier ervaar het.

6.4 BESKRYWING EN VERTOLKING VAN ONDERHOUDE

Die teoretiese onderbou van die voorafgaande navorsing sal aangewend word om die onderhoude te orden as bewyse vir die inhoudelike standhoudendheid van die teorie. Die hoofstukke en inhoud van die voorafgaande navorsing (in hoofstuk 2 tot 4) sal dus die struktuur van die volgende afdeling vorm.

Die volgende kan uit die voorafgaande hoofstukke van die navorsing afgelei word en sal die onderafdelings vir hierdie hoofstuk vorm:

- Die mens is dienaarsbeeld van God (vgl. hoofstuk 2).

² In die res van die hoofstuk sal die afkorting CAD gebruik word. Dit sal in elke geval verwys na die Christelike Afhanklikheidsdiens. Dit is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestig om alkoholafhanklikes te ondersteun en het bekend gestaan as Christelike Alkoholistediens. Die CAD is tans gemik op hulp aan persone met enige vorm van afhanklikheid – vandaar die naamsverandering.

- Die perspektiewe van dienaarsbeeld is eienskappe wat hom in staat stel om lyding sinvol by lewe te integreer: verhoudings, kreatiwiteit, etiek, verantwoordelikheid, nood en eskatologie (vgl. hoofstuk 2).
- Diensbaarheid is die korrekte optrede teenoor lewensomstandighede wat pyn bring en dit skep nuwe lewe. Diensloosheid is die ontoepaslike of onvanpaste reaksie (vgl. hoofstuk 3).
- God Drie-enig is positief betrokke by lydingsgebeure. Daarom kan die mens dit aanwend tot diensbare en volwasse lewe (vgl. hoofstuk 4).

6.4.1 Die mens is dienaarsbeeld van God

Daar is in hoofstuk 2 op die dienaarsrol van die mens as beeld van God gefokus. Die standpunt is gestel dat dienaarwees diep in die grein van die mens ingeskape is (vgl. 2.3.1 – 2.3.6). In hierdie paragraaf wil aangetoon word dat die dienaarsbeeld van die mens voor, in en na 'n krisis wesenlik teenwoordig is omdat die mensbeeld in kern een van dienaar is (vgl. Hall 1990:21, 52, 76). Soos in hoofstuk 2 is die doel hiervan dat die aanwesigheid van dienaarseienskappe 'n Bybelse mensbeeld verteenwoordig. Met ander woorde: die rol van diens voor, in en na 'n krisis is 'n sleutel waarmee lyding gesond hanteer word (vgl. 2.1).

In die onderhoude het hierdie saak pertinent na vore gekom.³

Uit Santi se getuienis word dit duidelik dat diens so deel van haar kern is dat sy van die eerste oomblikke af besef het dat sy diensbaar sal moet wees om die mense om haar – selfs as die slagoffer – by te staan.

Daardie oggend – toe my dogter ingestap kom en ek haar sê ek is verkrag – het ek besef dat ek nie nou kan ingee nie. Sy en die ander kinders het in stukke gebreek. Op daardie oomblik het iets in my 'core' met die krag van die Here gebeur. Ek het besef ek moet hierdie ding wat met my gebeur het eenkant sit, want hierdie goedjies besef nie wat hier gebeur het nie. Ons moet nou net vir hulle deur hierdie ding kry.

Dit was volgens navorser so instinktief deel van haar Christelike mondering, dat dit die eerste pilaar was om aan vas te hou. Dit is ook die verklaring vir die krag waarmee sy tot vandag die hele proses van verkragting hanteer het. Daarom is die pynlike gebeurtenis nie iets wat haar dienaar-wees geaktiveer het nie, maar dit is deel van die kern of 'core' van haar menswees.

³ Die direkte woorde uit die onderhoude of getuienisse word kursief aangedui om dit te onderskei van navorser se interpretasie en ander verwante inligting.

Hierdie gedagte word deur die volgende uit die onderhoud bevestig:

Navorser: Wanneer het jy vir die eerste keer daaraan gedink om hierdie verkragting te gebruik – soos jy dit tans doen?

Santi: Ek moet eerlik sê dat daar nie iets gebeur het nie. Ek het nog my hele lewe 'n passie gehad vir vrouens om hulle te leer dat daar 'n krag in hulle is.

Navorser: Waar kom dit vandaan?

Santi: Daar het niks gebeur nie. Dis die 'passion' waarmee ek grootgeword het. Partykeer weet mens mos dit is die ding in die lewe wat jou maak 'tick'. Ek dink die land waarin ons bly, is 'n land waarvoor ek baie passie het. As kind van die Here het dit nog altyd vir my gevoel dat die vrouens van ons land – spesifiek die swart vrouens – soveel 'hammering' moet vat. Daar is soveel wat hulle daaromtrent kan doen deur die krag van die Here in hulle. Dit was al op skool so. Veral na '94 vir die 'upcoming' generasie. So ... ek kan nie vir jou 'n datum of gebeurtenis gee nie.

Hieruit word afgelei dat Santi as't ware grootgeword het met die gedagte van diens as lewensrigting. Dit ondersteun die gedagte dat menswees dienaarwees is.

Haar spesifieke passie om vrouens te bemagtig, het ook baie vroeg ontwikkel. Selfs die lokalisering van haar diens, naamlik Suid-Afrikaanse vroue, was iets wat van kleins af deel van haar lewensbeskouing van diens was. Aangesien sy vroeg 'n geroepenheid na swart vroue ontvang het, is sy tans baie betrokke by die bystand aan verkragting van swart slagoffers van verkragting.

Die feit dat sy die woorde *as kind van die Here* gebruik, wys heen na die feit dat sy kind van die Vader is en dui daarop dat die beeld van God 'n spesifieke invloed op haar denke gehad het.

Dieselfde waarneming word by René gedoen. Hy neem sy dienaarwees terug na sewejarige ouderdom – *toe ek sewe jaar oud was, wou ek 'n sendeling word* – en die pynlike gebeure met alkoholmisbruik het nie iets nuuts in terme van dienaarwees in sy lewe begin nie.

Navorser: Moes daar eers iets gebeur voordat jy kon begin getuig?

René: Nee, ek wou nog altyd vir die Here werk. Nou het ek 'n plek gevind om my roeping uit te leef. Dit bly in 'n mens se agterkop. Alle mense het tog 'n roeping om te dien. Dis ingeplant. Baie mense gaan onvervuld deur die lewe omdat hulle nie ander dien nie.

Die feit dat dit *ingeplant* is dui op 'n skeppingsordening van menswees. Dit word ook verbind aan die gedagte van 'n vervulde- of shalom-lewe wat diensbaarheid verskaf (vgl. 1.1 en 1.8.4.3).

Riëtte se dienaarwees was voor die krisis ook aanwesig – dit was net gefokus op kinders. Op die vraag of sy nog altyd ingestel was op diens, het sy geantwoord:

Ek het nie gedien soos ek nou mense bedien nie. My kanker het dit anders gemaak. Maar ek het wel graag die kinders in die klas bedien. Dit was vir my baie lekker om hulle te help. Ja ... ek dink tog dit was ook diens.

Dit blyk dus dat dienaarwees deel van menswees vir hierdie drie persone was, maar dat die krisis hulle roeping net gefokus of laat grond vat het. Uit hierdie drie deelnemers kan dus aangeneem word dat die status van God se kinders as dienaars 'n groot rol speel in die oploop na diens in en deur 'n krisis.

6.4.2 Perspektiewe van diens (vgl. 2.3)

Die vorige paragraaf het bespreek hoe diensbare ingeskapenheid deel van menswees *voor* 'n krisis was. Nou word geverifieer in watter mate die inhoud of perspektiewe van diens (vgl. 2.3.1 – 2.3.6) ooreenstem met die belewenisse van die drie deelnemers *tydens en na* die probleemgebeure in hulle lewens. Dit word gedoen omdat die mens as beeld van God 'n dinamiese en eksistensiële verbintenis veronderstel – nie slegs een van status nie (vgl. 2.2.1 – 2.3). Hier wil nou aangetoon word *dat* die beeld van God die energiegewende aksie agter hulle verwerking van die krisis was (vgl. Kysar 1991:7). Daar word dus aanvaar dat die handeling binne hierdie perspektiewe van diens een of ander vorm van diensbaarheid aangewakker of selfs vertoon het. In die volgende paragraaf (vgl. 6.4.3) sal dan aangedui word *hoe* hierdie optrede die beeld reformeer en gesonde lewe gestel het.

6.4.2.1 Verhoudingsperspektief (vgl. 2.3.1)

Aangesien God relasioneel bestaan, is die mens as beeld van God 'n verhoudingswese (vgl. 2.3.1.1). Die inhoud van hierdie bestaan lê op die vlak van God, ander, self en die wêreld (vgl. 2.3.1.2).

In haar verhouding met God het Santi baie duidelike worstelings met God gehad.

Santi: Ek het tydens die verkragting hardop gebid: 'I pray the blood of Jesus over me.' Die verkragter het my geterg: 'So you believe in God? You will have a black father for your child.' Ek was teleurgesteld dat God nie vir my baklei het nie – al het ek Hom nooit blameer vir wat met my gebeur het nie. Onthou: ek was 'n kind van God met 'n intieme verhouding met Hom voor die verkragting. Hy was my Pa. My grootste pyn was dat ek nie kon glo dat 'n Vader dit aan sy kind kan toelaat nie.

Haar verhouding met God as sy kind het haar enersyds na Hom laat gryp in gebed, maar het later vanweë teleurstelling 'n krisis beleef. Dit kom na vore in haar getuienis:

Ek kon nie met Hom kontak maak nie. Ek het besluit om afskeid te neem van Hom. Ek kon nie met Hom en verkragting saamleef nie. Ek weet ek het Hom hartseer gemaak en ek is vandag jammer daaroor. Maar het jy al vir God gesê jy is klaar met Hom? Daardie dag het baie dinge begin gebeur. Die liefde van die hondjie het my aan God herinner en ek moes kort-kort sê 'maar daar is nie 'n God nie.' Ek het in die straat vol herfsbome afgery en gedink hoe mooi die skepping van God is. Dan moes ek sê: 'Maar daar is nie 'n Here nie!' Ek het agtergekom hoeveel keer op 'n dag ek vir myself moes sê 'daar is nie 'n Here nie.' Ek het verstaan hoe diep Hy in 'n mens se wese is.

Haar geloofsvrae het haar laat agterkom dat hierdie verhouding *diep* en wesenlik deel van mense se wese en lewens is. Volgens navorser kan hierdie worsteling ook beskou word as 'n "werk" of "diens" aan God. Dan kom die mens agter: 'n Mens neem nie so maklik afskeid van God nie. Dit is juis hierdie worsteling wat aan God en Jakob se geveg in die Jabbok in Genesis 34 (vgl 3.4.1) herinner wat die verhouding met God diepte in Santi se lewe gegee het. Soos Jakob Israel geword het, gee die geveg met God oor God nuwe perspektiewe en kry sy ook 'n nuwe naam as dienares aan verkragte vroue.

Ek het geleer dat God my geskik geag het om ander vroue, wat deur dieselfde as ek gegaan het, te help as hulle nie kan nie.

Santi se verkragting en gepaardgaande verwerking wys ook op die noodsaaklikheid daarvan dat 'n mens diens van medemense nodig het. Familie en vriende het haar ondersteun. Uit haar getuienis die volgende:

Elkeen van die familie en vriende het toe 'n spesifieke ding gedoen. My seun het vir my pa en ma gaan vertel. My dogter het vir my man gaan vertel – wat op daardie stadium in die hospitaal was. Ander het praktiese dinge gedoen. Dit het 'n ongelooflike netwerk gevorm.

Sy noem verder dat haar dogter haar vasgehou het en later saam met haar, na die ondervinding, met haar klere en al in die bad geklim het. Haar hele gesin het die eerste aand in haar kamer saam met haar geslaap. Haar man was in die hospitaal met 'n operasie en het homself spesiaal vroeër laat ontslaan om by haar te wees. Sy sê verder:

Ek het twee dierbare vriendinne wat gou opgedaag het.

Hierdie netwerk van goeie verhoudings wat ondersteuning bied, word 'n verwysingsraamwerk as sy aan ander verkragte vroue bedien:

Ek sê altyd: As jy deur sulke dinge gaan, moet jy die regte 'pelle' hê. Die Here het my geseën met die regte vriende.

Alle diens van mense om haar het egter nie gewenste resultate gelewer nie:

Santi: Later was ons huis soos 'n stasie. Ons het nie tyd vir onself gehad nie. Ek het later gesê ons wil nie so baie mense sien nie. Ons het as familie tyd nodig vir mekaar. Tyd om mekaar se pyn raak te sien.

Dit is dus sinvolle en diep verhoudings waarna gesoek word. Mense met en in dieselfde lydingsgebeure lewer aan mekaar hierdie diens – soos haar familie wat mekaar se pyn vry van buitelanders moes deel. Dit word ook onderstreep in René se lewe waar die mense van die CAD saam as substansafhanklikes mekaar ondersteun.

Santi sê ook:

Ek kan vir jou sê dat 'n mens die seerste deur ander mense kry. Mense is baie sensasiebewus.

Die inhoud van diens is dus aktiewe diens – en nie sensasie of blote teenwoordigheid ter wille van plig/nuuskierigheid/daarwees nie.

In haar verhouding met haarself, het Santi minder voorkomste vertoon as die ander twee deelnemers. Die verklaring daarvoor, volgens navorser, is dat haar verwerking van die krisis meer gefokus was op die verhoudings buite haarself – dit is deel van haar persoonlikheid of 'core'. Dit kan ook wees dat die vergryp aan haar een van buite was en daarom is haar hulp ook meer nabuite gerig.

Dit kan ook laasgenoemde gedagte wees wat veroorsaak dat Santi in haar verhouding met die wêreld of strukture 'n passie vertoon vir die vroue van *Afrika*. René het ook hierdie passie as hy praat dat hy die land kan omkeer as hy genoeg mense gehad het. Riëtte weer wil die selfbeeld van vroue aanspreek. Dit wys dus op die verhouding met groter geheel of gemeenskap.

Aldrie persone wys nie 'n werklike passie in hulle verhouding na die omgewing as sodanig nie. Navorser vermoed dit is die gevolg van die aard van die krisis. Sou die krisis as gevolg van omgewingsfaktore wees, sou daar waarskynlik 'n groter mate van fokus op die omgewing wees.

René het ernstige skuldgevoelens jeens God ervaar. Die vraag is aan hom gevra hoe hy oor God gevoel het na sy rehabilitasie en sy antwoord was:

René: (Fluit.) Ek het verskriklike skuldgevoelens gehad! Ek het daarna gaan regmaak waar ek kon. Ek moes vir die dominee gaan vertel het dat ek so dronk soos 'n tor was toe ek die nagmaal bedien het. Ek het vir tien jaar vir my vrou gelieg.

Hier word gesien dat die verhouding met God en medemens inderdaad een verhouding is – soos dit deur Jesus in Matteus 22:37-40 beskryf word as twee gebooie wat gelyk staan. Omdat die mens verhoudingswese is, was een van die eerste vorme van diens vir René die regmaak van verhoudings met God en mekaar. Navorser meen die *regmaak* is 'n nodige stap in die mens se verhoudingslewe voor aanbeweeg kan word na ander vorme van diens.

In sy verhouding met homself noem René in sy getuienis dat hy gelukkig is.

Vandag is ek en my vrou gelukkig en ek ruil dié lewe beslis nie vir een waar alkohol in beheer is nie!

Sy selfsiening of -beskouing het hy by 'n aanhaling van Arnold Glasow gevind. Dit wys daarop dat waardering vir die self vanuit diens spruit.

René: Ek vind baie inspirasie vir my diens by aanhalings. Arnold Glasow sê: 'n Mens se waarde word nie bepaal deur wie jou bedien nie, maar deur wie jy bedien'.

Riëtte moes in haar verhouding met God 'n kant van Hom leer ken wat haar proses van kanker tot vandag nog ondersteun:

Ek moes leer dat God nie noodwendig alles gee wat mens vra nie, maar dat Hy dit juis toelaat om iets beters te bring. Ek weet Hy kan alles doen, want Hy is almagtig. Maar ek weet Hy gaan elke oomblik saam met my. Hy het belowe dat Hy saam met my deur hierdie 'oorlog' sal gaan.

Navorser kry nie die idee dat sy God se “nee” as negatief ervaar nie. God se saamgaan met haar is belangriker as die verhooring van gebede. Die intieme verhouding met 'n lewende en liefdevolle God is dus belangrik vir 'n krisis. Sy het daarom ook nie baie geloofs- en twyfelvrae gevra nie.

Ook Riëtte ervaar sommige mense se verhoudings met haar as negatief. Sy noem dat die raad van 'n dokter om vir geloofsgenesing te gaan, baie *verwarring* geskep het. Verder – omdat die kanker haar voorkoms of gesig aangetas het – maak die *aanstaar van sommige mense* haar *verleë*.

In haar verhouding met haarself voel sy dat sy

... na binne baie mooier is as wat ek voorheen was.

Ten spyte van die worstelstryd met God, en die enkele negatiewe ervarings van mense uitgesluit, wys die deelnemers dat 'n verhouding met God, mekaar en die self 'n belangrike saak in die verwerking van 'n krisis is wat op loop na diens. Daarom moet die geneigdheid tot individualisering van die huidige mens (Russell 2003:169, 174) teengewerk word met de-individualisering van die mens (vgl. 2.3.1.3).

6.4.2.2 Perspektief van kreatiwiteit (vgl. 2.3.2)

Polkinghorne en Beale (2009:11) noem dat die mens nie uitgelewer is aan prosesse nie omdat hy medeskepper met God is (vgl. 2.3.2.1). Ook Hefner (vgl. 2.5.4) handhaaf hierdie standpunt. Verder skep die mens – soos sy Maker – uit chaos 'n ordelike lewe van diens (vgl. 2.3.2.2). Chaos word lewendgewende skepping, onvrugbaarheid gee voorspoed, wildernis word plek van brood en 'n wêreld word her-skep van dood na lewe (Brueggeman 2006:47). Dit is 'n proses waar die omstandighede intelligent nagedink word (Osmer 2008:21-23) sodat 'n hermeneutiese handeling met lewensomstandighede dieper lewe skep.

Aldrie deelnemers skep uit hulle chaos met hulle chaos nuwe lewe omdat nuwe insigte ontwikkel het (vgl. 2.3.2.3 en 2.3.2.4).

'n Verkragte gebruik die wanorde as insiggewend in haar eie lewe om rigting in ander se lewe te bring.

Navorser: Wat is die sin van jou krisis op hierdie stadium?

Santi: Dat ek insig het in 'n wêreld wat ek nooit sou gehad het nie. Dat ek insig het in die kultuur van swart mense wat ek nooit sou gehad het nie – veral die wreedheid daarvan.

Santi het dus die insig vanuit die gebeure oordink en van toepassing gemaak op mense wat op haar pad gekom het om daardeur lewe te skep. Dit is kreatiewe menswees (vgl. 2.3.2).

'n Gerehabiliteerde alkoholis verbind sy skeppende kreatiwiteit aan die beeld van God self:

Navorser: Dis nogal interessant. Jy het skuld aan jou eie probleem, maar dis ook iets wat later kosbaar word?

René: Is dit nie wonderlik hoe die Here iets kan omswaai nie. As ek my lewe kan oorhê, sal ek weer 'n alkoholis wil wees, want dit het my sin in die lewe gegee. As ek voltyds net dit kan doen, sou ek die gelukkigste ou in die wêreld gewees het.

Die kreatiewe identifisering van wie om te help, speel 'n rol by Riëtte:

Navorser: Hoe identifiseer jy mense?

Riëtte: Ek luister in 'n geselskap hoe mense praat. So identifiseer ek mense met probleme. Dan maak ek 'n afspraak met hulle. Dit gaan oor vroue. Onthou elke vrou wat ek help met haar klerekas is 'n geleentheid om so iemand te help. Ek wil graag vroue help met 'n swak selfbeeld. Ek het onlangs 'n skoonheidskonsultante-kursus gedoen.

Deur intelligent te luister, word mense identifiseer (vgl. 2.3.2.4). Sy het haar ook verder bekwaam om mense te help deur 'n kursus by te woon – 'n aktiewe optrede om skeppend met lewe en chaos om te gaan (vgl. 2.3.2.1 en 2.3.2.2). Dit is alles die gevolg van 'n denkproses oor wie sy is en aan wie sy moet bedien (Sinner 2004:2-3) en dit het haar 'n plek in die lewe laat vind as 'n skeppende wese.

Hierdie paragraaf dui daarop dat die mens nie uitgelewer is aan omstandighede nie, maar dat dit diensbaar gemaak moet word tot die skep van nuwe lewe. Bonhoeffer (Simpson 2006:419, 422) noem dat teenstand nie die antwoord is nie, maar gebruikmaking daarvan (vgl. 2.4.1). Dit is om soos Jesus te wees en met Hom te identifiseer – Jesus vra die Vader om die beker te laat verbygaan, en Hy doen dit, maar slegs deur dit te drink. Dit is die oorwinning oor krisisse (Bonhoeffer 1995:59, 92).

Bogenoemde reaksies van die drie deelnemers oor kreatiwiteit verifieer ook die gedagte van Hefner (vgl. 2.4.4) dat die mens geskep is om saam met God deur lewensgawes – waaronder lydingsgebeure – te skep aan lewe. Hulle het hulle omstandighede van pynlike gebeure gebruik om self te groei en ander se lewe te verryk.

6.4.2.3 Etiese perspektief (vgl. 2.3.3)

Daar is gewys daarop dat Louw (2005a:101-102) meen dat etiese bestaan beteken dat daar gepaste en onvanpaste reaksies op krisisse bestaan – lewenskrisisse kan lei na dood of lewe, siekte of heling, agteruitgang of verdieping (vgl. 2.3.3.1).

Santi se reaksie op die krisis het baie gou in die vorm van 'n keuse oorgegaan wat die bestaansrede vir etiek in mense se lewe is: oorfloed en vervulde lewe (Kysar 1991:8,9). Dit herinner aan die ballinge in Jeremia 29:11 wat die opdrag kry om in hulle krisis huise te bou en te leef, want God wil ten spyte van pynlike ervarings voorspoed gee.

Santi: Onthou dat ek baie gou – enkele ure – na die verkragting besluit het om lewe te kies. Om nie toe te laat om moed te verloor nie. Om nie toe te laat dat dit my toekoms steel nie. Dit was nie maklik nie. Daar was dae en weke dat ek nie gepraat het nie. Maar ek het baklei. Ek kan eerlik sê dat ek van dag een af terugbaklei het.

Haar reaksie wys verder daarop dat 'n mens se lewe 'n bestaan in keuses is (vgl. 2.3.3.3). Dit is nie maklik of eenvoudig nie, maar vra na 'n korrekte ingesteldheid op die krisis. Dit sluit aan by die grond vir Jesus se uitspraak in Johannes 10:10 dat Hy gekom het om die volheid van lewe te bring – ook in en deur 'n pynlike gebeure.

Omdat sy lewe gekies het, het sy het ook wetmatig gekies (vgl. 2.3.3.2 en 2.3.3.3) om in te val by een van die wette van die Koninkryk van God en dit is om te vergewe. Die etiese diens van vergewing en lewe gaan dus saam. 'n Diensbare bestaan aan die begeertes van God skep dus welvarende lewe. Lewe sonder die wetmatighede van die Skepper is nie moontlik nie (vgl. 2.3.3.1):

Maar pyn laat staan en vergifnis gaan saam. Ek sou God moes vergewe oor wat gebeur het. Die Vader het toegelaat dat ek verkrag word. Dit was moeiliker om God te vergewe as die verkragter, want dan sou ek daardeur sê dat ek sal aangaan met die lewe. Jy verwag dit van die verkragter en nie van God nie. Baie min vroue het die krag om op te staan na

verkragting en daarom hou hulle aan die pyn vas. God het my egter geseën met krag om op te staan.

Dit blyk dus dat die etiese keuse om te vergewe – al is dit moeilik – ’n korrekte optrede is wat na genesing en lewe lei. Dit sluit selfs by Hefner se siening dat die mens “created co-creator” is (vgl. 2.4.4). Die mens is dus vry om te kies, maar bly verantwoordelik aan die Skepper (Hefner 1993:100). Dit wil voorkom asof Santi dus eties-korrekte keuses tot diens maak het en so ingeval het by die Skepper of Maker wat lewe skep.

Haar hantering het nie net wetmatige besluite verteenwoordig nie, maar ook Woordmatige hantering (vgl. 2.3.3.2).

Santi: Ons dominee het my genooi vir ’n dissipelskapskool-kursus. Ek moes self besluit. Dit was in April, Mei en Junie 2009. Dit het baie dinge oopgemaak.

Dit kom uit in haar getuienis dat sy nie dadelik begin het met persoonlike stiltetyd nie, maar

Ses maande daarna het ek eers weer begin Bybel lees. Ek het ’n nuwe Bybel gaan koop, want ek wou skoon begin.

Sy noem verder dat ’n uitstaande Bybelgedeelte wat vir haar baie beteken het, Psalm 77 is. Hieruit word afgelei dat dit vol worsteling en vrae was. In haar getuienis noem sy dat Psalm 108 vir haar tans vir diensbaarheid baie beteken. Hierdie Psalm getuig weer van oorwinning en ’n lewe waartoe – ten spyte van pyn en swaarkry – gegroei kan word. Hieruit lei sy af dat elke mens se persoonlike pyn ander kan help om na hierdie punt van oorwinning te groei. ’n Hermeneutiese omgang tussen Woord en situasie het dus in Santi se geval moontlikhede oopgemaak om genesing te ervaar en te begin dien.

Die modus waarin die etiek van die Woord na die deelnemers gekom het, was nooit dwingmatig of raadgevend nie (vgl. 2.3.3.5). “Nobody can be forced, nobody can be expected to come” (Bonhoeffer 1995:87). Dit vind plaas by wyse van informasie wat transformeer (Vanden Berg 2009:348). Aldrie het die Woord vrywillig bestudeer en integreer (vgl. 2.4.1).

Vir René het sy krisis baie etiese implikasies by wyse van bekering (vgl. 2.3.3.4) gehad. Navorsers meen dat dit by hom die sterkste uitkom omdat sy krisis as gevolg van sy eie toedoen was.

Onthou, ek het dit oor myself gebring.

Hy noem dat hy *verskriklike skuldgevoelens* ervaar het teenoor God en ander mense. Hy noem ook dat hy moes gaan *regmaak* en dat dit die bevryding van 'n las was. Dit wys weereens op die feit dat etiese verkeerdhede 'n lewe van shalom wegneem (vgl. 2.3.3.1). Die soeke na etiese optrede by ander het ook dadelik 'n basis vir diens geword:

René: Ek was verlos van 'n las daarna. Dis baie swaar en ek wil graag vir ander wys dat mens sonder hierdie las kan wees.

Hy noem dat hy weggedwaal het en dat hy *graag vir Jesus iets wil doen*. Dit gaan vir hom oor die Naam van Jesus, want sy antwoord op die vraag wat sy hoofmotief in sy diensbaarheid is, was dat dit *slegs Jesus* is. Diens in René se lewe was dus 'n uitvloeisel van 'n nuwe lewe wat uit bekering spruit (vgl. 2.3.3.4). Sy verbondenheid aan 'n diens van Jesus alleen was so sterk dat hy weg is by 'n organisasie (wat met substansafhanklikheid werk) omdat hulle nie uitsluitlik Christelik wil werk nie:

René: Onthou, ek het tot bekering gekom toe ek twaalf jaar oud was. Ek was nog altyd baie lief vir Jesus – al het ek weggedwaal. Ek wou graag vir Jesus iets doen. Die AA⁴ het vir my gesê ek mag nie Jesus se Naam noem nie, toe waai ek by hulle.

René se motief vir diens onderstreep ook die etiese bestaan van die mens in daardie sin dat in opstand gekom moet word teen onderdrukkende strukture (vgl. 2.3.3.5)

As ons byvoorbeeld 'n klomp organiseerders kon kry, sou ons die land kan omkeer.

Riëtte het nie skuldgevoelens oor die kanker ervaar nie, maar dit het wel 'n verandering van lewe en denke vir haar en haar gesin teweeggebring – 'n vorm van bekering (vgl. 2.3.3.4). Haar diens aan mense is tegelykertyd *om hulle mooi te maak en by Jesus uit te bring*.

Riëtte: As ek nou terugkyk dan besef ek wat se guns het die Here my gedoen om my en my gesin anders oor die lewe te laat dink. 'n Baie groot deel van my eie ek het gesterf. Ek was in 'n 'comfort zone' omdat ek gedink het ek lewer diens omdat ek vir kinders skoolgehou het. Nou is dit anders. Dis nou die hele dag terwyl ek in die verlede net afgeslote tye gedien het.

⁴ Die AA staan vir Alkoholiste Anoniem. Dit is 'n nie-godsdienslike organisasie vir persone met 'n afhanklikheidsprobleem. Hierdie verwysing wil geen negatiewe refleksies na die AA toon nie. Intendeel, die rekord van die AA is bewese en René self het baat by hulle gevind. Die gebruikmaking van hierdie argument wys slegs heen na deelnemer se Christelik-etiese roeping.

Die verwerking en gepaardgaande diens word baie direk aan hermeneutiese omgang met die Woord van God gekoppel. Sy gebruik Psalm 118:17 wat haar gerig het om te vertel. Dit was 'n opdrag dat sy moet vertel van God terwyl sy lewe. Die Woord het dus rigtinggewende invloed gehad (vgl. 2.3.3.2).

Riëtte: Ek het Psalm 118:17 gekry wat sê jy sal lewe en nie sterf nie. Ek het gebid dat God my sal kom haal as my kinders groot is. Dit was teen my yskas en ek het dit elke dag gebid. Ek het elke dag gesê ek sal lewe en nie sterf nie en van die Here se werke vertel. My begin van my getuig kom direk van Psalm 118:17 af. Ek het geweet ek mag nie stilbly nie.

'n Ander teks is 2 Korintiërs 2:4 wat sê dat ons ons swaarkry moet gebruik om ander te bemoedig. Galasiërs 6:2 wat sê dra mekaar se laste. Filippense 2:13 ... God maak my gewillig en bekwaam om Sy wil uit te voer.

6.4.2.4 Perspektief van verantwoordelikheid (vgl. 2.3.4)

Sands (2010:37-39) noem dat roeping die beste verklaring van menswees as beeld van God is (vgl. 2.3.4.1). Santi verbind haar diens spesifiek aan hierdie gedagte. Dit verteenwoordig die gedagte dat imago Dei imitatio Dei moet word (vgl. 2.3.4.1 en 2.3.4.2). Die roeping van God het deur haar diens aan verkragtes geaktualiseer: "... the fulfilment of this vocation is the actualisation of the human. Put differently, human beings find themselves as they lose themselves in service to God" (Sands 2010:38).

Santi: Maar ek weet dat ek weet dat ek weet dat God my twaalf jaar terug geroep het vir 'n groter iets. Hy het geweet dat ek deur hierdie verkragting sal gaan. Ek is in 'n proses om hopelik finansiële onafhanklik te wees om iets vir Here voltyds te doen.

Navorser: Wat het 12 jaar terug gebeur?

Santi: Ek het 'n bestuurskursus oor eiendomme gedoen. Dit gaan oor hoe jy mense toerus. Die dag toe ek daar na die kursus ry, het ek gevra: 'Here, wat het ek hierdie week hier gedoen?' Ek het gevoel hoe die adrenalien deur my bruis. Ek het gevoel dat ek betrokke sal wees om vrouens in Afrika te mobiliseer. Ses jaar later is ek verkrag. Hierdie gebeurtenis en my verkragting is een gebeurtenis.

Die beeld van God is een van Helper. Die mens as beeld van God behoort dit ook te vertoon (vgl. 2.3.4.2). König (1991:7,9) noem dat mense moet antwoord op hul krisis omdat hulle "antwoordende" wesens is. Santi sien haarself as 'n priester wat aan mense gee (Middleton

2005:297). Haar ervaring tydens 'n kursus en die verkragting is *een gebeurtenis* van roeping tot bemiddeling van heil.

Navorser: So daar was nog altyd 'n passie vir vroue?

Santi: Daar was nie 'n tyd waar ek besluit het om spesifiek met verkragte vroue te werk nie. Om mense te help was nog altyd deel van my 'core'. Dis hoe die Here met my gewerk het.

Maar dit is altruïstiese roepingsbestaan (vgl. 2.3.4.3). "The genuine work of love is always a hidden work" (Bonhoeffer 1995:159). Ware genesing vind plaas wanneer die self nie bevoordeel word nie. Slegs dan het dit genesende waarde (vgl. 2.4.1).

Vir Santi is dit deel van haar kern. Die rede vir diens is vir René dankbaarheid.

Navorser: Hoekom het jy begin vertel?

René: Ek was so dankbaar om los te kom. Ek sou enige plek vertel wat Jesus vir my gedoen het.

Ook Riëtte vertoon hierdie motief.

Navorser: Hoekom dien jy ander ten spyte van jou kanker?

Riëtte: Want ek is dankbaar vir wat die Here aan ons doen.

Sy deel uit omdat dit deel van verantwoordelike Christenskap is:

Riëtte: Daar is 'n aanhaling van Woodrow Wilson: 'Ons is nie bloot op aarde om 'n lewe te maak nie. Ons is hier om die wêreld ruimer te laat lewe'. Jy is hier om die wêreld te verryk. Ons behoort nie iets te ontvang sonder om te gee nie.

Dit wat die mens ontvang – selfs pyn – is goedere om uit te deel vir die welsyn van ander (Bonhoeffer 1995:175). Daar is meer as een motief vir die toetrede tot diens as reaksie op 'n pynlike ervaring, maar by al die deelnemers word die verantwoordelikheid gevind om iets te doen met hulle krisis. Dit sluit aan by Gushee (1995:30) wat oor die lewe en teologie van Bonhoeffer sê: "... God's goals are larger than preserving our comforts, that sometimes God calls us to be witnesses during dark times ..." (vgl. 2.4.1). Dit vra dus dat die daad by die woord gevoeg moet word – Luther moes die klooster verlaat en na die wêreld gaan (Bonhoeffer 1995:48).

Dit is veral die siening van Collins (vgl. 2.4.2) oor diakonia wat in die deelnemers se lewe eggo. Die mens as diakonos is verteenwoordiger van God. God het sekere lewensgoedere aan mense gegee om na ander te bemiddel. Dit maak van die mens

- verteenwoordiger en ambassadeur (*geroepene* na ander verkragtes – Santi),
- hardloper en amptenaar (*vertel wat Jesus vir my gedoen het* aan afhanklikes – René)
- en handelaar en terapeut (*hier om die wêreld te verryk en behoort nie iets te ontvang sonder om te gee nie* aan mense met kanker – Riëtte) (vgl. Collins 1990;79-91, 195-248).

6.4.2.5 Perspektief van nood (vgl. 2.3.5)

Die beeld van God in die eksodus (vgl. 2.3.5.1) is een van God wat mense in nood bevry (Brueggeman 2006:60). Orals in die Woord word van die mens gevra om redder vir God se saak, die naaste en omgewing te wees (O'Collins 2007:1).

Santi: Vrouens praat nie oor verkragting nie. Dit is vir hulle 'n taboe. Ek het besluit om hom in detail orals te praat as dit ander kan help. Dit is nodig dat vrouens bewus gemaak word wat hulle kan doen wat nodig is om nie hulle lewens geestelik en emosioneel te verloor nie. Dis vir my nodig om te kan sê: 'Dis OK if you're not OK. Jy hoef nie OK te wees nie'.

As 'n persoon wat reeds verkragting deurgemaak het, kan Santi praat met persone wat dieselfde as sy deurgemaak het. Sy kan met insig redder wees. Haar lyding spreek met ander se lyding (vgl. 2.3.5.2). Met haar eerste geval – slegs twee maande na haar eie verkragting – was sy die aangewese persoon om tot hulp van die ander se nood te kom. Haar eie nood rus haar dus toe, maar stuur haar ook uit.

Santi: Op 'n dag het die Kolonel wat betrokke was met die verkragtingsaak my gebel en gesê, Santi, hier is 'n kind verkrag. Ek is jammer, maar ek weet jy is die een mens wat nou op hierdie toneel vir haar kan help. Ek kon nie 'nee' sê nie.

Ten spyte daarvan dat sy midde in die krisis was, het sy selfloos daardie saak gaan hanteer sodat haar lyding tot ander se lyding kan spreek. Jesus is dus die ideaal wat met sy liggaam ons laste dra en daarom dra ons ander se laste deur ons lyding (Bonhoeffer 1995:237) (vgl. 2.4.1).

René noem dat hy ander mense wil help vry word van 'n lewenswyse wat verkneg. Dit maak hom beeld van die God van Eksodus wat mense red uit verknegting (vgl. 2.3.5.1). Om ander

te help bevry van die slawerny van verkeerde gewoontes waaraan verkneg is (Bonhoeffer 1995:2005) (vgl. 2.4.1).

Daar is aan hom gevra waarom hy begin vertel en getuig het. Sy antwoord dui op die nood van ander mense:

René: Om ander ouens wat nog vasgevang is, ook los te kry. Onthou: jy hoor by die byeenkomste van die skade wat drank aan mense doen – die ergste dinge as gevolg van alkoholisbruik.

Daar is aan Riëtte gevra waarom sy vertel en getuig en haar antwoord reflekteer ook ander mense se nood as motief (vgl. 2.3.5).

Riëtte: Ek het die Here belowe. En ek is bang ander mense moet so lank soos ek wag om die grootheid van die Here te sien. Ek kan dit mos vir hulle makliker maak. My ervarings kan hulle gebruik. Hulle hoef nie te wag nie.

Haar roeping om dit vir ander makliker te maak herinner aan 'n liefdevolle God wat sy mense wil leer en lei om 'n vol lewe te lei ten spyte van omstandighede – en dat die een met die lewensgoedere as antwoord dit beredder.

6.4.2.6 Eskatologiese perspektief (vgl. 2.3.6)

Santi se diens toon nie opsigtelike eskatologiese tendense nie.

Navorsers: Speel jou hulp 'n rol as jy dink aan die ewigheid?

Santi: Glad nie. Ek dink nie ek gaan 'n groter 'innings' hê eendag nie. Dit gee my nie 'n regmerknie nie. Ek help mense om hier die regte keuses te laat doen, want elkeen het keuses oor wat hy met 'n situasie maak. Dis nie massiewe keuse nie, maar dinge soos kosmaak en bad. Dan wys ek hulle daarop dat hulle klein keuses gemaak het wat maak dat jy op die ou end gesond word.

Dit sluit aan by tekste soos Matteus 25:37 waar die skape/regverdiges nie geweet het dat hulle goed doen nie. Ook Matteus 6:3 bevestig dit waar Jesus vra dat die linkerhand nie moet weet wat die regterhand doen as dit die armes help nie. Dit sluit ook aan by die gedagte dat alle lewe in elk geval eskatologies is (vgl. 2.3.6.2). Die wyse waarop Santi haar pyn as diens gebruik as deel van die geskiedenis, maak haar diens per implikasie eskatologies (vgl. Surburg 2010:253-254).

Die klem op die ewige is by René en Riëtte baie meer prominent. Daar is by hulle 'n duidelike leef met die oog op die eskatologiese gebeure in die mate dat alle lewe vir hulle eskatologie is (vgl. 2.3.6.2). Surburg (2010:257) noem dat daar 'n duidelike bewustheid by die Bybelse mens is dat rekenskap as gelowiges aan die einde gevra sal word en daarom is sinvolle lewe die leefwyse wat die einde in gedagte hou (vgl. 2.3.6.2). Ook Bonhoeffer (1995:295-296) is aangehaal wat noem dat die hele lewe om een vraag draai, naamlik hoe ons die laaste oordeel sal oorleef (vgl. 2.4.1).

Navorser: Speel die ewige lewe 'n rol in jou bediening aan alkoholiste?

René: Ja, verskriklik ... in die opsig van Openbaring 22:12 'Kyk Ek kom gou en Ek het my loon by my.' Daarom wil ek nie hier op aarde bedank word nie, ek sal dit daar bo gaan haal. Kan jy dink as jy eendag daar staan en Jesus sê vir jou dankie. Dit speel 'n baie groot rol.

Navorser: Speel die ewige lewe 'n rol in jou getuienis?

Riëtte: Wat my aanbetref is dit alles waaroor dit gaan. As die Here oor alles eienaarskap geneem het, wil ek dankie sê. Dis nie iets wat my in die hemel bring nie. Ek wil graag mense by God bring sodat hulle die ewigheid kry en vir God begin leef. En dit is dan medisyne vir my.

Ook by René en Riëtte – al leef hulle met die oog op die ewige – neem die bewustheid van die eskatologiese gebeure nie hulle altruïstiese diens weg nie. Hulle dien sonder om iets daarvoor in ruil terug te verwag.

In 'n slotopmerking oor die mens as dienaar wil gewys word op Hall (vgl. 2.4.3) wat pleit vir 'n groter daarstelling en gebruikmaking van die metafoor dienaar omdat dit 'n korrektyf op huidige lewe sal wees en lewe sal vernuwe (Hall 1990:1). Hy noem dienaarwees in al die verbande hierbo genoem: die verhoudingsaspek is vir hom die kern van dienaarwees (verhoudingsaspek), dit vra 'n ander perspektief van verantwoordelikheid op menswees om na die markplein te gaan – dit sal as teenmiddel dien teen die gif van tegnokratie (kreatiewe- en verantwoordelikeheidsaspek), die mens gebruik sy omstandighede intelligent om die Koninkryk van God te bou (etiese aspek), die kruislewe van Jesus is vergestaltung van hierdie dienaarwees wat die mens moet modelleer (aspek van nood), diens van die gelowige moet mense heenwys na die ewige (eskatologiese aspek). Aangesien daarop gewys is dat die deelnemers in elke perspektief van dienaarwees 'n raakvlak het, wil dit daarop dui dat die mens in wese dienaar van God is en dat gesonde lewe uit dienaarwees spruit. Soos in die slotparagraaf van Hall (vgl. 2.4.3) gesê is: ware en gesonde menswees vra dat die mens homself sal sien as sendeling na die wêreld.

6.4.3 Diensbaarheid as sinvolle optrede teenoor 'n krisis

In hierdie paragraaf word gekyk na die genesingswaarde van diens soos dit in hoofstuk 3 uiteengesit is. Dit word tegelykertyd op twee vlakke ontleed. Aan die een kant word gesoek na momente van genesing wat deur die deelnemer se diens tot stand gekom het. Aan die ander kant word die diens wat deur die deelnemer tydens die krisis ontvang is, ondersoek. Laasgenoemde word dan ook geag bydraend te wees tot die implementering van krisis tot dienslewering. Dit word gelegitimeer deur wat Foster (1993:169) as diens definieer: diens is die *gee én ontvang* van diensbare daade (vgl. 3.4.4.1).

Die drie deelnemers sal apart hanteer word.

6.4.3.1 Santi

Santi het genoem dat dit altyd swaar is om te praat oor die pynlike gebeurtenis en dit in herinnering te roep – selfs al is dit om dit aan te wend vir positiewe en opbouende doeleindes.

Santi: Selfs na drie jaar bly dit moeilik. Ek het gister 'n onderhoud gehad met iemand wat in 'n plaaslike publikasie 'n artikel oor stories van hoop doen.

Navorsers: Verander die swaar?

Santi: Ja, dis nie die swaar van daardie dag nie. Dis 'n ander swaar. Dis 'n ander seer as ek sien wat dit aan my gesin gedoen het. Dis nie iets waaroor jy bly word nie. Daar's twee kante. Dis swaar, maar daar is ook 'n dankbaarheid oor waar die Here ons gebring het.

Na drie jaar maak dit my steeds verskriklik hartseer. Dit voel beslis nie of jy 'arrive' het nie. Daar is wel baie dankbaarheid – ongelooflike dankbaarheid. Om te wees waar ek nou is.

Diensloosheid is om te vergeet (vgl. 3.2.6). Daar is deur Anderson (2010:125) aangetoon dat daar sonder onthou geen hermeneutiese proses kan plaasvind nie. Die feit dat Santi oor haar gebeure praat en dit in die oë kyk wanneer sy daarmee bedien, skep 'n onthou wat heling bring. Daarom kan sy noem dat die seer nie meer dieselfde is nie en dat daar dankbaarheid gekom het – ten spyte van die pynlikheid daarvan.

Die feit dat praat en die diens van die gebeure pyn bring, dra in hom die versoeking om te wil vergeet. Maar dit sou narsisties (vgl. 3.2.4) wees wat volgens Capps (1987:11) die volgende

omkeer van die beeld van God bring: trots, jaloesie, woede, luiheid, gierigheid, vraatsug en wellus. Dit is sewe doodsondes wat nie genesing kan bring nie. Santi moes en het hierdie sewe doodsondes oorwin en genesing as volg ervaar:

- trots – deur af te buig na alle mense;
- jaloesie – sy het dankbaarheid begin ervaar;
- woede – die sagtheid vir mense in nood en die buig na 'n God wat haar roep;
- luiheid – diensbare lewe;
- gierigheid – sy het haar lewe begin deel en uitgee;
- vraatsug – van die eerste oomblik gaan dit vir haar oor ander omdat sy nie 'n pre-okkupasie met haarself het nie en
- wellus – die weiering om selfbevrediging (soos selfbejammering en aandag), maar 'n soeke na voordeel van ander.

Om nie te onthou nie en te bedien, het ander vorme van ongesonde reaksie op 'n pynlike gebeure by haar voorkom:

- nalating (vgl. 3.2.2) – Tucker (2008:131) wys daarop dat nalating so oneties is soos ander vorme van gedrag wat teen die wil van God is, maar Santi gaan uit na vroue wat verkrag word as sy gevra word en getuig;
- lewe sonder telos (vgl. 3.2.4) – daar word nie denkend en doelgerig geleef nie, maar sy het haar lewensroeping gevind;
- gebrek aan rentmeesterskap (vgl. 3.2.6 en 3.6.5) – lewensgoedere as talente word nie benut nie – en dit het ewigheidsimplikasies, maar haar bediening wys op die uitdeel van haar stuk geskiedenis;
- weiering om relasioneel te leef (vgl. 3.2.7) – die genesingswaarde van verhoudings word ontbeer, maar sy het dit beleef en bedien dit aan God, mekaar en haarself;
- liefdeloosheid (vgl. 3.2.8) – dit veroorsaak 'n *homo incurvatus in seipsum* (vgl. Collins 2007:60), maar sy deel haar lewe met ander;
- verbondsverbreking (vgl. 3.2.10) – daar vind geen seën na ander plaas nie, maar sy getuig van hoeveel mense wat seën ervaar deur haar bemoeienis en
- hoogmoed (vgl. 3.2.12) – dit dui op 'n arrogansie dat die enkeling op sy eie kan regkom, maar sy het hulp aanvaar en gee dit.

Wat vir Santi wel belangrik was, is die insig om haar eie proses te verstaan. Sy het verskeie beradingsessies gehad. Sy vertel hoe haar beradingspad geloop het, wat nie gewerk het nie en wat wel gewerk het:

Navorser: By wie het jy berading ontvang?

Santi: Iemand van ...⁵ het na my gekom. Ek was vir haar so woedend dat sy haar besonderhede gelos het om haar te kontak. Sy het my aanmekeer gekontak, maar ek wou haar nie sien nie.

Navorser: Hoekom was jy vir haar kwaad?

Santi: Ek het gedink: Wat weet jy? Vir die eerste ses weke moet daar net iemand by 'n verkragte wees. Dis my rol. Daarna is professionele berading nodig – verseker. Dan eers skop die realiteit in.

Ek is ook later na 'n vroue-sielkundige verwys.

Navorser: Was dit belangrik dat sy 'n vrou was?

Santi: Nee, sy het vir my niks beteken nie. Sy het net die hele tyd gesê: 'Vertel my.' Sy was baie simpatiek, maar het nie my proses vir my verduidelik nie.

Toe kom ek by 'n man. Hy het my so gekyk en gesê: 'Ek wil nie onsimpatiek wees nie, maar jy hoef nooit in my spreekkamer terug te gaan na die verkragting nie. Behalwe as jy wil.' Hy het gesê dat hy eers gaan verduidelik wat deur enige persoon se kop met verkragting gaan voordat na my spesifieke geval verwys word. Ek het aan sy lippe gehang. Hy het vir my gesê: 'Jy slaap nie in die aand nie, nagmerries – dis OK, moenie helder ligte aansit in die nag nie – dit maak jou wakker.' Dit het vir my geweldig baie beteken.

Dit blyk dat 'n persoon in 'n krisis iemand bekends naby hom nodig het wat verkieslik deur pyn gegaan het en daarom outoriteit het om te verstaan – anders is die gevoel van *Wat weet jy?* teenwoordig. Daar is reeds daarop gewys dat alle vorme van diens by haar nie genesend ervaar is nie (vgl. 6.4.2.1) – te veel vreemdelinge en mense wat sensasie byvoorbeeld soek, bring nie genesing nie.

Wat genesing gebring het, is

- mense met pyn wat bereid is om saam met haar te wees (vgl. 3.4.4.1) – haar familie en naby-vriende,
- persone wat hulle geloof leef deur haar te help leef (vgl. 3.4.4.2 en 3.4.4.4) – 'n dokter wat vir haar die voorskrif van 'n hondjie gegee het, asook mense wat saam met haar kon lag, en

⁵ Details van persone en ander sensitiewe inligting word uitgelaat ter wille van blootstelling en met 'n oop spasie aangedui.

- mense wat hulle eie pyn selfloos vertoon het (vgl. 3.4.4.5) – die medestudente van die dissipelskapskool wat haar perspektief op haar eie krisis gegee het.

Maar dit blyk dat daar veral gesoek word na 'n persoon wat holistiese verstaan bewerk (vgl. 3.4.1). Dit beteken nie dat professionele hulp nie nodig is nie – soos wat Santi tereg erken. Navorser meen dat die persoonlikheid van die slagoffer en die tydsberekening moontlik 'n rol kon speel. Santi se persoonlikheid het aanklank gevind by 'n persoon wat die proses rationeel verduidelik het. Die tydsberekening van wie op watter tyd betrokke raak, speel ook 'n rol. Feit van die saak is egter dat iemand behoefte het aan 'n ander persoon wat eerstens verstaan wat die slagoffer deurgaans en dit van harte verstaan omdat dieselfde proses deel van daardie persoon se lewe was. Verder moet die berader (of ander persoon wat help) die fisiese proses verduidelik sodat die slagoffer die gebeure en belewenisse hermeneuties kan verwerk. Dit help ook om later ander slagoffers met hierdie inligting te bedien.

Navorser: Sou jy sê dat jy mense help as jy die pad verstaan en verduidelik?

Santi: Baie, baie. As jy op die toneel kom, sien jy dat mense baie deurmekaar is.

Al het sy eers ses maande na die pynlike gebeurtenis Bybel begin lees en met God geworstel, het die Bybelskool en tekste soos Psalm 77 en 108 as objektiewe werklikheid waarde gehad:

Dit het baie dinge oopgemaak.

Die “voorskrif” wat 'n groot rol in haar genesing gespeel het, het van haar huisdokter en vriendin gekom:

Santi: Verder het my dokter gesê dat sy nie vir my slaapmiddels gaan voorskryf nie, maar haar voorskrif is 'n klein Dwerg Franse Poedel wat net vir Santi lief is. Daai aand het 'Liquorice' – dis die hondjie se naam – in my huis gekom. Daai klein 'puppy' het my op die pad na genesing gesit.

Navorser: Hoekom?

Santi: Hy kon glad nie met my praat nie. Omdat hy vir my totaal en al lief, lief was. Hy is nie bang om aan my te raak nie. Hy wil op my skoot sit. Hy volg my net so stukkend as wat ek is. Die verantwoordelikheid om vir die hondjie te sorg het gemaak dat ek nooit hospitaal toe is nie. Vir elke verkragter waarmee ek gewerk het, het ek 'n hondjie gegee. Ek het die Here weer in die hondjie gesien. Hierdie diertjie is geskape deur die Here. Die Here gee vir ons diere en die natuur om vir ons die mooi van die lewe te wys, want die lewe is hard. Kan jy

jou indink as ons ons trauma moet deurgaans sonder 'n natuur. Die enigste iets wat my weer in God laat glo het, is sy skepping. Niks anders nie.

Tydens haar getuigenis beskryf sy dit as volg:

Toe is ons na my huisdokter. Kan my maar opneem en ondersit. Haar simpatie was werklik. Toe skryf sy iets voor waarvan ek nie gaan hou nie, het sy gesê. Ek het gedink: hier is dit. Hulle gaan my ondersit en ek gaan onder bly. Ek sien nie kans vir die 'reality' nie. Sy't begin skryf. Daarop het gestaan: een pragtige klein hondjie wat net vir Santi lief is. Ek het gesê ek wil nie 'n hondjie hê nie. Sy het gesê sy ken my en weet as sy my nou pille gee, sal dit nie help nie. Ek is huis toe en begin 'Google' oor honde. Daardie aand het my pa vir my 'Liquorice' by die huis aangebring. 'n Dwerg Franse Poedel.

Hier kom enkele belangrike genesingsmomente na vore

Die hondjie

- het haar aan God herinner, aan die mooi van die lewe herinner en dat God bestaan en genees (vgl. 3.4.3),
- het deelname aan lewe bewerk deur verantwoordelikheid te vra (vgl. 3.4.4.2) en
- het ook die teendeel gebring waarvoor sy reggemaak het, naamlik geleefde geloof (vgl. 3.4.4.4).

Die daarstelling van simbole wat op God se goedheid en die mooi van lewe dui, is belangrik vir 'n lewe wat weer opstaan tot diensbaarheid.

Haar doktersvriendin – as medewerker van God (vgl. 3.4.4)

- het haar geken,
- die regte raad gegee,
- egte simpatie gehad en
- het dus vertrouwe ingeboesem.

Wat Santi se persoonlike diens betref, is gevra:

Watter genesingswaarde het jou diens vir jou?

Santi: Om die dooie oë van mense weer te laat leef. Om die lig in mense se oë te sien gebeur.

Navorser: Hoe maak dit jou gesond?

Santi: God het my gesond gemaak. My bediening het my nie gesond gemaak nie. Dit laat my groei. Elke keer as ek gehelp het, was dit die lig in my tunnel as ek 'n 'relapse' gekry het. 'n Mens kry weer en weer slegte dae. As ek sulke dae kry, dink ek aan die mense wat ek help. Ek sien hoe hulle groei en ek beleef my eie groei saam met hulle. Dis om die pyn nie in 'n kas weg te bêre nie, maar uit te haal. Want wie kan pyn wegsit en aangaan met die lewe asof niks gebeur het nie? Jy kan nie jou pyn wegsit nie. Elke keer as ek met 'n verkragter werk, sien ek waar ek begin het. Daar is 'n 'quote' wat sê: 'I'm not where I want to be, but I'm not where I used to be.' Met ander woorde: ek is nie waar ek wil wees nie, maar as ek omdraai, is ek nie aan die begin van die Comrades nie. Ek is nie by die wenstreep van die Comrades nie. Ek het nog baie groei om te gaan, maar die Here het my so laat groei en ge-'challenge' om binne ses weke met Radiokansel te praat.

Die skep van nuwe lewe in dooie mense se lewens is 'n vorm van deelname aan die lewe (vgl. 3.4.4.2) deur deugde van barmhartigheid wat die eie lewe en ander se lewe verryk (Heyns 1974:96). Deur die benutting van lewensomstandighede tot diens het Santi vir haar en ander 'n nuwe toekoms geskep.

Sy noem pertinent dat *God gesond maak* (vgl. 3.4.3). Haar bediening het God se werk meetbaar gemaak – *ek is nie waar ek was nie* – en was daarom terapeuties in die mate waar dit hoop gegee het (vgl. 3.4.4) (Brown 1976:163).

Santi het ook nie haar pyn *in 'n kas gesit* nie. Dit dui op die genesing wat deur rentmeesterskap bewerk word (vgl. 3.2.7) en optrede teen passiwiteit (vgl. 3.2.12).

Daar is verder uitgevra:

As jy nie verkragtingslagoffers gehelp het nie, wat sou met jou gebeur het?

Santi: Die dag wat jy kan sit en neerskryf wat die positiewe dinge is te midde van hierdie pyn begin jou gesondword. Dit hoef nie jare te neem nie. Ek het twee weke na my verkragting 'n lys begin maak: 'n 1000 dinge wat positief is na my verkragting. Die dag as jy mooi dinge in die lewe kan begin raaksien ...

Genesing begin dus met die aanvaarding dat verkragting deel van haar lewe is (vgl. 3.4.1) en dat sy daarin iets moet ontdek. Sy het selfs ontdek dat daar *dinge* uit die pyn is wat *positief* of *mooi* is. Die feit dat sy dit *neergeskryf* het (vgl. 5.2.7.3), het dit ook visueel onderstreep.

Uit haar getuigenis blyk dit dat die gebeur van geregtigheid (vgl. 3.4.4.3) ook 'n stuk genesing gebring het. Daar kan nie ware shalom wees as ongeregtigheid heers nie.

Die volgende dag het die polisie die man gevang. Dit was 'n verligting.

Santi het op 'n stadium in die gesprek genoem dat sy in die verwerking van haar pyn kon begin lag. Dit is 'n teken van deelname aan lewe (vgl. 3.4.4.2), geleefde geloof (vgl. 3.4.4.4) asook 'n deelname aan lewe saam met ander (vgl. 3.4.4.1), want 'n mens lag nie alleen nie. Navorsers het gevra:

Het humor jou gehelp?

Santi: Ek het nog altyd geglo dat die eerste lag na 'n krisis wys op 50% oorwinning van die krisis.

Navorsers: Met ander woorde: lag, 'Liquorice', herfsblare speel 'n rol?

Santi: Verseker. Die verkragter wou my selfoon steel, maar kon dit nie werk nie. Ek het later daarvoor kon lag. Een van my vriendinne word maklik naar. As ek naar geword het, het sy weggehardloop en teruggekom. Ons het daarvoor gelag. Dit is wat gesond gemaak het.

Almal het die nag in daardie kamer geslaap. Die volgende môre stap my man die kamer in – met nog 'n hele paar pype aan. Die ou wat ons deur kanker moes dra, was daar vir ons! Ons het na die tyd gelag as ons ge-'picture' het hoe ons gelyk het.

Wanneer die humor van pyn raakgesien word, is dit wesenlik as deel van lewe geïntegreer. Dit kan slegs gebeur as oor die lyding saam met ander gedeel word.

6.4.3.2 René

René se alkoholprobleem het met sy spraakgebrek van hikkels saamgeval.

Navorsers: Watter jaar het jy begin drink?

René: My eerste ondervinding van drank was in 1962 toe ek sestien jaar oud was.

Navorsers: Op skool begin drink?

René: Dit was die ongelooflikste ding. Onthou, ek het gehikkels. Nou drink ek hierdie goed en skielik is ek ontslae van hikkels. Dit was net 'wow'!

Navorsers: So, jy het dit as 'n kruk gebruik om oor die hikkels te kom?

René: Ja, veral later in die besigheidswêreld. Ek moes groepe mense toespreek en het veral voor baie mense gehakkel. Daarom het ek dit gereeld misbruik om gemaklik voor mense te wees.

Na sy rehabilitasie het die probleem natuurlik weer na die oppervlakte gekom. Hy het wel begin getuig en praat – deur die gehakkel – maar in 'n kleingroep of aan enkel persone.

Navorsers: Wanneer en hoe het jy toe begin praat?

René: Ek het wel by die byeenkomste in die aande gepraat, want dis 'n beskermende omgewing. Ek het wel gehakkel daar as ek gepraat het. Vreeslik, maar ek is daar deur. Toe gebeur 'n lelike ding – 'n vrouegroep vra vir my om by hulle te praat. Ek moes gaan praat met vreemde mense in 'n vreemde omgewing. Dit was moeilik. Maar tog, toe ek net my storie vertel en nie slim en geleerd wil klink nie, toe vloei dit!

René het in sy aanvaarding van die taak om te vertel van sy probleem en mense in te lig enkele ontoepaslike reaksies op lyding oorkom: Hy het

- rentmeesterskap van sy lewensgoedere (vgl. 3.2.6) aanvaar en begin uitdeel – al was dit *vreeslik*;
- verder nie nagelaat om te praat en mense in te lig nie (vgl. 3.2.2) – al was dit 'n *lelike ding*;
- die negatiewe van narsisme vermy (vgl. 3.2.3) deur nie op homself te fokus nie – *nie slim en geleerd probeer klink nie*;
- nie relasionele lewe (vgl. 3.2.7) ontken nie en na 'n groep gegaan – en dit was *moeilik*;
- liefde nagestreef (vgl. 3.2.8) omdat hy mense wou help – ten spyte van die *vreemde omgewing*;
- die verbond met God (vgl. 3.2.10) erken en sy rol begin vervul deur gestuurde na ander met dieselfde probleem te wees – *ek het my storie vertel* en
- geweier om passief (vgl. 3.2.11) te staan teenoor misbruik van alkohol en ander substansie – nie daaraan gedink om “nee” te sê vir die *vrouegroep* nie.

Die aanvaarding van verantwoordelikheid om met sy lewensgeskiedenis in medemense se lewe in te bou, het dus 'n hakkelgebrek verbeter en genees.

René het nie kliniekbehandeling deurgegaan nie.

Navorsers: Wat het jy gedoen vir rehabilitasie?

René: Ek was Dinsdagaande by AA. Woensdagaande by CAV – die ou Christelike Afhanklikheidsvereniging. Vrydagaande het die twee groepe saam 'n oop aand gehad.

Hier sien ons dat die mens medewerker is op die pad na genesing (vgl. 3.4.4). Sonder hierdie volhardende deelname van sy kant, sou genesing kwalik kon plaasvind.

Ook in sy diens as leier van die CAD word hierdie volhardende en gedetermineerde gedrag geopenbaar:

Ons het Dinsdagaande ons CAD-aande gehad. Ek het besluit dat daar elke aand iemand daar sal wees – al moet ek alleen die aand daar deurbring. En ek was sommige aande alleen daar. Nou is ons gemiddeld dertig tot veertig mense op 'n aand.

Sy genesing van die alkoholprobleem dui vanuit die onderhoud duidelik aan hoe hy sy kant gebring het om bevryding van die probleem te vind. In sy geskrewe getuienis word dit egter omvangryk verduidelik:

Ek kon weens my werk nie vir voltydse behandeling in 'n inrigting gaan nie. Dit was nie maklik nie. Ek was ernstig om nie weer te drink nie en het Dinsdag-, Woensdag- en Vrydagaande byeenkomste bygewoon. Met die hulp van vriende by die CAD (Christelike Afhanklikheidsdiens) het ek geleer om staande te bly. Gelukkig het Jesus my opregtheid raakgesien en het Hy my op 15 Oktober van daardie jaar finaal verlos.

Die wisselwerking van God wat Geneser is (vgl. 3.4.3) en die mens as medewerker (vgl. 3.4.4) kom duidelik hier na vore. Ook die bestaan as relasionele wese (vgl. 3.2.7) het 'n netwerk van mense/vriende by die CAD laat saamkom wat hom en mekaar gehelp het. Deur 'n medemens die kans te gee om sy verantwoordelikheid te benut, het dus gesonde lewe geskep (Anderson 1982:55,63). Maar hy bely dat God genesing gee: *Gelukkig het Jesus my opregtheid raakgesien ... en my finaal verlos.* Hierdie twee sake van God wat genees en mense wat medewerkers is (vgl. 3.4.3 en 3.4.4), kom ook uit in die onderhoud:

René: Ek het eenkeer lus geword om te drink en was voor die hotel. Maar hulle het gesê dat ons iemand moet bel as ons wil drink. Ek bel toe iemand en hy help my om nie te drink nie. Van daardie dag af het ek nooit weer lus gehad of gedink aan alkohol nie. Ek dink Jesus het daardie dag besluit om my los te maak. Hierdie ou is opreg en doen die regte dinge.

Sy gebruik van medemens, eie volharding en die seënende werk van God het dus genesing bewerk.

Navorsers: So, jy het nooit kliniekopname gehad nie?

René: Ongelukkig nie.

Navorsers: Ongelukkig?

René: Ja, want ek het vir ses maande stilstuipe gehad. Ek kon nie praat nie. Ek het absoluut geen selfbeeld gehad nie. Intussen het ek by my werk bedank. Ek het nie eers selfvertroue gehad om 'n aansoekvorm vir werk te gaan haal by 'n plek nie.

Navorsers: Kan ons terugkom na die stilstuipe. Hoekom was dit?

René: Nee, ek het net nie geweet wat met my aan die gang is nie. Ek dink ek het 'issues' gehad wat ek nog nie verwerk het nie. Daarom sê ek dat mense moet gaan vir behandeling, want jou totale menswees word daar aangespreek.

Navorsers: Wat het gebeur dat jy na ses maande weer begin praat het?

René: Toe begin ek vertel wat met my gebeur het ... vir enige iemand wat wil luister. Ek het steeds gehakkel, maar al hoe minder.

Hier kom dit duidelik na vore dat 'n holistiese verstaan van 'n persoon se lewe (vgl. 3.4.1) 'n deurslaggewende rol in genesing speel. Die ontkenning van pyn bring dus nie genesing nie, maar die erkenning en intelligente integrering daarvan in die hele verloop van 'n individu se lewe (Cloud 1992:215). Hiermee help die kliniekopname wat verlede, hede en toekoms insiggewend integreer.

Die saak van 'n intellektuele verstaan van die probleem – soos in Santi se geval – kom ook hier na vore. Dit is dus nodig om kennis van die spesifieke krisis, probleem of pynlike gebeurte te hê sodat 'n hermeneuse in diepte kan plaasvind en genesing ervaar word. René koppel sy voortgaande probleem van hakkel direk aan hierdie behandeling wat inligting en insig in die hele situasie sou bewerk.

Wat ook uitstaan, is die feit dat sy aanvaarding dat hy moet getuig, wel 'n verbetering – *al hoe minder* – van die hakkelprobleem gebring het. Hy het die nood van mense gesien (vgl. 3.2.9) en die beeld van God vertoon deur soos Jesus verantwoordelikheid vir mense te neem (vgl. 3.4.2). So het ook 'n gemeenskap van genesers vir mekaar ontstaan (Allen 2001:50) wat genesing vir hom en hulle bewerk.

Die diens wat hy fisies begin doen het, hou vir hom ook genesing in:

Navorsers: Watter persone inspireer jou?

René: Sommige predikante – ongelukkig nie almal nie. En natuurlik die mense van die CAD. Die feit dat ons bymekaarkom, is motiverend. Dis soos kerk toe gaan. Jy's nie altyd lus om te gaan nie, maar as jy uitstap, weet jy dit was goed. Die Heilige Gees gebruik die saamwees.

Die relasionele bestaan (vgl. 3.2.7) wat genesing bring, kom hier duidelik na vore. 'n Onttrekkende bestaan in selfbejammerende narsisme (vgl. 3.2.3) word ook hier deurbreek. Dit kom neer op König (1991:200,201) se beskrywing van verbondsverbreking as die sonde van 'n lewe sonder liefdesdiens aan mekaar. Dit herinner ook aan Matteus 18:20 wat God en Gees se teenwoordigheid – en daarom genesende werking – in saamwees illustreer.

Bogenoemde sluit aan by René se lewenskeuse om teleologies te leef (vgl. 3.2.4).

Navorsers: Wat inspireer jou om aan te gaan?

René: Dis my bediening. Elkeen van ons het mos 'n bediening. Dis nie swaar nie. Dis 'n vreugde. As ek die mense by die CAD sien, is ek so bly dat hulle steeds nugter is. Natuurlik val mense terug, maar daar is baie oorwinnings. Vat 'n ou soos ... – hy het nie net nugter geword nie. Hy het skielik omgedraai vir Jesus. Ek is gelukkig omdat ek sien dat Jesus mense laat oorwin. Ek oorwin ook elke keer as ek saam met hulle bly word oor my eie oorwinning.

Navorsers: Speel dit 'n rol dat jy in mense se lewe 'n ondersteuningsrol vervul?

René: Dit laat my goed voel dat ek tog by my roeping uitkom. Daar is niks so lekker as wat jy wegstap van 'n ou en jy weet jy was 'n instrument in hierdie persoon se lewe.

Die teleologiese bestaan van roepingsvervulling (vgl. 3.2.4) bring dus genesing in daardie sin dat dit vreugde en blydschap tot lewe toevoeg. Dit is nie iets wat swaar is nie, maar is vreugdevolle diens. Dit hang saam met die gedagte dat hy geweier het om te vergeet (vgl. 3.2.5). Die onthou van die gebeure saam met ander bring 'n bly word van eie oorwinning.

Navorsers: Kan mens praat van 'n feesviering?

René: Ja, verseker. Die mense dink seker dis snaaks dat ons na 'n jaar se nugterheid verjaarsdag hou. Onthou dis 'n wonderwerk as iemand na 'n jaar nog nugter is, want ons leef in 'n wêreld waar alles met alkohol gepaardgaan. Alkohol is 'OK' vir vandag.

Navorsers: Kan mens dus sê dat elke keer as jy iemand se oorwinning vier ...

René: ... dis my oorwinning ook!

Enkele belangrike vorms van genesing word hier gevind:

- predikante wat verstaan,
- mense met dieselfde probleem wat saamkom,
- die vreugde van ander wat verlos is,
- oorwinnings motiveer,
- feesvieringe van oorwinnings – viering van alternatiewe lewe en
- die uitvoering van 'n roeping.

Daar is ook aan René gevra

Sê nou jy het reggekom aan die begin, maar nooit begin getuig of ander help nie, wat sou gebeur het?

René: Ek sou teruggeval het.

Navorsers: Hoe kan jy dit sê?

René: (Lag.) As jy nie getuig nie, stel jy nie 'n polisieman aan nie. As jy getuig, stel jy mense om jou aan om my te help. Ek stel hulle in staat om my te help en beskerm.

René se diens het dus mense om hom versamel wat hom ondersteun. Dit ondersteun die gedagte dat alle vorme van beeld van God wees genesend werk: betrokkenheid (vgl. 3.2) – soos die beeld van God aandui (vgl. 3.2.1), selflose lewe om nie na te laat nie (vgl. 3.2.2), teleologiese roepingsbestaan (vgl. 3.2.4), onthou en vertel (vgl. 3.2.5), aanvaarding van rentmeesterskap (vgl. 3.2.6), reaksie van praktiese liefde (vgl. 3.2.8), aanspreek van nood (vgl. 3.2.9), nakom van die verbond om 'n seën te wees (vgl. 3.2.10), aktiewe deelname aan lewe (vgl. 3.2.11) en nederigheid (vgl. 3.2.12). Maar dit is veral die bestaan in relasionele lewe (vgl. 3.2.7) en die na-buitegerigtheid as omkeer van narsisme (vgl. 3.2.3) wat genees.

Navorsers: Wat vra jou diensbaarheid van jou?

René: Baie geduld en om nie te veroordeel nie. As 'n ou dronk is, wil hy nie wees nie – ek weet dit. Dit vat baie van 'n ou se vrye tyd, maar wat se opoffering is dit nou.

Die belegging in werklike lewe van mense is 'n opoffering, *maar wat se opoffering is dit nou?* Daar is ook nie by hom hoogmoed (vgl. 3.2.12) oor dronk mense nie, want hy verstaan hulle

omdat hy daar was. Dit verlos hom ook van die tirannie van die eie ek en daarmee herdefinieer hy sinvolle lewe (vgl. 3.4.4) wat medewerker van God is.

6.4.3.3 Riëtte

Die uitstaande kenmerk by Riëtte is die rol wat die Woord van God as objektiewe realiteit gespeel het.

Nadat sy met kanker gediagnoseer is, het sy besluit om na 'n geloofsgeneser te gaan wat op daardie stadium in die land was. Sy het ook vasgehou aan 'n dokter wat haar gesalf het en "geprofeteer" het dat sy *instant healing* sal beleef.⁶ Daarom het sy besluit om nie vir behandeling te gaan nie. Haar man het haar ooreed om na haar predikant te gaan. Haar getuigenis oor die verloop van haar hele pynlike gebeure is deurspek van wat in die predikant se studeerkamer gebeur het.

Riëtte: Die plaaslike dominee het vir my 2 Kronieke 20 geles. Dis daardie stukkie waar die Here sê 'Ek wil hê jy moet deur die oorlog gaan.' Maar jy gaan nooit alleen wees nie. Ek sal vir jou veg. Hierdie oorlog is nie joune nie – dis Myne. En toe besluit ons ek gaan nie vir die geloofsgenesing nie. Die dominee sê toe: 'Jy moet my mooi verstaan – ons dien 'n almagtige God, maar wat gaan jy doen as jy van ... af terugkom en jy is nie gesond nie?'

Riëtte se hele proses van kanker het herhaaldelik aanklank by hierdie teks en haar hermeneuse daarvan gevind. Omdat sy so 'n lang proses van genesing gehad het, het hierdie waarheid haar deurgaans vrede laat ervaar.

Navorsers: Hoeveel operasies is dit nou later?

Riëtte: Ek gaan nou vir die dertiende een.

Navorsers: Het die baie operasies 'n verband met die dominee se teks dat dit 'n oorlog sal wees?

Riëtte: Dit het my 'n kopskuif laat maak dat dit 'n lang pad gaan wees. Maar Hy gaan saam met my daardeur. Ek dink nie dat Hy nie wonderwerke kan doen nie. Maar dis nie die pad wat God wil hê ek moet loop nie.

Daar was dus 'n besliste hermeneutiese proses tussen omstandighede en Woord van God gewees. Hierdie verstaan van die Woord het gedui op 'n holistiese verstaan van lyding (vgl.

⁶ Daar word nie met hierdie paragraaf negatief oor geloofsgenesing of salwing geëvalueer nie. Daar word slegs gewys op die spesifieke invloed wat die Woord van God op die pad van hierdie deelnemer gehad het.

3.4.1), naamlik dat lyding ook lewe is. Dit gaan dus in teen die narsistiese kultuur van die mens van vandag dat lyding ten alle koste ontvlug moet word (Son 2008:65). Sy moes glo dat God steeds goed is te midde van die pynlike gebeure (Fante 2009:80). Die feit dat God saamgaan as Een wat deelneem aan lyding (vgl. 4.3.3), speel ook 'n genesingsrol.

Die besliste moment vir Riëtte se diensvorming het op 'n aand gebeur waar sy en haar man genooi is om na 'n DVD⁷ te kyk

... van 'n persoon wat swaar praat. Hierdie aand het ek geweet hierdie ou berei my voor vir iets.

Navorser: Wat het jou op hierdie stadium laat dink dat hierdie ou jou voorberei vir iets?

Riëtte: Omdat hierdie ou nie kan praat nie. Ek het geweet die Here wil my gebruik met hierdie mond van my.

Sy het dus met iemand wat self nie goed gepraat het nie geassosieer. 'n Persoon wat nie goed kon praat nie, het haar, wat nie goed kan praat nie, haar roeping of telos laat identifiseer. Hier het 'n deurbraak plaasgevind deur 'n persoon in dieselfde omstandighede as Riëtte wat haar lewe teologies geraak het en 'n wending in die gebeure laat plaasvind het (vgl. 3.2.4). Dit kon egter nie plaasvind sonder die deurligtende rol van die Heilige Gees nie (vgl. 4.4.3).

Die netwerk van verhoudings as relasionele bestaan (vgl. 3.2.7) het ook bepaalde invloed op verligting en vrede gehad tydens haar pynlike gebeure:

Riëtte: Net na die derde operasie het ek 'n sms van my skoonsussie gekry wat vir my baie beteken het in my donkerte.

Uit haar getuienis kom die volgende belydenis:

My grootste bron van krag was ongetwyfeld God wat my letterlik omvou het en op sy skoot getel het. Die krag van gebed het my gedra. Familie en vriende het dwarsoor die wêreld vir my begin bid en by die Here se voete gepleit! Kosbare vriende het vir my gevas gedurende my operasies en tydsindelings gemaak dat daar letterlik minuutliks vir my gebid is. Dan was daar my juweel van 'n man met wie ek al my vrese kon deel en saam met wie ek lekker kon lag te midde van moeilike omstandighede, want die Here het vir my gewys dat vreugde my

⁷ Die DVD is: *I have cerebral palsy ... what's your problem?* Die spreker is *David Ring*. Die spreker vertel hoe hy ten spyte van breinskade en 'n spraakgebrek steeds suksesvol geleef het.

krag was teen die aanvalle van die satan. Dit klink onmoontlik om vol vreugde te wees in moeilike tye, maar dis juis dan wat ons baie meer daarvoor moet vra!

'n Netwerk van verhoudinge het haar dus ondersteun: God, gesin, familie, vriende en gebedsvriende.

Ook sy het slegte ervarings van die netwerk van mense – mense wie se hulp nie gehelp het nie:

Dit is mense wat haar aanstaar en verleë laat voel, asook

Riëtte: Wat my vang, is mense wat vir my sê my kanker is 'n wortel van bitterheid teen my ma en suster. Ek het nie eers 'n suster nie.

Hierdie gedagtes ondersteun die hipotese dat mense deur hulle eie pyn van binne 'n situasie sensitiewe en ingeligte uitsprake maak. Dit is mense wat nie verstaan nie en van buite uitsprake maak wat nie genesing bewerk nie.

Ons vind hier ook die gedagte van vreugde soos by Santi en René.

In die eerste plek is vreugde van die Here die sterkte vir 'n mens in nood en dui op deelname aan alle vorme van lewe. Sy het dus haar pyn holisties gesien (vgl. 3.4.1) – pyn was deel van haar lewe, maar sy wou ook bly deelneem aan lewe (vgl. 3.4.4.2) deur vir vreugde te bid.

In die tweede plek het haar spesifieke diens haar genot en vreugde laat ervaar:

Riëtte: 'n Dame wat met kankerpatiënte werk, het my gevra of ek nie mense wat chemo kry kan help om mooi te lyk met kopdoeke nie – omdat chemo mos ons hare laat uitval. Ek moes hulle laat mooi voel. Dit is hier waar ek die genot van diens begin kry het.

Navorser: Wat het jou genot laat voel?

Riëtte: Ek kom by so 'n vrou wat plat is, met my boksie doeke en vertel vir haar wat het die Here vir my gedoen ... wat sy nie moes doen nie. Satan is baie listig om vir jou te sê jy gaan dit nie maak nie, jou pad lyk donker, dis 'n moedelose, negatiewe pad. Dit laat jou naderhand in 'n depressie kom en dit maak jou bitter. Nehemia 8 het my gehelp ... 'the joy of the Lord is my strength.' Ek het besef, as ek vreugdevol is, het die Satan nie krag nie.

Deur ander mooi te laat voel het haar vreugde gegee. Hierdie *genot* het meegewerk om haar deel van die lewe te laat voel (vgl. 3.4.4.2). Hierdie deelname aan ander se lyding het haar bewaar van *depressie* en *bitter*.

Navorser: Waarmee help dien jou?

Riëtte: Dit help my verskriklik. Dit keer my van moedeloosheid. En jy verarm jousef as jy die opdrag vergeet. En dit is waar. Hoe meer ek kon kans kry om te getuig, hoe meer mense het ek ontmoet om te bedien. Daar is tans 'n man wat osteo-sarkoom het en ek gaan hom soek en bedien.

As ek op 'n punt kom wanneer ek dink wat vir my wag, gaan ek dadelik iemand wat nood het besoek. As ek negatief raak, gaan soek ek iemand met wie dit slegter as met my gaan. As ek die volgende oggend 'n sms kry wat sê: 'ek sien weer lig,' sê ek net baie, baie dankie.

Navorser: Hoe voel jy presies?

Riëtte: Dit is medisyne vir my pyn, maar dis meer as medisyne. Dit laat mens voel jy wil weer gou gaan. 'n Mens is nie altyd lus om te gaan nie. Dan kom die sms ...

Navorser: Wat is diens vir jou?

Riëtte: Dis eenvoudige goed. Dis klein goedjies.

Hierdie uitspraak ondersteun die hipotese van die verhandeling verbatim: om uit te gaan na ander, bewaar die mens van afbrekende ervarings soos moedeloosheid, angstigheid, negatieweiteit en selfsug (vgl. 3.4.4.5). Dit is dus letterlik *medisyne* vir 'n persoon met 'n lyding om met sy lyding uit te gaan – selfs te midde van die probleem. Hierdie diens is nie iets ingewikkelds, groot of waarvoor 'n mens studeer nie, maar klein en eenvoudige dingetjies. Dit blyk ook belangrik dat ander gereed moet wees om hierdie diens te ontvang sodat waardering uitgespreek kan word (Foster 1993:169) – en nie soos Petrus (vgl. Jh 13) die diens van voetwassing te weier nie (vgl. 3.4.4.1) – sodat die aanvaarding van saamwees met ander verdere genesing bring.

Die volgende deel van die gesprek bevestig dit. Daar is ook gevra:

Sê nou jy het nie by ander uitgekom om te help nie – sou jou lewe anders verloop het?

Riëtte: Daai ding van verarm. Ek sou armer gewees het. Ek sou in verdriet en ellende vergaan het. Elke keer as ek getuig, beseft ek net weer wat die Here vir my gedoen het. As ek my eie stem hoor, hoor ek ook wat gebeur het. So baie mense sê dat hulle na my gekyk het en beseft het hulle moet hulle koppe optel en leef. Dit het my moed gegee om met my

lewe aan te gaan. Dit was die Here se manier om vir my te sê: 'hoor hierso, jy kan nie gaan lê nie, want Ek gebruik jou.' Die Here maak my emmertjie vol as iemand sê: 'as Riëtte kan, kan ek ook'.

Die diens van getuienis en hulp van ander vitaliseer haar lewe (vgl. 3.4.4.1) in daardie sin dat selflose diens nuwe *moed* en krag gee om aan te gaan. Daar is nie plek vir selfbejammering en oorgawe nie (Foster 1993:163). Om bruikbaar te leef, gee moed om te lewe en laat 'n gevoel van waarde ervaar.

Dit is ook die viering van God se goedheid en daarom krag om voluit te lewe (vgl. 3.4.4.2). Die uitdeel van lewensgoedere is ook die ontvang van seën. Deur die aanwending van pynlike gebeure om ander se lewens te verryk vind lewensverryking en -verdieping plaas. Christene is dus mense van die oomblik van lewe per definisie (Frick 2009:38).

As slotopmerking van hierdie afdeling word enkele gedagtes oor die postmoderne- (vgl. 3.3.1) en tegno-sekularistiese (vgl. 3.3.2) mens gedoen. Henri Nouwen (vgl. 3.5) se paradigma oor lyding word ook toegepas.

Oor vloeibare realiteit en ontkenning van die objektiewe waarheid deur die postmoderne mens (vgl. 3.3.1.1 en 3.3.1.2) die volgende:

Die objektiewe waarhede waarin die deelnemers vastigheid gevind het, staan uit in hulle hantering van pynlike gebeure. Die Woord van God het vir elkeen van hulle duidelike koers, leiding en sekuriteit in hulle lyding gegee. Navorsers meen dat hulle godsdienstige oriëntasie – van Christenskap – uit die aard van die saak hierdie Bybelse begroning na vore gebring het. Maar Christene is tog ook mense van die postmoderne era en is die vastigheid van die Woord steeds 'n vashouplek en rigtinggewer.

By Santi het 'n verdere vorm van objektiewe waarheid 'n rol gespeel. Sy het by 'n persoon gekom wat die objektiewe feite van verkragting aan haar deurgegee het. Natuurlik verwerk en integreer die slagoffer die feite. Maar dit is 'n persoon wat as kenner opgetree het wat vir Santi laat verwerk en verstaan het. Dit is dus nie in lyn met die postmoderne mens wat objektiewe realiteite ontken en as't ware deur sy eie denkpatroon op sy eie die pad moet vind nie (Janse van Rensburg 2000a:13-33; Caiazza 2006:241).

Die wyse waarop die Woord en objektiewe kennis hanteer is, is 'n voorbeeld van hoe dit wel aangewend kan word. Aan die een kant was die slagoffers die kenners van hulle omstandighede omdat die Woord deur hulle verstaan en toegepas moes word (vgl. 3.3.1.2). Aan die ander kant was daar 'n objektiewe waarheid wat hulle pyn positief beïnvloed het en shalom gebring het.

Die Skrif is aan hulle voorgehou om oor na te dink. Dit is nie iets wat van buite op 'n paternalistiese wyse aangebied is nie (vgl. 3.3.1.2), maar die beraders het die Skrif wel gefasiliteer. Dit was 'n kreatiewe proses waarin hermeneutiese beweging plaasgevind het. Berader en gespreksgenoot het saam deelgeneem (vgl. 3.3.1.3). Die antwoord het deelnemers vir hulself gevind, maar sonder hierdie spreke van buite deur die Woord soos bemiddel deur die pastor sou hulle pad baie meer onvredigd wees. Dit gaan in 'n sekere sin in teen die besware wat die postmodernisme soms oor die Woord en objektiewe waarhede vertoon (vgl. 3.3.1.2).

Die gedagte van die *oorlog* waardeur Riëtte gaan, is soos 'n refrein in haar onderhoud en getuienis. Dit was die bron van vrede vir dertien operasies en troos haar steeds vir die toekoms – dat God mense deur 'n oorlog kan sit, maar dat Hy saamgaan. Dit is as't ware 'n basis van shalom waarop elke nuwe fase gebou word. Die denke dat lyding deel van lewe is, moet aanvaar word. Die liefdevolle betrokkenheid van God maak dit natuurlik draaglik. Vir die postmoderne mens vra dit erkenning van 'n objektiewe spreke wat soms teen die eie denke gaan. Vir die tegno-sekulêre mens vra dit kontak met God en ander mense as ondersteuning, want die tegniek kan nie hierdie proses berekder nie.

In 'n tegno-sekularistiese wêreld (vgl. 3.3.2) sou die werklikheid van 'n verkragting asook die gebruikmaak daarvan ondenkbaar wees. In die virtuele bestaan van die tegno-sekulêre mens sou die werklikheid van kanker bykans onbegryplik wees. In 'n lewe van tegno-sekularistiese grein sou die realiteit van die gevolge van alkoholisme onverstaanbaar wees. Die vraag kan gevra word: hoe hanteer 'n mens in 'n nagemaaakte wêreld die fisiese en realistiese gebeure aan liggaam, siel en gees sonder dit waarin die deelnemers ondersteuning gehad het:

- 'n netwerk van vriendskappe,
- 'n Christen vriendekring wat gebed reël,
- 'n God met Wie geworstel kan word,
- 'n verwysingsraamwerk van godsdiens,
- 'n hondjie aan wie gevat kan word en wat op 'n mens se skoot klim,
- die skoonheid van die skepping en waardering van herfsblare,

- 'n weeklikse byeenkoms van mense met dieselfde probleem wat oorwinnings vier,
- mense aan wie bedien word en so genesing ervaar word en
- die benutting van tegnologie – soos sms'e – om verhoudings te bou en boodskappe van bemoediging te stuur?

Daarom is die diensbare mens nie teen tegnologie nie, maar is die gevaar van die tegno-sekulêre ingesteldheid seker die grootste probleem van ons tyd (vgl. Caiazza 2002:208).

Dit gaan in die gebruikmaking van diens om mense wat ontmensliking teenwerk, 'n lewe in menslike verhoudings, 'n diens wat duidelike godsdienstige kenmerke vertoon, die soeke na die beste verhouding met God, kohesie tussen verlede, hede en toekoms, 'n steun op 'n metafisiese God, 'n lewe van nadenke oor die self en 'n werklike wêreld van oorwinnings en terugvalle. Die aanvoeling is dat die tegno-sekulêre mens (vgl. 3.3.2) nie toegerus is om hierdie genesingservarings te ontvang nie – en daarom sal die Christelike kerk en haar pastoraat moet aandag gee aan die tegno-sekulêre lewe van haar lidmate.

Nouwen se paradigma in terme van lydingslewe het met sekere sleutelbegrippe te doen: geliefd, geneem, geseënd, gebreek, gegee en keuses. Al het die deelnemers soms oor hulle geliefdheid (vgl. 3.5.1.1) by 'n geliefde God gewonder, het hulle wel by die punt van aanvaarding gekom dat God hulle as uitsonderlike persone geneem en uitgekies (vgl. 3.5.1.2) het. Daarmee saam het hulle hulle lyding as 'n seën (vgl. 3.5.1.3) begin ervaar sodat hulle gebroke lewens (vgl. 3.5.1.4) uitgegee (vgl. 3.5.1.5) kan word om ander se honger te stil. Hierdie proses vra 'n reeks van die regte keuses (vgl. 3.5.1.6). Dit maak hulle “gewonde genesers” (vgl. 3.5.2) in 'n stukkende wêreld.

6.4.4 Die rol van die Drie-Enige God by lyding en gepaardgaande diens

In hierdie paragraaf word probeer om aan te toon in watter mate die deelnemers se belewenisse en sienings van God Drie-Enig ooreenstem met die teoretiese beskrywing van God Drie-Enig se betrokkenheid by lyding – soos in hoofstuk 4 gestel. Die kontoere van hierdie afdeling is die struktuur van hoofstuk 4.

6.4.4.1 Die transendente optrede van God die Vader in lyding

6.4.4.1.1 Lyding as deel van die skepping (vgl. 4.2.1)

Daar is gestel dat lyding deel van lewe en dat dit 'n praktiese uitdaging is wat 'n praktiese reaksie vra (Hauerwas 1991:51,83). Dit beteken nie dat lyding buite die hand van 'n

liefdevolle en voorsienende Vader is nie, maar dat lyding deur God en mens as 'n gebeure tot lewensgroei en diensbaarheid gebruik kan word (vgl. Heidelbergse Kategismus Sondag 10 vraag en antwoord 27,28).

Santi noem in haar getuienis dat sy aanvaar dat lyding deel van 'n gelowige se lewe is.

Jy kan vir my vra: Santi hoe gaan jy aan met jou lewe? Hoe verstaan jy dit? Hoe verklaar jy dit? Ons bly in 'n stukkende wêreld. Nêrens in die hele Bybel staan dat jy nie deur swaar sal gaan as jy vir God aangeneem het nie. Maar ek weet vandag dat ons 'n stippeltjie in God se plan is. Dat daar goed met ons gebeur wat sleg is – wat in 'any case' met almal gebeur ... of jy nou 'n Moslim of Boeddis of kind van God is. Deur die bank, want ons bly in 'n stukkende wêreld.

Deur die stukkendheid van die lewe én God se begeleidende voorsiening te aanvaar (vgl. Rm 8:18-31), het haar gehelp om aan te gaan met lewe en diens. Dit het haar nie moedeloos gemaak nie. Die feit dat mense kan kies hoe om te reageer en nie uitgelewer is nie (Polkinghorne en Beale 2009:34), aangesien dit deel van lewe is (vgl. 4.2.1), laat haar in 'n stukkende wêreld deel van God se plan word.

Selfs René vertel dat God van pynlike gebeure – deur jouself gedoen – kan omswaai na iets wat lewe sin en betekenis gee en dat hy dit selfs sal wil oorhê as dit weer moet gebeur. Daar is geen bevraagtekening van die gebeure nie, maar aanvaarding as deel van sy lewe. Hy het wel skuldgevoelens ervaar, maar nie 'n las daarvan gemaak nie en uit dankbaarheid vir God – met sy lewensomstandighede – begin dien.

Riëtte se siening dat lyding deel van lewe is, word in uitsprake soos die volgende gesien:

Riëtte: Wat eienaardig is, is dat hulle tot vandag nie op 'n X-straal kon sien waar die tumor is nie.

Navorser: Hoekom sê jy dit? Beteken dit iets?

Riëtte: Was dit nie maar deel van die pad wat die Here wou stap nie?

Navorser: Sê jy daardeur dat God mense se oë toegemaak het omdat Hy Sy vinger op julle adres gesit het?

Riëtte: Ja ... en dat Hy tyd nodig gehad het vir elke ding. Die Prediker-tekste sê dat vir elke ding onder die son is daar 'n bepaalde tyd. Dit het ek leer verstaan.

Uit haar getuienis kom die volgende:

Vandag kan ek terugkyk en sien hoe die Here se goue draad dwarsdeur die afgelope vyf en 'n halwe jaar gevleg is.

Die verstaan dat God 'n plan en tyd het vir (selfs) pynlike gebeure, laat die deelnemers terugkyk om daarmee vorentoe te kyk en met geloof lewe.

6.4.4.1.2 Lyding is bruikbaar (vgl. 4.2.2)

Die siening van lyding as bruikbare gebeure word deur aldie die deelnemers aanvaar (vgl. 4.2.2.1). Selfs die worstelings wat Santi en Riëtte met God deurgegaan het deur na Hom te vlug met vrae, het nuwe perspektiewe op hulle verhouding met God gebring. Verhoudings met gesin en families is deur die pynlike lyding versterk. Die hulp en gebede van ander, asook hulle eie diensbaarheid, het mense nader aan mekaar gebring.

In hulle kreatiewe bestaan (vgl. 4.2.2.2) het die krisis 'n moontlikheid tot sinvolle en diensbare lewe geskep. Santi is uitgedaag om ander slagoffers te help, René het leier van die CAD geword en Riëtte het begin getuig oor God en het ander gehelp om mooi te lyk. Daar was 'n deelname aan hulle lyding om saam met God iets te skep (Louw 2000:95,99).

In hul etiese bestaan (vgl. 4.2.2.3) het aldie deelnemers redders van ander geword om lewe te normaliseer. Verder het René daarin geslaag om sy lewe by wyse van bekering in lyn met God se wil te bring deur insig te ontwikkel in die slegte gevolge van sy optrede teenoor God en ander. Riëtte se man se verhouding met God is gevorm en sy self het innerlik 'n karaktergroei ervaar.

In die sin van verantwoordelike bestaan (vgl. 4.2.2.4) het aldie hulle spesifieke lewensdoel ontdek. Santi en René het selfs begin "opstaan" teen die onderdrukkende strukture van verkragting en alkoholisme. Riëtte probeer *mooi maak* wat kanker afbreek.

Wat die mens en nood betref (vgl. 4.2.2.5) het die deelnemers daarin geslaag om op nood van ander te reageer soos God na die nood van die volk in Egipte omgesien het (vgl. Eks 2:25) en hulle chaos gebruik om iets leefbaars te skep (Haught 2007:315). Ander se nood is iets waarop aldie deelnemers reageer.

In eskatologiese sin (vgl. 4.2.2.6) is veral René en Riëtte se gedrag soos mense wat gedryf word deur die ewigheid. Maar ook Santi – sonder om dit by name te noem – maak

bemoënis met die Lasarusse (Lk 16:20 e.v.) by haar deur en dit sal vir haar ewige implikasies inhou.

6.4.4.1.3 Lyding en sinlose lyding (vgl. 4.2.3)

Daar kan met duidelikheid beweer word dat nie een van die deelnemers hulle lyding uiteindelik as sinloos beleef het nie – al is daar op sekere momente gevra na die spesifieke optrede van God. Die soewereine optrede van God is aanvaar en daarom is die krisis nie as onnodig gesien nie. Navorsers meen dat dit 'n bewys is van 'n toepaslike hantering enersyds en dat lyding aldie hierdie deelnemers se lewe verdiep het omdat dit 'n dieper werkswyse van God (Swinburne 1996:97) andersyds is.

6.4.4.1.4 Lyding en die rol van die bose (vgl. 4.2.4)

Die deelnemers het die rol van die bose geïnterpreteer as:

Ek het besef die duiwel van die Kinderbybel is 'n illusie. Die oorlog tussen die lig en duisternis in die geestelike 'realm' is groter as in die fisiese 'realm.' Die verkragting is 'n voorbeeld wat gemanifesteer het in ons wêreldse 'realm'. Maar as jy daai man se oë en gesig gesien het, was hy van satan besete. – Santi.

Soms is dinge deurmekaar as ons mense wil help. Maar dis nie die duiwel wat my laat val het nie. Dis ek. Maar hy het probeer dat ek terugval. – René.

Satan is baie listig om vir jou te sê jy gaan dit nie maak nie, jou pad lyk donker, dis 'n moedelose, negatiewe pad. Dit laat jou naderhand in 'n depressie kom en dit maak jou bitter. – Riëtte.

Ek dink hoe meer jy besig is met hierdie diens, hoe meer wil die duiwel jou keer en jy dink dis nie die moeite werd nie. – Riëtte.

Aldrie persone het die werk van die bose as derde party erken en dit nie onderspeel nie (König 2002:174, 179). Hulle het egter nie sy rol oorspeel en daardeur oorwinning gemis nie (Barrett 2007:102). Dit is eerder as aanmoediging gebruik om te volhard met hulle roeping.

6.4.4.1.5 Lyding skep teleologiese bestaan (vgl. 4.2.5)

Lydning is per definisie ook lewe en laat die mens sy telos vind (Hall 1986:53).

Santi noem in haar getuigenis dat sy geleer het om haar lewe doelmatig te gebruik:

Chris en Kerry Shook is 'n man en vrou wat 'n boek geskryf het: 'One month to live'. In hulle boek skryf die man hy het in 'n begraafplaas geloop en voor 'n graf gestaan. Op die steen het gestaan: 'Entire lives are reduced into two days and one little dash.' Hy skryf: 'We don't get control over many things in life. Not when we are born. Or when you die. Or what happens to us. But we get to decide how we are going to use our dash'.

Dan sê sy:

Wat maak jy met jou 'dash'? Dink terug: was daar iemand wat in jou pyn vir jou iets gedoen het? Wat as daardie ou nie gehoorsaam was nie? Soos my huisdokter wat vir my 'n hondjie voorgeskryf het? Wat gee my die reg om my pyn en 'dash' eenkant te gaan sit en die wêreld te blameer?

Die gesprek met René het as volg verloop:

Navorser: Jy het ook onlangs kanker gehad en dit is genees en jy is lank terug gelikwideer. Hoekom het jy nie 'n klub vir ouens begin wat bankrot gespeel het nie of kankermense begin help nie?

René: Want my roeping is CAD. Jy kan net een ding regtig behoorlik doen.

Sekularisasie het nie daarin geslaag om die mens van sy teleologiese bestaan te onteien nie (Louw 2000:6). René verwoord die verantwoordelikheid as volg:

Dit is hoekom dit vir my jammer is dat meer mense ons nie gebruik dat ons hulle sal help nie. Ons kan dit mos die beste doen, want ons is daardeur. 'n Persoon wat kanker gehad het, kan mos 'n ander een die beste help. Natuurlik het hy ook 'n onkoloog nodig, maar óns weet wat dit is.

Hier word die saak, dat 'n mens sy lydingsgebeure moet gebruik om ander te help, baie pertinent genoem. Die ingrype van ander professionele persone in 'n lydingsproses word nie ontken nie. Die persoon wat deur 'n lydingsgebeure gegaan het, het egter 'n teleologiese aanvoeling daarvoor en kan op 'n spesifieke manier begelei.

Riëtte wou graag teruggaan om te gaan skoolhou, maar sy sê dat sy besef dat dit waarskynlik nie gaan gebeur nie. Intussen het sy 'n skoonheidskursus deurloop om ander te bedien en ander mooi te laat lyk. Sy sê in haar getuienis:

So is die Here se belofte besig om in vervulling te gaan ... dat ek ander kankermense kan help om mooi te lyk en met hulle oor die Here se goedheid te praat.

Sy kan steeds die lewe in volheid geniet ten spyte van die feit dat sy nie meer onderwys gee of gesond is nie (vgl. Jh 10:10). Ander vrae moet dus gevra word om die sinvolle lewe in en deur lyding te genereer: nie net hoe voel jy nie, maar ook: hoe kan jy dit gebruik?

6.4.4.1.6 Lyding is vorming van die persoon (vgl. 4.2.6)

Die navorsingsproses het meer gefokus op 'n uitwaartse beweging na ander as 'n inwaartse ontdekking van die vorming van die persoon, maar daar is tog spore van 'n vorming van die persoon as dienaar by aldie aanwesig:

Vir Santi het dit meer gesentreer rondom 'n worsteling met God wat haar 'core' aangespreek het. Die vergelyking van Jakob en God se worsteling in die Jabbok (Gn 32) is hier ter sprake. Haar baie sterk roeping om mense te help en te bemagtig – *ek wou 'n maatskaplike werker word* – het in haar lewe na vore gekom en lewensvervulling gebring.

Vir René het persoonsvorming gewentel om die oorwinning van hakkels, 'n terugkeer na God en die uitleef van 'n roeping – *toe ek sewe jaar oud was, wou ek 'n sendeling word.*

Vir Riëtte het karaktervorming sterk uitgestaan:

Navorsers: Die krisis het waarde van jou lewe geneem – het jy gesê. Het dit iets bygevoeg?

Riëtte: Baie bygevoeg. Meer bygevoeg as wat dit ooit kon gevat het. Mense sê ek was 'n mooi vrou voor my operasies, maar ek weet ek is nou mooier ... van binne.

Riëtte se man het as persoon baat gevind by haar kanker – soos in die geval van die toring van Siloam (vgl. Lk 13:1vv) wat op die mense geval het – sodat hy God gevind het:

Vir tien jaar het ek vir die Here gevra om my man aan te raak sodat ons saam opgewonde kan raak sodat hy saam met my opgewonde kan raak oor God. Ek wou graag 'n priester-profeet man gehad het voor die kinders groot was. Nooit het ek geweet dit was die pad om my gebede te beantwoord nie! Verder was dit vir ons hele gesin 'n 'wake-up call.'

Ook haar eie lewensoriëntering vind baat:

Navorser: Hoe voel jy oor die lang pad wat nog voorlê?

Riëtte: Ek dink die Here wil my sterk maak vir iets groots. Hy's nog nie tevrede met my nie. Wat vir my baie beteken, is om my boekie te vat en al die verse weer deur te gaan. Die tekste was elke keer die regtes op die regte tyd vir my. Dit was iets bemoedigends net vir my.

Riëtte was rooi lippe, praat, mooi voorkoms, skoolhou, kinders – dis alles geraak. Nou gaan dit nie meer vir my oor hierdie dinge nie.

Ook haar persoonlike diens het gebaat:

Ek kon maklik voor kinders praat, maar moeilik voor volwassenes. Nou kan ek gemaklik voor 'n groot gehoor van volwassenes optree om die Here te eer.

6.4.4.1.7 Lyding as opvoedkundige gebeure (vgl. 4.2.7)

Santi en Riëtte het nie hulle lyding as korrigerende ervaar nie.

Vir René was die gevolge van sy drankmisbruik egter gekoppel aan 'n verkeerde optrede. Dit het egter nie plaasgevind in die sin van straf van God nie, maar eerder 'n lewe wat hy homself aangedoen het.

Niemand het my geforseer nie.

In alle gevalle kan saam met Soelle (1975:172) beweer word dat lyding positiewe en opvoedkundige waarde het. Met Edwards (2010:134-135) wil saamgestem word dat die mens van die een en twintigste eeu veel baat kan vind by die opvoedkundige waarde van lyding – dit is wanneer gevra word: “For what purpose?” instead of “Why?” (Louw 2005a:98).

6.4.4.1.8 Lyding as eskatologiese bewusmaking (vgl. 4.2.8)

Soos reeds beskryf (vgl. 6.4.2.6), het Santi nie definitiewe eskatologiese bewuswording gehad nie, maar René en Riëtte wel. Maar in elke geval het lyding wel gelei na 'n “oerfloedige werk in die Here” (vgl. 1 Kor 15:58).

6.4.4.2 Die inkarnerende betrokkenheid van God die Seun (vgl. 4.3)

Hier gaan dit oor lyding soos Jesus ter wille en ten behoeve van ander.

6.4.4.2.1 Lyding en versoening (vgl. 4.3.1)

Dit gaan hier oor die voorbeeld van Jesus wat Middelaar en Redder vir gelowiges deur sy lyding geword het. Met ander woorde: wanneer die verlossing van sonde in Jesus se versoeningslewe en -dood aanvaar word, bring dit 'n lewe waar my lewe ook ander bedien. Dit is eers die een en dan die ander (Cochran 2009:406). Omdat met God versoen is, kan die Heilige Gees mense vorm na die beeld van God as dienaarmens (Berry en Jeeves 2008:39). Aldrie deelnemers het reeds Jesus as Redder en Verlosser aanvaar voor hulle krisis en kan daarom ook Jesus se voorbeeld ego:

As die Here vandag vir my vra: 'Santi, sal jy weer deur dit gaan ter wille van ander wat dit deurgaan?' sal ek sê: 'Dis reg.' – Santi.

Ek wil ander mense deur my ondervinding help om los te kom. Hulle hoef nie dieselfde as ek deur te gaan nie. – René.

Ander kan in my lewe leer hoe om kanker te hanteer. Hulle hoef nie dit vanself te leer nie. – Riëtte.

6.4.4.2.2 Lyding en vertrouwe (vgl. 4.3.2)

Die vertrouwe dat God 'n plan met persoonlike lyding het, leer die mens om met hoop deur die lyding te leef (Rm 8:32,35). Hierdie lewe moet aanvaar en in vertrouwe uitgeleef word.

In Santi se lewe word dit benadruk – dat 'n mens soos God se Seun uitgekies kan word om namens ander te ly:

Navorser: Sê jy dat God die verkragting toegelaat het omdat Hy geweet het jy kan dit hanteer?

Santi: Hy het geweet ek kan dit hanteer. Êrens moet 'n vrou wat dit kan hanteer ander vroue help wat dit nie kan hanteer nie. As honderd vroue verkrag word en twee of drie kom daardeur is hulle bemaagtig en kan hulle die ander gaan haal en hoop gee om daardeur te kom.

Soos reeds genoem (vgl. 6.4.2.3), sien selfs René – wat verantwoordelik is vir sy eie lyding – ook sy krisis as iets wat hy weer sal neem om ander te help.

Ook Riëtte sien haar kanker as iets wat God in haar lewe gebring het om ander te help:

Riëtte: Ek kan vir hulle sê dat te midde van die feit dat die Here my geraak het in die sentrum van die wese van my bestaan – my voorkoms – kan ek vir vrouens sê dat die Here my verander het om sake van ewigheidswaarde te soek.

In haar verhouding met God het Riëtte tegelykertyd geglo dat God haar gesond sal maak, maar dat Hy ook vir hulle as gesin uitgekies het om by betrokke te raak.

Navorser: Hoe verstaan jy dit dat jou siekte nie jou lewe sal neem nie, maar aan die ander kant is dit 'n bemoeyenis van God? Is dit nie teenstrydig nie?

Riëtte: Nee, die dag toe ek kanker gekry het, het God sy vinger op ons gesin gesit om iets met ons te doen. Dit is swaar, en ek het baie keer in God getwyfel, maar onthou: my man het in hierdie tyd die Here regtig leer ken. En ek self het baie verander. Dit het ook groot invloed op my kinders gehad. Dis wat ek bedoel: Hy het sy vinger op ons gesin gesit.

Sy het God vertrou dat God goeie bedoelings het.

6.4.4.2.3 Lyding en deelnemende lyding van God (vgl. 4.3.3)

Dit is vir aldie deelnemers belangrik dat God saam met hulle in die lyding is (McWilliams 2006:359). Hierdie saamly van God met ons, maak ons ook “suffering servants” (Hall 1996:127).

God ly saam met mense. Daarom vertolk Santi in haar getuienis Lukas 15 as volg:

Sal Hy nie nege en negentig los en die een gaan haal nie? Hy het vreugde gevind in die vind van die een skaap. Daar is meer vreugde oor een verlorene as oor nege en negentig regverdiges. Dink daaraan. Die skaapboer gaan soek die skapie deur homself aan die gevare daarbuite bloot te stel. Dink mooi: hierdie boodskap is 'n boodskap vir mense in pyn. As die roofdier of die leeu van die lewe, die kanker of depressie of die egskeiding of die finansiële druk of die verkragting jou aan die ander kant van die draad wil vang, sê die Skaapwagter nie vir jou: jy weet mos dis nie Ek wat jou hier gebring het nie. Nee, Hy tel jou op en sit my soos 'n klein skapie om sy nek en Hy is bly en Hy dra my terug huis toe. Dis die God wat ons ken.

As jy 'n Christen is, kom haal God jou tussen die leeu en roofdier van die lewe. Hy sê nie: Hardloop terug na My nie. Hy kom haal my. Hy het my vir ses maande gedra. Ek wou van Hom niks weet nie. Hy't my kom haal. In die klein goedjies het ek besef Hy was daar. In ander gelowe kry jy nie wat jy die nodigste het nie: 'n verhouding.

God se saamly – eerder as veroordeling – bring troos en genesing. Verder wys Santi op God wat saam met haar in die hoogtepunt van die krisis was en haar daar beskerm het:

Ek besef hoe bevoorreg ek is elke keer as ek met 'n ander vrou werk wat verkrag is. Ek sien raak hoe die Here my te midde van alles beskerm het. My huisdokter en vriendin het my ondersoek na die verkragting behartig omdat sy die maand voor die verkragting 'n opleiding daarvoor gaan doen het. Die Here het my beskerm teen iemand anders wat die ondersoek sou doen. My man was in die hospitaal op daardie stadium. Die Here het hom beskerm teen woede, want hy was nie daar nie. Hy het dit nie gesien nie. Daarom kon hy my ondersteun sonder om woedend te wees.

Sy sien dat God selfs voor die gebeure die situasie voorberei het – Hy was dus daar saam met haar:

Santi: Hy het daardie verhoog opgesit, want Hy wou my gebruik omdat Hy my krag gegee het om dit te kan hanteer. Maar ek weet vandag dat Hy my met sulke goed bederf het. Hy het infrastruktuur geskep wat in plek was.

Daarom kan sy 'n lydende kneg wees:

Santi: God gebruik jou in jou gebrokenheid om ander te help. Die oomblik as jy op jou stukkendste is, kan jy vir 'n ander persoon die meeste beteken.

Ook René sien die Here te midde van sy krisis – in die oploop daarnatoe:

Navorser: Hoe het jy geweet dat jy 'n probleem het?

René: Jy't mos gehoor die ouens praat van regmakers in die oggend. Wat wel gebeur het, is dat ek net voor my werk by Hlaralumi 'n ou in Hluhluwe Wildtuin in die kroeg gekry het toe ek daar vir besigheid was. Ek en die ou was saam in die kroeg, want dis mos waar mens in die aande uithang. Hy het aangebied om vir my 'n drankie te koop en gevra wat ek drink. Ek het gesê 'n dubbel brandewyn of so iets en hy het vir hom iets gekry. Later was dit my beurt om vir hom iets te koop. Hy het gesê hy sal 'n koeldrank drink. Ek het gelag en gesê: Nee, wat wil jy drink! Hy sê toe vir my dat hy 'n alkoholis is. Ek kon die ou nie uit my kop kry nie.

Ek het skuldig gevoel en na die een drankie somer gaan slaap. Ek het onthou dat hy die woord 'regmaker' gebruik het in die gesprek voor ek gaan slaap het. Toe ek die regmaker geneem het, het ek aan hom gedink.

In die verloop van die probleem was die Seun as Geïnkarneerde teenwoordig en het Hy saam geloop.

Riëtte: Dis vir Hom swaar om ons te sien swaarkry, maar Hy verlustig Hom in ons geestelike groei. Die Here het in my oorlog my juk op Hom geneem sodat myne ligter kan wees.

Dit is opmerklik dat God se saamly en hulp baie vir die deelnemers beteken het. Navorsers meen dit het daartoe bygedra dat lyding nie as 'n kruisgebeure alleen ervaar is nie, maar as 'n doelmatige proses tot verdieping van lewe. Om die wil van sy Vader te doen, was vir Jesus 'n aansporing om voort te gaan met die reddende diens van die kruisiging – soos deur die gebeure in Getsemané vertoon. Die teenwoordigheid van Jesus as lydende God te midde van swaar, is 'n belangrike insig om lyding bruikbaar te maak, want as Hy daarin was, was dit goed.

Riëtte: 'n Vriendin het net vir my gesê ek moet weet God is groter as dit alles en ek moet weet ek is in die middel van Sy hand – al is dit hoe donker.

Dit bring selfs troos as gekyk word na die positiewe implikasies vir die omstanders van die lydende party:

Riëtte: Ek het dit gesien as God wat sy vinger laat gaan het en dit het by ons gesin gestop. Hy het gesê Hy gaan bemoeienis maak met ons en ons gaan nie alleen wees nie.

God gebruik ook mense as sy inkarnasie om ander te ondersteun:

Riëtte: Die Here stuur vir ons engele op ons beproewingspad soos my vriendin ... Dit was die Here se manier om my 'n stuk menswaardigheid terug te gee.

6.4.4.2.4 Lyding as pynlike gebeure (vgl. 4.3.4)

Santi: Die joernalis het ook met my dogter 'n onderhoud gevoer en my dogter het gesê: 'Brokenness became life' in ons gesin se lewe op die 21ste Januarie.

Lyding is daardie deel van die lewe wat stukkende lewe is, maar steeds lewe. Lyding bly pynlike gebeure en neem die vorm van 'n klag aan. Dit is juis deur die klag dat die sin ontdek word. Daar moet 'n onderskeid gemaak word tussen klag en klagte (Louw 2000:18). Wanneer die klag se waarde ontdek word, vind pyn sy sin, en kan lyding gebruik word.

Navorser: Was dit swaar om na drie jaar weer uitgevra te word?

Santi: Dis altyd swaar.

Santi: Ek sou dinge moes agter my sit. Ek het vasgeklou aan die pyn – nie uit selfbejammering nie. Ek wou nie die pyn los nie, want ek het geweet as ek die pyn los dat ek die lewe sal moet vat. Dit was moeilik om te erken dat ek besig is om gesond te word.

Ahoewel dit nodig is om pyn te verwoord (Louw 2000:18; Boase 2008:456), is daar ook 'n tyd waar pyn moet plek maak vir lewe sonder pyn. Jesus het in Getsemané gebid dat die beker moet verbygaan, maar het daarna doelgerig opgestaan om te vat wat vorentoe sou gebeur. Deur die pyn as lewe te erken en sy plek te gee, het vir Santi die reg gegee om aan te gaan met lewe.

Navorser: Wat beteken 'brokenness became life'?

Santi: Die verkragting of 'brokenness' het op daardie stadium ons almal – nie net myne nie – se lewe geword. Dis hoe stukkend mens word. My dogter het gesê dit beteken dat sy weet dat daar altyd 'n stukkendheid sal bly, maar ons as gesin het mekaar gehelp opstaan.

Pyn het daarom nie 'n lewe op sy eie nie, maar is 'n middel tot 'n lewensdoel wat groter as die pyn is (Hauerwas 1990:82). In die proses om diensbaar met persoonlike lyding te word, gaan die pyn nie weg nie, maar behoort bo die pyn as bestaanswyse uitgestyg te word.

Santi: Om met pyn te werk, verdof nie my pyn nie, maar om die lig in ander se oë te sien gebeur, maak my pyn die moeite werd. 'n Ander se pyn laat my onthou waar ek was. Dit maak die heel tyd weer die lêers oop. Dis waarom mense nie hulle pyn gebruik nie.

Die gebruik van pyn bly dus 'n pynlike gebeure, maar die gebruikmaak daarvan bring sin en groei.

René se pyn – omdat hy dit aan homself gedoen het – het minder klag gewys as die ander twee deelnemers. Nogtans word agtergekom dat dit pynlik was in die woorde:

... ek was so bly om vry te kom ...

Tog het hy ook aanbeweeg na 'n lewe na pyn.

Riëtte is nog te midde van pyn, maar die feit dat God met haar besig is en haar daardeur vorm, gee haar moed vir die toekoms. Dit is God en sy Woord wat haar deur die pyn doelgerig laat aangaan omdat sy noem dat God haar help om deur alles te kom en dat die *tekste op die regte tyd* bemoedig.

6.4.4.2.5 Lyding as kenosis teenoor narsisme (vgl. 4.3.5)

Die grootste probleem vir diensbare lewe is die “pursuit of happiness” sindroom (Hille 2004:28). Dit is dus selfsug wat in pyn en selfbejammering oor lyding laat vasval omdat die self die sentrum word (Yancey 1990:145). Dit is 'n lewe na buite waar lewe vir ander geskep word waar lewe te vinde is (Kasper 2009:310).

Tydens en na die verkragting, gaan dit vir Santi nie oor haar self nie, maar oor ander. René se motivering is 'n volhardende en selflose uitgaan en ondersteuning van ander se probleme. Vir Riëtte is die hulp aan ander en die eer van God 'n sterk motivering. Die feit dat haar familie – veral haar man – baat gevind het by haar pyn is genoeg.

Aldrie se diens vra van hulle opoffering, maar hulle is bereid om ten spyte daarvan te dien. Die denke en begeerte na pynlose lewe en diens moet nagelaat word.

Navorsers: Wat vra dit van jou om uit te gaan na 'n verkragter?

Santi: Ek het gedink dit sou makliker word. Maar dit is nie so nie.

René noem dat daar mense is wat terugval en teleurstel, maar dat hy aangaan.

Riëtte: As ek met 'n gehoor praat, sien ek soms hoe mense my aanstaar. Dan kyk ek bo-oor hulle en gaan aan met my getuienis.

6.4.4.2.6 Lyding en vrywillige keuse (vgl. 4.3.6)

Om deel te neem aan lydingsgebeure is 'n vrywillige keuse – soos Jesus wat gewillig die Vader se wil gedoen het (Hicks 2006:65). Slegs 'n skepsel met 'n vrye wil kan roeping ervaar (Hall 1996:71). So het aldie vrywilligers keuses uitgeoefen om diensbaar te raak en te bly.

Santi getuig: Maar nou bly die vraag: Wat maak ek met my 'dash' van pyn en verkragting? Sit ek eenkant en kyk vir die lewe en die mense en ander in pyn? Onttrek ek myself? Daar is 'n stuk in my wat steeds wil wegkruip. Daar is 'n stukkie wat steeds onttrek. Daar het dinge verander wat nooit weer sal regkom nie – soos 'n man in 'n rystoel wat sekere dinge nie kan doen nie. As daar 'n rolstoel in jou lewe is en jy steek dit weg, leef jy nie jou 'dash' nie.

René: 'n Mens kan mos nie bedank as jy geroep is nie.

Riëtte: Ek kan nie nie.

6.4.4.2.7 Lyding en aanvaarding (vgl. 4.3.7)

Navorser: Hoe lank na die verkragting het jy begin om ander verkragte vroue te help?

Santi: Ek sou sê so twee maande. Die hofsaak het ses maande gevat om afgehandel te word. Jy sien, dis asof die Here my gekonfronteer het. Daarom kan ek eerlik vir jou sê dat ek glo nie dat daar 'n tyd kom wat jy reg is om dit te doen nie. Twee maande hierna het hulle my weer gebel om met 'n swart vrou tjie te werk wat ge-'gangrape' is. Kort daarna het ek twee blanke studente op die toneel van verkragting begelei. Daar kom nie 'n tyd waar mens reg is nie. Die Here het my op 'n pad gevat waar Hy die goed voor my neergesit het.

Aanvaarding is nie 'n tydgebonde en afgemete gebeurtenis nie. Om Jesus van die kruis te kies is 'n lewenskeuse vir kruisdraer van Jesus. Die leerling is nie bo sy Heer nie. Santi het dus – as kind van God en navolger van Jesus Christus as't ware instinkatief reageer om ander se kruise te help ligter maak. Dis 'n keuse eie aan God se kinders se aard.

Santi getuig: 'You don't have to get control over many things, but you get to decide how you're gonna use your dash' ... dis my storie – oor hoe ek besluit het om my 'dash' te gebruik.

Navorser het aan Riëtte gevra:

Het jy ooit gedink dat jou getuigenis en diens sal help dat die Here jou gesond sal maak?

Haar antwoord:

Riëtte: Nee. Ek doen dit uit dankbaarheid teenoor die Here.

Ook René noem dat hy getuig omdat hy dankbaarheid teenoor God gevoel het vir die verlossing van alkohol.

6.4.4.3 Die begeleiding van God die Heilige Gees (vgl. 4.4)

6.4.4.3.1 Lyding as pneumatologiese gebeure (vgl. 4.4.1)

Die Heilige Gees veroorsaak dat lyding nie 'n leë aksie is nie (Yancey 1990:108). Die Gees help die mens om nie deur lyding te ontspoor nie, maar dit eerder diensbaar met lewe te integreer (Hall 1996:73).

Santi: As jy stukkend is, sien jy pyn wat jy nooit sou raakgesien het nie. Ek assosieer met pyn. Al was ek vroeër ingestel op hulp, sien ek nou dinge wat ander nie raaksien nie.

Die Gees het sensitiwiteit vir ander gebring sodat haar kruis vir ander se kruisgebeure lewe kan oopsluit omdat sy dit raaksien en vrugte dra (Louw 2000:106). Die Heilige Gees veroorsaak natuurlik ook 'n vrugbare grond waardeur die handeling van diens groei (Du Toit 2000:2).

Hierdie sake kom duidelik in René se lewe na vore. Die Gees in lyding stuur helpers – 'n bestuurder en René se vrou – en oortuig die persoon op soek na redding van skuld en om die hulp te aanvaar.

René: Beloftes om op te hou drink, word verbreek. Jy lieg en bedrieg oor jou drinkery. Jy leer om skelm te drink. Jy drink alleen. Jy het altyd 'n bottel êrens. Maar jy bly die hele tyd skuldig voel. Gelukkig het die bestuurder waar ek in diens was my die een aand by 'n funksie gesien drink en het na die Gees geluister om my by die huis te kom konfronteer. Daardie aand het my vrou ook met die waarheid uitgekóm. Ek was moeg vir die alkohol en wou lankal ophou, maar was bang vir die onttrekking. Ek het nogtans ingestem om hulp te kry.

Daarna neem die Gees die persoon wat verlos is van alkohol op 'n toerustingspad om self redder van mense te word – soos hy voorheen deur ander redding ontvang het.

René: Die enigste werk wat ek kon kry, was by my swaer in sy hotel in die 'pub'. Toe werk ek daar vir 'n maand sonder om te drink. Ek sien dit as 'n manier waarop die Gees my gehelp het om 'n slag van die toonbank se kant af na die mense te kyk.

Die Heilige Gees was van baie vroeg in Riëtte se lydingsproses sigbaar teenwoordig. Hy stuur as't ware die proses soos Hy dit wil. Die Gees het reeds deur die Woord openbaar dat haar lyding 'n oorlog sal wees (vgl. 6.4.2.3).

Riëtte: Ek het baie gebid en vir die Heilige Gees leiding gevra of ek na ... toe moet gaan. As Hy my gesond maak, kon ek terugkom en van sy grootheid vertel. Alles het toe gegaan om te gaan.

Riëtte het tydens die hele verloop van haar lyding vreugde en vrede afgebid – en gekry. Die Gees – as God in haar – het hierdie lewe geskep:

Navorser: Wat was die oorsaak van jou vrede en vreugde?

Riëtte: Die Heilige Gees.

6.4.4.3.2 Lyding is epistemies (vgl. 4.4.2)

Die persoon self en die spesifieke inhoud van lyding vorm saam epistemiese verklaring vir lyding. Dit is nie 'n subjektiewe aksie nie, maar soek na verklarings vir integrasie van lyding en lewe saam God en ander (vgl. Du Toit 2000:168).

Aldrie persone het persoonlik hulle lydingsgebeure hermeneuties deurdink, maar daar was besliste momente van buite deur die Woord en ander mense wat hulle help integreer het met hulle spesifieke lyding in diensbare lewe.

Die Woord van God het – omdat hulle Christene is – groot invloed op hulle besluite gehad. Santi het Psalms 77 en 108 as rigsnoer gehad. Die Bybelskool het *antwoorde gegee*. Die verklaring van 'n sielkundige het vir haar sin gemaak. 'n Kolonel van die Polisie se versoek om te help, het haar dienspad ingelei. Haar doktersvriendin se voorskrif oor die hondjie het genesing gebring.

René se verhaal is vol van Bybelwaarhede – soos Openbaring 22 wat die benutting van sy lyding eskatologies gelaai het. Mense soos 'n onbekende persoon in 'n kroeg, 'n bestuurder, sy vrou en mense van die CAD het ingesprek in sy lewe.

Riëtte het talle tekste – selfs 'n boekie vol – wat haar gelei het en steeds lei, maar die een teks, naamlik 2 Kronieke 20 het die basis van haar verwerking van haar pyn gevorm. Vriendinne se sms'e en gebede het ook 'n groot rol gespeel. Die kyk van 'n DVD het ook 'n verskil gemaak.

Dit is dus duidelik dat die spesifieke gebeure rondom die lydingsgebeure rigting bepaal en dat diens uit die unieke omstandighede groei.

Die persoon wat die lyding ervaar, is die bepalende faktor (Wyatt 1996:262):

Santi: Miskien is dit net my persoonlikheid wat nie aanklank gevind het nie. Sy het vir my 'n bol klei gegee om iets te bou. Ek wou haar daarmee gooi. Wat moes ek bou? 'n Swart man?

'n Ander persoon sou moontlik genesing ervaar deur met klei te bou. Santi is egter 'n rasionele mens wat verklarings soek.

René se haggelprobleem speel 'n unieke rol in die oorsaak en verloop van sy proses. Hy het ook geen kliniekbehandeling ontvang nie en steeds sober gebly – wat 'n uitsonderlike en unieke situasie is.

Riëtte se hoeveelheid operasies het sekerlik ook invloed op haar verwerking van haar lyding.

Dit is ook die soort kwaad wat lydingsintegrasie met lewe beïnvloed (König 2002;29,30).

Alhoewel baie ooreenkomste, kan daar gesien word dat verkragting ('n lydingsgebeure van iemand anders), alkoholverslawing ('n pyn aan die self deur die self gedoen) en kanker ('n daad van die lewe) verskillende reaksies uitlok – alhoewel daar ook opvallende ooreenkomste is. Santi moes aan ander verduidelik, René moes leer om met groepe te praat en Riëtte moes leer om mense mooi te maak. Dit het alles gegroei uit hulle spesifieke lydingsgebeure.

As lyding epistemiese gebeure is, word die verwerking daarvan deur 'n hermeneutiese paradigma gedoen (Louw 2000:32) – soos gesien kan word in die lewe van die deelnemers, naamlik dat aldie deur velerlei denkprosesse moes gaan.

Maar ten spyte van die verskillende invloede wat integreer moet word, moet daar onthou word dat al hierdie epistemiese gebeure binne die speelveld van God se almag plaasgevind het. Aldrie deelnemers noem dat die krag van God hulle rigting bepaal het:

Santi: Jy sien, dis asof die Here my gekonfronteer het.

René: Is dit nie wonderlik hoe die Here slegte dinge kan gebruik nie?

Riëtte: God wou met ons 'n pad stap.

6.4.4.3.3 Lyding en kreatiewe respons (vgl. 4.4.3)

Die Gees van God het kreatief uit die chaos 'n mooi aarde geskep (Kushner 1992:60). Daarom lei die Gees skepsels van God om ook skeppend op hulle chaos te reageer. Dit is juis hierdie chaos – wat soms in die vorm van pyn kom – wat ons vernuwend laat optree (Putz 2009:347).

Navorser: Watter hand het God in jou bediening?

René: Ek kan niks uit myself doen nie. Ek kan nie êrens gaan praat as ek nie weet Christus gaan saam met my nie. Dit help my om te weet wat om te praat. Ek praat soms heeltemal iets anders as wat ek voorberei het. Die Bybel sê mos die Heilige Gees bedien aan elkeen soos hy dit nodig het.

Riëtte vertrou die Gees in identifisering van persone met wie sy kan gaan praat.

Riëtte: Ek het 'n aanvoeling vir mense wat swaar het. Dan voel ek gedring om na hulle te gaan.

Dit is dan die Gees wat die regte optrede op die chaos van ander se lewens laat spreek.

Riëtte: Die Heilige Gees lê ook woorde in my ...

Die Gees rus ook toe met krag van bo om te spreek (Hd 1:8):

Navorser: Wat kos dit jou om te getuig?

Riëtte: Dit was vir my baie moeilik om voor grootmense te praat. Voor kinders was dit maklik. Daarom kan my getuigenis nie uit myself wees nie. Ek vra ook die Heilige Gees dat niks uit myself sal kom nie. Ek wil net instrument wees. Ek bid dieselfde voor die gehoor. Dan gebeur dit net. Dit vra iets van my, maar dis nie 'n opoffering nie.

Ook Santi getuig van die krag om dinge te hanteer

... omdat die Gees my krag gegee het om dit te kan hanteer.

6.4.4.3.4 Lyding en die gemeenskap van die gelowiges (vgl. 4.4.4)

Die Bybelse prentjie in lyding is dat medegelowiges die las van lyding ligter sal maak (Hauerwas 1990:53; Louw 2000:143). Maar soos Job ervaar het (Kushner 1992: 123-128), het die deelnemers ook ervaar dat alle mense se hulp nie noodwendig die las verlig nie.

Santi het die seerste deur medegelowiges gekry – *Christene het my die seerste gemaak. René word soms teleurgestel deur mense. Riëtte – veral haar man – was baie verward oor die sogenaamde profesie van 'n medegelowige dokter.*

By aldrie deelnemers het hierdie aspek van lyding die meeste negatiewe ervarings uitgelok, volgens aanvoeling van navorser. Dit dui op 'n verskil van siening en selfs verwardheid by gelowiges oor die hantering wat hierdie saak betref. Dit bevestig ook die feit dat mense wat deur dieselfde trauma as die slagoffer gaan die aangewese persoon is om te help.

Die belangrikheid van die hantering van lyding deur medegelowiges blyk uit die deelnemers se hulp wat hulle wel ervaar en beleef het. Santi het vrede met God gemaak tydens haar saamwees met ander gelowiges wat ly in 'n Bybelskool. René se ondersteuning by die gelowiges van die CAD het hom gemotiveer, asook die insig van 'n vreemde medegelowige in 'n kroeg en sy bestuurder vir wie hy gewerk het. Riëtte put veel waarde uit haar verhouding met haar predikante, sms'e van gelowige vriende en die gebede wat medegelowiges vir haar tydens moeilike tye reël.

6.4.4.3.5 Lyding is beide intellektueel en misties (vgl. 4.4.5)

Dit is duidelik uit voorafgaande paragrawe dat lyding roep om antwoorde – nie verklarings nie – wat gevind is en dat dit vrede en rus gebring het. Die hermeneutiese en intelligente proses van gebed, Woord, sakrament, interpretasie, dialoog en koinonia (Louw 2000:103) wat insig tot korrekte optrede bring, is instrumenteel in die verwerking van die pyn van die deelnemers.

Aan die ander kant was en is daar ook mistiek in lyding. Santi kon nie sin maak van 'n Vader wat pyn aan sy kinders bring nie. René beleef die ambivalensie van die pynlike ervaring van alkoholisme en God wat slegte dinge kan omdraai. Vir Riëtte is kanker 'n liefdevolle vinger van God op hulle gesin en 'n kompliment vir haar krag. Tydens die operasie om haar mondvloer met spier uit die bobeen te rekonstrueer, lyk sy op haar slegste, maar dit is tydens hierdie tyd dat sy die naaste aan die Here voel, asook krag en vreugde ervaar om aan te gaan.

6.5 SLOT

In hierdie hoofstuk is gepoog om teorie en praktyk te integreer. Deur die teoretiese uitgangspunte aan die praktyk bloot te stel, is ooreenkomste gevind.

In die laaste hoofstuk sal die studie geëvalueer word aan die hand van die bereiking van navorsingsdoelwitte. Daar sal ook enkele samevattende opmerkings oor 'n praktykteoretiese uitgangspunt vir pastorale berading, met die oog op diens wat genees, gemaak word.

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Aan die begin is daarop gewys dat gesonde bestaan van die mens met die begrippe shalom en vrede in die Ou en Nuwe Testament beskryf word. Die eksistensiële inhoud van hierdie bestaan in shalom is verder positief aan diensbare lewe verbind. Hiermee is die denkrigting van die studie gestel, naamlik: wanneer lydingsgebeure tot diensbare lewe omskep word, het dit restourerende effek op die vervulde bestaan van die mens (vgl. 1.1).

Eerstens word nou beredeneer in watter mate die hipotese en sub-hipoteses aangaande hierdie denkwys aanvaar kan word.

Dan word die navorsingsdoelwitte beoordeel.

Ten slotte word aanbevelings vir 'n pastorale begeleiding gemaak wat lydingsgebeure tot diensbare bestaan benut sodat genesing en volheidslewe moontlik kan plaasvind. In hierdie slothoofstuk sal hoofstuk 5 (wat hoofstuk 2 tot 4 pastoraal toegepas het) en hoofstuk hoofstuk 6 (wat die pastorale toepaslikheid vir die inhoudelike teorie van hoofstuk 2 tot 4 nagevors het), die basis vorm vir die stel van riglyne vir 'n pastorale praktyk wat diensbaarheid as doel het. So word die slothoofstuk dus 'n samevatting van die hele verhandeling.

7.2 HIPOTESE EN SUB-HIPOTESES

Die hipotese en sub-hipoteses (vgl. 2.1) is in vyf bewegings ondersoek.

- Eerstens is aangedui dat diens tot die kern van die mens as beeld van God behoort (vgl. hoofstuk 2). Dit het daarop gewys dat gesonde lewe in verband staan met die mens as diensbare wese in sesvoudige perspektief (vgl. 2.3.1 tot 2.3.6). Daar is aangetoon dat die antropologiese beskrywings van Bonhoeffer (vgl. 2.4.1), Collins (vgl. 2.4.2), Hall (vgl. 2.4.3) en Hefner (vgl. 2.4.4) hiermee resoneer.
- Die implikasie van hierdie hipotese is dat diensloosheid ongesonde lewe verteenwoordig. Daarom is tweedens uitgewys dat dienslose lewe 'n ommekeer van hierdie gesonde bestaan as beeld van God is. Daar is redeneer dat diensbare bestaan gevolglik genesend op menslike lewe kan inwerk (vgl. hoofstuk 3). Die

bestaan van die mens as postmoderne en tegno-sekulêre mens hou gevaar in vir gesonde diensbestaan, is ook beredeneer.

- Aangesien die hipotese op lydingsgebeure – as fasilitering tot diens – fokus, is in die saak van lydingsbestaan as impetus deur die Drie-enige God tot diensbare bestaan, positief beredeneer (vgl. hoofstuk 4).
- Vierdens is ondersoek op watter wyse bestaande pastorale begeleidingsmodelle benut kan word tot die integrering van lyding met die oog op diensbare bestaan (vgl. hoofstuk 5). Daar is ook vyf praktyk-teoretiese riglyne getrek vir 'n pastorale begeleiding wat lydingsgebeure benut om gesonde lewe te fasiliteer (vgl. hoofstuk 7).
- Laastens is, by wyse van 'n kwalitatiewe ondersoek, met drie persone onderhoude gevoer. Dit het daarop gewys dat benutting van 'n lydingsgebeure tot diensbare bestaan genesend op lewe kan inwerk (vgl. hoofstuk 6).

Die ontwikkeling en ondersoek van die twee sub-hipoteses (vgl. 1.2.2) het die hipotese ondersteun.

- Subhipotese 1.2.2.1 het gestel dat persone se diensrolle deur daardie persoon se lydingsgebeure bepaal word.

Daar is beskryf dat lyding vormende invloed op diensbare bestaan het en dat die Drie-enige God hierin 'n rol speel (vgl. hoofstuk 4). Drie persone se lydingsgebeure is nagevors en daar is positiewe bewyse gevind dat elkeen se spesifieke lyding sy of haar unieke diens gevorm het – diens wat genesend op elkeen se lewe en lyding ingewerk het (vgl. hoofstuk 6).

- Subhipotese 1.2.2.2 het gestel dat hierdie diens, as gevolg van lyding, lewensvervulling tot gevolg kan hê.

Daar is aangetoon dat en hoe diensbare lewe 'n gepaste reaksie op lyding is en daarom genesende implikasies vir gesonde lewe het – aangesien die mens as dienswese geskep is (vgl. hoofstukke 3 en 2).

Daar is beskryf dat en hoe diens in pastorale begeleiding benut kan word (vgl. hoofstuk 5). Die navorsing het ten slotte aangedui dat daar 'n positiewe verband tussen gebruikmaking van lyding en gesonde lewe bestaan (vgl. hoofstuk 6).

Uit bogenoemde word die afleiding dus gemaak dat die hipotese aanvaar kan word, naamlik: pastorale begeleiding, met die doel om diens aan God, medemens en omgewing te fasiliteer, na heel en oorvloedige lewe kan lei.

7.3 NAVORSINGSDOELWITTE

7.3.1 Keuse van onderwerp en noodsaak van studie

Daar is genoem dat pastorale begeleiding vandag nie daadwerklik rekening hou met lyding as 'n Godgegewe proses tot die diensbaarmaking van die mens aan God, mekaar en wêreld nie. Te veel klem word op die hantering of selfs ontvlugting – eerder as gebruik – van pyn geplaas. Die noodsaak en waarde van die studie is dat ondersoek is hoe daar meer van die mens as dienaar in pastorale begeleiding gemaak behoort te word. Dissipelskap, maar veral apostelskap of gestuurdheid, behoort deel van die doel van pastorale berading te wees (vgl. 1.3).

Hierdie saak is as volg beredeneer:

Diensbare lewe is 'n sleutelbegrip om die mens se gesonde bestaan as beeld van God te verstaan (vgl. hoofstuk 2). Bonhoeffer, Collins, Hall en Hefner (vgl. 2.4.1 tot 2.4.4) pleit verder dat die aanwending van die simbool van die mens as dienaar vandag gesonde bestaan kan fasiliteer. In die beoordeling oor wie die mens van vandag is (vgl. 3.3), is aangetoon dat die postmoderne en tegno-sekulêre mens se bestaan kan baatvind by die siening dat die mens dienaar is. Gesonde lewe is beskryf as 'n diensbare lewe (vgl. hoofstuk 3) van uitbeweeg vir God na ander en die omgewing (vgl. 3.4). In hierdie verband is gewys op Nouwen wat die gelowige bestaan in 'n sekulêre wêreld beskryf as geliefd, geneem, geseënd, gebreek en gegee (vgl. 3.5.1) – 'n lewe vol diensbare momente. Die Drie-enige God speel 'n rol daarin om lydingsgebeure te fasiliteer om die mens dienaar te maak (vgl. hoofstuk 4). Ware lewe is dus nie die narsistiese ontvlugting van pyn nie, maar vra 'n verbondmatige respons tussen God en mens op lyding (vgl. 4.5).

Dit is veral die pastorale riglyn van dissipelskap na apostolaat (vgl. 5.3.4) wat die waarde en noodsaak van die studie onderstreep. Die studie pleit vir 'n denkskuif in pastorale begeleiding. Pastorale begeleiding mag nie slegs 'n plek van ontvlugting of selfs hantering van pyn tot persoonlike groei wees nie. Dit beteken nie dat daar nie plek is vir hierdie sake in pastorale versorging nie. Maar Christelike pastorale begeleiding behoort die doel voor oog te hou dat God met lydingsgebeure die mens met sy pyn uitstuur na die nood van ander en die wêreld. Dit is hierdie aksie wat genesend op pyn inwerk en gesonde lewe fasiliteer.

Die kwalitatiewe navorsing het 'n positiewe verband tussen gebruikmaking van lyding en volheidslewe aangetoon (vgl. hoofstuk 6). 'n Pastorale begeleiding wat diens fasiliteer, kan dus tot waarde vir die omgaan met pynlike gebeure wees.

7.3.2 Navorsingsprobleem

Die beoogde kritiese vrae (vgl. 1.4.1 tot 1.4.4) is in hoofstukke 2 tot 5 grootliks beantwoord:

- 1.4.1: 'n Bybels-Christelike antropologie beskryf die volheidslewe van die mens. Die mens as dienaar speel hierin 'n sleutelrol (vgl. hoofstuk 2).
- 1.4.2: Gepaste reaksie van diens op 'n krisis of lyding fasiliteer genesing aangesien diensbaarheid 'n gesonde wyse van bestaan is (vgl. hoofstuk 3).
- 1.4.3: Die Drie-enige God is betrokke by die mens in lyding. 'n Geloofsreaksie van die mens op die teenwoordige betrokkenheid van God in pyn fasiliteer toepaslike reaksie (vgl. hoofstuk 4).
- 1.4.4: By wyse van die ondersoek van pastorale modelle is aangetoon hoe diens in pastorale begeleiding moontlik aangewend kan word. Deur 'n kwalitatiewe ondersoek is verder aangetoon dat die gebruikmaking van hierdie pastorale versorging positiewe gevolge kan bewerk, want deelnemers se diensbare antwoord op lyding het hulle genesing en volheidslewe laat ervaar (vgl. hoofstuk 5 en 6).

Navorser meen die volgende sake kan verder ondersoek word:

- Die invloed van denksisteme van die mens vandag en gepaardgaande bestaan as beeld van God. Hier word veral gedink aan die sogenaamde tegno-sekulêre mens wat eienskappe van die teenpool van die dienaar mens vertoon (vgl. 3.3.2).
- Die verhouding tussen diens en die volgende sake kan verder aandag kry: spesifieke aard van lyding as impetus tot diens, persoonlikheid van die persoon in lydingsgebeure se invloed op die aard van diens en die invloed van geloofsvlak en verhouding met God van die persoon met lyding.
- Die rol wat diensbaarheidsmotiewe in evangelisasie-modelle speel tot die vorming van 'n eskatologiese lewe tot diens.
- Riglyne vir 'n Woordgedrewe pastoraat aan die mens wat nie die gesag van die Woord erken nie.
- Die genesingswaarde van diens in persone met 'n gebrekkige of geen geloofsverhouding met God.

- 'n Pastorale begeleiding van een of meer persone met toepassing van die pastorale riglyne van hierdie studie en beskrywing daarvan van die begin van 'n lydingsgebeure tot diensbaarmaking daarvan.

7.3.3 Doel en doelwitte, navorsingsmetodes en -prosedures

Die doel (vgl. 1.5.1) van die studie om riglyne te beskryf vir pastorale begeleiding – wat lydingsgebeure benut – tot genesende diensbare lewe is in hoofstuk 5 beskryf (vgl. 5.3).

'n Literatuurstudie (vgl. 1.5.2 en 1.6.1) is in hoofstukke 2 tot 5 beskryf.

Kwalitatiewe navorsing by wyse van onderhoudvoering (vgl. 1.5.2 en 1.6.2) is gedoen en in hoofstuk 6 beskryf.

Beskrywings (vgl. 1.6.3 en 1.6.4) van literatuur en navorsing is gedoen. Die beskrywings is diakonologies van aard (vgl. 1.7.1.1) deurdat praktiese gebeure ondersoek is, dit is teoreties deurdink en weer beskryf: *praktyk-teorie-praktyk*. Die raamwerk waarbinne dit plaasgevind het, is Woord en Christelik georiënteerd.

7.4 AANBEVELINGS

'n Teorie van pastorale berading, wat diensbare lewe deur gebruik van lyding fasiliteer, word nou aanbeveel. Hierdie teorie sal in die vorm van pastorale merkers, bakens of mylpale beskryf word wat in die vormingsproses van 'n krisis na diens bereik behoort te word.

Uit die studie wil vyf groot bakens vir pastorale begeleiding aanbeveel word. Dit word nie chronologies bedoel nie. By elke baken of merker word die volgende telkens gedoen:

- Teoretiese lyne vir die bakens of merker word gestel.
- 'n Praktiese gevolgtrekking word gegee.
- Die toepassingsmoontlikhede van pastorale modelle (vgl. hoofstuk 5) word gestel.
- Die wyse waarop hierdie bakens by deelnemers van die navorsing plaasgevind het, (vgl. hoofstuk 6) word uitgewys.

7.4.1 Die beeld van God as vertrekpunt

Die beeld van God is die vertrekpunt vir menswees van die studie en is deurgaans gehandhaaf om diens en die weg daarheen te begrond.

- Die dienaarsbeeld van die mens kan slegs volledig uit die beeld van God afgelei word soos beskryf in die Skrif. Die verliggende werk van die Heilige Gees is hiervoor nodig. Hierdie beeld van God is nie 'n formele vorm wat wetties nagevolg word nie, maar nooi uit na 'n verandering van denke oor lyding as deel van holistiese lewe.
- Skrifbeginsels wat vir die pastoraat gepositiveer word, is die primêre kenbron van berading wat diensbaarheid wil genereer. Dit beteken nie dat dit die enigste kenbron is nie – solank ander bronne *hulpmiddels* is.
- Die Bybel is Woorde van 'n soewereine God en het per implikasie integriteit, maar word nie outoritêr toegepas nie. Die Woord as rigtinggewende faktor bewaar beide die pastor en gespreksgenoot om te oorheers. Daar word biddend gewag op die agogiese oomblik waar Woord en Gees vir berader en hulpsoeker sin maak en alles bymekaarkom sodat denk- en gedragsverandering plaasvind.
- In berading met diens as doelwit moet die ses perspektiewe van die dienaarmens as basis dien en is berading gerig op verhoudings, kreatiwiteit, etiek, verantwoordelikheid, nood en eskatologie van menswees (vgl. hoofstuk 2).
- Godsbeelde en Skrifgedeeltes asook -modelle word gereken as riglyne vir gesonde lewe. Die hermeneutiese nadenke daarvoor en implementering daarvan skep potensiaal tot nuwe lewe. Ook die diensbare lewens van gelowiges kan bestudeer word om refleksief op die persoon se lewensgebeure in te speel.
- Daar word rekening gehou met die werklikheid wat diensloosheid aan die mens as beeld van God gedoen het, maar ook die restourasiebeginsel van diens vir nuwe lewe. Daar behoort plek vir die kruis en oop graf, sonde en oorwinning in die Christelike berading te wees. Die mens is skepsel én sondaar én herskepte skepsel en daarom geskepte medeskepper met en van lewe. Daar is dus positiewe hoop vir genesing deur lyding te gebruik. Probleem en persoon moet onderskei word.
- Die doel van pastoraat is geloofsvolwassenheid. Daarom is pastoraat per definisie Christelike berading wat die Woord as uitgangspunt neem. Anders is pastoraat 'n humanistiese kliniek vir menslike raadgewing.

Aangesien die Skrif as Woord van God die primêre kenbron van beeld van God verteenwoordig, sal die verliggende werk van die Gees deur die Woord 'n bepalende rol in pastorale begeleiding behoort te speel. Die Woord van 'n soewereine God het voorrang in

Christelike pastorale berading. Dit word egter nie op outoritêre wyse toegepas nie, maar is die agenda van die gesprek en bewaar die berader en gespreksgenoot se verhale van dominansie. Hierdie gebruikmaking van beeld van God, soos dit uit die Skrif afgelei word, laat ook die ruimte om in pastoraat te ontdek dat sekere ontoepaslike vorme as reaksie op lyding bestaan, naamlik diensloosheid.

Die beeld van God – veral soos in Jesus se inkarnasie vergestalt – word as gesonde norm oorweeg en ontoepaslike vorme van reaksie op lydingsgebeure kan uitgewys en oordink word.

Elemente van Thurneysen se Kerugmatiese model (vgl. 5.2.2) en Adams se Noutetiese model (vgl. 5.2.4) wat die Skrif gebruik, kan benut word. Aangesien lyding onder andere 'n etiese reaksie oproep, kan Woord en gebed (vgl. 5.2.2.3) 'n belangrike rol speel in die uitwys van dienslose lewe (vgl. 5.2.2.2) en die daarstelling van 'n gedragswyse wat by wyse van bekering waardig op lyding reageer (vgl. 5.2.2.1). Die pastorale gesprek kan selfs vermanende elemente fasiliteer (vgl. 5.2.4.3) sodat passiwiteit (vgl. 5.2.4.2) hanteer kan word.

Die gevaar is egter 'n outoritêre gebruik van die Woord en daarom kan dit nie anders as om aangevul te word met die modelle van Hiltner se Eduktiewe model (vgl. 5.2.3) en die narratiewe benadering (vgl. 5.2.11) – met inagneming van die voorbehoude (vgl. 5.2.11.1) – nie. Die mens in lyding se ervarings en verhaal kan egter nie eenkant gesit word nie (vgl. 5.2.3.1). Dit is juis hierdie gebeurtenisse as geskiedenis van die individu (vgl. 5.2.3.4) wat die unieke diens van die persoon deur hermeneuse medebepaal (vgl. 5.2.11.2 tot 5.2.11.4).

Die Moreel-etiese model van Pembroke (vgl. 5.2.5) kan besonder nuttig gebruik word om die voorbeeld van Jesus se hantering van lydensgebeure as *beskaming* aan te wend tot lewensgroei. Hierdie beskaming word benut in die sin van aansporing en nie by wyse van skuldbelasting nie.

Uit die onderhoude met deelnemers gevoer, het dit duidelik geblyk dat die Woord van God soos deur beraders en ander gelowiges aan hulle voorgehou is, die primêre rigtinggewende rol gespeel het (vgl. 6.4.2.3, 6.4.2.6, 6.4.3.3 en 6.4.4.3) in die verwerking van hulle lydingsgebeure tot diens en genesing. Dit is ewe duidelik dat die Woord nêrens afgeforseer is nie, maar dat die Woord aan hulle voorgehou is as 'n moontlike model om beeld van God te vertoon. Deelnemers het dit op hulle eie tyd, gewillig en met behulp van die Gees in hulle lyding uniek (vgl. 6.4.4.3.2) geïntegreer as 'n normerende simbool in hulle lewens (vgl. 6.4.4.3.1).

Die beeld van God – soos dit deur die Woord van God voorgehou – het steeds vormingswaarde vir die pastorale begeleiding aan mense wat die gesag daarvan aanvaar.

7.4.2 Holisties-eksistensiële doelwitte

Alle fasette van lewe staan in verband met mekaar en beïnvloed mekaar. Die integrasie van hierdie totale lewensgebeure met mekaar op 'n eksistensiële wyse spel gesonde lewe.

Lewe is 'n holistiese gebeure. Vir hierdie studie beteken dit:

- Lyding is deel van lewe. Ware lewe is groei deur en selfs as gevolg van pyn. Hierdie lydingsgebeure is die roepstem tot nuwe en beter lewe, maar ook verandering van 'n spesifieke styl van lewe.
- Die lewe moet eskatologies beskou word. Lewe word vandag geleef met die oog op die ewige. Die lewe aan hierdie kant van die dood en aan die ander kant is een lewe.
- Daar bestaan 'n bipoëlêre spanning in die totale lewe wat erken en geleef moet word.

As die lewe holisties benader word, is Christelike berading gerig op eksistensiële verandering:

- Shalom en vrede is die mikpunt vir heel lewe. Dit is die produk van 'n lewe soos deur die Drie-enige God in sy Woord uitgespel.
- Die doel van God se Bybelse riglyne is 'n welvarende lewe na liggaam, siel en gees. Daarom is berading gerig op gedragsverandering, want dit is gedrag wat seën baar. Pastoraat is dus *pragmaties*.
- Dit vra 'n berading wat ook versoening met God en 'n bekeringslewe ten doel het.
- Lyding as deel van en impetus tot volwasse lewe versoek waardige reaksies daarop. Daarom is Christelike berading in wese moreelgedrewe, want daar is regte en verkeerde reaksie, morele en immorele response op lewensgebeure.
- Vir eksistensiële en konstitiewe verandering is geloof noodsaaklik. Dit begin by geloof in 'n God wat deur die Seun versoen en so betroubaarheid vertoon, maar dit behels ook geloofshoop in die vredevolle uitkoms van 'n gehoorsame lewe aan die

riglyne uit die Woord (Rm 8:32). Die beloftes van God – soos in die Bybel verwoord – is die fondament waarop gebou word.

In 'n pastorale begeleiding wat pyn tot diensbare lewe integreer, is dit nodig dat berader daarop wys dat lyding deel van die groter holistiese gebeure van lewe is. Dit is deel van die bestaansgeskiedenis van elke persoon. Dit is gevolglik nodig om te wys op die bipolarêre aard van lyding wat ook opbouend kan wees. Die persoon met pyn moet hierdie denkskuif maak. Maar lyding is per definisie 'n pragmatiese gebeure. Hierdie pragmatiese benadering maak ook die ruimte oop vir gesprek oor toepaslike en ontoepaslike reaksie op lyding wat na 'n bekering of lewe van shalom kan lei.

Vir hierdie implementering van pastorale begeleiding kan gebruik gemaak word van die Bipolarêre model van Heitink (vgl. 5.2.6) wat wys op die bipolarêre spanning van pynlike gebeure wat ook groei bring (vgl. 5.2.6.4). Ook die ses dimensies (vgl. 5.2.7.3) van die Holistiese model van Clinebell (vgl. 5.2.7) kan aangewend word om te begelei na 'n lewe waar lyding deel van ware lewe gesien word en na integrasie kan lei (vgl. 5.2.7.4). Crabb (vgl. 5.2.9) wys ook daarop dat die mens se gedagtes moet vernuwe (Rm 12:1-2) om met teenspoed te worstel sodat dit tot verdiepte lewe kan lei. Volgens Louw se Konvergensiemodel (vgl. 5.2.1.4) kan die sinvolheid van lyding in die gesprek daarvoor gefasiliteer word as diensgebeure wat tot volwassenheid lei en eskatologies vir die ewigheid voorberei. Ook Maxwell se Groei- en bestuursmodel (vgl. 5.2.10) kan aangewend word om aan te dui dat lydingsgebeure 'n deel van lewe is wat die mens vorentoe kan laat beweeg.

Aangesien die hantering van lyding pragmatiese asook toepaslike reaksies verlang, bring dit die element van konfrontasie in die pastorale begeleidingsproses na vore. Lyding vra na 'n bekeringsaksie of benutting daarvan tot volwasse lewe. Die pastorale modelle wat pragmatiese verandering fasiliteer, kan gebruik word: Thurneysen se Kerugmatiese model (vgl. 5.2.2), Adams se Noutetiese model (vgl. 5.2.4) en Pembroke se Moreel-etiese model (vgl. 5.2.5). Die narratiewe metode (vgl. 5.2.11) kan ook in aangepaste vorm – soos in die Meer-lensige model van Doehring (5.2.12) – sinvol benut word. Hier vra die persoon met lyding vrae oor die verlede, hede en toekoms (vgl. 5.2.11.4) en konfronteer homself sodoende tot diensbare lewe. Hierdie benadering word aanbeveel bo 'n preekmodel wat van bo af verandering wil afdwing.

Die deelnemers aan die navorsing het hul lydingsgebeure as deel van hulle groter lewe gesien (vgl. 6.4.4.1.1) en diens as pragmatiese en sinvolle optrede geïmplementeer (vgl. 6.4.3, 6.4.4.1.2). Daarom het hulle dit verantwoordelik (vgl. 6.4.2.4) tot diensbare lewe benut omdat dit vir hulle tegelykertyd ook roepingsoomblikke (vgl. 6.4.4.1.5, 6.4.4.1.6, 6.4.4.2.6) na

die nood van ander (vgl. 6.4.2.5) was. Hulle het dit ook as eskatologiese gebeure (vgl. 6.4.2.6) gebruik om God te eer met die oog op die finale oordeel.

Die deelnemers se lyding het ook bekering tot gevolg gehad wat 'n verdieping in hulle verhouding met God en ander meegebring het (vgl. 6.4.2.1, 6.4.2.3).

7.4.3 Hermeneuties-pneumatologiese werkswyse

Omdat lewensgebeure 'n holistiese samehang vertoon, is dit iets wat hermeneuties interpreteer moet word:

- Alle lewe het betekenis as die doel daarvan en daarmee verstaan en geleef word. Lyding het baie oorspronge en gesigte.
- Die mens se lewe kan met 'n verhaal/storie met verbande vergelyk word. 'n Narratiewe of verhalende benadering dra by tot hermeneutiese verstaan van lewe. Dekonstruksie, *reframing*, vraagstellings en so meer is dus belangrike werkswyses. Daar moet egter gelet word op die epistemologie vanuit 'n narratief-konstruktivistiese model. 'n *Meer-lensige* siening op pastoraat is 'n verantwoordelike wyse van berading.
- Lyding is epistemiese gebeure en vra na 'n verstaansproses van die agtergrond daarvan sodat daar 'n vanwaar en waarheen daarmee is.
- Om verstaan te maksimaliseer kan ook van ander terapeutiese velde gebruik gemaak word.
- Nadenke oor die voorbeeld van Jesus Christus (vgl. 5.2.4) as mens kan die rigting van ware lewe bepaal: Hy gebruik sy lyding kreatief om lewe te skep. Dit is 'n hermeneutiese proses tussen lydingsgebeure en Skrif deur die persoon wat ly en pastorale begeleier. Daar moet egter gewaak word teen 'n Christologiese aanpak alleen – die soteriologiese impak op menslike lewe mag nie onderspeel word nie aangesien dit die beginpunt van Christelike lewe is.

Die mens kan nie uit homself van lewe sin maak, of sinvol implementeer nie. Die Heilige Gees is die Persoon wat die insig en vermoë gee, daarom is die hermeneutiese proses ook Pneumatologiese proses:

- Lyding kan benut word tot lewensgroei wanneer insig verkry is van die waarheen daarmee.
- By die ontdekking van die betekenis van lyding vir groei maak die Heilige Gees gebruik van die ingeskape kreatiwiteit van die mens om nuwe lewe te skep. Die nood van ander is 'n roepingsaksie om sy lewensgebeure tot voordeel van die ander aan te wend.
- Lewensgeskiedenis is 'n charismatiese gawe wat aangewend word om te bedien en volwasse menswees te genereer. As diens charismatiese gawe is, is die gemeente en hulle nood 'n plek waar diens gelewer word.

Een van die bydraes wat hierdie studie wil maak, is dat lydingsgebeure bruikbaar vir volheidslewe is. Om hierdie doel te bereik is dit nodig dat 'n interpreterende verstaan van die lydingsgebeure onder leiding van die Heilige Gees plaasvind. Die lewensgeskiedenis van elke mens moet dus hermeneuties-pneumatologies verwerk word.

Alhoewel voorbehoude oor die Narratiewe benadering (vgl. 5.2.11) uitgespreek is, kan dit hier met vrug gebruik word aangesien dit met die beskrywing en interpretasie van gebeure te doen het. Daar word aanbeveel dat die Meer-lensige gebruik van Doehring se narratiewe model (vgl. 5.2.12) gebruik word waar rekening gehou word met premoderne (Skryf), moderne (verklarende) en postmoderne (narratief, kontekstueel, kruis-dissiplinêr en pragmatiese) elemente. Hierdie benadering om lyding te interpreteer, kan aangevul word met Rebel se pneumatologiese perspektiewe (vgl. 5.2.8). Hy wys op die kreatiewe werk van die Heilige Gees. Die pastorale begeleiding kan fasiliteer dat die lyding van die mens gebruik word om gedragsverandering te skep wat nuwe lewe gee. Die Gees werk waar die lyding saam met ander hanteer word en waar gebed 'n wyse word waarop na die stem van God geluister word.

Vir die deelnemers aan die navorsing is die verstaan van hulle lydingsgebeure (vgl. 6.4.3.1 tot 6.4.3.3) belangrik vir genesing en integrasie na diensbaarheid daarvan. Hierdie verstaan was nie om die lyding te verklaar nie (vgl. 6.4.4.3.5), maar om insig te vind in die aard en doel van die pyn. Al die deelnemers het die insiggewende werking van die Heilige Gees (vgl. 6.4.4.3) as die hermeneutiese openbaring erken. Die verstaan dat en hoe lyding die mens diensbaar maak, het deelnemers vervulling laat ervaar. Dit was die kern van die deelnemers se hermeneutiese omgang met lyding tot genesende integrering. Daar is verder gegaan as net die hantering van pyn.

7.4.4 Beweging van dissipelskap na apostolaat

Die Christelike lewe – en daarom pastoraat – is 'n beweging van dissipelskap na apostolaat/dissipelmaking. Die eerste beweging in lyding is 'n etiese groei na dissipelskap:

- Lyding roep tot nadenke oor lewensinrigting en vra daarom ook vrae oor en na gehoorsaamheid aan God. Hierdie vasbind aan God en sy Woord kan die mens van sy ontwortelde bestaan verlos en sekuriteit verleen.
- Groei na diensbare lewe het ook persoonsvorming in gedagte.
- Diensbare lewe is 'n groei saam met en vir ander. Die ekklesia is nodig vir bemoediging, gehoorsame antwoord en uitgestuurdheid as antwoord op lyding.
- Christus as Lam van God is die perspektief en beginsel – nie wettiese model nie – vir diensbare lewe.
- Diensreaksie op en met pyn is altruïsties en die kenosis-voorbeeld van Jesus dien as model.
- Lydingsgebeure word dus aanvaar as 'n gebeure wat omarm word om vorentoe te groei.

Die tweede beweging is 'n reaksie op die nood van ander as apostolaat:

- Dit vra na 'n uitwaartse beweging in lewe – lewe teen selfgesentreerdheid.
- Die lewensgebeure van mense roep tot 'n sekere unieke diens.
- Die mens is rentmeester van persoonlike geskiedenis asook die boodskapper daarmee na ander. Die roepingsaspek van lewensgebeure – insluitend lyding en pyn – behoort verreken te word in pastorale berading.
- Gestuurdheid is teen die kultuur van die dag, maar om buite die eie ek te dink is die begin van genesing.
- Apostolaat vra na 'n visie ook buite die kerk.

Die beweging van dissipelskap na apostolaat is die kern waaroor dit in hierdie verhandeling gaan. Daar is dikwels gepleit vir 'n pastoraat wat verder as die hantering of ontvlugting van pynlike gebeure gaan. Meer as dit: daar is aangevoer dat pastoraat selfs verder as dissipelskap – as persoonlike gehoorsaamheid en verdieping – behoort te gaan. Hierdie studie wil aanbeveel dat uitgestuurdheid – met lydingsgebeure as die roeping – 'n doel van pastoraat behoort te wees.

Daar is genoem (vgl. 1.3) dat pastorale modelle gerig is op die hantering van lydingsgebeure en hou verdieping in dissipelskap voor. Maar die daarstelling van 'n apostolaat of uitgestuurdheid deur pyn blyk 'n tekortkoming te wees. Dit is moontlik deur die gebruikmaak van pastorale modelle wat nie op die individu alleen fokus nie, maar met de-individualisasie (vgl. 2.3.1.3) rekening hou en daarop wys dat pynlike gebeure 'n uitwaartse stukrag behoort te hê. Daar is wel modelle wat vir apostolaatsvorming benut en uitgebrei kan word. Heitink (vgl. 5.2.5.2) wys daarop dat pastoraat 'n buite-kerklike doel het en dat die persoon met lyding daarmee diens kan lewer. Hierdie model het ook gewys op die bipolariteit van lyding en dit kan benut word om op die pynlike gebeure te wys as 'n plek van nuwe begin (vgl. 5.2.5.4). Pastorale begeleiding met die oog op diens gaan dus verder as slegs 'n persoonlike groeiproses in etiese bestaan. Clinebell (vgl. 5.2.6.3) se vyfde dimensie wys ook op pastoraat wat rekening hou met die persoon wat 'n instandhoudingstaak het met betrekking tot die gemeenskap waarin hy hom bevind.

Die eskatologiese momente in Louw (vgl. 5.2.1) se benadering speel ook hierop in, naamlik dat die tydelike lewe 'n lewe van diensbare werke aan ander is wat aan die einde beoordeel sal word. Maxwell (vgl. 5.2.10) se Groeimodel kan gebruik word om lydingsgebeure aan te wend tot diensbare lewe as suksesvolle lewe. Doehring (vgl. 5.2.12) se vierde moment – dat pastoraat pragmaties behoort te wees – kan gebruik word om in die pastoraat die vraag na waarheen? met lyding te vra. Laasgenoemde drie modelle sal egter rekening moet hou daarmee dat diens nie net oor persoonlike groei gaan nie, maar diens aan God, ander en die omgewing insluit – soos geïnisieer deur die persoonlike lyding.

Die navorsing het duidelik uitgewys dat genesing op die ses perspektiewe van dienaarmens (vgl. 6.4.2) ingetree het wanneer tot diensbare dade oorgegaan is. Pastoraat kan lyding dus gebruik as 'n roepingsgebeure tot diensbare bestaan.

Deelnemers aan die navorsing het aangetoon dat die mens dienaarsbeeld van God is (vgl. 6.4.1 en 6.4.2). Daarom is aangetoon dat altruïstiese diensbaarheid 'n sinvolle en toepaslike optrede teenoor lyding is (vgl. 6.4.3). Hierdie diensbare optrede was instrumenteel daarin dat God gesond gemaak het (vgl. 6.4.3.1 tot 6.4.3.3).

Hierdie beweging van dissipelskap na apostolaat is 'n proses en nie 'n posisie waarby begin word nie (vgl. 5.2.8). Daar word egter voorgestel dat die saak van rentmeesterskap en uitgestuurdheid met persoonlike lyding deurgaans tydens pastorale begeleiding in gedagte gehou word.

7.4.5 Didaskalies-verbondmatige proses

Die pastorale verhouding kan in wese beskryf word met 'n didaskaliese proses wat verbondmatig plaasvind. Wanneer diensbare lewe die objek is, word balans tussen Goddelike en menslike bydrae gevind.

Die groei na diens is eerstens 'n opvoedkundige gebeure:

- Lyding het opvoedkundige waarde en moet in die berading benut word tot ontdekking van nuwe insigte, kennis en wysheid. In hierdie leiding speel die pastor 'n fasiliteringsrol. Hy is sensitief by gebeure betrokke en hy neem ondersteunend leiding. Die vaardighede van die pastor as berader in gesprek behoort ontwikkel te word as instrument tot didaskaliese begeleiding. By wyse van 'n inter-subjektiewe verhouding word opvoedkundige gevolgtrekkings vanuit die lydingsgebeure gemaak en toegepas.
- Vir die persoon met 'n probleem, is verandering van denke voorwaarde vir gesonde en nuwe lewe. Dit is hierdie denke wat nuwe gedrag genereer sodat uit die gedrag nuwe seën vloei. Die berader luister en kom saam met die gespreksgenoot tot gevolgtrekkings. Die gespreksgenoot neem eienaarskap van hierdie opvoedkundige reduksies vanuit pyngbeure en implementeer dit in sy lewe totdat genesing plaasvind. Berader kan die gevolgtrekkings ondersteun.
- Sienings moet moreel-eties beskou word. Aangesien dit lewenshoudings impliseer, kan dit soms konfrontasie in die hulpverhouding bring. Maar dit is konfrontasie met die Woord en nie met mekaar nie.
- Daar moet geleer word dat lewe van sin en betekenis verby die pyn van die lewe kyk om egte bestaan te vind.
- Die persoon met probleme het 'n begeleier nodig – wat saam stap en saam ontdek. Die begeleier is nie die kundige nie, maar die een wat vanuit 'n nie-weet-nie posisie

saamgaan. Hy is en bly egter fasiliteerder van die gesprek. Hy is 'n gewonde geneser.

Tweedens is die groei na diens verbondmatige groei:

- Daar moet rekening gehou word met die rol van die bese as die vernietiger van ware lewe. Ook met hóm word verbonde aangegaan.
- In die proses van groei na volwasse diensbaarheid is daar persone wat rolle vervul. God Drie-enig, die berader en persoon wat vir hulp kom, het spesifieke rolle wat vervul word. Hierdie rolspelers sluit onderlinge verbonde om berading suksesvol te laat verloop.
- Die ekklesia en gemeenskap is ook rolspelers. Dit het beide invloed in die oloop en afloop van die probleem. Dit is die plek waar diens ontvang en gegee word.
- 'n Basis van geloofsvertroue is nodig vir die proses. Die evangelie moet as verlossing van sonde aangeneem word, maar dit moet ook vertrou word as die ware lewe vir die hier en nou met die oog op die ewige. Ook hier is die bekende gesegde waar: as gedrag dieselfde bly, kan nie ander uitkomst verwag word nie.
- God is die Geneser, maar die gehoorsaamheidsrol van die mens mag nie negeer word nie – daarom is gebed as verbondkommunikasie van deurslaggewende belang.
- Wanneer die mens as dienaar van God gesien word, val die rolle in die verbondmatige berading in plek.
- Die Heilige Gees rus gelowiges toe om uit te gaan en diensbaar te leef – in en deur alle omstandighede. Die verwerking van lyding het sosiale implikasies.

Die pastorale begeleiding wat tot 'n lewe van diens lei, is 'n proses. Dit is die verbondmatige betrokkenheid van 'n aantal rolspelers bymekaar wat in 'n opvoedkundige verhouding tree. Die doel is 'n proses oor tyd waar lydingsgebeure alle rolspelers se lewe verdiep, maar waar die persoon met pyn genesing ervaar omdat hy sy lyding diensbaar tot voordeel van God, homself, ander en die gemeenskap aanwend.

Aangesien hierdie proses opvoedkundig van aard is, kan pastorale begeleiding nie sonder 'n genuanseerde gebruik van Kerugmatiese (vgl. 5.2.2) en Eduktiewe (vgl. 5.2.3) spreke nie. Dit is 'n Noutetiese (vgl. 5.2.4) aksie waar aangedring word op 'n pragmatiese lewe van

diensbaarheid, maar waar die voorbeeld van Jesus (vgl. 5.2.5) – en nie die vermaning van die pastor nie – die oortuigingswerk doen. Die wyse waarop die aangewend word, is dus nie 'n spreke van buite of van bo nie, maar by wyse van 'n meer-lensige benadering (vgl. 5.2.12) waar rekening gehou word met beide die Woord én omstandighede. So word die persoon met lyding se denke vernuwe (vgl. 5.2.8) om lewe te skep uit sy persoonlike geskiedenis.

Deelnemers aan die navorsing het almal aangedui dat daar verskeie rolspelers in hulle beweging van lyding na diens was (vgl. 6.4.2.1). Hierdie rolspelers was persone wat met hulle unieke kennis en lewenservaring sinvol kon inspreek in die deelnemers se lewens (vgl. 6.4.3). Hierdie opvoedkundige uitruil van inligting is nie van buite of van bo gedoen nie. Die deelnemers het dit vrywillig verwerk en in hulle lewens integreer.

In hierdie proses waar didaskaliese verbonde aangegaan word, is en bly God die Geneesheer. Dit is Hy wat deur die Heilige Gees en gebed diensbaarheid bewerk wat tot genesing en sinvolle lewe lei (vgl. 6.4.3).

BRONNELYS

Abrami, L.M. 2011. The concept of a personal calling: in the works of several psychoanalysts and philosophers. *Journal of Spirituality in Mental Health* 13(3), 207-219.

Adams, J.E. 1973. *The Christian counselor's manual*. Grand Rapids: Baker Books.

Adams, J.E. 1974. *Shepherding God's flock*. Grand Rapids: Zondervan Publishing Company.

Adams, J.E. 1977. *Lectures on counseling*. Grand Rapids: Baker Books.

Allen, A.E. 2001. What is the church's healing ministry? Biblical and global perspectives. *International Review of Mission* 90(356/357), 46-54.

Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1988. *Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Anderson, D.A. 2009. Beauty heals. *Journal of Spirituality in Mental Health* 11(1,2), 78-87.

Anderson, E.B. 2010. Memory, tradition, and the re-membering of suffering. *Religious Education* 105(2), 124-139.

Anderson, H. 1993. On a roller coaster: a collaborative language systems approach to therapy. In: Friedman, S. (ed.) *The new language of change. Constructive collaboration in psychotherapy*. New York: Guilford Press.

Anderson, H. en Goolishian, H. 1992. The client is the expert. A not-knowing approach to therapy. In: McNamee, S. en Gergen, K.S. (ed.) *Therapy as social construction*. London: SAGE.

Anderson, R.S. 1982. *On being human. Essays in theological anthropology*. Grand Rapids: William Eerdmans Publishing Company.

Arends, C. 2008. Our shalom vocation: peacemaking is more than not making waves. *Christianity Today* 52(11), 69.

Armistead, M.K. 1995. *God-images in the healing process*. Minneapolis: Fortress Press.

Atkinson, D J., Field, D. H., Holmes, A. F. en O'Donovan, O. 1995. *New Dictionary of Christian Ethics & Pastoral Theology*. Leicester: Inter-varsity Press.

Atkinson, D. 1985. Covenant and counselling. Some counselling implications of a covenant theology. *Christian Brethren Review* 35(July), 55-73.

Barrett, P. 2007. Love Almighty and horrendous evils: recent theodicy in the light of the sciences. *Journal of Theology for Southern Africa* 129(November), 99-115.

Bartholomew, D.J. 2008. *God, chance and purpose. Can God have it both ways?* Cambridge: Cambridge University Press.

Bell, R. 2007. *Seks God*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Berry, R.J. en Jeeves, M. 2008. The nature of human nature. *Science and Christian Belief* 20(1), 3-47.

Biddle, M.E. 2006. Genesis 3: Sin, Shame an Self-Esteem. *Review and Expositor* 103(Spring), 359-368.

Black, C.C. 2001. Does suffering possess educational value in Mark's Gospel? *Perspectives in Religious Studies* 28(1), 85-98.

Boase, E. 2008. Constructing meaning in the face of suffering: theodicy in Lamentations. *Vetus Testamentum* 58(October), 449-468.

Bonhoeffer, D. 1995. *The cost of discipleship*. New York: Touchstone.

Bothma, J.D. 2003. *Pastorale terapie met die MIV/VIGS geaffekteerde familie. 'n Narratiewe benadering*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Brown, C. 1975. *The New International Dictionary of New Testament Theology. Volume 1:A-F*. Exeter: Paternoster Press.

Brown, C. 1976. *The New International Dictionary of New Testament Theology. Volume 2:G-Pre*. Exeter: Paternoster Press.

- Brown, L.B. 1994. Religion, Personality, and Mental Health. In: Brown, L. B. (ed). *Religion, personality, and Mental Health*. New York: Springer Verlag.
- Brown, M.L. 1985. *"I am the Lord your healer: a philological study of the root 'rapa' in the Hebrew Bible and the Ancient Near East*. New York: New York University Press.
- Brueggeman, W. 2006. *The Word that redescribes the world: the Bible and discipleship*. Minneapolis: Fortress Press.
- Brunsdon, A. R. 2006. *Pastoraat aan die afgetrede egpaar deur kanker geaffekteer. 'n Narratiewe benadering*. Ongepubliseerde Ph. D Proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Caiazza, J.C. 2002. The arrival of Techno-Secularism. *Modern Age* 44(3), 208-218.
- Caiazza, J.C. 2005. Fortieth anniversary symposium: science, religion, and secularity in a technological society. *Zygon* 40(1), 9-21.
- Caiazza, J.C. 2006. The Athens/Jerusalem template and the techno-secularism thesis – kicking the can down the road. *Zygon* 41(2), 235-248.
- Capps, D. 1987. *Deadly sins and saving virtues*. Philadelphia: Fortress Press.
- Capps, D. 1990. *Reframing. A new method in pastoral care*. Minneapolis: Fortress Press.
- Capps, D. 1993. *The depleted self. Sin in a narcissistic age*. Minneapolis: Fortress Press.
- Case-Winters, A. 2004. Rethinking the image of God. *Zygon* 39(4), 813-826.
- Cilliers, J.H.J. 2003. *Pastoraat aan adolossente wat by okkultiese subculture betrokke is – 'n pastoraal terapeutiese benadering*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Clinebell, H. 1984. *Basic types of pastoral care and counseling. Resources for the ministry of healing and growth*. Nashville: Abingdon Press.

Cloud, dr H. 1992. *Changes that heal. How to understand your past to ensure a healthier future.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Cochran, E.A. 2009. The imago Dei and human perfection: the significance of Christology for Gregory of Nyssa's understanding of the human person. *The Heythrop Journal* 50(3), 402-415.

Collins, J.N. 1990. *Diakonia. Re-interpreting the ancient sources.* Revised Edition. New York, Oxford: Oxford University Press.

Collins, J.N. 2006. Ordained and other ministries: making a difference. *Ecclesiology* 3(1), 11-32.

Collins, J.N. 2009. Re-interpreting *diakonia* in Germany. *Ecclesiology* 5(1), 69-81.

Conradie, E.M. 2002. Resurrection, finitude, and ecology. In: Peters, T., Russell, R.J. en Welker, M. *Resurrection: theological and scientific assessments.* Grand Rapids, Michigan: William Eerdmans Publishing Company.

Conradie, E.M. 2006. *Lewe anderkant die dood? In gesprek oor die hoop op die opstanding uit die dood.* Wellington: Lux Verbi B.M.

Crabb, dr. L.J. Jr. 1975. *Basic principles of Biblical counseling.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Crabb, dr. L. Jr. 1988. *Inside out. Real change is possible – if you're willing to start from the inside out.* Second edition. London: Alpha.

Crabb, dr. L. Jr. 1993. *Finding God. Moving through your problems toward finding God.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Crabb, L.J. Jr. 1995. *The silence of Adam.* Grand Rapids: Zondervan.

Crabb, L.J. Jr. 2002. *The pressure's off. There's a new way to live.* Colorado Springs: Waterbrook Press.

Crabb, dr L. 2003. *Soultalk. Speaking with power into the lives of others.* Nashville: Thomas Nelson.

De Beer, A. 2009. *Promissioterapie by die vrou na die verlies van 'n eggenoot: 'n pastoraal-narratiewe studie*. Ongepubliseerde verhandeling vir die graad Philosophiae Doctor in die Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. (2nd ed.). Pretoria: Van Schaik.

Deist, F. 1996. *Coram Deo. Lewe voor die aangesig van God*. Kaapstad: Lux Verbi.

Delbridge, D., Headey, B. en Wearing A. J. 1994. Happiness and religious belief. In: Brown, L. B. (ed). *Religion, personality, and mental health*. New York: Springer Verlag.

Denzin, N.K. en Lincoln, Y.S. (eds) 1994. *Handbook of qualitative research*. London: Sage.

Doehring, C. 2006. *The practice of pastoral care. A postmodern approach*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Doherty, W.J. 1991. Family therapy goes postmodern. *The Family Networker* 15(5): 37-43.

Dorean, C. 2011. *The Logos Code. Science, evolution and the full truth*. E-books: www.kalahari.net

Du Plessis, M.J.M. 2000. *Die ontwerp van 'n gemeenskapsmodel: 'n maatskaplike perspektief*. Ongepubliseerde verhandeling vir die graad Philosophiae Doctor in die Fakulteit Geesteswetenskappe (Departement Maatskaplike Werk) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Du Toit, C.W. 1996. The end of truth? In: Du Toit C.W. (ed.) *New modes of thinking on the eve of a New Century*. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

Du Toit, C.W. 2007. *Viewed from the shoulders of God: themes in science and theology*. Pretoria: The Department of Production University of South Africa.

Edwards, D. 2010. *How God acts. Creation, redemption, and special divine action.* Minneapolis: Fortress Press.

Edwards, S.G. 2005. The healing connection: The story of a physician's search for the link between faith and health. *Journal of Pastoral Care and Counseling* 59(2), 160-162.

Els, J.S. 2010. *Maatskaplikewerkhulpverlening volgens die narratiewe werkswyse aan persone wat 'n amputasie ondergaan het.* Ongepubliseerde verhandeling vir die graad Philosophiae Doctor in die Fakulteit Geesteswetenskappe (Departement Maatskaplike Werk). Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Elwell, W. A. (ed.) 2001. *Evangelical dictionary of theology.* Second edition. Grand Rapids: Baker Academic en Carlisle: Paternoster Press.

Enhanced Strong's Lexicon. 1995. Woodside Bible Fellowship. <http://www.libronix.com>

Entwistle, D.N. en Moroney, S.K. 2011. Integrative perspectives on human flourishing: The *Imago Dei* and positive psychology. *Journal of Psychology and Theology* 39(4), 295-303.

Fante, R.J. 2009. An ontology of health: a characterization of human health and existence. *Zygon* 44(1), 65-84.

Faulstick, D.H. 2010. Protest or process: theodicy responses to Elie Wiesel's *The trial of God.* *Renaissance* 62(4), 293-310.

Firet, J. 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden.* Kampen: J.H. Kok.

Fook, J. 2002. *Social work critical theory and practice.* London: SAGE.

Ford, M. 2002. *Wounded prophet: a portrait of Henri J. M. Nouwen.* New York: Image Books, Doubleday.

Foshaugen, E.K. 1999. Worship and spirituality as a praxis-orientated apologetic in a post-modern world (the new age) – an incarnational engaged approach. *Acta Theologica* 12(2), 1-13.

Foster, R.J. 1993. *Celebration of discipline. The path to spiritual growth.* Revised edition. London: Hodder and Stoughton.

Freedman, J. en Combs, G. 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities*. Illinois: W.W. Norton.

Frick, P. 2009. Nietzsche's *Übermensch* and Bonhoeffer's *mündiger Mensch*: Are they of any use for a contemporary Christian anthropology? *Sino-Christian Studies* 7(June), 9-42.

Fuller, T. 2010. Responding to the mystery of human existence: David Walsh and some contemporaries for and against modernity. *Perspectives on political science* 39(3), 140-146.

Gabriel, A.K. 2008. Beyond the cross: Moltmann's crucified God, Rahner's rule, and Pneumatological implications for a Trinitarian Doctrine of God. *Didaskalia* 19(1), 93-111.

Gergen, K.J. 1994. *Realities and relationships soundings in social construction*. Cambridge: Harvard University Press.

Gerkin, C.V. 1984. *The living human document. Revisioning pastoral counseling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C.V. 1989. *Crisis experience in modern life. Theory and theology for pastoral care*. Fifth Printing. Nashville: Abingdon Press.

Gibson, T.L. 2009. Process and politics in pastoral psychology: a Jungian perspective on the transformative imago Dei in depth therapy. *Journal of Spirituality in Mental Health* 11(1,2), 51-65.

Giovanola, B. 2005. Personhood and human richness: Good and well-being in the capacity approach and beyond. *Review of Social Economy* 63(2), 250-267.

Greggo, S.P. 2007. Biblical metaphors for corrective emotional relationships in group work. *Journal of Psychology and Theology* 35(2), 153-162.

Greggs, T. 2010. Pessimistic universalism: Rethinking the wider hope with Bonhoeffer and Barth. *Modern Theology* 26(4), 495-510.

Gushee, D.P. 1995. Following Jesus to the gallows. *Christianity Today* 39(4), 26-32.

Hadsel, H. en Hall, D.J. 2005. The cross in our context: Jesus and the suffering world. A review and response. *Religion and Theology* 3(2), 167-175.

Halama, P., Martos, T. en Adamovova, L. 2010. Religiosity and well-being in Slovak and Hungarian student samples: the role of personality traits. *Studia Psychologica* 52(2), 101-115.

Hall, D.J. 1990. *The steward. A Biblical symbol come of age*. Grand Rapids, Michigan: William Eerdmans Publishing Company & New York: Friendship Press.

Hall, D.J. 2000. Confessing Christ in a post-Christendom context. *The Ecumenical Review* 52(3), 410-417.

Harasta, E. 2010. One body: Dietrich Bonhoeffer on the church's existence as sinner and saint at once. *Union Seminary Quarterly Review* 62(3,4), 17-33.

Harold, G. 2006. From suffering to worship: A pastoral challenge. *The South African Baptist Journal of Theology* 18(6), 210-216.

Hauerwas, S. 1990. *Naming the silences. God, medicine, and the problem of suffering*. Reprinted. Grand Rapids, Michigan: William Eerdmans Publishing Company.

Haight, J.F. 2007. Evolution, tragedy, and cosmic purpose, in Reader, A. *God and evolution*. London and New York: Routledge.

Hefner, P. 1993. *The human factor: evolution, culture, and religion*. Minneapolis: Fortress Press.

Hefner, P. 2009. The animal that aspires to be an angel: the challenge of transhumanism. *Dialog: A Journal of Theology* 48(2), 158-167.

Heitink, G. 1979. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

Hendriksen, W. 1977. *New Testament Commentary: Philippians*. Edinburgh: The Banner of Truth Trust, Fletcher & Son Ltd.

- Heymans, A.M.S. 2008. *Die gebruik van meditasie en visualisering in pastorale terapie met tipiese probleme van die vroeë volwassene (student)*. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Heyns, J.A. 1974. *Die mens. Bybelse en buite-Bybelse Mensbeskouinge*. Elsiesrivier, Kaap: Sacum Beperk.
- Heyns, J.A. 1982. *Teologiese etiek. Deel 1*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- Heyns, J.A. en Pieterse, H.J.C. 1990. *A primer in Practical Theology*. Goodwood: National Commercial Printers.
- Heyns, J.A. en Jonker, W.D. 1977. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.
- Hicks, P. 2006. *The message of evil and suffering: light into darkness*. Nottingham: InterVarsity Press.
- Hille, R. 2004. A Biblical-Theological response to the problem of theodicy in the context of the modern criticism of religion. *Evangelical Review of Theology* 28(1), 21-37.
- Hiltner, S. 1958. *Preface to Pastoral Theology*. Nashville: Abingdon Press.
- Hinson-Hasty, E. 2005. Between text and sermon. *Interpretation* 59(4), 392-294.
- Hoffman, L. 2002. *'n Verbondgefundeerde paradigma vir die pastorale begeleiding van die egpaar met fertiliteitsuitdagings*. Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes Doctor Theologiae. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Hunter, R. J. (ed.) 1990. *Dictionary of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon Press.
- Irons, W. 2004. An evolutionary critique of the created co-creator concept. *Zygon* 39(4), 773-790.
- Janse van Rensburg, J. 1996. Verbond en pastoraat. Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 37(1), 152-165.

Janse van Rensburg, J. 2000a. *The paradigm shift. An introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Schaik.

Janse van Rensburg, J. 2000b. The subject of pastoral care: an epistemological discourse. *Acta Theologica Supplementum* 1, 1-25.

Janse van Rensburg, J. 2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig moet word. *Praktiese Teologie in SA* 17(2), 39-59.

Jersild, P. 2008. Rethinking the human being in light of evolutionary biology. *Dialog: A Journal of Theology* 47(1), 37-52.

Jones, D.J. 2009. A pastoral model for caring for persons with diminished hope. *Pastoral Psychology* 58(5,6), 641-654.

Jonker, W.D. 1981. *In diens van die Woord*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Jonker, W.D. 1989. *Uit vrye guns alleen. Wegwysers in die dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Kasper, W.C. 2009. The timeless speaking of God. Freedom and communion as basic concepts of Theology. *Worship* 83(4), 293-311.

Klausnitzer, W. 2006. Discovering the presence of Christ in the world: Dietrich Bonhoeffer's contribution to the discussion on the authority of the Bible in the Church. *Ecclesiology* 2(2), 155-166.

König, A. 1991. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink – deel 4 – oor die wese van die mens en die sonde*. Hersiene uitgawe. Halfway House: NG Kerkboekhandel.

König, A. 2002. *God, waarom lyk die wêreld só?: Kan ons sê: "God is in beheer"?* Parow, Wes-Kaap: CTP-Boekdrukkers.

König, A. 2009. *Radikaal anders soos Jesus: leef jy anders as die wêreld?* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

Krause, D. 2005. Keeping it real: the image of God in the New Testament. *Interpretation* 59(4), 358-368.

- Kushner, H.S. 1992. *When bad things happen to good people*. London: Pan Books.
- Kysar, R. 1991. *Called to care. Biblical images for social ministry*. Minneapolis: Fortress Press.
- Latvus, K. 2008. The paradigm challenged: a new analysis of the origin of *diakonia*. *Studia Theologica* 62(2), 142-157.
- Lekkerkerker, A.F.N. 1978. *De Brief van Paulus aan de Romeinen*. Vierde druk. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach B.V.
- Lewis, C.S. 1952. *Mere Christianity*. New York: McMillan.
- Louw, D.J. 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Louw, D.J. 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Louw, D.J. 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Louw, D.J. 1998. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Louw, D.J. 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. 'n Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Nuwe hersiene uitgawe. Kaapstad: Lux Verbi.
- Louw, D.J. 2000. *Meaning in suffering: a theological reflection on the cross and the resurrection for pastoral care and counselling*. Frankfurt: Lang.
- Louw, D. J. 2005a. *Mechanics of the human soul. About maturity and life-skills*. Stellenbosch: Sunpress.
- Louw, D.J. 2005b. *Ratwerk van die menslike siel*. Stellenbosch: Sunpress.
- Louw, D.J. 2006. *Hoekom? Hoekom nie? Wáár is God wanneer ek ly? En waaróm ly ek?* Wellington: Lux Verbi.BM.

Louw, D. J. 2007. *Waarom lewe ek? Hulde aan die Hoop*. Kaapstad: Naledi.

Louw, D. J. 2008. *Cura Vitae*. Wellington: Lux Verbi B.M.

Madigan, S. 1998. Practice interpretations of Michael Foucault: situating problem externalising discourse. In: Madigan, S. & Law, I. *Praxis situating discourse, feminism and politics in narrative therapies*. Vancouver: Yaletown Family

Marshall, C. 1999. *Designing qualitative research*. California: SAGE Publications.

Mason, J. 2002. Qualitative interviewing. In: May, T. *Qualitative research in action*. London: Sage Publications.

Maxwell, J.C. 2000. *Failing forward. Turning mistakes into stepping stones for success*. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.

Maykut, P. en Morehouse, R. 1994. *Beginning qualitative research. A philosophic and practical guide*. London: The Falmer Press.

McKane, W. 1970. *Proverbs. A new approach*. London: SCM Press.

McWilliams, W. 2006. Only the Triune God can help: the relation of the Trinity to theodicy. *Perspectives on Religious Studies* 33(3), 345-359.

Middleton, J.R. 2005. *The liberating image: The imago Dei in Genesis 1*. Grand Rapids, Michigan: Brezos Press.

Moltman, J. 1974. *The crucified God. The cross of Christ as the foundation and criticism of Christian Theology*. London: SCM Press Ltd.

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Moritz, J.M. 2009. Animals and the image of God in the Bible and beyond. *Dialog: A Journal of Theology* 48(2), 134-146.

Morris, L. 1977. *The gospel according to John*. Grand Rapids, Michigan: William Eerdmans Publishing Co.

Morrison, B.T. 2005. Stewardship models of pastoral care, counselling and supervision: The commonions meet Ricoeur at worship. *Pastoral Psychology* 53(5), 435-446.

Müller, J. 2000. *Reis-geselskap: die kuns van verhalende pastorale gespreksvoering*. Wellington: Lux Verbi, BM.

Müller, J. en Putter, J. 2006. Diskoerse oor heling in 'n narratief-pastorale benadering. *In die Skriflig* 40(1), 117-129.

Murray, M.J. en Rea, M.C. 2008. *An introduction to the philosophy of religion*. Cambridge: Cambridge University Press.

Muto, S. 2011. The unfolding project: science, anthropology, and the theology of human and Christian formation. *Journal of Spiritual Formation & Soul Care* 4(1), 93-104.

Newman, B.M. en Nida, E.A. 1980. *A translator's handbook on the Gospel of John*. London, New York, Stuttgart: United Bible Societies.

Nouwen, H. 2001. *Turn my mourning into dancing: moving through hard times with hope*. Compiled and edited by Timothy Jones. Nashville: Thomas Nelson. E-boek. www.kalahari.net

Nouwen, H.J.M. 1979. *The wounded healer: ministry in contemporary society*. London: Darton, Longman & Todd.

Nouwen, H.J.M. 1989. *In the Name of Jesus: reflections on Christian leadership*. London: Darton, Longman & Todd Ltd.

Nouwen, H.J.M. 1992. *Life of the beloved: spiritual living in a secular world*. London: Darton, Longman & Todd Ltd.

Nouwen, H.J.M. 1994. *The return of the prodigal son: a story of homecoming*. London: Darton, Longman & Todd Ltd.

- O'Brien, G. 2009. Perfecting not perfect: Christology and pneumatology within an imperfect yet purposeful creation. *Theology and Science* 7(4), 407-419.
- O'Collins, S.J. 2007. *Jesus our Redeemer. A Christian approach to salvation.* Oxford: University Press.
- O'Laughlin, M. 2005. *Henri Nouwen: his life and vision.* New York: Orbis Books.
- Oates, W.E. 1974. *Pastoral counseling.* Philadelphia: The Westminster Press.
- Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology. An introduction.* Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.: William Eerdmans Publishing Company.
- Pargament, K.I. 1997. *The psychology of religion and coping. Theory, research, practice.* New York: The Guilford Press.
- Parry, A. 1991. A universe of stories. *Family Process, Inc.* 30(March), 37-54.
- Payne, M. 2000. *Narrative therapy. An introduction for counsellors.* London: SAGE.
- Pembroke, N. 2002. *The art of listening. Dialogue, shame, and pastoral care.* Edinburgh/New York: T&T Clark/Handsel Press.
- Pembroke, N. 2004. Trinity, love, and pastoral mirroring. *Pastoral Psychology* 53(2), 163-173.
- Peters, T. 2005. Techno-secularism, religion, and the created co-creator. *Zygon* 40(4), 845-862.
- Peterson, E. H. 2000. *A long obedience in the same direction. Discipleship in an instant society.* 2nd edition. Illinois: InterVarsity Press.
- Peterson, G.H. 2004. The created co-creator: what it is and is not. *Zygon* 39(4), 827-840.
- Peterson, J.C. 2011. *Homo Sapiens as Homo Dei: Paleoanthropology, human uniqueness, and the image of God.* *Toronto Journal of Theology* 27(1), 17-26.
- Platinga, A. 2008. What is "intervention"? *Theology and Science* 6(4), 369-401.

Platinga, R.J., Thompson, T.R. en Lundberg, M.D. 2010. *An introduction to Christian Theology*. New York: Cambridge University Press.

Polkinghorne, J. 2005. *Exploring reality. The intertwining of Science and Religion*. New Haven and London: Yale University Press.

Polkinghorne, J. en Beale, N. 2009. *Questions of truth: fifty-one responses to questions about God, science, and belief*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Potgieter, S. 2009. *’n Pastoraal-hermeneutiese benadering tot pedofilie*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Prince, M.F. 2009. Judaism, Health, and Healing: how a new Jewish communal field took root and and where it might grow. *Journal of Jewish Communal Service* 84(3/4), 280-291.

Putz, O. 2009. Love actually: a theodicy response to suffering in nature. In dialogue with Francisco Ayala. *Theology and Science* 7(4), 345-361.

Rebel, J.J. 1981. *Pastoraat in pneumatologisch perspektief. Een theologische verantwoording vanuit het denken van A.A. van Ruler*. Kampen: Kok.

Recker, D. 2010. The design metaphor: how to confuse organisms with mousetraps: machine metaphors and intelligent design. *Zygon* 45(3), 647-664.

Roderick, P. 2007. *Beloved: Henri Nouwen in conversation*. Norwich: Canterbury Press.

Russell, E. 2003. Reconsidering relational theology: a critical assessment of John Zizioulas’s theological anthropology. *International Journal of Systematic Theology* 5(2), 168-186.

Sands, P. 2010. The *Imago Dei* as vocation. *Evangelical Quarterly* 82(1), 28-41.

Schaab, G.L. 2007. The creative suffering of the triune God: An evolutionary panentheistic paradigm. *Theology & Science* 5(3), 289-304.

Schenk, C.J. 1998. 'n Paradigma ontleding van en paradigma beskrywing vir deelnemende werkswyses. Ongepubliseerde verhandeling vir die graad Doctor Philosophiae (Maatskaplike Werk). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Scholtz, E. 2005. Pastorale benaderings. 'n Herbeskrywing vanuit 'n narratiewe perspektief. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 20(2), 140-152.

Schuele, A. 2002. Transformed into the image of Christ: identity, personality, and resurrection. In: Peters, T., Russell, R.J. en Welker, M. *Resurrection: theological and scientific assessments*. Grand Rapids, Michigan: William Eerdmans Publishing Company.

Schurink, E. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In: De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. en Schurink, W. *Research at grass roots. For the social sciences and human service professions*. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Silverman, D. 2000. *Doing qualitative research*. London: Sage.

Silverman, D. 2001. *Interpreting qualitative data*. London: Sage.

Simpson, G.M. 2006. "God is a God who bears": Bonhoeffer for a flat world. *Word and World* 26(4), 419-428.

Simpson, R. 2008. Avoiding the afterlife in theodicy: victims of suffering and the argument from usefulness. *International Journal for Philosophy* 13(2), 217-231.

Sinner, A. 2004. Chronic pain and returning to learning: Exploring the lived experiences of three women. *The Indo-Pacific Journal of Phenomenology* 4(1), 1-15.

Smit, D. 1994. *Wat sien ons in die spieël?* Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, N. 2008. *Die groot boek van Christelike aanhalings*. Volume 2. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Soelle, D. 1975. *Suffering*. Philadelphia: Fortress Press.

Son, A. 2008. Agents of joy as a new image of pastoral care. *The Journal of Pastoral Theology* 18(1), 61-85.

- Sorum, J.D. 2004. Another look at Bonhoeffer. *Lutheran Quarterly* 18(4), 469-482.
- Stone, J.A. 2004. Philip Hefner and the modernist/postmodernist divide. *Zygon* 39(4), 755-772.
- Stott, J.R.W. 1989. Ideals of pastoral ministry: Christian ministry in the 21st century – part 4 (of 4 parts). *Bibliotheca Sacra* 146(581), 3-11.
- Strauss, S.A. 1982. *Alles of niks: K Schilder oor die verbond*. D-proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Surburg, M.P. 2010. Good stuff! The material creation and the Christian faith. *Concordia Journal* 36(3), 245-262.
- Swinburne, R. 1996. *Is there a God?* Oxford: Oxford University Press.
- Taylor, S.J. en Bogdan, R. 1984. *Introduction to qualitative research methods. The search for meanings*. New York: Wiley.
- Thurneysen, E. 1963. *A theology of pastoral care*. Richmond, Virginia: John Knox Press.
- Tucker, J.A. 2008. Forgotten practices and sins of omission. *Ethical Human Psychology and Psychiatry* 10(3), 131-133.
- Turl, J. 2011. Theodicy and Geodicy: who is to blame? *Science and Christian Belief* 23(1), 49-66.
- Van den Berg, J.-A. 2009. An embodied spirituality. *Acta Theologica* 28(2), 119-132.
- Vanden Berg, M.L. 2009. Bonhoeffer's Discipleship: Theology for the purpose of Christian formation. *Calvin Theological Journal* 44(2), 333-349.
- Van der Merwe, C.L. 2004. *'n Ondersoek na die pastoraal-terapeutiese interaksie tussen vergifnis, selfvergifnis en spiritualiteit*. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

- Van der Walt, B.J. 1990. Being human: a gift and a duty. On the way to a Christian view of man for Africa. In: *Wetenskaplike Bydraes of the PU for CHE*, Series F2: Institute for Reformational Studies (49). Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.
- Van Huyssteen, J.W. 2003. Fallen angels or rising beasts? Theological perspectives on human uniqueness. *Theology and Science* 1(2), 161-178.
- Van Jaarsveld, F.J. 2001. *Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstruktiewe benadering*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Van Niekerk, A.A. 2008. Is sorg om lewenskwaliteit die moeite werd? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 48(3), 326-337.
- Veling, T.A. 2005. *Practical Theology: "On earth as it is in heaven."* New York: Orbisbooks.
- Veliyannoor, P.V. 2009. The parable of the Father and two sons: Jungian hermeneutics and therapeutic implications. *Journal of Psychology and Christianity* 28(4), 338-349.
- Verhey, A. 2005. Health and healing in memory of Jesus. *Ex Auditu* 21(January), 25-48.
- Vlahos, H. 1999. Preparing for pastoral care in the 21st century. *The Greek Orthodox Theological Review* 44(1-4), 87-107.
- Volf, M. 2006. Being as God is: Trinity and generosity. In: Volf, M. en Welker, M. (eds). *God's life in Trinity*. Minneapolis: Fortress Press.
- Von Benecke, J. 2005. *Spiritualiteit in terapie. 'n Narratiewe-pastorale studie*. Ongepubliseerde Magister Skripsie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Von Glaserveld, E. 1995. *Radical constructivism: a way of knowing and learning*. London: The Falmer Press.
- Vosloo, R. 2006. Body and health in the light of the theology of Dietrich Bonhoeffer. *Religion and Theology* 13(1), 23-36.

- White, M. 1992. Deconstruction and therapy. In: Epston, D. en White, M. *Experience, contradiction, narrative & imagination: selected papers of David Epston & Michael White 1989-1991*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
- White, M. en Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: Norton.
- White, M. 1997. *Narratives of therapists' lives*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
- Wilkinson, J. 1980. *Health and healing. Studies in New Testament principles and practice*. Edinburgh: The Handsel Press Ltd.
- Willer, R.A. 2004. Created co-creator in the perspective of church and ethics. *Zygon* 39(4), 841-858.
- Willimon, W.H.L. 1991. Pastoral care, post-Easter style. *The Christian Century* 108(10), 322.
- Willis, R.W. 2000. Positive paradigm shifts in health care. *Journal of Religion and Health* 39(4), 355-365.
- Wimberly, E.P. 2003. Pastoral theological method and post-nihilism. *The Journal of Pastoral Theology* 13(1), 25-35.
- Wright, C.J.H. 1983. *Living as the people of God. The relevance of Old Testament ethics*. Leicester: Inter-varsity Press.
- Wyatt, P. 1996. Human suffering and faith in God. *Encounter* 57(3), 245-265.
- Yancey, P. 1990. *Where is God when it hurts?: a comforting, healing, guide for coping with hard times*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.
- Zimmerman, P.A. 2009. Darwin at 200 and the challenge of Intelligent Design. *Concordia Theological Quarterly* 73(1), 61-75.

OPSOMMING

Mense met probleme kom na die pastorale begeleier om heling vir hulle spesifieke probleem te vind. Die versoeking vir die pastorale begeleidingsproses is om 'n ontsnaproete uit die probleem te word. Op hierdie wyse word die groeimoontlikhede tot ware menswees deur die probleem nie verreken nie. Die proefskrif bepleit 'n pastorale begeleidingsproses wat rekening hou met die feit dat lydings- en probleemgebeure volledige menswees kan fasiliteer. Daarom behoort probleme eerder benut as ontvlug te word.

Die inhoud van volledige menswees hang daarmee saam dat die mens 'n dienaar is. Die inhoud van diens word afgelei uit die beeld van God. Die mens is iemand wat binne verhoudings gedy, kreatief skeep, eties optree, verantwoordelik bestaan, nood raaksien en eskatologies leef. Dienslose lewe is die omkeer van die beeld van God en lei gevolglik na onvervulde lewe. Wanneer die mens sy rol as dienaar terugvind, skeep dit genesing wat lei na 'n lewe in oorfloed. Lydings- en probleemgebeure in 'n persoon se lewe vra na 'n toepaslike reaksie daarop. Daarom is lydings- en probleemgebeure die manier waarop elke persoon sy unieke diensrol ontdek. Die Bybelse omgang met lydings- en probleemgebeure is nie verklaring daarvan alleen nie, maar ook benutting daarvan. God en die mens tree in 'n verbondsverhouding toe om probleme as lewensgroei te integreer. Die mens vind sy unieke plek in die lewe en God skenk genesing. Hierdie gebruikmaking van die lydings- en probleemgebeure veroorsaak genesing van die probleem.

Bestaande pastorale modelle is ontleed en daar is aangetoon dat dit moontlik is om probleme in die pastorale begeleidingsproses tot diensbare lewe te integreer. Dit het egter ook geblyk dat pastorale beradingsmodelle grootliks nie diens as spesifieke doel implementeer nie. Drie deelnemers het in die kwalitatiewe navorsing aangetoon dat die diensbaarmaking van hulle onderskeie lydings- en probleemgebeure genesing bewerk het. Die onderskeie probleme van hierdie drie persone het hulle gehelp om ander met dieselfde probleme te bedien: alkoholisme of afhanklikheid, verkragting en kanker. Daar is 'n duidelike verband aangetoon tussen genesing van die probleem en die gepaardgaande bediening daarvan. Daarom is die saak uitgemaak dat diensbaarmaking van probleme as 'n strategie vir pastorale begeleiding wel genesend op probleme sal inwerk.

Pastorale merkers vir 'n begeleiding wat diens as genesing promoveer, is pastoraat wat die beeld van God as vertrekpunt neem, holisties-eksistensiële doelwitte stel, hermeneuties-pneumatologies werk, 'n beweging van dissipelskap na apostolaat begelei en didaskalies-verbondmatig verloop.

SUMMARY

When a person experiences a specific problem, he/she may turn to the pastoral councillor for guidance. The pastoral process may become a temptation to be used as an escape route from the problem. In this way the potential of the problem for life formation is not accounted for and may inhibit a growth process. This thesis advocates that a pastoral counselling process takes into account the fact that suffering or problems are moments to facilitate being a whole human being. Therefore, a problem should be dealt with, rather than trying to escape from it.

To be a complete person, one has to be prepared to serve. The essence of service is derived from the image of God: a healthy human being is a person who thrives on relationships, is creative, behaves ethically, exists responsibly, recognizes need and see life as eschatological. A life without service is reversal of the image of God and consequently leads to an unfulfilled life. The recovering of the role of service in life is a healing experience and can lead to a life of abundance. Events of suffering or the experiencing of problems need an appropriate action. This reaction will shape each person in his/her unique way by discovering the manner in which he/she can become a servant in the image of God. The Biblical way of dealing with suffering and life's problems is not merely explanation but exploitation as well. God and man form a covenantal relationship to integrate suffering and problems into being as life giving events. Man finds his unique place in life and God gives healing. This utilisation of suffering and problems will subsequently be a healing process.

Existing pastoral counselling models were analysed and show that it is possible to integrate serviceable life through pastoral guidance. However, most models also show that being of service through utilising problems is not a specific aim in the process of healing. Three participants in a qualitative research indicated that by ministering their specific events and problems to other wrought healing. Their problems, alcoholism or dependency issues, rape and cancer respectively, helped them to serve other people with the same problems. There is a clear correlation shown between healing the problem and the associated controlling thereof by being of service to other victims/sufferers. Therefore, the expectation that service awareness of problems as a strategy for pastoral care will be a healing act on problems.

Pastoral markers who promote healing through being of service is a pastoral counselling that takes image of God as a point of departure, strives to achieve holistic-existential goals, is hermeneutical-pneumatological in character, moves from discipleship to apostleship and progresses educational-covenantal.

KEYWORDS

Anthropology

Apostleship in counselling

Healing

Hermeneutical counselling

Holistic goals

Holy Spirit in counselling

Image of God

Imago Dei

Pain

Pastor

Pastoral counselling

Pastoral facilitating

Pastoral guidance

Pastoral markers

Pastoral models

Problem solving

Servant

Service

Suffering